6147 581 18

U.O.V.S. • U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK • LIBRARY

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300002046088
Universiteit Vrystaat

SKRIF EN KERKORDE:

ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD

deur

ALBERTUS CELLIERS

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die Fakulteit Teologie, Departement Ekklesiologie
aan die Universiteit van die Vrystaat

Studieleier: Professor P J Strauss

Medestudieleier: Professor D F Tolmie

September 2003

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
29 MAR 2004
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van `n graad voorgelê het nie. Ek doen ook hiermee afstand van die outeursreg ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

A Celliers

4 Junie 2003

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS i

ERKENNING ii

VERANTWOORDING iii

DEEL 1: DIE VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF 1

1. `N VEELKANTIGE BEELD - `N INLEIDING 1

1.1 SKRIFBESKOUING 1

1.2 DIE KORPUSSE ONDER BESPREKING 2

1.3 HIPOTESESTELLING 3

2. GOD SE VOLK IN DIE OU TESTAMENT 4

2.1 INLEIDING 4

2.2 ISRAEL AS DIE VOLK VAN GOD 5

2.2.1 God se heilshandelinge is konstitutief vir Israel as sy volk 5

2.2.1.1 *Berit*, of te wel verbond 6

2.2.1.2 God se heilshandelinge is gewortel in die oergeskiedenis 7

2.2.1.3 Jahwe red en versorg sy volk op alle lewensterreine 8

2.2.1.4 God van sy volk in die gang van hulle geskiedenis 11

2.2.2 `n Afgegrensde Jahwegemeenskap 12

2.2.2.1 "Ek is Jahwe julle God" 13

2.2.2.2 Die besnydenis en die Sabbat 14

2.2.2.3 Die wet, of te wel die *torah* 15

2.2.2.4 `n Vervaging en verskerping van grense 16

2.2.2.5 `n Bepaalde openheid 16

2.2.3 `n Missionêre volk 17

2.3. `N KORPORATIEWE GEMEENSKAP VAN INDIVIDUE 18

2.4. `N GEORDENDE VOLK 20

2.4.1 `n Godgegewe orde 21

2.4.1.1 Charisma en institusionele bediening? 23

2.4.2 `n Orde met inhoud 24
2.4.2.1 `n Sentrale aanbiddingsplek 25
2.4.2.2 Die offers 29
2.4.2.3 Die feeste 30
2.4.2.4 Die leiers- of middelaarsfigure 32
2.4.2.4.1 Moses 32
2.4.2.4.2 Josua 33
2.4.2.4.3 Rigters 34
2.4.2.4.4 Konings 35
2.4.2.4.5 Priesters 36
2.4.2.4.6 Die Profete 38
2.4.2.4.7 Die Wysheidsleraars 42
2.4.2.4.8 Die *ebed Jahwe*-figuur 42
2.4.3 `n Openheid vir verandering 44
2.5 SAMEVATTING 45

3. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS MATTEUS 49
3.1. INLEIDING 49
3.2. DIE KERK AS DISSIPELGEMEENSKAP 49
3.2.1 Die kerk vind die sin van sy bestaan in dissipelskap 49
3.2.2 Dissipelskap as gebondenheid aan en navolging van Jesus Christus 50
3.2.3 Dissipelskap impliseer onderrig deur Jesus en die navolg van sy voorbeeld 51
3.2.4 Kinders en kleintjies as tipering van dissipelskap 53
3.2.5 Die dissipelgemeenskap as volk van God 53
3.2.6 Dissipelskap is broederskap 55
3.2.7 Die dissipelgemeenskap is as *corpus mixtum* nie die Koninkryk van God nie 56
3.3. DIE KERK AS `N NIE-HIËRARGIESE GEMEENSKAP MET `N AFGELEIDE GESAG 58
3.3.1 `n Duidelike nie-hiërargiese tendens 58
3.3.2 Jesus Christus as die "Ampsdraer" 59
3.3.3 Besondere bedieninge in Matteus 59

3.3.4 Die dissipelgemeenskap as instrument in God se hand 61
3.3.5 Die gesag om te dissiplineer 61
3.4. SAMEVATTING 64

4. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS MARKUS 65
4.1. INLEIDING 65
4.2. 'N DISSIPELGEMEENSKAP 65
4.2.1 Geroep, toegerus en uitgestuur deur Jesus 65
4.2.2 Dissipels op Jesus se lydensweg 66
4.2.3 'n Korporatiewe gemeenskap 67
4.3. LEIERSKAP 68
4.4. SAMEVATTING 68

5. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS EN DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS 69
5.1. INLEIDING 69
5.2. DIE OORHEERSENDE ROL VAN DIE HEILIGE GEES 69
5.2.1 "Die Handelinge van die Gees" 69
5.2.2 Getuies onder leiding van die Gees 71
5.3. DIE *EKKLESIA* AS GOD SE VOLK 72
5.3.1 Die *ekklesia* in kontinuïteit met Israel 72
5.3.2 *Ekklesia* en *qahal* as sinonieme 73
5.3.3 Die nagmaal en die pasga 74
5.3.4 Die besondere bedieninge van die vroeë kerk – Jesus se dissipels en hulle opvolgers 74
5.3.5 Die saambindende rol van die Heilige Gees 75
5.3.6 Voortsetting van Joodse gebruike 76
5.3.7 Die Christelike *ekklesia* is God se volk op weg deur die geskiedenis 76
5.4. DIE KERK AS UNIVERSELE GEMEENSKAP 76
5.4.1 Diskontinuïteit tussen Israel en die kerk 76
5.4.2 Jesus: ook Verlosser vir die heidene 77
5.4.3 Die Heilige Gees legitimeer die breuk met die Judaïsme 77
5.4.4 Geloof in Christus enigste toegangvereiste 78

5.4.5 Verskillende bedieninge 78
5.4.6 Aparte gemeenskap 78
5.4.7 Die eenheid van die *ekklesia* 79
5.5. DIE KERK AS GETUIENISGEMEENSKAP 80
5.5.1 Die belofte tot getuies 80
5.5.2 Die Gees dring tot getuienis 81
5.5.3 Die inhoud van die getuienis 82
5.5.4 Die waarheid van die getuienis 82
5.5.5 Die hele kerk is getuie 83
5.6. DIE GEORGANISEERDE KERK 83
5.6.1 Die organisatoriese aspekte van die kerk 83
5.6.2 Die "leer van die apostels" 84
5.6.3 Die begrip *ekklesia* 84
5.6.4 Die besondere bedieninge 84
5.6.4.1 Die apostels - `n unieke, nie-herhaalbare bediening 86
5.6.4.2 Die sogenaamde diakens 87
5.6.4.3 Die ouderlinge 88
5.6.4.4 Profete, evangeliste en charismatiese gawes 90
5.6.4.5 "Ampte"? 91
5.7. SAMEVATTING 92

6. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS JOHANNES EN DIE BRIEWE VAN JOHANNES 94
6.1. INLEIDING 94
6.2. `N EKSPLISIETE GEMEENSKAPSBEWUSSYN 95
6.3. INDIVIDUALISTIESE TREKKE 97
6.4. KARAKTERTREKKE VAN DIE GEMEENSKAP 100
6.4.1 Geloofsgemeenskap 100
6.4.2 Liefdesgemeenskap 101
6.4.3 Die gemeenskap as `n eenheid 102
6.4.4 `n Missionêre gemeenskap 103
6.5. KERKLIKE ORDENING 103
6.5.1 Dissipelgemeenskap 104
6.5.2 Spesifieke persone in spesifieke bedieninge 106

6.5.2.1 *Presbuteros* 106
6.5.2.2 Petrus 107
6.5.2.3 Die *Geliefde Dissipel* 107
6.5.2.4 Diotrefes 108
6.5.2.5 Gaius 108
6.6 SAMEVATTING 109

7. DIE KERK IN DIE OPENBARING AAN JOHANNES 110
7.1. INLEIDING 110
7.2. DIE EEN, UNIVERSELE GODSVOLK 110
7.2.1 Die kerk is Israel 111
7.2.2 Die kerk is in stryd met die Bose en die wêreld 111
7.2.3 Die een, universele kerk 112
7.2.4 Tussen die "reeds" en die "nog nie" 113
7.3. DIE KERK IS `N AANBIDDINGSGEMEENSKAP 113
7.4. ORGANISATORIESE ASPEKTE 114
7.4.1 Gemeentes 114
7.4.2 Besondere bedieninge 115
7.4.2.1 Profesie 115
7.4.2.2 Getuienis 116
7.4.2.3 Ouderlinge 116
7.4.2.4 *Aggelos* 117
7.4.2.5 `n Nie-hiërargiese gemeenskap 117
7.5. SAMEVATTING 118

8. DIE KERK IN DIE BRIEWE VAN PAULUS 119
8.1. INLEIDING 119
8.2. DIE KERK AS VERSAMELING INDIVIDUELE GELOWIGES 120
8.3. SAAMGEBIND TOT `N KORPORATIEWE EENHEID 122
8.3.1 God se volk in die eindtyd 122
8.3.2 *Ekklesia* as God se nuwe volk 123
8.3.3 Die liggaam as korporatiewe beeld 125
8.4. DIE KERK IS IN DIE LEWE GEROEP EN WORD IN STAND GEHOU DEUR DIE DRIE-ENIGE GOD 128

8.4.1 Die kerk is deur God geskep 128
8.4.2 Die *ekklesia* is die heilswerk van God 129
8.4.3 Die liggaam *van Christus* deur die werk van die Gees 129
8.4.4 Die Godgegewe gawes 130
8.5. DIE KERK IS DIE DRAERS VAN GOD SE HEILSBELOFTES IN DIE EINDTYD 130
8.6. PLAASLIK ÉN UNIVERSEEL? 131
8.6.1 Plaaslik volledig kerk 132
8.6.2 Die kerk is by implikasie universeel 132
8.6.3 Paulus en die sogenaamde huiskerke 134
8.7. DIE KERK IS 'N KULTUSLOSE GEMEENSKAP 135
8.8. KERKLIKE ORGANISASIE 137
8.8.1 Charismatiese bedieninge 137
8.8.2 Die doel van die charismatiese bedieninge 140
8.8.3 Spesifieke bedieninge 141
8.8.4 Die gesag binne die gemeentes 144
8.8.4.1 Paulus se gesag as apostel 145
8.8.4.2 Profetiese gesag 145
8.8.4.3 Die gesag van die leraars 146
8.8.4.4 Die gesag van die gemeente 146
8.8.4.5 Die onderskeiding van die geeste 147
8.9 SAMEVATTING 148

9. DIE KERK IN DIE BRIEWE AAN DIE EFESIËRS EN DIE KOLOSSENSE 151
9.1. INLEIDING 151
9.2. DIE KERK AS EEN, NUWE MENSHEID 152
9.2.1 'n Nuutgeskape mensheid 152
9.2.2 Die kerk is wesenlik een 153
9.2.3 Die sigbare eenheid as getuienis 154
9.3. 'N LIGGAAM, AFHANKLIK VAN SY HOOF 154
9.3.1 Die liggaam as korporatiewe organisme 154
9.3.2 Die liggaam is afhanklik van sy Hoof 155
9.4. DIE KERK IS UNIVERSEEL 156

9.5. DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK AS GEGEWE WERKLIKHEID 158
9.6. DIE KERK AS ORGANISASIE? 159
9.6.1 Organisatoriese aspekte 159
9.6.2 Spesifieke bedieninge 160
9.6.3 Elkeen het 'n plek en 'n funksie 161
9.6.4 Verskillende gawes en bedieninge in diens van die doel 162
9.7. SAMEVATTING 163

10. DIE KERK IN DIE BRIEWE AAN TIMOTEUS EN TITUS 164
10.1. INLEIDING 164
10.2. DIE GROND VAN DIE KERK SE BESTAAN 165
10.3. DIE KERK AS BOLWERK VIR DIE WAARHEID 166
10.4. DIE KERK AS HUISHOUDING – Organisatoriese aspekte 168
10.4.1 Paulus die apostel 168
10.4.2 Timoteus en Titus se rol 170
10.4.3 Gemeentelike bedienaars 171
10.4.3.1 *Presbuteros-episkopos* 172
10.4.3.2 *Diakonos* 173
10.4.4 Vereistes 174
10.4.5 Ordening 175
10.5. SAMEVATTING 177

11. DIE KERK IN DIE BRIEF AAN DIE HEBREERS 179
11.1. INLEIDING 179
11.2. DIE ESKATOLOGIESE VOLK VAN GOD 180
11.2.1 Die volk van die nuwe verbond 180
11.2.2 Aanbiddingsgemeenskap en eskatologiese volk 180
11.2.3 God se volk op weg na die beloofde land 181
11.2.4 Die kerk as gemeenskap van Christus se broers 181
11.3. GEMEENTELIKE ORDENING 182
11.3.1 Gemeentelike byeenkomste 182
11.3.2 Besondere bedieninge 183
11.3.2.1 Die Hoëpriester 183

11.3.2.2 *Hegoumenoi* 184
11.3.2.3 Onderrig 185
11.4. SAMEVATTING 185

12. DIE KERK IN DIE BRIEF VAN JAKOBUS 186
12.1. INLEIDING 186
12.2. ALLE LEDE IS GELYKWAARDIG 187
12.3. DIE KERK SE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR SY LEDE 187
12.4. `N GEORGANISEERDE GEMEENTE 188
12.4.1 *Presbuteros* 188
12.4.2 Onderrig 188
12.5. SAMEVATTING 189

13. DIE KERK IN DIE EERSTE BRIEF VAN PETRUS 190
13.1. INLEIDING 190
13.2. GOD SE UITVERKORE VOLK IN DIE WERELD 190
13.2.1 Die kerk is Israel 190
13.2.2 Vreemdelinge in die wêreld 191
13.2.3 Die kerk vind sy oorsprong en sy toekoms by God 192
13.3. ORGANISATORIESE ASPEKTE 193
13.3.1 Die kerk is korporatief van aard 193
13.3.2 Bedieninge 194
13.3.2.1 Alle gelowiges is geroep tot bediening 194
13.3.2.2 *Presbuteroi* 195
13.4 SAMEVATTING 196

14. DIE KERK IN DIE TWEEDE BRIEF VAN PETRUS EN DIE BRIEF VAN JUDAS 197
14.1 DIE TWEEDE BRIEF VAN PETRUS 197
14.1.1 Inleiding 197
14.1.2 `n Geloofsgemeenskap 198
14.1.3 `n Toekomsgerigte gemeenskap 198
14.1.4 Organisatoriese aspekte 198

14.1.4.1 Gerig aan `n gemeente 198
14.1.4.2 Die apostoliese bediening 199
14.2 DIE KERK IN DIE BRIEF VAN JUDAS 199
14.2.1 Inleiding 199
14.2.2 Die apostoliese tradisie 200
14.2.3 Organisatoriese aspekte 200
14.2.3.1 `n Gerig aan `n gemeente 200
14.2.3.2 Die skrywer 200
14.2.3.3 Die apostels 201
14.3 SAMEVATTING VAN 2 PETRUS EN JUDAS 201

DEEL 2: ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF 202

15. ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD 202
15.1 INLEIDING 202
15.2 DIE OORSPRONG VAN DIE KERK 203
15.3 `N KORPORATIEWE EENHEID VAN INDIVIDUE 204
15.4 UNIVERSEEL EN PLAASLIK KERK 204
15.5 AFGEGRENS VAN, MAAR GERIG OP DIE WÊRELD 206
15.6 `N HISTORIESE WERKLIKHEID GERIG OP DIE TOEKOMS 207
15.7 DIE KERK IS `N GEORGANISEERDE GEHEEL 208
15.7.1 Die hele kerk as organisasie 209
15.7.2 Jesus Christus is en verskaf die struktuur 209
15.7.3 Die gemeente as `n georganiseerde geheel 210
15.7.3.1 Elke lidmaat het `n plek en `n funksie 210
15.7.3.2 Besondere bedieninge 211
15.7.3.3 Die inhoud en oogmerk van die bedieninge 211
15.7.3.5 `n Openheid tot verandering 212
15.7.3.6 Charismatiese bedieninge 213
15.7.3.7 `n Nie-hiërargiese gemeenskap 213

15.7.4 Spesifieke bedieninge 214
15.7.4.1 Apostels 215
15.7.4.2 Ouderlinge 215
15.7.5 Die kerk is `n georganiseerde geheel - samevatting 216

DEEL 3: KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES UIT DIE SKRIF 219

16. KERKORDELIKE IMPLIKASIES - `N INLEIDING 219
16.1 `N KERKORDE? 219
16.2 DIE DOEL VAN `N KERKORDE 220
16.3 KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES 220

17. GELOOF AS VOORWAARDE VIR LIDMAATSKAP 222
17.1 DIE VEELKANTIGE DEBAT OOR LIDMAATSKAP 223
17.1.1 Die kerk as organisme en instituut? 223
17.1.2 Watter soort geloof is voorwaarde vir lidmaatskap? 224
17.1.2.1 Die doop en lidmaatskap 224
17.1.3 (Belydende) lidmaatskap en toelating tot die nagmaal 226
17.1.3.1 Vereistes vir toelating om Nagmaal te gebruik 227
17.1.3.2 Die sin van aflegging van belydenis van geloof 228
17.1.4 Lidmaatskap en verskillende denominasies 229
17.2 GELOOF IN JESUS CHRISTUS AS DIE KERK SE IDENTITEIT 230
17.2.1 Persoonlike geloof as identiteit 230
17.2.2 Instemming met die belydenis as identiteit 231
17.2.3 Gehoorsaamheid as identiteit 233
17.2.4 Geloof as énigste voorwaarde vir lidmaatskap 234
17.2.5 Geloofsidentiteit is wesenlik vir die kerk se bestaan 235
17.3 HOE GEMAAK MET VERSKILLE TUSSEN MENSE? 236

17.3.1 Wesenlike en middelmatige sake 236
17.3.2 Openheid vir verandering 237
17.3.3 Die deurwerk van die evangelie in mense en gemeentes se lewe as riglyn 238
17.3.3.1 Taalverskille as voorbeeld 238
17.3.4 Verskille mag nie verdelend werk nie 240

18. DIE GEMEENTE IS KERK 241
18.1 DIE GEMEENTE AS VERTREKPUNT VIR KERKLIKE ORDENING 241
18.2 GELOWIGES IS LIDMATE VAN `N GEMEENTE 243
18.2.1 Lidmaatskap deur oorkoms van `n ander gemeente 243
18.3 DIE GEMEENTE IS VOLLEDIG KERK 244
18.3.1 Die gemeente as `n geloofsgemeenskap 245
18.3.1.1 Geloofsgemeenskap is Woordgemeenskap 246
18.3.2 Die gemeente as `n verhoudingsgemeenskap 248
18.3.2.1 `n Selgemeente-model 250
18.3.2.2 Ordening ter wille van verhoudings 253
18.3.3 Die gemeente as getuienisgemeenskap 256
18.3.4 Die gemeente as `n bedieningsgestruktureerde gemeenskap 257
18.3.5 Die gemeente as volledig kerk - `n voorlopige balans 258
18.3.6 Die ideale grootte vir volledige kerkwees 259
18.3.6.1 Grootte uit die hoek van geloofsidentiteit 260
18.3.6.2 Grootte uit die hoek van onderlinge verbondenheid 262
18.3.6.3 Grootte uit die hoek van die bedieningstruktuur 263
18.3.6.4 Die ideale grootte? 265
18.4 KLEINGROEPE AS BELANGRIKE ORDENINGSWYSE VIR DIE GEMEENTE 265
18.4.1 Die kleingroep se bydrae tot volledige kerkwees 266
18.4.2 Voorwaardes vir `n kleingroepbediening 266
18.5 GEMEENTEGRENSE 268
18.5.1 Gemeentegrense as spontane groepering van mense? 268
18.5.2 Afdwing van gemeentegrense as Goddelike ordening? 269
18.5.3 `n Spontane groepering van gelowiges volgens eie keuse? 271

18.5.4 Objektiewe maatstawwe vir gemeentegrense 272
18.5.4.1 Grense en die voorsienigheid van God 272
18.5.4.2 Geen willekeurigheid 273
18.4.5.3 Grense en die verskeidenheid 273
18.4.5.4 Grense en eenheid 274
18.4.5.5 Geografiese grense as objektiewe maatstaf 274

19. BESONDERE BEDIENINGE 276
19.1 BEDIENING - ESSENSIEEL OF FUNKSIONEEL, CHRISTOLOGIES OF PNEUMATOLOGIES? 278
19.1.1 Dingemans se demokraties-funksionele benadering 278
19.2 CHRISTOLOGIES ÉN PNEUMATOLOGIES BEPAALD 279
19.3 DIE APOSTOLAAT VAN ELKE LIDMAAT 282
19.4 DIE NIE-HIËRARGIESE AARD VAN DIE BESONDERE BEDIENINGE 284
19.4.1 Bedieninge eerder as ampte 284
19.4.2 Kerklike vergaderings 286
19.5 BESONDERE BEDIENINGE MET GODDELIKE GESAG 287
19.5.1 Bedieninge met gesag 287
19.5.2 Vergaderings met gesag 289
19.5.3 Gemeentelike gesag? 290
19.6. 'N VEELKANTIGE WOORDBEDIENING STAAN SENTRAAL 290
19.6.1 Permanente besondere bedieninge? 290
19.6.1.1 Die *munus triplex Christi* 291
19.6.1.2 Die besondere bedieninge in die gereformeerde tradisie 293
19.6.2 Die Woord en die bediening daarvan is wesenlik 295
19.6.2.1 Die sakramente as Woordbediening 297
19.6.3 Bedienaars van die Woord 298
19.6.3.1 Die ouderling - lerend en regerend 299
19.6.3.2 Kategese as 'n besondere bediening 301
19.6.3.3 "Amptelike" Woordbediening? 301
19.6.4 Ander bedieninge 304

20. `N GESTRUKTUREERDE UNIVERSELE KERKVERBAND 306
20.1 EEN UNIVERSELE KERK WÊRELDWYD 306
20.2 GELOOFSIDENTITEIT AS BASIESE STRUKTUUR 307
20.2.1 Die rol van `n identiteitskrisis 308
20.2.1.1 Sekerheid oor die gedeelde identiteit 308
20.2.2 Die rol van bestaande belydenisskrifte 310
20.2.2.1 `n Nuwe belydenisskrif? 310
20.3 `N GEORGANISEERDE UNIVERSELE KERK 312
20.3.1 Die presbiteriaal-sinodale stelsel 313
20.3.2 Ekumeniese bande 315
20.3.3 Riglyne vir kerkverband 315
20.3.4 Geen independentisme 317

21. DIE KERK AS GETUIE 317
21.1 GOD SORG VIR DIE VOORTBESTAAN VAN DIE KERK DEUR HOM AS INSTRUMENT TE GEBRUIK 317
21.1.1 Die gemeente as primêre getuie 319
21.1.2 Getuienis ter wille van die Koninkryk van God 320
21.1.3 Niks mag die getuienis belemmer nie 321

22. KERK VIR SY TYD IN DIE LIG VAN DIE SKRIF 322
22.1 BUITE-BYBELSE BRONNE 323
22.1.1 Die tradisie se invloed op kerklike ordening 323
22.1.2 `n Duursame kerkorde met die oog op die toekoms 324
22.1.3 Kerk in sy omstandighede en vir sy tyd 324
22.2 DIE SKRIF AS PRIMÊRE BRON VIR KERKLIKE ORDENING 326

23. SAMEVATTING 326
23.1 DIE VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF 326
23.2 ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD 327
23.3 KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES UIT DIE SKRIF 328

23.4 TEN SLOTTE 331

24. OPSOMMING 333

25. SUMMARY 334

26. KERNBEGRIPPE 336

27. BRONNELYS 337

BEDANKINGS

Daar is `n paar persone wat ek by die afhandeling van hierdie studie graag wil bedank vir hulle groot bydrae:

- Prof P J Strauss vir sy vriendskap en vormende invloed in my lewe oor jare, en as studieleier vir sy aanmoediging om verder te studeer, sy voorstel om die betrokke onderwerp aan te pak en sy geduldige en wyse leiding. Dit was `n onmisbare voorreg om onder u leiding te leer om met nuwe oë na die kerk en sy orde te kyk.

- Prof D F Tolmie wat as medestudieleier waardevolle raad, leiding en hulp gegee het. Sy positiewe kritiek en bydrae het die bibliologiese deel van die studie `n verrykende ervaring gemaak.

- Mev M van Wyk wat as Inligtingsbeampte by die UV-Sasolbiblioteek ekstra myle geloop het om bronne te soek en by my uit te kry - altyd vriendelik en hulpvaardig. Niks was te veel moeite nie.

- Mev Petra de Blom vir die harde werk om hierdie studie taalkundig te versorg. Die Here gee inderdaad `n verskeidenheid gawes aan sy kerk sodat sy kinders mekaar kan aanvul.

- Die Ned Geref Gemeentes Vergelegen en Swartruggens wat met vrygewigheid ruimte gemaak het vir my verdere studie. In julle midde het ek die vreugde van predikant-wees leer ken, en die voorreg om die Here se Woord te bedien.

- My vrou Annette, en my kinders Carien-Mari en Antjie, vir jare se geduld met `n man en `n pappa wat maar weer en weer moes "gaan werk". Dankie vir die wyse waarop julle my bedien het deur julle positiewe ondersteuning, aanmoediging en begrip. Julle maak my lewe oneindig ryk.

- My ouers vir julle volgehoue ondersteuning vir my studies en bediening, en veral dat julle Pa en Ma is.

ERKENNING

- Die finansiele ondersteuning van die Nasionale Navorsingsraad vir hierdie studie word hiermee erken. Standpunte wat in hierdie proefskrif gestel is en gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die outeur en kan nie noodwendig toegeskryf word aan die Nasionale Navorsingsraad nie.

- The financial assistance of the National Research Foundation towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this thesis and conclusions arrived at, are those of the author and are not neccessarily to be attributed to the National Research Foundation.

VERANTWOORDING

NOODSAAK EN DOEL VAN DIE STUDIE

Dit word toenemend duidelik dat die tradisionele kerklike ordening soos dit in die gereformeerde kerkregtelike tradisie na vore kom binne die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna Ned Geref Kerk), bevraagteken en selfs eenkant gelaat word (Janse van Rensburg 1998:82evv; Nel 1986:3; vgl Erasmus & Kellerman 1995:604). Verskeie ander modelle word voorgestel en geïmplimenteer as (meer) Skriftuurlik en sosiaal-wetenskaplik meer verantwoord, asook meer na die behoeftes van die moderne mens (Ned Geref Kerk Agenda 1994a:275-281; Potgieter 1997:21ev). Dit is 'n feit dat baie van die moderne besinnings oor hierdie saak vanuit 'n kerkregtelike hoek in die geledere van die Ned Geref Kerk steeds werk met die resultate van kerkregtelike arbeid wat vanuit die sestiende eeu steeds op min of meer dieselfde lyn loop, ook wat Skrifberoep betref (vgl byvoorbeeld Burger 1999:40, Brown 1995, Kleynhans 1984, 1985 en Rossouw 1988). Dit is egter ook onbetwisbaar dat eksegetiese metodes en hermeneutiese beginsels binne Ned Geref Kerk-geledere die afgelope vier dekades drasties verander het (Deist 1994:iii, 261-313). Moderne historiese en literêre metodes het toenemend vraagtekens van buite die kerkreg oor die Skriftuurlike fundering van kerklike ordening laat ontstaan (vgl byvoorbeeld Banks 1980, Brown 1984, Schnackenburg 1974 en Schweizer 1961), terwyl die kerkreg self stil is hieroor of bloot terugkom by die ou antwoorde. Aan die ander kant wil dit voorkom of die Skrifbewyse van diegene wat, veral uit die Diakonologie, vernuwend werk baie keer bloot in diens van beginsels vanuit die sosiale wetenskappe staan (vgl Hendriks & Van der Merwe 1995 en Heyns 1992). Sommige hiervan word oorwegend vanuit 'n praktykteorie begrond, sonder om die Skrif op 'n wesenlike manier aan die orde te stel (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1994a:288ev en Kotze 1987:170). Dit is dus 'n wesenlike vraag of baie van die nuwe modelle nie op wankelrige Skriftuurlike bene staan nie. Die resultate van die ondersoeke vanuit die Nuwe Testamentiese wetenskap oor die kerk, waarvan heelwat die afgelope vyftig jaar verskyn het, is dus selde doelbewus van toepassing gemaak op die Ned Geref Kerkorde en praktyk. Dieselfde geld vir die proefskrif van A J Bronkhorst met die titel *Schrift en kerkorde* wat in 1947 in Nederland gepubliseer is. Hierdie proefskrif en 'n artikel met die dieselfde titel wat hy baie later as deel van 'n bundel oor die kerkreg geskryf het (Bronkhorst 1992), is tot op hede die enigste omvattende studie in

gereformeerde kringe wat doelbewus met moderne eksegetiese metodes vanuit `n geheeloorsig oor die Nuwe Testament die vraag na `n kerklike orde ondersoek het. Dit word egter selde gebruik in die besinning oor kerklike ordening in Ned Geref Kerkgeledere. Beide genoemde werke van Bronkhorst het ook `n leemte, naamlik dat die Ou Testament baie kursories aan die orde kom. Dieselfde geld vir byvoorbeeld Smit (1984) wat, benewens die feit dat hy nie die gegewens in die Ou Testament verreken nie, slegs enkele gedeeltes uit die Nuwe Testament nagaan om gevolgtrekkings te maak oor bepaalde aspekte van God se orde vir sy kerk.

In die lig van bogenoemde, en die oortuiging dat die hele Skrif weldeeglik ter sake is in die soeke na `n kerklike ordening vir die praktyk van die kerk se lewe in die wêreld, wil hierdie studie die resultate van die moderne Bybelwetenskappe oor enkele aspekte van die kerk in die Skrif aanwend om die veelkantigheid van die beeld van die kerk in die Skrif uit te lig, die konstantes ten opsigte van die beeld van die kerk in die Skrif na vore te bring, die kerkordelike implikasies van eersgenoemde twee uit te lig en as buitelyne vir `n kerklike ordening wat oral moet geld, aan te bied. In die proses word in gesprek getree met enkele voorbeelde vanuit die tradisie en die huidige praktyk.

WERKSWYSE EN HIPOTESE STELLINGS

In Deel 1 word gekonsentreer op die verskillende beelde van die kerk in die Bybel. Hier word eerste na die Ou Testamentiese gegewens in hul geheel gekyk, alhoewel dit vanweë die omvang van die Ou Testament slegs as enkele samevattende lyne beskryf kan word. Tweedens word die verskillende korpusse in die Nuwe Testament soos dit min of meer in die geledere van die Nuwe Testamentiese wetenskap aanvaar word, elk op sy eie bespreek. Wat die beeld van die kerk betref, word twee basiese vrae aan die Skrif gestel, naamlik wat die kerk is en tweedens hoe die kerk georganiseer is. Die hipotese wat in hierdie deel ondersoek word, is dat dit uit die Ou Testament en verskillende korpusse van die Nuwe Testament duidelik is dat die Skrif `n veelkantige beeld van die kerk vertoon - `n veelkantigheid wat soms selfs byna teenoorgestelde gesigte het en in baie gevalle `n refleksie is van die eise van omstandighede.

In Deel 2 word daar tot `n Skriftuurlike geheelbeeld van die kerk gekom deur te gaan soek na sake wat na vore kom in die meeste van die verskillende beelde wat in Deel 1 geteken is. Dieselfde struktuur wat deur die twee vrae in Deel 1 geskep word, word ook

hier hanteer. Die hipotese wat in hierdie deel ondersoek word, is dat daar vanuit die veelkantigheid van die beeld van die kerk in die Skrif ook bepaalde konstantes na vore kom waarmee `n geheelbeeld ten opsigte van kerklike ordening geteken kan word.

In Deel 3 word daar in die lig van die konstantes implikasies vir `n kerklike ordening in die praktyk uitgelig wat as die riglyne vir alle kerklike ordening behoort te geld. Daar word ook enkele sake uit Deel 1 ter sprake gebring wat nie as konstantes na vore gekom het nie, maar tog logies by die gesprek hoort. In hierdie deel kom `n hele verskeidenheid aspekte van die kerk en kerklike ordening aan die orde, en word die gereformeerde tradisie, asook huidige teoretiese besinnings en tendense in die praktyk, by die gesprek betrek. Hier word veral gekonsentreer op die kerklike ordening in die Ned Geref Kerk, alhoewel dit nie slaafs gedoen is nie. Die gespreksgenote word ook op verskillende maniere in die studie betrek. In sommige gevalle het dit bloot bepaalde onderwerpe ter berde gebring, terwyl dit in ander gevalle meer breedvoerig bespreek is. Die hipoteses wat in hierdie deel ondersoek word, is die volgende:

- In die lig van die konstantes of die geheelbeeld van die kerk is daar bepaalde sake wat op een of ander manier in alle kerklike ordening ter sprake behoort te kom om enersyds pragmatisme en willekeur te voorkom, maar andersyds ook die ruimte te skep vir verskeidenheid na die eise van plaaslike omstandighede.
- Die kerklike ordening binne die gereformeerde tradisie en by name die Ned Geref Kerk vertoon, wat sekere aspekte betref, `n bepaalde eensydigheid wat enersyds wel `n regmatige refleksie is van die eise van omstandighede, maar andersyds in die lig van die konstantes of dan die geheelbeeld van die kerk tog gebreke vertoon wat aandag behoort te kry.
- Die modelle vir kerklike ordening wat die afgelope dekade of wat meer in onder meer Ned Geref Kerk-geledere vanuit die Diakonologie voorgestel word in die plek van die meer tradisionele vorme, is in die lig van die konstantes eensydig en staan plek-plek selfs op wankelrige Skriftuurlike bene.

NAVORSINGSMETODES

Hierdie studie is `n vergelykende literatuurstudie. Aangesien dit `n studie vanuit die Ekklesiologie is, is in die bestudering van die tersaaklike Skrifgedeeltes in Deel 1 meer van die resultate uit die Bibliologiese vakke gebruik as van intensiewe ontledings van die teks self, alhoewel eie eksegetiese werk wel gedoen is waar dit noodsaaklik is. Tensy dit

werklik relevant is, is verskillende standpunte ook nie met mekaar vergelyk nie, maar is eerder gekonsentreer om die keuse vir bepaalde standpunte positief te motiveer. Daar is gepoog om meer resente Bibliologiese studies wat met moderne historiese en literêre metodes werk, te gebruik sonder om doelbewus `n keuse te maak vir meer behoudende of meer kritiese werke. Die voorbehoude waarmee dit gedoen is, hou hoofsaaklik in dat daar nie soseer vanuit die historiese kritiek gevra is na die hipotetiese gemeenskappe agter die teks nie, maar na die beelde van die kerk soos dit na vore kom in die Bybelteks wat bestudeer is. Dieselfde voorbehoude geld vir die sosiologiese modelle wat in onlangse jare deur sommige skrywers gebruik is om sosiale verskynsels in die Nuwe Testamentiese gemeenskappe te verklaar en gevolgtrekkings oor die gemeenskappe self te maak. In hierdie deel is gepoog om in die bespreking van die verskillende korpusse tersaaklike onderwerpe uit te lig soos dit vanuit die teks en die toepaslike literatuur na vore gekom het en dit dus nie van buite op die betrokke korpus af te dwing nie. Die idee was om werklik objektief in die eerste plek na die Skrif te luister. Uiteraard is dit in die lig van die feit dat niemand sonder voorveronderstellings kan werk nie, waarskynlik met wisselende sukses gedoen. Die feit dat daar ook vanuit die doel van die studie bepaalde vrae aan die teks gestel is, het waarskynlik ook bygedra tot `n bepaalde subjektiwiteit. Dieselfde geld vir Deel 2 waar die resultate van Deel 1 bestudeer is om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Deel 2 is in sy geheel `n samevatting van die sake wat in die meeste van die verskillende beelde van die kerk in die Skrif na vore kom, alhoewel enkele verwysings na die relevante literatuur gemaak is. In Deel 3 is hierdie gevolgtrekkings gebruik om enkele riglyne vir `n kerklike ordening wat orals in die praktyk behoort te geld, daar te stel. Dit is gedoen in samehang en gesprek met bestaande besluite, standpunte, studies en praktyke soos dit in relevante kerkordes, belydenisskrifte, akademiese werke, populêre geskrifte en agendas en handelinge van kerklike vergaderings neerslag gevind het. Die uitgangspunt vir die stel van riglyne en die gevolgtrekkings wat daaruit gemaak is, was `n fundering vanuit die Skrif. Daarom is probeer om praktiese werklikhede wat die implementering daarvan in die wiele kan ry, so ver moontlik uit die prentjie te haal. Daar is dus in die rigting van `n ideaal gewerk. In die gereformeerde tradisie word die Drie Formuliere van Eenheid (as *norma normata*) as ooreenkomstig die Skrif (as *norma normans*) beskou (Wethmar 1993b:50), en was daar nog altyd `n wisselwerking tussen die twee in die sin dat die belydenis vanuit die Skrif uit opkom, maar dat dit ook nog altyd gebruik is om die Skriftuurlikheid van `n standpunt te toets (vgl Janse van Rensburg 1998:82). In hierdie studie is laasgenoemde kant van die

belydenis egter `n bietjie minder op die voorgrond en word dit óf pertinent óf by implikasie onder die meer algemene tipering van die gereformeerde tradisie self aan die lig van die Skrif onderwerp. Dit gaan immers oor `n fundering uit die Skrif, en die Nederlandse Geloofsbelydenis sê self in artikel 7: "En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles". Daar is ook gepoog om in hierdie deel objektief te werk, maar soos hierbo gemotiveer, kon bepaalde voorveronderstellings moontlik meegespreek het in die keuse vir onderwerpe en (hopelik) in `n mindere mate vir standpunte wat ingeneem is.

In die titel van die proefskrif is sprake van "enkele" konstantes. "Enkele" dui enersyds op die feit dat nie alles wat in elkeen van die verskillende beelde van die kerk in die Skrif na vore gekom het, in al die beelde teruggevind kan word nie. Daar is dus sake wat uniek is aan die wyse waarop die kerk in `n bepaalde gemeenskap tot uiting gekom het. Andersyds impliseer "enkele" ook dat daar moontlik ander konstantes kan wees wat om bepaalde redes nie na vore gekom het in hierdie studie nie. Eerstens is gekonsentreer op die sake wat van kerkordelike belang is. Tweedens is doelbewus `n keuse gemaak om tersaaklike inligting oor die kerk aan die orde te stel soos dit vanuit die teks en die toepaslike literatuur uit die Bibliologiese wetenskappe uit opgekom het (vgl Deel 1). Derdens is ook `n redelike direkte brug geslaan tussen die teks en die toepassing en dus is daar nie werklik met `n sogenaamde teologiese eksegese as `n soort tussenganger gewerk nie (vgl Bronkhorst 1947:151, 165ev). Dit beteken dat ook nie na bepaalde onderwerpe, soos wat dit byvoorbeeld in Heyns (1977) of Küng (1968) se bespreking van die kerk na vore kom, gaan soek is nie. Daar word dus nie voorgegee om met hierdie studie `n volledige geheelbeeld van die kerk soos dit in die Skrif na vore kom, te teken nie.

ENKELE FORMELE SAKE

- Daar is veral in Deel 3 baie interne verwysings gemaak. Hulle word aangedui met `n paragraafsimbool (§) en die bepaalde paragraafnommer waarna verwys word.

- Waar daar in die studie na die kerk verwys word met 'n manlike persoonlike voornaamwoord, word dit altyd inklusief bedoel.
- Alle aanhalings uit die Skrif is gedoen vanuit die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel (1983) met herfomulerings.
- Afkortings van Bybelboeke is gedoen volgens die lys van afkortings in die Nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel (1983) met herfomulerings.
- Alle verwysings na en aanhalings uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicéa is gedoen vanuit die publikasie: Ons Glo... Die drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse 1988. In die verwysings word die betrokke belydenisskrif eerste genoem en daarna die artikel of vraag en antwoord ter sprake.

DEEL 1 DIE VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF

1. 'N VEELKANTIGE BEELD - 'N INLEIDING

1.1 SKRIFBESKOUING

Die titel van die proefskrif bring die Skrif pertinent in die prentjie. Die vraag is wat daarmee bedoel word. Op die voetspoor van die gereformeerde tradisie word die Skrif hier beskou as die besondere openbaring van God, of te wel die Woord van God (Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 2; Potgieter 1990:12) waarvan Hy die *Auctor Primarius* is (Potgieter 1990:23ev). Dit beteken dat vasgehou word daaraan dat die Heilige Gees die verskillende skrywers en samestellers van die verskillende Bybelboeke geïnspireer het en dat die neerslag van hulle werk vandag steeds as die gesaghebbende Woord van God beskou kan word (Potgieter 1990:22, 24, 26; Roberts s.a.:25, 28ev). Hiermee saam word daaraan vasgehou dat dit die Heilige Gees is wat tot vandag toe die kerk gelei het om slegs die ses en sestig boeke waaruit die Bybel bestaan, as gesaghebbende Woord van God te beskou. Vanuit hierdie standpunte word daar in hierdie studie van die uitgangspunt uitgegaan dat God deur sy Woord vir die kerk van vandag iets sê oor sy wese en sy ordening. Uiteraard moet die kerk in hierdie verband ook oop wees vir die leiding van die Heilige Gees om dit wat in die Skrif vir en van die kerk gesê word, na die bedoeling van God in die praktyk toe te pas. Met dit wat tot nou toe gesê is, word 'n organiese inspirasieteorie egter nie losgelaat nie (Potgieter 1990:24; Roberts s.a.:25ev). Binne die ruimte van bogenoemde Skrifbeskouing word aanvaar dat die Bybel deur mense geskryf is wie se spesifieke persoonlikheid, styl, kennis, agtergrond, omstandighede en oogmerke weerspieël word in dit wat hulle geskryf het (Potgieter 1990:20, 24; Roberts s.a.:26). Die Skrif vertoon dus ook 'n tipies menslike karakter in dié sin dat daar teenstrydighede en eensydige beskouings na vore kom. Dit is om hierdie redes dat die Skrif 'n besondere veelkantige beeld vertoon wat verskillende sake betref, die kerk ingesluit. Die hipotese wat dan in hierdie deel ondersoek word, is dat dit uit die Ou Testament en verskillende korpusse van die Nuwe Testament duidelik is dat die Skrif 'n veelkantige beeld van die kerk vertoon - 'n veelkantigheid wat soms selfs byna teenoorgestelde gesigte het en in baie gevalle 'n weerspieëling is van die eise van omstandighede waarin die kerk hom destyds bevind het. Dit is belangrik om hier op te merk dat die Skrif eintlik nêrens bedoel om 'n netjies afgeronde bloudruk van die wese

en ordening van die kerk te teken nie. In baie gevalle word terloopse opmerkings of verwysings hierna gemaak, wat eintlik deel vorm van 'n groter betoog of verhaal met 'n ander oogmerk. In sommige gevalle is dit bloot opmerkings of verwysings na gegewens sonder om te sê waar dit vandaan kom of daarop uit te brei. In ander gevalle vorm dit bloot die historiese konteks waarbinne die verhaal afspeel of die betoog gemaak word. Hierdie veelkantigheid vorm definitief deel van die ontsaglike rykdom van God se openbaring in die Skrif en weerspieël iets van sy onbegryplike grootheid. Wat die kerk betref, weerspieël die rykdom of dan veelkantigheid ook iets van die dinamiese wyse waarop die Here sy kerk in staat stel om in sy besondere omstandighede en tyd kerk te wees soos Hy dit bedoel het. Daarom mag die veelkantigheid nie bloot geharmonieer of selfs geïgnoreer word nie.

1.2 DIE KORPUSSE ONDER BESPREKING

Uit bogenoemde oortuiging word die veelkantige beeld van die kerk ondersoek aan die hand van die verskillende korpusse in die Skrif. Dit sou wel 'n werkswyse kon wees om elke boek afsonderlik te bespreek, maar aangesien die meeste werke wat hieroor geraadpleeg is, wel bepaalde boeke saam bespreek onder die tipering van 'n bepaalde korpus (Brown 1984; Giles 1995; Pelser 1995; Schnackenburg 1974; Schweizer 1961), is dit as werkswyse gekies. Uit die verskillende standpunte en argumente oor die saak is dit duidelik dat daar in werklikheid geen eenstemmigheid is oor presies hoe die verskillende korpusse in die Nuwe Testament ingedeel moet word nie. Die keuse wat gemaak is, is gedoen vanuit die oortuiging dat dit verteenwoordigend is van 'n redelike breë instemming in Nuwe-Testamentiese geledere en so hanteer word deur Nuwe-Testamentici wat die kerk as onderwerp bespreek. Die Evangelie volgens Matteus en die Evangelie volgens Markus word afsonderlik bespreek. Die Evangelie volgens Lukas en die Handelinge van die Apostels word saam bespreek onder die term Lukas-Handelinge vanuit die oortuiging dat dieselfde skrywer verantwoordelik was vir beide (Kümmel 1975:156). Die Evangelie volgens Johannes en die drie Johannese Briewe word saam bespreek onder die term die Johannese Geskrifte vanuit die oortuiging dat die drie briewe deur dieselfde skrywer geskryf is en dat hy en die skrywer van die Evangelie deel van die Johannese gemeenskap is (Brown 1966:cii; 1982:30, 679ev; Kümmel 1975:445, 450). Alhoewel die Openbaring van Johannes uit die dieselfde denkklimaat as die Johannese geskrifte kom (Brown 1966:cii), word die boek wel afsonderlik bespreek vanweë die

totaal eiesoortigheid van die literatuursoort wat dit verteenwoordig. Wat die tradisionele Pauliniese Briewe betref, word Kolossense, Efesiërs, 1 en 2 Timoteus en Titus nie saam met die ander bespreek nie. Kolossense en Efesiërs word onder die term Efesiërs-Kolossense wel as een korpus bespreek vanweë die feit dat hulle wat taal, styl en teologie betref, 'n eiesoortige karakter vertoon (Kümmel 1975: 341evv, 346, 358ev; vgl Lincoln 1993:132ev). Dieselfde geld vir 1 en 2 Timoteus en Titus wat onder die term Pastorale Briewe bespreek word (Pelser 1984:174). Hier word die feit dat hulle nie gemeentebriewe is nie, maar persoonlike briewe met 'n amptelike karakter, ook in berekening gebring (Kümmel 1975:367; Pelser 1984:174). Die ander word saam onder die term Pauliniese Briewe bespreek. Anders as in die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 4) word die Brief aan die Hebreërs nie beskou as 'n Pauliniese Brief nie en word dit dus afsonderlik bespreek (Kümmel 1975:401ev). Die Brief van Jakobus en die eerste brief van Petrus (1 Petrus) word ook afsonderlik bespreek. Die tweede brief van Petrus (2 Petrus) vertoon duidelike verskille van 1 Petrus (Kümmel 1975:430evv). Daarom word 2 Petrus afsonderlik van 1 Petrus bespreek. 2 Petrus en die Brief van Judas word wel afsonderlik bespreek, maar vanweë die ooreenkomste tussen die twee (Kümmel 1975:428evv) en die feit dat beide baie kort is, word die inligting van beide in een samevatting saamgevoeg. Vanuit die oortuiging dat die hele Bybel die verhaal vertel van God se handelinge met die mense wat Hy gemaak het, kan die Ou Testament nie geïgnoreer word wanneer die kerk onder bespreking kom nie (Noordegraaf 1990:20; vgl Westermann 1981:232). Daar is 'n bepaalde kontinuïteit tussen God se volk van die Ou Testament en van die Nuwe Testament. Uiteraard is daar egter ook 'n bepaalde diskontinuïteit wat deur die koms van Jesus Christus in die prentjie ingebring is en waarmee rekening gehou moet word in die beskouing van die kerk.

1.3 HIPOTESE STELLING

Die hipotese wat in hierdie deel ondersoek word, is dat dit uit die Ou Testament en verskillende korpusse van die Nuwe Testament duidelik is dat die Skrif 'n veelkantige beeld van die kerk vertoon - 'n veelkantigheid wat soms selfs byna teenoorgestelde gesigte het en in baie gevalle 'n weerspieëling is van die eise van die omstandighede waarin die kerk hom bevind het.

2. GOD SE VOLK IN DIE OU TESTAMENT

2.1 INLEIDING

Die beeld van die kerk in die Ou Testament word hier aangebied as een van die kante van die veelkantige beeld van die kerk in die Skrif. Dit is egter `n totale oorvereenvoudiging van die werklikheid. Die Ou Testament vertoon net so `n veelkantige beeld, indien nie meer so nie, as die Nuwe Testament. "Unlike the revelation in Christ, the revelation of Jahweh in the Old Testament is divided up over a long series of seperate acts of revelation which are very different in content. It seems to be without a centre which determines everything and which could give to the various seperate acts both an interpretation and their proper theological connexion with one another. We can only describe the Old Testament's revelation as a number of distinct and heterogeneous revelatory acts" (Von Rad 1962:115; vgl ook Vriezen 1977:375). Die veelkantigheid wat dit aan die beeld gee, word nog ingewikkelder wanneer in gedagte gehou word dat die verskillende openbarings aan die hand van `n hele verskeidenheid tradisielyne oorgelewer is (Von Rad 1962:3evv) en neerslag gevind het in verskillende soorte geskrifte. Gesien in die lig van die feit dat `n omvattende ondersoek na die veelkantige beeld van die volk van God in die Ou Testament waarskynlik baie meer om die lyf sal hê as die paar bladsye wat hier aan die onderwerp afgestaan kan word, kan die afleidings wat gemaak word, slegs voorlopig en beperk van aard wees. Dit beteken egter nie dat hier niks van belang gesê kan word nie. Voorlopig en beperk soos wat dit sal wees, kan die buitelyne van die prentjie tog duidelik genoeg wees om binne die konteks van hierdie studie van betekenis te wees. Von Rad (1962:118) sê juis in verband met Israel as saambindende faktor in die Ou Testament: "Here at last we come upon one unifying principle towards which it ordered its material and thought; this was 'Israel', the people of God, which always acts as a unit, and with which God always deals as a unit".

Die Ou Testament teken God se volk as `n geloofsgemeenskap wat deur Hom uitgekies is om as sy volk in `n besondere verhouding met Hom te leef in die land wat Hy aan hulle gegee het. Binne die ruimte van, en gedra deur `n Godgegewe struktuur wat elke aspek van hulle volksbestaan omvat, lewe hulle deur hulle belydenis dat Jahwe hulle God is en hulle eiesoortige bestaanswyse, afgegrens van en gerig op die ander volke. Sentraal in hierdie struktuur funksioneer daar verskeie middelaarsfigure wat Jahwe se heilshandelinge met en onder sy volk, asook hulle antwoord aan Hom, bedien en bemiddel.

2.2 ISRAEL AS DIE VOLK VAN GOD

Daar is veral drie begrippe wat God se verhouding met Israel uitdruk waaruit dit duidelik word dat hulle binne die geskiedenis as sy volk beskou kan word, naamlik uitverkiesing, verbond en redding.[1] Alhoewel hierdie drie begrippe ten opsigte van betekenis van mekaar onderskei kan word, is hulle in die ontplooiing van die geskiedenis van Israel so vervleg dat dit moeilik is om hulle in die bespreking hieronder waterdig te skei. Daarom word die drie eerder geïntegreer in `n breë bespreking van Israel as volk van God.

2.2.1 God se heilshandelinge is konstitutief vir Israel as sy volk

Israel vind sy oorsprong, bestaan en voortbestaan by Jahwe hulle God wat hulle uit eie inisiatief uitgekies het om aan Hom te behoort,[2] `n verbond met hulle gesluit het en wat telkens tot hulle redding kom (Noordegraaf 1990:21; Vriezen 1977:375, 403; Zimmerli 1978:29ev, 45).

---

[1] Westermann (1981:45ev, 47evv) wys daarop dat beide die begrippe "verkiesing" en "verbond" as terme waardeur God se verhouding met Israel uitgedruk word, uit `n baie later tyd kom as die gebeure self en dus as `n interpretasie van die werklike historiese gebeure beskou moet word. Dit is dan veral die Deuteronomis wat baie later die idee van verkiesing hierby betrek het, terwyl die Eksodusperikoop (Eks 19:3b-8 en 24:3-8) en beide die Genesisperikope (Gen 15:7-21 en Gen 17) wat oor die verbond berig, uit dieselfde tyd as Deuteronomium dateer. Dit was dus nie deel van die oorspronklike gebeure nie en daarom kan hierdie terme ook nie beskou word as sentraal in die verstaan van die Ou Testament en Israel se oorsprong nie. Vir hom is dit eerder die idee van God wat red, wat die oorsprong van Israel se bestaan verklaar en dus van sentrale betekenis is. Op hierdie punt word eers volstaan met die opmerking dat die historiese ontwikkeling van Israel se selfverstaan wel belangrik is vir die uiteindelike verstaan van die Ou Testament as kanon, maar dit is dan juis die plek en funksie van begrippe en idees binne die kanon self wat die deurslag gee vir die belangrikheid van hulle betekenis al dan nie.

[2] Westermann (1981:45ev) se probleem met die feit dat verkiesing betrek word by die oorsprong van Israel as God se volk gaan daaroor dat dit, as `n latere interpretasie van die oorspronklike gebeure deur die Deuteronomis nie die bedoeling met die begrip is nie. Volgens hom gaan dit vir die Deuteronomis veral oor die gevaar van afvalligheid en afgodery in die latere tye van Israel se bestaan. Dit bring dan die begrip uitverkiesing in verband met die eerste gebod. Verkiesing het dan meer te doen met eenkant-gesit-wees in terme van `n later gedateerde werklikheid as met oorsprong en kan dus volgens hom nie in die sin van `n historiese verkose-wees gebruik word nie. Hiermee wys hy dan ook die idee van verkiesingstradisies in die Heksateug af. Alhoewel Von Rad (1962:178) ook die idee van verkiesing as komende van die Deuteronomis beskou en dus laat dateer, sê hy egter dat die idee van Israel se uitverkiesing deur Jahwe tog deel is van hulle selfverstaan, veral as dit betrek word by hulle bestaan in die wêreld tussen ander volke. Alhoewel Westermann (1981:46) `n punt beet het dat verkiesing nie dié sleutelbegrip is vir die verstaan van die Ou Testament nie, is dit tog meer sentraal in die Ou Testament se verstaan van Israel se verhouding met God as wat hy dit wil hê. Von Rad (1962:69) sê tereg dat die belofte aan die aartsvaders, die uittog uit Egipte, die wonderbaarlike redding by die Rooisee, die openbaring van Jahwe by Sinaï en die skenking van die land Kanaän, asook die verbond met Dawid oor sy ewigdurende koningskap en keuse van Sion as God se woonplek onder sy volk, uitverkiesingstradisies is wat deur Israel as grondliggend vir hulle bestaan beskou word. Meeste van hierdie tradisies word wel ten nouste verbind met reddingsdade van Jahwe tot voordeel van sy volk en daarom kan die twee nie los van mekaar verstaan word soos Westermann wil nie.

2.2.1.1 *Berit*, of te wel verbond

Volgens Westermann (1981:47evv) kan die woord *berit* nie in alle gevalle met die woord verbond vertaal word nie. Volgens hom het dit wel in Gen 17 hierdie betekenis, naamlik 'n wedersydse ooreenkoms wat beide partye formeel en blywend bind. *Berit* word hier verbind met gebod en wet. In Gen 15:7-21 beteken *berit* volgens hom nie verbond nie, maar 'n plegtige toesegging wat vergelyk kan word met 'n eed. Die inhoud daarvan is 'n belofte wat eensydig gemaak word. Indien hierdie twee betekenisse van die woord vergelyk word met Von Rad (1962:129ev) se siening dat 'n verbond verstaan moet word as die verhouding tussen twee partye van ongelyke status waar die mindere slegs 'n ontvanger van die ooreenkoms is, terwyl slegs die meerdere party die vryheid het om die ooreenkoms aan te gaan of nie, is dit 'n goeie vraag of die onderskeiding so sterk getrek kan word. Selfs in Gen 17 staan die plegtige toeseggings- en beloftekarakter voorop en kan die besnydenis nie werklik as 'n voorwaarde vir die verbond gesien word nie, aangesien slegs ongehoorsame individue buite die verbond gereken word (Zimmerli 1978:56). Verder sluit Gen 15 se verbondsluitingseremonie baie nou aan by die gebruike destyds waarop mense uiters bindende ooreenkomste met mekaar aangegaan het (Von Rad 1972:186ev). Abraham was wel passief, maar tog 'n party in die ooreenkoms. Hieruit kan dan gesê word dat God se verbond met mense 'n ander karakter het as mense se ooreenkomste met mekaar, waarvan sommige ook met die woord *berit* beskryf kan word (Jenni en Westermann 1984a:350; Zimmerli 1978:49, 51). Die andersheid hiervan word veral goed uitgedruk in die verbondsformule "Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees" (vgl Gen 17:7). Die begrip "*am*" wat in Gen 17 met volk vertaal kan word, het bloedverwantskap as deel van sy betekenisveld (Jenni en Westermann 1984b:290ev). Volgens Snyman (1997:30) beteken dit dat Israel vir Jahwe soos familie was; 'n betekenis wat 'n unieke inhoud aan *berit* in hierdie konteks gee en 'n besondere hegte verhouding tussen Jahwe en Israel uitdruk (vgl Jenni en Westermann 1984b:303evv).

Soos reeds gesê, moet *berit* of verbond volgens Von Rad (1962:129ev) verstaan word as die verhouding tussen twee partye van ongelyke status waar die mindere slegs 'n ontvanger van die ooreenkoms is, terwyl slegs die meerdere party die vryheid het om die ooreenkoms aan te gaan al dan nie. "This arrangement is to be understood on the assumption that the recipient will certainly not act against his own interest, for by rejecting the covenant he would only exchange a protection which was to his advantage for an extremely hazardous legal insecurity" (Von Rad 1962:129ev). Hy sê verder dat die

verhouding wat deur die verbond gewaarborg is, saamgevat word in die woord *shalom* wat iets uitdruk van die heelheid, harmonieuse gebalanseerdheid van regte en behoeftes en vrede in die verhouding tussen die twee partye (vgl ook Zimmerli 1978:49). In die sluit van 'n verbond gaan dit volgens hom dus oor 'n reëling om in harmonie en vrede tot voordeel van beide partye saam te leef. In sy verhouding met God staan dit vir Israel sentraal dat Hy in so 'n verbondsverhouding met hulle getree het, waar Hy geheel en al die inisiatief geneem het en hulle heeltemal passief was. Dit geld vir beide die verbondsluiting met Abraham (Gen 12:1-3, 15:7-21 en 17:1-14) en die een by Sinaï (Eks 19-24). Die essensie van die verbondsverhouding tussen Jahwe en Israel lê in die drieledige belofte aan Abraham en die vervulling daarvan in die geskiedenis van sy nageslag. Hierdeur het God aan Abraham 'n groot nageslag, 'n besondere verhouding met God, en die land Kanaän belowe (vgl Zimmerli 1978:28ev). Die eerste belofte het in Egipte in vervulling begin gaan, die tweede by Sinaï waar dit met 'n verbondsvernuwing (vgl Childs 1974:401ev) gepaard gegaan het, en die derde toe Israel onder leiding van Josua vir Kanaän in besit geneem het. Die ontplooiing van hierdie skema van belofte en vervulling, wat blyk uit Israel se verhaal soos deur die Heksateug vertel, was vir Israel deur hulle geskiedenis tot na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap tekenend van die verbondsverhouding waarin hulle as volk met God staan (vgl Zimmerli 1978:51).

Dit is insiggewend dat die enigste voorwaarde vir die verbond soos dit in Gen 17 vertel word, die feit is dat al die manlike lede van Abraham se huishouding, slawe ingesluit, besny moes word. Hiermee saam moes alle seuntjies op die agtste dag na geboorte besny word. Latere reëlings het ook bepaal dat alle proseliete wat Jahwe begin dien, ook besny moes word (De Vaux 1973:48). Die besnydenis was in Israel dus 'n inlywingsritueel in die verbondsgemeenskap, en het as teken gedien dat iemand deel is van God se volk (De Vaux 1973:48).

2.2.1.2 God se heilshandelinge is gewortel in die oergeskiedenis

Bloot oppervlakkig gesien, begin die verhaal van Israel as volk van God reeds by die verkiesing van, en die verbondsluiting met Abraham (Gen 12:1-3; 15:7-21; 17:1-14; Zimmerli 1978:29). Von Rad (1962:163ev) toon egter aan dat die verkiesing van, en verbondsbeloftes aan Abraham (Gen 12:1evv), in werklikheid sy oorsprong in die skeppingsverhaal het, of te wel die oergeskiedenis (Gen 1-11). Aan die een kant loop die oergeskiedenis uit op die volkere-tabel in Gen 10, wat in 'n sekere sin die afsluiting van

die skeppingsverhaal is. Die werklikheid van die bestaan van die verskillende volke in die wêreld is dus gesien vanuit die opdrag om vrugbaar te wees en baie te word (Gen 1:28), 'n skeppingsdaad van God. Dit is opmerklik dat Israel nie hier genoem word nie, maar dat hulle bestaan as volk teruggevoer word na die roeping van 'n man uit een van hierdie volke (Gen 12:1-3). Hiermee word gesê dat die uniekheid van Israel se bestaan onder die volke nie 'n mitologiese oorsprong het nie, maar wel histories van aard is (Von Rad 1962:162). In werklikheid is Israel maar een onder vele. Aan die ander kant is daar in hierdie verhaal 'n toenemende mate van verwydering tussen God en die mensdom weens laasgenoemde se sonde. Dit lei tot die verhaal van die toring van Babel, 'n gebeurtenis waar God se oordeel geteken word as die rede vir die bestaan van die verskillende volke, elkeen met sy eie taal. Die verhaal eindig egter nie hier nie. Soos met elke onderdeel van die oergeskiedenis, eindig dit ook met 'n genadedaad van God, naamlik die uitverkiesing van Abraham uit een van hierdie volke en daarmee saam die belofte dat al die volke in Hom geseën sal wees (Von Rad 1962:163ev). Beide hierdie aspekte van die oergeskiedenis lê klem op die unieke karakter van Israel as dié volk wat God vir Homself binne die geskiedenis uitgekies het. Hierdie uitverkiesing is 'n genadedaad wat nie teruggevoer kan word na enige voortreflikheid aan Israel se kant nie, maar berus op die vrye wil van God (Noordegraaf 1990:21; Zimmerli 1978:45; vgl Von Rad 1962:223).

2.2.1.3 Jahwe red en versorg sy volk op alle lewensterreine

Die bestaan van Israel as nasie en die realisering van hulle uitverkiesing in die geskiedenis kom egter eers ter sprake met die uittog uit Egipte en die vestiging in Kanaän soos duidelik word in die credo: "My vader was 'n Arameër wat van plek tot plek getrek het. Hy het na Egipte toe gegaan en met min mense daar as vreemdeling gaan woon. Daar het hy 'n groot, sterk en talryke nasie geword. Die Egiptenaars het ons sleg behandel. Hulle het ons verdruk en ons harde werk laat doen. Ons het na die Here die God van ons voorvaders om hulp geroep, en Hy het ons gehoor. Hy het ons ellende en ons swaarkry raakgesien en gesien hoe ons verdruk word. Die Here het ons uit Egipte laat wegtrek deur magtige dade, kragtige groot dade wat vrees ingeboesem het, tekens en wonders. Hy het ons in hierdie plek gebring en hierdie land aan ons gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning" (Deut 26:5-9; vgl Von Rad 1962:223). Hierdie credo verwoord in enkele sinne God se heilsgeskiedenis met sy volk as die vervulling van die belofte aan die aartsvaders. Die drieledige belofte aan Abraham wat soos 'n goue draad

deur die aartsvadergeskiedenis loop. naamlik die belofte van die land, die belofte van `n groot nageslag en die belofte van `n besondere verhouding met God, word in die Ou Testament gesien as `n woord van God wat die hele heilsgeskiedenis van Israel vanaf die uittog uit Egipte tot die verowering van die land deur Joshua in beweging gebring het (Von Rad 1962:168evv). "Wherever it occurs, the phrase 'Jahweh delivered his people from Egypt' is confessional in character" (Von Rad 1962:175) en stempel sy verhouding met sy volk. Vriezen (1977:377) sê in hierdie verband: "Vanaf de aanvang is de Jahwegemeenschap niet alleen een familiegroep, maar tegelijk een gemeenschap, aan elkaar en aan Hem verbonden door de ervaren bevrijden...". Dit is juis hierdie reddingsgebeure, en die detail van die verhaal self wat in groot swart letters oor Israel se geskiedenis skryf dat hulle oorsprong by God lê en dat hulle vir hulle bestaan en voortbestaan van Hom afhanklik is. Dit is dan ook hierdie reddingsgebeure wat die grondslag is waarop die stamme byeenkom in aanbidding van Jahwe (Jos 24), en wat die grond is waarop Deutero-Jesaja baie jare later sy belofte van redding uit die Babiloniese ballingskap laat rus (Westermann 1981:41ev).

In Eksodus 3 lees ons dat Jahwe die eerste keer sy Naam onthul, en dan op so wyse dat dit onmiddellik verbind word met die God van die aartsvaders (Eks 3:6). In wese gaan sy Naam ook nie soseer oor wie Hy is nie, maar oor wat Hy doen - om teenwoordig te wees, om daar te wees vir sy volk (Childs 1974:69; Von Rad 1962:180). Hiermee word enersyds gesê dat die aartsvadergeskiedenis en dit wat hier met Israel gebeur op dieselfde heilshistoriese lyn lê (Von Rad 1962:180; vgl Vriezen 1977:376ev) en andersyds word aan hulle 'n naam gegee wat in die kultus deur sy volk onthou kan word - die medium vir hulle voortgaande aanbidding van Hom (Childs 1974:76ev; Von Rad 1962:182). Uit die verhaal van die lam wat geslag is en die spaar van die lewens van die eersgeborenes waar die lam se bloed aan die kosyne gesmeer was, wat as die instelling van die pasga geïnterpreteer word (Eks 12), is dit duidelik "dat de reddende daad Gods in den beginne van beslissende betekenis is voor heel Israëls relatie met God en dat ook blijft. De jaarlijks terugkerende viering van het Paschafeest zal die geschiedenis immers steeds weer actualiseren..." (Westermann 1981:54). In die gebeure by die Rooisee word die verlossingsdaad van Jahwe en Jahwe as Verlosser van sy volk beide op die voorgrond geplaas (Von Rad 1962:3evv; 176ev). Deur `n wonderwerk red Hy sy volk en vernietig Hy hulle onderdrukkers.

In die openbaring van God aan sy volk by Sinaï (Eks 19evv; Num 10:10), reël Hy self hulle lewe voor Hom en vervul Hy die belofte aan Abraham dat Hy hulle God sal wees (Von Rad 1962:169ev; vgl Childs 1974:401ev), of te wel dat hulle voortaan in 'n besondere verhouding met Hom sal leef (vgl Zimmerli 1978:51). In hierdie openbaring is daar twee dinge wat Israel se Godgegewe oorsprong en hulle afhanklikheid van Hom vir hulle voortbestaan beklemtoon (Von Rad 1962:190). Enersyds gee Hy veral in die dekaloog (Eks 20:1-17) aan hulle as sy verbondsvolk regulasies waardeur hulle daaglikse lewe gereël word. Dit word gedoen vanuit die oortuiging dat Hy 'n soewereine reg het oor elke sfeer van die menslike lewe, en dat Hy veral op grond van sy verbond met sy volk hulle lewe mag reël (Childs 1974:402; Von Rad 1962:190). Andersyds gee Hy aan hulle die regulasies vir die wyse waardeur hulle in gemeenskap met Hom tree, naamlik die kultus (alles wat met die tent van ontmoeting, tabernakel en offers te doen het vanaf Eks 25 tot Num 10:10) (Westermann 1981:189, 191ev). Volgens Von Rad (1962:190) is die beslissende moment van die Sinaïgebeure God wat afgekom het en onder sy volk kom woon het. Hierdie nabyheid van God onder hulle het die kultiese regulasies noodsaaklik gemaak, en daarom reël Hy self die sakrale orde - die wyse waarop hulle met Hom in gemeenskap tree. "It was Israel's belief that Jahweh's turning towards her in salvation was not exhausted in historical deeds and in the gracious guidance of individual lives, but that in the sacraficial cult too he had ordained an instrument which opened up to her a continuous relationship with him. Here Jahweh was within reach of Israel's gratitude, here Israel was granted fellowship with him in the sacred meal. Above all, here Israel could be reached by his will for forgiveness" (Von Rad 1962:260).

Na hulle vertrek vanaf Sinaï, swerf Israel deur die woestyn. Dit word onder andere gesien as 'n ideale tyd in hulle geskiedenis,[3] 'n tyd waar hulle in totale afhanklikheid van Hom geleef het (Von Rad 1962:282). In hierdie tyd openbaar God Hom op vele terreine as Redder van sy volk - Hy verlos hulle van hulle vyande, Hy voorsien water en kos; dit is Hy wat hulle laat bestaan (Westermann 1981:43). Soos dit onder andere uit die verhaal van die manna blyk, was hulle eintlik sonder enige sekuriteit en het hulle doodeenvoudig van dag tot dag uit sy hand geleef (Von Rad 1962:282). Wat hier opval, is die feit

[3] Volgens Von Rad (1962:283) word die Israel van hierdie tydperk ook negatief beoordeel as 'n volk wat nie die toets kon deurstaan nie, soos dit blyk uit hulle kleingeloof en ontevredenheid oor hulle lot. In byvoorbeeld Esegiël word die woestyntyd as 'n oordeelstyd beskou (vgl Eseg 20:9, 14, 22, 35). Met hierdie interpretasie word die verwoesting van Juda deur die Babiloniërs en die ballingskap wat daarop gevolg het, gekoppel aan die woestyntyd en word vir die oorblyfsels van Israel gesê wat die rede vir die ballingskap is.

dat die berigte en kommentaar oor hierdie tyd die klem laat val op die dade van God, terwyl Israel as stil en passief geteken word (Von Rad 1962:281). Uiteindelik het Hy hulle ook in Kanaän ingelei en die land vir hulle verower - Hy het die land vir hulle gegee (vgl Deut 26:5-9). Die wyse waarop die verowering en verdeling van die land voorgehou word, bied enersyds 'n beeld van Jahwe se groot mag en beheer oor die geskiedenis (Von Rad 1962:302) en sê andersyds dat Israel se bewoning van Kanaän 'n Godgegewe voorreg is. Hiermee het Jahwe dus vir sy volk "na alle kante toe rus gegee soos Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het" (Jos 21:44a; vgl Von Rad 1962:304).

2.2.1.4 God van sy volk in die gang van hulle geskiedenis

Die wyse waarop die drieledige belofte aan Abraham vervul is, sê duidelik dat Israel Jahwe se volk is vir wie Hy uitgekies het - nie op grond van enige politieke, materiële, kulturele of religieuse prestasies van hulle kant af nie, maar uit sy vrye wil. Op grond van sy verkiesende genade maak die Here die nageslag van Abraham sy volk (Noordegraaf 1990:21; Zimmerli 1978:45). Hierdeur word vir Israel in elke tydperk van hulle geskiedenis gesê dat hulle steeds vir hulle bestaan en voortbestaan van Hom alleen afhanklik is (vgl Von Rad 1962:69). Selfs al moes hulle van tyd tot tyd onder sy oordeel deurloop weens hulle ontrou, los Hy hulle nie (Noordegraaf 1990:22; Vriezen 1977:404). Dit blyk duidelik uit die feit dat Hy steeds vir sy volk as Redder optree in tye na die vestiging in Kanaän, al verskil die wyse waarop Hy dit doen na gelang van omstandighede en die veranderinge in Israel se staatsbestel (Westermann 1981:43ev). Dit is insiggewend dat Jahwe se redding dan ook soms bestaan het uit oordeelsprediking en straf (Westermann1981:128). In 'n situasie van ontrou was Israel se bestaan immers in gedrang en was die oordeelsaankondiginge deur die gerigsprofete noodsaaklik juis ter wille van die redding van God se volk. Uiteindelik misluk Israel totaal in hulle verbondsverhouding met Jahwe en tref sy oordeel hulle op so manier dat hulle ophou om as staat voort te bestaan.[4] Maar selfs dit is nie die einde van Israel as geloofsgemeenskap nie (Vriezen 1977:375). Jahwe neem by die mislukking van die ou verbond weer eens die inisiatief en beloof 'n nuwe verbond waarmee Hy in die toekoms met hulle in 'n verhouding gaan leef (Jer 31:31; Noordegraaf 1990:22). Uit die gesig van die

[4] Dit is insiggewend dat die verhaal van die goue kalf, as deel van die Sinaïgebeure, onder andere as 'n vooruitgryp na Israel se latere mislukkings in hulle verhouding met Jahwe en sy reaksie daarop gesien kan word (Westermann 1981:58ev).

doodsbeendere wat lewend word, sien ons weer iets van God se leweskeppende daad ten behoewe van sy volk (Eseg 37:15-28; Noordegraaf 1990:23). Hy tree steeds op as hulle Redder en sal sy volk vanuit hulle ondergang tot `n nuwe bestaan bring (Vriezen 1977:404; Westermann 1981:44). Hierby het daar ook nog `n nuwe dimensie in Jahwe se verhouding met sy volk na vore gekom en dit is sy vergifnis (Westermann 1981:144). Sonder vergifnis, waardeur die verhouding tussen God en sy volk weer herstel is, sou niks van die nuwe lewensmoontlikhede moontlik gewees het nie.

Uit die geskiedenis van Israel se verhouding met Jahwe word twee dinge duidelik. Eerstens onderstreep dit die feit dat hulle oorsprong en voortbestaan slegs by God se verbondsgenade, verkiesende liefde, en vergifnis lê. Uit hulle eie vermoë sou hulle nooit God se volk kon word en bly nie. Tweedens word God se verbondstrou juis duidelik in en deur sy oordeel oor hulle ontrou (Noordegraaf 1990:22) en sy vergifnis. Hy straf hulle telkens om hulle terug in die verbond in te bring (Westermann 1981:148; Zimmerli 1978:176). En selfs toe Hy hulle in ballingskap laat wegvoer, en die tempel en Jerusalem laat verwoes, los Hy hulle nie. Hy vergewe hulle, bring hulle terug en herstel die land, die stad en die tempel. Daarmee saam gee Hy aan hulle die belofte van die Messias en van `n nuwe verbond, waar dit wel vir hulle moontlik sal wees om Hom getrou te bly dien (Jer 31:31-34; Noordegraaf 1990:22ev). Dit is dan juis die belofte van die Messias en die nuwe verbond, saam met die oortuiging dat Jahwe wel getrou bly aan sy verbond met sy volk, wat hulle in die na-ballingskaptyd `n toekomsgerigte geloofsgemeenskap maak - `n volk wat uitsien na die aanbreek van die *jom Jahwe*. Israel kyk dus nie net terug na die verlede om in die beloftes aan die aartsvaders en die realisering daarvan sekerheid te kry vir sy bestaan as God se volk in die wêreld nie, maar kyk ook vorentoe en leef wagtend op die vervulling van die nuwe beloftes - `n volk tussen die "reeds" en die "nog nie" (Zimmerli 1978:240).

2.2.2 `n Afgegrensde Jahwegemeenskap

Die beeld wat die Ou Testament van Israel teken, is in die eerste plek dié van `n geloofsgemeenskap.[5] As sulks was hulle dan afgegrens van die ander volke en

[5] Jenni en Westermann (1984b:315ev) wys daarop dat alhoewel die uitdrukkings *am qadosh* en *goi qadosh* die bewussyn van bloedverwantskap met hulle saamdra, hulle eintlik uitdruk dat dit Jahwe self is wat sy volk vergader en saambind. Omdat die band met Hom die wesenlike faktor is, is hulle dus nie `n "profane" volk soos die ander nie. Die beslissende faktor vir hulle volksverstaan is met ander woorde nie etnies of natuurlik nie, maar hulle verhouding met Jahwe. Saam gelees met `n uitdrukking soos *am Jahwe*, teken dit

gemeenskappe rondom hulle. Hierdie grens is getrek deur `n paar dinge wat hulle duidelik anders gemaak het, naamlik hulle verbintenis aan slegs een God met die unieke naam Jahwe, die besnydenis en die Sabbat, asook die belangrike plek wat die wet in hulle leefwyse ingeneem het. Hierdie dinge kan wel onderskei word van mekaar, maar moeilik geskei word soos hieronder duidelik sal word. Net `n enkele opmerking: Dit is insiggewend dat Israel wat die rites, offers en kultiese personeel van hulle kultus betref, nie veel anders gelyk het as hulle buurgodsdienste nie (vgl Vriezen 1977:265ev).

2.2.2.1 "Ek is Jahwe julle God"

Die feit dat Moses se roeping om Israel uit Egipte te lei, en die openbaring van God se Naam, deel vorm van een gebeurtenis (Eks 3), is belangrik vir hulle selfverstaan. Deur sy Naam aan hulle bekend te maak, het Jahwe ook sy Naam aan hulle verbind en so aan hulle hulle identiteit gegee (vgl Von Rad 1962:182). "De Godsgemeenschap, zoals ze in de geschiedenis is opgetreden, heeft haar feitelijke ontstaan en voortbestaan te danken gehad aan haar geloof in Jahwe; dit schonk haar zozeer een eigen karakter, dat zij zich te midden van omringende, verwante en vijandige groepen als zelfstandige gemeenschap kon handhaven" (Vriezen 1977:375). Hierdie afgegrensdheid wat hulle geloof in Jahwe meegebring het, word veral duidelik in die eerste en tweede gebod. Dit moet goed verstaan word dat die eerste gebod nie die bestaan van ander gode ontken of uitsluit nie, maar dat daar wel gesê word dat daar vir Israel geen ander god kan wees as Jahwe nie - monoteïsties van die begin van hulle bestaan af (Childs 1974:403; Zimmerli 1978:116ev). Waar ander godsdienste van destyds baie oop was vir die aanbidding van verskillende gode, selfs by `n kultusplek wat vir `n bepaalde god afgesonder is, was Israel uniek in die sin dat daar van hulle verwag is om net een God te aanbid, naamlik Jahwe wat Homself aan Moses geopenbaar het as die God van hulle voorvaders en wat hulle uit Egipte gered het. Die tweede gebod met sy verbod op die maak van `n beeld van Jahwe (Childs 1974:406) onderstreep Israel se uniekheid onder die volke en godsdienste nog meer. Anders as ander volke wat een of meer beelde van hulle god as deel van hulle

---

dus vir Israel as `n geloofsgemeenskap. Vriezen (1977:375) maak op sy beurt die belangrike opmerking dat Israel se voortbestaan as geloofsgemeenskap nie afhanklik daarvan was of hulle as onafhanklike staat bly voortbestaan nie. Die feit is dat hulle ook nie van die begin van hulle volksbestaan af as `n politieke eenheidstaat georganiseer was nie. Dit het eers met die koms van die monargie `n werklikheid geword. Voor dit het hulle deurgaans in `n mindere of meerdere mate as losstaande stamme gefunksioneer. Die eenheidsbeeld wat in die Ou Testament vanaf die uittog uit Egipte van hulle geteken word, was uit en uit dié van `n geloofsgemeenskap en was nie polities of staatkundig van aard nie (vgl Von Rad 1962:90, 301). Dit beteken egter nie dat Israel as staat met die koning as staatshoof nie ook deel was van die wyse waarop hulle as geloofsgemeenskap in die wêreld bestaan het en georganiseer was nie.

kultiese aanbidding gehad het, het Israel nie `n beeld nie, maar net hulle God se Naam en woord wat in die sentrum staan (Von Rad 1962:219). Childs (1974:409) stel dit baie sterk dat wanneer God Homself openbaar deur te sê "Ek is Jahwe", Hy alles sê wat nodig is. `n Beeld sal dan `n menslike teenstander wees en gevolglik `n vals idee van Jahwe voorstel. Dit hang saam met die oortuiging dat Jahwe nie vasgevang kan word in `n mensgemaakte beeld (Von Rad 1962:218) en/of gemanipuleer kan word soos wat ander godsdienste met hulle gode gedoen het nie (Vriezen 1977:428; Zimmerli 1978:123). Hy het Homself immers nie in enige tasbare vorm aan hulle geopenbaar nie, maar as die God wat van hulle `n volk gemaak het om aan Hom te behoort en hulle telkens in hulle geskiedenis gered het. Dit is Hy wat op sy inisiatief die verbond met hulle gesluit het, wie se stem hulle hoor sonder om Hom te sien en wat sy wet aan hulle gegee het (Eks 22:22ev; Deut 4; Childs 1974:406). Hy is vry en hulle is tot sy beskikking. Dit is binne hierdie konteks wat die felheid van God se oordeel oor die goue kalf, as beeld van Jahwe wat hulle uit Egipte gelei het (Eks 32), verstaan moet word. Die uniekheid van Jahwe was in gedrang en daarmee saam die uniekheid van sy volk.

2.2.2.2 Die besnydenis en die Sabbat

Volgens Von Rad (1962:79) het die besnydenis en die Sabbat vir baie lank eintlik `n sekondêre betekenis in Israel se kultus gehad. Volgens hom was dit eers tydens die Babiloniese ballingskap dat hierdie twee kultiese rituele die status van `n belydenis verkry het omdat `n altaar nie nodig was om dit te onderhou nie (vgl Zimmerli 1978:126, 132). Hy praat selfs van die verwerwing van `n *status confessiones*. Hierdie twee dinge het dus tekens van die verbond geword en om dit te onderhou was 'n teken dat jy aan Jahwe en sy volk behoort het (Jenni en Westermann 1984a:349ev; Von Rad 1962:84; vgl Zimmerli 1978:125). Hiermee kon Israel se andersheid dus in `n vreemde land uitgeleef word. Of die prominensie wat die Ou Testament aan hulle verleen wel `n ontwikkelingsgeskiedenis het en toegeskryf kan word aan die vervlegting van jonger tradisies met oueres of nie, die feit is dat hierdie twee rituele so binne die kanon funksioneer en in die geskiedenis realiseer dat aan Israel `n unieke plek onder buurgodsdienste gegee word. Beide is tekens van Israel se hegte verbondenheid aan Jahwe, en grens hulle af van ander gode en godsdienste.

Die viering van die Sabbat was wat die dag self betref en die wyse waarop dit gevier is, heeltemal uniek in daardie tyd (Vriezen 1977:279). Die vereiste dat almal die Sabbat

moes onderhou, vryman en slaaf, mens en dier, het aan die gebod 'n sterk sosiale betekenis gegee (Vriezen 1977:429) wat ook 'n sosiale dimensie aan Israel se afgegrensdheid gee.

Israel het wel die besnydenis met verwante volke in hulle omgewing gedeel, maar onder byvoorbeeld die Filistyne is dit nie toegepas nie (De Vaux 1973:47; Zimmerli 1978:131). Volgens Zimmerli (1978:132) is die besnydenis by ander volke soms met puberteit toegepas en dus verbind met vrugbaarheid, maar by Israel beteken dit dat die besnedene tot die volk van Jahwe behoort omdat 'n seuntjie op die sewende dag na sy geboorte reeds besny moes word (vgl De Vaux 1973:47ev).

2.2.2.3 Die wet, of te wel die *torah*[6]

Een van die uitstaande kenmerke van Israel se bestaan, is die groot plek wat die wet in hulle lewens inneem. Saam met die Sabbat en die besnydenis het dit, volgens Von Rad (1962:91), ook tydens die ballingskap en daarna 'n baie groter prominensie begin kry. Die onderhouding van die etiese sy van die wet het immers ook nie 'n altaar nodig nie. Dit is juis in verband met Israel se unieke verbondenheid aan Jahwe en die moontlikheid (werklikheid?!) dat hulle van Hom afvallig kan word dat die wet so 'n belangrike plek in hulle afgegrensdheid van ander godsdienste inneem (Von Rad 1962:223, 231). As God se verbondsvolk, wat Hy uit Egipte gered het, moes hulle binne die ruimte van die verbond leef en so by hulle Redder bly[7] (Noordegraaf 1990:21; Westermann 1981:123; Zimmerli 1978:52evv, 109ev). Hiertoe het God vir hulle, weer eens op sy inisiatief, die wet gegee as sy genadegawe aan hulle sodat hulle wel sy volk kon bly (Zimmerli 1978:112). "The proclamation of the divine will for justice is like a net thrown over Israel: it is the completion of her conveyance to Jahweh" (Von Rad 1962:192). Die kern van hierdie "divine will" is die feit dat hulle Jahwe alleen as God mag hê en dien (Zimmerli 1978:22) en Hom dus moet liefhê met hulle hele hart en hulle hele siel en al hulle krag (Deut 6:4ev; Von Rad 1962:225ev). Hieruit vloei gehoorsaamheid op alle ander vlakke en ten

---

[6] Wet en *torah* word meermale as wisselterme gebruik. In die Nuwe Testament dui dit as tegniese term op die Pentateug (Vriezen 1977:245ev). Hier verwys dit na die geheel van God se openbaringsbeslissings soos dit in die Ou Testament as geheel na vore kom (Vriezen 1977:246). Alhoewel die dekaloog waarskynlik as die kern hiervan gesien kan word, sluit dit etiese en kultiese regulasies in en gaan dit dus om totale omvang van die regte leefwyse voor God.

[7] Dit is belangrik om raak te sien dat gehoorsaamheid nie die voorwaarde vir die verkiesing, die sluiting van die verbond en die redding is nie, maar die gevolg daarvan is (Von Rad 1962:229ev). Israel se onderhouding van die wet is hulle reaksie op Jahwe se toekeer tot hulle, maar terselfdertyd die waarborg dat hulle binne die verbond as sy mense sal bly leef (vgl Von Rad 1962:196).

opsigte van al die ander gebooie en regulasies logies voort - uit dankbaarheid en liefde (Von Rad 1962:226). Juis deur die wet na sy diepste bedoeling na te kom, is Israel dus anders as al die ander volke (Westermann 1981:131). Daaraan word hulle uitgeken as die Jahwevolk. Hulle identiteit in hierdie wêreld lê dus by God wat hulle uitgekies het, met hulle `n verbond gesluit het en aan hulle sy wet gegee het. Juis dit, en die eiesoortige leefwyse wat hieruit voortspruit, grens hulle af van die omliggende volke en gode.

2.2.2.4 `n Vervaging en verskerping van grense

Die moontlikheid dat Israel afvallig kon word van Jahwe, het die wet noodsaaklik gemaak. Hierdie moontlikheid was egter ook `n werklikheid, want Israel was `n onvolmaakte volk (Zimmerli 1978:178) en die kern van hulle onvolmaaktheid het in hulle voortdurende afgodediens gelê. Dit het op sy beurt noodwendig daartoe gelei dat ander fasette van die wet ook in die slag gebly het. Die feit dat beide die Noordelike en die Suidelike ryk deur hulle vyande vernietig is, die verwoesting van Jerusalem en die tempel, en die ballingskap word gesien as Israel se eie skuld (Von Rad 1962:81ev). Hulle het die verbond met Jahwe verbreek deur sy gebooie te verwerp en so die beloftes aan die aartsvaders in gedrang gebring. `n Vervaging van die grens tussen God se volk en die omliggende volke het rampspoedige gevolge gehad. Hierdie gebeure het volgens Von Rad (1962:82) twee reaksies onder die lede van Israel uitgelok. Enersyds het dit veral by diegene wat nie in ballingskap weggevoer was nie, veroorsaak dat hulle nog meer afvallig geword het weens die oortuiging dat die ander gode sterker is as Jahwe. Andersyds het dit veral by die ballinge gelei tot `n terugkeer na Jahwe. Diegene uit hierdie groep wat na Jerusalem teruggekeer het, het weer die tempel en Jerusalem herbou. Belangrik is egter dat hulle afgegrensdheid van die omliggende godsdienste daarvandaan verder gelê het in `n baie groter eskatologiese Messiasverwagting en `n baie meer rigiede siening van die wet. Die feit dat hulle nie meer deur `n sentrale monargie en staatsbestel as nasie saamgebind word nie, het daartoe gelei dat hulle as geloofsgemeenskap toenemend deur die wet saamgebind word (Von Rad 1962:90). Die wet het dus ook bepaal wie by hulle hoort en wie nie. Waar die wet in diens van Israel gestaan het, was hulle nou in diens van die wet (Von Rad 1962:91).

2.2.2.5 `n Bepaalde openheid

Vriezen (1977:406) wys daarop dat terwyl Israel se afgegrensdheid veral gegaan het oor hulle belydenis van Jahwe en die wyse waarop Hy aanbid moet word, daar tog `n

bepaalde openheid was om bepaalde kulturele en geestelike waardes soos byvoorbeeld argitektuur, wysheid, kuns en liedere oor te neem en hulle eie te maak.

2.2.3 `n Missionêre volk

Israel se bestaan as volk van God kan ten nouste verbind word met die bestaan van die verskillende volke in die wêreld en het dus van meet af `n universele dimensie (Vriezen 1977:405). Trouens, Von Rad (1962:163ev) beskou die roeping van Abraham (Gen 12:1-3) as die afsluiting van die oergeskiedenis en die positiewe kant van die verhaal waar God die mensdom uitmekaar laat spat het weens hulle sonde. In hierdie oergeskiedenis word die hele mensdom teruggeneem na die drie seuns van Noag (Vriezen 1977:403). Hierop volg die volkere-tabel van Genesis 10 waar die bestaan van die verskillende volke as `n skeppingsgegewe geteken word. Volgens Von Rad (1962:161) is hierdie tabel gegrond op kontemporêre historiese of politieke verhoudings sonder enige sentrum, voorkeur of hiërargie. Taal en ras speel ook geen rol nie. Dit is ook insiggewend dat Israel glad nie hier genoem word nie. Hierna volg die verhaal van die toring van Babel waar die bestaan van die verskillende volke geteken word as resultaat van God se oordeel weens die mensdom se sonde (Vriezen 1977:403). En eers hierna volg die roeping van Abraham as die vader van Israel uit een van hierdie volke waarin die mensdom verdeel is. Binne die konteks van die oerverhaal beteken dit eenvoudig dat Israel maar een van baie volke in die wêreld is wat almal hulle bestaan na dieselfde oorsprong kan terugvoer (Von Rad 1962:162). Die een verskil tussen hulle en die ander volke lê daarin dat hulle spesifiek deur God uitgekies is om as sy volk aan Hom te behoort en Hom alleen te dien - `n saak wat Hy binne die geskiedenis bewys het deur sy verbond met hulle en `n hele verskeidenheid reddingsdade ten behoewe van hulle (Jenni en Westermann 1984b:316; vgl §2.2.1). Maar juis in die eerste beloftes aan Abraham word hulle bestaan reeds ten nouste verbind met die bestemming van die ander volke - "... in jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen 12:3). "... because of this welding of primeval history and saving history, the whole of Israel's saving history is properly to be understood with reference to the unvolved problem of Jahweh's relationship to the nations ... To speak of Israel, and the meaning of her election, means beginning with the creation of the world and trying to understand it in the universality of all nations" (Von Rad 1962:164). Die universele dimensie van Israel se bestaan in die wêreld het dus ook `n duidelike missionêre kant (Noordegraaf 1990:21; Vriezen 1977:405). "Zoals de priesters het volk vertegenwoordigen bij God en namens Hem tot het volk komen, so mag en moet Israel

staan te midden van de volken: offerend en biddend, zegenend en getuigend" (Noordegraaf 1990:21).

Die wyse waarop Israel hierdie roeping nakom, lê in hulle eiesoortige leefwyse, of te wel hulle afgegrensdheid van die ander volke en godsdienste. Dit behels dus dinge soos die belydenis van die uniekheid van Jahwe hulle God en die wyse waarop Hy in en deur die kultus aanbid word, die getroue onderhouding van die besnydenis en die Sabbat en `n nougesette gehoorsaamheid aan die wet na sy diepste bedoeling (vgl §2.2.2). Uiteindelik het Israel hierin misluk. In plaas daarvan dat die ander volke ook begin buig het voor Jahwe, het sy volk voor die gode van die ander volke begin buig. Hulle het werklik hulle doel versaak en daarom verdien hulle Jahwe se oordeel en die gevolglike ballingskap. Maar net soos wat die profete Israel se verlossing verkondig, verkondig hulle ook dat die nasies met die koms van die Messias enersyds veroordeel sal word weens hulle verset teen Jahwe en sy volk, maar andersyds wel ook sal deelneem aan die verlossing van Israel en voor Jahwe sal buig (Jes 2; Miga 4; Obadja; Sef 3 en ander; Von Rad 1962:161; Vriezen 1977:406ev). Alhoewel die kwessie van bloedverwantskap baie sterk saam met die godsdienstige afgegrensdheid van Israel gefunksioneer het en soms gelei het tot `n bepaalde partikularisme, onderstreep boeke soos Jona, Rut en Job duidelik dat die oortuiging bestaan het dat ander volke, of dan individue uit ander volke, voor Jahwe kan buig (Vriezen 1977:407). Hiermee saam was daar ook `n bepaalde openheid om mense uit ander volke te aanvaar. Die voorwaardes was egter dat hulle die belydenis aangaande Jahwe en die wyse waarop Hy aanbid word, volledig sal onderskryf (Deut 23:7ev; Vriezen 1977:407). As geloofsgemeenskap is Israel se grens dus nie in die eerste plek deur bloedverwantskap getrek nie.

2.3. `N KORPORATIEWE GEMEENSKAP VAN INDIVIDUE

Die prentjie wat in die Ou Testament van Israel geteken word, is die van `n korporatiewe eenheid van individue. Weliswaar is die beloftes waarin die oorsprong van Israel se bestaan teruggespoor kan word, aan die aartsvaders as individue gemaak (Snyman 1997:31; vgl Gen 12:1-3, 15:7-21, 17:1-14). Verder is dit so dat `n historiese rekonstruksie van die gebeure vanaf die verdrukking in Egipte tot en met die monargie daarop dui dat Israel eerder as `n aantal losstaande en onafhanklike stamme gefunksioneer het wat eers in Dawid se tyd werklik as `n eenheid onder een leier saamgetrek is (vgl De Vaux 1973:6ev, 92 - 95 en Von Rad 1962:301evv). Dit is ook `n

feit dat die ryk na die dood van Salomo in twee geskeur het, en dat die twee ryke 'n afsonderlike en by tye selfs 'n vyandige bestaan gevoer het totdat die Noordelike ryk deur die Assireërs vernietig is (De Vaux 1973:97). Hierby word individue ook wel in die Ou Testament op verskillende plekke en maniere uitgesonder. Daar is belangrike figure wat deurslaggewende rolle gespeel het soos spesifieke leiers- en koningsfigure, profete en verskeie gewone mense (Snyman 1997:31; Zimmerli 1978:25ev). Dan is die Psalms die lof en klag van individue en het die wysheid ook baie keer 'n persoonlike klank in die sin dat dit gaan oor hoe die individu sy lewe voorspoedig en suksesvol kan leef (Snyman 1997:31ev). Laastens word die individu ook uitgesonder wanneer die mans of die seuntjies besny moes word (vgl Gen 17:1-14).

Om by laasgenoemde te begin: Die besnydenis is as 'n teken gesien dat iemand tot Jahwe se verbondsvolk behoort (Von Rad 1962:84). Dit gaan dus nie oor die individu as sulks nie, maar oor sy verbondenheid aan 'n betrokke gemeenskap. Hierdie onlosmaaklike verbondenheid van die individu aan die gemeenskap word ook in die Heksateug duidelik waar die doodstraf vir 'n hele verskeidenheid oortredings, waarvan sommige relatief gering lyk, beveel word. Von Rad (1962:265evv) sê dat die oortreding van die individu die gemeenskap bedreig omdat die boosheid waaraan die daad geboorte gee, beide die individu en die gemeenskap kan vernietig. Daarom moet die gemeenskap formeel en duidelik sy solidariteit met die oortreder verbreek. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die opdrag dat wanneer 'n individuele Israeliet nie besny is nie, hy uit die gemeenskap geban moet word omdat hy die verbond verbreek (Gen 17:14) en hom daardeur self reeds buite die geloofsgemeenskap stel (Van Selms 1979:236). In die geval van individuele figure wat in die loop van die verhaal uitgesonder word, gebeur dit normaalweg binne die konteks van die verbondsgemeenskap, in die sin dat hierdie individu se verhaal altyd onlosmaaklik deel vorm van die verhaal van God se volk (Zimmerli 1978:25ev). Snyman (1997:31ev) wys ook daarop dat dit wel in die Psalms gegaan het oor individue wat hulle klag en lof voor die Here uitgestort het, maar dat die breë gemeenskap dan hierdie klag en lof as hulle eie herken het en dit opgeneem het in die aanbidding van die gemeenskap as geheel. Dit gaan in alle gevalle waar individue uitgesonder word, oor 'n korporatiewe gemeenskap van individue. Hierdie feit word onderstreep deur die feit dat die Ou Testament Israel reeds in Egipte beskou as een entiteit (vgl Childs 1974:2ev). Dit is as die een volk van God wat Hy hulle uit Egipte lei, sy verbond met hulle bevestig by Sinaï, hulle in die swerfjare in die woestyn beskerm en versorg, en hulle in Kanaän inlei.

Weliswaar kom die verskillende stamme meermale by name na vore en kry individuele stamme byvoorbeeld elkeen sy eie grondgebied, maar dit word steeds binne die konteks van die geheel gedoen (Von Rad 1962:224, 301evv). Selfs in die boek Rigters, waar dit eintlik telkens individuele stamme is wat op hulle eie, of op die meeste as `n paar saam optree teen `n vyand onder leiding van `n charismatiese leier, is die prentjie wat geteken word meer diè van `n eenheidsvolk as van losstaande en onafhanklike stamme (De Vaux 1973:93). Ook ná die skeuring van die ryk na Salomo se dood word die verhaal van die twee ryke ineengevleg met mekaar vertel (vgl 1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke, asook die opeenvolging van die profeteboeke). Von Rad (1962:71) merk byvoorbeeld op dat die literatuur van die Noordelike Ryk na hulle val tot die beskikking van Deuteronomis in Juda was, wat daarop dui dat Juda en Jerusalem die Noordelike Ryk se verhaal as deel van hulle eie verhaal beskou het - dus as Israel, die een volk van God, al was hulle polities verdeeld. Op presies dieselfde manier word na die oorblyfsel van Israel, wat na die Babiloniese ballingskap na Jerusalem teruggekeer het, verwys as die hele volk (Miga 4:6-7; Noordegraaf 1990:22). In die Ou Testament speel individue en afsonderlike stamme eintlik `n baie ondergeskikte rol vergeleke die volk van God as `n korporatiewe eenheid.

2.4. `N GEORDENDE VOLK

Die prentjie wat vanaf die uittog uit Egipte, waar Israel as volk na vore tree, tot by die laaste berigte oor hulle geskets word, is die van `n geordende gemeenskap. Die strukture wat na vore kom, vertoon egter 'n besondere veelkantigheid wat omvang, aard en ontwikkeling betref . Die Ou Testament vertel die geskiedenis van God se volk oor honderde jare, en in uiteenlopende, verskillende omstandighede. Dit is duidelik en verstaanbaar dat die leierskap- en kultiese strukture van hierdie volk op weg deur die geskiedenis, duidelike veranderinge vertoon en soms selfs uiteenlopende vorme aangeneem het. Daar is dus nie sprake van `n vaste organisasie wat met duidelike lyne geteken kan word nie (vgl Kloppers 1988:9). Wat wel hier gesê word, moet as enkele bakens in `n veelkleurige mosaïek beskou word.

Die belangrikste strukture wat na vore kom, is eerstens kulties van aard. Israel het deur hulle geskiedenis, soos dit in die Ou Testament vertel word, aanbiddingsplekke of heiligdomme gehad waar hulle Jahwe aanbid en ontmoet het. As deel hiervan was daar `n verskeidenheid feeste, offers en rituele wat nagekom moes word, asook kultiese

personeel, veral priesters wat bepaalde funksies vervul het. In die tweede plek het die organisasie bestaan uit bepaalde regeringstrukture wat veral gevorm is deur die verskillende leiersfigure wat deur Israel se geskiedenis na vore gekom het, asook die familiestruktuur wat `n integrale deel van hulle organisasie was. In die derde plek is daar die meer algemeen godsdienstige strukture wat nie met die kultus spesifiek verbind kan word nie, soos byvoorbeeld die profete. Uit hierdie ordening van Israel as God se volk word sekere dinge duidelik wat belangrike implikasies het vir die doel van hierdie studie en dit is wat hieronder aan die orde gestel word.

2.4.1 `n Godgegewe orde

Dit is uit die Ou Testament duidelik dat Israel as God se volk deur Hom georganiseer is. Dit is God self wat uit eie inisiatief vir Abraham roep, `n verbond met Hom sluit en die besnydenis as verbondsteken instel (Gen 12:1-3; 15:7-21; 17:1-14). Dit is Hy wat sy Naam aan Israel bekendmaak en wat dus die oorsprong is van die belydenis wat hulle saambind as die een volk van Jahwe hulle God (Eks 3; Von Rad 1962:201, 210; Vriezen 1977:375). Dit is Hy wat by Sinaï aan hulle verskyn en hulle daaglikse en kultiese leefwyse reël, laasgenoemde tot in die fynste detail (Eks 24:15-18; 25-31; 34:29-35; 35-40; Lev 8-10; 26; Num 1-4; 8:5-22; 9:15-23; 10:1-10; Von Rad 1962:190, 234). Hiermee saam was dit Hy wat die Sabbat ingestel het wat saam met die besnydenis die uniekheid van Israel as God se volk sigbaar gemaak het (Von Rad 1962:79; Zimmerli 1978:132).

Insiggewend is dat die heiligdomme waar die aartsvaders en later Israel as volk vir Jahwe aanbid het, in die Jahwekultus teruggevoer kan word na `n teofanie op daardie bepaalde plek (De Vaux 1973:289; Vriezen 1977:266ev). Een van die bekendstes is sekerlik Betel waar Jakob die droom gehad het van die stel trappe of die leer op na die hemel en wat hy "Huis van God" genoem het (Gen 28:11-22; vgl De Vaux 1973:291ev). Dit was dus nie `n mens se keuse waar hy Jahwe kulties wou ontmoet nie, maar Jahwe wat self elke plek van aanbidding gekies het (vgl Zimmerli 1978:78). Hiermee saam het Jahwe ook die volledige aanwysings vir die oprig van die Tent van Ontmoeting[8] (Eks 33:7-11; 35:4-36:38; 37:10-40:38) en die Verbondsark gegee (Eks 37:1-9), die opdrag dat Salomo die tempel in Jerusalem bou (1 Kon 5:5; 1 Kron 28:6; 2 Kron 6:7-11) en dat Kores die tweede tempel na die ballingskap bou (Esra 1:2ev). Saam met Jahwe se direkte bevel was

[8] Volgens De Vaux (1973:294) is *Tent van Ontmoeting* `n goeie vertaling van die Hebreeus en het die term *Tabernakel* via die Vulgaat in die Christelike literatuur inslag gevind.

dit ook die belydenis dat Hy Israel se enigste God is wat die dryfkrag agter die ontwikkeling was om die tempel in Jerusalem as enigste aanbiddingsplek vir Israel te vestig (Deut 12; De Vaux 1973:338ev; Von Rad 1962:227; Zimmerli 1978:77). Dit was veral die feit dat die ander heiligdomme waar Israel Jahwe selfs na die bou van die tempel te Jerusalem bly aanbid het, ook verbind was met die afgodediens van die buurvolke, wat hulle onder skoot van die profete gebring het (De Vaux 1973:336ev; Von Rad 1962:227ev). Dit was uiteindelik ook onder invloed van die groter plek wat God se wet na die ballingskap onder Israel ingeneem het wat die tempel in Jerusalem finaal as enigste heiligdom vir Jahwe aanvaar is (De Vaux 1973:337). Saam met die aanbiddingsplekke het Jahwe ook van die altare (vgl byvoorbeeld Eks 20:24evv, 27:1-8, De Vaux 1973:407-414 en Zimmerli 1978:72), die offers, rituele en feeste van Israel tot in die fynste detail self gereël (vgl Eks 23-30, Lev 1-27 en ander). Toe byvoorbeeld Gideon vir Jahwe 'n offer wou bring, het die Engel van die Here die offerplek aangewys en die offer met vlam laat verteer, waarop Gideon 'n altaar op daardie plek gebou het (Rig 6:19-24). Die Pasga word byvoorbeeld ook duidelik verbind met 'n bevel van die Here wat dit ingestel het as herinnering aan die laaste maaltyd wat Israel geëet het voordat Hy hulle uit Egipte verlos het (Eks 12). Dieselfde geld vir die Sabbat wat weekliks op bevel van Jahwe onderhou moes word (Eks 20:8-11; Deut 5:12-15; Zimmerli 1978:125) en die besnydenis as teken van die verbond van God met die nageslag van Abraham (Gen 17:1-14; Zimmerli 1978:131ev).

God het ook die burgerlike organisasie gereël. Alhoewel die Ou Testament veral op Israel as eenheid konsentreer (De Vaux 1973:93; vgl §2.3 en Von Rad 1962:90, 224, 301ev), was dit in werklikheid 'n federasie van twaalf stamme wat hulself as bloedverwante in die gemeenskaplike voorvader Abraham beskou het[9] (vgl De Vaux 1973:5ev). Hierdie federasie word in die Ou Testament so geteken dat die bestaan van die twaalf stamme elk met sy eie grondgebied, met uitsondering van Levi wat 'n kultiese funksie ontvang, aan Jahwe toegeskryf word (Num 32 en 34-36; Von Rad 1962:302ev). Trouens, die verdeling van Israel op hierdie lyne as 'n militêre mag word ook op grond van Jahwe se bevel gedoen (Num 1-3). Hy het dus sy volk georden en so gesorg dat hulle

[9] Uit 'n historiese hoek beskou, het die verskillende stamme waarskynlik aanvanklik baie losser gefunksioneer as wat die Ou Testament dit teken (Von Rad 1962:301ev). Die prentjie van 'n eenheid wat uit Egipte getrek en uiteindelik Kanaän in een beweging beset het, is dus waarskynlik 'n idealisering uit 'n later tyd (De Vaux 1973:6ev, 92ev, 214; Von Rad 1962:302)

materieel versorg is, dat die hele Kanaän en die hele volk beskerm kan word, en dat hulle ook kulties versorg kan word (vgl Von Rad 1962:304).

2.4.1.1 Charisma en institusionele bediening?

Alhoewel God baie keer sy volk op `n direkte manier georganiseer het, het Hy baie keer ook op `n indirekte manier van mense en menslike middele gebruik gemaak om diegene aan te wys om in `n bepaalde bediening te staan (Kloppers 1988:11ev). Dit is natuurlik `n vraag of die onderskeiding wat Von Rad (1962:93) tussen die twee as charisma en amp maak werklik water hou, en of dit nie dalk beter is om bloot van Jahwe se direkte of indirekte aanwysing te praat nie. Soos Von Rad (1962:93) self duidelik stel, was beide charisma en amp "the prolongation of the arm of Jahweh himself, who was present in person and whose zeal determined everything in sovereign fashion". Dit lyk dus beter om in alle gevalle van charisma te praat, terwyl die onderskeiding wel lê in die direkte of indirekte wyse waarop iemand aangewys word. Wat in hierdie verband ook opmerklik is, is dat die direkte en indirekte aanwysing van iemand ook nie noodwendig reglynig ontplooi het volgens bepaalde funksies of ampte nie. Saul en Dawid is as konings direk deur God aangewys, terwyl Salomo en sy opvolgers in Jerusalem op `n meer indirekte manier as`t ware in die bediening van koning ingebore is (vgl 1 Kon 1). Tog is dié wyse van opvolging direk terug te voer na `n belofte van God aan Dawid (2 Sam 7:16). Dieselfde geld vir die priesters van wie ons nêrens lees dat enige een van hulle direk deur Jahwe geroep is nie, terwyl die priesterbediening wel deur God self ingestel is (De Vaux 1973:346; Zimmerli 1978:95; vgl byvoorbeeld Lev 21:16-24, Num 1:47-54, 3:1-39, Rig 17:5, 1 Kon 2:27 en 12:31) en die priesters ook die gesag gehad het om `n offer te kon aanvaar of verwerp (Von Rad 1962:96). Dan was daar ook hofprofete wat in `n meer institusionele bediening gestaan het, die profete wat op `n baie direkte manier deur God geroep en geïnspireer is (vgl Von Rad 1962:97), en ook priesters wat direk deur God as profete geroep is, byvoorbeeld Jeremia en Esegiël. Von Rad (1962:99) wys daarop dat die priesterlike tradisie eintlik glad nie vir die direkte aanwysing en toerusting deur Jahwe ontvanklik was nie, en dat selfs Moses en Josua byvoorbeeld nie in hierdie terme geteken word nie. Ander tradisies wat die saak anders voorstel, wys daarop dat die kwessie van direkte of indirekte aanwysing soos dit binne die kanon beskryf word, ook berus het op `n bepaalde invalshoek of interpretasie van die feite. Al hierdie gedagtes inaggenome, is dit die beste om te volstaan met die gedagte dat Jahwe op beide `n direkte en indirekte manier mense geroep en toegerus het om as sy verteenwoordiger sy volk te

regeer en te lei. In elke gegewe situasie het Hy die soort charisma, bepaalde bediening en die regte persoon voorsien wat nodig was.

Dit is God self wat vir Abraham as vader van sy volk geroep het (Gen 12:1-3). Dit is ook Jahwe wat vir Moses voorberei en op die regte tyd geroep, toegerus en begelei het om sy volk uit Egipte tot by die beloofde land te lei (Kloppers 1988:11; vgl die hele Eksodus). Dit is Jahwe wat die priesteramp ingestel het om die noodsaaklike kultiese diens te verrig (Eks 28:1; Num 1:50evv; 3:1-39). Dit is Jahwe wat Josua aangewys en toegerus het om die volk as Moses se opvolger in Kanaän in te lei en te vestig (Jos 1:1-9). Dieselfde geld vir die rigters wat telkens direk geroep is om God se volk van hulle vyande te verlos (vgl die hele Rigters), vir die instelling van die monargie (1 Sam 8:4-9), die aanwys en regering van Saul (1 Sam 9-10) en Dawid (1 Sam 16:1-13) as konings, die roeping en boodskap van die profete as waghonde van die monargie (vgl 1 Kon 17:1-2, Jer 1:4-19 en baie ander) en uiteindelik die beloofde Messias, die *ebed Jahwe* wat God se volk sal verlos (vgl byvoorbeeld Jesaja 42:1-4 en 49:1-7). Dieselfde geld egter ook waar mense op `n indirekte manier aangewys is om bepaalde funksies te vervul. `n Goeie voorbeeld is dat die verhaal van Salomo se aanwysing as koning eers van `n al te menslike politieke spel vertel (1 Kon 1; Von Rad 1962:313) en dan, nadat sy koningskap menslik gesproke `n voldonge feit is (1 Kon 2:47), voortgegaan word om te berig dat Jahwe dit as sy wil bevestig (1 Kon 3:7, 10-14; Gray 1977:22, 120ev). Nog `n voorbeeld is dat Moses, ondanks die feit dat Hy op `n baie direkte manier onder God se leiding gefunksioneer het, tog op aandrang van sy skoonpa Jetro regters aangewys het om hom in die wetstoepassing te help sonder enige ingryping van Jahwe se kant af (Eks 18).

2.4.2 `n Orde met inhoud

Israel het nie veel anders gelyk as hul buurgodsdienste wat betref die rites, offers en kultiese personeel van hulle kultus nie (vgl Vriezen 1977:265ev). Die Ou Testament se beklemtoning dat Jahwe die oorsprong was van die strukture waarmee Israel as volk georganiseer was, bring dit na vore dat hierdie strukture ook nie maar net ordening ter wille van ordening is nie. Die strukture wat oorgeneem is en die wyse waarop dit ingeklee is, het direk verband gehou met Israel se belydenis dat Jahwe hulle God is en dat hulle Hom alleen dien. "Israelite ritual may be similar to the rituals of other religions, or even borrowed from them; but its important feature lies in the new meaning which these rites received, a meaning which was determined by the religious ideas of Israel's

faith ... The Israelites worshipped a God who was the only God ... The Israelites worshipped a personal God who intervened in history: Yahweh was the God of the Covenant ... The Israelites had no images in their cult" (De Vaux 1973:271ev).

2.4.2.1 `n Sentrale aanbiddingsplek

In die sogenaamde Sinaïperikoop (Eks 19 - Num 10:10) vorm die ordening van die kultus[10] `n baie belangrike plek (Eks 24:15-18; 25-31; 34:29-35; 35-40; Lev 8-10; 26; Num 1-4; 8:5-22; 9:15-23; 10:1-10; Von Rad 1962:234). Volgens Von Rad (1962:190) is die beslissende moment van die Sinaïgebeure God se neerdaling om onder sy volk te woon - `n gebeurtenis wat die kultiese regulasies rondom die ingewikkelde sisteem van offers en rites waarmee Israel met Hom in gemeenskap tree, noodsaaklik gemaak het. `n Belangrike element hiervan was die aanbiddingsplek waarvoor Jahwe self alles tot in die fynste detail gereël het (Von Rad 1962:234; vgl Vriezen 1977:265). In die woestyntyd het die Tent van Ontmoeting, of te wel die Tabernakel[11] `n groot rol as aanbiddingsplek vir Israel gespeel. Dit is egter glad nie seker hoe dit presies gelyk en gefunksioneer het nie. De Vaux (1973:295ev) wys op die verwarrende manier waarop daar oor hierdie Tent gepraat word en Von Rad (1962:236evv) beskou dit eintlik as twee afsonderlike strukture wat opeenvolgend in gebruik was. Volgens De Vaux (1973:296) is van die Tent van Ontmoeting se beskrywings eintlik `n idealistiese teruglees van die latere tempel van Salomo ná die woestyntyd. Hiermee saam verskil die verskillende tradisies wat in die Ou Testament terug te vind is, juis ook van mekaar wat betref die struktuur, die plek en funksie van hierdie aanbiddingsplek in Israel (vgl De Vaux 1973:294evv en Von Rad 1962:236evv). Nietemin, of dit een of twee strukture was: die feit is dat Israel in die swerftog deur die woestyn wel `n aanbiddingsplek gehad het wat saam met hulle geneem is, en saam met die Verbondsark op `n besondere manier gesê het dat Jahwe sy volk se God is (Von Rad 1962:241) en dat Hy by hulle teenwoordig is (Zimmerli 1978:74ev). Hoe presies die Tent van Ontmoeting na die vestiging in Kanaän tot en met die bou van die tempel deur Salomo gefigureer het, is nog meer onseker as die situasie in die woestyntyd (vgl De Vaux 1973:297). Dit wil voorkom asof Silo minstens vir `n tyd as die sentrale aanbiddingsplek beskou is en dat die Verbondsark daar gehuisves was (Jos 18:1; 19:51; 1 Sam 1:7, 9; 3:3, 15), maar watter soort struktuur daar was, is onseker (De

[10] Die Hebreeuse woord vir kultus beteken iets soos diens of aanbidding van God en die kultus is dan beskou as die wyse waarop Israel onder die aandag van Jahwe gebring is (Von Rad 1962:241ev).

[11] Volgens De Vaux (1973:294) is die Tent van Ontmoeting `n goeie vertaling van die Hebreeus en het die

Vaux 1973:304). Uiteindelik het Dawid die Verbondsark na Jerusalem gebring (De Vaux 1973:311) en het Salomo later die tempel daar as 'n permanente struktuur en huisvesting vir die ark, wat as Jahwe se aardse woonplek beskou is, opgerig (Von Rad 1962:236). Nebukadneser se Babiloniërs het in 587vC hierdie tempel saam met Jerusalem vernietig (De Vaux 1973:322). Die eerste bannelinge wat na Jerusalem teruggekeer het, het 'n altaar opgerig op die plek waar die tempel gestaan het, en begin om 'n tempel daar op te rig met behulp van middele wat die Persiese koning Kores voorsien het (Esra 1-6; De Vaux 1973:323ev).

Die Tent van Ontmoeting is ontwerp om die Verbondsark, 'n kis waarin die twee tafels van die wet gebêre moes word, te huisves (De Vaux 1973:297ev). Hierdie kis is in die allerheiligste deel van die Tent van Ontmoeting geplaas. Die Verbondsark het 'n ouer geskiedenis as die Tent van Ontmoeting, en het na die vestiging in Kanaän 'n meer onafhanklike rol gespeel as teken van God se teenwoordigheid en seën (De Vaux 1973:298ev, 301ev; Zimmerli 1978:75ev). Later het Salomo die tempel in Jerusalem gebou om dit te huisves, en is dit waarskynlik saam met die tempel in 587vC vernietig (De Vaux 1973:299).

Die Tent van Ontmoeting is nooit werklik as God se woonplek op aarde gesien nie, maar eerder as 'n ontmoetingsplek waar God aan sy volk verskyn, Homself aan hulle openbaar het, en hulle Hom gaan raadpleeg het (De Vaux 1973:294ev; Von Rad 1962:236). Hierteenoor is die Verbondsark wel in sommige tradisies as Jahwe se troon beskou (Von Rad 1962:237ev; Vriezen 1977:267). Waar die Ark was, daar was Jahwe in sy volheid teenwoordig (vgl 1 Sam 4-6, 2 Sam 6 en 1 Kon 8; De Vaux 1973:299ev; Von Rad 1962:237). Dit is belangrik om raak te sien dat die eerste plegtige verskyning van die heerlikheid van Jahwe oor die Tent van Ontmoeting dan ook beskou kan word as die vervulling van die belofte aan die aartsvaders dat Jahwe Israel se God sal wees (Von Rad 1962:241). Volgens Von Rad (1962:238) het die Deuteronomis dit beskou dat Jahwe in die hemel gewoon het, en slegs sy Naam gekoppel het aan die plek van aanbidding en dat die ark dus bloot 'n bêreplek vir die tafels van die wet was (vgl Zimmerli 1978:78). Hierdie siening van die Verbondsark wat in die allerheiligste deel van die aanbiddingsplek gestaan het, verteenwoordig 'n unieke karaktertrek van Israel se kultus,

---

term Tabernakel via die Vulgaat in die Christelike literatuur inslag gevind.

naamlik dat God se Woord soos beliggaam in die wet, sentraal was in Israel se begrip van die wyse waarop God onder hulle as verbondsvolk teenwoordig is, en dat dit hulle ook voortdurend herinner het aan hoe hulle eie antwoord daarop moet lyk. Israel se kultus het dus ook `n woordkarakter gehad.[12] Die tempel in Jerusalem was vir Israel God se woonplek op aarde vanaf die oomblik wat die Verbondsark daarheen geneem is[13] (De Vaux 1973:325ev; Vriezen 1977:267). Dit was `n teken dat Hy hulle as volk gekies het, aangesien dit sy keuse was om onder hulle in die tempel te bly (De Vaux 1973:327; vgl Zimmerli 1978:77ev). Die wolk wat die tempel gevul het, was immers `n teken dat Hy self daar ingetrek het (1 Kon 8:10). Israel het geglo dat dit vir altyd die geval sal wees en daarom was dit so `n geweldige skok toe dit in 587vC deur die Babiloniërs verwoes is (De Vaux 1973:327ev; Vriezen 1977:270). Selfs toe het die geloof bly staan dat Israel se verkiesing hervat sal word en dat die tempel daarmee saam herbou sal word (De Vaux 1973:328; Vriezen 1977:270). Dit is belangrik om daarop te let daar wel teenkanting teen die tempel was (De Vaux 1973:329ev). Eerstens was daar die vrees dat dit in nabootsing van die Kanaänitiese gebruike kon lei tot sinkretisme, wat dan ook soms gebeur het. Tweedens was daar die geloof dat God nie tot `n bepaalde plek beperk kan word nie, maar dat sy troon in die hemel is met die aarde sy voetbank. Albei hierdie sake wys daarop dat die beperkings en gevare verbonde aan `n heiligdom wel ook deur sommige aanhangers van Jahwe raakgesien is.

Dit is ook belangrik om raak te sien dat die kwessie van `n sentrale aanbiddingsplek nie so `n eenvoudige saak in Israel se geskiedenis was nie. Israel het vir `n lang tyd `n sentrale aanbiddingsplek gehad wat veral, maar nie altyd nie, geïdentifiseer was met die teenwoordigheid van die Verbondsark, soos byvoorbeeld Silo, Gibeon en later die tempel in Jerusalem (De Vaux 1973:331evv). Dit was egter vir lank nie die enigste plekke waar Jahwe aanbid is nie (De Vaux 1973:332). Aanbiddingsplekke soos Sigem, Betel, Mamre, en Berseba kan teruggevoer word na die aartsvadertydperk as plekke waar God aan hulle verskyn het, en is saam met aanbiddingsplekke wat na vore gekom het nà die vestiging in Kanaän soos Gilgal, Silo, Mispa, Gibeon, Ofra, Dan en Jerusalem (voor die bou van die

[12] Hierdie woordkarakter word onderstreep deurdat die offers wat mense gebring het, eers effektief geword het met die woord of verklaring wat die priester met die bring van die offer gemaak het (Von Rad 1962:262).

[13] Die tempel, Jerusalem, Sion en die heilige berg word deurgaans met mekaar geïdentifiseer en is selfs soms sinonieme vir die woonplek van Jahwe onder sy volk (vgl De Vaux 1973:327 en Zimmerli 1978:76ev).

tempel), gebruik vir aanbidding van Jahwe lank na die bou van die tempel in Jerusalem[14] (vgl De Vaux 1973:289-294, 302-311, 331ev en Vriezen 1977:266). Trouens, die Noordelike Ryk het Betel as aanbiddingsplek as teenhanger van Jerusalem[15] gebruik (De Vaux 1973:291). Metteryd het daar egter 'n skool van denke ontwikkel wat die tempel in Jerusalem as enigste aanbiddingsplek wou hê (vgl Zimmerli 1978:77). Twee konings het dit probeer, en die gebeure daar rondom word as godsdienstige hervormings aangeprys (De Vaux 1973:336). Hiskia en Josia het albei onder andere deur die verbode verklaring van die heiligdomme op die platteland, waar Jahwe ook aanbid is, en die verklaring van die tempel in Jerusalem as die enigste aanbiddingsplek, die ryk probeer stabiliseer. Alhoewel hierdie hervormingspogings na hul dood weer verval het, het hulle ideaal uiteindelik geseëvier in die gemeenskap wat uit ballingskap teruggekeer het en onder invloed van Deuteronomium net een aanbiddingsplek gehad het, naamlik die herboude tempel in Jerusalem (De Vaux 1973:337). Die rede vir die negatiwiteit jeens die ander aanbiddingsplekke lê waarskynlik nie in die strewe om die kultus te sentraliseer nie, maar eerder daarin dat die ander aanbiddingsplekke deurgaans ook met afgodediens verbind is, alhoewel dit nie seker is of so 'n verbintenis van die begin van die betrokke aanbiddingsplekke se bestaan af, gemaak kan word nie (vgl De Vaux 1973:289-294 en Snyman 1997:33evv). Waarskynlik kan die negatiewe houding van die profete teenoor die Noordelike Ryk ook verband hou daarmee dat hulle Betel as aanbiddingsplek teenoor Jerusalem gekies het, en so die deur vir sinkretisme en afgodediens oopgemaak het. Uiteindelik het dit alles gelei tot die tempel in Jerusalem as eksklusiewe kultusplek vir Israel. Hierdie gebeure was volgens De Vaux (1973:343) waarskynlik een van die redes vir die ontstaan van die sinagoges op verskillende dorpe. Aangesien offers net in Jerusalem gebring kon word, sê hy dat die behoefte aan plekke van gebed buite Jerusalem toegeneem het. Verder sê hy die toename in die wet se belangrikheid, het hiermee 'n behoefte vir onderrig laat groei. So het die sinagoge dan volgens hom die ideale plek geword waar gebed en die lees van en onderrig in die wet 'n gelyke plek begin inneem het.

'n Belangrike ontwikkeling saam met sentralisering van die kultus, was dat die sentrale

---

[14] Trouens, De Vaux (1973:335ev) wys daarop dat Israel nooit opgehou het om die heiligdomme naby hulle woonplekke te besoek nie, 'n saak waarteen sommige profete sterk gekant was.

[15] De Vaux (1973:325) wys daarop dat alhoewel Jerobeam 'n heiligdom by Betel opgerig het as teenhanger vir Jerusalem, inwoners van die Noordelike Ryk steeds die tempel in Jerusalem besoek het ten spyte van die pogings om hulle daar weg te hou.

plek wat Jerusalem ingeneem het, ook politieke eenheid in die hand gewerk het (De Vaux 1973:333). Jerobeam, die eerste koning van die Noordelike Ryk, se besluit om Betel as heiligdom teenoor Jerusalem te verklaar, wys hierop. Jerobeam het nie hiermee met die Jahwisme gebreek nie, maar was bang dat `n voortgesette aanbidding in Jerusalem die bevolking steeds aan die Suidelike Ryk sou bind (De Vaux 1973:333ev). In dieselfde asem was die sentralisering van die kultus ook in Hiskia en Josia se geval deel van die stabilisering van die ryk in die lig van die bedreiging van vyande (De Vaux 1973:336ev). Hier kom nasionale en godsdienstige eenheid as twee kante van dieselfde saak na vore.

2.4.2.2 Die offers

Terwyl die aanbiddingsplek wesenlik vir die belewenis van God se teenwoordigheid onder sy volk was, was die offers wat ten nouste hieraan verbind was, die belangrikste handeling in Israel se kultus (De Vaux 1973:415, 451). Alhoewel hierdie offers in die Ou Testament `n uiters veelkantige prentjie vertoon (vgl De Vaux 1973:415-456), is dit vir die doel van hierdie studie voldoende om te volstaan met die essensie van die offer as `n strukturele element wat Israel vasbind aan Jahwe hulle God.

Hierdie offers, wat uit diere of groente en vrugte kon bestaan en as die mens se geskenk aan God gesien is waardeur hy iets van waarde prysgee, is normaalweg of in sy geheel, of gedeeltelik op `n altaar verbrand (De Vaux 1973:415, 451ev). In die gevalle waar dit gedeeltelik verbrand is, het die priester gewoonlik `n gedeelte ontvang en die res is aan die offeraar terug gegee en hy kon dit saam met sy familie as `n gemeenskapsmaaltyd met God eet (De Vaux 1973:453). Dit het as Israel se antwoord op Jahwe se heilshandelinge iets uitgedruk van die omvang van die verbondsverhouding tussen hulle en Hom en het elke aspek van hulle lewe geraak, waarvan die belangrikste gedraai het rondom hulle verbondstrou en Jahwe se materiële seën (Westermann 1981:203). "It was Israel's believe that Jahweh's turning towards her in salvation was not exhausted in historical deeds and in the gracious guidance of individual lives, but that in the sacraficial cult too he had ordainend an instrument which opened up to her a continuous relationship with him. Here Jahweh was within reach of Israel's gratitude, here Israel was granted fellowship with him in the sacred meal. Above all, here Israel could be reached by his will for forgiveness" (Von Rad 1962:260). In die lig van die werklikheid van Israel as volk of as individue se sonde teen Hom, is `n hele reeks verskillende offers ter

versoening met God gebring (Vriezen 1977:282evv). Verskillende offers is ook gebring om sy seën en beskerming te vra, asook tot verering van en uit dankbaarheid teenoor Jahwe vir vergifnis, redding en materiële seën (Zimmerli 1978:149ev). Dit is hieruit duidelik dat die bring van offers en die blywende vervulling van God se beloftes aan Abraham, naamlik die belofte dat Hy hulle God sal wees en die gawe van die land wat Hy aan hulle gee, ten nouste aan mekaar verbind word.

Uit die kritiek wat veral deur die profete teen die offers uitgespreek is, is dit duidelik dat die offerhandeling as sulks nie genoeg is nie (De Vaux 1973:451, 454evv). Sonder die regte gesindheid en die regte optrede in die sin dat veral die gees van die wet van God in die daaglikse doen en late gerespekteer word, is die offer bloot `n leë handeling wat eerder tot nadeel van die offeraar kan strek.

Die offers was egter nie beperk tot die mens se antwoord aan Jahwe nie, maar het veral by die offers wat gebring is om versoening tussen mens en God te bewerkstellig, `n element van sy Woord aan die mens bevat (De Vaux 1973:451). Von Rad (1962:262) maak in hierdie verband die belangrike opmerking dat die offers eintlik eers effektief geword het met die woord wat die priester daarmee saam uitgespreek het (vgl Vriezen 1977:285). Dit was dus slegs deur die bemiddelende en verklarende woord van die priester wat die sakrale gebeurtenis `n genadedaad van God geword het.

2.4.2.3 Die feeste

Israel se kultiese handelinge het ook bestaan uit verskillende feeste wat deel was van hulle rituele aanbidding van Jahwe as hulle God (Westermann 1981:204ev). Die meeste van hierdie feeste, met die belangrikste uitsondering die Sabbat (Vriezen 1977:279), is deur Israel uit die Kanaänitiese godsdiens oorgeneem as viering van God se seën op landbougebied, maar mettertyd histories veranker in Jahwe se heilshandelinge met sy volk (Westermann 1981:196ev; Zimmerli 1978:126evv).

Een van die belangrikste rituele feesdae van Israel was die Sabbat. Die viering van die Sabbat was heeltemal uniek in daardie tyd wat betref die dag self, asook die wyse waarop dit gevier is (Vriezen 1977:279). Dit word dan ook gesien as `n teken dat Jahwe Israel vir homself afgesonder het, en dat hulle deur die onderhouding daarvan herken word as Jahwe se volk (Zimmerli 1978:125). Juis die feit dat die Sabbatsviering nie gekoppel of

afhanklik was van die aanbiddingsplek nie, het meegebring dat dit veral met die verwoesting van die tempel te Jerusalem `n belangriker feesdag begin word het (De Vaux 1973:482; Zimmerli 1978:126). Deur die Sabbat is Israel daaraan herinner dat Jahwe hulle uit Egipte verlos het (Zimmerli 1978:126) en dat dit Hy is wat vir hulle sorg (Eks 16:22-30; vgl Zimmerli 1978:126).

Die Pasga was ook `n fees waardeur Israel Jahwe se verlossingsdaad van sy volk uit Egipte jaarliks gedenk het. Die Pasga se herkoms lê waarskynlik in beide die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brode, wat aan hom `n verbintenis met die landbou gee (vgl Westermann 1981:197). Die Paasfees was waarskynlik `n baie ou fees wat selfs voor die uittog uit Egipte bekend was as `n herdersfees waar `n lam geslag, heel oor die kole gebraai en saam met ongesuurde brood en bitter kruie geëet is (De Vaux 1973:489ev). Die bloed van hierdie lam moes dan die kudde beskerm teen allerhande gevare (Zimmerli 1978:127). Hierdie fees en die gebeure met die tiende plaag op die vooraand van die uittog uit Egipte word met mekaar verbind (De Vaux 1973:492; Zimmerli 1978:127). Israel het waarskynlik in Kanaän die Fees van die Ongesuurde Brode leer ken. Dit was `n oesfees waar die nuwe graan sonder suurdeeg voorberei is as teken dat dit nie gemeng is met die ou graan nie, om so dankie te sê vir die nuwe oes (De Vaux 1973:490ev; Zimmerli 1978:127). Hierdie fees is ook later verbind met die ongesuurde brood wat op die vooraand van die uittog geëet moes word (De Vaux 1973:492). Omdat beide die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood eintlik opeenvolgend gevier moes word, het dit uiteindelik een fees geword, met die klem op die herdenking van die verlossing uit Egipte (De Vaux 1973:492ev; Zimmerli 1978:127ev). Die Pasga was eers jare lank `n familiefees, maar het later as deel van die druk om die aanbiddingsplek te sentraliseer, na die tempel verskuif (De Vaux 1973:486; vgl Zimmerli 1978:128). Na die verwoesting van die tempel het dit egter weer `n familiefees geword (Westermann 1981:197).

Daar kan met hierdie twee feeste as voorbeeld volstaan word vir die stelling dat net soos in die geval van die offers, dit duidelik is dat die rituele feeste Israel moes herinner aan die vervulling van God se beloftes aan Abraham, naamlik die belofte dat Hy hulle God sal wees en die belofte van die gawe van die land wat Hy aan hulle gee waar hulle veilig en versorg kan woon as sy volk (vgl Westermann 1981:197 en Zimmerli 1978:127).

2.4.2.4 Die leiers- of middelaarsfigure

In Israel se geskiedenis was baie individue wat op een of ander manier en oor een of ander aspek van Israel se bestaan leiding geneem het. Daar is dan ook `n hele verskeidenheid titels waarmee die verskillende leiersfigure aangedui was. Westermann (1981:76ev) praat van hierdie leiersfigure as middelaarsfigure omdat almal van hulle een of meer aspekte van God se heilshandelinge met en onder sy volk, asook die volk se antwoord aan God, bedien en bemiddel het (vgl De Vaux 1973:357). Hierdie woord van God en antwoord van die mens bestaan beide uit woorde en dade (Kloppers 1988:10). Die middelaarsfigure het dan as woord- en daadmiddelaars Jahwe by die volk verteenwoordig en die volk by Jahwe. Hierdie leiers- of middelaarsfigure kan breedweg in drie kategorieë ingedeel word. Die eerste handel met leierskap en regering, die tweede met versoening en die derde met die bediening van die wil of die woord van God. By sommige figure, soos byvoorbeeld Moses, is twee of selfs al drie kategorieë in een persoon saamgetrek. Ander was slegs verantwoordelik vir een. Dit is ook insiggewend dat hier `n bepaalde ontwikkeling raakgesien kan word, `n ontwikkeling wat verband hou met die situasie waarin Israel hulle bevind. Kloppers (1988:11) wys daarop dat, alhoewel Abraham moontlik as `n middelaarsfiguur tussen God en die nasies beskou kan word, God eintlik in die oer- en aartsvadergeskiedenis direk met sy mense werk, sonder enige bemiddeling (vgl Westermann 1981:77). Hy sê dan ook dat die kwessie van bemiddeling tussen God en sy volk eers by Moses begin, want voor hom was daar nog nie sprake van `n volk nie. In Moses is al die middelaarsfunksies saamgetrek (Westermann 1981:77). Met die vestiging in Kanaän het `n differensiasie plaasgevind en het die verskillende bedieninge begin uitval in die middelaars van die woord en die middelaars van die daad (Westermann 1981:77ev). Uiteindelik word hierdie middelaarsamp weer saamgetrek in die *ebed* Jahwe-figuur (Kloppers 1988:12; Westermann 1981:85ev). By al hierdie leiers- of middelaarsfigure word dit duidelik hoe hulle in die uitvoering van hulle funksies steeds vir Israel vasgebind het, of wou vasbind aan Jahwe hulle God wat sy beloftes aan die aartsvaders vervul het en steeds vervul.

2.4.2.4.1 Moses

Die prentjie wat die Ou Testament van Moses skets, is geweldig kompleks en by tye selfs uiteenlopend[16] (Von Rad 1962:289). Dit is egter juis hierdie veelkantige prentjie wat van

[16] Von Rad (1962:289-296) wys op die uiteenlopende prentjies wat van Moses deur die verskillende tradisies geteken word en hoe dit in die Heksateug neerslag gevind het. Sy plek en rol kan in werklikheid

hom `n figuur maak waarin al die latere leiers- en middelaarsfunksies saamgetrek is. Hy was terselfdertyd koning, profeet, priester, regter, wonderwerker, dienskneg van Jahwe en openbaringsmiddelaar (vgl Kloppers 1988:11 en Zimmerli 1978:81ev). By tye staan hy sentraal as die een wat die dinge doen en by tye word hy slegs as `n passiewe toeskouer geteken terwyl Jahwe aktief optree (Von Rad 1962:291ev). Uiteindelik het Moses vir Israel `n middelaarsfiguur by uitstek geword wat op `n onvergelykbare manier tussen God en sy volk gestaan het (Von Rad 1962:289; Vriezen 1977:364) en selfs by tye as `n lydende middelaar en nederige kneg van Jahwe geteken word (Von Rad 1962:294ev; Westermann 1981:78). Hy is direk deur God geroep om as charismatiese leier, en as daadmiddelaar, sy volk uit Egipte te verlos en hulle vir veertig jaar in die woestyn te lei, te versorg en te beskerm (Westermann 1981:77). As profeet en openbarings- en woordmiddelaar het hy anders as latere profete direkte toegang tot God gehad en was as't ware God se stem onder sy volk om sy woord en wil onder hulle te verkondig, en wanneer nodig, sy oordeel aan te kondig (Von Rad 1962:291evv). Dit is dan ook hy deur wie Israel Jahwe leer ken het as die God van hulle voorvaders[17] (Vriezen 1977:376ev, 393ev). Hy was by die hernuwing van die verbond die verbondsmiddelaar, die een wat God se wet direk ontvang en aan die volk oorgedra het. Hy was ook `n priester by uitnemendheid wat op `n direkte manier vir die volk by God ingetree het en versoening vir hulle bewerkstellig het, asook die priesterbediening ingestel het (Kloppers 1988:11). Hy was die regter wat God se reg onder die volk bemiddel het (Kloppers 1988:11). Hy was egter steeds `n mens wie se foute uiteindelik gemaak het dat Jahwe hom toegang tot die beloofde land geweier het (Von Rad 1962:296).

2.4.2.4.2 Josua

In `n sekere sin speel Josua dieselfde soort rol as Moses, alhoewel hy heeltemal in die 'skaduwee van Moses funksioneer en bloot voltooi wat Moses begin het (Zimmerli 1978:82). Volgens Deut 31:14-15 is hy deur Jahwe self aangewys (vgl Jos 1:1-8), maar in Deut 3:21-22, 28 is dit Moses alleen wat hom as opvolger aanwys. Josua funksioneer tot 'n groot mate as `n daadmiddelaar wat die volk in hulle verowering van die land lei

---

slegs gesien word as geïnterpreteerde geskiedenis in diens van die verhaal van Jahwe en sy volk soos dit in die Ou Testament vertel word.

[17] Vriezen (1977:394) gaan egter te ver wanneer hy Moses aandui as die stigter van die "Jahweliga", of te wel Israel as Jahwe se volk. Soos hierbo duidelik geword het is dit Jahwe self wat deur die vervulling van sy beloftes aan die aartsvaders sy volk reeds in Egipte laat vermeerder het. Moses is dan geroep om hierdie volk uit Egipte te lei (vgl Westermann 1981:77). Hiermee saam het Jahwe Homself immers geopenbaar as die God van die aartsvaders.

(Kloppers 1988:13; Zimmerli 1978:82). Hierin is hy egter steeds bloot die instrument van Jahwe wat telkens self die oorwinning gee. Tog skemer daar iets deur van die woordmiddelaar in byvoorbeeld Jos 24 waar hy die volk voor die keuse stel wie hulle wil dien (Zimmerli 1978:82). Dit is onder Josua wat Israel dit beleef dat God sy belofte van die land vervul, maar ook dat Hy op `n besondere manier húlle God wil wees.

2.4.2.4.3 Rigters

Die rigters was die voorlopers van die latere konings en is veral as daadmiddelaars direk deur Jahwe geroep om een of meer stamme van Israel van hulle vyande te verlos (Westermann 1981:78; Zimmerli 1978:84). Hulle het veral in los gevegte leiding geneem, maar het nooit `n blywende status as militêre leiers ontvang nie aangesien die oorwinning telkens beleef is as `n reddingsdaad van Jahwe self (Westermann 1981:78). Trouens, selfs hulle keuse het by Jahwe alleen berus en kan nie aan enige menslike voortreflikheid aan hulle kant gekoppel word nie (Zimmerli 1978:83). Alhoewel `n rigter na die militêre oorwinning wel in sy leeftyd `n soort regterfunksie, en dus `n woordmiddelaarsfunksie, behou het, was daar egter geen sprake van opvolging nie (Zimmerli 1978:83ev). Vriezen (1977:395) wys daarop dat benewens hierdie soort rigter daar ook die sogenaamde klein rigters was, wat hulle veral met regspraak besig gehou het (vgl Rig10:1evv en 12:8evv). Hulle was dan eerder woordmiddelaars in die sin dat hulle God se reg soos vervat in sy wet, bemiddel het. Israel leer ook onder die rigters Jahwe ken as die Gewer van die land en hulle Verbondsgod aan wie hulle gehoorsaam moet wees.

Zimmerli (1978:85) wys in sy bespreking van die rigters op `n spesiale kategorie mense wat nie noodwendig rigters was nie, maar wat soos byvoorbeeld Simson nasireërs was: iemand wat op `n besondere manier aan Jahwe toegewy was, byvoorbeeld nie wyn mag gedrink het of sy hare gesny het nie en wat oor `n spesiale soort charisma tot voordeel van God se volk beskik het.

Onder die rigters slaan Samuel 'n unieke figuur, aangesien hy eintlik as `n oorgangsfiguur tussen die rigters en die konings funksioneer, en daarby nog priesterlike en profetiese funksies vervul het (Van Zyl 1988:12ev).

2.4.2.4.4 Konings

Die koningsfiguur vertoon in die Ou Testament `n besondere veelkantige beeld. Alhoewel dit van koning tot koning gewissel het en die daadmiddelaarskap voorop bly staan het (Westermann 1981:79ev), was hulle egter ook woordmiddelaars (vgl Von Rad 1962:322, 339). Saul en Dawid word byvoorbeeld direk deur Jahwe aangewys en deur Samuel gesalf terwyl baie ander, soos byvoorbeeld Salomo, op `n indirekte manier die troon bestyg het (Zimmerli 1978:87evv; vgl Von Rad 1962:313, 325). Hierin, maar ook op ander maniere vertoon die konings van die Suidelike Ryk wat op `n indirekte manier deur geboorte as die nageslag van Dawid troonopvolgers word,`n ander prentjie as dié van die Noordelike Ryk wat meer soos die rigters op direkte manier aangewys is (Vriezen 1977:396; Zimmerli 1978:89ev). Konings soos Saul en Dawid is meer op die patroon van die rigters militêre bevryders van hulle volk (Zimmerli 1978:87ev), terwyl latere konings `n meer diplomatieke en politieke figuur slaan. Veral by die opkoms van die monargie is daar ook twee strominge (De Vaux 1973:94; Zimmerli 1978:86), naamlik diegene wat dit negatief beoordeel in die lig van Jahwe se direkte koningskap (1 Sam 8:7) en diegene wat dit positief beoordeel as die wyse waarop Jahwe sy volk indirek regeer (1 Sam 9:16). Hierbenewens is daar ook die afvalliges van Jahwe wat soos byvoorbeeld Agas baie negatief beoordeel word (vgl Westermann 1981:80ev) en die godsdienshervormers soos Hiskia en Josia wat baie positief beoordeel word (Von Rad 1962:336, 339).

Met dit alles in gedagte is dit egter duidelik dat Israel bly vashou het aan die gedagte dat die koning deur Jahwe self aangewys is om sy volk te regeer (vgl Von Rad 1962:319ev) en dat hulle, ongeag hoe negatief hulle koningskap beoordeel is, tog beskou is as die gesalfdes van Jahwe (vgl Von Rad 1962:308ev, 311). In hierdie sin was die konings dus daadmiddelaars by uitstek wat beide Jahwe se redding en seën bemiddel het (Westermann 1981:79ev). Hulle was instrumente in Jahwe se hand waardeur hulle van hulle vyande bevry is, teen hulle beskerm is en dus die wyse waarop Jahwe gesorg het dat hulle in besit bly van die land[18] (De Vaux 1973:110ev; Kloppers 1988:13). Onder Saul, maar veral onder Dawid en Salomo, is die volk saamgetrek as die een volk van Jahwe wat sy seën op `n besondere manier beleef het in die land wat Hy aan hulle gegee

[18] Vriezen (1977:399) wys daarop dat, alhoewel trekke van `n teokrasie wel in 1 Kron 17:14 en 28:5 voorkom, Israel se koningskap nie as teokraties in die sin dat die koning `n direkte aardse plaasvervanger van Jahwe se koningskap is, beskryf kan word nie. Hy is wel in diens van Jahwe om sy woord en daad te

het (De Vaux 1973:94evv). Salomo het met die bou van die tempel God se seënende teenwoordigheid bemiddel. Die konings word egter ook as woordmiddelaars geteken, veral in die sin dat hulle die beskermers van die Goddelike reg was en as regters God se regspraak bemiddel het (Von Rad 1962:322, 339). De Vaux (1973:113) wys daarop dat die koning ook 'n kultiese funksie gehad het, soos byvoorbeeld Dawid wat die eerste altaar vir Jahwe in Jerusalem bou, planne begin maak vir die bou van die tempel en wie se opvolger dit uiteindelik uitgevoer het, asook Jerobeam wat na die wegbreek van die Noordelike Ryk die aanbiddingsplek by Betel herstel en die kultus daar gereël het. Hy wys ook daarop dat van die konings meermale priesterlike funksies vervul het, soos Saul, Dawid en Salomo wat by verskillende geleenthede offerhandes by aanbiddingsplekke geoffer het. Die konings moes ook toesien dat Israel getrou bly aan Jahwe, en veral na die skeuring van die ryk ook getrou bly aan die sentrale aanbiddingsplek.[19] (vgl Vriezen 1977:398ev). Diegene wat wel hiermee erns gemaak het, soos byvoorbeeld Hiskia en Josia is geprys vir hulle hervorming van die godsdiens en kultus in tye van afvalligheid (Von Rad 1962:336, 339). Die konings wat egter met die afgode van die buurvolke geflankeer het en toegelaat het dat die volk wegdwaal van Jahwe af, is baie negatief beoordeel en verantwoordelik gehou vir die latere vernietiging van beide die Noordelike en Suidelike Ryk (Von Rad 1962:339, 349; Westermann 1981:80ev). Dit was veral Jerobeam en die opvolgende konings van die Noordelike Ryk wat deurgeloop het omdat hulle hulle onderdane ontmoedig het om by die tempel in Jerusalem te aanbid en Betel weer as aanbiddingsplek vir Israel ingestel het[20] (Von Rad 1962:336, 340). Hierdie konings het as woordmiddelaars gefaal en daarom het Jahwe se volk uiteindelik die land verloor, is die meeste in ballingskap weggevoer en verstrooi, en is die tempel as simbool van Jahwe se besondere verhouding met hulle verwoes (vgl Gray 1977:11ev).

2.4.2.4.5 Priesters

Die priesterbediening is waarskynlik dié bediening wat die verste teruggeneem kan word van al die bedieninge in die Ou Testament en het eers met die finale verwoesting van die

---

bemiddel.

[19] Volgens Von Rad (1962:337evv) is die roeping van die koning om die godsdiens te beskerm, 'n latere interpretasie deur die Deuteronomis en het dit 'n verantwoordelikheid op die skouers van die konings gelê wat hulle nie histories gehad het nie. Of dit so is of nie, die feit is dat hierdie interpretasie van die geskiedenis deel is van hoe die Ou Testament as kanon die koning se bediening verstaan.

[20] "In Kings, the fidelity of the kings to the covenant commitment is assessed by the somewhat mechanical criterion of cultic orthodoxy. Thus the various kings of Israel are condemned for their addiction to the cult established by Jerobeam the son of Nebat, and the kings of Judah are appraised according to their fidelity to the central shrine, the Temple in Jerusalem..." (Gray 1977:5).

tempel in 70nC tot `n einde gekom (Von Rad 1962:244). Wat die oorsprong of aanwysing van mense vir die priesterbediening betref, is die prentjie veelkantig (De Vaux 1973:345, 359evv, 373ev; Vriezen 1977:400). Daar is sprake van die priesterorde van Melgisedek wat die priester is wat vir Abraham gesegën het. Die Levitiese priesterskap as prominentste priesterlike familie val moontlik saam met die Aäronitiese priesterskap - beide het na vore gekom in die Sinaïgebeure. Die Sadokitiese priesterskap wat deur Dawid in die prentjie gebring is, het moontlik sy oorsprong in `n voor-Israelitiese kultus te Jerusalem of kan verbind word met Levitiese priesters. Dan was daar ook nie-Leviete wat priesters was. Vriezen (1977:400) wys daarop dat die goedgeorganiseerde hiërargiese prentjie wat die priesterskap op sommige plekke in die Ou Testament vertoon, eintlik `n teruglees is van die na-ballingskapse situasie in Jerusalem na die verlede (vgl Westermann 1981:199). In hierdie na-ballingskapse situasie het die Hoëpriester dan toenemend `n regerende funksie begin kry by gebrek aan `n burgerlike regering (Vriezen 1977:400ev; Westermann 1981:199ev). Die priesters is meestal binne familieverband opgevolg en is dus op `n indirekte manier deur Jahwe aangewys (De Vaux 1973:346). Westermann (1981:82) wys daarop dat dit aan die priesterskap `n karakter van langdurigheid gegee het, met as `n negatiewe gevolg dat hulle baie keer medeverantwoordelik gehou is vir Israel se afvalligheid. Alhoewel die priesters normaalweg nie gesalf of georden is vir hulle diens nie, het die idee tog bestaan dat hulle deur die uitvoering van hulle pligte vir hierdie taak afgesonder is en dus nie tot die alledaagse behoort nie (De Vaux 1973:347ev). Daarom moes hulle ook sekere rituele uitvoer en spesifieke klere vir die uitvoering van hulle pligte in die aanbiddingsplek dra (De Vaux 1973:348).

As `n afsonderlike bediening het die priesters `n baie belangrike Godgegewe funksie binne Israel vervul - om as draers van Jahwe se woord die plek van aanbidding teen vreemde invloede te beskerm, om die mense in die wet te onderrig, en om Jahwe se seën en versoening tussen Hom en sy mense te bemiddel (Vriezen 1977:259, 400; Westermann 1981:82; Zimmerli 1978:98). Die priesters was verantwoordelik vir die bemiddeling van Jahwe se wil in belangrike besluite deur middel van `n orakel van God (De Vaux 1973:349; Zimmerli 1978:95ev). Hiervoor is die lot gewerp, of die efod of die Urim en Tummim gebruik[21] (Vriezen 1977:259). In hierdie sin was die priester dan `n

[21] De Vaux (1973:349evv) wys oor `n hele paar bladsye hoe moeilik dit is om vas te stel presies wat met die efod en die Urim en Tummim bedoel word. Vir die doel van hierdie studie is egter die belangrikste dat

woordmiddelaar. De Vaux (1973:352ev) wys egter daarop dat die orakels deur die priesters geleidelik verdwyn het en dat die profete toenemend geraadpleeg is. As woordmiddelaar moes hulle ook die mense in die *torah* onderrig wat 'n verskeidenheid kultiese en etiese sake betref (De Vaux 1973:353; Zimmerli 1978:97). Hierdie onderrig was waarskynlik gerig op die regte optrede by die aanbiddingsplek en die bring van offers, oor wat rein is en wat onrein is, en wat heilig is en profaan (De Vaux 1973:354). As woordmiddelaars was die priesters ook by geleentheid by die regspraak betrokke (Zimmerli 1978:98). Die priesters was natuurlik ook veral vir die offer van die offerandes wat die volk gebring het, verantwoordelik (Zimmerli 1978:97), en daarom is hulle veral geassosieer met die aanbiddingsplekke (De Vaux 1973:348; Vriezen 1977:259, 400) en die feeste (Westermann 1981:81). Dit is belangrik om raak te sien dat die uitsluitlike reg van die priesters om offerandes te offer 'n baie laat ontwikkeling in Israel se kultus was wat saamgehang het met die sentralisering van die kultus (Von Rad 1962:244; Zimmerli 1978:97ev). Aanvanklik was dit die familiehoof wat namens die familie 'n offer gebring het en selfs tot in die monargiale tyd het konings soos Dawid en Salomo self nog offerandes geoffer sonder dat hulle priesters was (De Vaux 1973:355). Von Rad (1962:262) wys in hierdie verband op die belangrike feit dat die offer eers effektief geword het wanneer die priester 'n aanvaardingswoord daaroor uitgespreek het. Op hierdie manier het die priesters beide die antwoord van die volk aan Jahwe, en die versoeningswoord van Jahwe aan die volk bemiddel (De Vaux 1973:357; Vriezen 1977:285). Trouens, vir alles wat die volk met Jahwe wou bemiddel, het hulle na die priester gegaan (Von Rad 1962:244). Die priesters was ook verantwoordelik vir die liturgiese seën van Jahwe se volk (Zimmerli 1978:98) en was in hierdie sin ook daadmiddelaars (Westermann 1981:81, 199).

2.4.2.4.6 Die Profete

Wanneer daar gepraat word van diegene wat die woord van Jahwe aan sy volk bemiddel het, was dit die profete wat by uitstek hierdie funksie vervul het (Prinsloo 1988:28; Westermann 1981:82). Alhoewel daar reeds van vroeg in Israel se geskiedenis aanduidings was van mense wat openbaringe van God ontvang het en aan die volk of individue oorgedra het, soos byvoorbeeld die sieners waarvan 1 Sam 1:9 praat en die profetes Debora uit die rigtertyd, is dit egter eers met die opkoms van die monargie dat

---

dit deur die priesters gebruik is om 'n orakel van God te bemiddel.

die profete as `n spesifieke en prominente bediening as waghonde van die monargie na vore getree het.

Die profete kan breedweg in twee groepe verdeel word: die gerigsprofete en die heilsprofete, alhoewel beide ook heil en oordeel aangekondig het (Prinsloo 1988:30; Westermann 1981:82, 143). Die tydperk van die gerigsprofete in Israel het wesenlik saamgeval het met die koningstyd omdat hulle die noodsaaklike kritiese bediening was wat die konings moes lei, juis omdat die formele staatsopset wat met die monargie saamgekom het, sekere gevaarlike elemente ingehou het in terme van Israel se verhouding met Jahwe (Westermann 1981:82ev). Die opkoms van die profetebediening moet dus gesien word as deel van Jahwe se heilsgeskiedenis met sy volk. "De gerichtsprofetie moet ten nauwste in verband met Israëls aanvang gezien worden, de redding uit Egipte en de tocht door de woestijn, die van Israël eerst recht een volk maakten. Door Gods reddingsdaden verkreeg Israël zijn bestaan als volk; wendde het zich af van deze God, dan moest het wel de grondslag van zijn existentie verliezen" (Westermann 1981:128). Die gerigsprofete se boodskap het alle aspekte van die lewe geraak (Westermann 1981:131evv;): soms was dit gerig teen die politieke bondgenootskappe wat die koning aangegaan het sonder om Jahwe te raadpleeg en die invoer van afgodery om diplomatieke redes (vgl Prinsloo 1988:31ev en Vriezen 1977:255); soms was dit gemik teen die minagting van die reg, ooglopende wetsoortredings en die uitbuiting van die magteloses deur die magtiges (vgl Prinsloo 1988:30ev); ander kere was die volk se afgodery en hulle oppervlakkige aanbidding van Jahwe in die kultus op die voorgrond (vgl Prinsloo 1988:32). Dit moet egter goed verstaan word dat die gerigsprofete se boodskap nie oordeel aangekondig het ter wille van oordeel nie, maar dat hulle in werklikheid die koning en die volk wou terugroep na Jahwe hulle God sodat hulle kon voortgaan om in `n besondere verhouding met Hom as sy mense in die land wat Hy aan hulle gegee het, te leef (Prinsloo 1988:30).

Met die ballingskap wat ook die einde van die koningskap in Israel beteken het, het die heilsprofete na vore getree met `n boodskap wat veral gerig was op dit wat ná die oordeel sou kom (Westermann 1981:83). In hierdie boodskap het hulle voortgebou op die boodskap van die gerigsprofete in die sin dat hulle eerstens die ondergang van Israel kon verklaar vanuit die eeuelange waarskuwings van die gerigsprofete. Tweedens het hulle die aankondiging van die komende heil gebou op die heilsprofesie wat wel ook deel was

van die gerigsprofete se boodskap. Derdens het hulle ook die komende heil gekwalifiseer vanuit die waarskuwings van die gerigsprofete. Die heilsprofete (en die heilsaankondiginge van die gerigsprofete - vgl Prinsloo 1988:33) se boodskap het in wese gegaan oor nuwe interpretasies en aktualiserings van die ou tradisies waarvan die belangrikstes in hierdie verband die aartsvader-, die eksodus-, die Sinaï-, die landinname- en die Sionstradisie is (Prinsloo 1988:34). Dit het dus te make gehad met die herstel van Jahwe se verhouding met sy volk binne die raamwerk van die beloftes aan die aartsvaders soos dit in die geskiedenis ontplooi het. Dit was gerig op konkrete situasies van nood, die vergifnis van sonde en die omkeer van die gevolge van sonde (Westermann 1981:143evv). Hulle het dus Jahwe verkondig as die Een wat red, genees, vergeef en herstel (Westermann 1981:143). Dit is ook uit hulle boodskap duidelik dat wat die sonde en die gevolglike oordeel daaroor betref, Jahwe se verlossing altyd op sy vergifnis gegrond is. (Westermann 1981:144). Heilsprofesie het meermale bestaan uit die aankondiging van heil in die toekoms, maar het ook die toesegging van heil in die hede as element gehad (Westermann 1981:145).

Die profete was individue wat uit alle lae van die samelewing gekom het (Westermann 1981:138ev) en `n direkte roeping van Jahwe ontvang het, deur Hom geïnspireer was en dus as sy boodskappers opgetree het (Vriezen 1977:251; Zimmerli 1978:103). In die meeste gevalle is hulle direk deur God aangewys, maar daar was ook diegene wat op `n meer indirekte wyse aangewys is soos byvoorbeeld Elia wat sy mantel om Elisa gehang het as `n soort ordeningshandeling, asook die sogenaamde profeteskole (Zimmerli 1978:100). Dit is egter seker dat daar van opvolging binne familieverband of deur geboorte nie sprake was nie en dat diegene wat as profete opgetree het, seker was dat Jahwe hulle daarvoor geroep het (Prinsloo 1988:27ev; Zimmerli 1978:100). Hierdie sekerheid dat hulle deur Jahwe geroep is, het saamgehang met die oortuiging dat hulle `n woord van Jahwe ontvang het wat hulle moes verkondig (Vriezen 1977:251ev; Zimmerli 1978:102). Hulle het dit egter nie beskou as iets wat op `n magiese manier gebeur het nie, maar as iets wat voortgespruit het uit `n noue verhouding tussen Jahwe en hulself, waardeur hierdie woord dan in hulle mond gelê is (Zimmerli 1978:102). In hierdie verband verwys hulle meermale na die Gees van Jahwe wat oor hulle gekom het en hulle dinge laat doen het wat hulle normaalweg nie sou doen nie (1 Sam 10:6, 10; 19:20evv; Zimmerli 1978:101ev). Dit is ook duidelik dat visioene soms `n rol in die profete se bediening gespeel het (byvoorbeeld Eseg 1:1-3:15; 8-11; 37:1-14; 40-48), alhoewel

sommige nogal heel krities was oor drome as 'n openbaringsmiddel (Jer 23:25-28) (Zimmerli 1978:102). Dit is ook belangrik om raak te sien dat die profete se optrede nie gebonde was aan die kultus nie, maar dat hulle onverbonde opgetree het onder leiding van Jahwe (Vriezen 1977:252, 254). In die geval van sommige profete word dit duidelik dat hulle boodskap en hulle lewe nie van mekaar te onderskei was nie. Hulle moes enersyds self gehoorsaam gewees het aan Jahwe (Jer 23:14; 29:23) en andersyds het baie se roeping en boodskap meegebring dat hulle gely en swaargekry vanweë die boodskap wat hulle verkondig het (Jer 15:17; 16:1; Eseg 2:6; Vriezen 1977:253). Prinsloo (1988:29) wys in hierdie verband daarop dat baie van hulle se lewenswyse totaal verander het nadat hulle die roeping ontvang het, byvoorbeeld Amos wat agter die kleinvee weggeneem is om profeet te wees (Am 7:14ev).

Die profetiese woord het volgens Zimmerli (1978:103ev) die volgende kenmerke: dit is in feitlik alle gevalle duidelik en rasioneel van aard; dit verwys in meeste gevalle na pertinente historiese situasies met betrekking tot Israel (vgl Westermann 1981:136), alhoewel die buurvolke ook van tyd tot tyd aangespreek is (vgl Prinsloo 1988:32) - dit is dus nie algemeen van aard nie, maar spesifiek gerig; die woord wat gebring word is nie blote verbale uitinge nie, maar antisipeer en teken selfs 'n gebeurtenis, en word baie keer ondersteun deur 'n simboliese daad, soos byvoorbeeld Hosea wat met 'n prostituut trou en aan sy drie kinders betekenisvolle name gee; alhoewel die profete soms op versoek by Jahwe ingetree het en orakels gesoek het, is hulle optrede veral gekenmerk deur hulle vryheid om spontaan op te tree en selfs teenoor die verwagtinge en begeertes van mense in, Jahwe se boodskap te bring - hierdie vryheid spruit voort uit Jahwe se vryheid om op te tree soos Hy goeddink. Dit word ook duidelik uitgespel wat profesie nie is nie. Dit was nie toekomsvoorspelling nie - dit het by die siener gehoort - (Westermann 1981:136) en mag ook nie verval het in besweerdery, towery, goëlery, waarsêery, en die raadpleeg van dooies nie (Deut 18:9-22 vgl Zimmerli 1978:104). 'n Goeie vraag in hierdie verband handel oor die vraag hoe egte profesie onderskei kan word van valse profesie. Die Ou Testament stel self sekere kriteria voor, soos dat die uitkoms sal wys of dit eg was of nie (Deut 18:22). Iemand wat die aanbidding van afgode verkondig is duidelik 'n vals profeet (Deut 13:2evv). So ook diegene wat mense met 'n vertoon van drome probeer oortuig van die gesag van hulle boodskap, bloot herhaal wat ander sê, of mense probeer oortuig dat hulle eie woord van Jahwe af kom (Jer 23:25-26, 30, 31). Diegene wat self die wet oortree (Jer 23:14; 29:23) en die wat verkeerd doen help (Jer 23:14), val ook in

hierdie kategorie (Zimmerli 1978:106). Uiteindelik is daar egter geen objektiewe maatstaf om te meet of `n profesie waar of vals is nie (Prinsloo 1988:29). Dit is slegs Jahwe self wat deur sy woord in `n bepaalde situasie die onderskeid kan maak. So het Jeremia by tye selfs dae lank moes wag op `n woord van Jahwe om `n vals profeet te weerlê (Jer 28; 42:1-7; Zimmerli 1978:106ev). Die profetiese woord was baie keer in `n gesproke vorm, maar het soms ook simboliese handelinge ingesluit (Prinsloo 1988:35ev). Beide het mettertyd langs die weg van `n redaksionele proses neerslag gevind in die profetiese geskrifte wat ons vandag het.

2.4.2.4.7 Die Wysheidsleraars

Alhoewel wysheid deel is van die Ou Testamentiese literatuur en genre (Spreuke, Prediker, Job en sommige Psalms), speel die wysheidsleraar as sulks `n baie ondergeskikte rol. Hulle was waarskynlik koninklike amptenare wat as politieke raadgewers en onderwysers aan die koninklike hof gedien het (Vriezen 1977:263ev; Zimmerli 1978:107). Met Salomo as rolmodel en 1 Kon 3 as verwysing, is hulle wysheid as `n gawe van Jahwe gesien (Zimmerli 1978:108; vgl Vriezen 1977:262). Waar die priesters met die *torah* en die profete met die *dabar* geïdentifiseer word, word die wysheidsleraar met *'esa*, of te wel raad geïdentifiseer (Vriezen 1977:262). Hulle bydrae, soos dit neerslag gevind het in die wysheidsliteratuur, kan dan ook beskryf word as praktiese lewenskuns voor Jahwe (Vriezen 1977:264ev; Zimmerli 1978:108).

2.4.2.4.8 Die *ebed Jahwe*-figuur

In Deutero-Jesaja (Jes 40-55) word `n nuwe middelaarsfiguur geteken, naamlik die *ebed Jahwe*-figuur. Uit die literatuur is dit sonder meer duidelik dat hierdie figuur `n veelkantigheid vertoon wat dit moeilik maak om werklik `n greep op hom te kry. Beuken (1983:307-320) gee `n hele oorsig oor die uiteenlopende wyse waarop die *ebed Jahwe*-figuur in die loop van die geskiedenis deur Joodse én Christelike geleerdes geïnterpreteer is. Binne die Christelike kerk wissel dit dan ook van `n suiwer Christologiese interpretasie tot dié van of `n historiese figuur uit die ontstaantyd van Deutero-Jesaja, of Israel self. Jenni & Westermann (1984b:193evv) wys ook daarop dat die *ebed Jahwe* in sommige van die plekke in Deutero-Jesaja wel na Israel self verwys (Jes 41:8ev; 44:1ev; 45:4; vgl Jes 44:21 en 48:20), maar dat dit veral in die sogenaamde Dienskneglieders verwys na `n individuele figuur wat ten behoewe van Israel sal optree (Jes 42:1-4; 49:5ev; 50:4ev; 52:13-53:12; vgl 50:4-9). Volgens Von Rad (1965:259) is die tradisie om

laasgenoemde óók as Israel te verstaan baie oud en gaan dit so ver terug as die LXX (vgl Zimmerli 1978:221). Alhoewel hy (1965:259ev) ook daarop wys dat daar kenmerke aan hierdie figuur is wat definitief op `n individu dui, wil hy tog nie die kollektiewe heeltemal uit die prentjie uit haal nie. Uiteindelik kom hy (1965:260evv) tot die gevolgtrekking dat die *ebed Jahwe*-figuur in die Dienskneglіedere wel as `n persoon geteken word wat iewers in die toekoms as `n ingrype van Jahwe `n profetiese middelaarsrol gaan speel ten behoewe van Israel én die nasies (vgl Zimmerli 1978:221evv). Die prominente idee wat die *ebed Jahwe*-figuur skep is dié van `n profeet en `n segsman van Jahwe, alhoewel die idee van `n koning ook nie uitgesluit is nie (Jenni & Westermann 1984b:194). Von Rad (1965:259) wys daarop dat hier nêrens sprake is van die feit dat hy sal heers nie, maar dat hier eerder sprake is van `n lydende middelaar in die profetiese sin van die woord, sonder om die koninklike kant heeltemal uit die oog te verloor. In sy tekening as `n lydende figuur is daar duidelike parallelle met Jeremia, maar anders as in die geval van Jeremia kry die lyding van die *ebed Jahwe*-figuur `n positiewe betekenis deurdat hy ook `n middelaarsfunksie, wat deur God en deur sy dood bevestig is, vervul (Jes 52:13-53:12; Jenni and Westermann 1984b:194; vgl Von Rad 1965:260). Uiteindelik is dit wat hier oor hom gesê word, ryker as enige iets wat oor `n ander dienskneg van Jahwe gesê is en kan dit eintlik nie anders as om wel `n parallel tussen hom en Moses te vind nie (Von Rad 1965:261ev; Westermann 1981:84evv). Die verhale van die uittog, die woestyntyd en die verowering van die land soos dit in die Heksateug en die Deuteronomistiese geskiedswerk na vore kom, is tydens die ballingskap opnuut gelees met die oog op Jahwe se ingrype in hulle benarde situasie en is dele daarvan geredigeer en redaksioneel hersien (Deist 1987:34ev). Prinsloo (1988:33ev) wys ook op die feit dat die profete vir seker die ou tradisies, waaronder die eksodus en Sinaïtradisies tel, nuut geïnterpreteer en geaktualiseer het. Hiermee saam moet in gedagte gehou word dat die vernietiging van die Noordelike Ryk in 721 vC deur die Assiriërs reeds aanleiding gegee het tot baie teologiese refleksie oor die redes daarvan (Deist 1987:33). Met dit alles in gedagte is `n parallel tussen die terugkeer uit ballingskap en die heropbou van die land en die ou uittog-, woestyn- en intogverhale glad nie vreemd nie (Von Rad 1965:261). Deutero-Jesaja tree dan ook tydens die ballingskap in Babilonië op en binne hierdie historiese raamwerk word Jahwe se bevrydende dade ten behoewe van sy volk wat in ballingskap en dus polities magteloos is, deur hom geteken as die nuwe

eksodus (Von Rad 1965:261). Dieselfde kan gesê kan word van 'n Messiasfiguur soos die *ebed Jahwe*[22] en Moses (Von Rad 1965:261ev; Westermann 1981:86). Indien ons hiermee saam raaksien dat die koning verdwyn het en die priesters sonder werk sit omdat die tempel verwoes is, het die *ebed Jahwe*-figuur waarskynlik 'n baie groot plek in Israel se denke begin inneem as die een wat Jahwe hulle God se redding, sy seën en sy bevrydende woord sal bemiddel sodat hulle weer as sy volk in die land wat Hy aan hulle gegee het, kan bly. Hieraan gee Deutero-Jesaja egter ook 'n nuwe universele dimensie (Von Rad 1965:262). Volgens Westermann (1981:84evv) is hy dan ook die laaste van die middelaarsfigure van die Ou Testament en word al die middelaarsfunksies van woord en daad op dieselfde wyse in hom saamgetrek as wat dit vanuit die Mosesfiguur gedifferensieer is. So word Moses en die *ebed Jahwe*-figuur ('n groter Moses) hoekstene in die geskiedenis van die middelaar tussen God en sy volk. Dit is egter belangrik om hier raak te sien dat dit steeds God is wat self ten behoewe van sy volk optree. "Weil das Gott-Dienen Israels gescheitert ist... wird Gott selber die Arbeit (der Dienst) aufgeladen, darin bestehend, daß die Sünde des Volkes beseitigt wird. Um das gleiche aber geht es im Werk des Gottesknechtes in den Liedern; hier ist es das stellvertretende Leiden des Knechtes, das die Sünden beseitigt. Durch seinen knecht wirkt aber Jahwe, was die Erhöhung des Knechtes bestätigt" (Jenni & Westermann 1984b:195).

2.4.3 'n Openheid vir verandering

Zimmerli (1978:86) se opmerking dat die ontwikkeling vanuit die rigtertyd tot die monargie 'n noodwendige reaksie was op die veranderende omstandighede waarin Israel hom bevind het, geld eintlik vir alle strukture waarmee Israel as volk saamgebind en aan Jahwe vasgebind is. Van hierdie ontwikkelinge en veranderinge was soms rewolusionêr en daar is ook nie geskroom om soms dinge by die buurvolke oor te neem en by bestaande maniere van doen te integreer nie. Enkele voorbeelde hiervan is die sentralisering van die aanbiddingsplek vanaf 'n verskeidenheid plekke en strukture tot die een tempel in Jerusalem; die oorname van offers en feesdae by buurvolke en die integrering daarvan in die Jahwekultus; die verandering in leierskap vanaf die Mosesfiguur deur die rigters heen tot by die monargie en daarna; die opkoms van die profete as 'n noodsaaklike bediening tydens die monargie. Tog was daar ook enkele sake

---

[22] Die *ebed Jahwe*-figuur is nie die enigste wyse waarop daar na die Messias in die Ou Testament verwys word nie. Dit figureer egter so prominent en verteenwoordigend in die tekening van die Messias dat dit vir die doel van hierdie studie onnodig is om meer te sê as wat hier gesê word.

wat deurlopend dieselfde gebly het, minstens in die manier waarop die Ou Testament as kanon daaroor praat en dit was die teologiese idee van Israel as een geloofsgemeenskap (vgl Von Rad 1962:118) wat Jahwe as hulle enigste God aanbid en gedien het.

Hierop moet die opmerking gemaak word dat die verandering in strukture gedra is deur die lewensbelangrike behoefte om as Jahwe se volk getrou te bly aan Hom in `n wêreld wat voortdurend verander, soms selfs nuwe strukture opdwing en nuwe eise aan die geloof stel.

2.5. SAMEVATTING

2.5.1 Israel vind sy oorsprong, bestaan en voortbestaan by Jahwe hulle God, wat hulle uit eie inisiatief uitgekies het om aan Hom te behoort, `n verbond met hulle gesluit het en wat telkens tot hulle redding kom.

2.5.2 Die essensie van die verbondsverhouding tussen Jahwe en Israel lê in die drieledige belofte aan Abraham en die vervulling daarvan in die geskiedenis van sy nageslag. Hierdeur het God aan Abraham `n groot nageslag, `n besondere verhouding met God en die land Kanaän belowe. In Israel se verhaal soos die Heksateug dit vertel, ontplooi dit in `n skema van belofte en vervulling wat vir Israel deur hulle geskiedenis tot na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap tekenend was van die verbondsverhouding waarin hulle as volk met God staan.

2.5.3 Die feit dat die oergeskiedenis die bestaan van die verskillende volke enersyds as `n skeppingsdaad van God en andersyds as sy oordeel oor die sonde sien, lê klem op die unieke karakter van Israel as dié volk wat God vir Homself binne die geskiedenis uitgekies het. Hierdie uitverkiesing is `n genadedaad wat nie teruggevoer kan word na enige voortreflikheid aan Israel se kant nie, maar berus op die vrye wil van God.

2.5.4 Die bestaan van Israel as nasie as vervulling van God se belofte realiseer eers binne die geskiedenis met die redding uit Egipte deur Jahwe, sy leiding tydens die verblyf in die woestyn en die vestiging in Kanaän onder sy aanvoering.

2.5.5 As sy verbondsvolk reël Jahwe elke aspek van hulle daaglikse en kultiese lewe, onder andere deur die dekaloog en die kultiese orde wat Hy daargestel het. Met hierdie genadegawe gee Hy aan hulle die middele wat hulle nodig het om binne die verbond te

leef en dus getrou aan Hom te bly.

2.5.6 Israel was `n geloofsgemeenskap wat skerp afgegrens was van die ander volke en gemeenskappe rondom hulle deur hulle verbintenis aan slegs een God met die unieke naam Jahwe, die besnydenis en die Sabbat, asook die belangrike plek wat die wet in hulle leefwyse ingeneem het. Hierin het hulle identiteit gelê.

2.5.7 Uit Israel se geskiedenis van verbondsontrou deur afgodediens het hulle die grens tussen hulle en die ander volke laat vervaag en so Jahwe se beloftes in die gedrang gebring. Tog is dit uit hierdie geskiedenis duidelik dat Jahwe getrou bly aan sy beloftes, selfs al beteken dit dat Hy moet oordeel en straf, en uiteindelik nuut moet begin met die belofte van `n nuwe verbond.

2.5.8 Israel se bestaan het van die begin af `n universele dimensie en gerigtheid gehad in die sin dat hulle as een van baie die missionêre roeping gehad het om deur hulle unieke belydenis van Jahwe as hulle enigste God, die nakom van die besnydenis, die onderhouding van die Sabbat en hulle verbondsgehoorsaamheid aan Hom die ander volke tot seën te wees deur hulle te bring tot aanbidding van Jahwe.

2.5.9 Israel word van die begin van hulle bestaan af geteken as `n korporatiewe eenheid van individue en groepe.

2.5.10 Israel was van die begin van hulle bestaan af `n geordende gemeenskap, alhoewel die detail van die organisasie deur die loop van die geskiedenis `n besondere veelkleurige mosaïek vertoon. Hierdie organisasie is van meet af Godgegewe en het basies bestaan uit kultiese, regerings- (en burgerlike) en algemeen godsdienstige strukture.

2.5.11 Al die bedieninge waarbinne mense in Israel gestaan het, was charismaties van aard in die sin dat Jahwe hulle almal, hetsy direk of indirek, geroep en toegerus het vir hulle taak.

2.5.12 Baie van die kultiese en regeringstrukture van Israel het nie veel anders gelyk as hulle buurvolke s`n nie. Tog het dit wat oorgeneem is en die wyse waarop dit ingeklee is,

direk te doen gehad met hulle belydenis dat Jahwe hulle enigste God is en dat hulle Hom alleen dien. Dieselfde geld ook vir dit wat uniek was aan hulle organisasie.

2.5.13 `n Aanbiddingsplek was as deel van hulle kultus vir Israel belangrik. Waar daar aanvanklik `n hele verskeidenheid sulke plekke was, was daar tog in die lig van die dreigende afgodediens mettertyd die strewe om die tempel te Jerusalem as enigste aanbiddingsplek te hê. Hierdie strewe het met die terugkeer uit die ballingskap gerealiseer.

2.5.14 Die sentrale aanbiddingsplek, geassosieer met die Verbondsark, is gesien as Jahwe se woonplek onder sy volk, met die kwalifikasie dat Hy in sy vryheid en grootheid nooit op een plek vasgepen kan word nie. "It was Israel's believe that Jahweh's turning towards her in salvation was not exhausted in historical deeds and in the gracious guidance of individual lives, but that in the sacraficial cult too he had ordainend an instrument which opened up to her a continuous relationship with him. Here Jahweh was within reach of Israel's gratitude, here Israel was granted fellowship with him in the sacred meal. Above all, here Israel could be reached by his will for forgiveness" (Von Rad 1962:260).

2.5.15 Net soos in die geval van die offers, moes die rituele feeste Israel herinner aan die vervulling van God se beloftes aan Abraham as deel van sy verlossingsgeskiedenis met hulle, naamlik die belofte dat Hy hulle God sal wees en die belofte van die gawe van die land wat Hy aan hulle gee waar hulle veilig en versorg kan woon as sy volk.

2.5.16 `n Wesenlike deel van die organisasie wat Jahwe aan sy volk gegee het, was die verskillende leiers- of middelaarsfigure wat een of meer aspekte van sy heilshandelinge met en onder sy volk, asook die volk se antwoord aan Hom bedien en bemiddel het. Die middelaarsfigure het dan as woord- en daadmiddelaars Jahwe by die volk verteenwoordig en die volk by Jahwe. Hierdie leiers- of middelaarsfigure kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik diegene wat leierskap en regering bemiddel, diegene wat versoening bemiddel en diegene wat die wil of die woord van God bemiddel.

2.5.17 As leierskaps- of regeringsfigure het Moses, Josua, die rigters en die konings veral Jahwe se redding en seën onder die volk bemiddel deur leiding te neem in militêre en kultiese aangeleenthede en die volk en regering te organiseer sodat hulle as Jahwe se

volk veilig, versorg en getrou aan Hom kan leef in die land wat Hy aan hulle gegee het. Uiteindelik is die konings nie beoordeel in die mate waarin hulle suksesvol regeer het nie, maar in die mate waarin hulle getrou gebly het aan Jahwe.

2.5.18 Die priesters het `n baie belangrike Godgegewe funksie binne Israel vervul om as draers van Jahwe se woord die plek van aanbidding te beskerm teen vreemde invloede, om die mense te onderrig in die *torah*, om Jahwe se seën te bemiddel, versoening tussen Hom en sy mense te bemiddel deur die offers en sy wil te soek deur middel van `n orakel.

2.5.19 Die profete moes, onafhanklik van die koning en die kultus, Jahwe se woord en wil duidelik en situasiegerig aan die koning en die volk verkondig. Hulle is deur Hom geroep en toegerus en het dus namens Hom gepraat en opgetree. Die inhoud van hulle boodskappe was oordeel en heil en het alle lewensterreine gedek. In die proses het hulle die oorgelewerde tradisies telkens in nuwe omstandighede herinterpreteer en geaktualiseer. Hulle het hulle boodskap veral mondelings, maar ook skriftelik en met toepaslike simboliese handelinge oorgedra.

2.5.20 Ten spyte van die veelkantige beeld wat die *ebed Jahwe*-figuur in Deutero-Jesaja vertoon en die interpretasieprobleme wat hy oplewer, word hy tog op so manier in die Dienskneglieders van Deutero-Jesaja geteken dat dit wil voorkom asof hy `n plek in Israel se denke begin inneem het as die een wat Jahwe se redding, sy seën en sy bevrydende woord onder hulle sal bemiddel sodat hulle weer as sy volk in die land wat Hy aan hulle gegee het, kan bly. In hom word die middelaarsfunksies van woord en daad wat vanuit Moses gedifferensieer het, weer saamgetrek.

2.5.21 Israel was van die begin af oop vir veranderinge in sy strukture vanuit die lewensbelangrike behoefte om as Jahwe se volk getrou aan Hom te bly in `n wêreld wat voortdurend verander en nuwe eise aan die geloof stel. Israel het nie geskroom om soms dinge by die buurvolke oor te neem en te integreer by bestaande maniere van doen nie. Tog het hulle tussen al die veranderinge deur vasgehou aan die teologiese idee dat hulle een geloofsgemeenskap is wat Jahwe as hulle enigste God aanbid en dien.

3. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS MATTEUS

3.1 INLEIDING

Die Evangelie volgens Matteus is bekend vir die prominente rol wat die kerk daarin speel (Noordegraaf 1990:27; Brown 1984:124). Die groot rol wat die Evangelie tot nou toe in `n verskeidenheid kerklike aktiwiteite en –begrondings gespeel het, bewys dit (Brown 1984:127; Bornkamm 1972:38). Dit beteken egter nie dat Matteus `n uitgebreide en volwaardige ekklesiologie geskryf het waaruit alles en nog wat afgelei kan word vir die kerklike lewe van vandag nie. Dit wat oor die kerk daaruit afgelei kan word, moet as`t ware tussen die reëls gelees word en getrou bly aan die aard en doel van sy Evangelie (Van Zyl 1987:236).

Die kerk word in die Evangelie volgens Matteus geteken as `n nie-hiërargiese dissipelgemeenskap, gebonde aan Jesus Christus en mekaar as broers. Jesus is die eintlike "Ampsdraer", wat mense in die kerk gebruik om ander te onderrig in dit wat hulle van Hom ontvang en geleer het. As *corpus mixtum* speel dissipline ook `n rol in die kerk.

3.2 DIE KERK AS DISSIPELGEMEENSKAP

3.2.1 Die kerk vind die sin van sy bestaan in dissipelskap

Die belangrikste wat vanuit Matteus oor die kerk gesê kan word, is dat dit `n dissipelgemeenskap is. Trouens, vir Matteus vind die kerk die sin van sy bestaan in dissipelskap. Nie alleen kom die term *mathetes* sewentig keer in die meervoud (teenoor slegs drie keer in die enkelvoud) in die Evangelie voor nie (Engelbrecht 1995a:136), maar dit is sonder twyfel `n feit dat die dissipels die hele Evangelie deur verteenwoordigend van die gemeente is[23] (Luz 1995:80, 92; Van Zyl 1987:245). Van Zyl (1987:245evv) wys byvoorbeeld op Matteus se "doelbewuste" vermyding van die apostelbegrip met sy amptelike konnotasie en die feit dat Matteus deur sy uitruiling van die terme dissipels en die twaalf juis die dissipelskap van die twaalf beklemtoon.[24] Hy

---

[23] Uit wat Van Aarde (1994:87) sê oor die dissipels se rol as helpers van Jesus, hulle rol as bemiddelaars tussen die skare en Jesus (Van Aarde 1994:96) en sy verwysing na hulle as "the 'church leaders'?" (Van Aarde 1994:88), lyk dit asof hy op voetspoor van ander die dissipels beskou as slegs verteenwoordigend van die kerkleiers. Van Zyl (1987:244-247, 249, 254 en 265) beredeneer egter oortuigend dat die dissipels verteenwoordigend is van die hele gemeente, waaronder die kerkleiding dan ingesluit is as gewone lede wat net meer verantwoordelikheid het.

[24] Volgens Van Zyl (1987:246) is daar geen twyfel nie dat Matteus die dissipels tot die twaalf wil beperk, maar dit slaan nie, soos wat ander beweer op `n uitsonderings of hiërargiese posisies vir die dissipels nie, juis omdat Matteus die dissipelskap van die twaalf wil beklemtoon.

wys hiermee saam daarop dat die gegewens rondom Petrus, ondanks sy klaarblyklik uitsonderingsposisie, in Matteus so verweef is met die res van die dissipels dat hy ten beste as `n eerste onder gelykes beskou kan word en dus nie as verteenwoordiger van slegs die kerkleiers nie (vgl ook Luz 1995:94 en Kingsbury 1979:71ev). Van Zyl (1987:242) wys in sy argument ook daarop dat Matteus die roeping van die dissipels deur Jesus meer beklemtoon as Markus en Lukas. As dit saamgelees word met die feit dat Jesus se dissipels, anders as by die rabbi's, nooit self bevorder word tot leermeesters nie (Van Zyl 1987:242ev; vgl ook Bornkamm 1972:40), is dit duidelik dat die dissipels vir Matteus nie net die kerkleiers verteenwoordig nie. Die verband wat getrek kan word tussen die gemeente as `n *corpus mixtum* (vgl byvoorbeeld Matt 13:24-30; Kingsbury 1976:158; Schweizer 1961:56) en die feit dat Judas deel was van die groep dissipels (Engelbrecht 1995a:143), asook die duidelike verwysings na die swakhede van die dissipels in Matteus, en in besonder ook dié van Petrus as Rots waarop die gemeente gebou is (Matt 16:13-23; vgl ook Van Zyl 1987:265), versterk die gedagte dat die dissipels verteenwoordigend is van die gemeente in sy geheel, en nie net van die leiers nie.

3.2.2 Dissipelskap as gebondenheid aan en navolging van Jesus Christus

Dit is egter nie genoeg om te sê dat die kerk `n gemeenskap van dissipels is nie. Om die idee van die kerk soos dit in Matteus na vore kom reg te verstaan, moet gevra word na wat dissipelskap volgens die Evangelie alles behels. `n Ondersoek wys gou uit dat die belangrikste kenmerk daarvan die onlosmaaklike band tussen dissipelskap en gebondenheid aan Jesus Christus self is. "For Matthew, to be a disciple, and to be a church, means *continually* to be bound to the *unique* historical figure of Jesus. It means continually to learn from and be encouraged by him, continually to gain experience of faith with him who is at once the living Jesus, and to receive forgiveness over and over again from him and from no other" (Luz 1995:95). In hierdie verband speel die term *akolouthesan* (om te volg) `n deurslaggewende rol in die Evangelie (vgl byvoorbeeld Matt 4:18-22 en 9:9 – die roeping van die eerste dissipels en van Matteus; Kingsbury 1978:56, 58). Hierdie term word in sy verskillende verbuigings vyf en twintig keer deur Matteus gebruik (Engelbrecht 1995a:140; Kingsbury 1978:56), die meerderheid kere in verband met die dissipels self. Matteus gebruik die term op twee maniere (Kingsbury 1978:57). Eerstens word dit soms gebruik waar mense letterlik en fisiek agter Jesus aan loop. Tweedens word dit ook in `n metaforiese sin gebruik byvoorbeeld om die

voorbeeld van Jesus te volg. Soms val die twee saam, byvoorbeeld die roeping van die dissipels in Matt 4:18-22. Waar dit in die metaforiese sin gebruik word, is daar volgens Kingsbury (1978:57ev), en op sy voetspoor Engelbrecht (1995a:140ev), altyd twee kriteria teenwoordig. Hierdie twee kriteria is eerstens persoonlike toewyding en tweedens persoonlike opoffering. Uiteraard kwalifiseer dit die inhoud van dissipelskap betekenisvol. Uit die feit dat Matteus meen dat net die twaalf aan hierdie twee kriteria voldoen, blyk dit duidelik dat dissipelskap `n spesiale verhouding met Jesus beteken wat op sy uitnodiging geskied en groot koste en opoffering verg (Engelbrecht 1995a:140ev). Combrink (1980:100) sluit hierby aan wanneer hy sê dat navolging beide `n opdrag en `n prys impliseer. Die wat Jesus volg, ontvang die taak om byvoorbeeld sout en lig te wees, in woord en daad die Evangelie te verkondig en dissipels van alle nasies te maak. Terselfdertyd moet hulle bereid wees om alles te verlaat en Hom te volg, sy lot te deel en soos Hy vervolg te word. Dit alles beteken dat die volg van Jesus `n wesenskenmerk van dissipelskap (en kerkwees) is.

Die volg van Jesus is egter nie die enigste aanduiding in Matteus dat dissipelskap verbondenheid aan Jesus beteken nie. Die instellingswoorde van die nagmaal wat baie duidelik sê dat dit wat met Jesus Christus aan die kruis gebeur het `n nuwe verhouding tussen die dissipelgemeenskap en God tot stand gebring het, en die feit dat hulle die brood moet eet en die wyn moet drink wat die tekens daarvan is, onderstreep hulle voortgaande verbondenheid aan Hom (Matt 26:26evv; Nielsen 1980:98evv). Die nagmaal is dus vir die kerk teken en waarborg van hulle verbondenheid aan Jesus Christus en dit wat Hy vir hulle gedoen het. Die raamwerk waarbinne die Evangelie geplaas is, onderstreep dit ook. Die belofte van Jesus se teenwoordigheid by sy mense (Matt 1:23 "Hy sal genoem word Immanuel" en Matt 28:20 "... Ek is by julle) "omraam" as`t ware die Evangelie en sê duidelik dat die kerk nie kerk kan wees daarsonder nie. Soos wat Jesus by sy dissipels was en hulle aan Hom verbonde was tydens sy lewe op aarde, sal Hy by hulle (en die kerk tot sy wederkoms) wees daarna.

3.2.3 Dissipelskap impliseer onderrig deur Jesus en die navolg van sy voorbeeld

Dit is verder uit die Evangelie duidelik dat daar geen moontlikheid is om dissipel (en dus kerk) te wees, los van die opdrag, onderrig en voorbeeld van Jesus self nie. Om dissipel te wees, beteken volgens Matteus om die wil van God te doen. Volgens die Evangelie is dit `n voorwaarde vir toegang tot die koninkryk van God dat die kerk vrugte sal dra

U.O.V.S. • U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK • LIBRARY
1172 829 98

(Pelser 1995:665) en die wil van God sal doen (Bornkamm 1972:16). Vrug dra beteken op sy beurt om die wet na te kom, maar dan die wet soos Jesus dit geïnterpreteer (Bornkamm 1972:16ev; Van Zyl 1987:266) en dit in die Evangelie neerslag gevind het. In hierdie verband is veral die dubbele liefdesgebod van Matt 22 (Schnackenburg 1974:72) en die Bergrede (Matt 5-7) van groot belang. Dit is juis liefde vir God en jou naaste wat byvoorbeeld die valse profete onderskei van die egtes (Van Zyl 1987:266), en die valse Israel van die ware Israel (Schweizer 1961:53ev). Ook die "oorvloediger geregtigheid" (Matt 5:20) wat veral die Bergrede tipeer, vind sy oorsprong in die liefde vir God en die naaste. Liefde is immers die vervulling van die wet. Ten nouste hieraan verbonde is die belangrike feit dat dissipelskap in Matteus onder andere beteken om voortdurend deur Jesus onderrig te word (Engelbrecht 1995a:138ev). Telkens is dit die onderrig deur Jesus wat die onkunde van die dissipels verander in begrip (Engelbrecht 1995a:142). Dit is ook deur die onderrig van dit wat Jesus geleer het dat Hy teenwoordig bly in sy kerk (Brown 1984:136), en hulle verbonde aan Hom. Dit word bevestig deur Bornkamm (1972:17) se gevolgtrekking dat Matt 5-7 iets van die karakter van 'n kategismus dra wanneer hy dit vergelyk met die *Didache* (vgl Guthrie 1981:715). Dit is egter nie net Jesus se onderrig wat in hierdie verband belangrik is nie. Vir Matteus is die volg van Jesus se voorbeeld ook van die allergrootste belang as dit kom by die kwessie van vrugte dra. Van Zyl (1987: 266ev) sê in hierdie verband: "Die dissipels moet deel in Christus se voorbeeld en lyding. As jy nie doen wat Christus doen nie, is jy nie aan Hom verbonde nie en het jy nie deel aan die koninkryk van die hemele nie". Die dissipelgemeenskap is dus nie 'n ongebonde, wetlose gemeenskap nie. Die onderrig en die voorbeeld van Jesus wat neerslag gevind het in die Evangelie volgens Matteus, is baie duidelik riglyne vir die leefwyse van die kerk. So bly die dissipelgemeenskap van alle eeue gebonde aan Jesus Christus.

Dit word beklemtoon deur die feit dat diegene wat in die toekoms dissipels gemaak word, gedoop én geleer moet word om alles te onderhou wat Jesus beveel het (Matt 28:19ev). Die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees beteken in hierdie verband om in die dissipelgemeenskap[25] ingelyf te word (Nielsen 1980:193). Dit is dus 'n teken van verbondenheid aan Jesus Christus, maar 'n verbondenheid wat nooit los kan staan van 'n leefwyse volgens sy onderrig en voorbeeld nie (vgl Nielsen

[25] "For those who enter the school of Christ, baptism is the rite of inisiation" (Gundry 1982:596).

1980:193ev).

3.2.4 Kinders en kleintjies as tipering van dissipelskap

Matteus kwalifiseer dissipelskap ook nog deur twee ander terme, naamlik *mikros* en *paidon*. Op die oog af lyk dit asof Matteus met hierdie terme aan een of meer besondere kategorieë in die gemeente dink (vgl Minear 1960:87, Schnackenburg 1974:20 en Noordegraaf 1990:29). Die dissipels en die broers verteenwoordig dan een kategorie en die kinders en kleintjies/geringstes `n ander kategorie aan wie besondere aandag gegee moet word. Van Zyl (1987:252ev) wys egter oortuigend daarop dat dit nie om verskillende kategorieë in die gemeente gaan nie, maar om verskillende terme vir die hele gemeente. Hierdie terme is dan terselfdertyd sinonieme van, en kwalifikasies vir dissipelskap. In hierdie terme gaan dit om die wese van dissipelskap, "naamlik om in alles van God afhanklik te wees, jouself volledig op sy genade te werp en al jou hoop, geloof en vertroue op Hom te bou" (Van Zyl 1987:253). Al die gelowiges, dus die hele kerk, word deur hierdie terme aangespreek en terselfdertyd opgeroep om as dissipels vanuit die grondhouding van *mikros* en *paidon* te leef (Van Zyl 1987:254).

3.2.5 Die dissipelgemeenskap as volk van God

Die verhouding tussen Israel en die kerk soos dit in Matteus blyk, bring `n belangrike aspek van die dissipelgemeenskap se verhouding met Jesus Christus na vore. Israel is God se verbondsvolk en daar is in Matteus `n duidelik kontinuïteit tussen Israel en die kerk (Minear 1960:71). Volgens Matteus is die ware Israel juis diegene wat Jesus as sy dissipels volg (Ladd 1974:110). Hy is immers die Messias en Matteus vertel sy geskiedenis as die vervulling van God se beloftes aan sy volk (Pelser 1995:664; Combrink 1980:96). Die klem wat die wet in die Evangelie inneem, skep die idee van `n Joods-Christelike gemeente wat vashou aan die wet en nog nie weggebreek het van die Judaïsme nie (Bornkamm 1972:22). Dit is egter uit die Evangelie duidelik dat dit gaan om die wet soos deur Jesus geïnterpreteer (Schweizer 1961:53ev). Dit beteken dat sy volgelinge bereid moet wees om morele vrugte te dra, "in besonder deur liefde vir die broers en die naastes, en selfs vir die vyand" (Pelser 1995:665). Diegene wat dít doen, is die volk van God van die eindtyd, die ware Israel (Matt 21:33-46). Uiteindelik lê die kontinuïteit tussen die kerk en Israel dus nie in die volk Israel as sodanig nie, maar in Jesus self (Combrink 1980:96).

Met hierdie argumente is dit eintlik reeds toegegee dat daar ook 'n bepaalde diskontinuïteit tussen die kerk en Israel is. Alhoewel dit nêrens direk gesê word dat Jesus 'n afsonderlike gemeenskap los van Israel tot stand wou bring nie, Hy tog in sy woorde en dade die idee van 'n gemeenskap veronderstel (Guthrie 1981:706evv). Die roeping van die eerste dissipels (Matt 4:18-22) en die uitspraak in Matt 16:18 dat Petrus die rots is waarop Hy sy *ekklesia* bou, is maar twee voorbeelde. Die gemeenskap wat Hy veronderstel, is egter slegs die ware Israel omdat hulle ag slaan op sy oproep tot bekering en Hom volg (Combrink 1980:96; Luz 1995:86). In hierdie sin het Jesus wel 'n nuwe volk tot stand gebring. Combrink (1980:98) reken dat dit reeds in Matt 1:21b ("... dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos") ter sprake is. Saam met Guthrie (1981:707) en Kingsbury (1976:157) sê hy dat dit uit Matt 21:40ev (die gelykenis van die wingerd) duidelik is dat die koninkryk van Israel weggeneem en aan 'n ander volk gegee sal word. Luz (1995:86ev) sê in hierdie verband dat die saad wat op die vrugbare grond geval het, op die dissipels betrekking het en die saad in die pad op die res van Israel (Matt 13:1-8, 18-23). Die gemeenskap wat Jesus as die ware Israel rondom Hom begin vergader het, het algaande 'n afsonderlike gemeenskap los van 'Israel na die vlees' (Combrink 1980:96) begin word (Luz 1995:91). Dit is immers slegs gebondenheid aan Jesus en wat Hy leer wat bepaal of iemand ingesluit is in die dissipelgemeenskap. Dit is verder duidelik dat Jesus ook gekom het om die randfigure in Israel in te sluit – die tollenaars en die prostitute. Hieruit blyk dit dat die groep wat Jesus om Hom versamel nie 'n geslote groep is nie, maar oop is vir enige een wat bereid is om Jesus te volg en die wet soos Hy dit interpreteer, uit te voer. Dit sluit ook mense uit die heidendom in[26] (Brown 1984:129evv). Trouens, dit is juis hierdie gemengde gemeenskap wat Jesus *mou ten ekklesian* (Matt 16:18) noem (Brown 1984:130). Die term *ekklesia* vind sy oorsprong in die Ou Testament term *qahal Jahwe*[27] (volk van God). Wanneer Jesus dan praat van *mou ekklesia*, skep dit die indruk dat dit op die minste om 'n nuwe volk van God in die plek van Israel gaan.[28] Hierdie nuwe volk is dan die dissipelgemeenskap gebonde aan Jesus.

---

[26] Vergelyk byvoorbeeld Matt 28:19ev waar dissipels uit al die nasies gemaak moet word en hulle moet leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het.

[27] *Qahal* word in die LXX deurgaans vertaal met *ekklesia*, en nie *kennishta* of *sunagoge* nie (Ladd 1974:109ev). Dit gee aan die *ekklesia* die idee van 'n gemeenskap of vergadering van mense (Combrink 1980:98).

[28] Schweizer (1961:21ev) se argument dat die feit dat Jesus nie 'n kerk wou stig nie afgelei kan word uit die feit dat die woord *ekklesia* slegs twee keer in die vier Evangelies voorkom, en dit boonop debateerbaar is of dit uit Jesus se mond kom, kan nie aanvaar word nie. Wat wel as 'n goeie argument gebruik kan word in die vraag of Jesus 'n aparte kerk los van Israel wou stig, is die vraag of die idee van so 'n aparte gemeenskap in sy woorde en dade na vore kom of nie.

Die gebruik van die woord *ekklesia* in Matt 18:19 (dié woord kom slegs twee keer in die Evangelie voor) as deel van die sogenaamde gemeentereël, versterk eerder hierdie gedagte as om dit te weerspreek.

Die dissipelgemeenskap is dus in en deur hulle verbondenheid aan Jesus Christus die volk van God, die ware Israel wat die Messias wat God so lankal belowe het, erken.

3.2.6 Dissipelskap is broederskap

Dissipelskap behels in die Evangelie volgens Matteus nie net `n besondere verhouding met Jesus Christus nie. Die term *adelphos* kwalifiseer ook dissipelskap in Matteus se Evangelie op `n betekenisvolle manier. Van Zyl (1987:251) sê dat dit juis die besondere wyse is waarop Matteus die term "broers" gebruik "wat die term tot spesifieke ekklesiologiese konsep maak, en wat in sodanige kontekste voorkom dat dit vir alle praktiese doeleindes as referensiële sinoniem vir *mathetes* beskou kan word". Volgens hom is broederskap, naas dissipelskap "dus dié tipering van die Matteaanse kerk: dis `n gemeenskap van dissipels van Jesus, en van broers onderling". Hy verwys in hierdie verband ook na Frankemölle (1974:179) wat Matt 23:8 ("... julle is almal broers") as die leuse van Matteus se kerk beskou. Hy wys verder op die feit dat die dissipels Jesus Christus se Vader ook as 'Vader' mag aanspreek, en Jesus as hulle Broer het. Hulle kan dus nie anders as om mekaar se broers te wees nie. Van Zyl (1987:251ev) kry 'n verdere insiggewende aanduiding van die ekklesiologiese belangrikheid van die term broers in die verband tussen die gebruik van dié woord in Deuteronomium en die feit dat dit veral in Matt 18 saam met die term *ekklesia* gebruik word.[29] Volgens hom (1987:252) gee dit aan die gebruik van die woord in Matteus "`n teologiese meerwaarde". "Dit is naamlik die broers van die verbondsgemeente (*ekklesia*) wat die roeping het om in die Naam van die groot Broer, die Immanuel (vgl 18:19-20), die wil van God (= liefde) in volhardende bemoeienis en vergiffenis teenoor die sondigende broer uit te leef" (Van Zyl 1987:252). Dat hierdie term deur Matteus gebruik word om duidelik iets te sê oor die hegte verhouding binne `n gemeente tussen lidmate, word onderstreep deur die inhoud wat hy hieraan gee. Behalwe vir die verwysing in byvoorbeeld Matt 12:49-50 na die verband

[29] In Van Zyl (1987:105ev) se bespreking van die *Begriffsgeschichte* van *ekklesia* het hy oortuigend daarop gewys dat daar `n noue verband is tussen Matteus en veral die boek Deuteronomium. Hieruit kom hy tot die gevolgtrekking dat die ooreenkomste tussen die teologiese gebruik van 'broer' in die verbondsboek Deuteronomium en die verhouding tussen die begrippe broer en *ekklesia* in Matteus, laasgenoemde in `n verbondsraamwerk plaas (Van Zyl 1987:251ev).

tussen broer van Jesus te wees en die doen van die wil van die Vader, is daar eerstens die belangrikheid van vergifnis (Van Zyl 1987:251). Dit word veral duidelik as Matt 5:22-24 en 6:12, 14-15 gelees word in die lig van Matt 18:12-35 (die broer wat sondig en tereggewys moet word binne die raamwerk van die verlore skaap en plig om oneindig te vergewe). Hieruit volg die tweede belangrike saak, naamlik die besorgdheid wat daar moet wees oor mekaar se verbondenheid aan Jesus (uitgedruk in gehoorsaamheid aan Hom) en aan mekaar. In Matt 18:12-17 gaan dit eers oor die "gaan soek na die verlore skaap en die blydskap oor sy terugkeer" en dan "Wanneer jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen". Hoeveel hiervan nog in die kerkbegrip van gelowiges in Suid-Afrika tot sy reg kom, is `n ope vraag. Die kerk as dissipelgemeenskap is dus ook mekaar se broers - `n gemeenskap wat gekenmerk word deur besorgdheid oor mekaar se verbondenheid aan Jesus Christus en deur vergifnis.

3.2.7 Die dissipelgemeenskap is as *corpus mixtum* nie die Koninkryk van God nie.

Uit die gelykenis van die wingerd (Matt 21:43) blyk dit dat die koninkryk van God van Israel weggeneem is en aan `n nuwe volk gegee sal word (Schnackenburg 1974:70ev; en ander). Die vraag is of die dissipelgemeenskap en die koninkryk met mekaar geïdentifiseer kan word? Die relevansie van hierdie vraag blyk daaruit dat die tema van die koninkryk[30] `n baie belangrike tema in Matteus is. Juis omdat die kerk so groot rol in die Evangelie speel, kan die idee maklik ontstaan dat die twee sinonieme is. Tog is dit belangrik om te besef dat, hoe belangrik die koninkryk in Matteus se Evangelie ook al is, die groep mense wat Jesus om Hom versamel het (as eerste kerk) nie die koninkryk van God is nie (Van Zyl 1987:239ev). Daarvoor lê die evangelis te veel klem op die swakhede van die dissipels en op die kerk as *corpus mixtum* (Kingsbury 1976:158; Schweizer 1961:56). Uit die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Matt 13:24-30) en oor die bruikbare en onbruikbare visse in een treknet (Matt 13:47-50) is dit duidelik dat die kerk `n "gemengde" karakter sal dra tot en met die wederkoms van Jesus (Ladd 1974:113). Dit beteken dat nie almal wat deel is van die kerk as dissipelgemeenskap, erfgename van die koninkryk is nie (Bornkamm 1972:44; Ladd 1974:113). Dit beteken ook dat nie almal wat deel is van die dissipelgemeenskap, werklik in geloof verbonde is

[30] Van Zyl (1987:237) sê dat dit algemene kennis is dat Matteus by enkele uitsonderings, 'koninkryk van God' vervang met 'koninkryk van die hemel'. Volgens hom (en dit is ook `n algemeen aanvaarde teorie) moet daar geen betekenisverskille hierin gelees word nie. Vanuit die Joods-Christelike karakter van

aan Jesus Christus nie. Dit word onderstreep deur ander gelykenisse wat handel oor die laaste oordeel, maar veral ook dat Judas Iskariot deel was van die twaalf (Engelbrecht 1995a:143). Die gemengde karakter van die kerk kom ook na vore in die swakhede, tekortkominge en sondes van die dissipels self (Kingsbury1976:158). Alhoewel Matteus se beeld van die dissipels beter is as die van Markus, is hy geensins skaam om hulle foute uit te wys nie (Engelbrecht 1995a:145). Dit geld veral vir Petrus, wat as die eerste onder gelykes tog duidelik voete van klei het. Hierdeur sê die evangelis dat die dissipelgemeenskap totdat Jesus weer kom, nooit volmaak sal wees nie. Hiermee saam word nêrens in die Evangelie die gedagte genoem of geïmpliseer dat die koninkryk gebou of uitgebrei moet word nie (Schweizer 1961:20), terwyl dit juis is wat met die dissipels en die gemeenskap wat na hulle ontstaan, (moet) gebeur. Tog is dit vir die selfbegrip van die kerk belangrik dat die dissipels wel geteken word as instrument van die koninkryk, in die sin dat hulle dit moet aankondig en dat heerskappy van God ook in hulle doen en late sigbaar moet wees (Combrink 1980:100), asook dat hulle erfgename daarvan is. Aan die kerk is ook die sleutels van die koninkryk gegee (Combrink 1980:101; Ladd 1974:117). Die oop en toesluit daarvan vind egter nie net in dissiplinêre kwessies plaas nie, maar ook wanneer die koninkryk verkondig word en mense dit aanneem of verwerp (Combrink 1980:101; Ladd 1974:117ev). Die kerk is egter steeds, net soos Israel, nie besitters van die koninkryk nie, maar alleen pagters (Combrink 1980:101). Die kerk leef dus in afwagting op die finale koms van die koninkryk met Jesus se wederkoms. Dit beklemtoon dat, hoewel die kerk in die wêreld leef en iets van die wêreld in hom ronddra, dit nie kan opgaan in die wêreld of selfs van hierdie wêreld kan wees nie. Die kerk as dissipels van Jesus is nog op pad na sy finale bestemming en het dit dus nog nie bereik nie. Dit bring die kerk noodwendig in 'n spanning tussen die hede en die toekoms met die oproep om te "waak" wat daarmee saamgaan, want vanuit hierdie hoek gesien sal die kerk tot aan die einde van die tyd met 'n stuk heilsonsekerheid leef (Pelser 1995:666). Van 'n sektariese triomfantalisme is hier dus geen sprake nie (Brown 1984:132). Die "waak" impliseer aan die ander kant dat die kerk se assosiasie met die koninkryk inhou dat hulle verbonde moet bly aan die Een met wie se koms die koninkryk van God naby gekom het en finaal sal aanbreek. En om aan Hom verbonde te bly, beteken om alles wat Hy die dissipels geleer het, te onderhou (Matt 28:20). Hier word die dissipelgemeenskap se gebondenheid aan en navolging van Jesus Christus weer

---

Matteus moet ons dit bloot sien as 'n manier om die naam van God te vermy.

eens beklemtoon. Benewens die imperatief wat spruit uit die dissipelgemeenskap se assosiasie met die koninkryk, is daar ook `n stuk troos in hierdie gedagte. Die kerk leef nou reeds in die sfeer van die genadige heerskappy van God (Kingsbury 1976:160; Van Zyl 1987:238). Dit beteken dat die kerk ondanks sy tweeledige gemengde karakter, kan vashou aan die werklikheid van redding en aan die verwagting om die koninkryk te erf (Bornkamm 1972:46; Van Zyl 1987:238). Die magte van die dood sal dit nie kan oorweldig nie (Matt 16:18; Ladd 1974:116).

3.3 DIE KERK AS `N NIE-HIËRARGIESE GEMEENSKAP MET `N AFGELEIDE GESAG

3.3.1 `n Duidelike nie-hiërargiese tendens

Alhoewel daar geen eksplisiete verwysing na kerklike ampstitels soos *presbuteroi*, *diakonoi* of *episkopoi* in Matteus is nie, skemer daar volgens Van Zyl (1987:255ev) tog `n tendens van veramptelikíng in Matteus se gemeente deur, en wat deur hom bestry word in sy Evangelie. Dit is veral die anti-farisese wee-rede in Matt 23, en by name die afwysing van enige titels in Matt 23:7-12, wat die idee skep dat daar wel tendense in Matteus se gemeente was waar mense aanspraak gemaak het op sekere titels. Hierdie idee word versterk deur die feit dat terme soos *adelphos*, *paidon* en *mikros* op die hele gemeente slaan (vgl §3.2.4) en dat dit nie net "ampsdraers" is nie, maar die hele gemeente wat die broer wat sondig, moet vermaan (Matt 18:17) en die gesag het om oop of toe te sluit (Matt 18:18). Hierdie wyse waarop Matteus die tendens tot veramptelikíng bestry, wys duidelik dat hy die kerk as `n nie-hierargiese gemeenskap beskou (vgl ook Brown 1984:128 en Schweizer 1961:23). `n Verdere aanduiding hiervan is volgens Van Zyl (1987:245) die feit dat Matteus die term *apostoloi* slegs een keer gebruik (Matt 10:2), teenoor die vele kere wat dit in Lukas se Evangelie voorkom. Die rede hiervoor is waarskynlik daarin te vind dat die apostelfiguur in die vroeë kerk so `n groot plek ingeneem het dat die gemeente nie daarmee kon identifiseer nie (Van Zyl 1987:245). Deur die deurgaanse gebruik van die *mathetes* en die gepaardgaande vermyding van *apostolos* "verhoog Matteus dus die transparansiemoontlikhede van die dissipels vir die hele gemeente" (Van Zyl 1987:145). Soos dit hierbo (§3.2.1) duidelik geword het, word die term *mathetes* as verteenwoordigend van die hele gemeente gebruik. Selfs Petrus kan ten beste as `n eerste onder gelykes beskou word en kry so geen uitsonderingsposisie nie. Die dissipels verteenwoordig dus geen afsonderlike amp in die Evangelie nie. In Matteus val die klem dus deurgaans op die onderlinge gelykheid van die gelowiges (Van Zyl

1987:254).

3.3.2 Jesus Christus as die "Ampsdraer"

Deur sy klem op die onderlinge gelykheid van die gelowiges in die gemeente, wil Matteus aan die ander kant die klem op Jesus (saam met die Vader) as die "Ampsdraer" van die gemeente laat val. Dit word veral duidelik uit Matt 23:8-10: "Maar julle moet julle nie 'rabbi' laat noem nie; net Een is julle leermeester en julle is almal broers. Moet niemand hier op aarde as 'vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle leier: die Christus". By implikasie dui alles wat hierbo oor dissipelskap en verbondenheid aan Jesus gesê is, ook hierop. Dit is telkens Jesus wat met gesag onderrig aan sy dissipels gee (Van Zyl 1987:243). Dit skep die indruk dat dieselfde tipe verhouding tussen Hom en hulle bestaan as tussen die Joodse rabbi's en hulle leerlinge. Die verskil tussen hulle en Jesus en sy dissipels is egter insiggewend (Bornkamm 1972:40; Van Zyl 1987:242ev). Waar `n leerling homself aanmeld met die doel om self eendag te vorder tot rabbi, is dit Jesus wat self sy dissipels roep. `n Dissipel bly ook sy lewe lank `n dissipel. `n Rabbi onderrig sy leerlinge in die *torah* en leer hulle om dit te interpreteer met die doel om dit te onderhou tot in die fynste letter. In Jesus se geval onderrig Hy sy dissipels in die wet soos Hy dit interpreteer met die doel dat dit die norm word om te bepaal of die dissipelgemeenskap vrug dra al dan nie. `n Verdere verskil gaan oor die klem in die Evangelie dat die dissipels Jesus se voorbeeld moet volg. Matt 16:18, waar Jesus dit duidelik stel dat Petrus, as belyer, die Rots is waarop hy sy *ekklesia* sal bou, sê ook duidelik dat Jesus die "Ampsdraer" is. Hy doen self die bouwerk op die fondament van Petrus se belydenis dat Hy die Christus is (Combrink 1980:98). Die feit dat dit Jesus is wat aan die kerk die volmag gee om oop te sluit of toe te sluit (Mat 16:19 en 18:18) dui ook op sy gesag in die gemeente (Combrink 1980:99), alhoewel hier ook iets sigbaar word van `n "delegering" van gesag.

3.3.3 Besondere bedieninge in Matteus

Jesus se posisie as die "Ampsdraer" in die gemeente en die feit dat gelowiges onderling gelyk is, beteken nie dat daar geen besondere bedieninge in Matteus se gemeente gefunksioneer het nie. Daar is egter geen status daaraan toegeken nie, behalwe die van dienslewering (Van Zyl 1987:257). Dit is opvallend dat die bekende bedieningsbenaminge van die vroeë kerk, soos *presbuteroi*, *diakonoi* of *episkopoi*, nie in

die Evangelie voorkom nie. Die wat wel voorkom as moontlike besondere bedieninge, is volgens Van Zyl (1987:255) *grammateus, didaskalos, kathegethes, rabbi, pater* en *prophetes*. Dit is opvallend dat die eerste vier almal verband hou met die belangrike tema van onderrig. Een van die wyses waarop die dissipelgemeenskap aan Jesus verbonde bly, is om gebonde te bly aan sy onderrig. Hierdie bedieninge vervul dan die funksie om dit te bereik (Van Zyl 1987:256ev). In hierdie verband was die *didaskalos*, volgens Van Zyl (1987:256ev) die een wat die taak gehad het om die "egte Jesustradisie" oor te lewer – en dus geen "vrye leer" nie -, terwyl die *grammateus* dit telkens in 'n nuwe perspektief moes stel binne die konkrete situasie van die gemeente. Die *prophetes*-amp (Matt 10:41 en 23:34) was waarskynlik rondreisende Christelike profete wat die taak gehad het om die gemeente tot hulle Christelike roeping op te wek (Van Zyl 1987:258). Hulle bediening het 'n sterk charismatiese karakter gedra met profetiese verkondiging, duiweluitdrywing en die doen van tekens en wonders as deel daarvan. Uit die noue verhouding wat daar volgens Van Zyl (1987:259) tussen die dissipels en die charismatiese bediening van die profete is, en die feit dat beide die dissipels en die profete se bediening volgens hom in dieselfde kader staan as die charismatiese bediening van Jesus,[31] word die belangrikheid van hierdie bediening vir die vroeë kerk gerelativeer. Dit wil verder volgens hom (1987:260) voorkom of die profetebediening later deur die "leraarsamp" vervang is, waarskynlik vanweë die moeilike taak om te onderskei tussen die ware en valse profete. Dit is dan ook om dié rede dat Roloff (1993:168) van mening is dat Matteus in sy Evangelie 'n kritiese afstand teenoor die Christelike profete handhaaf. Die term *pater* word in Matteus so min as moontlike bedieningstitel gebruik dat daar baie moeilik iets uit afgelei kan word.

Enige bediening of funksie van mense binne die gemeente wat in Matteus se Evangelie na vore kom, moet gelees word binne die raamwerk van die gelykheid van al die gelowiges in die dissipelgemeenskap en Jesus as die eintlik "Ampsdraer". Op sy beste is dit 'n verlengstuk van Jesus se bediening op aarde, in diens van die gemeente as die eintlike voortsetter daarvan (Matt 28:19-20).

---

[31] In Matt 10:40-42 word *prophetes* in dieselfde asem as die *mikros* en die *mathetes* genoem. Dit beteken volgens Van Zyl (1987:259) dat die hele dissipelgemeenskap eintlik betrek word by die charismatiese bediening van Jesus.

3.3.4 Die dissipelgemeenskap as instrument in God se hand

Die afskeidswoorde van Jesus aan sy dissipels, as verteenwoordigend van die hele dissipelgemeenskap in Matt 28:18-20, is belangrik vir die selfbegrip van die kerk. Jesus gee hier 'n duidelike opdrag wat beteken dat dit wat hier aan die kerk gesê word, onder gesag van Jesus self uitgevoer word. In die lig van wat hierbo gesê is oor die oorheersende plek van *mathetai* in die kerkbegrip van Matteus, is Jesus se opdrag om dissipels te maak (*matheteusate*) insiggewend. Alles wat oor die verhouding tussen die aardse Jesus en sy dissipels gesê kan word vanuit die Evangelie, geld vir die latere kerk. Daar is geen breuk of diskontinuïteit tussen die sogenaamde tyd van Jesus en die sogenaamde tyd van die kerk nie (Bosch 1991:74). Wanneer ons dit saamlees met Jesus se roeping van sy dissipels, is daar ook 'n duidelike band tussen dit wat Jesus kom doen het, en waarmee die kerk op sy gesag moet voortgaan (Engelbrecht 1995a:140). Dit is egter nooit iets wat los van, of buite om Jesus self kan gebeur nie. "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde" (Matt 28:18) beteken dat die kerk hierdie opdrag uitvoer op grond van die hoogste gesag wat daar is. "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt 28:20) verseker die kerk dat hulle hierdie opdrag nooit sonder Hom uitvoer nie. "Doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" (Matt 28:19) slaan op hulle inlywing as dissipels in die dissipelgemeenskap (Noordegraaf 1990:29) in die Naam en dus op gesag van God. "Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28:20) druk weer eens die onlosmaaklike band tussen die dissipelgemeenskap en Jesus uit. Om gebonde aan Jesus te wees, is om aan sy onderrig gebonde te wees. Op hierdie manier gebruik Jesus sy kerk om sy werk op aarde voort te sit, en is die kerk van alle tye onlosmaaklik gebind aan die historiese persoon van Jesus Christus en wat Hy gedoen en geleer het.

Die belangrike hier is dat Jesus, volgens Matteus, nie sy werk voortsit buite die konkrete dissipelgemeenskap om nie. Hier is nie sprake van 'n direkte werking van die Gees in individuele gelowiges se lewe buite die arbeid van die kerk om nie. Weliswaar staan die kerk onder gesag en in opdrag van Jesus Christus self, maar as sulks is dit die instrument waardeur God die ware Israel vasbind aan die Messias.

3.3.5 Die gesag om te dissiplineer

As *corpus mixtum* staan die dissipelgemeenskap altyd onder die gevaar om los te raak van Jesus Christus. Een van die belangrikste maniere waarop Jesus self sy *ekklesia* aan

Hom gebonde hou, is om aan die dissipelgemeenskap self gesag te gee om met sondaars te handel. Hy stel uiterlike middele tot beskikking van die kerk om gelowiges te help om by die onderrig en voorbeeld van Jesus te hou. Hier is Matt 18 baie belangrik, veral Matt 18:10-35. Tradisioneel is die sogenaamde "gemeentereël" (Noordegraaf 1990:29) in Matt 18:15-17 die *locus classicus* vir die kerklike tug. Selfs op sy eie gelees, word die byna koue amptelikheid van die huidige reëlings rondom formele kerklike tug wat hieruit afgelei is, tog duidelik gekwalifiseer deur die besorgdheid vir die broer wat sondig. Veral die reëling dat jy met jou broer privaat moet gaan gesels, en daarna eers getuies saamvat voordat jy dit vir die gemeente sê, wys op hierdie besorgdheid. Die konteks waarbinne hierdie uitspraak opgeteken is, onderstreep hierdie feit. Direk voorafgaande is die gelykenis van die verlore skaap, wat afsluit met "So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie." Direk hierna volg "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen". En dan volg die uitsprake en gelykenis oor die vergewing van sonde "tot sewentig maal sewe keer" vanaf Matt 18:21. Die wyse waarop die kerk met die sondes in sy midde werk, word oorheers deur die besorgdheid oor mekaar se geestelike welsyn. Van Zyl (1987:268) wys in hierdie verband duidelik op Matteus se "besondere klem op **geduld** en **vergiffenis** in kerklike dissipline...". Midde hierin is egter die reëling dat waar iemand dan volhard in sy sonde, ondanks die pogings om hom tot bekering te oortuig, hy uiteindelik van die gemeente afgesny moet word. In aansluiting hierby volg die volmag wat aan die gemeente gegee word om toe te sluit of oop te sluit en die belofte dat dit so gehandhaaf sal word in die hemel (Brown 1984:135; Combrink 1980:99). In die volgende paar verse word die belangrikheid van die gemeenskap van die gelowiges onderstreep. Waar twee oor 'n saak saamstem en daaroor bid, sal God die gebed verhoor. Waar twee of drie in sy Naam byeen is, daar is Hy self. Saamgelees met die volmag om oop of toe te sluit, gee dit 'n bepaalde gesag aan die dissipelgemeenskap.

Hierdie volmag wat aan die dissipelgemeenskap gegee word, stem feitlik woordeliks ooreen met dit wat in Mat 16:19 aan Petrus gegee word. Dit wil voorkom asof 'n mens nie die twee gedeeltes afsonderlik van mekaar kan verstaan nie. In Matt 16:18-19 is Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is, die fondament waarop Jesus sy *ekklesia*[32]

[32] *Ekklesia* beteken hier die dissipelgemeenskap wat verbonde is aan Jesus. Hier gaan dit egter oor die kerk in die algemeen teenoor Matt 18 waar *ekklesia* op die plaaslike gemeente slaan (Combrink 1980:98).

bou.[33] In dieselfde asem word Petrus aangedui as die een wat die sleutels van die koninkryk in sy hand het. Wat hy op aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly en wat hy op aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. Wat in Matt 18 van die gemeente gesê word, word hier van Petrus gesê. Oor hoe Petrus se rol in hierdie verband verstaan moet word, word by die bespreking van die besondere bedieninge in Matteus meer gesê (§3.2.3). Hier word volstaan met die opmerking dat Petrus gesien moet word as die verteenwoordiger van die dissipels, wat op hulle beurt die kerk verteenwoordig. Daarmee saam wil dit ook lyk dat, as 'n opvolger vir Petrus gesoek met word, dit die gemeente sal wees (Matt 18:17; Schweizer 1961:59; Van Zyl 1987:248). Die belangrike hier is egter dat dit duidelik is dat Jesus aan die kerk as dissipelgemeenskap 'n gesag toeken wat in die hemel erken word (Bornkamm 1972:45ev). Oor wat presies bedoel word by oopsluit en toesluit, is daar nie eenstemmigheid nie. In die verband van die broer wat sondig en uiteindelik van die gemeente afgesny moet word aan die een kant, en die plig om te vergewe aan die ander kant, lyk dit asof dit in Matt 18, in elk geval gaan oor die beslissings wat die gemeente in dissiplinêre aangeleenthede neem (Combrink 1980:99). In die geval van Matt 16, waar die belydenis van Petrus die fokuspunt is, lyk dit weer asof dit gaan oor die getuienis van die dissipels aangaande Jesus (Combrink 1980:99; Schweizer 1961:59ev). Dit beteken volgens Noordegraaf (1990:28ev) dat die gemeente te alle tye aan die gesaghebbende getuienis van die apostels (in hulle na-pase hoedanigheid) aangaande Jesus se leer en voorbeeld gebonde is. Saam gesien sal dit dan waarskynlik geld dat die gemeente in sy dissiplinêre handelinge die getuienis van die apostels as norm neem op grond waarvan hulle oopsluit (vergewe) of toesluit (as heiden en tollenaar behandel). Saamgevat beteken dit dat die dissipelgemeenskap gesag van God (Brown 1984:135) ontvang het om dissipline binne die gemeenskap uit te oefen met dit wat Jesus geleer en geleef het, as norm. Die wyse waarop dit gebeur, is deur middel van vermaning waarby die gemeente in sy geheel toenemend betrek word en uiteindelik afsnyding uit die gemeente. Dit natuurlik met die terugwen van die sondaar en vergifnis as oorheersende oogmerk (vgl Bornkamm 1972:49; Combrink 1980:99; vgl ook Van Zyl 1987:268evv vir die belangrikheid van die tema van vergifnis in Matteus se Evangelie).

[33] Noordegraaf (1990:28) sê dat Jesus hier bou op Petrus se kwaliteit as belyer, as apostel en as gevolmagtigde geroepene. Vir Combrink (1980:99) is Petrus hier die verteenwoordiger van die twaalf wat Jesus as Christus bely. Schnackenburg (1974:33ev) verdedig hierteenoor die gedagte dat die verse dui op Petrus se primaatskap onder die twaalf. Die *ekklesia* word dus gebou op Petrus as leier van die twaalf. Minear (1960:51) is waarskynlik reg as hy sê dat daar geen enkele interpretasie moontlik is wat deur die meerderheid eksegete aanvaar sal word nie. Hier word gekies vir 'n interpretasie wat klem lê op die belydenis van Petrus as verteenwoordiger van die dissipelgemeenskap (Luz 1995:80, 92; Van Zyl

Dus nie net die innerlike tugtiging en die vryspraak deur die Gees soos wat sommige groepe vandag beweer nie, maar ook uiterlike middele in die hand van die gemeente self op gesag van God.

3.4 SAMEVATTING

3.4.1 Jesus is die gesaghebbende "Ampsdraer" in die kerk. As "Ampsdraer" bind Hy die kerk aan Hom deur sy onderrig en leiding vas.

3.4.2 Die kerk vind sy oorsprong, voortbestaan en toekoms in die roeping en opdrag van Jesus Christus, en vind daarom ook die sin van sy bestaan in dissipelskap.

3.4.3 Die kerk is die volk van God, die ware Israel, wat die Messias as dissipels volg en deur Hom onderrig word in die wet soos Hy dit geïnterpreteer het.

3.4.4 Die kerk is as dissipelgemeenskap korporatief: Individue is slegs deel van die gemeenskap as hulle Jesus Christus as dissipels volg, deur Hom onderrig word en Hom gehoorsaam. Hierdie dissipelskap maak hulle egter onlosmaaklik deel van die dissipelgemeenskap, die *ekklesia* van Jesus Christus.

3.4.5 Die kerk is `n broederskap wat verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar en besorg is oor mekaar se verbondenheid aan Jesus. In opdrag van Christus het hulle die gesag om mekaar te onderrig in en te dissiplineer met Jesus se leer en voorbeeld as norm. Vergifnis speel hier `n oorheersende rol.

3.4.6 Met die oog op die onderrig is daar wel besondere bediening in die gemeente, maar so sterk is die klem teen enige vorm van hiërargie dat dit heeltemal onderbeklemtoon word. Die rol van die gemeente as geheel word hierteenoor sterk beklemtoon.

3.4.7 Jesus is en bly die "Ampsdraer" wat in en deur die gemeente werk om die ware Israel aan hulle Messias vas te bind. En die ware Israel is diegene wat as dissipels aan Hom verbonde is en Hom volg in die wet soos Hy dit geïnterpreteer en self uitgeleef het.

1987:245).

3.4.8 Die kerk is nie `n volmaakte gemeenskap nie. Dit het enersyds mense wat nie werklik aan Jesus gebonde en dus nie erfgenaam van die koninkryk is nie. Andersyds is die ware dissipels self vol foute en tekortkominge. Juis om hierdie rede is die onderrig en dissipline deel van die kerk se leefwyse. En daarom sien dit ook uit na die wederkoms.

3.4.9 Die kerk is `n missionêre gemeenskap wat lewe om mense uit alle nasies deel te laat word van die dissipelgemeenskap.

4. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS MARKUS

4.1 INLEIDING

Die gemeenskap van gelowiges wat implisiet agter die skryf van die Evangelie volgens Markus lê, het druk van binne en van buite beleef (Pelser 1995:651). Van binne het vals Christusse die probleem van die uitgestelde wederkoms uitgebuit deur die gelowiges te probeer mislei (Mark 13:5, 22, 34-36). Van buite is die gemeente deur die Jode en nie-Jode vervolg (Mark 13:9). Daarom vertel Markus die verhaal van Jesus Christus op so manier dat dit by implikasie iets te sê het vir die kerk van sy dag.

In die Evangelie volgens Markus word die kerk geteken as 'n korporatiewe dissipelgemeenskap wat Jesus op sy lydensweg bly volg tot by sy wederkoms.

4.2 'N DISSIPELGEMEENSKAP

4.2.1 Geroep, toegerus en uitgestuur deur Jesus

Die Markus-evangelie sê baie duidelik dat die bestaan en die opdrag van die kerk by Jesus self berus (Noordegraaf 1990:31). Hy het die twaalf dissipels, as verteenwoordigend van die latere kerk, geroep om Hom te volg, uitgestuur om as vissers van mense die evangelie te verkondig en hulle te vorm deur hulle met onderrig en voorbeeld te vertel wie Hy is en wat Hy kom doen het (Noordegraaf 1990:30ev). Met die instelling van die nagmaal het Hy sy verhouding met hulle in terme van die verbond uitgedruk, 'n verbondsverhouding wat gegrond is in die offer wat Hy aan die kruis gebring het (Schweizer 1971:302, 304). Die nagmaal is dan die teken dat hulle deel het in die nuwe verhouding met God en met Christus as hulle Here (Schweizer 1971:304). Hiermee word die onlosmaaklike band tussen Jesus en sy kerk duidelik uitgespel.

Gelowig-wees, en dus lidmaat-wees berus op dit wat sy eerste dissipels van Hom gehoor en ontvang het. Op grond hiervan is die kerk dus ook aan Hom vasgebind, uitgestuur om die evangelie te verkondig en lidmate toe te rus vir hulle verkondigingstaak (Noordegraaf 1990:31).

Hierdie band tussen Jesus en die gemeente beteken egter ook dat die kerk toekomsgerig is. In die evangelie word die kerk gewaarsku dat lyding en swaarkry sy voorland is, maar met die belofte dat Jesus weer sal kom en dat diegene wat tot die einde volhard, as sy volgelinge sal deel in sy heerlikheid (Noordegraaf 1990:31; vgl Mark 13).

Volgens Giles (1995:48) wys die vyandigheid van die Jode teenoor Jesus (Mark 2:6evv; 3:6, 22; 11:18; 14:1ev) en die feit dat die twaalf dissipels die kerk verteenwoordig, daarop dat die kerk in die Markus-evangelie beskou word as God se volk van die eindtyd. Die duidelike verbondsverhouding wat met die nagmaal uitgedruk word (Schweizer 1971:302, 304), asook die feit dat die doop 'n openlike belydenis en 'n verseëling in die verbond van God is (Groenewald 1981:180; Schweizer 1971:377), bevestig hierdie siening. So is Jesus dan die stigter, die heerser en die toekoms van die kerk.

4.2.2 Dissipels op Jesus se lydensweg

Markus teken die dissipels van Jesus in 'n negatiewe lig as volgelinge van Hom wat enersyds nie verstaan het dat dissipelskap uit lyding bestaan en andersyds ook nie aan die ideaal daarvan voldoen het nie (Giles 1995:48ev; Pelser 1995:649ev). Giles (1995:49) sê dat hierdie tekening van die dissipels as 'n bemoediging en troos vir die Markus-gemeenskap, wat waarskynlik self gesukkel het om Jesus te volg, bedoel is. Die kern van hierdie ideaal het alles te doen met die lewe van Jesus Christus self. Hy word hier veral voorgestel as die lydende Seun van die Mens wat tydens sy lewe verwerp is, gely het en doodgemaak is (Noordegraaf 1990:30) en die dissipels word eksplisiet geroep om Hom hierin te volg (vgl Mark 8:27-10:45). Hulle moet bereid wees om te ly, te dien en die minste te wees. Dissipelskap beteken dan nie om bloot by Jesus aan te sluit nie, maar om Hom op sy lydensweg na die kruis end-uit te bly volg en so alles saam met Hom deur te maak, wat ook al die gevolge mag wees (Giles 1995:48; Pelser 1995:650). Wat Markus hieroor sê, kom daarop neer dat lede van die Christelike gemeenskap in werklikheid afstand sal doen van "al hulle vorige sekuriteite en van alle voorhande dinge in hierdie wêreld waaroor hulle beheer probeer uitoefen, ja ook hulle lewe soos hulle dit tot dusver

tot hulle eie voordeel probeer leef en beheers het. En hulle moet hulle volledig aan die nie-voorhande God oorgee, hulle lewe volledig in sy hande waag. Dit opsigself beteken al selfkruisiging" (Pelser 1995:650ev).

Die sogenaamde Messiasgeheim in die evangelie, waar Jesus mense telkens verbied om te vertel wat hulle van Hom gesien en gehoor het, gaan ook oor die feit dat die Messias slegs deur geloof herken kan word vir wie Hy is. Markus het juis sy evangelie geskryf om enersyds mense op te roep tot hierdie geloof en andersyds die lydende gemeente in hulle geloof te versterk (Noordegraaf 1990:30). Dit beteken dat 'n dissipel iemand is wat Jesus tot aan die einde volg; iemand wat Hom in geloof as die Verlosser wat God gestuur het, herken en erken. Hiermee word duidelik gesê wie deel kan wees van die gemeente.

Die dissipels het in al hierdie dinge klaaglik misluk. Daar is egter in die Markus-evangelie 'n ander groep mense wat wel geslaag het en wat dus as die ideale dissipels geteken word (Pelser 1995:651). Hulle is die sogenaamde "kleintjies": die melaatse (Mark 1:40ev), Jaïrus (Mark 5:22ev), die Siro-Fenisiese vrou (Mark 7:25-30), die kindertjies wat deur Jesus omhels is (Mark 9:36ev; 10:13-16), die arm weduwee (Mark 12:42evv) en Josef van Arimathea (Mark 15:43-46). Dieselfde geld vir die vroue rondom Jesus (Mark 14:3-9; 15:40ev, 47). Nie een van hierdie mense het aansien in die dissipelkring nie, en baie van hulle ook nie in die breë samelewing nie (Pelser 1995:651ev). Tog gebruik Markus hulle om iets oor te dra van sy ideaal vir die Christelike gemeenskap. Dit is juis hierdie "kleintjies" wat elke keer beïndruk met hulle geloof, hulle nederigheid, hulle afhanklikheid en hulle bereidheid tot diens (Pelser 1995:652).

4.2.3 'n Korporatiewe gemeenskap

Dit wat tot dusver gesê is oor ideale dissipelskap, het veral gegaan oor individuele dissipelskap, maar dit is ook uit die evangelie duidelik dat die oomblik wanneer 'n individu Jesus begin volg, hy deel kry aan 'n korporatiewe geloofsgemeenskap (Giles 1995:49; Pelser 1995:651). Verskeie beelde wat hier gebruik word, wys daarop: skape in God se kudde (Mark 6:34; 14:27), deel van die nuwe wingerd (Mark 12:1-11), die gemeenskap van die nuwe verbond (Mark 14:24) en om deel te wees van die eskatologiese familie (Mark 3:31-35). Die baie duidelike uitspraak dat iemand wat Jesus

volg en in die proses al sy sekerhede agterlaat, nou in hierdie tyd honderd keer soveel kry: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom (Mark 10:30), versterk die idee van 'n korporatiewe gemeenskap. Dit is egter veral die beskouing dat Jesus se volgelinge die volk van God is wat aan die kerk 'n korporatiewe identiteit gee (Giles 1995:49).

4.3 LEIERSKAP

Die enigste aanduiding van organisasie in die Markaanse kerk, word geïmpliseer in die gedeelte waar Jakobus en Johannes om ereposisies in Jesus se koninkryk vra (Mark 10:35-45; vgl ook Mark 9:33evv). Uit Jesus se antwoord is dit duidelik dat enige leierskap in die kerk geskoei moet wees op Jesus se voorbeeld (Giles 1995:49), maar ook op die voorbeeld van die "kleintjies". Dit is die "kleintjies" wat slaag, en die uitgesoekte dissipelkring wat misluk, onder meer omdat aansien vir hulle belangrik is. Leierskap in die kerk beteken dus ook om Jesus op sy lydensweg te volg, wat in hierdie verband baie goed saamgevat word in Mark 10:43evv: "Elkeen wat in julle kring groot wil wees, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

4.4 SAMEVATTING

4.4.1 Die kerk is die nuwe verbondsvolk van God, wat na die voorbeeld van Jesus Christus ook 'n lydende kerk is.

4.4.2 Vir sy bestaan, sy toerusting, sy opdrag en sy toekoms is die kerk en lidmate afhanklik van Jesus Christus en dit wat sy eerste dissipels by Hom gehoor en van Hom gesien het.

4.4.3 Die kerk is as lydende kerk 'n onvolmaakte dissipelgemeenskap wat bestaan uit mense wat in hulle bereidheid om Jesus te volg, vashou aan die ideaal om Hom as Verlosser in geloof, afhanklikheid, nederigheid en diensbereidheid, end-uit op sy lydensweg te bly volg en wat dus alle aardse sekerhede verruil het vir 'n lewe en toekoms in die hande van God, ongeag die gevolge.

4.4.4 Individuele dissipelskap, as voorwaarde, lei tot onmiddellike insluiting in die huisgesin van God, waardeur die kerk dan geteken word as 'n korporatiewe gemeenskap.

4.4.5 Enige vorm van leierskap in die kerk moet volgens die voorbeeld van Jesus Christus uit nederige dienslewering bestaan.

5. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS LUKAS EN DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

5.1 INLEIDING

Vir die ekklesiologie van Lukas-Handelinge is Jesus se uitspraak in Luk 24:46-49 en die soortgelyke uitspraak in Hand 1:8 wesenlik belangrik. Die beeld van die kerk is prominent in drie sake wat regdeur Lukas-Handelinge na vore kom. Eerstens is die Heilige Gees in albei die geskrifte die oorheersende faktor in die kerk se voortgang en arbeid. Tweedens staan die getuienis oor Jesus Christus deurentyd op die voorgrond. Derdens vertoon die twee geskrifte `n duidelike ontwikkeling vanaf Jerusalem as sentrum tot en met Rome. Dit is interessant dat laasgenoemde ontwikkeling ook saamval met die verskuiwing van die volk van God van `n suiwer Joodse beweging binne Israel, na `n derde entiteit naas Israel en die heidene, en dus as `n soort sinoniem daarvoor funksioneer.

Die kerk word in Lukas-Handelinge geteken as die een universele getuienisgemeenskap wat as instrument van die Heilige Gees en as volk van God die verlossingsboodskap van Jesus na die hele wêreld uitdra. As sulks vertoon die gemeenskap `n institusionele karakter waarbinne mense in diens van die Gees besondere funksies vervul.

5.2 DIE OORHEERSENDE ROL VAN DIE HEILIGE GEES

5.2.1 "Die Handelinge van die Gees"

Die Heilige Gees speel van die begin van Lukas se geskrifte af `n prominente rol. Volgens Lukas-Handelinge kan God se heilsgeskiedenis met die wêreld in drie fases verdeel word (Noordegraaf 1990:31; vgl ook die bespreking by §5.3). Die eerste is die fase van Israel tot by Johannes die Doper. Tydens hierdie fase het die Gees `n groot rol gespeel in die profete se werksaamheid en die geboorte-aankondiginge van Jesus

Christus (Brown 1984:65; Ladd 1974:343ev). Tydens hierdie fase was die Gees net op enkele persone uitgestort (Noordegraaf 1990:32). Die tweede fase is die van Jesus Christus, vanaf sy geboorte tot met sy hemelvaart. In hierdie fase staan Hy in die sentrum as die Een wat die dissipels om Hom versamel en onderrig. Tydens hierdie fase is die Gees in sy volheid op Hom uitgestort (Noordegraaf 1990:32). Dit is ook insiggewend dat Lukas in sy Evangelie `n meer prominente rol aan die Heilige Gees toeken as wat die ander twee Sinoptici doen (De Villiers 1980:198; Du Plessis 1980:161). Die derde fase begin met die uitstorting van die Heilige Gees.[34] Dit is die fase van die kerk tot vandag toe[35] en wat sal eindig met die wederkoms van Jesus Christus (Guthrie 1981:737). Tydens hierdie fase word die Gees uitgestort op "alle vlees" (Noordegraaf 1990:32). Binne hierdie raamwerk teken Lukas-Handelinge die vorming en groei van die kerk. Pelser (1995:653) maak die interessante opmerking dat die kerk in Handelinge `n baie sterk aardse entiteit is. Hieruit sê hy dat Lukas-Handelinge die Heilige Gees teken as die plaasvervanger van Christus by sy kerk tydens sy voortgang deur sy aardse geskiedenis.[36] Die Gees speel dan ook so `n prominente rol spesifiek in Handelinge dat Brown (1984:65) sê dat dit net sowel die Handelinge van die Gees genoem kan word. Dit is ook opvallend dat die kerk en die prominente leiersfigure eintlik nêrens in Handelinge `n selfstandige rol naas die Heilige Gees speel nie. Hulle is en bly slegs voertuie van die Gees: getuies vir Christus (Brown 1984:65, 70). Dit word onder meer duidelik uit die feit dat die prominente figure in die kerk wissel. Petrus en die apostels verdwyn mettertyd van die toneel en Paulus en die ouderlinge begin `n groter rol speel (vgl Brown 1984:65, 70). So is dit uiteindelik nie die ooggetuies van Jesus wat die band tussen Hom en die kerk is nie, maar die Heilige Gees wat deur Hom gestuur is.

---

[34] Die wyse waarop Petrus die profesie van Joël 2:28-29 oor die uitstorting van die Gees oor alle mense interpreteer, maak duidelik dat dit verbind word met die Messiaanse tyd wat aangebreek het (Ladd 1974:344ev). Dieselfde gedagte kom na vore in die verband wat getrek word tussen die uitstorting van Gees op Jesus en die rol van Johannes die Doper (Ladd 1974:343). Dit bevestig net die prominente rol van die Gees in die hele Lukas-Handelinge.

[35] Hiermee word nie bedoel dat die uitstorting van die Gees die geboorte-uur van die kerk is, soos onder andere Ladd (1974:347) en Pelser (1995:653) beweer nie. Noordegraaf (1990:37) en Schnackenburg (1974:15) sê tereg dat dit reeds in Hand 1:15 duidelik is dat die dissipelkring die kerk is. Die uitstorting van die Gees was wel die moment waarop hulle toegerus is met dit wat hulle nodig gehad het vir hulle aardse taak en roeping.

[36] Pelser (1995:654) gaan egter te ver wanneer hy sê dat dit die kerk as ruimte van die wonders en gawes van die Gees is wat die instelling van die heil is en die geskiedenis van Jesus Christus voortsit. Met hierdie standpunt neem die kerk die plek in van die Heilige Gees. Noordegraaf (1990:37) sê tereg dat in Lukas-Handelinge dit deur die Gees is dat die verhoogde Christus sy werk na sy hemelvaart voortsit. Die kerk is

5.2.2 Getuies onder leiding van die Gees

Die belangrikheid van die Gees in die ekklesiologie van Lukas-Handelinge word nog duideliker wanneer ons, tereg volgens Brown (1984:68ev), raaksien dat elke stap in die verhaal van die kerk se getuienis van Christus vanaf Jerusalem (as Joodse sentrum) tot by Rome (as sentrum van die "eindes van die aarde") gelei is deur die Gees (vgl ook Pelser 1995:653ev en Schnackenburg 1974:15ev). Telkens kom Hy na vore as die Een wat lei waar mense vol twyfel sou wees of verkeerd sou besluit. Dit is die Gees wat van 'n bang en vertwyfelde groepie mense 'n vrymoedige getuienisgemeenskap maak (bv Hand 5:1, 8; 2:33; 4:8, 31). Dit is die Gees wat sendelinge na die regte gebiede toe lei (bv Hand 8:29, 39). Dit is die Gees wat Petrus na die nie-Jood Kornelius toe lei (Hand 10:38, 44-47; 11:12-15). Dit is die Gees wat Paulus en Barnabas lei op 'n sending waar hele gemeenskappe tot bekering kom (Hand 13:2,4). Dit is onder leiding van die Gees dat die belangrike besnydeniskwessie opgelos word (Hand 15:28). Dit is die Gees wat Paulus verhinder om 'n ompad te neem wat die bring van die evangelie na Europa sou vertraag (Hand 16:6-7). Dit is die Gees wat Paulus lei om na Rome te gaan (Hand 19:21) en wat ouderlinge voorsien om die kudde te versorg met Paulus se vertrek (Hand 20:28). Dit is ook insiggewend dat die vier keer wat Lukas-Handelinge berig oor 'n uitstorting van die Gees, dit geografiesgewys saamval met die belofte aan die dissipels in Hand 1:8 (Ladd 1974:345evv; De Villiers 1977:175, 227; De Villiers 1983:92). In Hand 2:1-4 gebeur dit in Jerusalem met Joodse volgelinge van Jesus. In Hand 8:14-17 is dit Samaritane wat in Samaria gelowig word op wie Hy uitgestort word; in Hand 10:44-47 is dit op die Kornelius en die ander nie-Jode wat by hom was in Sesarea, 'n kusdorp noord-wes van Samaria; en in Hand 19:1-6 is dit mense wat deur Johannes die Doper gedoop is met wie Paulus in Efese in aanraking gekom het. Dit is verder ook insiggewend dat dit juis baie van die werksaamheid en leiding van die Gees wat hierbo genoem is, is wat op die ou end die breuk tussen die kerk en die Judaïsme veroorsaak het (Kümmel 1974:130ev). Hieruit is dit duidelik dat dit die Gees van Christus is wat die kerk op sy pad deur die geskiedenis neem. Aan hierdie heilsfeit hou die kerk tot vandag toe vas (Brown 1984:70). Dit is dus die Gees van God wat die kerk maak wat hy is. Sonder die Gees is die kerk nie kerk nie (Pelser 1995:654; Schweizer 1961:75). Andersom gesê is die uiterlike teken dat die kerk met die Gees vervul en dus waarlik kerk van Christus is, nie die spreek in tale is nie (vgl Guthrie 1981:742), maar die feit dat Hy die blye boodskap

---

wel die instrument waardeur en waarmee Hy dit doen

van Jesus Christus na die wêreld toe uitdra.[37] Met die uitstorting van die Gees in Hand 2 het die kerk onmiddellik begin getuig - 'n direkte en duidelike vervulling van Jesus se belofte in Hand 1:8 (Marshall 1970:199). Meer nog - hierdie getuienis was in die verskillende tale wat in die bekende wêreld van destyds gepraat is.

Uiteindelik is die gevolgtrekking dat wat ook al oor die ekklesiologie van Lukas-Handelinge gesê kan word, dit altyd gestempel sal wees deur die oorheersende rol van die Heilige Gees.

5.3 DIE *EKKLESIA* AS GOD SE VOLK

5.3.1 Die *ekklesia* in kontinuïteit met Israel

Die kerk is God se volk op weg deur die geskiedenis. Dit is duidelik uit die feit dat dit in direkte kontinuïteit staan met Israel, en Jesus as die Messias wat Israel verwag het[38] (Schweizer 1961:34evv, 64). Volgens Pelser (1995:652) is die tyd van die kerk die derde fase in die heilsgeskiedenis (vgl ook Noordegraaf 1990:31 en die bespreking hierbo). Die eerste fase is die een van die wet en die profete tot en met Johannes die Doper. Die tweede een is die van Jesus Christus tot en met sy hemelvaart. Die derde fase begin by die uitstorting van die Heilige Gees, 'n gebeurtenis wat deur onder andere Ladd (1974:347) en Pelser (1995:653) gesien word as die geboorte-uur van die kerk. Noordegraaf (1990:37) en Schnackenburg (1974:15) sê egter dat alhoewel dit die geleentheid was waar die kerk toegerus is vir sy taak as God se volk in hierdie wêreld tot vandag toe, dit nie die stigtingsdatum daarvan is nie omdat die idee van die kerk reeds in Hand 1:15 teenwoordig is. Die saak is egter ingewikkelder as dit, want Jesus se belofte aan sy dissipels in Hand 1:8, wat eintlik Luk 24:46-49 eggo (vgl Groenewald 1973:266 en Lindijer 1980:33), praat slegs van die feit dat die groep mense aan wie die belofte gemaak word, toegerus sal word vir hulle taak en nie van iets wat selfs net sinspeel op die stigting van 'n kerk nie. Die kerk, as God se volk, is dus reeds in die dissipels

---

[37] Volgens De Villiers (1977:226 en 1983:92) hou die spreek in tale van Hand 10:45ev en 19:6 meer verband met die glossolalie van I Kor 12-14 as met die talewonder van Hand 2. In Hand 2 is dit 'n baie meer direkte vervulling van Hand 1:8, terwyl die ander twee gevalle meer klem lê op die tale as teken van die ontvangs van die Heilige Gees. Anders as in Hand 2:2-3 was die uitstorting egter nie sigbaar nie. Hoe dit in Samaria (Hand 8:14evv) duidelik geword het dat hulle wel die Gees ontvang het, word nie gesê nie. In die breë verband van Lukas-Handelinge, soos dit in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is dit egter duidelik dat getuienis van die kerk eerder die teken van die vervulling met die Gees is as die glossolalie.

[38] Volgens Brown (1984:69) is die kontinuïteit van Israel deur Jesus tot by Petrus en Paulus een van die twee dominante faktore in die ekklesiologie van Lukas-Handelinge. Die ander een is die ingryping van die Heilige Gees op kritieke tye in die geskiedenis van die vroeë kerk.

(waarskynlik 'n groter groep as die twaalf – Hand 1:15 se sowat honderd en twintig gelowiges) teenwoordig. Dit verbind die kerk dan ook baie nouer as selfs Noordegraaf (1990:37) en Schnackenburg (1974:15) se standpunt (vgl voetnota 35, §5.2.1), aan die aardse Jesus en onderstreep die kontinuïteit wat daar bestaan. In hierdie sin is die Gees ook die aardse Jesus se plaasvervanger by sy kerk (Pelser 1995:653). Dit alles word onderstreep deur die feit dat Lukas die verhaal van Jesus en die verhaal van die kerk op dieselfde vlak langs mekaar vertel (Brown 1984:63). So het hy Jesus se verkondiging van die evangelie van die koninkryk ook op dieselfde vlak as Petrus en Paulus se verkondiging van Jesus gestel. Dit beteken dat die goeie nuus van die evangelie nie net gaan oor wat God in Jesus gedoen het nie, maar ook oor wat Hy in die Gees doen (Brown 1984:63). Dit verteenwoordig 'n belangrike aspek van Lukas-Handelinge se ekklesiologie: die bewussyn van 'n kontinuïteit waarin die kerk ten nouste verbind is met dit wat voorheen gebeur het (Brown 1984:63; vgl Guthrie 1981:732). Dit word verder onderstreep deur die feit dat wat in Handelinge gebeur, 'n vervulling van Jesus, die Messias van Israel, se belofte aan sy dissipels in Luk 24:46-49, en meer spesifiek Hand 1:8, is (Guthrie 1981:734).

5.3.2 *Ekklesia* en *qahal* as sinonieme

Die kontinuïteit tussen Israel as God se volk en die kerk word verder duidelik uit die gebruik van die woord *ekklesia* in Handelinge. Hierdie woord is in die LXX in die meeste gevalle die vertaling van die woord *qahal*, wat in die Ou Testament baie keer gebruik word in verband met die volk van God (Bromiley 1985:400ev). In Handelinge word hierdie woord in die enkel- en meervoud meestal gebruik vir die gemeente[39] (Bromiley 1985:397; vgl Lindijer 1980:135;189). De Villiers (1977:105) sê hieroor dat die feit *ekklesia* in Hand 5:11 die eerste keer gebruik word en dan met die betekenis van kerk of gemeente, daarop dui dat die gemeente reeds 'n georganiseerde eenheid vorm. Wanneer ons in gedagte hou dat dit in Hand 7:38 in die Ou Testamentiese sin gebruik word vir die Israel as die volk van God (Bromiley 1985:397), en dat die Christelike gemeente in Hand 20:28 onomwonde die *ekklesia tou theou* genoem word, word dit duidelik dat in Lukas-Handelinge Israel en die volgelinge van Jesus Christus op een lyn gesien word. Dat hulle gesien word as die eiendomsvolk van God is eweneens duidelik

[39] Behalwe in die geval van Hand 7:38 waar *ekklesia* gebruik word vir die vergadering van Israel in die woestyn, word dit in Handelinge ook nog drie keer in 'n suiwer sekulêre sin gebruik vir die volksvergadering in Efese (Hand 19:32, 39, 40; Bromiley 1985:398).

uit die konteks van Hand 20:28 wat meld dat Hy dit verkry het deur die bloed van sy Seun (De Villiers 1983:118). Die feit dat *ekklesia* in die enkelvoud in die meeste gevalle vir die gemeente gebruik word (Bromiley 1985:398), maar in Hand 9:31 vir die gelowiges of gemeentes in Judea, Galilea en Samaria onderstreep hierdie feit.

5.3.3 Die nagmaal en die pasga.

Groenewald (1973:235) wys daarop dat die nagmaal wat Jesus tydens die Paasmaaltyd ingestel het en die dissipels as broederskap saambind rondom Hom, 'n vervulling van die eerste pasga in Egipte is waardeur God destyds sy volk vergader en hulle verlos het. Nou gee Jesus sy eie liggaam en bloed tot behoud van sy volk wat nie meer 'n bepaalde nasie is nie, maar almal wat in Hom glo: die nuwe Israel. Die pasga op sy beurt kry volgens hom nou 'n nuwe gestalte soos dit in die nagmaal voortleef. Alhoewel daar in Hand 2:42, 46 net van die breek van die brood melding gemaak word in die daaglikse byeenkomste van die eerste gemeente, wil dit tog lyk asof dit die nagmaal is wat hulle gevier het (Kümmel 1974:132; Noordegraaf 1990:42).

5.3.4 Die besondere bedieninge in die vroeë kerk – Jesus se dissipels en hulle opvolgers

Die kontinuïteit bestaan volgens Brown (1984:64) ook daarin dat die besondere bedieninge wat vroeg in Handelinge 'n rol speel, diegene was wat Jesus tydens sy aardse lewe gevolg het. Paulus, as latere apostel, is deur die verhoogde Christus self aangewys, 'n posisie wat deur die kerk so aanvaar is (vgl Hand 14:3). Volgens Brown (1984:64) staan Petrus voorts in kontinuïteit met Jesus. Sy boodskap gaan oor Jesus self en hy doen dieselfde soort wonderwerke as Hy. Paulus, op sy beurt, staan weer in kontiniuïteit met Petrus (Brown 1984:64). Sy boodskap is dieselfde as Petrus s'n, sy gesag is dieselfde en hy doen ook dieselfde soort wonderwerke as Petrus. Verder: Paulus (saam met Barnabas) stel ouderlinge in die gemeentes van Klein-Asië aan (Hand 14:23),[40] en gee aan die ouderlinge in Efese die opdrag om die gemeente te versorg (Hand 20:17-37). Hy sou hierna nie weer by hierdie gemeentes besoek aflê nie (Hand 17:38). In die verband van die hele Lukas-Handelinge is hierdie feit belangrik, want so word die ouderlinge in kontinuïteit met Paulus geteken. In die geval van die gemeentes wat bestaan het uit

[40] De Villiers (1977:287) is van mening dat, alhoewel hy toegee dat die Grieks dit laat lyk asof Paulus en Barnabas die ouderlinge aangewys het, dit eintlik die gemeentes was onder leiding van die twee apostels. Lindijer (1990:59ev) volg die gang van die Grieks en sê tereg dat dit nêrens genoem word dat die gemeente

Joodse Christene,[41] is die bediening van ouderling by Israel oorgeneem en wys dit dus baie duidelik daarop dat met die kerk niks anders bedoel word as God se volk nie (Schweizer 1961:47, 71). In hierdie verband is Paulus se afskeidstoespraak in Hand 28 ook belangrik. In vers 20 sê hy dat hy `n gevangene is "ter wille van Hom wat Israel verwag". Maar op grond van die feit dat baie van die Jode aan wie hy die evangelie verkondig dit nie glo nie, sê hy voorts in vers 28: "Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heiden-nasies toe gestuur word." Die kontinuïteit tussen Israel, Jesus en die kerk wat bestaan uit Jode en nie-Jode, is onmiskenbaar duidelik (Schweizer 1961:65).

5.3.5 Die saambindende rol van die Heilige Gees

Die rol wat die Heilige Gees in Lukas-Handelinge speel (vgl §5.2), wat volgens Brown (1984:69) naas die kontinuïteitsgedagte die tweede dominante faktor in Lukas-Handelinge se ekklesiologie is, is terselfdertyd ook `n aanduiding van die kontinuïteit tussen Israel, Jesus en die kerk. Dieselfde Gees is in elkeen van die drie fases in die heilsgeskiedenis op so `n manier aan die werk dat Hy die fases nie net met sy Persoon nie, maar ook met sy handelinge aan mekaar verbind. Die profete van die Ou Testament het hulle werk onder leiding van die Heilige Gees gedoen (Noordegraaf 1990:32). So is die Messias se koms aangekondig en het Joël byvoorbeeld selfs die uitstorting van die Heilige Gees aangekondig (Joël 2:28-32). Dit is ook Hy wat betrokke is by die geboorteaankondigings van Johannes die Doper (Luk 1:15) en van Jesus self (Luk 1:35). Aan die begin van Jesus se aardse optrede is dit Hy wat uit die hemel op Hom neerdaal as teken van wie Hy is (Luk 3:22). Dit is Hy wat deur Jesus aan sy dissipels belowe is (Luk 24:49; Hand 1:8) en op hulle uitgestort is (Hand 2:4). Dit is ook Hy wat vir Petrus, ná `n visioen wat hom lei om te breek met die Judaïstiese reinheidwette, na Kornelius toe lei (Hand 10:19ev), wat vir Paulus lei tot sending onder heidene (Hand 13:2) en wat die vergadering in Jerusalem lei om met die besnydenis te breek (Hand 15:28).

---

betrokke is by die aanwys nie.

[41] Volgens De Villiers (1977:287) was die begrip "oudstes" of "ouderlinge" ook in die heidengemeenskappe bekend vir diegene wat leiding geneem het. Dit verander egter nie die standpunt dat die Christelike gemeente, soos Lukas-Handelinge hulle teken, hulleself gesien het in kontinuïteit met Israel nie.

5.3.6 Voortsetting van Joodse gebruike

Die volgende aanduiding van die kontinuïteit is die feit dat die dissipelgemeenskap voor en na die uitstorting van die Gees steeds voortgegaan het met die tempeldiens en die onderhouding van die wet (Brown 1984:64; Guthrie 1981:734) op so manier dat die hele volk hulle goedgesind was - iets wat nie sou gebeur het as hulle skielik dinge anders begin doen het nie. Die breuk wat ontstaan, was geleidelik en die oorsaak was hulle verbondenheid aan Jesus Christus as die Messias wat deur God verhoog is (Noordegraaf 1990:38ev; Schnackenburg 1974:13). Wat meer is, dit wil voorkom asof die eerste tekens van 'n breuk eerder tussen die Joodse owerhede en 'n Hellenistiese groep Christene in Jerusalem plaasgevind het (Kümmel 1974:127). Die verhouding tussen die owerhede en die meer behoudende Jode wat Christene geword het, was dus aanvanklik beter. Die breuk met die besnydenis het ook nie dadelik begin nie, en volgens alle aanduidings nie van die kant van die Joodse Christene af nie (Schweizer 1961:46).

5.3.7 Die Christelike *ekklesia* is God se volk op weg deur die geskiedenis

Israel, Jesus Christus en die kerk staan almal op die een lyn van God se heilbrengende betrokkenheid by die wêreld (Schweizer 1961:69). Die beloftes aan Israel word vervul in Jesus as Messias en in die kerk as die draer van die boodskap van die Messias (Pelser 1995:653). Die kerk is dus (as aardse entiteit) die doel van die heilsgeskiedenis (Pelser 1995:652). God het self aan die kerk sy plek in die geskiedenis toegewys, en Hom sodoende bewys as 'n God wat in die geskiedenis handel (Pelser 1995:653). Die geskiedenis word nou positief waardeer as iets waarin die kerk as 'n wêreldhistoriese grootheid sy plek het, en sy rol vervul (vgl Schweizer 1961:63). Daarom is die kerk God se volk op weg deur die geskiedenis.

5.4 DIE KERK AS UNIVERSELE GEMEENSKAP

5.4.1 Diskontinuïteit tussen Israel en die kerk

Alhoewel die kerk God se volk is wat in kontinuïteit met Israel staan, is daar ook beslissende punte van diskontinuïteit. Hierdie punte van diskontinuïteit en die veranderinge wat dit verteenwoordig, lei in Lukas se geskrifte tot 'n totale breuk met die Judaïsme. Die kerk is oop vir enige mens: Jood en nie-Jood (Schweizer 1961:69). Die enigste toegangsvereiste is geloof in Jesus Christus en die enigste inlywingsritueel is die doop (Goppelt 1982:6, 9; Kümmel 1974:131; Ladd 1974:349ev; Noordegraaf 1990:38; Schweizer 1961:41). Die kerk vervang dus Israel as God se volk, en word 'n universele

gemeenskap. In hierdie verband is dit belangrik om in te sien dat Lukas-Handelinge hierdie breuk as 'n historiese ontwikkeling sien. Beide die kontinuïteit en diskontinuïteit, asook die drie fases in die heilsgeskiedenis wat na vore kom in Lukas-Handelinge se idee van die kerk, wys daarop. In die lig hiervan is die kerk vir hom in beginsel oop vir enige verandering onder leiding van die Heilige Gees - daarom kan ou gebruike en reëls oorgeneem word sonder enige ophef, en kan nuwes gemaak word as omstandighede dit vereis (Schweizer 1961:75; vgl ook Pelser 1995:653). Lukas skets dus die prentjie van 'n kerk wat ontwikkel vanaf 'n suiwer Joodse gemeenskap tot 'n derde entiteit naas die Jode en die heidene (Schweizer 1961:66, 69, 75).

5.4.2 Jesus: ook Verlosser vir die heidene

Reeds in sy evangelie lê Lukas klem op die feit dat Christus ook vir nie-Jode gekom het (Noordegraaf 1990:32). Dit word bevestig deur die geslagsregister van Jesus in Lukas wat by Adam eindig (Luk 3:23-38), die verwysings na nie-Joodse mense wat met Jesus in aanraking was (Luk 7:1-9; 17:11-19), asook die gelykenis van die feesmaal waarheen die genooides nie gekom het nie en die gaste uit die randfigure geneem is (Luk 14:15-24 saamgelees met 13:29). Dit is egter in Handelinge wat hierdie beweging werklik momentum kry en die breuk met die Judaïsme toenemend 'n groter werklikheid word (Ladd 1974:354; Noordegraaf 1990:39ev; Schweizer 1961:45, 65). Dit word veral duidelik uit die feit dat die oopstel van die verlossing van Christus vir almal nie vir nie-Jode beteken het dat hulle ook Jode moet word om te deel in God se beloftes nie (Ladd 1974:354ev; vgl Schweizer 1961:43evv). In die visioen wat Petrus gehad het, is die reinheidswette vir alle praktiese doeleindes tot niet verklaar. Volgens Hand 15:18, 28-29 het die gemeenteleiers in Jerusalem besluit om geen hindernis in die weg van die heidene te lê nie, en dat nie-Jode wat Christene word, dus nie besny hoef te word nie. Die doop het begin geld as die enigste inlywingseremonie in die volk van God (Goppelt 1982:6, 9; Kümmel 1974:131; Ladd 1974:349ev; Noordegraaf 1990:38; Schweizer 1961:41).

5.4.3 Die Heilige Gees legitimeer die breuk met die Judaïsme

Alhoewel die belangrike rol wat die Heilige Gees in Lukas-Handelinge speel, reeds breedvoerig bespreek is (vgl §5.2), is dit belangrik om ook ten opsigte van die breuk met die Judaïsme die legitimerende rol van die Heilige Gees hierin raak te sien (Ladd 1974:345evv; Schweizer 1961:75). In Samaria (Hand 8:17), by Kornelius (Hand 10:44-46) en by die volgelinge van Johannes die Doper (Hand 19:1-6), is die Heilige Gees

telkens uitgestort op diegene wat tot geloof in Christus gekom het as teken dat hulle ingelyf is in God se volk, sonder dat die tipies Joodse gebruike daarvoor gevolg is. By Kornelius is dit die Gees wat na die visioen oor die afstel van die reinheidswette vir Petrus na die heidense Kornelius stuur (Hand 10:10-20) en die vergadering in Jerusalem verklaar dat dit hulle en die Heilige Gees is wat die besluit oor die benydenis geneem het (Hand 15:28).

5.4.4 Geloof in Christus enigste toegangvereiste

Die belangrikste is egter dat geloof in Jesus Christus die enigste toegangsvereiste vir lidmaatskap van die kerk geword het. Die vroeë kerk beskou hulleself as die gemeenskap van Jesus, die Messias wat God verhoog het tot sy regterhand (Noordegraaf 1990:38; Schnackenburg 1974:12ev). Uiteindelik is dit hierdie geloofsverbondenheid aan Jesus Christus (Noordegraaf 1990:39; Schweizer 1961:76) en die breuk met die Joodse gebruike wat tot vervolging deur die Jode en die uitbanning van Christene uit die sinagoges gelei het (Ladd 1974:355). Dit is egter ook hierdie vervolgings en uitbanning wat die weg na die heidene gebaan het (Schweizer 1961:69).

5.4.5 Verskillende bedieninge

Die diskontinuïteit met Israel blyk verder ook daaruit dat die priesterbediening wat so 'n groot rol in Israel speel, glad nie in die kerk funksioneer nie (Schweizer 1961:47). Dit is waarskynlik dat priesters wat tot geloof in Jesus gekom het, aanvanklik voortgegaan het met hulle priesterdiens in die tempel, maar terselfdertyd het hulle geen besondere funksie in die kerk vervul nie. Dieselfde geld vir die rabbi's (Schweizer 1961:47). Dit is Jesus se interpretasie van die wet, soos oorgedra deur die apostels, wat in die vroeë kerk geleer is, en nie dié van die rabbi's nie.

5.4.6 Aparte gemeenskap

Daar moet ook daarop gewys word dat daar van meet af 'n bewussyn by die gelowiges was dat hulle 'n aparte gemeenskap is. (Kümmel 1974:130evv; Schweizer 1961:42). Hulle het daagliks in mekaar se huise bymekaar gekom,[42] saam geëet, en as 'n aparte

[42] In die lig daarvan dat hierdie huisbyeenkomste en die ander waarna daar in Lukas-Handelinge verwys word (Luk 24:33: Hand 8:3; 12:12), asook die wat in die Pauliniese Briewe en Efesiërs-Kolossense pertinent genoem word, deesdae deur sommige as die ideale model vir die gemeente aangegryp word (Potgieter 1997:24ev; Van Zyl 1997:36), is Van Zyl (1997:40ev) se opmerking belangrik dat dit destyds 'n algemene verskynsel in die eerste-eeuse Christendom was en dus die vernaamste manier was waarop die

gemeenskap binne Israel hulle goed met mekaar gedeel (Hand 2:43-47). Goppelt (1982:9) wys daarop dat die doop nie net gelowiges aan Jesus Christus vasbind nie, maar ook aan mekaar. Hiermee funksioneer die doop dan ook as onderskeidingsteken tussen diegene wat in Christus glo, en die wat nie in Hom glo nie.

5.4.7 Die eenheid van die *ekklesia*

Alhoewel hierbo reeds daarna verwys is, speel die besnydenis-kwessie en die manier waarop die kerk in Jerusalem dit hanteer het (Hand 15) 'n baie belangrike rol in Lukas-Handelinge se begrip van die kerk as een universele gemeenskap losstaande van die Judaïsme. Dit is veral die eenheid van die *ekklesia* wat, met sy Joodse en heidense komponente, ter wille van die geloofwaardigheid van sy getuienis hier na vore kom. Hoe belangrik die eenheid van die *ekklesia* in Lukas-Handelinge is, blyk duidelik uit die hantering van die besnydenis-kwessie wat in Hand 15 beskryf word (Guthrie 1981:741; Ladd 1974:352). In Antiogië het Joodse Christene uit Jerusalem daarop aangedring dat die bekeerlinge uit die heidendom ook besny moes word as voorwaarde vir hulle verlossing (Hand 15:1). Die meningsverskil wat hieroor ontstaan het, was so hewig dat die gemeente uiteindelik besluit het om Paulus, Barnabas en nog 'n paar mense na die apostels en ouderlinge in Jerusalem oor hierdie saak te stuur (Hand 15:2). Die oplossing wat die apostels en ouderlinge aanbied, maak dit duidelik dat die eenheid van die *ekklesia* ter wille van die verkondiging van die evangelie aan die heidene uiteindelik die grootste oorweging was (De Villiers 1988:113; Van Zyl 1989:59ev). Hier is 'n duidelike kompromie merkbaar. Enersyds is enige iets wat bygevoeg word tot Christus se verlossing as voorwaarde vir redding, nie aanvaarbaar nie (De Villiers 1988:112ev). Dus hoef Christene uit die heidendom nie besny te word nie (Hand 15:19). Dit gee die Christene uit die Jodedom toe. Aan die ander kant vra hulle dat die Christene uit die heidendom hulle wel sal hou aan bepaalde Joodse wetsvoorskrifte (Hand 15:20ev, 28ev). Beide kante van die *ekklesia* van destyds maak toegewings ter wille van 'n groter saak en so "kan die Christelike sending nou vanuit 'n verenigde tuisbasis tussen Jode- en heiden-Christene, van krag tot krag gaan..." (Van Zyl 1989:59). 'n Krisis wat die eenheid van die *ekklesia* wesenlik bedreig het, is afgeweer, nie deur 'n rigiede beginselvastheid nie, maar deur toegewings te maak en so swakker broeders te akkommodeer (De Villiers

---

vroeë kerk homself georganiseer het. Dit was 'n spontane uitvloeisel uit die gegewe dat daar waarskynlik geen ander keuse was nie. Die sinagoges was ontoeganklik vir Christene, alhoewel diegene uit die Jodedom waarskynlik aanvanklik ook nog die sinagoge besoek het, en die heidense omgewing het geen

1988:113; Van Zyl 1989:60). Dit beteken egter nie 'n verwatering van die noodsaaklike waarheid nie. Volgens De Villiers (1988:113) moet 'n mens onderskei tussen belydenisgetrouheid en belydenisverstarring. Uiteindelik is die eenheid van *ekklesia* gehandhaaf deur die keuse vir verlossing deur Christus alleen, sonder die besnydenis te maak. Dus 'n eenheid in waarheid. Die toegewings wat wel van die heiden-Christene verwag is, het nie redding as voorwaarde ingesluit nie (De Villiers 1988:113) en kon dus as kompromie ter wille van die eenheid aangegaan word. So is die universele karakter van die *ekklesia* ook bewaar.

Alhoewel op sy eie 'n ondergeskikte argument, speel die wyse waarop die woord *ekklesia* in Lukas-Handelinge gebruik word, tog ook 'n rol om iets van die eenheidbewussyn en die universele karakter wat daarmee saamgaan, in Lukas-Handelinge se ekklesiologie na vore te laat kom. Die gemeentes was nie deur formele kerklike bande of gesag aan mekaar verbind nie. Tog word die woord *ekklesia* in die enkelvoud vir beide gemeentes (Hand 5:11) en die kerk in 'n bepaalde streek – meer as een gemeente (Hand 9:31) - gebruik.

Uit bogenoemde sewe punte is dit duidelik dat daar gaandeweg 'n universele gemeenskap los van die Judaïsme ontwikkel het. Hierdie gemeenskap is egter steeds die volk van God.

5.5 DIE KERK AS GETUIENISGEMEENSKAP

5.5.1 Die belofte tot getuies

Jesus se opdrag in Luk 24, wat in Hand 1:8 as 'n belofte weergegee word, onderstreep die feit dat die kerk in Lukas-Handelinge veral ook as 'n getuienisgemeenskap voorgehou word (vgl §5.2.2). Hierdie beeld van die kerk is uiteraard so ineengevleg met die res van die belofte, naamlik die skeppende rol van Heilige Gees en die universaliteit van die reikwydte van die getuienis, dat dit eintlik nie moontlik is om die drie te skei nie. Dit blyk uit die hele Handelinge.

Dit is insiggewend dat die tale-wonder wat in Hand 2:4-12 beskryf word, eintlik 'n direkte vervulling van die belofte in Hand 1:8 is (Marshall 1970:199). So is Hand 2:4-12

---

vergaderplek vir die Christene gebied nie. Daarom word hier ook nie meer daarvan gemaak nie.

eintlik ook die res van die boek in `n neutedop. Die oomblik toe die Heilige Gees uitgestort is, verander die bang en vertwyfelde groepie mense in `n getuienisgemeenskap wat die boodskap van die verlossing deur Jesus Christus met vrymoedigheid verkondig. Wat meer is, mense uit die uithoeke van die bekende wêreld van destyds, hoor dit elkeen in sy eie taal (Guthrie 1981:741; Marshall 1970:199). Hierdie getuienis het nooit weer in die kerk soos hy in Handelinge geteken word, stilgeraak nie. Op verskillende maniere en deur verskillende persone en gemeenskappe kring dit verder en verder uit tot by Rome (Hand 28:16evv) – die sogenaamde sentrum van die "uithoeke van die wêreld" (Lindijer 1980:33; vgl De Villiers 1977:32). Hiermee word dit duidelik dat in die tyd tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms, getuienis die kerk op aarde se groot taak is (Noordegraaf 1990:43; Schnackenburg 1974:63). Dit is deur die getuienis van die kerk dat die wêreld die verlossingsboodskap van Jesus Christus hoor. So gebruik die Heilige Gees hulle om mense te oorreed om in Hom te glo (Noordegraaf 1990:43; vgl Hand 2 wat eindig met die woorde "En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg" en Hand 6:7). Die kerk kan net lewe deur sy getuienis (Schweizer 1961:75).

5.5.2 Die Gees dring tot getuienis

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die kerk uit sy eie nooit `n getuienisgemeenskap sou gewees het nie. Hy is en bly in hierdie verband `n instrument en voertuig van die Heilige Gees wat mense dring en bekwaam maak om te getuig (Marshall 1970:200; Noordegraaf 1990:38; Schnackenburg 1974:16). In Hand 1:8 word die werkwoord *esesthe* in die indikatief gebruik, wat duidelik sê dat dit `n belofte in die vorm van `n stelling is.[43] In dieselfde asem is dit nie die getuienis van die kerk of die welsprekendheid van sy woordvoerders wat mense in Jesus Christus laat glo nie. Dit is deurgaans in Handelinge die werk van die Drie-enige God (Brown 1984:68; Guthrie 1981:733ev). Die feit dat Petrus nie ná Hand 15 genoem word nie en dat selfs sy dood verswyg word, saam met die feit dat Paulus se dood verswyg word en sy verhaal met sy aanwesigheid in Rome eindig (vgl Hand 28:16evv), toon dat Lukas nie in hulle as mense geïnteresseerd was nie, maar slegs in hulle as werktuie van die Heilige Gees (Brown 1984:65ev) – getuies vir Christus in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die eindes van die aarde (wat

[43] De Villiers (1977:31) sê duidelik dat die toekomstige tyd van die werkwoord *esesthe* "sowel `n voorsegging as `n bevel" is. Dit het dus ook die betekenis van `n opdrag, en is Lukas se weergawe van die sendingopdrag (vgl Matt 28:18ev en Mark 16:15ev).

deur Rome versinnebeeld word) (Lindijer 1980:33; vgl De Villiers 1977:32). Dit beteken dat die kerk nòg oor sy getuiewees nòg op sy groei kan roem. Dit beteken ook dat groei van die kerk en byvoeg van getalle nie 'n doel op sigself kan wees nie. Hoogstens is dit die verkondiging van die boodskap in die wêreld (vgl Paulus se sendingreise Hand 13-14; 15:36-20:37).

5.5.3 Die inhoud van die getuienis

Die inhoud van die kerk se getuienis is dit wat in Hand 2:42 die "leer van die apostels" genoem word, of volgens Hand 4:29 en 31 die "Woord van God" (Marshall 1970:169), of anders gestel, die verlossingsboodskap van Jesus Christus in sy volle rykdom (Guthrie 1981:736ev; Noordegraaf 1990:40): ".... de grote daden van God in de Messias Jezus" (Noordegraaf 1990:38). Die apostels, as ooggetuies van Jesus wat deur Hom onderrig is, het alles wat hulle gehoor en gesien het, met die gemeente gedeel (Noordegraaf 1990:40). Die kern hiervan is duidelik uit die verskillende toesprake wat veral deur Petrus (Hand 2:14-36; 3:12-26; 4:8-12; 5:29-32; en ander) en later ook Paulus (Hand 13:16-41; 17:22-31; 22:1-21; en ander) gelewer is. Die getuienis is egter nie net mondelings nie. In Hand 2:43-47 lees ons byvoorbeeld van alles waarmee die gemeente hom besig gehou het en dan belangrik: "dat die hele volk hulle goedgesind was" (Hand 2:47). En direk daarna dat die Here daagliks mense tot die gemeente bygevoeg het. Die wyse waarop die gemeente hulle gedra het, het hul woorde versterk (Schnackenburg 1974:17).

5.5.4 Die waarheid van die getuienis

Dit is egter belangrik om te verstaan dat dit nie soseer die kerk se getuienislewering is wat belangrik is nie, maar die waarheid van die boodskap wat deur mense gehoor en geglo word (Marshall 1970:212). Dit is in hierdie verband wat die kerkvergadering soos beskryf in Hand 15:4-29, belangrik is. Op hierdie vergadering is dit bevestig dat die gebruik in Antiogië om onbesnede Christene nie te besny nie, ooreenstem met die waarheid van die evangelie van Jesus Christus (Marshall 1970:212; vgl De Villiers 1988:112 en Van Zyl 1989:58ev). Dit was waaroor die vergadering gegaan het. Die teenwoordigheid van die apostels en die feit dat die besluit onder leiding van die Heilige Gees saam met hulle geneem is, is baie belangrik, want vir die kerk in Handelinge is die kontinuïteit met die sogenaamde "leer van die apostels" van wesenlike belang (Marshall 1970:200; vgl Van Zyl 1989:54ev). Vir sy getuienistaak moes die kerk by die waarheid,

soos deur die apostels geleer, bly. Hierdie waarheid is binne en deur die kerk bewaar. Die uitstuur van sendelinge deur die kerk (vgl Hand 11:22ev; 15:22-29; 16:4) het onder andere die doel gehad om dit wat vroeëre getuies gedoen het, te legitimeer (Marshall 1970:212).

5.5.5 Die hele kerk is getuie

Die getuienistaak is nie net die taak van die apostels nie, maar dié van die hele kerk (Marshall 1970:200ev; Noordegraaf 1990:43, 45). Gelowiges wat deur die vervolgings na alle uithoeke verstrooi is, het die evangelie verkondig. Dit staan bekend as die sogenaamde spontane sending, en word onomwonde deur Hand 8:4 bevestig (vgl ook Hand 11:19-21 en 18:25). Alle lede van die gemeenskap was ook met die Heilige Gees vervul, en almal word met die term "broers" aangedui (Hand 2:4, 18, 38; 4:1; Noordegraaf 1990:45).

Die Here laat sy kerk deur die getuienis van die apostels en die gelowiges groei, wat daarop dui dat die getuienistaak van die kerk onontbeerlik is vir sy bestaan (Noordegraaf 1990:43; Schnackenburg 1974:19; Hand 6:7, 8:4; 11:14-26; 12:24, 19:20). Dit is egter ook 'n voldonge feit dat hierdie getuienis nie altyd met vreugde en met vrug ontvang is nie. Dit het ook kragte van verset en ongeloof opgewek en selfs die kerk aan vervolging onderwerp (Noordegraaf 1990:43; Hand 4-5; 6-7; 8:4; 12:1ev; 16:19-24; 19:23-40; 20:29).

5.6 DIE GEORGANISEERDE KERK

5.6.1 Die organisatoriese aspekte van die kerk

Wanneer die kerk in Lukas-Handelinge beskryf word as die universele Godsvolk, dan beteken dit dat diegene wat in Jesus Christus glo, inskakel by die kerk. Dit beteken egter nie dat die kerk `n heilsinstituut is in die sin dat die kerk in besit is van die evangelie en dit uitdeel aan wie hy wil nie (Marshall 1970:214), maar tog is daar ook geen verlossing buite die kerk om nie. Christus het immers sy Woord aan die apostels toevertrou. Diegene wat hierdie Woord, soos deur die apostels en die kerk verkondig, glo, word deel van hierdie gemeenskap aan wie die Woord toevertrou is. "Thus in the end Acts is the story of the growth of the church because it is the story of the spread of salvation" (Marshall 1970:214). Hierdie feit dui daarop dat die kerk, alhoewel dit nie `n heilsinstituut is nie, wel `n georganiseerde karakter dra.

5.6.2 Die "leer van die apostels"

Die eerste organisatoriese aspek van die kerk wat in Handelinge na vore kom en by name genoem word, is die sogenaamde "leer van die apostels". Die apostels se getuienis oor die leer en lewe van Jesus Christus bepaal die grense van die kerk (vgl Noordegraaf 1990:39ev). Dit is een van die redes waarom die kerk in Antiogië vir Paulus en Barnabas oor die besnydenis-kwessie na Jerusalem gestuur het (Schweizer 1961:70). Diegene wat nie besny is nie, was volgens sekere gelowiges uit Jerusalem nie deel van die nuwe Godsvolk nie (Hand 15:1). Hulle verlossing deur Christus was dus ook nie geldig nie, tensy hulle hul laat besny. Die apostels, ouderlinge en die Heilige Gees se besluit oor wat die waarheid is (Hand 15:13evv), het beide hulle status as verlostes en as lede van die gemeenskap bepaal en dus ook die grens van die kerk. Dit dui op 'n kontinuïteit tussen die leer en lewe van Jesus waarvan die apostels getuig, en die konkrete bestaan van die kerk op aarde (Schweizer 1961:70). Jesus Christus en die organisatoriese karakter van die kerk is dus onlosmaaklik aan mekaar verbonde.

5.6.3 Die begrip *ekklesia*

Die tweede organisatoriese aspek van die kerk in Handelinge is die begrip *ekklesia* wat daarvoor gebruik word (De Villiers 1977:105; Fitzmyer 1989:139). Hierdie woord, wat allerweë die idee van 'n gemeenskap of 'n vergadering van mense in hom dra en wat in Handelinge meestal gebruik word vir die gemeente (Bromiley 1985:397; vgl §5.3 en voetnota 39, §5.3.2), trek ook 'n grens. Hierdie vergadering of gemeenskap is diegene wat die verlossingsboodskap van Jesus glo. Hulle is 'n aanwysbare groep mense, die *ekklesia* van God (Hand 20:28; Fitzmyer 1989:139).

5.6.4 Die besondere bedieninge

Die derde organisatoriese kant van die kerk bestaan uit die mense of bedieninge wat leiding neem en aangewese funksies binne die *ekklesia* (hetsy algemeen of plaaslik) vervul. Mattias is in die plek van Judas aangewys om die apostels se twaalftal vol te maak (Hand 1:26). Toe 'n bedieningsprobleem in Jerusalem opduik, is sewe mense gekies om die leiding te neem om dit op te los (Hand 6:1-6). Alhoewel Antiogië oortuig was van die waarheid oor die besnydenis-kwessie, het hulle vir Paulus en Barnabas daaroor na Jerusalem gestuur, waarskynlik omdat die apostels daar was (Hand 15:1-2, 4; Kümmel 1974:135). Alhoewel die hele gemeente in Jerusalem betrokke was by die

bespreking van die besnydenis-kwessie, was dit die apostels en ouderlinge wat die besluit geneem het[44] (Hand 15:4, 6; Schweizer 1961:73). Paulus self het ouderlinge aangewys om in sy afwesigheid die verantwoordelikheid vir die bediening in die gemeentes te aanvaar (Hand 14:23). Paulus en Barnabas is deur Antiogië as sendelinge na die heidene afgevaardig, en met handoplegging deur die ouderlinge weggestuur (Hand 13:1-3). Hierdie mense wat amptelike funksies binne die kerk vervul het – veral ook ten opsigte van die verkondiging van die verlossingsboodskap – verteenwoordig dus 'n organisatoriese kant van die kerk. Mense wat die verlossingsboodskap glo, word deel van 'n gemeenskap wat onder leiding van spesifiek aangewysde persone funksioneer. Hierdie leidinggewende persone se rol word egter in Lukas-Handelinge op twee maniere gekwalifiseer. Dit is eerstens belangrik om te verstaan dat ongeag of hulle ampte, besondere bedieninge, dienste, funksionarisse of selfs funksies of leiers genoem word,[45] hulle nêrens onafhanklik en selfstandig funksioneer nie. Ongeag die hoedanigheid waarin hulle staan, is hulle is steeds in diens van die Heilige Gees, wat hulle direk of indirek daarvoor aangewys het (Brown 1984:68, 70; Guthrie 1981:733, 741; Schweizer 1961:73). In sy voortsetting van die bediening van Christus (vgl Brown 1984:63, 65) maak die Heilige Gees van die diens van mense gebruik (vgl Brown 1984:68 en Schweizer 1961:45,50). Die Heilige Gees skep dus deur sy manier van werk die organisatoriese karakter van die kerk. Hierdie mense wat deur die Gees gebruik word, is nie individue wat op 'n lukrake basis ingespan word om bepaalde dinge te doen nie. In Lukas-Handelinge is dit duidelik afgebakende, aangewysde en vaste groepe mense en individue (Noordegraaf 1990:45). Wat ten tweede ten nouste hiermee saamhang, is die feit dat hier nie sprake is van mense wat vanuit sekere posisies of "ampte" oor ander heers nie (Luk 22:24-27; Schnackenburg 1974:68). In alles is hulle slegs instrumente van die Heilige Gees wat dus almal ewe belangrik is en geroep is tot getroue diens binne die gemeentes (Luk 6:39ev; 12:39evv; 16:10; 19:17; Hand 6:1-6; Schnackenburg 1974:68ev).

---

[44] Guthrie (1981:741) meen dat dit nêrens in Handelinge, Hand 15 ingesluit, die bedienaars is wat die besluite neem nie, maar die hele gemeente onder leiding van die Gees. Die feite weerspreek hierdie standpunt egter. In Hand 1:15evv is dit Petrus wat die leiding neem en die voorstel maak dat iemand in Judas se plek as apostel aangestel word. In Hand 6:1-6 is dit die apostels wat die besluit neem om sewe manne aan te stel om die Grieks-sprekende weduwees te versorg. In Hand 14:23 is dit Paulus en Barnabas wat die ouderlinge kies, voordat die gemeente vas en bid en hulle die hande opgelê word. In Hand 15:5evv is dit die apostels en ouderlinge wat onder leiding van die Gees die besluit oor die besnydenis-kwessie neem.

[45] Nie een van hierdie "versamelbenamings" vir diegene wat 'n spesifiek aangewese rol binne die gemeenskap speel, bevredig werklik nie. Die term "besondere bedieninge" word egter verkies in die lig van die nie-hiërargiese aard en die dienskneg karakter daarvan (vgl §15.7.3.2).

5.6.4.1 Die apostels - `n unieke, nie-herhaalbare bediening

Die apostels, wat geïdentifiseer word met die twaalf dissipels wat deur Jesus uitgekies en onderrig is[46] (Guthrie 1981:739), is die eerste groep wat na vore tree. Alhoewel hulle as groep kwantitatief `n minimale rol in Handelinge speel, is hulle tog onontbeerlik as oog- en oorgetuies van die leer en lewe van Jesus Christus (Kümmel 1974:134). Die feit dat die eerste gemeente hulle toegelê het op die "leer van die apostels" (Hand 2:42) en die pertinente vermelding van hulle teenwoordigheid en deelname aan die besluitneming oor die besnydenis-kwessie (Hand 15:4, 6, 22, 23) sonder hulle uit as groep wat deur die Gees gebruik is om `n vormende invloed op die vroeë kerk te hê (vgl die bespreking hierbo oor die "leer van apostels" §5.5.4 en Schweizer 1961:70). Van die twaalf is dit eintlik net Petrus wat as apostel in Handelinge `n beduidende rol speel. As die leier en spreekbuis van die twaalf, en later van die eerste gemeente, (Hand 1-12), was dit net hy (as sendeling) en Johannes wat as leiers na vore getree het (Schweizer 1961:45, 48; Schnackenburg 1974:68). In hierdie opsig is Paulus 'n tipe opvolger vir Petrus in laasgenoemde se posisie as leiersfiguur in die vroeë kerk, net soos wat Petrus in `n sekere sin in kontinuïteit met Jesus staan (Brown 1984:64). So word dit in elk geval in Lukas-Handelinge voorgehou. Jesus self het Paulus as apostel aangestel. Alhoewel hy nie `n oor- en ooggetuie van die aardse Jesus was soos wat Hand 1:21-22 as vereiste vir `n apostel bepaal het nie, word hy (saam met Barnabas) wel erken as `n apostel[47] (Hand 14:14; Ladd 1974:353). Dit is egter insiggewend dat Paulus nie weer deur `n individu wat `n gesaghebbende rol in die algemene kerk vervul het, opgevolg word nie, maar dat hy wel ouderlinge in `n bepaalde gemeente aanstel (Hand 14:23; vgl ook sy toespraak in 20:28). Dit wys op drie dinge wat in hierdie verband belangrik is. Eerstens is dit duidelik dat die Heilige Gees ook in die skep van `n nuwe "amp" (vgl Hand 20:28) van mense gebruik maak om die aanstellingswerk te doen (Hand 14:23). Hierdie indirekte manier van werk deur die Gees beklemtoon op sy beurt die organisatoriese karakter van die kerk

---

[46] Kümmel (1974:136) het `n probleem om die "twaalf" en die apostels met mekaar te identifiseer. Alhoewel beide Paulus en Barnabas in Lukas-Handelinge apostels genoem word, is daar egter ook `n duidelike onderskeid tussen hulle en die ander apostels in die sin dat laasgenoemde ooggetuies van die aardse Jesus was (Hand 1:13, 21-22). Die feit dat Mattias in die plek van Judas Iskariot as apostel gekies is (Hand 1:13-26), maak dit noodwendig dat die twaalf as die apostels geïdentifiseer moet word.

[47] In 1 Kor 15 praat Paulus van homself as die laaste een aan wie die opgestane Jesus verskyn het. Die belangrikste om raak te sien is dat Jesus se verskyning aan hom uniek was in die sin dat al die ander verskynings plaasgevind het voor die hemelvaart en hierdie een daarna. Die berig hiervan praat ook net van `n ligstraal en Jesus se stem uit die hemel (Hand 9:3-6). Paulus was hiervolgens dus nie `n oor- én ooggetuie van die aardse Jesus nie.

soos dit in Handelinge beskryf word. Tweedens verskuif die klem van individue wat 'n invloedryke posisie in die kerk beklee en oor 'n breër front gesag uitoefen (Petrus, Paulus, Jakobus – die broer van Jesus as ouderling in Jerusalem, Barnabas en ander) na die meer onpersoonlike groep wat as ouderlinge in 'n gemeente leiding moet neem. In hierdie verband is Hand 15 'n tipe waterskeiding in Handelinge. Petrus en die apostels word na die oplossing van die besnydeniskwessie nie weer genoem nie. Hierna is Paulus en die ouderlinge diegene wat leiding in die gemeentes neem. Derdens dui dit daarop dat die apostels 'n unieke bediening beklee wat eintlik geen opvolgers ken nie (Kümmel 1974:136). Hulle uniekheid bestaan dan ook in die feit dat hulle oor- en ooggetuies van Jesus se aardse lewe en werk is (Guthrie 1981:739; Schweizer 1961:69ev, 75; vgl Hand 1:21evv) wat slegs in dié hoedanigheid deur Jesus geroep is om te getuig (Schweizer 1961:69). Alhoewel Paulus en Barnabas apostels genoem word terwyl hulle nie werklik ooggetuies is nie, is hulle ook die enigste uitsondering op die reël (Ladd 1974:353).

5.6.4.2 Die sogenaamde diakens

Die tweede groep mense wat in Handelinge uitgesonder word as mense met 'n bepaalde taak binne die gemeente, is die sewe persone wat in Hand 6 deur die apostels aangewys is om na die nood van die Griekssprekende behoeftiges om te sien. Dit is insiggewend dat die skep van hierdie nuwe groep dienaars, asook die keuse van die spesifieke persone en die amptelike aanstelling, alles in die hande van mense is (vgl Hand 6:1-6). Dit is wel die apostels wat met die gedagte van 'n aparte groep vorendag kom en diegene wat gekies is die hande oplê, maar die keuse het gelê by diegene wat murmureer (Schweizer 1961:73) - 'n sekere deel van die gemeente - om uit hulleself vir hulleself mense te kies om 'n bepaalde probleem op te los. Duideliker kan die organisatoriese karakter van die kerk tog nie na vore kom as hier nie. Die Heilige Gees werk inderdaad indirek en gebruik mense om na die gemeente om te sien. Dit is ook belangrik om daarop te let dat diegene wat aangestel is, vir die diens geskik is (vgl Schweizer 1961:50 vir die standpunt dat diegene wat gesag uitgeoefen het, gekies is op grond daarvan dat hulle reeds in hulle persoon, om watter rede ook al, oor die gesag beskik het). Eerstens is almal, te oordeel aan hulle name en die groep wat kom kla het, Griekssprekende Jode uit die Diaspora (Hand 6:5; Schweizer 1961:45). Hulle pas dus in by die groep vir wie hulle gekies is om te bedien. Tweedens word die vereiste duidelik gestel dat hulle manne moet wees wat vol van die Heilige Gees en wysheid is (Hand 6:3). Derdens is dit opvallend dat van een van hulle, Stefanus, gesê word dat hy 'n man met 'n vaste geloof is wat vol is van die Heilige

Gees (Hand 6:5). Alhoewel Hand 6 in baie kringe beskou word as die *locus classicus* vir die instelling van die diakenbediening (vgl Bouwman 1928:82evv, 565; Kleynhans 1984:72evv), is dit te betwyfel of die sewe diakens was in dieselfde sin as wat die diakenbediening vandag in baie denominasies funksioneer[48] (Schweizer 1961:45). Die sewe is wel aangestel om 'n spesifieke behoefte in die Griekssprekende deel van die gemeente in Jerusalem aan te spreek (Guthrie 1981:740), naamlik die versorging van die weduwees. Nêrens word hier egter gesê wie die funksie onder die Joodse deel van die gemeente vervul nie. Hierbenewens word minstens twee van die sewe by Woordverkondiging betrek (Hand 6:8-7:53; 8:26-40; Schweizer 1961:45, 49). Trouens, dit is juis hulle prediking en die gevolge daarvan wat uitgesonder word in die berigte oor hulle. Hulle bediening het waarskynlik nie net bestaan uit die versorging van 'n bepaalde groep weduwees nie (Guthrie 1981:740). Moontlik was dit juis omdat hulle reeds leiding in die verkondiging van die evangelie geneem het, dat hulle ook vir hierdie taak gekies is. Hoogstens sou 'n mens dus uit Handelinge 6 kon aflei dat 'n bepaalde fisieke nood onder sommige lidmate aangespreek is deur geskikte persone aan te stel om dit te doen. Dit dui daarop dat praktiese dienswerk wel ook in 'n besondere bediening tot uiting kan kom, en wys op 'n bepaalde dinamiese karakter in die organisatoriese sy of struktuur van die kerk.

5.6.4.3 Die ouderlinge

Ons lees die eerste keer in Hand 11:30 van ouderlinge. Interessant genoeg word die teenwoordigheid van ouderlinge in Jerusalem in hierdie teksgedeelte as vanselfsprekend aanvaar sonder om enigsins 'n aanduiding te gee waar hulle vandaan kom, wat hulle funksie is of uit wie hulle bestaan (Ladd 1974:352). Hulle bestaan in die gemeente word dus as vanselfsprekend aanvaar. Hieruit word afgelei dat hulle dieselfde groepering was wat in die Judaïsme gefunksioneer het[49] (vgl Luk 7:3; 9:22; 20:1; 22:52; Hand 4:5, 8; 6:12; 23:14 en ander waar dieselfde woord gebruik word vir 'n sekere groep wat saam met ander leiding geneem het binne die Joodse volk) en dat Lukas geweet het dat sy lesers presies weet wat ouderlinge is en wat hulle doen. Die feit dat hierdie bediening wel deur die kerk oorgeneem is by die Judaïsme en dié van die priesters nie (Hand 6:7;

[48] Schweizer (1961:74) praat selfs van 'n eenmalige geval in 'n spesifieke situasie, en dus nie die instelling van die diakenbediening nie.

[49] Volgens De Villiers (1977:287) was die begrip oudstes of ouderlinge ook in die heidengemeenskappe bekend vir diegene wat leiding geneem het. Dit verander egter nie die standpunt dat, minstens vir die Joodse deel van die vroeë kerk, hierdie bediening by die Judaïsme oorgeneem is nie.

Schweizer 1961:72), het moontlik daarmee te doen dat die priesters `n kultiese funksie binne die tempeldiens vervul het en die ouderlinge `n meer algemeen leidinggewende funksie binne die gemeenskap en die sinagoge (Ladd 1974:352). Die twee gevalle (Hand 15:6, 22 en Hand 20:28) waar daar wel sprake is van die funksie of verantwoordelikheid van die ouderlinge in die gemeente, onderstreep hierdie gedagte. Uit Hand 15:4, 6, 22 is dit duidelik dat hulle saam met die apostels leiding en besluite geneem het (Ladd 1974:352; Schweizer 1961:71). Uit Hand 20:28, waar die ouderlinge "opsigters" of "opsieners" genoem word (Ladd 1974:352), is dit duidelik dat hulle wagters of oppassers van die kudde is. `n verantwoordelikheid wat nogal ooreenkom met die praktyk van Hand 15 (Noordegraaf 1990:45). In hierdie verband toon Hand 15 en Hand 20 nog `n insiggewende ooreenkoms. Binne die konteks van die gevaar van dwaalleraars wat die gemeente van die waarheid sal probeer wegrokkel, benadruk Paulus dit in sy onderrig aan die ouderlinge (Hand 20), en herinner hy hulle sterk daaraan (Noordegraaf 1990:40). Hand 15 gaan juis oor die vraag na die waarheid van die evangelie ten opsigte van die besnydenis-kwessie. Sekere mense wat uit Jerusalem in Antiogië aangekom het, het Paulus se standpunt hieroor bevraagteken. Die apostels en die ouderlinge in Jerusalem bevestig egter dat Paulus se leer of onderrig korrek is. Op die manier word die leer van die apostels op `n positiewe manier verbind met Paulus se onderrig aan die ouderlinge. Die ouderlinge is dus uiteindelik die gesaghebbende draers van die apostoliese getuienis. Dit is verder insiggewend dat ons slegs in Hand 14:23 spesifiek van die aanstel of kies van ouderlinge lees. Paulus en Barnabas het in sommige gemeentes ouderlinge aangestel, terwyl die gemeente as deel van die aanstellingsproses gevas en gebid het. In Hand 20:28 word gemeld dat die ouderlinge deur die Heilige Gees oor die kudde aangestel is (Schweizer 1961:71), `n oortuiging wat saamhang met die vas en bid van Hand 14:23. Uit al hierdie gegewens is dit duidelik dat hierdie bediening wel ernstig bejeën en as gesaghebbend beskou is, gegewe sy oorsprong te vind in die aanstelling deur die Heilige Gees self (Brown 1984:68). Dit is egter nie net bloot die besondere bediening self wat sy oorsprong het by die Gees nie, maar spesifiek ook die persone wat aangestel is. Hier is dus duidelik sprake van spesifieke persone wat in `n amptelik hoedanigheid `n spesifieke funksie binne die gemeente vervul. Hierdie persone en die amptelike funksie wat hulle vervul, word ten nouste met die Heilige Gees verbind, `n tema wat deurlopend in Handelinge voorkom (Brown 1984:68). Hulle belangrikheid word verder onderstreep

deur die feit dat die apostels met die verskyning van die ouderlinge as groep van die toneel begin verdwyn. Petrus en die apostels, wat so 'n prominente rol in die eerste vyftien hoofstukke van Handelinge speel, word juis in Hand 15:23 die laaste keer genoem.[50] Daarna is dit Paulus wat die rol van Petrus oorneem. Dit is waarskynlik nie toevallig nie dat dit in Hand 14:23 berig word dat hy ouderlinge aangestel het. Dit is waarskynlik ook nie toevallig nie dat die ouderlinge deurgaans in dieselfde asem genoem word as die apostels. In hierdie verband is dit ook in die lig van Handelinge as geheel insiggewend dat Paulus in Hand 20 spesifieke opdragte aan die ouderlinge gee, eerstens by sy permanente vertrek uit Klein-Asië, maar tweedens op die vooraand van sy eie verdwyning van die toneel. Dit is verder ook in hierdie verband belangrik dat Paulus soveel klem op sy onderrig aan hulle lê (Hand 20:20, 31). Soos wat Paulus by Petrus en die apostels oorgeneem het, so neem die ouderlinge uiteindelik hulle almal se plek in. Hoe belangrik die bediening van ouderling in Handelinge is, is moeilik om te bepaal. Aan die een kant kan dit wees dat die gebrek aan 'n duidelike omskrywing van hulle oorsprong en funksie en die verswyging van spesifieke persone wat by name in hierdie bediening gestaan het (behalwe Jakobus in Hand 12:17;15:13; 21:18), hulle belangrikheid relativeer (vgl Brown 1984:65ev). Aan die ander kant kan dit ook wees dat die skrywer doodeenvoudig hulle teenwoordigheid en funksie in die gemeentes as vanselfsprekend aanvaar, en dat sy lesers dus presies weet wat hulle plek en funksie binne die gemeente is sodat hy dit nie nodig gevind het om veel oor hulle te sê nie. Wat wel duidelik is, is dat dit steeds die kerk is wat as instrument van die Gees getuies vir Jesus Christus is. Binne hierdie getuienisgemeenskap speel die ouderlinge wel 'n belangrike organisatoriese rol, maar steeds in diens van die Gees en ter wille daarvan dat die gemeenskap by die leer van die apostels in hulle getuienistaak bly.

5.6.4.4 Profete, evangeliste en charismatiese gawes

Alhoewel die verwysings na hierdie drie groeperings skraps is, en hulle nie werklik bydra tot die organisatoriese aspekte van die kerk soos geteken in Lukas-Handelinge nie, word hier volledigheidshalwe enkele opmerkings daaroor gemaak.

Alhoewel die rol van profete in die vroeë kerk belangrik is (Hand 13:1-3; Schweizer 1961:49), is daar in Handelinge slegs in hoofstuk 21:4, 9-11 sprake van profesie waar

[50] Paulus en Barnabas verteenwoordig in hierdie opsig 'n ander kategorie as wat in Hand 15:4, 6, 22-23 genoem word.

Paulus gewaarsku word om nie na Jerusalem toe te gaan nie. Alhoewel Schweizer (1961:49) stel dat die profete geen administratiewe funksie in die gemeentes vervul het nie, is die gegewens oor hulle so skraps dat selfs dit nie afgelei kan word nie. Aangesien daar wel in Handelinge verwys word na profete en profesie en die spreek in tale (Hand 2:6, 11; 10:46; 19:2), kan afgelei word dat die sogenaamde charismata[51] wel `n rol gespeel het in van die gemeentes wat in Handelinge genoem word. Veel meer kan nie afgelei word nie, behalwe dat daar volgens Guthrie (1981:742) geen aanduiding van spanning is tussen die charismata en diegene in die besondere bedieninge nie.

Die enigste plek waar daar van `n evangelis sprake is, is Hand 21:8, waar Filippus só genoem word. Volgens Guthrie (1981:740ev) verwys hierdie benaming slegs na sy optrede in Hand 8 waar hy die evangelie aan die Ethiopiër verkondig het, en word hy in Hand 21:8 so genoem slegs om hom te identifiseer as die Filippus van Hand 8.

5.6.4.5 "Ampte"?

Dit is insiggewend om daarop te let dat Lukas in Handelinge aanvanklik diegene wat sekere funksies vervul by name noem, byvoorbeeld die identifisering van die apostels met die twaalf dissipels (Hand 1:13), Petrus wat leiding neem (Hand 1:15; 2:14, 38evv; 10:34; 15:7evv, en ander), die sewe "diakens" in Hand 6:5, Paulus en Barnabas as sendelinge. Mettertyd het dit egter oorgegaan na `n naamlose kategorie met `n bepaalde taak in die gemeente, naamlik die ouderlinge[52] (Hand 14:23; Hand 20). Tog word hierdie kategorie gevul deur persone wat spesifiek aangewys word. Hieruit is dit duidelik dat daar `n sekere tydlose, en in `n sekere sin, onpersoonlike dimensie aan hierdie kategorie gegee word wat `n mens laat dink aan iets soos `n "amp" wat in die kerk bly voortbestaan ongeag wie dit vul. Belangriker egter is die feit dat of dit nou diegene in die nie-herhaalbare "amp" van apostel is (Paulus en Barnabas hierby ingereken), en of dit nou die insidentele versorgers van die weduwees is (Hand 6) en of dit diegene in die meer permanente "amp" van ouderling is, daar is deurgaans in Handelinge altyd mense in diens van Christus, wat onder leiding van die Gees `n leidinggewende taak in die

[51] `n Charismata beteken hier `n direkte gawe wat die Gees willekeurig aan enige persoon gee om `n bepaalde bediening in die gemeente uit te voer. `n Besondere bediening beteken hier `n sekere permanente posisie in die gemeente met vasgestelde take wat deur `n opeenvolging van persone wat deur die gemeente aangewys word, gevul word. Hierdie onderskeid geld nie as `n algemene siening binne die konteks van die proefskrif nie, aangesien die oortuiging is dat alle besondere bedieninge charismaties van aard is (vgl §15.7.3.6).

[52] Hier is slegs Jakobus die uitsondering (Hand 12:17; 15:13; 21:18).

gemeentes vervul het. Alhoewel daar nie werklik eenstemmigheid is oor die term waarmee hulle getipeer moet word nie, pas "besondere bedieninge" beter by die aard van hulle funksie binne die kerk, as "ampte" (vgl §15.7.3.2). Wat ook duidelik is uit die feit dat die vroeë kerk sekere "ampte" by die Judaïsme oorgeneem het en ander nie, asook die feit dat dit nuwes geskep het, is dat die kerk in Handelinge oop is vir enige verandering onder God se leiding (Schweizer 1961:75). Daarom kan ou maniere van doen oorgeneem word of nuwes geskep word na gelang van wat die omstandighede vereis (Ladd 1974:352; Schweizer 1961:73). Hiermee saam is dit ook `n feit dat alhoewel ordelikheid vir Lukas deel van die bestaanswyse van die *ekklesia* is, baie van die dinge wat vandag vir die besondere bedieninge gereserveer word, nie in Lukas-Handelinge slegs die take van sekere lidmate is nie (Schweizer 1961:72).

7. SAMEVATTING

7.1 Die Heilige Gees speel in die ekklesiologie van Handelinge so `n oorheersende rol, dat dit duidelik is dat die kerk sonder Hom nie kerk kan wees nie. Dit is Hy wat die kerk op sy pad deur die geskiedenis neem, want elke stap van die kerk se getuienis, die groei van die kerk en die verspreiding van die evangelie regdeur die bekende wêreld van destyds, vind plaas onder die leiding van die Heilige Gees.

7.2 Die kerk, in kontinuïteit met Israel, is die volk van God op weg deur die geskiedenis as die draer van die boodskap van die verlossing in Jesus Christus en verteenwoordig as sulks die derde fase in die heilsgeskiedenis van God met die wêreld. As sulks is dit ook op weg na die ewige lewe wat met die wederkoms van Jesus sal aanbreek.

7.3 Die enigste toegangsvereiste tot die kerk is geloof in Jesus Christus, met die doop as die enigste inlywingseremonie.

7.4 Die kerk is as universele gemeenskap van diegene wat in Jesus Christus glo, `n derde entiteit naas die Jode en die heidene in hierdie wêreld.

7.5 Die kerk word as universele gemeenskap tot `n wesenlike eenheid saamgebind deur dieselfde belydenis aangaande die waarheid van die evangelie van Jesus Christus, naamlik verlossing deur Hom alleen. Hierdie eenheid in belydenis oor kerngeloofsake is belangrik vir die getuienis van die kerk.

7.6 Die kerk is in wese `n getuienisgemeenskap, wat met woord en daad as instrument van, en onder aandrang van die Heilige Gees, die boodskap van verlossing deur Jesus Christus in sy volle rykdom, soos deur die apostels oorgelewer, die wêreld indra. Die kerk as geheel, en al die gelowiges afsonderlik, is getuies in diens van die Gees.

7.7 Die gemeente se innerlike lewe, soos wat dit in hulle eensgesindheid, gehoorsaamheid en onderlinge verbondenheid sigbaar geword het, is deel van hulle getuienis.

7.8 Die gemeente, meer as een gemeente in `n bepaalde streek saam, en die universele geloofsgemeenskap word al drie beskou as kerk.

7.9 Die gemeente is `n georganiseerde gemeenskap wat begrens word deur geloof in Jesus Christus, soos dit oorgelewer is deur die apostels, en wat gereeld vergader en onder leiding van spesifieke persone in besondere bedieninge funksioneer.

7.10 Die Heilige Gees is altyd betrokke, direk of indirek, by die aanwys en aanstel van spesifieke persone vir besondere bedieninge, en verrig hulle diens in die kerk as sy instrumente soos enige ander gelowige, sonder om oor ander te heers.

7.11 Die Heilige Gees gebruik altyd mense as deel van die proses waar spesifieke persone aangewys, aangestel of onderrig word vir `n besondere bediening. In hierdie proses speel bedieningsgeskiktheid in baie gevalle `n belangrike rol by die keuse van `n persoon.

7.12 Onder leiding van die Heilige Gees is die kerk oop vir enige verandering in sy bedieningstruktuur soos wat dit noodsaaklik word vir die funksionering van die kerk.

7.13 Die apostels was oor- en ooggetuies van die leer en lewe van Jesus Christus en het dus `n unieke en nie-herhaalbare bediening beklee, met Petrus en later Paulus in prominente rolle.

7.14 Die diakens van Hand 6 was gelowiges wat vir 'n spesifieke doel in 'n spesifieke noodsituasie aangewys is. Hulle vervul spesifieke barmhartigheidwerk, en is in 'n meer algemene sin ook betrokke by Woordverkondiging. Hieruit kan wel afgelei word dat praktiese dienswerk ook in 'n besondere bediening kan uitval ter wille van die goeie funksionering van die gemeente.

7.15 Die ouderlinge speel as opvolgers van die apostels 'n leidinggewende en herderlike rol, ook ten opsigte van die leer van die apostels, in die gemeente.

6. DIE KERK IN DIE EVANGELIE VOLGENS JOHANNES EN DIE BRIEWE VAN JOHANNES

6.1 INLEIDING

Oënskynlik is die Johannese gemeenskap 'n tipiese sekte[53] wat min geïnteresseerd is in 'n goedgeorganiseerde en gestruktureerde kerk. Min tipiese terme vir die kerk word aangetref en van 'n verskeidenheid "ampsdraers" of spesifieke bedieninge en charismata is daar nie sprake nie. Die vraag is egter of die afwesigheid van pertinente verwysing na hierdie sake in die geskrifte werklik beteken dat die Johannese gemeenskap negatief daarteenoor staan (vgl Brown 1966:cv-cvi)? Die ander moontlikheid wat in hierdie verband genoem word, is dat die skrywers van hierdie geskrifte dit verswyg omdat hulle dit voorveronderstel (Brown 1966:cvii). Volgens Brown (1966:cv-cvii) is dit gevaarlik om op grond van die afwesigheid van sekere dinge afleidings te maak oor die bedoeling en motiewe van die skrywers en die situasie binne die gemeenskap uit wie hulle kom. Hy sê dat die eie aard van 'n geskrif en rede waarom dit geskryf is, bepaalde beperkings plaas op dit wat die skrywer kan noem. Daarom sal daar altyd 'n bepaalde eensydigheid na vore kom wanneer 'n geskrif op sy eie bestudeer word (vgl Schweizer 1961:128evv). Hy sê verder dat wat die Johannese geskrifte betref dit 'n winspunt is dat daar basies

[53]Brown (1979:14ev) stel die volgende as die basiese karaktertrekke van 'n sekte: Dit kom op uit 'n protesbeweging; dit verwerp baie van die maatstawwe van die establishment; lede word gelykwaardig geag; dit bied besondere liefde en aanvaarding aan sy lede; dit is 'n vrywillige organisasie; dit vereis 'n totale toewyding van sy lede; dit is apokalipties. Hy sê dat, gemeet aan hierdie kriteria, die hele Christelike beweging van die eerste eeu in vergelyking met die sosiologiese werklikhede van destyds, 'n sekte was (vgl Giles 1995:73 - die Johannese gemeenskap wat weggebreek het vanaf Israel, as die gevestigde godsdienstige beweging en die skerp skeiding tussen die gemeenskap en die wêreld). Volgens hom moet dus eerder gevra word of die Johannese gemeenskap as 'n sekte beskou kan word in vergelyking met die res van die Christelike kerk. Giles (1995:73) noem in hierdie verband die oënskynlike afwesigheid van enige institusionaliseringsproses by die Johannese gemeenskap wat dit dan na 'n sektariese beweging binne die Christelike kerk laat lyk.

twee soorte geskrifte uit dieselfde gemeenskap na vore gekom het. Hy meen alhoewel hier minstens twee skrywers ter sprake is, dit minder gevaarlik is om afleidings te maak deur al vier die geskrifte saam te lees, as die gissinge oor die bedoeling van dit wat nie in 'n bepaalde geskrif gesê is nie. Deur die vier Johannese geskrifte op 'n positiewe manier van nader te bestudeer soos hieronder gedoen word, kan dit uiteindelik gestel word dat die Johannese gemeenskap nie 'n sekte is nie (vgl Brown 1979:89evv), maar wel 'n kerk wat sigbaar gestalte kry in verskillende gemeentes op verskillende plekke, en onder leiding van spesifieke persone funksioneer.

In die Johannese geskrifte word die kerk geteken as 'n dissipelgemeenskap wat uit gelykwaardige individue bestaan wat vanuit die wedergeboorte deur die Heilige Gees in 'n persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus en as 'n eenheid in 'n liefdesgemeenskap met mekaar lewe. Alhoewel Hy mense in besondere bedieninge gebruik, is die kerk vir sy bestaan en voortbestaan, vir sy getuienis en bediening, geheel en al afhanklik van die Drie-enige God.

"This community of disciples is the final result of God's concern for the world of men who become estranged from him" (Schnackenburg 1982:212).

6.2 'N EKSPLISIETE GEMEENSKAPSBEWUSSYN

In die Johannese geskrifte kom die kerk slegs by implikasie in die prentjie. Daar is geen eksplisiete gebruik van tipiese terme en beelde vir die kerk nie[54] (Giles 1995:170; Pelser 1995:667). Die individu se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus word so sterk beklemtoon, dat dit die idee skep van 'n individualistiese soort godsdiens waar dit slegs gaan om die gelowige en sy verhouding met God, en waar ander gelowiges eintlik geen rol speel nie en die kerk eintlik onnodig is (Brown 1984:84ev, 99; Schweizer 1961:129; vgl Pelser 1995:669). Dit word versterk deur die feit dat geen pertinente bedieningstruktuur genoem word nie, en dat dit selfs lyk asof so iets negatief beoordeel word. Tog verval die Johannese geskrifte nie in 'n skeefgetrekte individualisme nie, en kom daar 'n baie duidelike gemeenskapsbewussyn sigbaar na vore (Dunn 1977:118; Giles 1995:170ev; Pelser 1995:667). Die twee beelde wat die verhouding tussen Jesus en

[54]Die term *ekklesia* kom slegs in 3 Johannes voor waar dit twee uit die drie keer in assosiasie met Diotrefus, die skrywer se teenstander, gebruik word (Brown 1979:13). Juis hierdie gebruik dui, gelees saam met al die ander argumente, op 'n duidelike gemeenskapsbewussyn in die Johannese geskrifte.

sy volgelinge uitdruk, naamlik die beeld van die een Herder met sy kudde skape, asook die een Wingerdstok en die baie lote (Ladd 1974:281evv; Pelser 1995:667), gee uitdrukking hieraan. Alhoewel hierdie twee beelde veral die noodsaaklike band tussen Christus en gelowiges uitdruk, dra hulle inherent, vanuit hulle Ou Testamentiese agtergrond, die idee van 'n gemeenskap met hulle saam (vgl O'Grady 1975:240-245). Volgens Giles (1995:66ev) lê die oorsprong van die beeld van die herder met sy skape in Esegiël 34, waar Israel se leiers daarvan beskuldig word dat hulle Israel as kudde verwaarloos. Die Here belooof dan om hulle self teen die hange van Israel te laat wei en die Messias oor hulle as herder aan te stel. Met sy uitspraak dat Hy die goeie Herder is (Joh 10:11), vervul Jesus die profesie van Esegiël 34 en sê daarmee saam dat sy dissipels die ware Israel is (vgl Schnackenburg 1974:107ev, 110). Die beeld van die wingerdstok met die lote kan volgens Giles (1995:67) teruggeneem word na 'n paar profete wat Israel as wingerdstok beskryf, altyd in 'n konteks van hulle ontrou en die oordeel daaroor[55] (Jes 5:1-7; Jer 2:21; Eseg 15:1-5; 17:1-21; 19:10-15; Hos 10:1-2; vgl Ps 80). In Joh 15:1-5 is dit Jesus wat die ware wingerdstok is en wat dus saam met sy dissipels as die lote, die ware Israel is (Schweizer 1961:118; vgl Schnackenburg 1974:109ev). In albei hierdie beelde, saam met die een van die graankorrel wat met sy sterwe meer graan voortbring (Joh 12:24), kom die gedagte dan na vore van die skape, die lote en die graankorrels wat bymekaar gehou word "because they are all from the same vine, draw their strength from the same root, and are led by the same shepherd" (Schweizer 1961:123). Jesus se gebed om die eenheid van die dissipels en diegene wat deur hulle tot geloof kom[56] (Joh 17:20-23), druk hierdie gemeenskapsbewussyn nog verder uit (Dunn 1977:118; Giles 1995:67ev). Die wesenlike eenheidsband tussen gelowiges kan tog nie anders nie as om op 'n geloofsgemeenskap, of bloot anders gesê, 'n dissipelgemeenskap te dui (Guthrie 1981:721ev). Trouens, Schnackenburg (1974:111) sê in hierdie verband: "Unity is impressed on the Church as an essential characteristic, for Christ draws the Church into the existing indissoluble communion between Father and Son; consequently unity must also take effect perfectly and distinguish the Church, so that the world may believe in the divine mission of Christ". Volgens Giles (1995:68) dui die feit dat die dissipels, gegewe die konteks van die hele Joh 17, teenoor die wêreld gestel word, ook op 'n

[55]Dit beteken egter nie dat die kerk nou vir Israel vervang nie, in die sin dat daar twee periodes in die heilsgeskiedenis is nie (Schweizer 1961:119). Vir Johannes is Jesus die openbaring van God, en die twee groepe wat in die wêreld na vore kom, is diegene wat Hom verwerp en diegene wat in Hom glo.

[56]Volgens Schnackenburg (1982:210) bied die hele gebed in Joh 17 eintlik 'n visie op die gemeenskap wat sal groei as verhoring daarvan.

gemeenskapsbewussyn. Die fel polemiek teen die Jode wat in die Johannes-evangelie na vore kom (Brown 1984:103evv) impliseer ook iets van die feit dat die gelowiges daarvan bewus is dat hulle 'n aparte gemeenskap teenoor die Jode vorm. Dieselfde gemeenskapsbewussyn word verder ook duidelik uit die manier waarop die polemiek teen die dwaalleraars in die Johannese Briewe gevoer word (Giles 1995:168ev). Daar word op so manier van hulle gepraat dat dit duidelik is dat hulle teenoor die groep ware gelowiges geplaas word. Die grens wat hier getrek word tussen die gelowiges, wat duidelik herkenbaar is aan sekere kenmerke, en die dwaalleraars en die wêreld aan die ander kant, dui op 'n geloofsgemeenskap wat beskerm word (Schweizer 1961:126). Die groot klem op onderlinge broederliefde as 'n kenteken van ware geloof (1 Joh 3:14; Dunn 1977:118) druk ook iets uit van die gemeenskapsbewussyn (Giles 1995:169ev), veral as dit saamgelees word met die gedagte dat die gelowiges almal saam deel het aan die gemeenskap (*koinonia*) met God en dus ook met mekaar gemeenskap het (1 Joh 1:3; Giles 1995:171), en die feit dat alle gelowiges kinders van een Vader is (1 Joh 5:1; Giles 1995:170), asook Jesus se stelling in die evangelie dat die wêreld sal weet dat mense sy dissipels is wanneer hulle mekaar liefhet (Joh 13:35; Brown 1984:93ev). In hierdie verband is dit insiggewend dat die Johannese Briewe, wat 'n sterk onderskeid tref tussen diegene wat tot die gemeenskap en dus aan Christus behoort, en diegene wat daarbuite staan, bepaalde maatstawwe daarstel waaraan iemand, wat wel deel van die gemeenskap is, uitgeken kan word. Giles (1995:169) maak in hierdie verband 'n belangrike opmerking: "These tests ... are not given for personel assurance of one's standing before God, but of one's membership of the community of salvation". Die belangrikste van hierdie kenmerke is die regte belydenis van Christus,[57] 'n leefwyse in gehoorsaamheid aan Hom en soos reeds genoem, onderlinge broederliefde binne die gemeenskap (Giles 1995:169; vgl Noordegraaf 1990:37 se bespreking van Joh 17).

6.3 INDIVIDUALISTIESE TREKKE

Alhoewel daar dus geen twyfel is dat die Johannese geskrifte wel op verskillende maniere oor die kerk as gemeenskap praat nie, is die redes waarom dit ondergeskik is aan die sterk klem op die individuele gelowiges baie belangrik om die Johannese

[57]Volgens Schweizer (1961:126) is die Evangelie se eis om aan Jesus gebonde te bly in die briewe vervang met die eis om aan "orthodox doctrine" gebonde te bly. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Johannese geskrifte daaraan vashou dat die Heilige Gees juis gekom het om die waarheid aangaande Jesus te verkondig en dat Hy niks anders kan verkondig as wat Hy van Jesus ontvang het nie (Joh 16:13evv). Om

ekklesiologie te begryp. Eerstens is die individu se noodsaaklike verbondenheid aan Jesus Christus allesbepalend vir die vraag of hy deel is van die gemeenskap al dan nie (Pelser 1995:668ev). "What will bind together the community is the acceptance in faith of Jesus as the revealer and mediator and the only possible avenue of the saving power and presence of God" (O'Grady 1975:235). Alhoewel die aanbod van verlossing deur Christus universeel is (Joh 3:16; vgl Schweizer 1961:121), ontvang individue slegs die ewige lewe deur in Jesus Christus te glo, of met ander woorde: deur Hom te ken (Giles 1995:64). Die woord *pisteuein*, wat vertaal word met "glo", kom ses en negentig keer en die woorde *ginoskein* en *eidenai*, wat vertaal word met "ken", kom honderd vyf en twintig keer in die Evangelie voor (Giles 1995:64). Jesus Christus is die Herder wat sy skape ken en hulle ken Hom (Joh 10:27ev). Hulle luister na sy stem, want hulle ken sy stem. Hy is die Wingerdstok wat die lewenssap aan die lote voorsien (Joh 15:4ev). Bly hulle nie in Hom nie, verdroog hulle. Trouens, hulle kan nie vrugte dra as hulle nie in Hom bly nie (Joh 10:5), en die vrugte is een van die noodsaaklike kenmerke van Christenwees (Joh 15:8, 16; Giles1995:169; vgl 1 Joh 3:14). "Within the collective imagery of vine and flock, the core of the ecclesiology is a personal, ongoing relation to the life-giver come down from God" (Brown 1984:87; vgl O'Grady 1975:240-245). Hierdie gedagte word veral ook duidelik waar dit in die Johannese briewe eksplisiet gesê word dat die dwaalleraars, wat aanvanklik as deel van die gemeenskap beskou is, in werklikheid nooit deel was nie, omdat hulle dwaling impliseer dat hulle nooit vir Christus geken het nie (Schweizer 1961:126). Trouens, dit is uit die Johannese geskrifte duidelik dat die skeidslyn tussen diegene wat deel is van die gemeenskap en die wat daarbuite is, baie skerp getrek word (Giles 1995:169). Die Johannese "soteriological 'individualism' ... should not be taken to imply that John is not interested in the communal dimension of Christianity. He is simply insisting that the basis of membership in the community called into being by Jesus rests entirely on a personal faith response to him as revealer and Lord" (Giles 1995:64). O'Grady (1975:236) stel dit eintlik nog sterker wanneer hy sê "that the foundation for any existence of a community is the response that the individual has made to Jesus as revealer and mediator".

Dit is in die tweede plek belangrik om uit hierdie beklemtoning van die noodsaaklikheid van 'n individuele geloofsverhouding met Jesus Christus duidelik te sê dat die

---

aan Jesus gebonde te bly en om aan die belydenis aangaande Hom gebonde te bly, is dus oral in die Johannese geskrifte twee kante van dieselfde munt.

gemeenskap nie kan bestaan en voortbestaan sonder die uitsluitlike werk van die Drie-enige God nie (Pelser 1995:667; Schweizer 1961:129). Mense glo in Jesus Christus en is dus deel van die gemeenskap slegs omdat hulle deur God uitgekies is (Guthrie 1981:722; Noordegraaf 1990:34). Hierdie uitverkiesing word 'n werklikheid in individue se lewens wanneer hulle wedergebore word deur die werking van die Heilige Gees in hulle, sodat hulle in Jesus Christus as Verlosser kan glo (Noordegraaf 1990:34; Schnackenburg 1974:104; vgl Pelser 1995:668). Deur die wedergeboorte word mense dan kinders van God (Brown 1984:86). Hierdie uitverkore en wedergebore gelowiges kan egter nie vrugte dra en dus in hierdie wêreld as God se kerk lewe sonder dat hulle verbonde bly aan die Wingerdstok (Joh 15:4evv) en deur die Gees in die waarheid gelei word nie[58] (Joh 16:13; Guthrie 1981:724ev; Noordegraaf 1990:35). Dit is egter ook belangrik om raak te sien dat daar geen selfstandigheid aan die Gees toegeken word nie. "Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie ... want wat Hy van My ontvang sal Hy aan julle verkondig" (Joh 16:13ev). In die Johannese geskrifte word die Heilige Gees in werklikheid as die voortgaande teenwoordigheid van Jesus Christus geteken, terwyl Hy by sy Vader in die hemel is (Brown 1984:106). Daarom is die Heilige Gees wat as hulle Voorspraak (Joh 16:7) die sin en betekenis van Jesus Christus se koms reg interpreteer, en wat in elkeen van hulle afsonderlik bly, die gelowiges se troos en sekerheid (Brown 1984:107). Hy hou dus die gelowiges aan Jesus gebonde en stel hulle ook in staat om in die toekoms aan Hom gebonde te bly (Brown 1984:108). Dit is nodig omdat daar diegene is wat enersyds die Goddelikheid van Jesus Christus bevraagteken, soos dit in die Johannese evangelie geskets word (Brown 1984:103evv, 108ev) en andersyds in oorreaksie op die Evangelie se klem, die menslikheid van Jesus en noodsaak van geloofsgehoorsaamheid bevraagteken, soos dit in die Johannese Briewe na vore kom (Brown 1984:111evv). Dit is egter nie net die Heilige Gees wat na Jesus se weggaan die gelowiges se troos en sekerheid is nie. In sy afskeidsgesprekke maak Jesus ook die belofte dat Hy sal terugkom en hulle kom haal na die plek wat Hy vir hulle by sy Vader gereed maak (Joh 14:1evv). Hy gee dus aan die gelowiges 'n uitsig op die toekoms om hulle te help om tot die einde aan Hom verbonde te bly. Alhoewel die gebed van Jesus om die eenheid van die kerk baie duidelik dui op die gemeenskapsbewussyn, is dit verder belangrik om te verstaan dat hierdie eenheid vergelyk word met die eenheid tussen die Vader en die Seun en

[58]Guthrie (1981:724ev) maak die belangrike opmerking dat getuienistaak van die dissipels (Joh 15:27) nie noodwendig 'n organisasie nodig het om effektief te wees nie, maar wel van die krag van die Gees afhanklik is.

terselfdertyd gewortel is in en afhanklik is van die individuele gelowige se verbondenheid aan Jesus Christus (Dunn 1977:118ev).

Die wyse waarop en beelde waarmee die individu se persoonlike verbondenheid aan Jesus beklemtoon word, soos dit in die eerste twee punte hierbo na vore kom, sê in die derde plek onomwonde dat die kerk geen mensewerk is nie. Die kerk is vir sy bestaan en voortbestaan nie afhanklik van dit wat mense doen nie. Daarom word spesifieke bedieninge wat deur God gebruik word, geweldig onderbeklemtoon[59] (Dunn 1977:119; vgl Giles 1995:71). Die skape is almal skape wat die herder eweveel nodig het, wat sy stem op hulle eie hoor (Dunn 1977:118) en mekaar nie nodig het nie (Schweizer 1987:50). Die lote is almal lote wat die wingerdstok eweveel nodig het, wat elkeen op sy eie in die wingerdstok ingeplant is en mekaar nie nodig het nie. Die gelowiges word dus almal direk deur Jesus Christus versorg en gevoed en is dus in wese gelykwaardig (Pelser 1995:669; Schweizer 1987:50). Die klem dat die gelowige se verbondenheid aan Jesus nie mensewerk is nie, kom ook na vore in die feit dat die sakramente slegs implisiet in die Johannese Geskrifte na vore kom. Die wedergeboorte as die werk van die Gees word in Joh 3:5 met die water van die doop verbind. In byvoorbeeld Joh 6:54 word die verwysing na die nagmaal duidelik - as iemand van die liggaam en bloed van Jesus eet en drink, het hy deel aan Hom. Volgens Dunn (1977:170ev) is hierdie implisiete verwysings na die sakramente 'n reaksie op 'n sakramentalisme waar nuwe lewe letterlik deur die gebruik daarvan geskep word. In werklikheid beklemtoon en getuig dit van die verlossingswerk van Jesus Christus wat slegs deur sy Gees 'n werklikheid in mense se lewens word (vgl O'Grady 1975:250, 254).

6.4 KARAKTERTREKKE VAN DIE GEMEENSKAP

6.4.1 Geloofsgemeenskap

Uit dit wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat die kerk in die Johannese Geskrifte veral 'n geloofsgemeenskap is. Sonder om al die argumente te herhaal, is individue slegs lede van die gemeenskap omdat hulle in Jesus Christus as Verlosser glo. Dit trek dus duidelik die grens van die kerk teenoor diegene wat Hom verwerp, byvoorbeeld die Jode (vgl Brown 1984:103evv). Die geloof waarvan hier gepraat word, moet egter gekwalifiseer word.

---

[59]Volgens Schweizer (1987:51) was daar geen besondere bedieninge, of soos hy dit sê "offices" in die Johannese gemeenskap nie soos dit in 1 Joh 2:20, 27 duidelik word. Hierdie siening laat egter minstens die ouderling van 2 en 3 Joh buite rekening.

Schweizer (1961:126) sê dat dit in die Johannese Briewe nie meer net `n verbondenheid aan Jesus beteken nie, maar ook `n verbondenheid aan die gangbare interpretasie wat die Johannese gemeenskap as die waarheid aangaande Jesus aanvaar. Hier word dus ook `n grens getrek tussen die gemeenskap wat hierdie interpretasie aanvaar, en ander mense en groepe. Die geloofsgemeenskap word dus nie net afgegrens deur die daad van geloof in Jesus Christus nie, maar ook deur die inhoud daarvan (Giles 1995:169).

6.4.2 Liefdesgemeenskap

Die kerk is ook `n liefdesgemeenskap. "... loving one another is the essence of Christian communal life" (Giles 1995:67). Die oproep tot gelowiges om mekaar lief te hê, is dan ook een van die mees algemene frases in 1 Johannes (Giles 1995:169). Dit is juis die beeld van die wingerdstok, wat die individualiteit en die gemeenskapsbewussyn van die Johannesevangelie uitdruk, wat dit stel dat onderlinge liefde die vrugte is wat gelowiges in hulle verbondenheid met Jesus sal dra (Joh 15:16ev). "De kindern van God vormen geen willekeurige verzameling van gelovige individuen, maar een broederschap die alle barrières van cultuur, stand, ras en klasse doorbreekt. Juist in deze onderlinge liefde ligt de identiteit van de gemeente in onderscheid tot de wereld. Deze kent de liefde niet" (Noordegraaf 1990:35). Dit is ook belangrik om in te sien dat die Johannese geskrifte se oproep altyd op broederliefde gerig is, en dus diegene buite die kerk uitsluit (Giles 1995:169ev; Schweizer 1961:121). Dit het waarskynlik daarmee te doen dat, soos wat veral die Evangelie dit teken, die wêreld altyd die kerk sal haat soos wat dit vir Jesus gehaat en verwerp het (Schweizer 1961:121). In dié verband moet die eis om onderlinge liefde ook gesien word as `n verdedigingsmeganisme teen die verdeeldheid en skeuring wat die dwaalleraars, volgens die Johannese Briewe, veroorsaak (Giles 1995:170). Daar moet immers voorbidding gedoen word vir `n broer wat sondig (1 Joh 5:16; vgl Brown 1982:636). Gaius word ook opgeroep om steeds gasvry te wees teenoor die medegelowiges wat by hom aandoen, al is hulle vreemdelinge, veral in die lig van die teenstander, Diotrefes, se ongasvryheid (3 Joh 5evv, 9evv; vgl Brown 1982:743ev). Laastens moet ook gesê word dat Jesus se liefde beide die bron en die voorbeeld is van hoe gelowiges mekaar moet liefhê. "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê" (Joh 15:13; vgl Pelser 1995:669). Daarom moet hulle aan Hom verbonde bly sodat hulle dit voortdurend van God kan ontvang (Joh 15:9ev, 12; Schweizer 1961:130).

6.4.3 Die gemeenskap as `n eenheid

"Unity is impressed on the Church as an essential characteristic, for Christ draws the Church into the existing indissoluble communion between Father and Son; consequently unity must also take effect perfectly and distinguish the Church, so that the world may believe in the divine mission of Christ" (Schnackenburg 1974:111). Hierdie eenheid is gegrond in, en afhanklik van die individuele gelowige se verbondenheid aan Jesus Christus (Dunn 1977:118ev). Dit gaan dus volgens Giles (1995:68) oor beide die eenheid van die dissipels op enige gegewe stadium, en die eenheid tussen die eerste dissipels en almal wat na hulle kom (vgl Joh 17:20).

Die onmiddellike konteks van Joh 17 teken enersyds `n skerp skeiding tussen die kerk en die wêreld (Giles 1995:68) en andersyds die versugting dat die wêreld kan glo dat Jesus Christus die Seun van God is wat deur Hom gestuur is, as motivering vir die eenheid (Schnackenburg 1974:111). Dit, saam met die feit dat hierdie gebed om eenheid definitief op `n gemeenskapsbewussyn in die Johannes-evangelie dui (Dunn 1977:118; Guthrie 1981:721ev), sê duidelik dat dit op een of ander manier sigbaar moet wees en dat dit dus om meer as `n blote geestelike of `n soort mistiese eenheid gaan (Brown 1966:776evv; Giles 1995:67ev). In die lig van die kontroversie teen die dwaalleraars, gaan dit hier om `n gemeenskapseenheid soos dit onder andere in die Johannese Briewe getoken word: Die eis om die regte belydenis aangaande Jesus, `n gehoorsame lewe en die onderlinge liefde (vgl Giles 1995:169ev). Dit is verder duidelik dat dit iets moet weerspieël van die lewende en organiese eenheid en eensgesindheid tussen die Vader en die Seun, wat uiteraard baie meer is as `n blote harmoniese saamleef van mense of `n uiterlike en oppervlakkige eenheidstruktuur (Brown 1966:776; Ladd 1974:283). Dit is belangrik om te besef dat Jesus vir hierdie eenheid bid en dat dit dus nie `n opdrag aan die kerk is nie (vgl Schweizer 1961:123). Op dieselfde wyse as wat die kerk dus vir sy bestaan en voortbestaan van God afhanklik is, is dit vir sy eenheid van Hom afhanklik (Dunn 1977:118). Brown (1966:776) waarsku egter dat dit nie beteken dat gelowiges niks hoef te doen ten opsigte van die blywende eenheid van die kerk nie. Dit sê net dat die primêre bron daarvoor nie in hulle doen en late lê nie, maar in God se gawe aan sy kerk.

6.4.4 `n Missionêre gemeenskap

Die Johannese kerk word in baie opsigte as `n geslote kring geteken. Persoonlike geloof in Hom, asook die regte belydenis aangaande Hom, gehoorsaamheid aan Hom en die gepaardgaande eis om onderlinge liefde, word hier as duidelike grense geteken. Ondanks hierdie skerp skeiding tussen die Johannese kerk en diegene buite dit, hetsy die ongelowiges of die dwaalleraars, is daar tog `n duidelik waarneembare missionêre gerigtheid in die Johannese geskrifte. "No one has emphasized as clearly as John that Jesus dies for the world, not for the Church" (Schweizer 1961:121). Jesus is immers die Herder wat ook die ander skape wat nie van hierdie kudde is nie, sal deel maak van sy kudde (Joh 10:16; Giles 1995:67; Noordegraaf 1990:36), Hy het vir die kinders van God wat oor die hele wêreld verstrooi is, gesterf (Joh 11:52 Noordegraaf 1990:36) en Hy het self gesê dat die lande gereed lê om geoes te word (Joh 4:31-38; Schnackenburg 1974:112). Die feit dat Samaritane en heidene in die geloofsgemeenskap ingesluit word, dui ook op hierdie missionêre gerigtheid van Jesus se koms (Joh 12:21; Brown 1979:55; Giles 1995:67; Ladd 1974:282). Jesus verbind dan vervolgens sy eie koms na die wêreld met sy dissipels se verantwoordelikheid binne dieselfde wêreld en stuur hulle, nie net in hulle eie hoedanigheid nie, maar ook as verteenwoordigers van die hele kerk, die wêreld in soos wat Hy deur sy Vader gestuur is (Joh 17:18; 20:21; Giles 1995:68; Guthrie 1981:724; Noordegraaf 1990:36). In die lig van hierdie analogie is daar geen twyfel dat hierdie sending die voortgaande openbaring van God se liefde vir die wêreld in Jesus Christus impliseer nie. Juis om hierdie rede moet die kerk nie verbaas wees en moed verloor wanneer die wêreld hulle en hulle boodskap verwerp en haat nie - dieselfde lot het immers vir Jesus getref (Joh 15:18-16:4; Brown 1966:701ev). Laastens is dit belangrik om duidelik te sê dat die missionêre gerigtheid van die kerk gekwalifiseer word deurdat dit vir sy voortbestaan, en dus vir die geloof van diegene teenoor wie hy getuig, steeds geheel en al van God afhanklik is (Schweizer 1961:121).

6.5 KERKLIKE ORDENING

Volgens Brown (1979:98) het die Johannese kerk waarskynlik uit verskillende groepe of gemeentes bestaan wat in huise byeengekom het (vgl Giles 1995:171ev). Minstens sommige van hierdie huisgemeentes was nie ver van mekaar nie en waarskynlik in `n groot sentrum geleë (vgl 2 en 3 Joh). Een van die opvallendste kenmerke van hierdie kerk is die groot klem wat geplaas word op die gelykwaardigheid van alle gelowiges en die feit dat die hele kerk dus geroep is tot sending en bediening (Giles 1995:72). Dit wat

in die kerk gebeur, is geheel en al God se werk, wat ná Christus se vertrek voortgesit word deur die Heilige Gees, en daarom word enige verwysing na menslike leiding of bediening doelbewus vermy (vgl Giles 1995:172; Schweizer 1961:124). Daar is trouens net een gawe (charisma) en dit is die Heilige Gees (Pelser 1995:668). In 1 Joh 2:27 word dan ook onomwonde gesê dat die gelowiges deur die Gees gesalf is en dus geen ander leermeester nodig het nie[60] (Schweizer 1961:127). Waar "ampte" wel voorkom, soos by die Jode, by Judas (12:6) of waar dit wil voorkom asof Diotrefes wel leiding wil neem,[61] word dit negatief beoordeel (Schweizer 1961:124, 127). Tog is daar wel aanduidings van 'n kerklike struktuur en bedieninge (O'Grady 1975:259ev; Giles 1995:173; Schillebeeckx 1980:31; vgl Giles 1995:71ev), iets wat egter baie duidelik oorskadu word deur die groot klem op die algemene dissipelskap van alle gelowiges[62] (Brown 1984:91; Pelser 1995:668).

6.5.1 Dissipelgemeenskap

Mathetes, wat agt en sewentig keer in die Johannes-evangelie voorkom, is 'n baie belangrike begrip in die Johannese ekklesiologie, veral omdat dit so nou verbind word met sy Christologie (Schnackenburg 1982:205). 'n Dissipel is in die Johannese geskrifte sinoniem vir diegene wat positief op die uitnodiging reageer om in Jesus te glo, en daardeur die gemeenskap vorm wat bely dat Hy die Here is (Giles 1995:65). Die term word afwisselend vir verskillende groepe mense gebruik. Soms dui dit op die groep van twaalf - veral waar hulle spesifiek so genoem word (Joh 6:67-71; 20:24; vgl Schweizer 1961:124), soms word 'n dissipel op die naam genoem, byvoorbeeld Nataniël (Joh 1:45-49), soms dui dit op almal wat Jesus gevolg het, die vroue ingesluit, en soms dui dit ook op diegene wat nog tot geloof sal kom in later tye (Giles 1995:65). Giles (1995:65) meen

---

[60]Schweizer, en saam met hom Dunn (1977:119), gebruik hierdie uitspraak as een van sy argumente ter motivering dat daar geen spesiale bediening in die Johannese kerk was en geduld is nie. Giles (1995:173) sê egter dat indien dit waar sou wees, dit sou beteken dat die brief nooit geskryf kon word nie. Hy sê dan ook dat die skrywer van die briewe heel waarskynlik 'n erkende leermeester was. Schillebeeckx (1980:31) sê "dat de Johannese gemeenten wel ambtsstructuren kenden, maar dan van een ambt zonder enige *gezags*pretentie". Alhoewel die woord amp miskien 'n bietjie te sterk uitdrukking is, kan met hierdie uitspraak saamgestem word, veral in die lig daarvan die uitspraak oor die Heilige Gees as enigste leraar in werklikheid gemik is teen dwaalleraars.

[61]Giles (1995:172) is heeltemal reg wanneer hy redeneer dat die argument dat Diotrefes waarskynlik iets soos 'n monargiale biskop was wat die institusionele kant van die kerk verteenwoordig het teenoor Gaius wat die meer charismatiese ideaal sou verteenwoordig, gedruk gaan onder 'n gebrek aan getuienis. Diotrefes word in 3 Johannes slegs op 'n negatiewe manier getoon as 'n kerkleier wat ongasvry optree teenoor vreemde gelowiges.

[62]Brown (1984:91) sê dat dissipelskap dieselfde plek in die Johannese geskrifte inneem as wat die apostels in die meeste ander Nuwe Testamentiese korpusse inneem. Dissipelskap is dan volgens hom 'n status wat

dat die Johannese Evangelie baie keer 'n verhaal op so manier vertel dat dit op die historiese en die simboliese vlak funksioneer. In die geval van die dissipels word feitlik alles wat oor en/of vir hulle gesê word, ook dan bedoel vir alle dissipelskap oor alle tye. Jesus sluit byvoorbeeld die verhaal van Tomas, wat nie geglo het voordat hy gesien het nie, af met die uitspraak dat diegene wat nie sien nie en tog glo, meer geseënd is as Tomas (Joh 20:29).

Dit is duidelik dat daar nêrens 'n hiërargiese struktuur of 'n spesifieke bediening was wat sommige dissipels ongekwalifiseerd uitgesonder het of meer gesag gegee het as ander nie. Die enigste uitsondering in die evangelie is Petrus in Joh 21. Selfs hier word sy spesifieke opdrag wesenlik gekwalifiseer deur die tipies Johannese voorwaarde dat Hy vir Jesus moet liefhê (Schillebeeckx 1980:34ev). In die briewe is daar wel sprake van gemeenteleiers en die skrywer as 'n gerespekteerde leermeester, maar ook hierdie verwysings word gekwalifiseer deur die oorheersende werk van die Gees. In die algemeen gesien, is die verwysings na dissipels dus bedoel om verteenwoordigend vir alle gelowiges te wees en daarom kan dit ook gesê word dat geloof in Jesus Christus die enigste werklike vereiste vir dissipelskap is (Giles 1995:65).

Met sy verskyning aan die dissipels na sy opstanding (Joh 20:19-23), stuur Jesus hulle uit om sy bediening in die wêreld voort te sit. Hiermee saam ontvang hulle die Heilige Gees en verkry hulle die volmag om sondes te vergewe. Met hierdie opdrag kry die kerk as dissipelgemeenskap sy roeping in hierdie wêreld. Dit maak nie eintlik saak of dit net die tien, sonder Judas en Tomas, was en of daar ook ander gelowiges teenwoordig was toe die opdrag gegee is nie (vgl Noordegraaf 1990:36; Schweizer 1961:124). In lyn met die Johannese manier van dink is die dissipels ook hiér verteenwoordigend van die hele kerk (Giles 1995:69; Schweizer 1961:124). Alhoewel Jesus nie die inhoud van die opdrag uitspel nie, hou dit daarmee verband dat Hy in sy afskeidsgesprekke belowe het om die Heilige Gees te stuur om die kerk in die waarheid, wat Hy van Hom ontvang het, te lei. Die feit dat hulle die Heilige Gees ontvang net nadat Jesus die opdrag gegee het, sluit baie nou hierby aan en beteken dat die kerk in diens van die Gees die draers is van die openbaring van God in Christus, en dat hulle hierdie opdrag net in volle afhanklikheid van God kan uitvoer (Brown 1966:1036ev). Noordegraaf (1990:36) praat in hierdie

---

alle gelowiges geniet in hulle liefdesverbondenheid aan Jesus. Die Johannese geskrifte praat in elk geval nêrens van apostels nie (Giles 1995:69).

verband van die geestelike mondigheid van die gemeente wat deur die Heilige Gees in die waarheid gelei word. Hierdie mondigheid is volgens hom egter glad nie selfstandigheid nie. Hulle voer dus hulle opdrag met Goddelike sanksie en gesag uit, slegs wanneer hulle steeds deur die Gees aan Jesus verbonde bly. Uiteindelik is dit die Heilige Gees wat die draer van die waarheid aangaande Jesus is. "Dwelling in the heart of each Christian, he will contemporize it in each period and in each place, thus enabling Christians to face the things to come" (Brown 1984:108).

6.5.2 Spesifieke persone in spesifieke bedieninge

In die Johannese geskrifte word `n paar persone genoem wat op een of ander manier uitgesonder of aangestel word, wat leiding neem of prominent figureer. Die plek wat hulle inneem en funksies wat hulle vervul, wys duidelik daarop dat die Johannese kerk wel met `n soort struktuur gefunksioneer het. Uit die gegewens, wat werklik skraps is, bly dit steeds duidelik dat die voortbestaan van die kerk volgens die Johannese geskrifte nie van enige menslike struktuur afhanklik is nie, maar van God self.

6.5.2.1 *Presbuteros*

Die enigste pertinente verwysing na `n moontlike besondere bediening, is waar die skrywer van 2 en 3 Johannes na homself verwys as die *presbuteros*. Alhoewel Schillebeeckx (1980:31) hier van `n "amp" praat, kwalifiseer hy dit self as `n "amp" sonder enige gesagspretensie en kan daar dus met Schweizer (1961:128) saamgestem word dat dit eintlik nie hier om `n opvolger vir `n apostel of die lid van `n raad van ouderlinge gaan nie. Volgens Brown (1982:679) is hy waarskynlik `n dissipel van die *Geliefde Dissipel* en dus deel van die tweede geslag getuies. As skrywer van al drie die Johannese Briewe was hy `n prominente lid van die Johannese skool en dus `n gerespekteerde leermeester[63] (Brown 1982:679ev), met die kwalifikasie dat sy onderrig geheel afhanklik is van die onderrig deur die Heilige Gees (1 Joh 2:27). Hy dwing dan ook nie sy eie persoonlike of bedieningsgesag af nie, maar werk oorredend deur `n getuienis van die waarheid te lewer (Schillebeeckx 1980:32evv; vgl 3 Joh 9-11).

---

[63]In `n latere artikel sê Schweizer (1987:51) dat *presbuteros* hier glad nie op `n "ampsdraer" dui nie, maar eerder op iemand wat tot die eerste geslag Christene behoort. Tog aanvaar hy dat die skrywer gesag uitgeoefen het en ondersteun so die gedagte dat hy `n gerespekteerde leermeester in die Johannese gemeentes was. Volgens Giles (1989:90) is hierdie gebruik van die woord *presbuteros* uniek in die Bybel en kan daar dus nie te veel afgelei word oor die spesifieke bediening van ouderlinge nie. Die regte manier van dink is eerder om daarvan te sê dat dit `n bydrae maak tot die komplekse prentjie van die bediening van ouderling in die Nuwe Testament.

6.5.2.2 Petrus

Die naaste wat die Johannese geskrifte aan die aanstelling of aanwysing van `n spesifieke persoon tot `n besondere bediening kom, is waar Jesus vir Petrus uitsonder om as sy verteenwoordiger as herder die gelowiges te versorg. Petrus kry dus hier `n soort pastorale gesag wat verband hou met `n herderlike bediening (Barrett 1982:166; Schillebeeckx 1980:34ev). Hierdie pastorale gesag kan egter net funksioneer in verbondenheid aan Jesus self, soos wat dit duidelik word uit die drievoudige belydenis van Petrus se liefde vir Jesus (Schillebeeckx 1980:34ev). Brown (1984:93) wys tereg daarop dat dit belangrik is om te verstaan dat die skape Jesus s`n bly en dat die model waarvolgens Petrus sy opdrag moet uitvoer, Jesus se eie bediening is (vgl Barrett 1982:166). Hy is die Herder by uitstek wat nie met mag en gesag oor sy skape heers nie, maar deur sy kennis van en liefde vir hulle. Uiteindelik het Hy sy lewe vir hulle afgelê. Die verwysing na Petrus se einde is dus ook nie toevallig nie. Dit is egter insiggewend dat Petrus, behalwe waar hy met sy roeping met `n kort woord herdoop word tot Sefas (Joh 1:42), in die res van die evangelie `n ondergeskikte rol speel teenoor die *Geliefde Dissipel* (Brown 1984:91ev) en verder doodeenvoudig een van die dissipels is.

6.5.2.3 Die *Geliefde Dissipel*

Die *Geliefde Dissipel* het ook een of ander spesiale gesag (Schweizer 1987:51) en neem van die twaalf die mees prominente posisie in (Brown 1984:91ev). Alhoewel hy uitgesonder word, word hy nooit as `n selfstandige leier geteken nie en word sy noue en afhanklike verbintenis met Jesus vooropgestel (Schweizer 1961:124). Hy word telkens as die ideale dissipel getoon. Met die paasmaaltyd lê hy aan Jesus se bors en is hy die tussenganger tussen Petrus en Jesus (Joh 13:23evv). Tydens Jesus se verhoor is hy die een wat organiseer dat Petrus in die binnehof kon ingaan (Joh 18:15ev). Hy is ook die enigste manlike dissipel wat Jesus nie by die kruisiging verlaat het nie. Daar het Jesus hom aangeneem as sy broer deur sy moeder die moeder van die *Geliefde Dissipel* te maak (Joh 19:26ev). Hy is ook die enigste dissipel wat geglo het dat Jesus opgestaan het sonder dat hy Hom gesien het (Joh 20:8) en is dus nog meer geseën (Joh 20:29). Uiteindelik is dit tog Petrus wat uitgesonder word en `n spesiale opdrag ontvang (Joh 21:15-17), maar selfs daar is dit die *Geliefde Dissipel* wat, teenoor die marteldood van Petrus, die belofte ontvang dat sy getuienis nooit sal ophou nie (Joh 21:18-24; Barrett 1982:166). Hiermee ontvang hy volgens Barrett (1982:166) `n bediening as verkondiger

van die Woord, iets wat nogal verband hou met besondere aard van die skrywers van die Johannese geskrifte. Al word hy dus uitgesonder, neem hy nie `n hiërargiese posisie onder die dissipels in nie. "While a real person, the Beloved Disciple functions in the gospel as the embodiment of Johannine idealism: All Christians are disciples and among them greatness is determined by a loving relationship to Jesus, not by function or office" (Brown 1984:93; vgl Barrett 1982:166ev).

6.5.2.4 Diotrefes

In 3 Johannes word Diotrefus as `n gasheer en selfs moontlik `n voorganger van `n huisgemeente geteken[64] (Brown 1982:732). Alhoewel dit in hierdie verband nie werklik saak maak wat die rede is waarom Diotrefus gasvryheid aan rondreisende leraars geweier en verbied het nie, word Brown (1982:738) se verklaring hier gestel as een van die mees waarskynlikste. In die lig van die opdrag in 2 Joh 10-11 dat gasvryheid geweier moet word aan rondreisende dwaalleraars, en die opdrag in 1 Joh 4:1 dat die geeste getoets moet word, het Diotrefes waarskynlik summier alle rondreisende leraars gasvryheid geweier en verbied, om dit vir homself en sy huiskerk makliker te maak om weerstand teen die dwaalleer te bied. In die proses het hy egter te ver gegaan en regsinnige leraars uit die skrywer se eie gemeenskap te na gekom. Dit, saam met die feit dat hy in die proses aan homself `n soort institusionele gesag toegeken het wat vreemd is aan die Johannese kerk, is die rede waarom hy negatief beoordeel word (vgl Schillebeeckx 1980:34).

6.5.2.5 Gaius

Die derde Johannesbrief is aan Gaius gerig. Alhoewel daar baie gissinge is oor presies wie en wat hy was, is Brown (1982:731ev) waarskynlik die naaste aan reg. Volgens hom is Gaius nie `n lid van Diotrefes se huiskerk nie, maar self ook nie die hoof van `n ander een nie. Sy huis was egter groot genoeg om medegelowiges te ontvang en dit was waarskynlik naby aan Diotrefes se huis. Dit is moontlik dat die skrywer hom by implikasie aanmoedig om sy huis as `n huiskerk beskikbaar te stel as `n oplossing vir die probleem wat Diotrefes vir die Johannese kerk in die breë veroorsaak.

---

[64]Schillebeeckx (1980:34) praat van hom as `n *presbuteros*, maar dit is glad nie seker nie of hy dit wel was nie.

6.6 SAMEVATTING

6.6.1 Die kerk se bestaan, voortbestaan, toekoms en karaktertrekke is die uitsluitlike werk van die Drie-enige God en dus nie afhanklik van wat mense doen nie.

6.6.2 Die Johannese geskrifte vertoon `n baie duidelike gerigtheid op die individu en sy persoonlike geloofsverbondenheid met Jesus Christus as voorwaarde vir sy dissipelwees van Jesus en vir sy deelwees van die kerk, wat dus as `n dissipel- en geloofsgemeenskap getipeer kan word.

6.6.3 Die kerk is `n liefdesgemeenskap wat in hulle geloofsverbondenheid aan Jesus Christus gehoorsaam is deur mekaar lief te hê volgens die voorbeeld van Jesus self.

6.6.4 Die hele kerk is `n missionêre gemeenskap wat, as dissipels van Jesus, die draer is van die voortgaande openbaring van God se liefde vir die wêreld in Jesus Christus, maar terselfdertyd sterk afgegrens is van die ongelowiges en die dwaalleraars, hetsy Jood of heiden, wat Jesus verwerp en dus die kerk se teenstander in die wêreld is.

6.6.5 Die eenheid van die kerk is Godgegewe, maar beteken nie `n passiwiteit van gelowiges se kant af nie en word dus as `n gemeenskapseenheid sigbaar in die onderlinge liefde, die regte belydenis aangaande Jesus en die getuienis teenoor die wêreld.

6.6.6 Die kerk is `n nie-hiërargiese dissipelgemeenskap wat as die een, universele kerk sigbaar gestalte kry in verskillende gemeentes op verskillende plekke.

6.6.7 Binne die ruimte van die algemene dissipelskap van alle gelowiges, funksioneer die gemeentes onder leiding van spesifieke persone wat hulle bediening onder gesag van Jesus alleen en in uitsluitlike afhanklikheid van die Heilige Gees, as God se enkele gawe aan sy kerk, uitvoer.

6.6.8 Die bedieninge waardeur spesifieke persone leiding neem, gaan veral oor die herderlike versorging van die gemeente en die getuienis aangaande Jesus, wat as vrug van die noue geloofsverbondenheid aan Hom die voortsetting van sy bediening in die wêreld is.

7. DIE KERK IN DIE OPENBARING AAN JOHANNES

7.1 INLEIDING

Openbaring is aan die kerk van alle tye gerig as bemoediging, vertroosting en aansporing midde die verdrukking wat die kerk in sy bestaan in die wêreld beleef (Giles 1995:174). Die hele Openbaring van Johannes het dus die kerk in sy verhouding met God, met die wêreld en met homself in die oog. Dit begin met die sewe briewe aan die gemeentes in Asië[65] en eindig met die visioen van die nuwe Jerusalem en is dwarsdeur die boek die sentrum van belangstelling (Botha 1965:330; Giles 1995:174).

In die Openbaring van Johannes word die kerk geteken as die een, universele en nie-hiërargiese volk van God wat deur Hom losgekoop en afgesonder is om vir ewig aan Hom te behoort en Hom te aanbid en verheerlik. Te midde van verdrukking en vervolging en in die lig van die belofte van oorwinning, staan die kerk voor die uitdaging om in afhanklikheid van God in sy getuienis en profesie getrou te bly.

"Membership of the company of the elect is determined only by God's act of grace which is answered by the pure and immaculate who follow the Lamb" (Schweizer 1961:134).

7.2 DIE EEN, UNIVERSELE GODSVOLK

Die een beeld wat die kerk in Openbaring die beste teken, is die van 'n volk wat te midde van baie ander volke in die wêreld spesifiek aan God behoort (Op 5:9). Om dit sterker te stel: daar is eintlik net twee groepe mense in hierdie wêreld, en die kerk is die groep wat God uit die mag van die Bose losgekoop het met die bloed van sy Seun. Die kerk deel dus in die oorwinning wat Hy oor die Bose behaal het. Die kerk se oorsprong lê dus by die oorwinningswerk van Jesus Christus, en sy voortbestaan berus by Christus se blywende teenwoordigheid in sy kerk (Pelser 1995:654). Dat die kerk hiermee saam ook voorgestel word as 'n koninkryk en priesters wat deur Christus gereinig is (Op 1:6; 7:14), as die bruid van Christus wat op die Bruidegom wag en saam met Hom gaan aansit aan die bruilofsmaaltyd van die Lam (Op 19:5-9) en as die nuwe Jerusalem in al sy glans en heerlikheid (Op 21:9-22:5), gee aan die gelowiges 'n bepaalde eiewaarde wat grootliks bydra tot die troos en bemoediging wat die boek in hulle verdrukking en vernedering aan hulle wil bied (Schnackenburg 1974:113-117).

---

[65]Sewe is 'n simboliese getal en wys op volledigheid of volkomenheid (Giles 1995:174).

7.2.1 Die kerk is Israel

Dit is baie duidelik dat die kerk in Openbaring volledig geïdentifiseer word met die twaalf stamme van Israel (Schweizer 1961:132ev). Die Ou Testament word opsigtelik baie gebruik en dan van toepassing gemaak op die kerk. "The seer (Johannes - AC) *typologically* makes the church the successor to historic Israel. It is the Christian community who are taking part in the second exodus, who have been redeemed from slavery by the death of the Lamb, and are now enjoying the blessings of the new covenant; and it is the enemies of the Christian community who fall under the judgement of God as he sends 'plagues' on them" (Giles 1995:175). Positief gesien verteenwoordig die vier-en-twintig ouderlinge vir Israel voor Christus (twaalf) en die kerk na Christus (twaalf) (Botha 1965:336). Dieselfde kan gesê word van die honderd-vier-en-veertig-duisend gelowiges op die berg (twaalf maal twaalf maal duisend) (Botha 1965:336; Giles 1995:176). Beide is visioene wat op die hele kerk van toepassing gemaak word van die begin van die wêreld af tot die einde toe. Negatief gesien kan die Jode wat Christus verwerp, nie aanspraak maak om as Jode beskou te word nie en word hulle selfs die sinagoge van die Satan genoem (Giles 1995:175; Schweizer 1961:132). Hierdie is maar enkele voorbeelde van talle wat dit duidelik maak dat die kerk in Openbaring Israel is; die uitverkore volk van God (Schnackenburg 1974:113ev).

In die tyd na Christus is dit nie meer etniese afkoms wat van iemand 'n Israeliet maak nie, maar geloofsverbondenheid aan Christus wat namens en ter wille van die gelowiges die Bose oorwin het met sy kruisdood (Botha 1965:331ev). Hierdie feit, saam met die gedagte dat God mense op hierdie manier losgekoop het om sy eiendom te wees, asook die feit dat dit Hy is wat diegene wat Hy uitverkies het uit verskillende volke roep en vergader om sy volk te vorm, sê dat die kerk God se handewerk is (vgl Botha 1965:331). Hierin lê ook die troos en bemoediging vir die kerk, wat in hierdie wêreld net vervolging en verdrukking te wagte kan wees (Botha 1965:339; Giles 1995:178).

7.2.2 Die kerk is in stryd met die Bose en die wêreld

Een van duidelikste karaktertrekke van die kerk in Openbaring is juis die skerp skeidslyn ten opsigte van die wêreld, wat as in beheer van die Bose beskryf word. Die wêreld, onder aanhitsing van sy heerser, haat die kerk en wil dit uitroei (Botha 1965:340). Daarom is die tydperk hier op aarde vir die kerk 'n tyd van stryd. Hierdie stryd is van buite en van binne. Van buite maak beide die etniese Jode, wat getipeer word as die

sinagoge van die Satan, en die heidene met hulle afgodsvereringe en heidense vakgildes die lewe bitter moeilik vir die kerk (Botha 1965:339). Van binne is die kerk deur dwaalleer bedreig (Botha 1965:340). Die kerk kan en moet dit alles egter deurstaan omdat Christus reeds die oorwinning behaal het (Pelser 1995:655) en God in beheer van die verloop van sake is. Die beeld wat op grond hiervan van die kerk geteken word, naamlik die nuwe Jerusalem en die bruid van Christus wat gaan aansit aan die bruilofsmaaltyd van die Lam, sê baie duidelik dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat almal duidelik sien dat die kerk werklik aan God behoort en in Jesus se heerlikheid deel (Giles 1995:178). Intussen is Hyself tussen die kandelare, as simbool dat Hy self sy kerk versorg en beskerm (Botha 1965:340; Pelser 1995:654). Daarom word die kerk dan ook baie dikwels en sterk opgeroep om te bly vashou aan die getuienis aangaande Jesus en om die oorwinning te behaal.

7.2.3 Die een, universele kerk

Dit is sonder twyfel uit al hierdie gegewens duidelik dat Openbaring die universele kerk bedoel (vgl Giles 1995:174ev). Selfs waar spesifieke gemeentes genoem word, is die getal sewe wat aan hulle verbind word simbolies vir die hele kerk (Giles 1995:174). Uiteraard is dit uit die implikasie in die sewe briewe aan die gemeentes (Op 2-3) dat elke gemeente vir homself verantwoordelikheid moet aanvaar, duidelik dat dit aanvaar word dat die gemeentes wat in die dorpe en stede versprei is 'n bepaalde selfstandigheid het (Botha 1965:331; vgl Giles 1995:174ev, 181). Dit lê egter onder die oppervlak omdat elkeen van hierdie briewe, vanuit die konteks van die boek gesien, aan die universele kerk gerig is (Botha 1965:333ev; Noordegraaf 1990:60). Die feit dat die kerk die universele volk van God is, word ook duidelik uit die feit dat dit met die bloed van Christus losgekoop is uit alle volke, nasies, stamme en tale (Op 5:9; 7:9; Botha 1965:337). Hierdie viertal simboliseer volgens Botha (1965:337) die hele wêreld, enersyds geografies volgens die vier windrigtings en andersyds volgens al die fasette van menswees. Volgens hom is die Jode ook hierby ingesluit, sonder om hulle spesifiek uit te sonder.

Dit is verder uit bogenoemde gegewens duidelik dat die kerk wesenlik een is (Giles 1995:181). Hierdie eenheid is veral gegrond in hulle verbondenheid aan Jesus Christus. Die beeld van Christus wat tussen die sewe kandelare staan, gaan nie net oor die feit dat dit Hy is wat sy kerk versorg en beskerm nie (Botha 1965:331ev), maar is ook simbolies

vir die feit dat Hy die gemeentes aan mekaar bind[66] (Botha 1965:336). Hy is die band tussen die gemeentes wat van die kerk `n eenheid maak.

7.2.4 Tussen die "reeds" en die "nog nie"

Dit is belangrik om, veral in die lig van die troos en bemoediging wat van die boek wil uitgaan, te verstaan dat hier baie sterk gewerk word met `n denkwyse van "reeds" en "nog nie" (Coetzee 1990: 295). Alles wat God in Christus vir die kerk wou doen, is immers reeds gedoen en daarom reeds deel van die werklikheid van die hede (Coetzee 1990:296ev; Schweizer 1961:133). Alhoewel baie daarvan nog tot finale voltooiing en verwerkliking moet kom, het en is die kerk dit dus alles reeds. "Reality is what the Church is before God, not what the unenlightened eyes of men can see in it" (Schweizer 1961:133). Volgens Schweizer (1961:133) is daar is dus nie sprake van `n opweg-wees deur die geskiedenis met `n gepaardgaande ontwikkeling nie, en is die kerk geroep om met geduld en vasberadenheid op die Bruidegom te wag. Hy meen dus dat daar nie veel van `n historiese bewussyn is nie, en ook nie van `n tradisie wat iewers in die verlede ontstaan het en nou geïnterpreteer, vasgelê, vir die toekoms bewaar, en in nuwe situasies en tye opnuut geïnterpreteer moet word nie. Die waarheid is reeds ten volle in Christus geopenbaar en al wat oorbly, is dat die kerk daaraan moet vashou ter wille van sy voortbestaan tot in ewigheid (Noordegraaf 1990:61). In hierdie sin is die kerk dan ook toekomsgerig.

7.3 DIE KERK IS `N AANBIDDINGSGEMEENSKAP

Openbaring beklemtoon die aanbidding van en lofprysing aan God, in verwondering oor sy grootheid, wat so duidelik blyk uit alles wat Hy vir sy kerk doen (Guthrie 1981:786ev; Coetzee 1990:297ev, 301evv). Alles wat tot nou toe oor die kerk gesê is, gaan oor aardse werklikhede. Openbaring teken egter terselfdertyd `n prentjie van die hemelse kerk waar die Lam nou reeds aanbid word met volgehoue lofprysings oor hierdie werklikhede en die verdere realisering daarvan (Giles 1995:174; vgl Schnackenburg 1974:115). Terwyl

---

[66]Dit is juis die beeld van die sewe kandelare waartussen Christus staan wat Botha (1995:336) laat sê dat die eenheid van die kerk nie `n sigbare en uiterlike eenheid is nie. Die een kandelaar met sy sewe arms wat in die Tabernakel gestaan het, het volgens hom die sigbare eenheid van die verbondsvolk uitgedruk. Die sewe verskillende kandelare het gevolglik die sigbare eenheid verbreek en daarom bestaan dit volgens hom in die onsigbare en innerlike band wat Christus en die Heilige Gees skep. Hiermee oorspan hy egter die beeld se betekenis deur `n saak aan te raak wat nie die skrywer van Openbaring se bedoeling is. In die konteks van die boek gaan die verbondenheid aan Jesus Christus ook oor die getuienis aangaande Hom, waarin die eenheid van die kerk dan juis sigbaar word.

die finale gebeure nog moet plaasvind om die oorwinning van Christus oor die Bose tot verwerkliking te bring, word die oorwinningslied nou reeds in die hemel gesing (Op 11:15; 12:10evv; 15:3ev; 19:1-8; Noordegraaf 1990:61). "Waarschijnlijk mogen we in deze lofzangen uitingen zien van een hemelse liturgie die model staat voor de eredienst op aarde in de gemeente. In de samenkomsten van de gemeente wordt te midden van de aardse strijd het loflied gezongen, omdat de overwinning van het Lam vaststaat!" (Noordegraaf 1990:61ev). "Revelation implies a belief that in worship, heavenly, end-time realities break into earthly existence: eschatological reality becomes present reality" (Giles 1995:180). Die kerk is dus ook `n aanbiddingsgemeenskap, en hierin lê ook iets van sy toekomsgerigtheid.

7.4 ORGANISATORIESE ASPEKTE

Openbaring is aan die kerk van alle tye gerig as bemoediging, vertroosting en aansporing midde in die verdrukking wat hy beleef in sy bestaan in die wêreld (Giles 1995:174). In hierdie wêreld is daar net twee groepe mense. Die een groep is die kerk, wat as die universele Godsvolk skerp afgegrens is van die tweede groep mense, naamlik die wêreld wat as die kerk se teenstander onder aanhitsing van die Bose, dit probeer vernietig. Hieruit is dit duidelik dat Openbaring die kerk in sy geheel beskou - die universele kerk. Die feit dat dit as `n apokaliptiese geskrif bedoel is as `n bemoediging en troos, veroorsaak dat geweldig baie klem gelê word op die direkte werk van die Drie-enige God vir en in die kerk. Tog is gemeentes en spesifieke bedieninge nie heeltemal uit die prentjie nie, al is dit dan by wyse van implikasie.

7.4.1 Gemeentes

Openbaring begin met die beeld van Jesus Christus wat tussen die sewe kandelare, as die sewe gemeentes, staan (Op 1:12, 20). Die volgende twee hoofstukke word gewy aan briewe aan elkeen van hierdie gemeentes (Op 2-3). Elkeen word per naam aangedui as die *ekklesia*[67] in die betrokke plek (Op 2:1, 8, 12, 18; 3:1, 7, 14). Die implikasie van elke brief is dat elke gemeente vir homself verantwoordelikheid moet aanvaar (Botha 1965:331). Ondanks die feit dat hierdie gemeentes en die briewe aan hulle, gegewe die

[67]Volgens Botha (1965:72) dui *ekklesia* in Openbaring altyd die gemeente aan en word die meervoud dan gebruik vir `n versameling van gemeentes. Die betekenis van die woord word, soos in ander plekke in die Nuwe Testament verbind met die Ou Testamentiese *qahal Jahwe* wat in die LXX met *ekklesia kuriou* vertaal is, en kan dus met "kerk" of "gemeente" in Afrikaans vertaal word.

simbole van die kandelare en die getal sewe, as simbolies vir die universele kerk beskou kan word (Giles 1995:174), dui hierdie feite onteenseglik daarop dat die bestaan van verskillende gemeentes veronderstel word en dat elkeen, soos wat hulle in die dorpe en stede in Johannes se tyd versprei was, 'n bepaalde selfstandigheid gehad het en dus as kerk beskou kan word (Botha 1965:331; Giles 1995:175, 181).

7.4.2 Besondere bedieninge

Dit is belangrik om te verstaan dat dit die kerk is wat in Openbaring aangespreek word en nie individuele Christene nie (Schweizer 1961:134). Selfs waar die sewe briewe telkens gerig is aan die *aggelos* van die betrokke gemeente, moet onthou word dat hierdie briewe aan die universele kerk gerig is (Giles 1995:174). Hiermee saam is die kerk vir sy bestaan en voortbestaan van God afhanklik en funksioneer die hele boek as sy troos en bemoediging aan hulle. Van hulle word net verwag om vas te hou aan die getuienis aangaande Jesus. Tog word verskillende bedieninge wat in die gemeentes gefunksioneer het, wel geïmpliseer.

7.4.2.1 Profesie

Profesie is saam met getuienis een van die twee bedieninge wat in Openbaring as 'n besondere bediening uitgesonder kan word (Dunn 1977:120; vgl Schweizer 1961:134 vir die gedagte dat profesie die enigste bediening in Openbaring is). Tog is daar nie veel wat gesê kan word nie. Openbaring is 'n profesie en die skrywer was baie bewus daarvan dat God deur hom op 'n baie besondere en gesaghebbende manier praat (Giles 1995:180). Trouens, hy beskou die gesag van sy boodskap as absoluut, aangesien hy dit van God ontvang het (Giles 1989:139). Dit beteken egter nie dat hierdie gesag aan hom as persoon 'n groter gesag binne die kerk gee nie, aangesien dit steeds geïnspireerde gesag is, soos enige ander profeet wat aanspraak maak dat sy boodskap geïnspireer is (Dunn 1977:121). Hiermee saam beskou hy homself as die medegelowige en medeverdrukte van al die ander gelowiges (Op 1:9; Schweizer 1961:135). Daar was egter ook ander wat profete genoem is, en selfs 'n getuienis aangaande Jesus word by geleentheid 'n profesie genoem (Op 10:7; 19:10; 22:9 en ander; Dunn 1977:120ev; Giles 1995:180). Wat wel belangrik is, is dat elke gelowige, minstens in beginsel, ook 'n profeet is (Giles 1989:139), terwyl sommige hierdie bediening meer pertinent uitvoer as ander (Dunn 1977:121; Schweizer 1961:134ev). Daar is egter geen aanduidings van een of ander profetiese hiërargie nie (Dunn 1977:121).

Profesie, en veral dié van die skrywer, word gesien as uitsprake wat gemaak word onder invloed van die Heilige Gees (Schweizer 1961:134ev) en is bedoel as verkondiging aan die kerk (Schweizer 1961:136). Giles (1989:140ev) wys ook op die groot afhanklikheid van en die noue verhouding tussen Johannes se profesie en die Ou Testament. Hy noem dit "a dynamic relationship between prophecy and Scripture - or, in other terms, between tradition and Spirit".

7.4.2.2 Getuienis

Die eintlike rol van die kerk is om getuienis te lewer (Op 6:9; 12:11, 17; 19:10; Schweizer 1961:135) - as hy ophou om dit te doen verloor hy sy bestaansreg (Giles 1995:174). Die feit dat getuienis in Op 19:10 verbind word met profesie, beteken dat die essensie van profesie altyd getuienis aangaande Jesus is (Mounce 1977:342; vgl ook Op 11:3 waar dit voorkom asof die twee getuies profeteer - Mounce 1977:223 en Dunn 1977:120). Dit is om dié rede dat die twee baie moeilik geskei kan word, soveel so dat Schweizer (1961:136) hulle byna as twee kante van dieselfde bediening beskou (vgl Dunn 1977:120ev). Juis omdat getuienis veral gaan oor die boodskap van Jesus Christus wat uitgedra en waaraan vasgehou moet word in die konteks van die vyandige wêreld, word die gedagte van martelaarskap baie nou met getuienis verbind (Dunn 1977:120; vgl Op 2:13 waar pertinent genoem word dat Jesus se getroue getuie, Antipas, doodgemaak is). Nog meer as met profesie is alle gelowiges geroep om getuies van Christus te wees (Dunn 1977:120ev) en in hierdie getuienis vas te staan tot die dood toe (Schweizer 1961:133). Getuienis is dan veral bedoel as verkondiging teenoor die wêreld (Schweizer 1961:136).

7.4.2.3 Ouderlinge

Op verskeie plekke in Openbaring word na die vier-en-twintig ouderlinge verwys (Op 4:4, 10; 5:8; 11:16; 19:4). In al hierdie gevalle word hulle as hemelse wesens geteken wat verteenwoordigend is van die hele kerk van die begin van die wêreld af tot die einde toe (twaalf uit die bedeling voor Christus en twaalf uit die bedeling na Christus) (Botha 1965:342; Dunn 1977:120; Giles 1995:180). Hoogstens kan hier gesê word dat die feit

dat hulle as verteenwoordigend van die hele kerk genoem word, impliseer dat ouderlinge wel deel was van die struktuur van die gemeentes in daardie tyd[68] (Giles 1995:180).

7.4.2.4 *Aggelos*

Die sewe briewe word elkeen aan die *aggelos* van die betrokke gemeente gerig (Op 2:1, 8, 12, 18; 3:1, 7, 14). In Op 1:20 word die *aggeloi* van die sewe gemeentes verbind met die sewe sterre wat die Seun van die mens in sy hand gehad het (Op 1:16). In die Nuwe Testament verwys die woord soms na hemelse wesens en soms na menslike boodskappers. Aansien *aggelos* in die res van Openbaring op hemelse wesens betrekking het (Giles 1995:174; Mounce 1977:82), is die moontlikheid dat dit hier dieselfde is, baie groot. Die standpunt van Giles (1995:174) dat die briewe telkens aan die beskermengel van elke gemeente gerig is, klink dan waarskynliker as die gedagte van Dunn (1977:120) dat dit dui op hemelse teenhangers van die verskillende kerke, of die gedagte van Mounce (1977:82) dat dit `n verpersoonliking van die gees van die gemeente is. Die feit dat die briewe inhoudelik gesien aan die hele gemeente gerig is, maak dit in die lig van bogenoemde argumente minder waarskynlik dat hier `n bepaalde "amp", hetsy dit `n boodskapper of wat ook al is, bedoel word soos Botha (1965:341ev) beweer. Uiteindelik is dit baie moeilik om `n definitiewe antwoord te gee. Gegewe die universele gerigtheid van die briewe en die feit dat die gemeentes op die kerk in sy geheel dui, asook die feit dat Openbaring in werklikheid feitlik niks pertinent oor enige bediening sê nie, maak `n definitiewe antwoord van minder belang.

7.4.2.5 `n Nie-hiërargiese gemeenskap

Samevattend moet in verband met die vraag oor besondere bedieninge in Openbaring gesê word dat die kerk hier baie duidelik `n nie-hiërargiese gemeenskap is, waar alle gelowiges priesters (Op 1:6), heiliges (Op 5:8) en God se diensknegte is (Op 7:3) (Dunn 1977:120; Schweizer 1961:134). Van iets soos amspdraers is hier nie sprake nie (Dunn 1977:120), hoogstens van iets soos bedieninge. Alhoewel die twaalf apostels die fondament van die nuwe Jerusalem vorm (Op 21:14) (verder word niks oor hulle gesê nie), is dit al die gelowiges wat getrou bly wat saam met God op sy troon gaan sit (Op 3:21; Schweizer 1961:134). In die briewe aan die sewe gemeentes is dit telkens die hele

[68]Botha (1965:342) se standpunt dat hier van die amp van ouderling in lyn met die res van Nuwe Testament gepraat word, neem nie die gebrek aan getuienis in die res van Openbaring in ag nie.

gemeente wat aangespreek en opgeroep word om te reageer (vgl Giles 1995:175). Die vier-en-twintig ouderlinge wat genoem word verteenwoordig in werklikheid die hele kerk van alle tye (Botha 1965:342; Dunn 1977:120; Giles 1995:180). Johannes word hier geteken as `n profeet, maar dit is slegs sy profesie wat gesaghebbend is en nie hy as persoon nie (Dunn 1977:212; Schweizer 1961:135). Al die gelowiges word ook dan geroep tot profesie en getuienis as die enigste werklike bedieninge waarvan hier sprake is (Schweizer 1961:133, 135). Uiteindelik is dit kerk as geheel, met die gemeentes plaaslik, wat in afhanklikheid van God profete en getuies moet wees van die heerskappy van God en die verlossingswerk van Jesus Christus. "... *the Church is pre-eminently a church that lives through and out of prophecy*" (Dunn 1977:121) - en getuienis. Elke gelowige is tot hierdie bediening binne die kerk geroep.

7.5 SAMEVATTING

7.5.1 In hierdie wêreld is daar net twee groepe mense. Die een groep is die kerk, wat as die een, universele Godsvolk skerp afgegrens is van die tweede groep mense, naamlik die wêreld, wat as die kerk se teenstander onder aanhitsing van die Bose, dit probeer vernietig.

7.5.2 In sy oorsprong, voortbestaan en toekoms is die kerk volledig God se handewerk, soos dit veral uitgedruk word in die feit dat die kerk deur Jesus Christus losgekoop is uit alle ander menslike groeperings om God se uitverkore volk te wees, en dat Hy midde in sy kerk teenwoordig is om hulle te versorg en te beskerm tot en met die voleinding.

7.5.3 Openbaring het veral die een, universele kerk van alle tye en plekke in die oog, maar die bestaan van verskillende gemeentes wat as selfstandige kerke beskou, aangespreek en bemoedig word, word wel veronderstel.

7.5.4 As aardse werklikheid voer die kerk sy bestaan in die spanningsveld van die sogenaamde "reeds" en "nog nie". Dit teken `n prentjie van `n statiese kerk wat bly wag op en uitsien na die verwerkliking van dit wat hy reeds is en het met die wederkoms van Jesus Christus.

7.5.5 Die kerk word ook geteken as `n hemelse werklikheid wat as triomferende kerk God nou reeds in verwondering aanbid en die oorwinningslied tot Sy eer sing. As

aanbiddingsgemeenskap neem die aardse kerk in sy eie aanbidding en verheerliking van God, nou reeds voorlopig deel aan hierdie feestelike viering van die oorwinning van Jesus Christus oor die Bose, wat reeds in die hemel aan die gang is, en gryp terselfdertyd daarmee vooruit na sy eie volle deelname daaraan.

7.5.6 In Openbaring is daar sprake van twee bedieninge, naamlik profesie en getuienis.

7.5.7 Profesie, wat die bediening van veral die skrywer, maar ook van die hele kerk is, word gesien as Woordverkondiging onder die direkte invloed en leiding van die Heilige Gees en is gerig aan die kerk. In Johannes is daar `n dinamiese verhouding tussen die Ou Testament en die profesie.

7.5.8 Getuienis, waarin die kerk sy bestaansreg vind en wat die bediening van die hele kerk is, is die vashou aan en die uitdra van die evangelie van Jesus Christus midde in en aan `n vyandige wêreld.

7.5.9 Die evangelie van Jesus Christus waaraan vasgehou moet word tot die dood toe, is die Godgegewe waarheid oor sy verlossingsplan met die wêreld en hoef, gegewe die spanningsveld van die "reeds" en "nog nie" waarin die kerk hom bevind, dus nie in nuwe omstandighede geherïnterpreteer te word nie.

7.5.10 Die ouderlinge waarvan Openbaring praat, is hemelse wesens wat die een, universele kerk voor God se troon verteenwoordig, maar impliseer tog dat ouderlinge, met watter doel en welke manier ook al, deel was van die struktuur van die kerk.

7.5.11 Die kerk in Openbaring is 'n nie-hiërargiese gemeenskap waar elke gelowige, elke gemeente en die kerk as geheel geroep is tot die bediening van profesie en getuienis.

8. DIE KERK IN DIE BRIEWE VAN PAULUS

8.1 INLEIDING

Een van die groot bydraes wat Paulus gelewer het en wat vandag aktueel is in die lig van die individualistiese benadering tot gelowig-wees wat saam met die liberale teologie die kerk ingesluip het (Roberts 1984b:283evv), is die duidelike beeld wat hy op die

korporatiewe aard van gelowig-wees bied, nie net wat die aard van die kerk betref nie, maar ook rondom sy praktiese inrigting en organisasie. Dunn (1998:534) meld dat geloof vir Paulus nie anders kan as om enersyds intens persoonlik te wees nie. "... the predominant impression given by use of Abraham as the archetype of faith (ch. 4) (in Romeine – *my invoeging - AC*), and by the direct address and appeal of chs. 6-8 (in Romeine – *my invoeging - AC*), is that belief is something intense personal ... . But" gaan hy andersyds voort "that does not mean ... that Paul thought of believers as able to enjoy a full relationship with the risen Christ on their own. The faith relationship was also corporate". Beide die persoonlike en korporatiewe aard van geloof is ook belangrik in Paulus se ekklesiologie, soos hieronder gesien sal word. Tog word dit op so manier ineengevleg dat die korporatiewe aard van die kerk in sy begrip daarvan primêr is.

Paulus teken die kerk in elke plaaslike gestalte as `n kultuslose, korporatiewe eenheid van individuele gelowiges wat deur die Drie-enige God in die lewe geroep en saamgebind is, in stand gehou, en toegerus word om die sigbare draers van sy heilsbeloftes in die eindtyd te wees. Die prentjie wat uit Paulus se briewe geteken word, is die ideaal van gemeentes[69] waar hy as apostel sterk leiding gee, maar wat in wese so georganiseer is dat elke lidmaat op `n geordende manier sy eie bydrae lewer binne die geheel tot voordeel van almal. Hierdie bydrae is `n charismatiese bediening.

Dunn (1998:562evv) vra die belangrike vraag oor die volhoubaarheid van hierdie Pauliniese ideaal. Saam met hom kan gesê word dat selfs die gemeentes van Paulus se tyd, ook die wat deur hom gestig is, self nie aan die ideaal voldoen het nie. Dit het egter nie vir Paulus gekeer om steeds aan die ideaal vas te hou en die gemeente te inspireer om daarna te streef nie. Juis dit maak sy beskouing van die kerk steeds relevant.

8.2 DIE KERK AS VERSAMELING INDIVIDUELE GELOWIGES

Dunn (1998:534) is hierbo aangehaal waar hy beklemtoon dat geloof, soos dit veral in Rom 6-8 bespreek word, intens persoonlik van aard is. Hierdie persoonlike aard van geloof word deur Paulus op so `n manier met die kerk in verband gebring dat elke lidmaat se individualiteit steeds gehandhaaf word. Käsemann (1980:261) sê in sy

[69] Dit is uit Paulus se briewe duidelik dat die ideaal en die werklikheid nie altyd ooreenkom nie (vgl Holmberg 1980:120ev). Baie van dit wat geskryf is, is juis bedoel om bepaalde probleme aan te spreek.

bespreking oor die beeld van die wilde takke wat op die mak olyf ingeënt word en wat ook die korporatiewe aard van geloof na vore laat kom (Rom 11:17evv; Dunn 1998:534; vgl §8.3.1), dat Paulus duidelik hier bedoel dat persoonlike geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir inlywing in God se kerk is. Dieselfde gedagte word ook deur Paulus in Gal 3:14-29 aan die orde gestel waar persoonlike geloof in Christus individue – hetsy Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou - nakomelinge van Abraham maak (Barrett 1994:119ev). In feitlik dieselfde woorde word dit ook in 1 Kor 12:13 geïmpliseer dat die Gees individue – hetsy Griek, Jood, slaaf, of vryman - inlyf in die liggaam van Christus (Grosheide 1957:330; Ridderbos 1975:372ev).

Dat Paulus die individualiteit van elke gelowige handhaaf, blyk nog duideliker uit die beeld van die kerk as die liggaam van Christus. Dit is in 'n wisselende mate uit al vier Skrifgedeeltes waar Paulus die beeld van die liggaam op die kerk toepas, duidelik dat die individuele gelowiges 'n verskeidenheid in hulle verhouding met mekaar openbaar - 'n verskeidenheid wat die lig laat val op elke individu wat deel is van die kerk. In beide Rom 12:3-8 en 1 Kor 12 gaan dit oor 'n verskeidenheid van gawes en take binne die gemeente. In 1 Kor 11:17-34 gaan dit oor verskillende klasse of sosiaal-ekonomiese stande in een gemeente. 1 Kor 10:14-33 het waarskynlik meer te doen met sterker en swakker gelowiges. Dit is duidelik dat daar geen eenvormigheid is wat betref die verskillende lidmate van 'n gemeente nie. Dit is verder opvallend dat in al vier gevalle hierdie verskeidenheid verdelend binne die gemeente werk (Käsemann 1971:118). Tog hef Paulus nie die verskeidenheid op in die sin dat hy 'n eenvormigheid en eendersheid bepleit nie (Käsemann 1971:118ev; Janse van Rensburg 1988:11). Trouens, wat hy skryf, geld juis as 'n ernstige vermaning teen die verdeeldheid, terwyl hy steeds die verskeidenheid aanvaar. In die gevalle van 1 Kor 10 en 11 aanvaar hy dit waarskynlik as 'n gegewe werklikheid (in 1 Kor 11 se geval wat die maatskaplike lewe betref). In Rom 12 en 1 Kor 12 handhaaf hy dit as Godgegewe en selfs noodsaaklik (Käsemann 1971:119; Janse van Rensburg 1988:5, 9, 11). Dit is in hierdie verband opvallend en belangrik dat in beide gevalle waar Paulus die gemeente met die menslike liggaam vergelyk (Rom 12 en 1 Kor 12), die verskeidenheid bestaan uit verskillende gawes wat God aan verskillende mense gee. So sê hy in 1 Kor 12 dat elkéén met sy (of haar) eie gawe van die Gees, 'n definitiewe plek en funksie binne die kerk het ter wille van die geheel. Vir Paulus is hierdie gawes "a concrete materialization of God's grace" (Dunn 1998:553) wat binne die gemeente as die bydrae van elke individuele lid tot die liggaam

as `n geheel, funksioneer (Dunn 1998:554). Dit is belangrik om raak te sien dat hierdie gawes deur God gegee word. In 1 Kor 12:7 word dit `n "werking van die Gees ... tot voordeel van almal" genoem. Dit is Hyself wat die verskeidenheid binne die eenheid skep (Käsemann 1971:116). Elke individuele gelowige het `n eie Godgegewe plek en funksie binne die gemeente.

8.3 SAAMGEBIND TOT `N KORPORATIEWE EENHEID

Alhoewel Paulus die individualiteit van elke lidmaat van die gemeente erken, is dit uit `n hele verskeidenheid beelde en gedagtes wat hy op die kerk van toepassing maak, duidelik dat hy die kerk primêr as `n korporatiewe eenheid[70] beskou. "It is not the result of the composition of different parts. It is a living unity which is more than the constituting parts" (Janse van Rensburg 1988:12).

8.3.1 God se volk in die eindtyd

Een van die belangrikste bewyse dat Paulus die kerk as `n korporatiewe eenheid beskou, is die denke dat die kerk die volk van God in die eindtyd is. Die begrip "volk" dra immers die gedagte van samehorigheid (vgl Bromiley 1985:502ev en Odendal 1979:1301). Paulus maak dit met `n hele verskeidenheid beelde en idees, waarvan hy sommige aan die Ou Testament ontleen, duidelik dat die kerk die volk van God is, die Israel van God (Conzelmann 1969:255; Minear 1960:67). Een van die duidelikste van hierdie beelde is die beeld van die wilde olyftakke wat op die hoofstam ingeënt word in die plek van die uitgekapte mak lote (Rom 11:16evv). Dunn (1998:534ev) sê dat hierdie beeld terselfdertyd ook die korporatiewe aard van die kerk beklemtoon. Volgens Käsemann (1980:309ev) het Paulus met hierdie beeld en sy beredenering daarvan in Romeine 9-11, die kerk op dieselfde lyn as Israel in die heilsplan van God met die wêreld geplaas (vgl ook Minear 1960:68evv). Die kerk staan nie afsonderlik van of naas Israel nie, maar ís die nuwe verbondsvolk van God, die Israel van die eindtyd. Daar is egter ook verskille. Met hierdie beeld van die wilde lote wat in die plek van die mak lote op die stam ingeplant is, het Paulus die voorwaardes vir deelwees aan God se volk duidelik uiteengesit. Diegene wat in Jesus Christus glo is deel van Israel (Rom 9:30evv en ander; vgl Käsemann 1980:261; vgl ook Gal 3:14-29 – Barrett 1994:119ev), nie diegene wat

[70] Korporatief beteken baie dieselfde as vereniging of liggaam (Odendal 1979:607), hier dan in die sin van `n versameling individuele gelowiges. Met eenheid word nie bloot `n abstrakte en onsigbare geestelike eenheid bedoel nie, maar veral `n praktiese solidariteit midde in die werklikheid van die lewe (vgl

fisies van Abraham afstam nie (Rom 9:6ev). So het hy die etniese en nasionalistiese konnotasies wat aan Israel as God se volk gekleef het, deurbreek (Goppelt 1982:146). Goppelt (1982:146) sê dat die kerk nie meer soos Israel 'n volk naas ander volke is nie, ook nie die sogenaamde derde ras naas die Jode en die heidene nie. "Rather the church stood in relation to all peoples as the eschatological people of God, as the new creation." Sou die bestaan van die kerk losgemaak word van hierdie oorsprong en plek in die geskiedenis van die wêreld, word dit, aldus Käsemann (1980:309) bloot 'n misteriegroep en 'n godsdienstige vereniging. Hierdie gedagtes word onderstreep wanneer Paulus verder van die kerk praat as die uitverkorenes van God (Rom 11:7), as geroepenes (1 Kor 1:2) en as die tempel van God (1 Kor 3:16). Nie alleen bevestig hierdie uitdrukkings onmiddellik die verband tussen die kerk en Israel as God se volk nie (Minear 1960:81; Noordegraaf 1990:47), maar word dit saam met die beeld van die gelowiges as die gebou van God (1 Kor 3:9), duidelik dat Paulus die kerk as 'n korporatiewe eenheid verstaan.

8.3.2 *Ekklesia* as God se nuwe volk

Die belangrikste aanduiding dat Paulus die kerk as die nuwe volk van God sien, is die wyse waarop hy die term *ekklesia* gebruik (vgl Goppelt 1982:144). Uit sy gebruik daarvan in sy briewe "... there can be little doubt that Paul intended to depict the little assemblies of Christian believers as equally manifestations of and in direct continuity with the 'assembly of Israel'" (Dunn 1998:538; vgl Ridderbos 1975:328). Uit hierdie aanhaling is dit onmiddellik duidelik dat die korporatiewe gedagte deel van die betekenisveld van die woord is. *Ekklesia* is die een term wat Paulus die meeste gebruik om na die groep(e) wat in die Naam van Christus byeenkom, te verwys (Dunn 1998:537). Daar is min twyfel dat hy dit in dieselfde sin as die LXX gebruik (Dunn 1998:537; Fitzmyer 1967:76), waar dit in by verre die meeste gevalle die vertaling is vir die Hebreeuse *qahal* (baie keer as *qahal Jahwe*) (Dunn 1998:540). Paulus se unieke gebruik daarvan as die *ekklesia tou theou* (1 Thes 2:14; 2 Thes 1:4 en ander), maar ook die wyse waarop hy dit in ander gevalle gebruik, sê duidelik dat hy daarmee die Ou Testamentiese *qahal Jahwe* bedoel (Dunn 1998:538; Ridderbos 1975:328). Paulus beskou dus die groepe gelowiges uit die Jode- en heidendom wat op verskillende plekke in die Naam van Christus byeenkom, as die volk van God. 'n Vraag wat in hierdie verband belangrik is en wat uit bogenoemde aan die orde kom, is wat Paulus met *ekklesia* bedoel. Hierbo is

---

Käsemann 1971:118).

geïmpliseer dat dit op `n aanwysbare groep mense dui. Banks (1980:35evv) meen dat *ekklesia*, soos Paulus dit gebruik, bloot verstaan moet word as `n vergadering of byeenkoms van gelowiges op `n bepaalde plek. Weliswaar, sê hy, kan dit `n gereelde en gekonstitueerde vergadering wees, maar daar kan nie sprake wees van iets soos die groep gelowiges as `n organisme wat los van `n fisiese byeenkoms bestaan nie.[71] Die woord *ekklesia* is in sy sekulêre betekenis gebruik is vir `n openbare (politieke) byeenkoms of `n vergadering (Roberts 1984b:288ev), maar gegewe die feit dat die term, soos Paulus dit gebruik, teruggeneem kan word na die term vir Israel as die *qahal Jahwe*, wat ook die betekenis het van "die volk waarin God heilshistories werksaam is" (Roberts 1984b:289), verkry dit ook die betekenis van `n meer permanente groep gelowiges. Sonder om in te veel besonderhede in te gaan, word dieselfde duidelik uit van die kontekste waarbinne Paulus die term gebruik. Volgens 1 Kor 1:2 skryf hy die brief aan die "*ekklesia tou theou* wat in Korinte is, geheiligdes in Christus Jesus, geroepe heiliges, saam met almal, waar hulle ook al woon, wat die Naam van ons Here Jesus Christus aanroep" (Roberts 1984b:291). Volgens Roberts (1984b:291) pas die uitdrukking "wat in Korinte is" die beste in die konteks wanneer dit vertaal word met "soos dit in Korinte bestaan". Hy wys eerstens daarop dat dit gebruik word in dieselfde sin waarin Paulus na ander gelowiges verwys, "waar hulle ook al mag woon". Die betekenis van *ekklesia* omvat dus hier meer as bloot die idee van `n fisiese byeenkoms (Roberts 1984b:293ev). Tweedens dui die feit dat die *ekklesia* hier ook die geheiligdes en geroepe heiliges genoem word, vir hom daarop dat "volk (van God)" vir Paulus deel van *ekklesia* se betekenisveld is (Roberts 1984b:292). Waar gelowiges byeenkom of georganiseer is met die oog op een of ander vorm van aanbidding of verbandhoudende saak,[72] doen hulle dit as *ekklesia tou theou.* Hieruit vloei die belangrike insig voort dat volgens Paulus se begrip van die kerk, gelowiges nie as geïsoleerde individue funksioneer nie, maar eerder as `n gemeenskap van gelowiges wat met die oog op georganiseerde aanbidding en onderlinge hulp gereeld vergader (Dunn 1998:542; vgl ook Conzelman 1969:256). Hieruit is dit sonder meer duidelik dat Paulus se gebruik van *ekklesia* die kerk as korporatiewe eenheid beklemtoon, nie net in die sin dat dit "volk van God" beteken nie, maar ook in die sin van

---

[71] Banks (1980:47) weerspreek dit self in `n sekere sin wanneer hy die standpunt huldig dat Christene ook aan `n hemelse kerk behoort wat permanent in vergadering is. Dit beteken volgens hom dat Christene te alle tye in `n *gemeenskaplike* (my kursivering – AC) verhouding met Christus staan, selfs wanneer hulle nie byeen is nie.

[72] Gelowiges kom ook soms bymekaar of word saam gegroepeer in byvoorbeeld vakbonde, sportklubs, politieke byeenkomste en dies meer. Dit is egter nie hierdie soort byeenkomste of groeperings wat hier bedoel word nie.

`n vergadering.

8.3.3 Die liggaam as korporatiewe beeld

Die belangrikste beeld wat Paulus gebruik waaruit dit duidelik word dat hy die kerk as `n korporatiewe eenheid verstaan, is juis ook die beeld waar die verskeidenheid en individualiteit van die lidmate die beste na vore kom. Alhoewel Paulus met die beeld van die kerk as die liggaam van Christus nie die verskeidenheid in die kerk ophef en `n eendersheid en eenvormigheid bepleit nie, het hy met sy toepassing van die beeld op die kerk, veral die eenheid van die gemeenskap in gedagte (Dunn 1998:550; Käsemann 1971:118ev). Die mees waarskynlike oorsprong vir Paulus se gebruik van die beeld van die liggaam kom uit die Hellenistiese gebruik om van `n stad of staat met sy verskeidenheid inwoners te praat as `n liggaam waar "the unity of the state depended on the mutual interdependance of its diverse members being fully recognized" (Dunn 1998:551; vgl Ridderbos 1975:370). Met hierdie aanhaling kom 1 Kor 12:14-26 onmiddellik in die gedagtes op. Paulus maak die beeld op `n unieke manier van toepassing op die kerk deur dit te kwalifiseer as die liggaam *van Christus* (*sooma christou* – 1 Kor 12:27)[73] (Dunn 1998:550ev). Dunn (1998:551) maak hieruit die gevolgtrekking dat Paulus met die beeld van die liggaam na `n alternatiewe beeld vir die volk van God beweeg. "Paul shifts the corporate image[74] of the Christian community from that of nation state (historic Israel) to that of body politic, that is, from a community identified by ethnic and traditional boundary markers to one whose members are drawn

---

[73] Vergelyk die wyse waarop Paulus die term *ekklesia*, wat in die Hellenistiese wêreld geen kultiese betekenis het nie, van toepassing maak op die kerk deur onder andere die unieke term *ekklesia tou theou* te gebruik, weliswaar met die LXX se vertaling van *qahal Jahwe* as *ekklesia tou kuriou* in gedagte (*ekklesia* as volk van God)

[74] Die vraag waarop baie verskillende en selfs teenoorgestelde antwoorde tot nou toe gegee is (vgl Käsemann (1971:103-121), Pelser (1995:647ev), Ridderbos (1975:362-369) en ander se bespreking van die onderwerp) en waarop, volgens Pelser (1995:649), die laaste woord nog nie gespreek is nie aangesien baie van die verklarings meer verduister as wat dit verhelder, is die vraag na die aard van die liggaam in sy verbondenheid aan Christus. Ridderbos (1975:362-369) wys daarop dat die antwoorde hierop wissel vanaf `n blote metafoor tot `n totale en direkte identifikasie met enersyds die gekruisigde en andersyds die opgestane liggaam van Christus self. Dunn (1998:549ev) toon aan dat die enigste ander verklaring as die een wat hy gekies het en wat hierbo nagevolg word, wat volgens hom realisties is, die vraag probeer antwoord vanuit Paulus se denke oor die nagmaal (1 Kor 10 en 11). Hoe dit ook al sy, die keuse hierbo is gemaak omdat die organiese en metaforiese gebruik van die beeld van die liggaam vir die kerk die naaste is aan die aard van die kerk in sy verhouding tot God soos dit na vore kom in die ander beelde wat Paulus daarvoor gebruik (Minear 1960:173). Dit pas ook die beste by die meer praktiese gebruik van die liggaamsbeeld (as organisme) wanneer Paulus dit gebruik om konkrete verhoudingsprobleme in `n gemeente aan te spreek (Ridderbos 1975:370). Käsemann (1971:118) wat op `n meer mistieke vlak die kerk identifiseer met die liggaam van die opgestane en verheerlikte Christus, sê in hierdie verband dat die beeld van die liggaam `n *funksionele* betekenis vir apostel het. Hy laat ook nie die organiese-metafoorgedagte heeltemal los nie.

from different nationalities and social strata and whose prosperity depends on their mutual co-operation and their working harmoniously together."

Die klem op die eenheid van die gemeenskap geld, soos met die individualiteit van elke gelowige (vgl §8.2), vir al vier Skrifgedeeltes waar Paulus die beeld van die liggaam gebruik. Behalwe dat dit uit 1 Kor 12:14-26 voor-die-hand-liggend is uit die feit dat daar eksplisiet staan dat die verskillende lid(lede)mate almal deel van die kerk (die een liggaam) is en elkeen `n bepaalde funksie binne die kerk (liggaam) het, juis sodat dit as eenheid sal funksioneer soos dit bedoel is, kom dit veral enersyds uit hulle verbondenheid aan Christus (1 Kor 12 saam met 1 Kor 10 en 11) en andersyds uit die rol wat die Heilige Gees speel (1 Kor 12) na vore. Soos reeds gemeld, maak Paulus die organiese beeld van die liggaam, met die staat as "body politic" as oorsprong, op `n unieke manier op die kerk van toepassing deur dit as die liggaam van Christus te kwalifiseer. Alhoewel die keuse gemaak is om hierdie beeld as `n organiese metafoor te verstaan, gee hierdie kwalifikasie tog `n mistieke kleurtjie daaraan (Käsemann 1971:104; Ridderbos 1975:370). Die wyse waarop Paulus in 1 Kor 10 en 11 die eet van die brood as die gemeenskap met die liggaam van Christus verbind met die kerk as sy liggaam (Dunn 1998:550: Käsemann 1971:111ev), asook die verband wat in 1 Kor 12:12-13 tussen die Heilige Gees, die doop, en die een liggaam, getrek word, wys daarop (Käseman 1971:104). Die verbondenheid van die liggaam aan Christus beklemtoon die eenheid van die kerk. "Wie aan Christus behoort, behoort ook aan mekaar" (Roberts 1984b:306). Die feit dat die gebruik van die nagmaalsbrood as gemeenskap met die liggaam van Christus, in 1 Kor 11 verbind word aan die feit dat elkeen nie net aan sy eie behoeftes mag dink nie, begrond dit. Ewe-eens die feit dat geen lid met sy gawe en al behoorlik kan funksioneer as hy nie deel van die één liggaam is nie (1 Kor 12:17-20; Janse van Rensburg 1988:12). Die onderlinge verbondenheid met mekaar is dus in die verbondenheid met Christus gevestig. Lede van die liggaam is aan mekaar gebind omdat dit die liggaam van Christus is. Al vertoon dit vanweë die verskillende gawes wat die Gees uitdeel `n verskeidenheid in sy sigbare gestalte, is dit wesenlik die een liggaam *van Christus* wat deur werking van die Gees in die geskiedenis realiseer en dus as `n korporatiewe eenheid saamgebind is. Die verbondenheid van die individue aan mekaar is immers geleë in hulle verbondenheid aan Christus wat deur die Gees `n werklikheid word.

Wat betref die Heilige Gees se rol, is daar twee aspekte wat aandag verdien. Eerstens beklemtoon die feit dat dit die Heilige Gees is wat aan elke lid van die liggaam `n gawe gee tot voordeel van almal, die eenheid van die liggaam. Die Gees het immers die hele liggaam se goeie funksionering ten doel. Die verskeidenheid kan derhalwe teruggevoer word na die een Gees wat die gawes aan die een liggaam uitdeel soos Hy wil (1 Kor 12:11). Die tweede aspek rondom die Heilige Gees se werksaamheid kom in 1 Kor 12:13 aan die orde. Mense uit verskillende kulturele en sosio-ekonomiese sfere word in `n reeds bestaande liggaam ingedoop deur die werking van die Gees[75] en word so deel van die een liggaam van Christus (1 Kor 12:12ev; Grosheide 1957:330; Ridderbos 1975:372ev). Dit is in hierdie verband insiggewend dat wat die kerk betref, Paulus nie die kulturele en sosiaal-maatskaplike verskille tussen mense as `n geldige verskeidenheid in dieselfde sin as met die gawes hanteer nie (1 Kor 12:4, 13; Conzelman 1969:264). Paulus se hele gedagtegang in 1 Kor 12:12-13 wys in die rigting van die eenheid van die kerk (Dunn 1998:562; Janse van Rensburg 1988:8, 10).

In 1 Kor 10:17 word die beeld van die liggaam met die gebruik van die nagmaal binne die konteks van `n bespreking oor die gevare van afgodediens in verband gebring. Die eet van die brood tydens nagmaal is die gemeenskap met die liggaam van Christus, wat dan teenoor die eet van `n afgodsoffer wat gemeenskap met die afgod tot gevolg het, gestel word. Die gedagte dat dit een brood is, en almal wat daarvan eet saam een liggaam is, is onderliggend hieraan. By implikasie bedreig diegene wat ook afgodsoffers eet die eenheid van die gemeenskap van gelowiges (Käsemann 1971:111). Dieselfde gedagte kom meer eksplisiet in 1 Kor 11 na vore (Banks 1980:62). Binne hierdie konteks impliseer Paulus dat hulle deur die nagmaal wat hulle gesamentlik gebruik, gemeenskap het aan die een liggaam van die Here en dat hulle daarom ook die een liggaam van die Here is. Die gemeenskaplike maaltyd waartydens die nagmaal ook ingestel is, was egter `n verdelende faktor binne die gemeenskap van gelowiges, want `n sekere deel van die gemeente het nie vir die behoeftes van `n ander deel omgegee nie (Pop 1978:248). Die meer vermoëndes het ruim geëet en gedrink en teen die tyd dat die armes opgedaag het – van hulle was moontlik slawe wat eers die huiswerk moes voltooi voordat hulle die

[75] Doop dui hier op die sakrament (Grosheide 1957:330; Käsemann 1971:104; Ridderbos 1975:372). Grosheide (1957:330) stel dit dat die "in die Gees gedoop" in plaas van "deur die Gees", slegs daaroor gaan dat die Gees self nie doop nie. Wat die verbinding tussen die Gees en die doop betref, sê hy, gaan dit daaroor dat die doop eers betekenis kry deur die werking van die Gees. Die uiterlike teken van die doop is opsigself nie inlywing in die gemeente nie, die geskied alleen deur die werking van die Gees.

byeenkoms van die gemeente kon bywoon en was dus ook nie binne die vermoë om kos saam te neem nie – was daar niks vir hulle oor om te eet nie. So is die eenheid bedreig.

8.4 DIE KERK IS IN DIE LEWE GEROEP EN WORD IN STAND GEHOU DEUR DIE DRIE-ENIGE GOD.

Deur die versoeningswerk van Christus aan die kruis, die werking van die Gees in elke individuele gelowige, en in die kerk as korporatiewe eenheid, het God sy kerk in die lewe geroep en hou Hy dit steeds in stand.

8.4.1 Die kerk is deur God geskep

Die oorsprong van die kerk lê by die Skepper van die heelal wat dit op dieselfde lyn inskakel as die Israel van die Ou Testament in die heilsgeskiedenis van hierdie wêreld (Käsemann 1980:309ev). As sodanig is dit die nuwe verbondsvolk van God, die Israel van die eindtyd. Daar is egter ook verskille. Met die beeld van die mak lote wat in die plek van die wilde lote op die stam ingeplant is (Rom 11:17evv), het Paulus ook baie duidelik die voorwaardes vir deelwees aan God se volk uiteengesit. Nie diegene wat fisiek van Abraham afstam, is deel van Israel nie (Rom 9:6ev), maar diegene wat in Jesus Christus glo (Rom 9:30evv en ander; vgl Käsemann 1980:261). Dieselfde gedagte kom ook in Gal 3:14-29 voor (Barrett 1994:119ev): "Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God" (3:26) ... "En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God" (3:29). Dit is belangrik om raak te sien dat hierdie geloofsverhouding deur die werking van die Gees binne die geskiedenis gerealiseer word (Käseman 1980:213, 216). So hou God ook sy kerk steeds in stand. Hierdie gedagtes word onderstreep wanneer Paulus van die kerk as die uitverkorenes van God praat (Rom 11:7), as geroepenes (1 Kor 1:2), as die tempel van God (1 Kor 3:16), as die gebou van God (1 Kor 3:9) en die saailand waar dit God is wat die saad laat groei (1 Kor 3:6-9) (Minear 1960:48ev; vgl Pop 1978:73). Dit is God wat die wilde lote op die mak stam inent. Die kerk is dus God se skepping (Goppelt 1982:146; Käsemann 1980:309), sy nuwe volk van die eindtyd waarmee Hy op pad is na die voleinding (vgl Roberts 1984b:287). Sou die bestaan van die kerk losgemaak word van hierdie oorsprong en plek in die geskiedenis van die wêreld, word dit, aldus Käsemann (1980:309) bloot 'n misteriegroep en 'n godsdienstige vereniging.

8.4.2 Die *ekklesia* is die heilswerk van God

Die wyse waarop Paulus die woord *ekklesia* gebruik, maak dit verder duidelik dat die kerk deur God in die lewe geroep is en in stand gehou word. Paulus,[76] gebruik die term deurgaans met godsdienstige konnotasies. Hy kom byvoorbeeld met `n unieke samestelling van woorde en praat op `n paar plekke van die *ekklesia tou theou*, met verskillende variasies ("die *ekklesioon* van God in Christus Jesus" in 1 Thes 2:14, "*ekklesia* van God soos dit bestaan in Korinte, geheiligdes in Christus Jesus, geroepe heiliges" in 1 Kor 1:2 en Rom 16:16 se variant *ekklesiai* van Christus). Dit is `n belangrike verandering in die betekenisveld van die woord. In die Griekse wêreld is *ekklesia* nie `n kultiese term nie en word dit meestal vir `n publieke, en veral politieke soort vergadering gebruik (Roberts 1984b:288). Paulus se gebruik beklemtoon dat met *ekklesia* soos hy dit bedoel, `n unieke groep mense hulle verskyning in die wêreld gemaak het. Hierdie groep mense vind hulle bestaansreg alleenlik in hulle verhouding met God (Bromiley 1985:398) soos dit deur die versoeningswerk van Christus tot stand gekom het. Die *ekklesia* is dus soos Roberts (1984b:290) dit stel, "die heilswerk van God" deur Christus (vgl Noordegraaf 1990:46) en nooit `n blote menslike verbintenis of `n vergadering vir godsdienstige doeleindes nie (Banks 1980:37).

8.4.3 Die liggaam *van Christus* deur die werk van die Gees

Ook die beeld van die kerk as die liggaam van Christus sê dat die kerk deur God in die lewe geroep is. Paulus maak die organiese beeld van die liggaam, met die staat as "body politic" as oorsprong, op `n unieke manier op die kerk van toepassing deur dit te kwalifiseer as die liggaam van Christus. Hiermee word duidelik gesê wie die kerk is. "The identity of the *Christian* assembly as 'body,' ... is given not by geographical location or political allegiance but by their common allegiance to *Christ*" (Dunn 1998:551). Die kerk vind die sin van sy bestaan in sy verbondenheid aan Christus. Dit is sý liggaam, wat deur Hom gekonstitueer is (Ridderbos 1975:371). Mense is slegs lede van sy liggaam omdat hulle aan Hom verbonde is (Käsemann 1971:116) en hulle is slegs as lede van sy een liggaam aan mekaar verbonde omdat hulle aan Hom verbonde is. 1 Kor 12:13 is belangrik in hierdie verband en moet so verstaan word - dat mense uit verskillende kulturele en sosio-ekonomiese sfere in `n reeds bestaande liggaam ingedoop word deur die werking van die Gees (vgl voetnota 75, §8.3.3) en so deel word van die

[76] Ook die ander Nuwe Testament-geskrifte waar die term gebruik word, gebruik dit feitlik deurgaans in verband met die gemeenskap van gelowiges.

een liggaam van Christus (1 Kor 12:12ev; Grosheide 1957:330; Ridderbos 1975:372ev). Die kerk is dus nie onafhanklik nie (Käsemann 1971:113). Die rol van Christus en die Heilige Gees in die konstituering en die bymekaar hou van die liggaam (Käsemann 171:112ev) maak dit duidelik. "The Spirit unites the community to the body of Christ and thus creates for itself spatially a field of earthly activity..." (Käsemann 1980:213).

8.4.4 Die Godgegewe gawes

Die gawes wat God aan sy kerk gee (Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11), dui ook daarop dat die kerk sy lewe en instandhouding aan God te danke het. Vir Paulus is die gawes "a concrete materialization of God's grace" (Dunn 1998:553) wat binne die gemeente funksioneer as die bydrae wat elke individuele lid tot liggaam as `n geheel maak (Dunn 1998:554). As sulks word die "verskeidenheid van genadegawes" (1 Kor 12:4) ook die "verskeidenheid van bedieninge" (1 Kor 12:5) en die "verskeidenheid van kragtige werkinge" (1 Kor 12:6) genoem, met die belangrike kwalifikasie dat dit telkens aan die liggaam deur God "gegee" is. In 1 Kor 12:7 word dit pertinent `n "*werking van die Gees* (*my kursivering – AC*)... tot voordeel van almal" genoem. By alles is dit belangrik om raak te sien dat die klem in die beeld van die kerk as die liggaam nie soseer op die verskeidenheid gawes val nie, maar op God wat dit gee. Dit is Hyself wat die verskeidenheid binne die eenheid skep en daarom is dit slegs in gelowiges se individuele verbondenheid met Hom, dat hulle deel is van die geheel (Käsemann 1971:116). Elkeen het dus `n *Godgegewe* plek en funksie tot voordeel van die geheel.

8.5 DIE KERK IS DIE DRAERS VAN GOD SE HEILSBELOFTES IN DIE EINDTYD

Wanneer Paulus se verstaan van die kerk binne die konteks geplaas word van sy roeping as sendeling aan die heidenasies en as draer van die evangelie van Jesus Christus, word dit duideliker dat hy die kerk ook as die draer van God se heilsbeloftes in die eindtyd beskou. Dit bring die beeld van die wilde lote wat op die mak olyfstam ingeënt word noodwendig weer na vore. Soos reeds vermeld, is die kerk met hierdie beeld op dieselfde lyn as Israel in God se heilsplan met die wêreld geplaas (Käsemann 1980:309ev; Minear 1960:68evv). Paulus se ander beelde en gedagtes waarmee hy die kerk as die volk van God aandui, maar in die besonder sy gebruik van die term *ekklesia* waarmee hy die kerk op `n unieke manier aandui as die *qahal Jahwe*, bevestig sy standpunt dat die kerk `n unieke groep mense is. `n Groep mense, wat soos Israel, hulle bestaansreg alleenlik vind in hulle verhouding met God (Bromiley 1985:398) soos dit deur die versoeningswerk van

Christus tot stand gekom het. Die kerk is egter nie soos Israel `n volk naas ander volke nie, of `n derde ras naas Israel en die heidene nie, "Rather the church stood in relation to all peoples as the eschatological people of God, as the new creation" (Goppelt 1982:146). Sou die bestaan van die kerk losgemaak word van hierdie oorsprong en plek in die geskiedenis van die wêreld, word dit, aldus Käsemann (1980:309) bloot `n misteriegroep en `n godsdienstige vereniging. Dit word veral duidelik in onlosmaaklike band tussen die kerk en Christus, soos wat dit uitgedruk word in die beeld van die liggaam. Dat die kerk die liggaam van Christus is, moet, gesien vanuit die organiese aard van die beeld, op `n konkrete manier sigbaar wees ter wille van die kerk se roeping in hierdie wêreld. Käsemann (1971:117) maak `n saak uit dat die kerk nie ter wille van homself bestaan nie, maar sy sin daarin vind dat dit die middel is "whereby Christ reveals himself on earth and becomes incarnate in the world through his Spirit". Käsemann (1971:117) sê dat die kerk as liggaam van Christus die wyse is waarop Hy Homself aan die wêreld openbaar deur sy Woord, die sakramente en die getuienis van gelowiges. Hy grond dit op die feit dat die menslike liggaam, soos wat hy aanmekaar gesit is, doeltreffende kommunikasie moontlik maak (vgl Dunn (1998:551) se terloopse opmerking dat een van die maniere waarop Christus se verbondenheid met sy liggaam sigbaar word, die bediening van die doop en die nagmaal is). Juis ter wille van hierdie roeping handhaaf Paulus die verskeidenheid binne die eenheid, want, soos hy dit stel, word aan elkeen afsonderlik "`n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal" (1 Kor 12:7; Banks 1980:65). Verder is dit uit die beeld self duidelik dat `n strewe na eenvormigheid die kerk in sy roeping na buite lamlê (Käsemann 1971:119; Janse van Rensburg 1988:11). Behalwe die introversie wat so `n strewe veroorsaak (Käsemann 1971:119) en die vermorsing van energie wat daarmee gepaardgaan, kan die hele liggaam tog nie oog wees nie (1 Kor 12:17). En soos dit in die gemeente van Korinte duidelik geblyk het, is so `n strewe uiteindelik ook die doodsteek vir die eenheid (Käsemann 1971:118), want soos wie moet die hele gemeente dan word? (1 Kor 12:17). Trouens, dit is juis wanneer die verskillende lede in hulle verskeidenheid mekaar se lyding en vreugde deel en mekaar versorg dat die eenheid wat hulle verbondenheid met Christus skep, sigbaar word na buite (Janse van Rensburg 1988:12).

8.6 PLAASLIK ÉN UNIVERSEEL?

`n Vraagstuk wat vir die doel van hierdie studie belangrik is, is of Paulus die plaaslike én die universele kerk in gedagte het, of net een van die twee. Dit is veral die term *ekklesia* en die liggaamsbeeld wat met hierdie vraagstuk in verband gebring word.

8.6.1 Plaaslik volledig kerk

Sommer met die wegtrek kan gesê word dat Paulus se briewe die oorheersende indruk skep dat hy die gemeente bedoel wanneer hy van die kerk praat. Paulus gebruik byvoorbeeld die term *ekklesia* in die meervoud om na gemeentes op verskillende plekke te verwys (1 Kor 16:1, 19; 2 Kor 8:1; Gal 1:2, 22; 1 Tess 2:14), terwyl die LXX feitlik deurgaans die enkelvoud in sy vertaling van *qahal* gebruik (Dunn 1998:540). Daarmee saam bring hy die term in verband met `n spesifieke gemeente, byvoorbeeld 1 Kor 1:2 – die *ekklesia* in Korinte. Selfs nog duideliker as in sy gebruik van die term *ekklesia*, het Paulus die gemeente in die oog met die beeld van die liggaam (vgl Banks 1980:63). Hy skrywe immers sy briewe aan `n gemeente om aan plaaslike sake aandag te gee. Daarmee saam sê hy dat die gemeente volledig liggaam van Christus is omdat Christus waarlik en volledig daar deur sy Gees teenwoordig is (Banks 1980:63). Veel meer hoef nie gesê te word nie om dit duidelik te maak dat Paulus beslis die gemeente in die volste sin van die woord as *ekklesia* van God en liggaam van Christus beskou.

8.6.2 Die kerk is by implikasie universeel

Alhoewel Paulus nêrens eksplisiet aandui dat hy ook die universele kerk in gedagte het nie, is dit wel implisiet teenwoordig in die manier waarop hy oor die kerk praat. Dit geld in die eerste plek vir die term *ekklesia*. In Gal 1:13 praat hy in die enkelvoud van die *ekklesia tou theou* wat hy vervolg het. Alhoewel dit deur sommige geïnterpreteer word asof dit slegs op die gemeente in Jerusalem slaan, wat dan `n sentrale rol het "as the eschatological focus of the assembly of Israel" (Dunn 1998:540), sê Roberts (1984b:294) "dat dit nie tot een gemeenskap beperk was nie, en verskillende plaaslike *ekklesiai* getref het". Alhoewel Paulus nie hiermee bedoel dat hy die wêreldwye kerk vervolg het nie, praat hy tog in die enkelvoud van meer as een gemeenskap van gelowiges op so manier dat Roberts (1984b:294) tot die gevolgtrekking kom dat Paulus by implikasie tog die universele *ekklesia* bedoel (so ook Ridderbos 1975:329ev). Meer spesifiek kry ons in 1 Kor 1:2 die idee deurdat Paulus die brief aan "die *ekklesia* soos dit in Korinte bestaan" rig, dat hy met die enkelvoud meer in gedagte het as bloot die gemeente wanneer hy die brief ook rig aan al die gelowiges "waar hulle ook al mag wees" [77] (Fitzmyer 1967:76ev; Roberts 1984b:291ev; vgl Bromiley 1985:398). Met dieselfde argumente oor 1 Kor 1:2

[77] Grosheide (1957:37) bring dit ook in verband met die gedagte "waar ze ook wonen".

waarmee hierbo aangetoon is dat *ekklesia* nie `n blote byeenkoms beteken nie, maar ook die gedagte van die gemeenskap van gelowiges as volk van God met hom saamdra (vgl §8.3.2), kan `n saak uitgemaak word dat Paulus met sy gebruik van *ekklesia* vir die gemeente nie die idee uitgesluit het van die universele volk van God nie (vgl Fitzmyer 1967:76ev). Uit bogenoemde argumente vloei die vraag of bepaalde voorveronderstellings nie dalk hier `n groter rol speel as wat erken wil word nie. Om nog `n voorbeeld te noem: Roberts (1984b:293ev) argumenteer dat Paulus in 1 Kor 12:28 met die apostels as gawe aan die gemeente, duidelik nie aan die gemeente dink nie, maar aan die universele kerk van God (vgl ook Ridderbos 1975:329). Die apostels is immers die gevolmagtigde getuies van God se heilswerk in Jesus wat Hy in die universele *ekklesia* aangestel het. Dunn (1998:540ev) kom met die teenargument dat Paulus nie dink in terme van `n universele bediening nie, maar dat hulle aangestel is om gemeentes op verskillende plekke te stig en dat elke plaaslike *ekklesia* dus sy eie stigtersapostels het. Dus word met *ekklesia* slegs die gelowiges in Korinte bedoel. Dit is egter bekend dat Paulus meer as een gemeente gestig het en volgens sy eie siening stigterapostel van meer as een plaaslike *ekklesia* is. Dit dui tog in die rigting dat hy nie noodwendig die idee van `n universele kerk in sy denke hieroor uitsluit nie. Dieselfde kan gesê word van die argumente oor sy gebruik van *ekklesia* in 1 Kor 10:32. Die gevolgtrekking waartoe uit al hierdie voorbeelde gekom word, is dat Paulus met sy gebruik van die woord *ekklesia* vir die gemeenskap van gelowiges glad nie die gedagte van die universele kerk uitgesluit het nie. Dit kan egter nie ontken word nie dat hy die klem laat val op die plaaslike *ekklesia* (Ridderbos 1975:330). Die gemeente is nie net `n sigbare vergestalting van die universele *ekklesia*, soos Noordegraaf (1990:46) dit stel nie, maar is in elke plaaslike gestalte *qahal Jahwe*.

Wat die liggaamsbeeld betref, is daar veral een aanduiding dat Paulus nie die universele kerk noodwendig uitsluit in sy denke oor die beeld nie[78] (Janse van Rensburg 1988:10). Lidmate is onderling aan mekaar verbonde omdat hulle elkeen afsonderlik en almal saam aan Christus verbonde is (Roberts 1984b:306). Hieruit kan afgelei word dat dieselfde vir

[78] Käsemann (1971:108ev) lê verkeerdelik die klem op die universele sy van die liggaamsbeeld. Vir hom neem die universele kant van die kerk, soos dit na vore kom met die liggaamsbeeld, die plek van die partikulêre wat saamgaan met die idee van die volk van God. Dit onderwaardeer egter die feit dat Paulus die liggaamsbeeld veral op `n organiese en metaforiese manier van toepassing maak op bepaalde probleme in bepaalde gemeentes (Ridderbos 1975:370).

die verbondenheid van gelowiges én gemeentes wêreldwyd[79] geld. Elke gemeente vind sy identiteit in sy verbondenheid aan Christus, maar omdat almal afsonderlik aan Christus verbonde is, kan dit tog nie anders dat daar `n onlosmaaklike band tussen die verskillende gemeentes is nie. Die universele kerk vind ook sy identiteit in sy verbondenheid aan Christus. Janse van Rensburg (1988:10evv) gaan egter te ver en oorspan die universele trekke in die beeld heeltemal wanneer hy die praktiese kant van die beeld op `n direkte manier van toepassing maak op die verhouding van die gemeentes tot die geheel. Paulus het immers geen aanduiding gegee of hy ooit aan `n organisatoriese band of `n oorkoepelende (provinsiale of nasionale) regering gedink het om hierdie onderlinge verbondenheid tussen gemeentes sigbaar te maak nie (Banks 1980:47). Waar dit wel sigbaar word, is in die kollekte wat deur ander kerke vir die kerk in Jerusalem ingesamel is en wat gegrond is in die onderlinge liefde en besorgdheid wat tussen gemeentes bestaan het (2 Kor 8:1-15; 9:1-15; Celliers 1995:12ev).

8.6.3 Paulus en die sogenaamde huiskerke

Op verskeie plekke in die Pauliniese Briewe is daar aanduidings dat gelowiges in huise bymekaar gekom het (Rom 16:5; 1 Kor 16:19; Filem 2; Banks 1980:38ev; Van Zyl 1997:37evv; vgl Rom 16:1, 1 Kor 11:17-34, 14:26 en Rom 16:23). In die geval van Korinte wil dit selfs voorkom asof die gelowiges in die stad soms almal saam in een huis (moontlik 1 Kor 11 se gesamentlike maaltye), en soms afsonderlik in kleiner groepe in verskillende huise byeengekom het (Banks 1980:381; Meeks 1983:75; vgl Kor 11:17-34, 14:26 en Rom 16:23). Van Zyl (1997:39) praat van eersgenoemde as "lokale kerk" en van laasgenoemde as "huiskerke". Hy voorsien ook die moontlikheid dat dieselfde situasie in Antiogië die gebruik was (vgl Gal 2:11-14). Banks (1980:39) meen dat daar geen aanduiding is dat dieselfde soort groter byeenkoms van al die gelowiges in Rome plaasgevind het nie, waarskynlik die gevolg van te groot getalle en dalk self afstand. Banks (1980:38) koppel ook getalle aan hierdie verskynsel en noem ongeveer vyf-en veertig vir die groter byeenkoms en ongeveer tien vir die kleiner byeenkomste. Van Zyl (1997:41ev) koppel die verskynsel van die twee soorte byeenkomste in Korinte met die probleem van partyskappe en die nagmaal (vgl Meeks 1983:76; vgl ook Van Zyl 1997:42 vir `n soortgelyke probleem in Antiogië). Hy sê dan ook dat Paulus neig in die rigting van die "lokale kerk" omdat die kleiner "huiskerke" makliker aanleiding gee tot

[79] Janse van Rensburg (1988:10) vra die geldige vraag of dieselfde gesê kan word van die verhouding tussen die hedendaagse denominasies?

partyskappe. Hy (1997:44) praat selfs van die wortels van `n skeiding tussen die huis en die kerk, wat alreeds sterker in die Pastorale Briewe na vore kom. Aan die positiewe kant wys Van Zyl (1997:39) daarop dat dit juis in die intieme kring van die huiskerk was dat die ou skeidsmure en vooroordele van afkoms, sosiale status en geslag mettertyd afgebreek is. Van Zyl (1997:40) se opmerking dat huiskerke `n algemene verskynsel in die eerste eeuse Christendom was en dat dit die vernaamste manier was waarop die vroeë kerk homself georganiseer het, is regtig belangrik. Dit was `n spontane uitvloeisel uit die feit dat daar waarskynlik geen ander keuse was nie (Van Zyl 1997:40ev). Die sinagoges was buite perke vir Christene, alhoewel die uit die Jodedom waarskynlik in die begin ook nog die sinagoge besoek het, en die heidense omgewing het geen vergaderplek vir die Christene gebied nie. Uiteindelik moet daar nie te veel gemaak word van die huiskerkverskynsel by Paulus nie enersyds omdat die vergaderplek in die Pauliniese Briewe geen ekklesiologiese probleem is nie, en andersyds vanweë `n gebrek aan werklike gegewens. Dit kan dus nie sonder meer as `n model vir die hede gebruik word nie.[80] Die situasie het waarskynlik die manier van doen beïnvloed. Wat wel belangrik is, is dat Paulus van beide die "huiskerk" en die "lokale kerk" in die enkelvoud praat as die *ekklesia* (vgl 1 Kor 1:2 vir die kerk in geheel en Rom 16:5 vir die kerk in iemand se huis). Waar die gemeenskap van gelowiges bestaan en vergader, is hulle *ekklesia tou theou* (Dunn 1998:541; Roberts 1984b:299). Vir hom is die grootte van die byeenkoms en die groep of die bepaalde strukture waarmee of waarbinne dit georganiseer is, nie die bepalende faktor nie.

8.7 DIE KERK IS `N KULTUSLOSE GEMEENSKAP

`n Baie belangrike saak vir die doel van hierdie studie word deur Dunn[81] (1998:543-548) uitgelig wanneer hy van die kerk praat as `n "Community without cult". Hierin lê `n belangrike verskil tussen die kerk en Israel, maar ook tussen die kerk en enige ander godsdiens van destyds.[82] Alhoewel Paulus tipies kultiese taal gebruik in sy briewe aan

---

[80] Die feit dat huise waarskynlik die algemene vergaderplek was met die klein getalle wat daarmee saamkom, het wel iets te sê vir die wyse waarop die Nuwe Testamentiese beelde vir die kerk geïnterpreteer kan word. Die beelde van liggaam en huishouding maak doodeenvoudig net meer sin in `n gemeente van veertig as in `n gemeente van drie-duisend. Daarom kan dit doodeenvoudig nie net so direk toegepas word op laasgenoemde as `n groot geheel nie.

[81] Dunn (1998:543-548) se bespreking word in hoofsaak gevolg.

[82] Dit is `n vraag of die hedendaagse kerk met sy sentrale kerkgebou (as "huis van die Here"), sakramente wat slegs daar en slegs deur bepaalde ampsdraers met `n spesifieke kleredrag bedien word en die sentrale figuur van `n predikant, pastoor of priester as "verhewe" geestelike leier binne `n gemeente nie dalk beter met Israel as kultiese gemeenskap vergelyk as met die Pauliniese kultuslose kerk nie. Dunn (1998:548) maak `n relevante opmerking oor die volhoubaarheid van die Pauliniese idee in die werklikheid van die

gemeentes en so die kerk en sy aktiwiteite verbind aan die kultiese aanbiddingspatroon van Israel, is daar van `n sentrale aanbiddingsplek, `n altaar waar offers fisies gebring word, werklike priesters wat diens doen en kultiese reinigingsrituele nie sprake nie. Die gemeente van Korinte word by geleentheid die tempel van God genoem (1 Kor 3:16-17; 2 Kor 6:16), gelowiges in Rome word opgeroep om hulleself as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is, te gee (Rom 12:1-2), alle bediening en diens ter wille van die evangelie word beskou as priesterlike diens wat deur enige gelowiges verrig kan word (Fil 2:25; Rom 15:16, 27; 2 Kor 9:12) en "since 'the earth is the Lord's, and everything in it,' the fundamental distinction between sacred and profane, holy and common no longer counted" (Dunn 1998:547; vgl Rom 14:14, 20; 1 Kor 10:25ev). Behalwe dat Paulus moontlik hiermee klem lê dat aanbidding nie blote uiterlike handelinge mag wees nie, maar eerder `n bepaalde geestelike ingesteldheid en gesindheid van die hart is, gaan dit veral vir hom daaroor dat die "kultusplek" verskuif het vanaf `n sentrale aanbiddingsplek na die markplein. "He 'secularizes' the sanctuary by sanctifying the business of every day" (Dunn 1998:544). "Either the whole of Christian life is worship, and the gatherings and sacramental acts of the community provide equipment and instruction for this, or these gatherings and acts lead in fact to absurdity" (Käsemann 1980:327 in sy bespreking van Rom 12:1-2). Met hierdie gedagtegang breek Paulus doelbewus met die tipiese verstaan van `n godsdienstige gemeenskap wat afhanklik is van `n kultiese sentrum, `n gewyde priesterlike amp en rituele offers (Dunn 1998:548). Dit wil voorkom asof die doop wel `n soort inlywingseremonie was, maar die werklike inlywing in die gemeenskap geskied deur die werking van die Gees (Goppelt 1982:145; Groshcide 1957:330). Die gelowiges vergader wel gereeld vir aanbidding, eet saam en bedien die nagmaal waardeur die eenheid met Christus en mekaar uitgedruk word, maar as sulks is elke (huis)kerk `n opvallend vreemde en eiesoortige godsdienstige gemeenskap binne die breë samelewing (Dunn 1998:547). Hiermee word die klem geplaas daarop dat dit die Drie-enige God is wat die kerk in die lewe roep, dit in stand hou en toerus vir sy diens as draer van sy heilsbeloftes in die wêreld. Dit is God self wat mense reinig deur die werking van sy Gees op grond van die eenmalige offer van Christus, om in hulle afsonderlik én gesamentlik, as gemeenskap van gelowiges, te woon en hulle toe te rus om mekaar en die wêreld te bedien met die evangelie van Jesus Christus.

---

lewe. Tog handhaaf hy die Pauliniese ideaal as steeds relevant (Dunn 1998:562evv).

8.8 KERKLIKE ORGANISASIE

Dit is uit Paulus se briewe duidelik dat die kerk in sy plaaslike gestalte georganiseerd is[83] (vgl Roberts 1976:13). Byeenkomste is gereeld gehou (1 Kor 10-11, 14; Rom 16:5 en baie ander), `n bepaalde orde word as ideaal vir byeenkomste gestel (1 Kor 14), en mense het bepaalde take of ontvang bepaalde gawes om tot voordeel van almal te gebruik (Rom 12:4-8; 1 Kor 12 ; Filip 1:1). In hierdie studie word gekonsentreer op die sake wat verband hou met die sogenaamde "ampte".

8.8.1 Charismatiese bedieninge

Dit is duidelik uit Paulus se briewe dat daar wel bepaalde aanwysbare persone in die verskillende gemeentes was wat op een of ander manier leiding geneem het, of minstens bepaalde funksies en take vervul het (Roberts 1976:15ev). Soms word hulle per naam genoem, soos die lys van Paulus se medewerkers van wie hy sommige spesifiek by die gemeente in Rome aanbeveel (Rom 16:1-23), asook Stefanas en sy huisgesin onder wie se leiding die gelowiges in Korinte hulle moet stel (1 Kor 16:15ev). Op ander plekke verwys Paulus na sulke mense by wyse van `n titel wat verband hou met die funksie wat hulle vervul het (1 Kor 12:28; Fil 1:1), of hy vermaan die gemeente om diegene wat hulle lei en onder hulle werk, sonder om name of titels te noem, te erken en hoog te ag (1 Tess 5:12ev).

Die geykte vraag is of Paulus oor enige van bogenoemde gedink het as "ampte", veral in teenstelling met die sogenaamde charismata[84] Dit hang natuurlik ook af van die definisie wat vir "amp" gebruik word.[85] Selfs al sou sommige van die "titels" wat Paulus gebruik

---

[83] "There is a church order, but it does not in itself represent the nature of the church. The order is not sacred; it is there to serve a purpose" (Conzelmann 1969:303).

[84] Die debat oor "charisma" en "amp" wat aan die einde van die vorige eeu deur Rudolph Sohm aan die gang gesit is, is steeds lewend (Dunn 1998:567ev; vgl §16.1). Vir meer besonderhede kan onder andere Dunn (1998:566-571) en Ridderbos (1975:438evv) geraadpleeg word. Hier kan volstaan word met die opmerking dat daar by Paulus self geen spanning tussen die twee bestaan nie (Du Rand 1988:92; vgl Ridderbos 1975:442, 444ev). "Spirit and organized life of the community do not oppose each other" (Roberts 1976:14). Die vraagstuk oor charisma en amp kom eintlik eers ter sprake as die gegewens in die sogenaamde egte Pauliniese briewe met onder andere die Pastorale briewe in verband gebring word (vgl Roberts 1976:1evv). Nie Paulus óf die Pastorale briewe mag egter tot kanon binne die kanon verhef word nie (Roberts 1976:2ev).

[85] Holmberg (1980:109) verwys na `n stel formele karaktertrekke van `n amp, waarvan die bedieninge wat ons in die Pauliniese briewe aantref volgens hom die eerste drie vertoon. Die stel kriteria wat hy gedeeltelik by Brockhaus kry, is in volgorde van belangrikheid: `n element van permanentheid; `n element van erkenning in die kerk, `n apartstelling van individue teenoor die gemeente – gesag en waardigheid; `n ampsopdrag; `n wetlike vaslegging van die bepaalde bediening; ordening; vergoeding. Hieruit maak hy (1980:111ev) die gevolgtrekking dat daar wel by Paulus van ampte gepraat kan word, selfs al is hulle nog

reeds gevestige "ampstitels" gewees het, is dit duidelik uit sy gebruik daarvan dat die hele gedagte van `n permanente "amp" met voorafbepaalde funksies, waartoe mense verkies of aangestel word om binne `n hiërargiese struktuur as gemeenteleiers op te tree op sy mecste `n baie ondergeskikte rol in sy denkraamwerk gespeel het (vgl Holmberg 1980:109, 111ev, 115ev, 119 en Schweizer 1961:101). Dit sal waarskynlik beter wees om vanuit Paulus se briewe in alle gevalle van charismatiese bedieninge te praat (vgl Ridderbos 1975:443), eerder as ampte.[86]

In die eerste plek gaan dit nêrens in Paulus se briewe om bepaalde magsposisies nie. Al speel hyself `n baie sterk leidinggewende rol in die gemeentes aan wie hy skryf en al gee die feit dat hy `n apostel is aan hom `n bepaalde gesag binne die gemeentes (vgl §8.8.4.1), beskou hy dit in alle gevalle as diens aan God en aan die gemeentes (vgl 1 Kor 9:1-27; Barrett 1994:126; Roberts 1976:12). Sy apostelskap het `n dienende karakter. Dieselfde geld vir die ander funksies wat verskillende mense binne die gemeentes vervul (vgl Roberts 1976:10). Elke gelowige het `n Godgegewe plek en funksie binne die gemeente "tot voordeel van almal" (1 Kor 12:7). In 1 Kor 14 is daar wel sprake van profesie wat `n groter waarde vir die opbou van die gemeente het as byvoorbeeld die spreek in tale. Tog kon enige een profeteer en was die gesag van `n profesie slegs afhanklik van Goddelike inspirasie en evaluasie deur ander profete (1 Kor 14:29; Rom 12:6; Dunn 1998:581; Ridderbos 1975:451). Alhoewel daar reeds bepaalde gevestigde titels vir bepaalde bedieninge bestaan het (byvoorbeeld 1 Kor 12:28: apostels, profete en leraars; Fil 1:1: opsieners en diakens), blyk dit nêrens uit Paulus se briewe dat bepaalde mense aangestel of verkies is om `n bepaalde funksie of taak binne die gemeente te vervul nie (Banks 1980:149; vgl Barrett 1994:125). Dit wil eerder lyk asof diegene wat wel funksies vervul, as sulks herken en erken word vanuit die feit dat hulle daardie bediening met gesag uitvoer - "... prophets did not prophesy because they were prophets; they were prophets because they prophesied" (Dunn 1998:582; vgl Schweizer 1987:47). Bepaalde mense ontvang bepaalde charismata van God en in die toepassing van daardie charismata word `n bepaalde bediening sigbaar in die praktyk. Daarom word daar gepraat van charismatiese bedieninge.[87] In hierdie verband is `n opmerking van Küng (1981:187)

---

nie ten volle ontwikkel of wetlik goedgekeur nie. Dit is egter `n vraag of Paulus werklik só daaraan gedink het.

[86] Binne die konteks van die studie word gekies vir die term "besondere bediening" met die standpunt dat alle bedieninge charismaties van aard is (vgl §15.7.3.2 en §15.7.3.6).

[87] Holmberg (1980:113) meen dat nie alle bedieninge in die Korintiese gemeente noodwendig pneumaties

belangrik: "The charism cannot be subsumed under the heading of ecclesiastical office, but all Church offices can be subsumed under the charism" (vgl Du Rand 1988:92ev). Dit is ook opvallend dat die spesifieke charismatiese bedieninge wat Paulus noem, nie beperk was tot bepaalde persone nie. Enige een kon profeteer, of onderrig gee, of in tale praat. Die enigste uitsondering was die apostels. Hulle was spesifieke mense wat tot 'n spesifieke en unieke taak geroep is, maar dan nie deur mense nie, maar deur God self (Ridderbos 1975:444). Wat verder insiggewend is uit Paulus se briewe, is dat hierdie "mense met bepaalde take" so 'n relatief klein rol speel in vergelyking met die duidelik en uitgebreide manier waarop Paulus wel oor praktiese en georganiseerde aspekte van die kerk skryf (vgl 1 Kor 10-11, 12-14; Dunn 1998:566). Dit is ook opvallend dat hy, alhoewel hy baie leiersfigure noem, soms by name, en selfs verwag dat na sommige van hulle omgesien word (Gal 6:6; Dunn 1998:582), hy nêrens bepaalde leiersfigure in die gemeentes versoek om aandag te gee aan die gemeentelike probleme wat hy aanspreek nie[88] (Banks 1980:139). Trouens, hy vra eerder van die gemeente om hulle gesag en leiding te erken. Die enigste uitsondering is Fil 1:1, waar hy spesifiek ook die opsieners en diakens[89] in die gemeente aanspreek. Selfs hier is dit egter opvallend dat hulle nie alleen nie en ook nie in die eerste plek aangespreek word nie. Een van die opvallendste kenmerke by Paulus is dat elke gelowige 'n bepaalde bediening in die gemeente het (Barrett 1994:123; Conzelmann 1969:259). Hier is nie sprake van sommige wat slegs bedien en ander wat slegs bedien word nie. Dit is wel so dat Paulus van sy eie en ook van ander se bediening praat as 'n posisie waarin hulle God verteenwoordig in die gemeente (Roberts 1976:11). In 1 Kor 3:9 sê hy "Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God". Alhoewel hierdie meer gevestigde bedieninge bepaalde verantwoordelikhede teenoor die gemeente het wat hulle op Goddelike gesag uitvoer, beteken dit egter nie dat hulle in verhouding met die res van die gemeente staan as

---

was nie. Sommige was eerder materieel, praktiese of sosiaal (vgl ook MacDonald 1988:60). Dit mag wees, maar dit is nie die manier waarop Paulus in sy brief aan hulle daarna verwys nie (vgl 1 Kor 12).

[88] Roberts (1976:16) meen die feit dat Paulus in 1 Tess 5:27 daarop aandring dat sy brief aan al die broers gelees word, veronderstel dat daar 'n leiersgroep in die gemeente was. Dit is moontlik, maar meer as dit kan ook nie afgelei word nie. Holmberg (1980:113) kom met die interessante moontlikheid dat Paulus in sy briewe aan die Korintiërs nie die leiers kon aanspreek nie, omdat hulle so deel van die probleem was dat dit nodig was om die hele gemeente tot verantwoording te roep.

[89] Schweizer (1987:45) se standpunt dat Paulus in Fil 1:1 met *episkopos* en *diakonoi* funksies aandui en nie bepaalde persone met bepaalde "titels" in die gemeente aanspreek nie, lyk onwaarskynlik in die lig van die meervoud wat in beide gevalle gebruik word. Barrett (1994:123) sê dat hulle funksie nie genoem word nie, "though it is evident that they must hold some special position, or rather carry out some special task, in the community". MacDonald (1988:59) sê dat alhoewel dit onmoontlik is om die funksies van die *episkopos* en *diakonoi* te bepaal, die bestaan van vaste titels impliseer dat die institusionalisering van rolle besig is om plaas te vind (vgl §8.8.4).

sogenaamde ingewydes teenoor leke nie (Banks 1980:134evv; Roberts 1976:11). Elke lidmaat het steeds kragtens sy lidmaatwees `n Godgegewe plek en funksie binne die gemeente. Wanneer elkeen dit erken en uitleef, funksioneer die gemeente as die organiese eenheid wat God bedoel het dit moet wees (vgl Käsemann 1971:118evv en MacDonald 1988:44).

Alhoewel reeds by implikasie verwys is na redes waarom `n bepaalde bedieningstruktuur by Paulus so `n ondergeskikte rol speel, is dit nodig om kortliks `n paar opmerkings hieroor te maak. Holmberg (1980:115ev) deel die redes in twee groepe. Die teologiese redes gaan daaroor dat Paulus die gemeente as `n eenheid behandel. Wat hy sê, raak al die gelowiges, al het sommige die verantwoordelikheid om dit uit te voer. Hiermee saam is al die charismatiese bedieninge deel van die geheel. Een lid kan nie verantwoordelik gemaak word vir die goeie funksionering van die hele liggaam nie omdat daardie verantwoordelikheid immers by die Heilige Gees self lê. Die sosiologiese redes gaan oor bedieningstruktuur wat daar wel was, en voor die oë van almal ontwikkel het. Geen sendingkerk is van meet af `n goedgeorganiseerde, selfregerende gemeente nie. Aangesien Paulus baie van die gemeentes gestig het, homself as verantwoordelik vir hulle welsyn beskou het, steeds beheer oor hulle doen en late uitgeoefen het, nog op verskillende maniere by hulle betrokke was en nog nie van die toncel af verdwyn het nie, was die gesag van die leiers in die gemeente steeds ondergeskik aan syne. Of hy dit so bedoel het of nie, dit was `n werklikheid wat ook in sy briewe weerspieël is.

8.8.2 Die doel van die charismatiese bedieninge

`n Belangrike vraag in verband met die bedieninge is waarom God dit aan die gemeentes gegee het. Kortweg gesê gaan dit oor die opbou en toerusting van die gemeente in al sy aspekte (1 Kor 14:26; Banks 1980:102; Du Rand 1988:91; Ridderbos 1975:432). Primêr is dit God wat self in Christus deur sy Gees sy gemeentes opbou, maar in die proses gebruik Hy mense aan wie hy die charismata daarvoor skenk (Noordegraaf 1980:52). Die opbou van die gemeente gaan oor al die aspekte van gemeentewees, soos wat Paulus se hele argument in 1 Kor 12 oor die liggaam en die verskillende charismata impliseer. Banks (1980:103) praat in hierdie verband van `n groter begrip en verstaan van die evangelie, die psigo-sosiale en die fisiese welsyn van die gemeentes en die sogenaamde "subconscious life of the community". Die charismatiese bedieninge was nie net op die innerlike opbou van die gemeentes gerig nie. Die opbou waarvan hier gepraat word, het

ook `n missionêre kant (Noordegraaf 1980:52; Ridderbos 1975:433). Paulus beskou homself as `n apostel aan die heidene wat voortdurend gaan werk waar nog niemand anders die evangelie verkondig het nie. In 1 Kor 14 lees ons dat profesie voorrang bo spreek in tale geniet omdat dit groter geestelike waarde kan hê vir heidene wat toevallig deel is van die byeenkoms. Conzelmann (1969:267ev) se insig dat die organisasie wat wel in die gemeentes bestaan het, onderontwikkeld soos dit was, in diens gestaan het van die boodskap van verlossing en genoegsaam was om verlossing te bring, kan ook hierby betrek word. Die doel is nie goeie organisasie nie (vgl Banks 1980:109), maar die uitdra van die verlossingsboodskap. Om hierdie doel te bereik, is orde egter nodig, soos wat Paulus in 1 Kor 14 sê (Ridderbos 1975:468). Die verskeidenheid charismatiese bedieninge werk op `n ordelike manier mee aan die opbou en toerusting van die gemeente.

8.8.3 Spesifieke bedieninge

Paulus verwys spesifiek na vyf bedieninge op so manier dat daaruit afgelei kan word dat dit reeds gevestigde bedieninge was, minstens in sommige gemeentes. Dit is opvallend dat hierdie vyf nie in elke brief wat hy geskryf het, genoem word nie.

Paulus verwys meermale na homself as `n *apostel*.[90] Trouens, dit is vir hom baie belangrik dat diegene wat sy briewe ontvang, sy apostelskap sal erken (vgl Rom 1:1-5; 1 Kor 1:1; 4; 9; 2 Kor 10; Gal 1-2 en ander; Dunn 1998:571ev). Daarom lê hy baie klem daarop dat hy deur God self geroep is en dat die evangelie wat hy verkondig ook deur die ander apostels as die ware evangelie erken word (Holmberg 1980:16). Die apostelbediening is as Christus se eerste gawe aan die kerk `n nie-herhaalbare en nie-oordraagbare bediening aangesien diegene wat daartoe geroep is, ooggetuies van die opgestane Christus was (1 Kor 9:1; Ridderbos 1975:448ev). Apostelskap bestaan vir Paulus basies in die roeping van Christus om die evangelie te verkondig, om gemeentes te stig (Dunn 1998:580), daardie gemeentes te versorg (Barrett 1994:125) en die fondamente te lê vir die opbou en uitbou van die kerk (Ridderbos 1975:449). Verder beskou hy die apostelbediening nie as universeel in die sin dat alle apostels in alle gemeentes eweveel gesag het nie (Dunn 1998:579; vgl Barrett 1994:127).

---

[90] Volgens Ridderbos (1975:449) het Paulus waarskynlik meer mense as hyself en die twaalf as apostels beskou. Dit is egter nie moontlik om by name te noem wie hy hierby insluit nie.

Die tweede bediening is die van die *profete*. Volgens Dunn (1998:581ev) is dit uit Paulus se verwysings na die profete en die wyse waarop hulle hanteer moet word (1 Kor 12-14; 1 Tes 5:20; Rom 12:6), duidelik dat daar in baie van die Pauliniese gemeentes erkende profete gefunksioneer het[91] (Ridderbos 1975:452; vgl ook Barrett 1994:123). Profesie was egter nie beperk tot erkende profete nie, maar enige een kon 'n inspirasie ontvang om te profeteer (Dunn 1998:582). Profesie is altyd geïnspireer (Ridderbos 1975:451) en dus charismaties van aard. Dit is egter belangrik om raak te sien dat die charismatiese aard van profesie nie beteken dat profete onbeperkte vryheid van spraak het nie (Ridderbos 1975:451ev; vgl Conzelman 1969:259). Profesie was onderworpe aan die toets of dit in ooreenstemming met die tradisie was en dit was aan die evaluasie van ander onderworpe (Rom 12:6; 1 Kor 14:29; Dunn 1998:581). In die woorde van Ridderbos (1975:451) word die wese en inhoud van hierdie bediening goed saamgevat: "Prophets are the Spirit-impelled proclaimers of the Word of God to the church, who unfold God's plan of redemption, as well as elucidate and impress upon it the significance of the work of God in Christ in a pastoral and paraenetic sense".

Ook *leraars* of onderwysers was 'n integrale deel van die bedieningstruktuur van die Pauliniese gemeentes (1Kor 12:28-29; Rom 12:7; Gal 6:6). Volgens Dunn (1998:582) kan aanvaar word dat hulle taak oor die bewaring, oordrag en interpretasie van die oorgelewerde tradisie, wat die tradisie aangaande Jesus en die aktualisering van die Ou Testament sou insluit (vgl Holmberg 1980:99) gegaan het. Volgens Ridderbos (1975:453) het die leraars, gesien in die lig van die feit dat die mondelinge tradisie op daardie stadium in die geskiedenis nog die belangrikste bron van kennis van die Christelike geloof was, in hierdie verband 'n belangrike rol gespeel,. Uit Gal 6:6 wil dit lyk asof die wat onderrig gee, ook geregtig was op vergoeding van 'n aard. Dit dui moontlik daarop dat hierdie tydrowende werk op 'n meer voltydse basis gedoen is (Roberts 1976:16). Soos met die profete was die onderrig-bediening nie tot bepaalde leraars beperk nie, maar enige een kon die gemeente met 'n onderwysing bedien (1 Kor 14:26).

---

[91] Ridderbos (1975:452) se afleiding dat die gevestigde profete ook erkende leiers binne die gemeentes was, is spekulatief van aard, aangesien dit nêrens in die Pauliniese briewe pertinent ondersteun word nie.

Van *opsieners* is slegs in Fil 1:1 sprake waar Paulus die brief rig tot die hele gemeente en hulle opsieners en diakens.[92] Verder word daar niks oor hierdie bediening gesê nie. Hoogstens kan afgelei word dat dit spesifieke persone is wat 'n bepaalde funksie binne die gemeente vervul[93] (Barrett 1994:123) wat verband hou met die titel waarop hulle aangespreek word (Holmberg 1980:100).

Dieselfde kan gesê word van die *diakens* in Fil 1:1. In Rom 16:1 word die woord *diakonos* in verband met die vrou Febe gebruik. Volgens Käsemann (1980:411) het sy 'n permanente en erkende bediening binne die gemeente gehad en kan 'n mens hierin iets sien van die latere diakenbediening. Oor die inhoud van haar bediening word hoogstens gesê dat sy vir Paulus en ander tot hulp en steun was.

Benewens bogenoemde vyf bedieninge, verwys Paulus ook na 'n hele aantal ander charismatiese bedieninge wat die gemeente tot opbou strek. Dit wat hy noem, is die gawes om te dien, om mense te bemoedig, om (geld) te gee, om leiding te gee, om ander te help, om 'n woord van wysheid te praat of 'n woord van kennis, geloof, die gawe van gesondmaking, die krag om wonders te doen, die gawe om tussen die geeste te onderskei, om ongewone tale te praat of dit uit te lê (Rom 12:6-8; 1 Kor 12).

Uit bogenoemde word afgelei dat daar in die Pauliniese gemeentes enersyds charismatiese bedieninge was wat op 'n permanente basis gefunksioneer het, en ander wat meer insidenteel en in bepaalde gevalle op bepaalde voorwaardes voorgekom het.

---

[92] Dunn (1998:584) maak in verband met die benaming *diakonoi* in Fil 1:1, die opmerking dat Paulus waarskynlik nie hiermee aan 'n gevestigde bedieningstitel gedink het nie, aangesien hy elders na homself met hierdie benaming verwys. In die lig van die feit dat hy dan sy apostelbediening baie hoog ag, sou hy nie ook na homself met 'n laer bedieningstitel verwys het nie. Dit is 'n vraag of so 'n argument werklik water hou, veral gesien in die lig van die feit dat Paulus in Fil 1:1 verwys na die *episkopois kai diakonois*. Dit is egter nie sonder meer af te lei dat Paulus wel aan bepaalde bedieningstitels gedink het nie. Hendriksen (1977:47evv) en Muller (1977:15) trek 'n verband tussen die twee benaminge in Fil 1:1 en die soorgelyke bedieningstitels elders in die Nuwe Testament en maak dan daaruit afleidings ten opsigte van die betekenis wat Paulus aan die benaminge heg. Ook so 'n werkwyse is slegs spekulatief van aard, aangesien Paulus self werklik niks meer sê oor die benaminge self of die persone na wie hy verwys nie. Trouens, dit is juis laasgenoemde feit wat sommige geleerdes laat aflei dat die brief aan die Filippense nie 'n egte Paulusbrief is nie (vgl Muller 1977:15). Hulle sê Paulus self sou nie na *episkopois* en *diakonois* verwys het nie. Dit daargelaat. Behalwe dat dit insiggewend is dat Paulus nie die brief in die eerste plek aan hulle rig nie, maar aan die hele gemeente saam met die ouderlinge en diakens (vgl §8.8.4.4), is die enigste wat afgelei kan word, dat daar wel in die gemeente in Filippi bepaalde persone was wat sodanige funksies vervul het dat hulle bekend gestaan het as die opsieners en diensknegte van die gemeente.

[93] Barrett (1994:123) se moontlikheid dat beide *epsikopos* en *diakonoi* moontlik finansiële administratiewe funksies gehad het, of Roberts (1976:16) se moontlikheid dat hulle gemeenteleiers was wat die orde moes handhaaf, is bloot spekulatief.

Dit het egter nie in al die gemeentes op presies dieselfde manier gefunksioneer nie en is ook nie orals dieselfde genoem nie. Daar was dus nie eenvormigheid wat dit betref tussen die verskillende gemeentes nie[94] (Noordegraaf 1980:53). Dit is belangrik om te besef dat alhoewel sommige van hierdie bedieninge belangriker was as ander in terme van die voordeel van die gemeente (Ridderbos 1975:443), en sommige reeds gevestig was, dit nêrens gekoppel word aan bepaalde persone wat op 'n hiërargiese manier 'n belangriker gesagsposisie in die gemeentes beklee het nie (Conzelmann 1969:260; Roberts 1976:11). Daar was wel 'n gesagstruktuur, maar dit was in direkte verband met die gesag waarmee 'n bediening binne die gemeente as geheel uitgevoer is (Banks 1980:151).

8.8.4 Die gesag binne die gemeentes

Die hele kwessie van gesag binne die Pauliniese gemeentes is 'n saak wat maar onlangs aan die orde gestel is vanuit studies wat gebruik gemaak het van veral die sosiologiese model van Max Weber (Dunn 1998:569ev; vgl Holmberg 1980:148evv). Dit is veral die roetinisering en institusionalisering van charismatiese gesag wat in hierdie verband aanleiding gee tot interessante konstruksies oor die organisering van die Pauliniese gemeentes. Alhoewel daar groot versigtigheid en soberheid aan die dag gelê moet word in so 'n konstrueringsproses (vgl Holmberg 1980:5ev), is daar tog bruikbare en goed gefundeerde insigte wat na vore kom en belangrike implikasies vir die kerk vandag het.[95] Aangesien dit 'n relatief nuwe hoek is waaruit daar na die Pauliniese gemeentes gekyk word, is daar nie vreeslik baie daaroor geskryf nie en aangesien Dunn (1998:565-598) die belangrikste bydraes in hierdie verband geïntegreer het tot 'n bruikbare geheel, word hy grootliks gevolg.

---

[94] Holmberg (1980:160) maak die opmerking dat nie al die gemeentes ewe oud is nie. Dit beteken dat daar ook 'n verskil in die mate van roetinisering van charismatiese gesag tussen die verskillende Pauliniese gemeentes is (vgl §8.8.4).

[95] Dit is belangrik om duidelik te maak dat daar in hierdie studie nie in die eerste plek op soek is na die historiese gemeenskappe agter die teks nie, maar na die teologiese perspektief daarop in die teks self (vgl §1.1). Eersgenoemde kan wel help om by laasgenoemde uit te kom, maar is dit is immers tog die Bybelteks wat kanonies is en nie die historiese of sosiologiese situasie daaragter nie. Dit wil voorkom asof Holmberg (1980:201evv) in sy pleitdooi vir 'n dialektiese benadering tussen sosiologiese werklikhede en teologiese idees laasgenoemde sekondêr maak aan eersgenoemde, so asof gesag- en bedieningstrukture in die eerste plek bepaal word deur sosiologiese wetmatighede. In hierdie studie word egter vasgehou aan die beginsel dat die Bybel die primêre bron vir kerkordelike beginsels is (Strauss 1991c:33), sonder om daarmee 'n gesprek met die sosiologie of enige ander relevante wetenskap af te wys (vgl MacDonald 1988:21evv en §22).

8.8.4.1 Paulus se gesag as apostel

Dit is veral die sterk leidinggewende en vermanende karakter van sy briewe, wat daarop dui dat Paulus se eie posisie as stigter-apostel aan hom 'n bepaalde gesag binne die gemeentes gee (vgl Holmberg 1980:73evv en MacDonald 1988:46ev) wat hy dan ook gebruik om self leiding te gee en probleme aan te spreek (vgl Holmberg 1980:77ev, 81 en Roberts 1976:11ev). In die verband is die brief aan die Romeine 'n uitsondering in die sin dat hy nie die gemeente(s) gestig het nie. Dit is egter belangrik om raak te sien dat hy in die uitsonderlike lang inleiding tot sy brief met sy klem op die feit dat hy deur God geroep is om apostel te wees en dat die evangelie wat hy verkondig die ware evangelie is (Rom 1:1-7), die gesag van dit wat hy aan hulle skryf, beklemtoon. Hierdie gesag is egter nie gesetel in Paulus as persoon nie en word deur homself by implikasie op verskillende maniere gekwalifiseer (vgl Holmberg 1980:154ev, 184evv). Hierdie kwalifikasies word deur Dunn (1998:580) as volg saamgevat: "In sum, then, Paul held a high ideal of apostolic authority, as a specific commissioning by the risen Christ to preach the gospel and found churches. In practice, however, the exercise of that authority was always conditioned: it was always subordinate to the gospel; it worked within its churches as one of many ministries (albeit the most important) to build up the full range of responsible ministry within these churches; it was adaptable to circumstance and to Christian liberty and determined simply by precedent or convention; it stayed within the limits of its commissioning; and it mirrored the character of its message as the proclamation of the crucified one". Apostelskap beteken dus vir Paulus nie onbeperkte gesag nie. Trouens, soos hieronder duidelik sal word, is alle gesag in die kerk gekwalifiseer. Volgens Holmberg (1980:185evv) kwalifiseer Paulus self doelbewus sy eie gesag op grond van 'n diep waardering vir die vryheid en vermoë van die gemeente om verantwoordelikheid vir hulle eie doen en late te aanvaar.[96] In dit alles lê 'n belangrike boodskap vir die kerk, maak nie saak hoe sy bedieningstruktuur in die praktyk daar uitsien nie.

8.8.4.2 Profetiese gesag

Volgens Dunn (1998:581ev) is dit duidelik uit Paulus se briewe dat gevestigde profete en geleentheidprofesieë deel van die bedieningstruktuur van gemeentes was. As profete het hulle met 'n bepaalde gesag binne die gemeente opgetree (vgl Holmberg 1980:96ev). Die gesag van die profete en profesië was egter geleë in die Goddelike inspirasie om 'n

[96] Volgens Holmberg (1980:187ev) het dit waarskynlik self aanleiding gegee tot bepaalde probleme in gemeentes. Teorie en praktyk kom nie altyd bymekaar uit nie.

profesie uit te spreek en nie in die persoon van die profeet nie. Hiermee saam was profesieë ook onderworpe aan die evaluasie van ander en het die tradisie as `n meetinstrument gegeld waaraan die profesie getoets moes word (1 Kor 14:29; Rom 12:6; Dunn 1998:581ev).

8.8.4.3 Die gesag van die leraars

Die gesag van `n leraar was nie in sy persoon of in sy onderrigtaak geleë nie, maar in die tradisie wat hy oorgedra het. Weliswaar was `n mate van interpretasie volgens Dunn (1998:583) onafwendbaar en was daar waarskynlik `n dun lyn te trek tussen onderrig as interpretasie van die tradisie, en profesie as nuwe openbaring. Waarskynlik het Paulus dan ook die onderrig gesien as komplementerend tot en kontrolerend vir die profesie. Tog het hy profesie hoër geag as onderrig. "Teaching ... preserves continuity; but prophesy gives life" (Dunn 1998:583).

8.8.4.4 Die gesag van die gemeente

Uit Paulus se briewe kan afgelei word dat hy `n bepaalde gesag aan die gemeente as geheel toeken (vgl MacDonald 1988:51). Dit is reeds gemeld dat Paulus nêrens spesifieke persone verantwoordelik hou of aanspreek om die probleme in die gemeentes op te los nie (vgl §8.8.1). Die enigste uitsondering was hyself. Hy het dan telkens die hele gemeente aangespreek aangaande die sake wat hy onder hulle aandag wou bring, en hulle aangemoedig om bepaalde sake te hanteer of die geeste te onderskei (Rom 15:14; 1 Kor 5:4-5; 14:29; 2 Kor 2:7; 1 Tess 5:14, 20-22; Banks 1980:139; Dunn 1998:593ev). Die enigste uitsondering is Fil 1:1 waar die gemeente saam met die ouderlinge en diakens aangespreek word. Die feit dat hulle egter saam aangespreek word, onderstreep eerder dat, soos in al die ander gevalle, die verantwoordelikheid om op sy briewe te reageer by die hele gemeente gelê het en nie net by een óf twee individue of bepaalde bedieninge nie (Dunn 1998:593). Dit is insiggewend dat hy die gemeentes versoek om bepaalde persone se leiding te aanvaar. Dit dui enersyds op `n bepaalde sanksie deur die gemeente ten opsigte van leierskap. Paulus stel hulle egter nie self aan nie, en beveel ook nie die gemeente pertinent om hul leierskap te aanvaar nie. Dit dui daarop dat hy wel `n bepaalde gesag aan die gemeente as sulks toeken (vgl Holmberg 1980:106evv). Soos reeds gemeld, was daar ook geen bediening wat vir spesifieke persone uitgehou is nie. Hierbenewens is dit duidelik dat elke lid van die gemeente `n bepaalde Godgegewe plek en funksie binne die gemeente het tot voordeel van almal. Elkeen was dus op `n bepaalde

manier verantwoordelik vir die geheel (Dunn 1998:593; Banks 1980:151). Holmberg (1980:117ev) sê in hierdie verband dat hoewel elkeen verantwoordelik was, dit nie beteken het dat daar `n simmetriese verspreiding van gesag was nie. Ondanks die gesag van die gemeente as geheel en die feit dat elkeen `n bepaalde funksie gehad het om te vervul, was daar wel in die verskeidenheid funksies en verantwoordelikhede diegene wat meer gesag as ander gehad het. Dit het egter nie `n kwalitatiewe onderskeid gemaak tussen die verskillende take en verantwoordelikhede nie. Die met meer gesag was in verhouding met die res van gemeente steeds in `n verhouding van onderlinge afhanklikheid binne die konteks van liefde en samewerking.

8.8.4.5 Die onderskeiding van die geeste

Dunn (1998:594evv) kom met die belangrike insig dat daar in 1 Kor 12-14 `n stel kriteria na vore kom vir die hantering van die charismatiese bedieninge binne die gemeentelike opset. Hierdie kriteria gaan veral oor die gesag waarmee `n bediening uitgevoer word en die gepaardgaande gesag van die gemeente in die ontvangs van daardie bediening. Daar is basies drie kriteria en dit is opvallend dat dit grootliks oorvleuel met die kwalifikasies wat vroeër ten opsigte van Paulus se apostoliese gesag gestel is.

Die eerste is die toets van die evangelie soos dit deur die tradisie oorgedra is en deur die kerk bely word (Dunn 1998:595; vgl Du Rand 1988:91). In hierdie verband word 1 Kor 12:3 as `n voorbeeld gebruik waar die algemeen aanvaarde belydenis dat Jesus die Here is, gebruik word om `n botsende uitspraak van `n lid van die gemeente te weerspreek. Die tweede is die toets van die liefde (vgl Conzelmann 1969:260 en Du Rand 1988:91). Dit is nie sonder rede dat 1 Kor 13 tussen die uitsprake oor die gemeente as liggaam en die gawes van die Gees enersyds, en die bespreking oor die goeie orde en die belangrikste gawes andersyds, ingevoeg is nie. "It was written in recognition that charismatic ministry and other important expressions of the Christian life and congregation could often be exercised in a selfish and uncaring matter" (Dunn 1998:596). Hierdie liefde waarvan 1 Kor 13 praat is van meer waarde en meer standhoudend as enige gawe (1 Kor 13:8-13). Alhoewel dit in die praktyk nie so eenvoudig is om hierdie liefde uit te leef nie, het dit Paulus nie gekeer om wel die ideaal as kriterium aan die gemeente voor te hou nie (Dunn 1998:596). Die derde kriterium is die toets of dit tot voordeel van die gemeente is (vgl Du Rand 1988:91). Dit is hierdie kriterium wat Paulus aanlê om te sê dat profesie meer waarde het as die spreek in tale en dat profesie

geëvalueer moet word (1 Kor 14; Rom 12:6). 'n Belangrike saak wat hier na vore kom, is dat die individu met sy gawe of inspirasie altyd ondergeskik is aan die opbou van die geheel (Dunn 1998:597; vgl Conzelmann 1969:259). Daarom ook die toets van die liefde en die ondergeskiktheid aan die evangelie, al is die persoon ter sprake die apostel self.

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat geen charismatiese bediening of gesag as sulks aanvaarbaar is net omdat dit aanspraak kan maak op inspirasie nie. "The only valid or effective charism is the one tested and received by the church for whom it is given" (Dunn 1998:597).

8.9 SAMEVATTING

Die beeld van die kerk soos dit in die Pauliniese briewe geteken word, kan met die oog op kerklike ordening as volg saamgevat word:

8.9.1 Elke gelowige se individualiteit word gehandhaaf deurdat elkeen 'n Godgegewe funksie en plek binne die kerk het. Dit word sigbaar in die verskeidenheid gawes wat God gee en nie in etniese afkoms, sosiaal-ekonomiese klas of geslag nie.

8.9.2 Alhoewel Paulus die individualiteit van elke lidmaat handhaaf, beskou hy die kerk primêr as 'n korporatiewe eenheid.

8.9.3 Die kerk is as korporatiewe eenheid in die lewe geroep, word deur die Drie-enige God in stand gehou, en vind sy bestaansreg en identiteit alleenlik in sy verbondenheid aan Hom.

8.9.4 Individuele gelowiges word ingelyf in en saamgebind as korporatiewe eenheid slegs op grond van hulle geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, wat deur die werking van die Heilige Gees 'n werklikheid in hulle lewens word. Hulle behoort aan mekaar omdat hulle aan Christus behoort.

8.9.5 Die gehandhaafde individualiteit, soos dit sigbaar word in die verskeidenheid gawes mag nie verdelend werk nie, maar moet juis die korporatiewe eenheid bevorder ter wille van die kerk se taak as draer van God se heilsbeloftes na buite.

8.9.6 'n Strewe na eenvormigheid in teenstelling met die Godgegewe verskeidenheid word afgewys aangesien dit verdelend werk, die kerk lamlê in sy roeping na buite, en 'n doodsteek is vir die korporatiewe eenheid.

8.9.7 Etniese afkoms, sosiaal-ekonomiese klas en verskille in geloofsvolwassenheid mag nie verdelend werk nie.

8.9.8 Vir Paulus maak dit nie saak uit hoevcel mense 'n gemeente bestaan, en of hulle soms afsonderlik in kleiner groepe en soms saam as groter groep vergader nie. Hy praat in iedere geval van so 'n groep of vergadering as die *ekklesia* van God in die enkelvoud.

8.9.9 Elke gemeente is die nuwe volk van God in die eindtyd wat deur Hom op dieselfde heilshistoriese lyn geplaas is as Israel, en is as sulks draer van sy heilsbeloftes soos dit in Jesus Christus geopenbaar is.

8.9.10 Alhoewel by implikasie aanwesig, speel die idee van 'n universele kerk 'n ondergeskikte rol teenoor die gemeente in Paulus se denke en praktyk. Die kerk is in elke plaaslike gestalte volledig volk van God en liggaam van Christus.

8.9.11 Die idee van die universele kerk is wel aanwesig en dan veral in die sin dat individuele gelowiges se verbondenheid aan Christus hulle by implikasie aan alle ander gelowiges verbind, en dat gemeentes se verbondenheid aan Christus hulle by implikasie aan mekaar verbind.

8.9.12 Daar was geen vaste patrone en strukture, geen organisatoriese band of oorkoepelende (provinsiaal of nasionaal) struktuur waarmee verskillende gemeentes met mekaar in verband gestaan het om die universele kerk sigbaar te maak nie. Daar is ook geen aanduiding dat Paulus so iets in gedagte gehad het nie. Waarin die onderlinge verbondenheid wel sigbaar geword het, was 'n kollekte wat gemeentes vir die gemeente in Jerusalem opgeneem het toe dié broodgebrek gely het.

8.9.13 Die kerk is 'n kultuslose gemeenskap in die sin dat dit nie 'n sentrale en heilige aanbiddingsplek, 'n gewyde priesterlike amp, rituele offers en kultiese reinigingspraktyke het nie. Die daaglikse lewe is geheilig en die hele Christelike lewe is

aanbidding, met kerklike byeenkomste en sakramente wat die toerusting en riglyne hiervoor verskaf.

8.9.14 Die gedagte van 'n permanente besondere bediening met voorafbepaalde funksies, waartoe mense verkies of aangestel word om binne 'n hiërargiese struktuur as gemeenteleiers op te tree, speel op sy beste 'n ondergeskikte rol in Paulus se denkraamwerk. Dit is ook meer van pas om vanuit sy briewe in alle gevalle van charismatiese bedieninge te praat, eerder as ampte.

8.9.15 Elke gelowige het 'n bepaalde Godgegewe plek en funksie binne die geheel van die gemeente tot voordeel van almal. Wanneer elkeen dit erken en uitleef, funksioneer die gemeente as die organiese eenheid wat God bedoel het dit moet wees.

8.9.16 Bepaalde mense ontvang bepaalde charismata van God en in die toepassing van daardie charismata word 'n bepaalde bediening sigbaar in die praktyk. Elke onderskeie bediening word as sulks herken en erken slegs vanuit die feit dat dit met Godgegewe gesag uitgevoer word.

8.9.17 Daar was meer gevestigde bedieninge in die Pauliniese gemeentes wat bepaalde verantwoordelikhede teenoor die gemeente gehad het en wat hulle op Goddelike gesag uitgevoer het. Daar was ook die bedieninge wat groter gesag as ander gehad het, naamlik die apostels, profete en leraars. Dit het egter nie beteken dat hulle in verhouding met die res van die gemeente gestaan het as sogenaamde ingewydes teenoor leke of binne 'n hiërargiese gesagstruktuur binne die gemeente gefunksioneer het nie. Die gemeente as geheel en elke afsonderlike bediening het steeds 'n bepaalde gesag gehad.

8.9.18 Die gesag wat die gemeente as geheel, of bepaalde bedieninge of persone binne die gemeente gehad het, word duidelik deur 'n paar voorwaardes gekwalifiseer. Die belangrikstes hiervan is dat dit altyd ondergeskik is aan die evangelie soos dit deur die tradisie oorgedra is en deur die kerk bely word, die toets van die liefde waarsonder enige bediening en gesag sy krag verloor, en dat dit altyd tot voordeel van die gemeente uitgevoer moet word. "The only valid or effective charism is the one tested and recieved by the church for whom it is given" (Dunn 1998:597).

8.9.19 Die charismatiese bedieninge is deur God aan die gemeente gegee ter wille van die intensiewe en ekstensiewe opbou van die gemeente. Dit kan slegs binne `n ordelike raamwerk gebeur.

8.9.20 Die charismatiese bedieninge het nie in elke gemeente op presies dieselfde wyse gemanifesteer of gefunksioneer nie. Daar was nie sprake van eenvormigheid tussen die verskillende gemeentes nie. Die bepaalde situasie het hierin `n groot rol gespeel.

8.9.21 Die apostelbediening is God se nie-herhaalbare en nie-oordraagbare eerste gawe aan die kerk, en bestaan in hoofsaak uit die roeping om die evangelie te verkondig, gemeentes te stig, daardie gemeentes te versorg en die fondamente te lê vir die opbou en uitbou van die kerk.

8.9.22 Die profetiese bediening is bedoel om onder inspirasie van God sy wil te verkondig. As beperkinge het egter gegeld dat dit onderworpe was aan die evaluasie van ander en in ooreenstemming met die tradisie moes wees.

8.9.23 Die leraars se bediening het gegaan oor die bewaring, oordrag en interpretasie van die oorgelewerde tradisie.

9. DIE KERK IN DIE BRIEWE AAN DIE EFESIËRS EN DIE KOLOSSENSE

9.1 INLEIDING

Die tema van die kerk neem 'n sentrale plek in die brief aan die Efesiërs in. Hierin bou die brief voort op dit wat in die brief aan die Kolossense geskryf is (Engelbrecht 1995b:690; vgl Lincoln 1993:87ev). Brown (1984:49) stel dit so: "... Colossians offers a positive, idealistic view of the church, which is expanded in Ephesians". Dit is veral die uitbeelding van die kerk as universele eenheid, asook die feit dat Christus as kosmiese Hoof ook die Hoof van die kerk is, wat in die twee briewe sterk na vore kom (Floor 1995:19-22). Hierdie twee sake verteenwoordig 'n verandering in die ekklesiologie ten opsigte van die sogenaamde egte Pauliniese briewe. Hierdie en ander verskille het daartoe gelei dat die Pauliniese outeurskap van hierdie twee briewe 'n vraagstuk geword het.

Vir diegene wat vashou aan die Pauliniese outeurskap van die twee briewe is die verskille tussen hulle en die sogenaamde egte Pauliniese briewe, hetsy taalkundig of teologies, heeltemal verklaarbaar (vgl Floor 1995:10-18 en Roberts 1984a:117-124). Interessant genoeg bespreek van hulle die stof in Efesiërs-Kolossense ten opsigte van sekere aspekte van die Pauliniese ekklesiologie, afsonderlik (vgl bv Ridderbos 1975:369-395 en Roberts 1984b:294ev, 307evv). Onder diegene wat die twee briewe as nie-Paulinies beskou, wat 'n hele verskeidenheid rigtings verteenwoordig (vgl Floor 1995:10-18), word daar onder andere uit twee hoeke vrae gevra oor die eiesoortige ekklesiologie wat na vore kom. Enersyds is daar die mening dat dit reeds 'n vroeë stadium van katolisering verteenwoordig (vgl Engelbrecht 1995b:677-700 en Lincoln 1993:137-141). Alhoewel daar diegene in hierdie denkskool is wat dit beskou as 'n negatiewe afwyking van die Pauliniese ideaal, wat dus nie as gesaghebbend beskou kan word vir 'n hedendaagse ekklesiologie nie, is daar ook diegene vir wie dit nie 'n probleem is nie (vgl Brown 1984: 10, 53-60; Engelbrecht 1995b:677-681; Lincoln 1993:75evv, 139ev). Andersyds is daar uit 'n sosiologiese hoek die mening dat dit, in die lig van Weber se model, reeds 'n verdere ontwikkeling in die institusionaliseringsproses in die Pauliniese korpus verteenwoordig - 'n "community-building institutionalization" by Paulus wat ontwikkel tot 'n "community-stabilizing institutionalization" by Efesiërs-Kolossense (MacDonald 1988:31, 85, 89ev; vgl Lincoln 1993:140ev). Dit is veral die roetinisering van charismatiese leierskap weens die afwesigheid van die apostel Paulus wat in en deur hierdie briewe na vore kom (vgl Brown 1984:30). Nietemin, hierdie twee briewe gee 'n eiesoortige blik op die ekklesiologie in die vroeë kerk (Lincoln 1993:132ev) wat ook ten opsigte van kerklike ordening belangrik is.

In Efesiërs-Kolossense is die kerk 'n nuwe, universele mensheid wat deur God in die lewe geroep is as doel van Christus se koms, en van God afhanklik is vir sy bestaan en groei. Dit is die ruimte vir en getuienis van Christus se teenwoordigheid en heerskappy op aarde. As liggaam van Christus en dus as korporatiewe organisme, is dit 'n heilige en lewende eenheid wat tot geloofsvolwassenheid opgebou word deur verskillende gawes wat God aan sy kerk gee.

9.2 DIE KERK AS EEN, NUWE MENSHEID

9.2.1 'n Nuutgeskape mensheid

In Efesiërs-Kolossense word die kerk as 'n derde entiteit naas die Jode en die heidene

getcken[97] (Lincoln 1993:94). Dit is 'n nuwe skepping wat die ou orde se verdeelde mensdom vervang (Barrett 1994:156; Ridderbos 1975:377). Daar word dus nie 'n aparte *ekklesia* vir die heidene naas 'n *ekklesia* vir die Jode in die lewe geroep nie (Roberts 1984b:295). Dit is ook nie bloot "an amalgam of elements of the old in which the best of Judaism and the best of Gentile aspirations have been merged" nie. "Instead the previous ethnic and religious categories have been transcended" (Lincoln 1993:94; vgl Barrett 1994:156). Hierdie nuwe mensheid is deur God geskep en vind dus sy oorsprong by Hom. "Uitgeroep uit hulle verskillende natuurlike lewensverbande, is almal wat aan Christus behoort, saamgevoeg in 'n nuwe eenheid – die *ekklesia* van God" (Roberts 1984b:295).

9.2.2 Die kerk is wesenlik een

Alhoewel Kolossense se blik op die kerk as kosmiese grootheid reeds fokus op die wesenlike eenheid van die kerk (Kol 1:21; 3:15; Brown 1984:50), is dit veral Efesiërs wat dit duidelik stel dat die kerk as 'n nuwe mensheid geroep is om sy gegewe eenheid te bewaar en te beleef[98] (Floor 1995:21; Roberts 1984:309). Vir Floor (1995:22) is dit die aanleiding tot die skryf van die brief en vir Pelser (1995:663) is dit die merkwaardigste kenmerk van Efesiërs se kerkbeskouing.

Hierdie klem in die brief spruit veral daaruit dat in die gemeentes in Klein-Asië, die gelowiges uit die Jodedom hulself meerderwaardig geag het teenoor dié uit die heidendom (Floor 1995:21). Die brief wil dan duidelik sê dat daar geen onderskeid tussen gelowiges op grond van hulle herkoms is nie omdat die kerk nie 'n menslike organisasie of vrywillige assosiasie is nie, maar wel die een liggaam van Christus is (Floor 1995:22). Die wesenlike van hierdie eenheid word verder onderstreep deur die sewe basiese verenigende faktore waarop die bestaan van die kerk berus – "... één

---

[97] Engelbrecht (1995b:694ev) maak 'n saak daarvoor uit dat dit uit Ef 2:11-22 wil voorkom asof die nuwe burgerskap van die Christene uit die heidendom vanuit 'n Joodse hoek beskou word. Volgens hom kan Ef 2:13 byvoorbeeld "so geïnterpreteer word dat die redding vir die heidene kom deurdat hulle nou toegang kry tot die Godsvolk wat deur Christus vernuwe is". Dit gaan dus hier "om Israel soos dit in die kerk sy heilshistoriese voleinding vind". Die ontstaan van die kerk is dus onlosmaaklik verbonde aan God se handelinge met Israel. MacDonald (1988:95) wys daarop hoe treffend dit is dat Efesiërs eenvoudig die kerk gelykstel aan Israel. Hierdie spore van die idee dat die kerk die nuwe Israel is, verswak egter geensins die gedagte van die nuwe mensheid as nuwe skepping van God nie.

[98] Engelbrecht (1995b:695) se gedagte dat hierdie wesenseenheid nie om uniformiteit gaan nie, kan nie uit Efesiërs-Kolossense ondersteun word nie. Trouens, hy weerspreek homself wanneer hy in dieselfde paragraaf tereg opmerk dat "die naasmekaar.bestaan van 'n pluraliteit van kerke wat elkeen op sy eie manier verband hou met die heil in Christus, maar geïsoleerd van mekaar bestaan", vir Efesiërs 'n absurde

liggaam ... één Gees ... één hoop ... één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal" (Ef 4:4-6; Engelbrecht 1995b:695). "The assertion of these unifying realities drives home the sense of cohesion and distinctive identity the writer wants his readers to have as members of the Church" (Lincoln 1993:94). Dit word ook onderstreep deur die beelde in Ef 2:19-22 waar van die gelowiges in Efese gesê word dat hulle nie bywoners in die koninkryk van God is nie, maar saam met al die ander gelowiges medeburgers en lede van die huisgesin van God; waar van die kerk gesê word dat dit die tempel van God is wat gebou is op die fondament van die apostels en die profete en groei vanuit Christus as hoeksteen; dat dit 'n geestelike huis is waar God woon (vgl Pelser 1995:663).

9.2.3 Die sigbare eenheid as getuienis

Die feit dat hierdie eenheid bewaar en beleef moet word, sê voorts dat dit nie bloot by 'n abstrakte konsep mag bly nie. Dit moet ook in die praktyk van kerkwees sigbaar na vore kom (Roberts 1984b:308ev). Dit raak sake soos die bedieningswerk, onderlinge verhoudings in verskillende sosiologiese verbande soos die huwelik, gesinne, en eienaars en slawe, die opbou van die kerkgemeenskap en gebed (Floor 1995:21; vgl Pelser 1995:663). Juis as sigbare en praktiese werklikheid speel die eenheid ook 'n belangrike rol in God se openbaring aan die kosmiese magte dat hulle heerskappy tot 'n einde gekom het. "It is not by its preaching nor by its worship but by its very existence as the one new humanity out of Jews and Gentiles, overcoming the division within the old order, that the Church reveals to the hostile powers that their divisive regime is at an end"[99] (Lincoln 1993:95). In hierdie verband is die kerk die doel van Christus se lewe en dood (Floor 1995:21; Lincoln 1993:100; Pelser 1995:662). Hy het vir die kerk gesterf (Ef 5:25). So is die bestaan van die kerk dus die verwerkliking van God se meesterplan (Ef 2:22-23) en as sodanig ook openbaring, of dan "die eintlike Godsgetuienis in die wêreld" (Pelser 1995:662).

9.3 'N LIGGAAM, AFHANKLIK VAN SY HOOF

9.3.1 Die liggaam as korporatiewe organisme

Soos in die geval van die egte Pauliniese briewe word die kerk in Efesiërs-Kolossense ook geteken as die liggaam van Christus. Alhoewel die gedagte van die verskeidenheid

---

gedagte sou wees.

[99] Lohse (1971:55) sê na aanleiding van Kol 1:18 "Christ is Lord over the universe, his body, however, is the church. For this reason the worldwide rule of the Kyrios is proclaimed everywhere in the preaching of

ledemate wat elkeen sy funksie het tot voordeel van almal, definitief deel is van die betekenis van die beeld (Ef 4:12,16b; Lincoln 1993:98ev), word dit egter nie soseer gebruik om iets van die praktiese funksionering van die gemeente uit te druk soos deur Paulus nie (1 Kor 12; Brown 1984:49). Hier word die beeld van die liggaam eerder gebruik om iets van die korporatiewe eenheid van die kerk in sy geheel, wat as lewende organisme in die wêreld leef en groei, te teken (Kol 2:19; Ef 4:12ev, 15ev; Brown 1984:48, 50; Lincoln 1993:99). Hierdie aspek van die liggaamsbeeld word veral duidelik waar dit in verband met die beeld van Christus as Hoof van die liggaam gebruik word (vgl MacDonald 1988:91, 98ev). Anders as in die egte Pauliniese briewe waar die liggaamsbeeld gebruik word om die eenheid en die verskeidenheid in die regte verband te bring, gaan dit hier oor die onlosmaaklike band tussen Christus en sy liggaam (Engelbrecht 1995b:689; MacDonald 1988:155). Met Hom as Hoof is die kerk sy sigbare liggaam hier op aarde. Alhoewel hierdie verbinding van Christus as Hoof van die liggaam dus iets uitdruk van die feit dat Christus en sy kerk een is (Lincoln 1993:99; vgl Brown 1984:53), beteken dit egter nie dat die Hoof en die liggaam as een organisme beskou kan word nie[100] (Noordegraaf 1990:51; Ridderbos 1975:1980evv). Volgens Ridderbos (1975:382ev) is "Hoof" en "liggaam" in werklikheid twee verskillende beelde wat wel soms saam gebruik word, maar wat tog elkeen op sy eie geïnterpreteer moet word (vgl Roberts 1984b:306). Ten diepste bly die presiese aard van die eenheid tussen Christus en sy kerk egter 'n groot misterie, net soos die eenheid tussen man en vrou binne die huwelik (Ef 5:32; Ridderbos 1975:379).

9.3.2 Die liggaam is afhanklik van sy Hoof

Dit wat hier bo gesê is, hou in dat Hoof dus nie hier die fisiese kop, as belangrikste orgaan, van die liggaam beteken nie (Ridderbos 1975:380; Roberts 1984:306), maar eerder dat die kerk totaal van Christus afhanklik is en dat Hy gesag daaroor uitoefen[101]

Christ among the nations...".

[100] Pelser (1995:659ev) kom tot die gevolgtrekking dat die "sogenaamde Gnostiese verlosser-mite in die kringe van Kolossense en Efesiërs" ook 'n rol gespeel het in die bedoeling van die beeld van die kerk as liggaam van Christus met Hom as Hoof, wat dan beteken dat die eenheid tussen Christus en sy kerk wel 'n organiese kant het. Soos hierbo gesê, is die aard van die eenheid egter 'n diep geheimenis, en is die invloed van die sogenaamde Gnostiese verlosser-mite dus ook geen uitgemaakte saak nie. Uit die argumente hierbo moet daar dus nie te veel gemaak word van die gedagte van 'n organiese eenheid nie.

[101] Volgens MacDonald (1988:91), wat vanuit die sosiologiese model van institusionalisering na die Pauliniese en na-Pauliniese briewe kyk, verteenwoordig die liggaambeeld in Efesiërs-Kolossense 'n verandering ten opsigte van Paulus. Hierdie verandering van simbool is deel van die institusionaliseringsproses en gebeur om die simbool te laat oorleef. Soos by Paulus word die liggaamsbeeld ook hier gebruik om die eenheid van die kerk te bevorder, maar die gedagte van Christus as

(Noordegraaf 1990:51; Schweizer 1961:107). Sy Hoofskap behels dus dat Hy die Oorsprong, Verlosser, Voedingsbron en Leier van sy kerk is (Lincoln 1993:98; Ridderbos 1975:377-382, 385). Die verband tussen die beeld van Christus as Hoof van sy liggaam en die van man en vrou in die huwelik (Ef 5) versterk hierdie gedagte (Ridderbos 1975:379). Dieselfde kan gesê word van die verbinding wat gemaak word tussen Christus as Hoof van die kosmos en as Hoof van die kerk (Kol 1:15-18; Ef 1:20-22; Lincoln 1993:97ev). As Hoof van die kosmos heers Hy oor alle magte, ook die wat die voortbestaan van die kerk en sy verhouding met God sou bedreig (Schweizer 1961:105). Terselfdertyd is Hy die Hoof van die kerk wat sy liggaam is (Schweizer 1961:106). Deur hierdie twee gedagtes word die kerk bevry van sy vrees vir die magte wat hom bedreig. In hierdie verband word die kerk ook geteken as 'n kosmiese grootheid waarin die kosmiese bevrydingswerk en wêreldheerskappy van Christus 'n sigbare werklikheid is[102] (Lohse 1971:55; Pelser 1995:660; vgl Noordegraaf 1990:52). Die afhanklikheid van die kerk word verder onderstreep deur die feit dat dit vir sy kwantitatiewe (Pelser 1995:660) en kwalitatiewe (Ef 4:12evv) groei die gawes wat God daaraan gee, nodig het (Ef 4:7, 11, 16). Die liggaam is egter nie net afhanklik van sy Hoof nie, maar groei ook in alle opsigte na Hom toe (Ef 4:15), sodat Hy hulle ten volle kan vervul (Ef 1:23; 3:19; Lincoln 1993:99ev). Die Hoof is dus terselfdertyd die bron en die doel van die groei (Schweizer 1961:108). 'n Beeld wat volgens Schweizer (1961:108) baie nou hierby aansluit, is dié van die kerk as tempel vir die Here en 'n geestelike huis waarin God woon (Ef 2:20-22). Destyds is 'n gebou gesien as 'n lewende organisme (Schweizer 1961:108). In hierdie beeld vind alle groei plaas vanuit die hoeksteen, naamlik Christus. Hierdie groei is egter gebou op die fondament wat die apostels en die profete gelê het.

9.4 DIE KERK IS UNIVERSEEL

In Efesiërs-Kolossense word die kerk baie meer as in die sogenaamde egte Pauliniese briewe geteken as 'n enkele, wêreldwye kerk (Lohse 1971:72; Schweizer 1961:106). Die beskouing dat dit 'n nuwe mensheid is waarin Jood en heiden tot 'n eenheid saamgevoeg

---

Hoof van die liggaam, wat dan die verandering is, onderstreep die gesag van Christus oor sy kerk op 'n nuwe manier.

[102] Die feit dat die gelowiges deur hulle doop onlosmaaklik aan Christus as die Een wat gesterf en opgestaan het, vasgebind is, versterk die idee dat hulle bevry is van die magte wat hulle bedreig. Hy is immers die Hoof van hierdie magte en deur hulle doop het hulle deel geword van die gemeenskap wat saam met Hom gesterf het en opgewek is uit die dood, en dus in sy oorwinning deel (Lohse 1971:92, 102ev).

is. die wyse waarop dit as liggaam met Christus as Hoof beskryf word en dat Christus die Hoof van die kosmos én die kerk is (Kol 1:18), asook die feit dat dit reeds saam met Christus opgewek is (Kol 2:12; 3:1), dui in hierdie rigting. Hiermee saam plaas die gebruik van die begrip *ekklesia* in Efesiërs die kerk as universele Godsvolk op die voorgrond (Roberts 1984b:294). Dit is veral in Ef 3:10 waar die kerk 'n hoogs betekenisvolle rol speel in die openbaring van die geheimenis van God se doel vir die kosmos dat dit nie anders kan as om universeel bedoel te wees nie (Lincoln 1993:93; Roberts 1984b:294). Ook in Ef 3:21, waar die *ekklesia* beskryf word as die groep binne die mensdom wie se bestaan die eer van God verkondig, is dit ongetwyfeld die universele kerk wat bedoel word. Trouens, volgens Lincoln (1993:93) dui al nege plekke waar *ekklesia* in Efesiërs voorkom op die universele kerk. Alhoewel die kerk dus in Efesiërs-Kolossense as die Christelike gemeenskap in sy geheel (Lincoln 1993:93) beskryf word, is dit moeilik om vas te pen wat presies hiermee bedoel word. Dit is enersyds nie bloot die somtotaal van die individuele gemeentes nie en andersyds is dit ook meer as blote 'n aardse werklikheid[103] – dit raak immers die hemelse magte (Brown 1984:49). Net soos in die geval van die eenheidsverhouding tussen Christus en sy kerk, het ons hier ook 'n groot geheimenis.

Bogenoemde klem op die universele kerk beteken egter nie dat Efesiërs-Kolossense nie die bestaan van afsonderlike gemeentes veronderstel nie (Engelbrecht 1995b:690). Behalwe die feit dat die briewe aan gemeentes gerig is[104] (Ef 1:1; Kol 1:2; Floor 1995:25; Lohse 1971:7), word die *ekklesia* wat in Nimfa se huis vergader, wat hier niks anders as 'n huisgemeente kon wees nie, asook die gemeente in Laodisea direk vermeld (Kol 4:15; Engelbrecht 1995b:690). Hiermee saam impliseer die feit dat beide briewe aan bepaalde gemeentes op bepaalde plekke gerig is, dat die bedieninge wat in Ef 4 genoem word, kwalik anders as om die gemeentes waarbinne dit moet funksioneer, te veronderstel (vgl Giles 1995:185).

---

[103] Banks (1980:44evv) gaan selfs so ver om die universele kerk te beskou as 'n hemelse werklikheid wat dan permanent in vergadering is. Hiermee misken hy die aardse kant van die universele kerk (vgl Pelser 1995:663) vanuit 'n vooropgestelde idee dat wat die aardse betref, slegs die gemeente kerk is.

[104] MacDonald (1988:87) lei onder andere uit die gebruik van *ekklesia* vir die universele kerk in Efesiërs af dat dit 'n algemene brief is wat aan baie gemeentes gerig was. Dit is wel moontlik dat die brief aan die Efesiërs 'n algemene omsendbrief aan baie gemeentes was, soos onder andere uit die onsekerheid oor die adres blyk (vgl Floor 1995:23-28), maar of dit werklik die rede is vir die universele betekenis van *ekklesia* in die brief is 'n goeie vraag. Hierbo is immers reeds gewys op ander dieperliggende redes waarom daar tot gevolgtrekking gekom word dat dit op die universele kerk dui.

9.5 DIE HEILIGHEID VAN DIE KERK AS GEGEWE WERKLIKHEID

"Holiness is a very important characteristic of the church as the body of Christ" (Brown 1984:51). Christus het aan die kruis gesterf om die kerk te reinig sodat "Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergliks, heilig en onberispelik" (Ef 5:27). In Efesiërs is die heiligheid van die kerk dus nie net 'n toekomsdroom nie, maar alreeds 'n gegewe werklikheid.

"Heilig" beteken hier twee dinge. Eerstens dat die kerk vir God afgesonder is (Lincoln 1993:92). Dit is sy eiendom wat onlosmaaklik aan Hom verbind is. "So het Hy ... ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees" (Ef 1:4). Trouens, die kerk is juis die doel van die verlossingswerk van Jesus Christus (Floor 1995:21; Lincoln 1993:100; Pelser 1995:662), waardeur mense uit die Jodedom en die heidendom saamgevoeg is tot 'n nuwe kosmiese grootheid wat aan God behoort en van Hom getuig (Pelser 1995:662ev). Tweedens beteken heilig, en dit volg eintlik logies op die eerste betekenis, dat die verlossingswerk van Christus reeds vir sy kerk 'n volkome werklikheid geword het. Dit is afgehandel, Hy het die kerk gereinig en daarom is dit reeds sy bruid (Ef 5:27, 32; Engelbrecht 1995b:692; Lincoln 1993:99).

Omdat die kerk gereinig is deur Christus en so afgesonder is vir God, word dit in 'n sekere sin geïdentifiseer met die koninkryk van God (Kol 1:12; Brown 1984:51ev) en word sekere kenmerke daarvan op die kerk toegepas. "The Church is already under the rule of the King, transplanted into the realm of the Son (Col 1:13). Heaven and earth are already reconciled (Col 1:20). The Church is already raised with Christ (Col 2:12; 3:1)..." (Schweizer 1961:106). Dit is in hierdie verband insiggewend dat daar, weliswaar gekwalifiseerd, soms ook van die kerk gepraat word in terme van 'n gerealiseerde eskatologie (Ef 2:6; Brown 1984:52; Pelser 1995:663; vgl Floor 1995:95ev).

Efesiërs-Kolossense is egter nie blind vir die feit dat die heiligheid van die kerk in hierdie sin nog nie altyd sigbaar is in die handel en wandel nie (Pelser 1995:663). Daarom dat daar byvoorbeeld nie van die eenheid tussen Christus en sy kerk as 'n statiese eenheid gepraat kan word nie, maar wel as 'n groeiende eenheid (Pelser 1995:660). Juis daarom gee God ook gawes aan sy kerk sodat dit opgebou kan word en kan groei, ook wat sy heiligheid betref (Lincoln 1993:92).

9.6 DIE KERK AS ORGANISASIE

9.6.1 Organisatoriese aspekte

Afdoende bewyse bestaan dat kerk as 'n empiriese werklikheid in die wêreld beskou kan word. Enkeles is die gedagte in die liggaamsbeeld van die verskeidenheid ledemate wat elkeen sy eie funksie het tot opbou van die hele liggaam (Ef 4:12,16b; Lincoln 1993:98ev), die feit dat die liggaam waarvan Christus Hoof is in Kol 1:18 aangedui word as die kerk (Lohse 1971:55) en die idee dat die kerk 'n nuwe mensheid is wat deur God as derde entiteit naas die Jode en die heidene in die lewe geroep is. En al staan die idee van 'n korporatiewe eenheid wat as organisme in die wêreld leef en groei op die voorgrond (Kol 2:19; Ef 4:12ev, 15ev; Brown 1984:48, 50; Lincoln 1993:99), sluit dit nie sekere organisatoriese aspekte uit nie (Du Rand 1988:90 praat in hierdie verband van 'n "*institusionele moment*"). In Kolossense word dit deur die gewrigte en senings van die liggaam wat uitdruklik genoem word, geïmpliseer (Kol 2:19). Hierdie gewrigte en senings voorveronderstel die Pauliniese verskeidenheid gawes (Schweizer 1961:106ev; vgl Combrink & Venter1995:587). Die feit dat Paulus van homself praat as 'n dienaar ter wille van die kerk (Kol 1:25), en van Epafras en Tigikus as medewerkers[105] (Kol 4:7, 12) maak dit ook duidelik dat dit nie oor 'n hiërargiese struktuur gaan nie. Ook in Efesiërs word Tigikus as Paulus se medewerker genoem (Ef 6:21).

Die organisatoriese aspek van die kerk word egter hier veral duidelik uit die gawes wat God aan sy kerk gee ter wille van die groei tot geloofsvolwassenheid (Ef 4:11-15). Dit is insiggewend dat die gawes wat hier genoem word, mense is wat op 'n gevestigde basis bepaalde funksies binne die kerk vervul. Elkeen van die vyf was 'n herkenbare groep mense (Versteeg 1988:58evv). Hier het ons waarskynlik reeds te doen met iets soos 'n besondere bediening met 'n bepaalde titel[106] (vgl Engelbrecht 1995b:696). Du Rand (1988:90) sê in hierdie verband dat dit deurgaans in gedagte gehou moet word "dat dit nie gaan oor persone as sodanig nie, maar oor die gawes of ampte of funksies waarin hulle staan. Hulle is bloot draers van die funksies wat hulle ontvang het". Die gawes wat hier, sonder enige verskil of gradering (Schweizer 1961:109), genoem word, is apostels,

---

[105] Die feit dat Epafras as Paulus se medewerker aangedui word, en die klem op sy en ander medewerkers se betroubaarheid, spruit volgens MacDonald (1988:128evv) uit die behoefte om na die apostel se dood sy gesag te laat voortleef in die kerk. Dit is dan wat in die sosiologie die roetinisering van charismatiese leierskap genoem word. Beide Efesiërs en Kolossense se verwysings na Epafras en die ander medewerkers is egter te skraps om werklik met oortuiging so 'n afleiding te kan maak.

[106] Of hier wel gepraat kan word van 'n bepaalde rang wat die "ampte" dan het onder die gawes wat God aan sy kerk gee, soos wat Engelbrecht (1995b:696) doen, word nie vanuit die brief ondersteun nie –

profete, evangeliste, herders en leraars.

9.6.2 Spesifieke bedieninge

Met *apostoloi* bedoel Efesiërs waarskynlik diegene wat regstreeks deur Christus uitgestuur is om die evangelie te verkondig, Paulus ingesluit[107] (Floor 1995:152). Met *prophetou* word die mense bedoel wat deur middel van Goddelike openbaringe oor besondere kennis van en insig in die evangelie beskik, God se heilsplan aan die gemeentes ontvou en die betekenis van die werk van God in Christus verkondig het (Floor 1995:152). Dit is dus Nuwe-Testamentiese profete waarvan hier gepraat word. Van die apostels en profete is reeds in Ef 2:20 gesê dat hulle die fondament is waarop die kerk as tempel van God verrys. "The apostles provided a foundational link with the risen Christ and, together with the prophets gave foundational interpretation of the gospel" (Lincoln 1993:101). Die feit dat Christus die hoeksteen van hierdie tempel is, hou onder andere in dat die verkondiging van die apostels en profete slegs gesag dra en fundamenteel is omdat hulle Christus verkondig (Engelbrecht 1995b:693). In Ef 3:5 word hulle weer genoem en dan in verband met die evangelie wat God deur hulle aan die mensdom bekend maak. In hierdie verband word Paulus self uitgesonder "as the leading interpreter of what God has done in Christ..." (Lincoln 1993:101). Deur die klem op Paulus as ontvanger van die openbaring van God en die feit dat hy deur God se genade 'n bedienaar van die evangelie geword het, word die gesag van die apostoliese tradisie beklemtoon (vgl MacDonald 1988:125ev, 132, 138).

Alhoewel dit moeilik is om werklik vas te stel wat die spesifieke onderskeidende roeping van die *euaggelistai* was, skep die Nuwe Testament tog die indruk dat hulle in die voetspoor van die apostels 'n missionêre taak en 'n groot aandeel gehad het aan gemeente-stigting en die grondlegging van die evangelie[108] (Floor 1995:152; Versteeg

---

vergelyk Ef 4:16 se verskillende liggaamsdele wat saamwerk tot opbou van die geheel.

[107] Volgens Floor (1995:152) kon dit die twaalf rondom Petrus en die sewentig wat Jesus uitgestuur het insluit. Dit is egter moeilik om uit die onmiddellike konteks van Efesiërs-Kolossense presies te sê wie hierby ingesluit word. Engelbrecht (1995b:688) sê in 'n artikel oor die vroeg-katolieke tendense in die Skrif, dat Kolossense as 'n na-Pauliniese geskrif die kerk baie stewig wil bind aan die Pauliniese nalatenskap en daarom Paulus as enigste apostel teken. Hy grond dit onder andere op die feit dat geen ander apostel gemeld word nie. In die lig van Efesiërs en dié se noue verhouding met Kolossense, asook die feit dat Efesiërs voortbou op die Pauliniese binding (Engelbrecht 1995b:691), is dit egter 'n vraag of Kolossense doelbewus vir Paulus as enigste apostel sou teken; dit is nou indien 'n mens wel aanvaar dat Paulus nie die outeur is nie.

[108] Floor (1995:152ev) verwys na die verskil in mening tussen eksegete oor die voortgang van die evangeliste-"amp". Sommige sien daarin die voorloper van die huidige sendeling en ander meen dat dit

1988:59ev).

Volgens Floor (1995:153) beteken die feit dat slegs een lidwoord vir *poimenoi kai didaskaloi* gebruik word, dat dit hier twee titels vir die dieselfde saak is (vgl Versteeg 1988:60). Volgens hom is hulle die oudstes van die gemeente, waarvan sommige 'n opsigtaak en ander 'n onderrigtaak het. Versteeg (1988:61) sê weer dat dit gaan oor twee aspekte van dieselfde amp wat een en dieselfde is as die *episkopoi* en *presbuteroi* elders in die Nuwe Testament. Ridderbos (1975:454ev) meen dat dit hier waarskynlik meer gaan oor bepaalde leiersaktiwiteite wat nou aan mekaar verbonde is, as om "ampte". Alhoewel die opsigtaak van die herders daarop dui dat dit moontlik die oudstes in die gemeente kan wees wat hierdie funksie vervul (vgl Versteeg 1988:61), word dit nêrens onomwonde uitgespel nie. Daarom is dit ook nie noodwendig so dat die herders en leraars op 'n direkte manier met ander bedieninge in die Nuwe Testament verbind kan word nie. Nietemin, wat egter wel uit die terme afgelei kan word, is dat dit gaan oor diegene met 'n opsigtaak en diegene met 'n onderrigtaak binne die kerk. Beide is in die lig van die werklikheid van dwaalleer (Ef 4:14) noodsaaklik binne die gemeente (vgl Versteeg 1988:61). Verder is dit volgens Lincoln (1993:101) veral die leraars wat die brug vorm tussen die apostoliese en na-apostoliese tyd. "In proclaiming, preserving and applying the tradition, the ministers of the word are held to be constitutive for the life of the church" (Lincoln 1993:101).

Alhoewel die evangeliste, herders en leraars in Ef 4:11 in dieselfde asem genoem word as die apostels en profete, speel laasgenoemde twee in Efesiërs eerder die rol van die fondament (Ef 2:20) of die maatstaf uit die verlede waarop eersgenoemde drie moet voortbou (Lincoln 1993:101).

9.6.3 Elkeen het 'n plek en 'n funksie

Benewens die vyf spesifieke gawes van God aan die kerk, is dit ook duidelik dat elke gelowige 'n genadegawe ontvang het, met die kwalifikasie dat Christus bepaal wie wat kry (Ef 4:7). Uit die beeld van die liggaam word ook gesê dat die verskillende liggaamsdele bymekaar pas, 'n eenheid vorm en dat die liggaam homself opbou as elke

---

saam met die apostels en profete 'n charisma was wat net aan die vroeë kerk gegee is. Hoe dit ook al sy, dit is belangriker om te vra wat die bydrae en plek van die evangelis in die vroeë gemeentes was as om 'n hedendaagse bediening of funksie daaraan te probeer verbind. Dit wat blywend en moontlik normatief is, lê

lcdemaat sy funksie vervul (Ef 4:16). Elke gelowige het dus 'n plek en 'n funksie binne die kerk (Versteeg 1988:50), met die vyf spesifieke gawes wat die Here aan sy kerk gegee het wat 'n meer spesifieke en prominente rol binne die gemeente speel en dan op so 'n manier dat die ander lede hulle gawes optimaal kan benut en hulle funksies kan vervul (vgl Ef 4:7 en 4:16 met 4:11-12; vgl ook Versteeg 1988:53evv). Meer word egter nie daaroor gesê nie (vgl MacDonald 1988:132ev).

9.6.4 Verskillende gawes en bedieninge in diens van die doel

Met dit alles in ag genome blyk dit tog dat die verskille tussen die bedieninge nie wesenlik belangrik is nie. Wat ook al die verskille tussen die gawes is, en watter verskillende gawes daar ook aan die kerk gegee word, die belangrikste is dat almal net een doel het binne die kerk en dit is die groei en opbou van die kerk tot geestelike volwassenheid en bekwaamheid tot diens, of anders gestel, sodat dit al hoe stewiger aan die Hoof sal groei (Brown 1984:50; Lincoln 1993:98ev), asook 'n groei in getalle (Pelser 1995:660). Die eindresultaat of doel is dus hier belangriker as die detail van die verskeidenheid[109] (Du Rand 1988:90) en die prominensie van sekere bedieninge.

Waar die verskille of dan verskeidenheid wel belangrik is, is by die kwessie van die eenheid (Ef 4:1-7). "Dit is nie korrek om te sê dat verse 1-6 oor die eenheid en verse 7-16 oor die verskeidenheid handel nie. Die verskeidenheid is juis in diens van die groter geheel, die een kerk" (Du Rand 1988:89). "Iedere gelovige heeft op grond van de gave die Christus schenkt, een bijdrage te leveren aan het bewaren van de eenheid" (Floor 1995:148). Hierdie eenheid kan slegs bewaar word wanneer die gelowiges hulle aandag toespits op die opbou van die kerk. Hierdie opbou gaan daaroor dat gelowiges tot geestelike volwassenheid moet groei om weerbaar te wees teen die bedreiging van dwaalleer en toegerus sal wees vir hulle diens in die gemeente (Ef 4:12evv). Op die manier word die verdelende krag van dwaalleer teëgewerk en word die een liggaam (Ef 4:4) in liefde opgebou.

---

tog in eersgenoemde gedagte en nie in 'n "ampstitel" nie.

[109] Roberts (1963:143) gaan verder as wat uit Efesiërs afgelei kan word wanneer hy praat van "die algemene normatiewe patroon of struktuur waarvolgens die gemeentelike organisme ingerig is en haar aktiwiteite ontplooi" word en wat Christus dus aan sy gemeente gegee het (Ef 4:11). Trouens, juis die veelkantigheid wat duidelik word uit die verskillende korpusse in die Nuwe Testament, waarsku teen die verheffing van 'n enkele een tot die normatiewe (vgl Noordegraaf 1990:53, 55). Efesiërs wil nie soseer sê watter "ampte" daar moet wees nie, maar eerder wat die funksie en doel van alle dienswerk moet wees.

9.7 SAMEVATTING

9.7.1 Die kerk is wesenlik een – in en met Christus.

9.7.2 Almal wat aan Christus behoort, is uit hulle natuurlike lewensverbande saamgevoeg in een, nuwe mensheid, wat naas die Jode en die heidene deur God in die lewe geroep is en as sy kerk in die wêreld lewe.

9.7.3 Omdat die kerk nie 'n vrywillige assosiasie of 'n menslike organisasie is nie, maar die een liggaam van Christus in die wêreld, is daar geen onderskeid tussen gelowiges op grond van hulle herkoms nie.

9.7.4 Omdat die kerk die doel van Christus se versoeningswerk is en dus die verwerkliking van God se plan met die wêreld is, moet die eenheid van die kerk in die praktyk sigbaar word as getuienis in hierdie wêreld en as openbaring aan die kosmiese magte van Christus se verlossingswerk en opperheerskappy.

9.7.5 Die beeld van die kerk as liggaam met Christus as Hoof is 'n korporatiewe beeld wat sê dat dit 'n lewende organisme is wat in afhanklikheid en onder gesag van Christus in die wêreld lewe en groei. As Hoof is Christus die Oorsprong, Verlosser, Voedingsbron en Leier van sy kerk.

9.7.6 Alhoewel die gedagte van die gemeente as kerk van God nie uit die oog is nie, word die klem egter gelê op die universele aard van die kerk as die een liggaam van Christus in die ganse kosmos.

9.7.7 Die heiligheid van die kerk is 'n gegewe werklikheid in die sin dat dit enersyds vir God afgesonder en andersyds deur Christus gereinig is.

9.7.8 Alhoewel die idee van die kerk as 'n korporatiewe eenheid wat as 'n organisme in die wêreld leef en groei op die voorgrond staan, is daar sekere organisatoriese aspekte wat wesenlik deel van die kerk se lewe en groei is.

9.7.9 Die organisatoriese kant van die kerk bestaan veral uit die gawes of bedieninge wat God aan sy kerk gee ter wille van 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe groei.

9.7.10 Die apostels en profete is as gawes van God die grondleggers van die kerk met die apostels enersyds as direkte skakel met Christus en beide andersyds as fundamentele interpreteerders van die evangelie.

9.7.11 Die evangeliste het waarskynlik op voetspoor van die apostels 'n missionêre en gemeente-stigtende taak gehad.

9.7.12 Die herders en leraars se bediening kan saamgevat word in die opsig- en onderrigfunksie wat hulle in die gemeente verrig het, met die onderrigfunksie as brug tussen die apostoliese- en na-apostoliese tyd.

9.7.13 Elke lidmaat het 'n Godgegewe funksie en plek in die kerk tot opbou van die geheel.

9.7.14 Die doel van die gawes of bedieninge en die eindresultaat van hulle werk is belangriker as die spesifieke funksies wat hulle vervul het en die prominensie wat aan sekeres gegee is.

9.7.15 Die vyf spesifieke gawes of bedieninge wat God aan sy kerk gegee het (Ef 4:11) speel 'n prominente rol sodat die ander lede hulle gawes optimaal kan benut en hulle funksies kan vervul tot opbou van die geheel.

9.7.16 Die verskeidenheid gawes en bedieninge is in diens van die groter geheel omdat dit die werkswyse is waarop God sy kerk opbou en dus die eenheid bewaar en bevorder.

10. DIE KERK IN DIE BRIEWE AAN TIMOTEUS EN TITUS

10.1 INLEIDING

Die Pastorale Briewe teken die kerk veral as 'n organisasie (MacDonald 1988:164; Schnackenburg 1974:94). Dit is in antwoord op 'n situasie waar die kerk ernstig bedreig word deur dwaalleer van binne en vervolging van buite[110] (Noordegraaf 1990:54ev; Schweizer 1961:77), en ook dat die kerk sy teenwoordigheid in hierdie wêreld as baie

[110] MacDonald (1988:159) praat in hierdie verband van "community-protecting institutionalization."

meer permanent begin sien het omdat die wederkoms nog nie gerealiseer het nie[111] (Beker 1992:44evv). Hierdie situasie lei daartoe dat `n meer gestrukturcerde pastorale benadering tot die kerk belangriker geword het as `n sterk missionêre gerigtheid (Brown 1984:31; Pelser 1995:670). Maar juis daarom is Schnackenburg (1974:102) reg wanneer hy oor die Pastorale Briewe sê: "... by the whole nature and purpose of these writings, their picture of the Church remains, and probably could not but remain, one-sided".

Vanuit die Pastorale Briewe word dit duidelik dat die kerk slegs vanuit God se genade in Christus as sy uitverkorenes in hierdie wêreld leef. Dit word uitgebeeld as `n goedgeorganiseerde en gedissiplineerde huishouding wat onder die leiding van besondere bedieninge weerbaar gemaak word teen die dwaalleer wat die apostoliese tradisie bedreig.

"Grace and discipline are thus key words for the understanding of the church in the Pastorals" (Barrett 1985:83). Dit geld ook vir die bediening van die besondere bedieninge (Barrett 1985:84ev).

10.2 DIE GROND VAN DIE KERK SE BESTAAN

Volgens die Pastorale Briewe vind die kerk sy oorsprong en sy voortbestaan in die genade van God soos Hy dit deur Christus en die Gees `n werklikheid laat word. Die gelowiges is immers diegene wat deur God uitverkies is en slegs op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees die nuwe lewe ontvang en erfgename van die ewige lewe geword het (2 Tim 2:10, 19; Tit 3:5evv). In Titus 3:5 word dit verbind met die doop as teken of middel van die wedergeboorte deur

---

[111] MacDonald (1988:230) sê dat nie te veel gemaak moet word van die verflouing van die nabye verwagting van die wederkoms nie, aangesien so `n besef nêrens eksplisiet vermeld word nie. Sy gee toe dat Paulus self die wederkoms in sy leeftyd verwag het en dat die afwesigheid daarvan hier wel iets kan beteken. Sy het ook `n probleem daarmee dat Paulus se siening van geloof gebruik word om die Pastorale Briewe se siening van geloof te beoordeel, en dat laasgenoemde dus nie genoeg op eie meriete hanteer word nie. Hierby word daar volgens haar te veel klem gelê op geloofsbeskouings eerder as op sosiale faktore om sekere verskynsels in die Pastorale Briewe mee te verklaar. Die feit is egter dat hierdie briewe baie na aan Paulus lê en dat `n idee nie noodwendig bewustelik of eksplisiet op die oppervlakte hoef te wees om wel `n invloed uit te oefen nie. Of Paulus die briewe geskryf het of nie, of dit aan die einde van sy lewe of na sy dood geskryf is of nie, die besef dat die wederkoms moontlik nie so gou gaan kom soos aanvanklik verwag is nie, was waarskynlik reeds teenwoordig, al was dit ver onder die oppervlak. Die tydsverloop vanaf die aanvanklike aanvaarding van die Christelike geloof en gemeentestigting is ook `n sosiologiese werklikheid wat heel waarskynlik `n invloed gehad het op die wederkomsverwagting en daaruit voortspruitend op die wyse waarop die gemeente hom in die wêreld begin vestig het. Ten slotte moet bygevoeg word dat die Pastorale Briewe wel deeglik bewus is van die feit dat die kerk in die laaste dae lewe (1 Tim 6:14; Barrett 1985:87).

die Gees (Ridderbos 1975:289). In hierdie sin is die doop dan `n uiterlike ritueel wat daarop dui dat die kerk sy oorsprong by God vind. Dus, "... the church is grounded in and lives by the Gospel of God's electing grace" (Barrett 1985:83) en is daarom die sigbare teken van die evangelie se blywende teenwoordigheid in die wêreld (Pelser 1995:669). Hierdie evangeliese grondslag vir die kerk se bestaan beteken egter nie dat dit teenoor Israel gestel word nie (Schweizer 1961:77ev. 80). Sonder enige teken van polemiek word die Joodse wortels van die Christelike geloof as vanselfsprekend aanvaar (2 Tim 1:3evv; 3:14-15a; Tit 2:14) en so word beide op dieselfde heilshistoriese lyn geplaas. As sulks is die kerk dan `n historiese werklikheid, op die voorwaarde egter dat dit nie afwyk van sy heilshistoriese lyn, sy evangeliese oorsprong, en die grondslag van sy bestaan nie (Schweizer 1961:87).

10.3 DIE KERK AS BOLWERK VIR DIE WAARHEID

Gesien vanuit sy oorsprong, bestaan die kerk "in order to serve the Gospel, supporting and defending it by making it known" (Barrett1985:83; vgl 1 Tim 3:15). In die lig van die toenemende stryd wat die kerk teen die gnostiese dwaalleer het, word dit hier as `n statiese grootheid geteken[112] (Schweizer 1961:78) wat as `n goedgeordende en gedissiplineerde huishouding, "`n bolwerk vir die waarheid is" (Pelser 1995:669). Die waarheid is in hierdie verband die oorgelewerde tradisie oor die evangelie van verlossing wat sy oorsprong by die apostel Paulus het (Schweizer 1961:79). Dit is hierdie evangelie, soos wat dit deur die apostels geïnterpreteer is, wat in die Pastorale Briewe die regte of gesonde leer (*didaskalia* - 1 Tim 1:10 en ander) genoem word (Schillebeeckx 1980:24). Hierdie regte leer is `n grootheid waaraan die kerk vir sy voortbestaan moet vashou (Engelbrecht 1995b:685; Schweizer 1961:79, 87). Dit hou op sy beurt in dat die kerk in die Pastorale Briewe die sin van sy bestaan veral daarin vind om die regte leer te bewaar en te beskerm (Schweizer 1961:1979evv). Dit sien ons eerstens daarin dat die klem baie meer daarop val dat die Heilige Gees die funksie het om die regte leer te bewaar (1 Tim 4:1; 2 Tim 1:14; Schweizer 1961:81), as op die feit dat Hy nuwe lewe aan die kerk gee (Tit 3:5). Tweedens gaan dit daaroor dat die evangelie in die Pastorale Briewe nie soseer gesien word as `n dinamiese boodskap wat voortdurend herformuleer en herinterpreteer moet word in nuwe situasies nie, maar eerder as die regte, onveranderbare leer wat in

[112] Engelbrecht (1995b:685) praat in hierdie verband van `n "geïnstitusionaliseerde grootheid wat besig is om hom as sodanig in die wêreld in te rig," teenoor die siening van die kerk as "`n versameling of gemeenskap van gelowiges" by Paulus.

stand gehou moet word (Engelbrecht 1995b:685; Schweizer 1961:79ev), veral ook omdat die historiese oorsprong daarvan al hoe verder in die verlede lê (Schweizer 1961:79ev). Die dwaalleer word hier dan geteken as mites en fabels wat 'n opsigtelike afwyking van die regte leer is omdat laasgenoemde se onveranderlikheid duidelik vas en seker is (Schweizer 1961:79ev). Die klem op die kerk as die bolwerk vir die waarheid word verder duidelik daaruit dat kerklike dissipline wat gerig is teen die dwaalleraars in sy midde, 'n metode was om die kerk suiwer te hou ter wille van die verlossing van sy lidmate en dus die voorbestaan van die kerk (Schweizer 1961:82, 87). Beker (1992:47) maak die opmerking dat die Pastorale Briewe nie soseer die dwaalleer bestry in diè sin dat dit 'n teologiese antwoord daarop gee nie, maar eerder die dwaalleraars self. Die kerk as huishouding van God word van dwaalleer gesuiwer deur die dwaalleraars te ontmasker en hulle buite te hou.

Dit is interessant dat ondanks hierdie sterk klem op die bewaring van die regte leer en die feit dat die kerk juis daarom as 'n statiese grootheid in die wêreld geteken word, daar tog 'n bepaalde openheid in die kerk is om sekere gebruike uit sy leefwêreld oor te neem en deel van sy manier van doen te maak (1 Tim 3:7; Pelser 1995:670; Schweizer 1961:81ev). Een van die belangrikste aanduidings hiervan is die belangrikheid van die die kerk se goeie naam by die omliggende samelewing. Pelser (1995:670) sien in hierdie openheid teenoor die wêreld 'n gevaar, aangesien dit 'n soort burgerlikheid is wat die samelewing buite die kerk tot maatstaf vir die optrede van gelowiges maak (vgl ook MacDonald 1988:159evv se bespreking). Die feit dat die Pastorale Briewe egter nie negatief is hierteenoor nie, terwyl dit wel die regte leer ten alle koste wil bewaar, beteken dat nie alles wat die wêreld buite die kerk doen noodwendig vir die kerk verbode is nie (vgl Barrett 1985:84). Beker (1992:44) sê in hierdie verband tereg: "The church cannot any longer maintain its sectarian character and remain a contra-society in the Pauline sense, i.e., a community that is basically opposed to the world". Hierdie openheid moet dan ook verstaan word teen die feit dat kerk hom toenemend in die wêreld moes vestig omdat hy sy bestaan hier as meer permanent begin sien het omdat die wederkoms nie realiseer nie (Beker 1992:44evv). Tog is daar ook in die Pastorale Briewe steeds 'n blywende bewussyn van die kerk se andersheid, soos dit byvoorbeeld duidelik word uit die feit dat dit beskou word as God se uitverkorenes (MacDonald 1988:166).

Die openheid van die kerk blyk in 'n ander sin ook daaruit dat vasgehou word aan die

gedagte dat God begeer dat alle mense gered moet word, en dat verlossing dus nie beperk is tot sekere groepe of klasse nie (1 Tim 2:3ev; 4:10; Schweizer 1961:81).

10.4 DIE KERK AS HUISHOUDING – Organisatoriese aspekte

Vanuit sy oorsprong word die kerk in die Pastorale Briewe geteken as 'n "heilige instelling met sy eie orde" (Pelser 1995:669) wat definitiewe trekke van 'n organisasie toon. Dit is 'n gevestigde en historiese werklikheid in die wêreld, met 'n vasgelegde tradisie en 'n vaste stuktuur wat sterk ooreenkomste toon met dié van 'n goedgeorganiseerde huishouding (vgl Schnackenburg 1974:95ev). Hierdie strukturele ooreenkoms met die van 'n huishouding kan verklaar word vanuit die bedreiging van die dwaalleraars van binne en die vervolgings van buite omdat dit juis die struktuur aan die kerk verskaf om diegene wat onwelkom is, buite te hou (MacDonald 1988:207). Destyds was 'n huishouding redelik uitgebrei, veral as dit meer vermoënde mense was (vgl Holmberg 1980:103ev). Behalwe die vrou en die kinders, en as hulle volwasse word en trou, ook hulle gesinne, was die slawe wat die eiendom van die man was, ook in die huishouding ingesien. So 'n huishouding was ook ekonomies bedrywig. Dit het sekere vaardighede en kwaliteite van die hoof gevra om so 'n uitgebreide huishouding te hanteer. Indien die familie redelik vermoënd was, was die man waarskynlik ook in aansien in die samelewing. Basiese waardes het gegeld oor hoe 'n ordentlike en beskaafde mens hom binne so 'n samelewing gedra. In hierdie huishouding van God, of dan die betrokke gemeentelike strukture, speel Paulus as skrywer van die briewe, Timoteus en Titus as veronderstelde ontvangers en die *episkopos, presbuteros* en *diakonos* as besondere bedieninge verskillende rolle en word hulle dus afsonderlik bespreek. Ten slotte kom die kwessie van ordening ook na vore.

10.4.1 Paulus die apostel

Paulus figureer as die skrywer van hierdie drie briewe wat hy aan twee medewerkers rig wat albei leidinggewende rolle in die onderskeie gemeentes waar hulle werksaam is, vervul (1 Tim 1:1ev; 2 Tim 1:1ev; Tit 1:1, 4). Die briewe is aan hulle geskryf met die oog op hulle bediening in daardie gemeentes, en is dus bedoel as raad, aanmoedinging en vermaning (Brown 1984: 32; Groenewald 1977b: 3).

Paulus word in die Pastorale Briewe geteken as die gesagdraende apostel wat deur God as die draer van die evangelie aangestel is (1 Tim 1:12; 2:7; 2 Tim 1:11; Tit 1:3;

Schillebeeckx 1980: 23; Schweizer 1961: 83). Dit word dadelik duidelik deurdat hy nie met die dwaalleraars oor die meriete en teologiese inhoud van hulle leringe argumenteer nie, maar hulle sonder meer en met gesag afwys (Beker 1992:38). Volgens Paulus is hulle dwaling duidelik in die lig van die regte leer wat hy aan die gemeentes, en aan Timoteus en Titus toevertrou het (Schweizer 1961:79ev). Hulle twee moet net optree. In die tweede plek blyk sy gesag daaruit dat hy hier as `n kerklike organiseerder funksioneer (Schnackenburg 1974:95) wat deur middel van hierdie drie briewe kontrole oor die gemeentelike lewe uitoefen (MacDonald 1988:220). "... Paul the missionary ... becomes primarily Paul the pastor preserving those that he has converted..." (Brown 1984:32). Sy gesag blyk derdens dat hy voorgestel word as `n gesaghebbende leermeester (MacDonald 1988:206) in wie se tradisielyn die gemeente moet staan (Schillebeeckx 1980:23). Dit is belangrik om raak te sien dat Paulus hier beskou word as die een wat die evangelie van Jesus Christus finaal geïnterpreteer en as sulks verkondig het – dit is as`t ware sy evangelie (Schweizer 1961:83). Hierdie leer word wel aan Timoteus en Titus, en deur hulle aan ander amspdraers, toevertrou (MacDonald 1988:206ev), nie om dit te herformuleer of te herinterpreteer nie, maar om dit in stand te hou (Schweizer 1961:80, 83). In die vierde plek is Timoteus en Titus hier Paulus se medewerkers, maar in `n meer hiërargiese sin. Hulle word beskryf as sy eie kinders in die geloof (1 Tim 1:2; Tit 1:4) omdat hulle eie geloof juis gebou is op die apostoliese erfenis (Schillebeeckx 1980:24). Die feit dat Paulus self vir Timoteus die hande opgelê het (2 Tim 1:6) en die vaderlike wyse waarop hy met hom en Titus in die briewe praat, hulle van raad bedien en die soort opdragte wat hy aan hulle gee (1 Tim 1:3; 2 Tim 1:2; 2 Tim 4:21; Tit 1:5; 3:12ev; Barrett 1994:160; Schnackenburg 1974:94ev), teken hom net nog verder as die gesaghebbende. Dit wat hulle in die gemeentes doen en sê, is gesaghebbend op grond van Paulus se gesag as apostel.

Hierdie gesag van Paulus word gekwalifiseer deurdat hyself `n dienaar in diens van die evangelie is. Al word dit as`t ware as sý evangelie beskou, is hy slegs `n apostel van Christus aan wie die boodskap toevertrou is omdat God hom daartoe bevry en aangestel het (1 Tim 1:12; 2:7; 2 Tim 1:11; Tit 1:3; Schweizer 1961:83). Hy dien dan ook as `n voorbeeld van iemand wat van dwaling bevry is binne `n situasie waar daar teen dwaalleer gestry word (MacDonald 1988:205).

Uit dit alles word dit duidelik dat die gesag van die Pastorale Briewe baie sterk op die figuur van Paulus, wat as `n apostel van Christus die evangelie verkondig, berus (Beker 1992:37).

10.4.2 Timoteus en Titus se rol

Timoteus en Titus is twee medewerkers van Paulus wat deur hom na Efese en Kreta gestuur is om leiding in die gemeentes aldaar te neem en hulle tot groter selfstandigheid te help. Die hulp het eerstens gegaan oor die bevestiging en vaslegging van die regte leer soos wat dit van Paulus ontvang is (vgl 1 Tim 1:11 met 1:18evv; 1 Tim 3:14evv en ander). Schweizer (1961:83) praat in hierdie verband van hulle twee as "orthodox bearers of the Word". Hierdie regte leer moes oorgedra word aan betroubare mense wat op hulle beurt weer ander kon leer (Schweizer 1961:84). Hieruit spruit dit voort dat hulle hulp tweedens daaruit bestaan het dat hulle strukture moes daarstel wat die gemeentes meer weerbaar kon maak teen die dreigende dwaalleer (Brown 1984:32; vgl Schweizer 1961:83). Titus moes byvoorbeeld *presbuteroi* in die gemeentes aanstel waar daar nog nie was nie (Tit 1:5). Streng vereistes word gestel vir diegene wat hulle in die besondere bedieninge moes aanstel (1 Tim 3:2-12; Tit 1:6-9).

Dit is egter nie duidelik watter soort bediening Timoteus en Titus in hierdie gemeentes vervul het nie (Ridderbos 1967:123ev; Schweizer 1961: 84ev). Timoteus word wel in 1 Tim 4:6 `n *diakonos* genoem sou hy hom goed gedra en in 1 Tim 1:12 en 2 Tim 3:8-13 word gesê dat hy en Paulus albei `n *diakonia* het. Hier funksioneer dit waarskynlik nie as `n tegniese term vir `n besondere bediening nie, maar eerder as `n algemene aanduiding van die aard van hulle posisie – dienaars en bediening (Barrett1985: 85). Hoewel Timoteus aangespoor word om sy werk as *euaggelistou* te doen (2 Tim 4:5), beteken dit egter nie dat hy in die bediening van evangelis gestaan het nie, maar sê dit eerder iets van die soort werk wat hy as verkondiger van die Woord gedoen het (Groenewald 1977:143). Die feit dat die raad van *presbuteroi* vir Timoteus die hande opgelê het (1 Tim 4:14), skep die indruk dat hy dalk `n *presbuteros* kon wees. Hierdie indruk word egter bevraagteken omdat die term *presbuteros* meestal vir die "oudstes" gebruik word, en dat hy nêrens eksplisiet so genoem word nie (Barrett 1985:85ev).

Wat wel duidelik is, is dat hulle as gevolmagtigde bedienaars gesag het om leiding in die gemeentes te neem en hulle opdragte uit te voer (Schillebeeckx 1980:24). Beide is deur

Paulus gestuur en tree dus met sy gesag op (vgl 2 Tim 2:2, 3:10, 4:1 en Tit 1:5). Beide het minstens by implikasie die opdrag om ouderlinge aan te stel (Ridderbos 1975:477). Timoteus is deur Paulus self die hande opgelê, maar ook deur die raad van *presbuteroi* wat aan hom ook `n kerklike gesag gee (Noordegraaf 1990:55; Ridderbos 1975:477). Sy gesag word ook beklemtoon deur die verwysing dat sy ordening plaasgevind het op grond van `n profesie (1 Tim 1:18), wat op sy beurt ook aan hom `n Godgegewe gesag gee (Groenewald 1977:28; vgl 1 Tim 6:12). Laastens is die briewe self getuienis van hulle gesaghebbende posisie omdat dit ook aan die gemeentes voorgelees moes word (Groenewald 1977:88, 91, 153, 157). Hierdie gesagsposisie van Timoteus en Titus in die onderskeie gemeentes beteken egter nie dat hulle outokraties kon optree (Noordegraaf 1990:55) of dat die monargiale episkopaat sy oorsprong hier vind nie (MacDonald 1988: 207). Timoteus moes spesifieke bedienaars in oorleg en met samewerking van die ouderlinge aanstel (Noordegraaf 1990:55). Daarby was hulle bloot tydelik gestuur om leiding te neem in `n krisisituasie en die gemeentes dus tot groter selfstandigheid te lei (Noordegraaf 1990:55; Ridderbos 1975:476). Samevattend kan gesê word dat die rol wat Timoteus en Titus gespeel het, tydelike leidinggewende hulp vir gemeentes in `n krisis was.

10.4.3 Gemeentelike bedienaars

Die organisasie wat in die Pastorale Briewe geteken word, is baie duidelik `n bedieningstruktuur (Engelbrecht 1995b:685; Ridderbos 1975:458ev). Daar was in die gemeentes vasgestelde en permanente posisies met bepaalde titels en veronderstelde funksies waartoe gelowiges wat aan sekere vereistes voldoen, aangestel en georden word. Dit is insiggewend dat baie van hierdie vereistes tipies die is van iemand wat in staat is om goeie verhoudings in `n uitgebreide huishouding te handhaaf en dat die fokus eerder daarop lê as op die bedieningsverpligtinge (MacDonald 1988:209). Die besondere bedieninge wat hier funksioneer en dus die organisasie van die gemeente vorm, is die van *presbuteros-episkopos* en *diakonos*. Een van die mees insiggewende kenmerke van die Pastorale Briewe is die vereiste dat slegs diegene wat volgens menslike standaarde bekwaam is vir die bediening en ook `n goeie reputasie binne en buite die gemeente het, in die betrokke bedieninge mag dien. Hierdie bedieningstruktuur en -vereistes dui daarop dat daar `n onderskeid in hierdie gemeentes tussen die besondere bedieninge en die lidmate is (MacDonald 1988:209).

10.4.3.1 *Presbuteros-episkopos*

Alhoewel die versoeking groot is om meer te maak van die feit dat *episkopos* slegs in die enkelvoud voorkom in teenstelling met *presbuteros* wat in beide die enkelvoud en meervoud voorkom, is die gegewens in die Pastorale Briewe werklik te skraps om enige ander afleiding te maak as dat dit wisselterme vir dieselfde bediening is[113] (Ridderbos 1975:457; vgl Barrett 1985:86). Die feit dat die twee in Tit 1:5ev doodeenvoudig binne presies dieselfde konteks afgewissel word, onderstreep hierdie gegewe (Barrett 1985:86). Dit hou verder in dat daar slegs een verwysing na *episkopos* oorbly waaruit gevolgtrekkings dan gemaak moet word. Dit is moontlik dat daar wel so 'n afsonderlike bediening of titel vir 'n spesifieke persoon bestaan het wat leiding neem binne die gemeente of selfs binne die raad van *presbuteroi*, soos wat die bedieningsvereistes in 1 Tim 3:2-7 suggereer, maar by gebrek aan enige ander getuienis wat dit kan bevestig, moet volstaan word dat dit hoogstens hier 'n aanduiding gee van een van die funksies van 'n persoon wat in daardie bediening staan (Brown 1984:33). *Presbuteros* dui waarskynlik in die algemeen op die oudstes in die gemeente in voetspoor van dieselfde groep in die Judaïsme[114] (Schweizer 1961:85). Dit is egter ook uit die gegewens duidelik dat daar onder die *presbuteroi* 'n onderskeid is in die sin dat nie almal dieselfde funksies vervul nie (Ridderbos 1975:458). Sommige *presbuteroi* gee goeie leiding en onder hulle is daar dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee. Hierdie groep *presbuteroi* behoort dubbele erkenning te kry, wat waarskynlik in die lig van die onmiddellike konteks beskou kan word as finansiële vergoeding (Schillebeeckx 1980:25). Dit kan wees dat die *episkopos* ook so 'n afsonderlike kategorie *presbuteros* is (vgl Brown 1984:33), maar soos reeds gesê word gestuit op die gebrek aan enige ander getuienis in die verband. Die mees waarskynlike verklaring vir die verskillende terme, asook die onderskeid in funksies binne dieselfde bediening, is die feit dat die denke oor en die praktyk van die besondere bedieninge in die tyd van die ontstaan van die Pastorale Briewe (vgl Schweizer 1961:85) nog aan die ontwikkel was. Alhoewel dinge reeds in sekere rigtings ontwikkel het, was niks nog werklik vasgelê nie, veral wat betref die *presbuteros-episkopos* (Barrett 1985:85ev).

---

[113] Sommige sien hier 'n aanduiding van die monargiale episkopaat, waar *episkopos* dan 'n tegniese term is vir 'n biskop wat reeds in daardie gemeentes funksioneer as leier (vgl Ridderbos 1975:476 en Schweizer 1961:85).

[114] "The oft-made claim that the *presbyteros* is a role borrowed from Judaism while *episkopos* is a role borrowed from Gentile (pagan) secular and religious administration is oversimplified and ignores the evidence of the Dead Sea Scrolls," wat duidelik wys dat die Judaïstiese Esseense gemeenskap ook toesighouers, naas die oudstes, as funksionarisse gehad het (Brown 1984:33).

Wat die funksies of take van die *presbuteros-episkopos* betref,[115] is dit in die eerste plek duidelik dat hulle leiding moes gee, soos wat die hoof of die vader van 'n uitgebreide huisgesin verantwoordelikheid aanvaar en leiding neem ten opsigte van die administrasie, die finansies en dissipline (Brown 1984:34). Benewens die eksplisiete verwysings daarna (1 Tim 5:17; Tit 1:5), word dit ook duidelik gesuggereer deur die feit dat die bedieningsvereistes wat aan hulle gestel word, dié is van die hoof van 'n huishouding, asook die betekenis van die woord *episkopos*, wat dui in die rigting van 'n toesighouer. Tweedens moes hulle onderrig gee in die regte leer wat deur Timoteus en Titus aan hulle toevertrou is (Brown 1984:34). Dit was, in die lig van die dreigende dwaalleer, 'n belangrike funksie. Die idee was dat diegene wat deur hulle onderrig is, ook weer ander sal onderrig (Barrett 1985:88). Derdens moes hulle hierdie leer wat aan hulle toevertrou is, beskerm (Ridderbos 1975:458) en moes hulle dissipline toepas binne die gemeente om so die gemeente te suiwer van dwaalleraars. Timoteus en Titus se taak was om in gehoorsaamheid aan, en met behulp van, hierdie briewe aan hulle die *presbuteroi-episkopoi* toe te rus en aan te spoor om hulle bedieningstake en verantwoordelikhede selfstandig uit te voer. Hierdie bedieningstake, saam met die bedieningsvereistes, maak immers van die *presbuteros-episkopos*bediening 'n baie belangrike deel van die organisasie wat verseker dat die gemeente werklik 'n bolwerk vir die waarheid is (Schillebeeckx 1980:26; vgl Brown 1984:34).

Dat die *presbuteroi* nie net op hulle eie gefunksioneer het nie, blyk uit die verwysing na die raad van *presbuteroi* (1 Tim 4:14). Al wat uit hierdie gegewens afgelei kan word, is dat hierdie raad minstens die funksie en gesag gehad het om 'n bedienaar te orden (Groenewald 1977:61; Ridderbos 1967:123).

10.4.3.2 Diakonos

Die *diakonos* was 'n belangrike bediening in terme van die goeie funksionering van die gemeente as huishouding van God (Barrett 1985:85; Ridderbos 1975:460). Die spesiale vermelding na hulle in dieselfde verband as die *presbuteros-episkopos*, asook die vereistes wat aan hulle gestel is, wys duidelik hierop (MacDonald 1988:213). Dit is

[115] "The fundamental functions of the ministry are to preach the gospel of the grace of God, and to maintain discipline" (Barrett 1985:85). Soos hierbo duidelik word, is daar egter ook goeie redes om leiding en opsig hierby te voeg.

waarskynlik dat daar benewens die mans, ook vroulike *diakonoi* in die gemeente was (Schweizer 1961:86). Dit is egter nie seker of dit dieselfde groep is as die dienende weduwees nie. Dit is opvallend dat daar niks uitdruklik oor die bedieningswerk van die *diakonos* gesê word nie (Barrett 1985:85). Al waaruit moontlik iets afgelei kan word, is die vereistes wat aan hulle gestel is (MacDonald 1988:213) en dat die titel, *diakonos*, dieselfde suggereer as die vereistes wat aan die dienende weduwees gestel word, naamlik praktiese dienswerk binne die gemeentes. Dit is dus moontlik dat hulle bedieningswerk iets te doen gehad het met praktiese dienswerk sodat die gemeente as huishouding van God goed kan funksioneer, maar met sekerheid kan niks gesê word nie. 'n Laaste opmerking oor die *diakonos*bediening gaan oor die gedagte dat 'n *diakonos* wat goed gedien het, 'n eervolle plek in die gemeente verwerf (1 Tim 3:13). Volgens MacDonald (1988:213) beteken dit nie dat 'n *diakonos* dan bevorder word tot ouderling of biskop nie, maar eerder dat hy 'n goeie naam en hoë waardering by die gemeente verwerf (vgl Schweizer 1961:86). Hy dwing dus respek af.

So belangrik as wat dit is dat die organisasie van die gemeente stewig en standvastig is in die lig van die bedreigings, is dit opvallend hoe baie vrae oor die detail van die bedieningsvorme in die lug bly hang (vgl MacDonald 1988:219). Dit wil voorkom asof die Pastorale Briewe dus nie soseer geïntereseerd is in 'n bepaalde vorm van bediening nie, as dat die regte kandidaat gekies word vir die besondere bediening (Barrett 1994:160; MacDonald 1988:219; Schweizer 1961:84, 87ev).

10.4.4 Vereistes

Daar is reeds op verskillende plekke en maniere verwys na die vereistes wat aan bedienaars gestel word. Ter wille van volledigheid en omdat die Pastorale Briewe baie meer geïnteresseerd is in die vereistes as in die funksies van die besondere bedieninge, word dit nou afsonderlik aan die orde gestel.

Hierdie vereistes gaan veral oor eienskappe wat nodig is om 'n uitgebreide huishouding goed te organiseer en bestuur, asook sake wat ook in die breë samelewing as ordentlik en respektabel beskou word (1 Tim 3:2-12; Tit 1:6-9; Brown 1984:34; MacDonald 1988:170, 220). Dit is dus nie net geestelike kwaliteite nie. Die verband wat in die Pastorale Briewe gelê word tussen die bedienaar in die gemeente en die hoof van uitgebreide huishouding is net te groot om toevallig te wees (vgl Brown 1984:34). In die

lig van dit wat die gemeente van buite en van binne bedreig, en van die erns van die bedreiging, is dit wesenlik belangrik dat die gemeente goed sal funksioneer, dissipline gehandhaaf sal word en dat verhoudings reg sal werk. Diegene wat die gemeente lei en toerus moet dit met gesag kan doen, maar moet ook na buite respek afdwing.[116] En wie is beter toegerus daarvoor as iemand wat `n groot en uitgebreide huishouding goed kan organiseer en wat `n goeie naam in die gemeenskap het (vgl MacDonald 1988:208)? `n Gerespekteerde en waardige gemeenskapsleier is die ideale persoon om ook in die gemeente dieselfde soort rol te vervul. Uiteraard is die gesag van diegene in die besondere bedieninge meteens ook hiermee versterk (MacDonald 1988:234; Schnackenburg 1974:99).

Hierdie vereistes is ook om `n ander rede insiggewend. Uit die vereistes wat gestel word, is dit baie duidelik menslike standaarde en dus ook menslike keuse wat bepaal wie in die betrokke bedieninge gaan staan (MacDonald 1988:210). Weliswaar moet die persoon `n gelowige wees en oor bepaalde geestelike kwaliteite beskik, maar nie al die vereistes is geestelik nie en al die vereistes saam vorm uiteindelik `n objektiewe maatstaf waaraan bedieningsgeskiktheid deur mense gemeet kan word. Die opmerking "as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy `n voortreflike werk" (1 Tim 3:1), onderstreep hierdie menslike dimensie wat deel is van die bedieningsbeskouing in die Pastorale Briewe. Die feit dat sommige van hierdie vereistes direk te doen het met die dreigende dwaalleer dui daarop dat hierdie menslike dimensie ook iets reflekteer van bepaalde omstandighede en werklikhede binne die gemeente (Brown 1984:35ev). Mense soek dus ander mense uit op grond van `n bepaalde bedieningsgeskiktheid, onder andere na gelang van die eise van omstandighede en orden hulle as bedienaars.

10.4.5 Ordening

Die menslike dimensie wat deel is van die bedieningsbeskouing van die Pastorale Briewe word ook gereflekteer in die ordeningshandeling waarvan hier sprake is (1 Tim 4:14; 1 Tim 5:22; 2 Tim 1:6). Die oorsprong hiervan lê waarskynlik in die gebruik in die sinagoges om iemand tot `n besondere bediening te orden met die oplegging van hande

[116]MacDonald (1988:167) is waarskynlik reg wanneer sy sê dat die goeie reputasie na buite ook iets te doen kan hê met die feit dat `n valse gerug wat oor `n amspdraer versprei word, groot skade kan aanrig. Valse gerugte is dan minder waarskynlik by iemand met `n goeie reputasie en sal ook moeiliker geglo word. Verder hou die belangrikheid van `n goeie reputasie ook verband met die openheid na buite as deel van die sendingroeping van die kerk (MacDonald 1988:170, 211).

(Groenewald 1977:61). Dit word teruggevoer na Josua wat met handoplegging as opvolger van Moses aangestel is (Num 27:18-23). Op die twee plekke waar duidelik gesê word dat Timoteus die hande opgelê is, gaan dit oor sy ordening tot 'n spesifieke taak (Schweizer 1987:48), alhoewel dit nie duidelik is watter besondere bediening daaraan verbind word nie. Timoteus se handoplegging hou ook verband met 'n bepaalde charisma wat hy ontvang het. Op die oog af lyk dit asof hy die charisma met die handoplegging ontvang het, maar uit die verband wat gelê word tussen die charisma en die profesie oor Timoteus (1 Tim 4:14; vgl 1 Tim 1:18), wil dit lyk asof die handoplegging bloot 'n bevestiging was dat hy dit ontvang het (vgl Venter 1975:7ev). Groenewald (1977:96) sê dat die handoplegging 'n simboliese handeling was "om aan te dui dat God wat sy dienskneg geroep het, hom ook met besondere gawes toerus" (vgl Schweizer 1987:48). Volgens hom beteken dit egter nie dat dit die kerk is wat hierdie genadegawe van God aan Timoteus oorgedra het nie. Dit is nie die kerk wat God se gawes tot sy beskikking het om dit uit te deel soos hy goeddink nie. Dit word ook duidelik uit die feit dat die handoplegging direk verbind word met bepaalde profesieë oor Timoteus (Schweizer 1987:48; Venter 1975:7ev). Dit is egter belangrik om steeds raak te sien dat die handoplegging deur Paulus self en deur die raad van ouderlinge gedoen is. Dit is dus die kerk, of dan eerder diegene in 'n besondere bediening, wat ander bedienaars aanstel vir hulle diens (vgl Schweizer 1987:49). Die feit dat die *charisma* wat hy van God ontvang en die profesieë oor hom onlosmaaklik verbind word met die handoplegging, gee verder aan hierdie amptelike kerklike handeling 'n Goddelike sanksie (Noordegraaf 1990:55). Dit word onderstreep deur die feit dat Timoteus gewaarsku word om nie iemand te gou die hande op te lê nie, wat waarskynlik gaan oor die vraag of iemand werklik oor die regte vereistes beskik met die Goddelike sanksie wat daarmee gepaardgaan (Groenewald 1977:72ev). Op die meeste kan dus gesê word dat daar 'n direkte verband is tussen bedieningsgeskiktheid in terme van bepaalde objektiewe maatstawwe, geestelike of charismatiese toerusting deur God vir die uitoefening van 'n bepaalde bediening en die amptelike kerklike handeling van ordening tot die bediening (vgl Noordegraaf 1990:55). "Charismatic and institutional appointment are now combined" (Barrett 1985:86; vgl Ridderbos 1975:445ev), met die menslike dimensie wat baie sterk beklemtoon word (vgl Pelser 1995:669).

Toe Timoteus die hande opgelê is, het hy deur die handeling 'n spesifieke gawe ontvang wat duidelik direk verband hou met sy opdrag of taak (Pelser 1995:669; Schillebeeckx

1980:25; Schweizer 1987:48). Een van die belangrikste opdragte aan hom is om die regte leer wat hy van Paulus ontvang het onveranderd oor te dra. Dit is wel belangrik om in hierdie verband duidelik te sê dat dit in Paulus en die raad van ouderlinge se handoplegging van Timoteus nie gegaan het oor `n opvolger vir Paulus se bediening as apostel of `n soort bediening as bewaarder van die tradisie wat oorgedra word van persoon tot persoon nie (Schweizer 1961:84ev), maar oor geskikte mense wat tot bepaalde bedieninge geordeen word onder andere ter wille van die bewaring en die oordrag van die regte leer (Schillebeeckx 1980:24; Schweizer 1961:79ev).

10.5 SAMEVATTING

10.5.1 Die kerk staan op dieselfde heilshistoriese lyn as Israel en vind dus sy oorsprong by die Drie-enige God. Dit is gegrond in en lewe in hierdie wêreld deur die evangelie van God se uitverkiesende genade.

10.5.2 Die kerk is as `n historiese werklikheid die sigbare teken van die evangelie se blywende teenwoordigheid in die wêreld en vind die sin van sy bestaan daarin om hierdie evangelie, as die onveranderbare regte leer, te dien en te beskerm deur dit in die wêreld te verkondig.

10.5.3 Die kerk is `n statiese grootheid wat as die goedgeordende en gedissiplineerde huishouding van God `n bolwerk vir die waarheid is.

10.5.4 Die wyse waarop die kerk as ordelike en goed-geordende huishouding van God gesuiwer word van dwaalleer, is deur die dwaalleraars te ontmasker en hulle buite te hou.

10.5.5 Nie alles wat die wêreld buite die kerk doen, is vir die kerk verbode nie. Daarom is daar `n gekwalifiseerde openheid by die kerk om toepaslike gebruike uit sy leefwêreld oor te neem en deel te maak van sy manier van doen as deel van sy permanente vestiging in die wêreld in die lig daarvan dat die wederkoms uitbly.

10.5.6 In die lig van dit wat die kerk bedreig, het `n meer geordende pastorale benadering belangriker geword as `n missionêre gerigtheid. Tog het die kerk nie die uitsig verloor dat die verlossing bedoel is vir mense uit alle samelewingsverbande nie en dat God inderdaad wil hê dat alle mense gered word.

10.5.7 Paulus figureer as die gesaghebbende apostel wat deur God aangestel is en in diens van Christus staan as die draer en dienaar van die evangelie. Die gesag van die Pastorale Briewe rus baie sterk op sy gesag.

10.5.8 Paulus funksioneer as gemeentelike organiseerder wat as opdraggewer aan Timoteus en Titus deur hulle kontrole uitoefen oor die gemeentelike lewe om die gemeentes te beskerm teen die dwaalleraars.

10.5.9 Timoteus en Titus was medewerkers van Paulus wat deur hom na die gemeentes gestuur is om met sy volmag tydelik leiding te neem, die gemeentes tot selfstandigheid te lei deur bedienaars aan te stel en hulle toe te rus, die evangelie as die regte leer te verkondig en die dwaalleraars te bestry.

10.5.10 In die gemeentes was daar bepaalde bedieninge met vasgelegde titels, naamlik *presbuteros-episkopos* en *diakonos* waartoe gelowiges wat aan objektiewe vereistes voldoen, aangestel en geordeen is. Hierdie besondere bedieninge het die struktuur van die gemeente gevorm.

10.5.11 Die vereistes waaraan die bedienaars van die gemeentes moes voldoen, sluit in geestelike kwaliteite, die vermoë om 'n huishouding goed te organiseer en 'n goeie reputasie binne die breë samelewing.

10.5.12 Die *presbuteros-episkopos* moes as hoof van die huishouding leiding neem, onderrig gee, die regte leer beskerm en dissipline toepas. Die *presbutroi* het, minstens in sommige gevalle, saam as 'n raad bepaalde funksies vervul.

10.5.13 Die *diakonos* se bedieningsfunksies het waarskynlik iets te doen met praktiese dienswerk in die gemeente.

10.5.14 Die Pastorale Briewe is nie soseer geïnteresseerd in 'n bepaalde vorm of struktuur van bediening nie, maar eerder dat die regte persone gekies word vir 'n besondere bediening.

10.5.15 Menslike standaarde en keuses, asook besondere gemeentelike omstandighede, speel `n baie belangrike rol in die bepaling wie in die betrokke bedieninge moet staan en aan watter vereistes hulle moet voldoen.

10.5.16 Die ordening van bedienaars deur handoplegging dui op `n direkte verband tussen objektiewe bedieningsgeskiktheid, charismatiese toerusting deur God en die amptelike kerklike handeling van ordening tot die bediening.

11. DIE KERK IN DIE BRIEF AAN DIE HEBREËRS

11.1 INLEIDING

Een van die mees opvallende kenmerke van die Brief aan die Hebreërs is die wyse waarop die Ou Testament hier as Messiaanse tipologie gebruik word (Bruce 1990:27ev). Karakters en gebeurtenisse uit die Ou Testament word gebruik "as types of Christ and the gospel, temporary foreshadowings of the fulfilment which has now taken place once for all" (Bruce 1990:28) en by feitlik elke argument betrek. Dit geld ook ten opsigte van die ekklesiologie van hierdie brief (Giles 1995:152; vgl Schnackenburg 1974:89). Een van die redes vir hierdie werkswyse is die grondliggende gedagte dat dit wat God in Christus gedoen het en nog gaan doen, sentraal staan in sy heilsgeskiedenis met hierdie wêreld (vgl Bruce 1990:28ev en Noordegraaf 1990:56). Israel en die verhaal wat die Ou Testament oor hulle in hulle verhouding met God vertel, is dus onlosmaaklik deel van die geskiedenis van die kerk op sy pad na die voleinding.

Die kerk word in die Brief aan die Hebreërs geteken as God se eskatologiese verbondsvolk wat met Hom versoen is op grond van Jesus Christus se eenmalige offer, en wat as `n historiese werklikheid in die wêreld met hoop op weg is vanaf die kruis en die opstanding na die wederkoms van Jesus Christus. Op weg moet gelowiges mekaar bedien sodat hulle kan volhard om nie deur ongeloof en ongehoorsaamheid hulle hemelse tuiste mis te loop nie.

"Behind it (die kerk van die Hebreërbrief - AC) lies a struggle for faith, and, like the Christian struggle of faith in every age, it has been waged in suffering" (Käsemann 1984:25).

11.2 DIE ESKATOLOGIESE VOLK VAN GOD

Die sentrale figuur in Hebreërs is Jesus Christus, die groot Hoëpriester, wat met sy eenmalige offer aan die kruis mense met God versoen het (Bruce 1990:29evv). Op grond van hierdie offer tree Hy, as verhoogde Here, steeds vir die gelowiges by sy Vader in (Bruce 1990:33ev). Hy is met dit wat Hy gedoen het en steeds doen, die oorsprong, die voortgang en die toekoms van sy kerk.

11.2.1 Die volk van die nuwe verbond

Die basis van dit alles lê by Israel, God se verbondsvolk van die Ou Testament. Israel het gefaal in hulle verhouding met God, en so die verbond met Hom voortdurend verbreek (Giles 1995:154). Daarom het Hy `n einde aan die ou verbond gemaak en `n nuwe in sy plek ingestel (Heb 8:8-12; 10:16-17). In die bedeling van die ou verbond was die priesterdiens in die tempel wesenlik vir Israel se verhouding met God. Die priesters het gereeld vir die lede van God se volk ingetree deur offers aan Hom te bring, maar dit moes gedurig herhaal word (Bruce 1990:31). Die nuwe verbond het egter met die kruisdood van Jesus Christus as volmaakte offer `n werklikheid geword (Bruce 1990:31; Giles 1995:155). Diegene wat in Hom glo, is met God versoen, eens en vir altyd, en is dus nou deel van God se nuwe verbondsvolk (Schnackenburg 1974:90). Dit is die kerk, die nuwe Israel. Die ou Israel en al sy instellings, onder andere die priesterbediening, is agtergelaat omdat dit alles in Christus vervul is (Giles 1995:155; Schweizer 1961:114ev).

11.2.2 Aanbiddingsgemeenskap en eskatologiese volk

Die kerk word ook in Hebreërs as `n aanbiddingsgemeenskap en die eskatologiese volk van God uitgebeeld. Volgens Heb 12:18-24 het die gelowiges nie soos Israel na die aardse Sinaï toe gekom nie, maar na Sion en die hemelse Jerusalem waar daar `n groot feestelike byeenkoms is (Heb 12:18-24). Dit wat vir die gelowiges op aarde nog in die toekoms lê, is dus reeds besig om in die hemel te gebeur. Hulle kan dus nou reeds in geloof aan hulleself dink as een, met almal wat reeds om die troon van God vergader is (Giles 1995:156). Dit hou in dat die kerk nou reeds kan deelneem aan die hemelse feesvieringe in sy eie aanbidding hier op aarde. "It is as Christians join together to pray, praise God, and listen to his word that they 'draw near' to God, and sense that they are part of a heavenly community" (Giles 1995:156; vgl Schnackenburg 1974:91). Dit is insiggewend dat in beide gevalle waar *ekklesia* in Hebreërs gebruik word (Heb 2:12; 12:23), die kerk gedefinieer word as `n aanbiddende gemeenskap (Giles 1995:156) wat in

sy eie aanbidding verbind word met die hemelse gemeenskap. Saam met die duidelike beloftes van verlossing as eskatologiese gawe (Käsemann 1984:31), laat dit die gemeenskap met hoop en verwagting vorentoe kyk na die toekoms, na die hemelse rus (Käsemann 1984:36).

11.2.3 God se volk op weg na die beloofde land

"Hebrews intends to show the Christian community the greatness of the promise given it and the seriousness of the temptation threatening it. For this reason, it sets before its eyes the picture of Israel wandering through the wilderness" (Käsemann 1984:17). Die kerk se posisie in die wêreld in die tyd tussen Jesus se eerste koms en sy tweede koms word dan vergelyk met hierdie trek van Israel deur die woestyn op pad na die beloofde land (Noordegraaf 1990:56; vgl Pelser 1995:655ev). Al het hulle die volle gawe van die Heilige Gees ontvang wat hulle hier rig en lei, word hulle gewaarsku dat hulle in hierdie tyd baie swaarkry kan verwag, met die gepaardgaande gevaar dat hulle afvallig kan word deur ongeloof en ongehoorsaamheid (Noordegraaf 1990:56). Israel se ongehoorsaamheid en die feit dat hulle op grond daarvan nie die beloofde land kon binnegaan nie, word hier as 'n ernstige waarskuwing aan die kerk voorgehou (Giles 1995:154; Noordegraaf 1990:56ev). Daarom word hulle ernstig gemaan om getrou te bly aan die evangelie van Jesus Christus en te bly groei tot geestelike volwassenheid (Pelser 1995:657; Schnackenburg 1974:91ev). Om hierdie rede word hulle ook herinner dat Christus met sy offer eintlik reeds alles vir die kerk gedoen het. Al beleef hulle dit nie nou dat hulle dit alles al het nie, kan hulle lewe met die seker verwagting dat hulle dit alles gaan kry (Noordegraaf 1990:56; vgl Schnackenburg 1974:91). Hulle is op pad na die beloofde land, hulle hemelse tuiste (Pelser 1995:657), waar hulle volmaakte Hoëpriester reeds vir hulle intree by God. Daarom moet hulle op hierdie pad steeds hulle oë op Jesus vestig. Die kerk kyk dus terug na die oorsprong van sy bestaan en kyk vorentoe na dit wat nog sal kom maar nog nie gesien kan word nie (Hebr 11:1evv) - in beide lê die kerk se hoop (Schweizer 1961:113).

11.2.4 Die kerk as gemeenskap van Christus se broers

Hebreërs lê baie sterk klem op die belangrikheid van gemeenskapskarakter van die kerk. Die lede van die kerk is lede van Christus se familie (Heb 2; Giles 1995:153; Pelser 1995:657). Die woord *ekklesia* in Heb 2:12, wat hier vertaal kan word met gemeente, is 'n sinonieme parallelisme vir *adelphoi* (Bruce 1990:82; Giles 1995:153). Direk hierna

identifiseer Christus Hom volledig met die gelowiges deur enersyds te sê dat Hy net soos hulle self ook op God vertrou en andersyds deur hulle sy kinders te noem (Heb 2:13evv). Soos Moses oor die huishouding van Israel aangestel was, is Jesus oor die huishouding van God aangestel (Heb 3:1-6; Giles 1995:154). Käsemann (1984:21) sê in hierdie verband tereg dat die individuele gelowige slegs deel kry aan die verlossing in die verband van die gemeenskap. "Only in union with Christ's companions is there life, faith, and progress on the individuals way of wandering." Hy sê verder dat die moontlikheid dat God sy hele volk weer sal verwerp nie meer in die bedeling van die nuwe verbond bestaan nie, maar dit kan steeds die individu se lot wees. Daarom, sê hy, is om te volhard tot die einde toe en om deel te bly van die gemeenskap, twee kante van dieselfde saak.

11.3 GEMEENTELIKE ORDENING

Die Brief aan die Hebreërs is nie aan iemand spesifiek geskryf nie, geen leidinggewende persone word spesifiek genoem nie en baie min word eksplisiet oor enige vorm van kerklike organisasie of strukture gesê (Guthrie 1981:780). Na spesifieke *charismata* aan spesifieke persone word net een keer verwys, sonder om enigsins daarop uit te brei (Heb 2:4) en dit wil voorkom asof bediening in die algemeen betrekking het op alle gelowiges (Heb 6:10; 10:25; 12:15; Dunn 1977:119; Schweizer 1961:115). Die wyse waarop die brief egter wel oor hierdie sake praat, wys duidelik daarop dat alle bedieninge en organisasie in die kerk van God afhanklik is. Jesus Christus is die eintlike "Ampsdraer", en Hy en die Heilige Gees bedienaars.

11.3.1 Gemeentelike byeenkomste

Die ontvangers van die Brief aan die Hebreërs was waarskynlik een of meer gemeentes in of naby 'n groot sentrum[117] (Giles 1995:157). Hierdie gemeente(s) het gereeld, miskien selfs elke dag (vgl Heb 3:13 en Giles 1995:157), bymekaar gekom om te aanbid, mekaar tot liefde, goeie werke en standvastigheid in die geloof aan te spoor en aan die Christelike hoop vas te hou (Heb 3:12ev; 4:16; 10:19-25; Giles 1995:157ev).

Uit dit wat reeds hierbo gesê is oor die kerk as aanbiddende gemeenskap (vgl §11.2.2), is dit duidelik dat aanbidding vir die kerk belangrik is en daarom waarskynlik ook 'n

[117]Die moontlikheid van Rome word genoem (Giles 1995:157), maar dit is nie seker nie.

belangrike aktiwiteit van die gemeente. Alhoewel dit nie pertinent gesê word nie, gaan Heb 4:16 volgens Giles (1995:157) oor gemeentelike aanbidding. Ter motivering sê hy dat die woord *proserchesthai* in die LXX vir Israel se aanbidding gebruik word, dat die idee om God met vrymoedigheid te nader baie keer op gebed dui, en dat die verwagting om barmhartigheid te ontvang ook hiermee verband hou. In Heb 10:22 kom die oproep om tot God te nader in die konteks van 'n gedeelte waar die gemeente ook opgeroep word om nie weg te bly van die byeenkomste van die gemeente nie (Heb 10:25), voor. Hierbo is ook gesê dat om te volhard tot die einde toe en om deel te bly van die gemeenskap, twee kante van dieselfde saak is (§11.2.4). Dit is immers juis binne die gemeenskap dat individuele gelowiges kan vasstaan in hulle geloof (Käsemann 1984:21), iets waartoe die gelowiges juis in Heb 3:12 opgeroep word om mekaar mee te help.

In die lig van die feit dat beide aanbidding, en veral die vasstaan in die geloof, in Hebreërs baie belangrik is, gaan die vermaning om nie van die byeenkomste van die gemeente af weg te bly nie (Heb 10:25), om meer as die blote bywoon van byeenkomste (vgl Giles 1995:158). Die sin en doel van hulle kerkwees is op die spel, asook die behoud van die individu vir God.

Wat tydens hierdie byeenkomste gebeur het, word nie uitgespel nie. Dit kan egter afgelei word dat die aanbidding waarskynlik bestaan het uit een of ander vorm van lof aan God, gebede en die verkondiging van die Woord (Giles 1995:158; Noordegraaf 1990:57). Wat laasgenoemde betref, het dit waarskynlik ook in een of ander vorm die oorgelewerde tradisie aangaande Jesus ingesluit (Heb 2:3; Schweizer 1961:114).

11.3.2 Besondere bedieninge

11.3.2.1 Die Hoëpriester

"The most striking feature of Hebrews at this point however (in verband met bedieninge - AC) is the way in which *ministry focuses in Christ in a complete and final manner*" (Dunn 1977:119; vgl Schweizer 1961:115). Slegs Hy word hier 'n apostel genoem (Heb 3:1). Hy voltooi en finaliseer die bediening van die profete van die Ou Testament (Heb 1:1ev). Slegs Hy is priester (Heb 2:17; 3:1; 4:14ev; 5:1 en ander). "His priesthood is so complete and exalted, his priestly ministry so perfect and final, that *there is no room left for any priestly intermediary within the Christian community*" (Dunn 1977:120). Hy het dan ook as Hoëpriester Homself eens en vir altyd geoffer en versoening met God

bewerkstellig sodat elke gelowige die vrymoedigheid kan hê om die teenwoordigheid van God op te soek (Heb 4:16; 6:19ev; 10:19-22). In kort kom dit daarop neer dat al die bediening wat deel gevorm het van die bedeling van die ou verbond, in Hom vervul en dus tot niet gemaak is (Dunn 1977:120; Schweizer 1961:115).

11.3.2.2 *Hegoumenoi*

Hegoumenoi word drie keer in Hebreërs gebruik (Heb 13:7, 17, 24) en is 'n Hellenisties-Joodse term wat gesag aandui (Guthrie 1981:780; Schweizer 1961:115). Waarskynlik is dit bloot 'n beskrywende term wat almal insluit wat leiding neem en in 'n besondere bediening in die gemeente staan, en kan dus nie as 'n amp beskou word nie (Dunn 1977:119; Giles 1995:158ev; Schweizer 1961:115).

Hebreërs 13:7 praat van *hegoumenoi* wat, volgens Bruce (1990:374ev), reeds dood is en waarskynlik die gemeente help stig het (vgl Heb 2:3 waar gepraat word van diegene wat die woord wat hulle by Jesus gehoor het aan die skrywer bevestig het). Hy sê dat selfs na hulle dood die erfenis van hierdie *hegoumenoi* in die gemeente bly voortleef en die gemeente opgeroep word om hulle voorbeeld van volharding tot die einde te volg (vgl Schweizer 1961:114). Wat hier belangrik is, sê hy verder, is die verband met Heb 13:8. Die bepaalde *hegoumenoi* is dood en hulle is dus nie meer beskikbaar vir raad en leiding nie. Jesus Christus is egter altyd beskikbaar. Hy is die *hegoumenos* by uitnemendheid.

In Heb 13:17 en 24 is die *hegoumenoi* voorgangers wat lewendig en aktief in die gemeente is en moontlik die opvolgers kan wees van die wat in Heb 13:7 genoem word (Bruce 1990:734, 385). Hulle het 'n groot pastorale verantwoordelikheid teenoor die lidmate van die gemeente (Dunn 1977:119; Giles 1995:158) wat in die lig van die brief se klem op standvastigheid in die geloof ook onderrig in die tradisie insluit (Schweizer 1961:114). Die feit dat hulle met Goddelike sanksie en gesag optree blyk uit die oproep aan die lidmate om hulle in onderdanigheid te gehoorsaam en die rekenskap wat hulle aan God moet gee oor die gelowiges.

In Heb 13:24 word die lesers gevra om die skrywer se groete aan al die *hegoumenoi* oor te dra. Hierdie feit dui daarop dat die brief nie aan hulle gerig is om dit wat hier staan toe

te pas in die gemeente nie, wat waarskynlik inhou dat die verhouding tussen hulle en die gemeente nie een van ingewydes teenoor leke was nie.

11.3.2.3 Onderrig

Onderrig is slegs by implikasie deel van die verantwoordelikheid van die *hegoumenoi* (vgl Schweizer 1961:114) en word nêrens aan enige ander gelowige spesifiek opgedra nie. Trouens, al die gelowiges is veronderstel om onderrig te gee (Heb 5:12; Schweizer 1961:114). Dit beteken egter nie dat dit as 'n minder belangrike bediening beskou word nie. Hebreërs stel dit baie duidelik dat die kerk die gawe van die Heilige Gees ontvang het (Heb 6:4), dat Hy aan die kerk bepaalde *charismata* gegee het (Heb 2:4) en dat die gelowiges daarom, soos reeds gesê, almal in staat behoort te wees om onderrig te gee (Heb 5:12). Ongelukkig is dit nie die geval nie (Heb 5:12 en ander), en daarom is onderrig so belangrik om die gelowiges tot geloofsvolwassenheid te help (Heb 5:11-6:3; vgl Schweizer 1961:114). Die inhoud van hierdie onderrig is die tradisie oor Jesus se onderrig wat via die apostels by die gemeente uitgekom het en wat moontlik reeds 'n bepaalde vasgelegde vorm begin aanneem het (Heb 2:3; 6:1; Schweizer 1961:114). 'n Belangrike saak in verband met onderrig is die feit dat die enigste kwalifikasie om onderrig te kan gee geestelike volwassenheid is (Heb 5:11-6:8; Dunn 1977:119). "It is not instruction or official appointment that makes a man a teacher, but only that inward growth that is inspired by the Holy Spirit" (Schweizer 1961:114).

11.4 SAMEVATTING

11.4.1 Jesus Christus neem as die groot Hoëpriester, die sentrale plek in die kerk in en is dus met dit wat Hy gedoen het en steeds doen, die oorsprong, die voortgang en die toekoms van die kerk.

11.4.2 Die kerk is die nuwe verbondsvolk van God, die nuwe Israel.

11.4.3 Diegene wat in Jesus Christus glo, is deur die offer wat hy gebring het met God versoen en deel van God se nuwe volk.

11.4.4 Die kerk lewe in hierdie wêreld met hoop, wat gebou is op dit wat Christus vir hulle gedoen het en op die belofte van dit wat nog wag met sy wederkoms.

11.4.5 In sy eie aanbidding van God word die kerk verbind met die hemelse kerk. As aanbiddings- en eskatologiese gemeenskap sien die kerk immers uit na dit wat die hemelse kerk reeds het en beleef.

11.4.6 Die kerk leef tussen die eerste en tweede koms van Christus met die wesenlike gevaar van afvalligheid deur ongeloof en ongehoorsaamheid. Daarom word individuele gelowiges gewaarsku om in hierdie tussentyd getrou te bly aan die evangelie van Jesus Christus en te bly groei tot geestelike volwassenheid.

11.4.7 Die kerk as huishouding van God is `n gemeenskap van Jesus se broers waarbuite daar nie redding is nie, aangesien slegs diegene wat in geloof deur die offer van Jesus Christus met God versoen is, deel is van sy nuwe verbondsvolk wat Hy nie sal verwerp nie. Daarom is dit wesenlik belangrik vir individuele gelowiges om ter wille van hulle volgehoue volharding gebonde te bly aan die kerk as familiegemeenskap en die byeenkomste van die gemeente getrou by te woon.

11.4.8 As aanbiddingsgemeenskap het die gemeente gereeld vergader om te aanbid, mekaar tot liefde, goeie werke en standvastigheid in die geloof aan te spoor en aan die Christelike hoop vas te hou.

11.4.9 In die gemeente was daar spesifieke mense wat leiding geneem het en wat onder andere met gesag lidmate onderrig het in die tradisie aangaande Jesus Christus om hulle te help tot geloofsvolwassenheid sodat hulle tot die einde toe kan volhard.

11.4.10 Die enigste werklike vereiste om onderrig te kan gee, is geestelike volwassenheid, en daarom behoort elke lidmaat dit te kan doen, aangesien die Heilige Gees wat God as eintlike gawe aan die hele gemeente gegee het, aan elkeen `n gawe gee.

12. DIE KERK IN DIE BRIEF VAN JAKOBUS

12.1 INLEIDING

Die brief van Jakobus is `n pastorale brief aan `n spesifieke gemeente met onder meer die doel om bepaalde probleme in die gemeentelike lewe aan te spreek (Giles 1995:159ev).

Dit wat hier oor die kerk gesê word, is baie skraps en daarom kom slegs enkele sake na vore.

Die kerk word in die brief van Jakobus geteken as die volk van God, wat as `n georganiseerde gemeenskap saamgestel is uit gelykwaardige gelowiges wat vir mekaar op verskillende gebiede sorg.

Jakobus rig sy brief aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is (Jak 1:1). Hiermee tipeer hy die gemeente aan wie hy skryf as Israel, die verbondsvolk van God (Floor 1992:46).

12.2 ALLE LEDE IS GELYKWAARDIG

In die kerk word almal as gelykwaardig beskou (Giles 1995:160), ook ten opsigte van die sosiale onderskeidinge wat normaalweg in die samelewing aan die orde is (Guthrie 1981:781; vgl Noordegraaf 1990:57). In hierdie brief is dit veral ryk en arm wat in die oog is. Aan armes word die ideaal van rykdom negatief voorgehou (vgl Pelser 1995:658) met die versekering dat hulle rykdom in God lê. Rykes word herinner aan hulle armoede voor God (Jak 1:9evv). Die gemeente word ernstig vermaan om nie mense op grond van hulle opsigtelike ryk of arm uiterlike, verskillend in hulle byeenkomste te behandel nie (Jak 2:1-9). Die rykes en vernames word gewys op die oppervlakkigheid en verganklikheid van dit wat hulle het en begeer (Jak 4:1-6, 13-16; 5:1-6). Verder word hier ook klem gelê op die versorging van en bediening aan die armes en die siekes (Jak 2:14evv; 5:13evv).

12.3 DIE KERK SE VERANTWOORDELIKHEID TEENOOR SY LEDE

Die kerk se verantwoordelikheid teenoor individue is ook redelik prominent in die brief van Jakobus (Guthrie 1981:781ev; Noordegraaf 1990:57). Dit is veral die funksie wat die *presbuteroi* het om vir die siekes te bid en hulle met olie te salf onder gebed, wat hierop dui (Jak 5:14; Guthrie 1981:782). Dit kom egter ook by implikasie in die argument dat `n egte geloof uit dade van barmhartigheid sigbaar word, na vore (Jak 2:14evv). Hierdie feit dat geloof tot dade moet oorgaan, geld volgens Pelser (1995:659) ook as `n vereiste wat die skrywer stel vir lidmaatskap van die gemeente. Dit word bevestig deur die feit dat die gemeente in hierdie brief oor verskeie kante van die praktiese uitlewing van hulle geloof vermaan word.

12.4 'N GEORGANISEERDE GEMEENTE

In Jakobus word die prentjie geteken van 'n georganiseerde gemeente wat gereeld vergader met besondere bedieninge wat in plek is. Die enkele keer wat die woord *ekklesia* wel in die brief gebruik word, is dit in dieselfde verband as die *presbuteros* wat ontbied kan word om vir siekes te bid (Jak 5:14). Dit maak dit duidelik dat hier aan 'n gestruktureerde gemeenskap gedink kan word (Giles 1995:160). Die feit dat die woord *sunagoge* vir die byeenkoms van die gemeente gebruik word (Jak 2:2) en volgens Giles (1995:160) hier 'n gereelde gemeentelike byeenkoms beteken, onderstreep dit.

Dit wil voorkom asof alle gelowiges wel bepaalde verantwoordelikhede in die gemeente het (Giles 1989:84; Noordegraaf 1990:57), soos dit blyk uit die feit dat almal by implikasie verantwoordelik is vir die versorging van ander (vgl Jak 1:14-17), dat almal aangemoedig word om vir mekaar te bid (Jak 5:16), om 'n sondaar wat afgedwaal te probeer terugbring (Jak 5:19ev) en die feit dat niemand eksplisiet verbied word om onderrig te gee nie (vgl Jak 3:1). In hierdie gemeente is daar egter minstens twee besondere bedieninge wat na vore kom.

12.4.1 *Presbuteros*

In Jak 5:14 word gesê dat indien iemand siek is, hy *tous presbuteroi tes ekklesias* moet laat kom om vir hom te bid en hom met olie te salf. Dit is wel moontlik dat hier bloot van die oudstes in die gemeente gepraat word in die algemene sin van geestelike vaders, maar die spesifieke funksie wat die *presbuteroi* hier vervul, wat na alle waarskynlikheid 'n charismatiese gawe van genesing is, laat dit eerder lyk na 'n spesifieke aanwysbare groep mense, of selfs 'n spesifieke aanwysbare groep oudstes met 'n besondere bediening (Floor 1992:180-183; vgl Giles 1995:160). Die lidwoord *tous* waarmee die presbuteroi aangedui word, onderstreep dit (Floor 1992:180).

12.4.2 Onderrig

Die skrywer vervul 'n belangrike gesaghebbende funksie ten opsigte van die onderrig aan die gemeente (Giles 1995:160). Behalwe dat hy homself 'n leermeester noem (Jak 3:1), funksioneer die hele brief eintlik as gesaghebbende pastorale onderrig oor veral die Christelike leefwyse. Die skrywer, en dus die brief, se gesag lê egter nie in homself nie, maar in God. Behalwe sy naam, is al wat hy verder oor homself sê dat hy 'n dienaar van

God en die Here Jesus Christus is (Jak 1:1). Hiermee druk hy sy totale afhanklikheid van Hom uit, ook in die skryf van die brief (Floor 1992:43ev). Hy skryf met Goddelike gesag (Floor 1992:45).

Daar was egter ook ander wat onderrig gegee het, en die feit dat hy waarsku dat nie almal dit moet wil doen nie, sê dat hier waarskynlik `n bepaalde vryheid gegeld het oor wie onderrig mag gee (Giles 1995:160). Volgens Floor (1992:116ev) gaan dit waarskynlik nie hier om mense met `n amptelike gesag nie, maar om gelowiges wat die geestelike rypheid het om ander te onderrig, of wat in hierdie geval dink dat hulle dit het. Die skrywer se waarskuwing in hierdie verband is belangrik vir diegene met `n besondere bediening, omdat dit wys op die groot verantwoordelikheid wat dit inhou (Giles 1995:160). Hierdie waarskuwing geld vir die inhoud van die onderrig en `n voorbeeldige lewenswyse, aangesien dit binne die konteks van die waarskuwing oor die beheersing van die tong en `n wyse gedragspatroon gemaak word (Jak 3:2-18; Floor 1992:117ev, 126ev).

12.5 SAMEVATTING

12.5.1 Die kerk is Israel, die verbondsvolk van God.

12.5.2 Jakobus skryf die brief aan `n plaaslike gemeente wat georganiseerd is en gereeld vergader.

12.5.3 Alle lidmate van die gemeente is gelykwaardig, veral ten opsigte van die sosiale onderskeidings wat in die samelewing geld.

12.5.4 Die gemeente het `n verantwoordelikheid teenoor sy lidmate wat in een of ander nood verkeer.

12.5.5 Geloof wat in dade sigbaar word, is `n vereiste vir lidmaatskap.

12.5.6 Alle lede het verantwoordelikhede in die gemeente, hetsy spesifiek of van algemene aard.

12.5.7 Die ouderlinge het `n spesifieke charismatiese bediening van genesing beoefen.

12.5.8 Onderrig, wat ook `n bediening van die skrywer was, was `n belangrike bediening wat deur almal beoefen kon word, maar met die waarskuwing dat nie almal dit noodwendig moet nastreef nie, aangesien dit ook `n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die regte inhoud en `n voorbeeldige lewenswyse inhou.

13. DIE KERK IN DIE EERSTE BRIEF VAN PETRUS

13.1 INLEIDING

Die eerste brief van Petrus is waarskynlik aan `n groep Christene wat hoofsaaklik uit die heidendom gekom het, gerig (Giles 1995:162; Schnackenburg 1974:87). Hulle het in die noordelike deel van Klein-Asië gebly en hulself vanweë hul geloof in Jesus Christus afgesny gevoel van hul samelewing (Brown 1984:78; Du Toit 1990:152). Hierdie brief is onder meer geskryf om hulle te bemoedig en te versterk deur aan hulle `n waardige identiteit te gee as `n spesiale groep mense met `n onvernietigbare erfenis (Brown 1984:79; Pelser 1995:672).

Die kerk word in die eerste brief van Petrus geteken as God se uitverkore volk wat deur Jesus Christus losgekoop is om as vreemdelinge in hierdie wêreld uit te sien na die erfenis wat vir hulle bewaar word. Dit is `n universele korporatiewe gemeenskap wat onder leiding van die Opperherder mekaar bedien en deur ouderlinge plaaslik versorg word.

"It is the people on the move through a foreign country to the longed-for goal, the 'inheritance which is imperishable ... in heaven' (1.4)" (Schweizer 1961:111; vgl Du Toit 1990:162 en Giles 1995:162evv vir die Eksodusmotief).

13.2 GOD SE UITVERKORE VOLK IN DIE WÊRELD

13.2.1 Die kerk is Israel

Alhoewel hierdie brief hoofsaaklik gerig is aan Christene uit die heidendom, maak die groot aantal verwysings uit die Ou Testament en verskeie van die terme wat vir die kerk gebruik word, dit duidelik dat die kerk hier as Israel geteken word (Brown 1984:77ev; Schweizer 1961:110). Hier word egter niks oor die historiese Israel gesê nie (Giles 1995:164). In 1 Pet 2:9ev word die kerk byvoorbeeld beskryf as: "`n uitverkore volk, `n koninklike priesterdom, `n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God...

. ... nou is julle die volk van God". Jesus Christus, wat geteken word as die hoeksteen waarop die kerk gebou is, se posisie as sulks en die voorbeeld wat Hy gestel het, word met aanhalings uit die Ou Testament bevestig (vgl 1 Pet 2:6evv en 1 Pet 2:22). Sy verlossingswerk, waardeur Hy die gelowiges losgekoop het, word beskryf met die baie bekende beeld van die paaslam wat tydens die verlossing uit Egipte geslag is (1 Pet 1:19; Giles 1995:162). Deur Hom as Messias deel die kerk dus in die beloftes aan Israel (Noordegraaf 1990: 58). Die kerk is dus hier die voortsetting van Israel as die volk van God, in sy verlossingsplan met die wêreld soos dit in die heilsgeskiedenis ontplooi word (Schweizer 1961:110ev; vgl 1 Pet 1:20). Dit is insiggewend dat hierdie bekeerlinge uit die heidendom, in teenstelling met dié wat nie glo nie, soos die Jode 'n uitverkore ras (*genos*) genoem word (1 Pet 2:9). *Genos* impliseer volgens Achtemeier (1996:163ev) 'n gedeelde oorsprong en hou verband met die feit dat Christus as die lewende steen wat deur die Jode verwerp is, maar deur God as hoeksteen uitgekies is, beskryf word (1 Pet 2:4). "Two distinct groups have been identified: unbelievers and 'you who believe'. The latter are firmly identified as Israel" (Giles 1995:164).

13.2.2 Vreemdelinge in die wêreld

In 1 Pet 1:1 word die brief aan die uitverkorenes van God gerig, vreemdelinge in die wêreld. Die eerste term beskryf hulle verhouding met God en die tweede hulle verhouding met die samelewing. "Divine election or choice is the basis of their distinct Christian identity: that they are now exiles or sojourners in the world is the inevitable social consequence of their election" (Giles 1995:162; vgl Achtemeier 1996:80). Die feit dat die uitverkorenes en vreemdelinge in 1 Pet 1:2 ook beskryf word as diegene wat deur die Gees afgesonder of geheilig is om aan God gehoorsaam te wees, versterk die idee dat hulle 'n aparte groep mense is, afgeskei van die breë samelewing - God se heilige volk (Giles 1995:162, 167). Die uitverkorenes is egter nie uit die samelewing uit geroep nie, maar "*uit hulle vroeëre, sondige lewenswandel* wat beheers was deur die begeertes van die sondige natuur" (Du Toit 1990:163), wat beteken dat hulle hulle roeping as kerk moet uitleef binne die samelewing waar hulle woon. Daar moet hulle as heilige priesters hulle offers van gehoorsaamheid aan en aanbidding van God bring (Giles 1995:163, 167; Noordegraaf 1995:59) en 'n eiesoortige leefwyse van broederlike liefde onder mekaar uitleef (Giles 1995:165; Noordegraaf 1990:58). Daar moet 'n duidelik sigbare verskil wees tussen diegene wat in Jesus Christus glo en diegene wat Hom verwerp (Giles 1995:166). "At one and the same time, faith in Christ unites and divides" (Giles

1995:167). As 'n groep mense wat deur hulle heilige leefwyse afgesonder is van die samelewing en daarom duidelik as tydelike besoekers uitgeken kan word, moet die kerk verwag om soos Jesus Christus verstoot en vervolg te word[118] (Giles 1995:167; Pelser 1995:670ev). As vreemdelinge in die wêreld is die kerk dus ook 'n lydende kerk (Pelser 1995:673). In hierdie verband praat Du Toit (1990:163) van die "reeds" en "die nog nie" van die kerk se bestaan in die wêreld (vgl Noordegraaf 1990:59). Aan die een kant besit die kerk volgens hom reeds 'n heerlikheidsgestalte vanweë die "reeds" - uitverkorenes (1 Pet 1:1), God se tempel (1 Pet 2:5), sy eiendomsvolk (1 Pet 2:9). Aan die ander kant vertoon die kerk ook nog 'n "nederigheids-, 'n lydingsgestalte" - hy word verdink (1 Pet 4:4), belaster (1 Pet 3:16), vervolg (1 Pet 4:12ev), hy is nog op weg (1 Pet 1:13), vreemdelinge en bywoners, en moet nog worstel met bekommernisse (1 Pet 5:7) en stry teen die duiwel (1 Pet 5:8ev).

Die feit dat die kerk as vreemdelinge en bywoners afgesonder is van die samelewing en na binne in broederlike liefde moet saamwoon, beteken egter nie dat dit net na binne gerig is nie. Noordegraaf (1990:58ev) wys op die missionêre karakter wat die kerk se vreemdelingskap noodwendig meebring. In hierdie verband is die goeie naam van die gelowiges by die samelewing veral belangrik. Hulle kan wel vervolging te wagte wees vanweë hulle diens aan God, maar hulle moet met erns waak dat die heidene nie 'n wettige rede kry om hulle te vervolg, beswadder of te haat nie (1 Pet 3:15evv). So moet hulle byvoorbeeld hulle onderwerp aan elke menslike owerheid en deur die regte optrede hulle teenstanders se beswaddering as leuens bewys (1 Pet 2:13evv; 3:16).

13.2.3 Die kerk vind sy oorsprong en sy toekoms by God

"Het bestaan van de gemeente rust in het werk van de drieënige God, de verkiezende liefde van de Vader, het offer van de Zoon, de heiliging door de Geest" (Noordegraaf 1990:58; vgl Du Toit 1990:163). Die feit dat die kerk deel is van God se verlossingsplan

[118]Giles (1995:167) en Pelser (1995:671) verwys in hierdie verband na Elliot (1981) se waarskuwing dat die terme *paroikoi* en *parepidemoi* nie te gou vergeestelik moet word tot terme wat verwys na Christene se vreemdelingskap in hierdie wêreld in onderskeiding van hulle hemelse vaderland waar hulle dan tuis sal voel nie. Hierdie terme het volgens Elliot in die eerste plek verwys na die werklike politieke, ekonomiese, regtelike, sosiale en religieuse situasie waarin die ontvangers van die brief hulle bevind het. Die twee terme was dan tiperings van twee werklike klasse wat in die destydse samelewing bestaan het en het ook vir die kerk gegeld. Hierdie standpunt maak heeltemal sin, solank as wat dit net in gedagte gehou word dat die brief ook na die gelowiges se hemelse tuiste verwys as 'n bron van hoop, asook die feit dat hulle vreemdelingskap dien as 'n motivering vir 'n heilige leefwyse. Daar is dus ook meer as een geldige sekondêre betekenis wat aan hierdie terme gekoppel kan word.

met die wêreld en dat dit dus sy oorsprong in Hom vind, word duidelik uit die feit dat die ontvangers van die brief aangespreek word as die uitverkorenes van God, wat vooraf bestem is om afgesonder te word om aan Hom gehoorsaam te wees (1 Pet 1:1ev; vgl 1 Pet 2:9cv; vgl Achtemeier 1996:80). Die idee dat die gelowiges `n gedeelde oorsprong in Christus het, word geïmpliseer deur die feit dat die woord *genos* (1 Pet 2:9), soos hierbo gesê, op `n gesamentlike oorsprong dui. Die feit dat dit saam met *eklekton* gebruik word, hou volgens Achtemeier (1996:163) verband met 1 Pet 2:4 waar Christus beskryf word as die lewende steen wat deur God uitverkies is. Hierdie feit word verder uitgewerk in die beeld van Jesus Christus as die paaslam, waar baie duidelik gesê word dat die gelowiges deur Hom losgekoop is uit hulle oorgeërfde, sinnelose bestaan (1 Pet 1:19). In dieselfde verband word gesê dat hulle deur Hom in God glo en dat hulle geloof en hoop dus op God gerig is (1 Pet 1:21). Hier word ook die treffende beeld van die kerk wat as `n geestelike huis gebou word op die fondament van Christus, die hoeksteen, gebruik. Die kerk se bestaan is gegrond op die historiese persoon Jesus Christus en leef dus as `n historiese werklikheid vanuit Hom (vgl Schweizer 1961:111) met die vaste en vreugdevolle hoop om die erfenis wat Hy vir hulle in die hemel bewaar in besit te neem (1 Pet 1:3evv; Du Toit 1990:163; Noordegraaf 1990:59).

13.3 ORGANISATORIESE ASPEKTE

Alhoewel die idee van die kerk `n belangrike plek in hierdie brief inneem, speel kerklike organisasie eintlik `n baie klein rol (Du Toit 1990:162). Daar is egter `n paar sake wat wel belangrik is.

13.3.1 Die kerk is korporatief van aard.

Die verwysings in hierdie brief na die wedergeboorte (1 Pet 1:3, 23), die doop (1 Pet 3:21) en verlossing (1 Pet 1:18ev; 2:24ev; en ander) maak dit duidelik die individu se persoonlike verhouding met God bepalend is vir sy deelwees van die kerk al dan nie (Giles 1995:164ev). Die vermaning aan die ouderlinge om die kudde wat aan hulle toevertrou is, goed op te pas en nie oor hulle baas te speel nie (1 Pet 5:2ev), wys sonder twyfel op gemeentes onder die sorg van `n ouderling (Giles 1995:166). Die feit dat die brief ook gerig is "aan die uitverkorenes ... wat verspreid woon in die provinsies" met die lys plekname wat daarmee saamgaan (1 Pet 1:1) wys ook op verskillende Christelike gemeenskappe wat afsonderlik bestaan het. Dit is egter uit baie dinge in die brief duidelik dat dit die kerk se korporatiewe aard en universele karakter is wat beklemtoon word. Die

tipering van die kerk as Israel, met al die terme en argumente wat daarmee saamgaan, en veral die begrippe wat in 1 Pet 2:9 opgestapel word, naamlik uitverkore[119] ras, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, asook die belangrike beeld van die gelowiges wat hulleself as lewende stene moet laat opbou tot 'n geestelike huis om 'n heilige priesterdom te wees (1 Pet 2:5), laat geen twyfel dat die universele kerk as 'n korporatiewe gemeenskap in die brief in die oog is nie (Giles 1995:162, 164; Schweizer 1961:111).

13.3.2 Bediening

By alles wat oor die bedieninge in die brief gesê kan word, staan die bediening van Jesus Christus bo alles uit. Hy het hulle losgekoop met sy bloed (1 Pet 1:19), Hy is die hoeksteen waaruit die kerk groei (1 Pet 2: 4ev), Hy is die *poimen* en *episkopos* van die gelowiges se lewe, die gelowiges wat Hy bymekaar gemaak het soos wat 'n herder verdwaalde skape bymekaarmaak (1 Pet 2:25), die *archipoimen* (1 Pet 5:4) (vgl Dunn 1977:116).

13.3.2.1 Alle gelowiges is geroep tot bediening

Elke gelowige het die opdrag om sy medegelowiges te bedien met die besondere *charisma* wat God aan elkeen gegee het (1 Pet 4:10ev; Dunn 1977:116). Volgens Schweizer (1961:111) kan dit eintlik nie anders dat almal geroep is tot die bediening nie, in die lig van die feit dat die kerk se diens so sentraal staan in sy lyding (1 Pet 1:6; 2:21evv; 3:14; 4:4, 12-19; 5:9). Hier word dan twee basiese genadegawes genoem, naamlik om te preek en om te dien, wat waarskynlik bedoel is vir die opbou van die gemeente (Giles 1995:165). Hierdie verantwoordelikheid wat elke lidmaat binne die gemeente het, word op 'n gekwalifiseerde manier bevestig deur die idee dat die gelowiges hulle as lewende stene moet laat opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring (1 Pet 2:5; vgl 1 Pet 2:9). Dit impliseer dat die hele gemeente geroep is tot priesterskap en dat hulle bediening as geheel beskryf kan word as priesterlike bediening (Achtemeier 1996:155ev; Dunn 1977:116). Soos in

[119]Volgens Giles (1995:162) is die term *hoi eklektoi* 'n algemene kollektiewe titel vir die Christene in die Nuwe Testament en vir Israel in die Ou Testament. Hy sê dat dit dus, waar dit dui op die hele Christelike gemeenskap, 'n sinoniem is vir die woord kerk.

die res van die Nuwe Testament word individuele lidmate ook hier nie as priesters[120] aangedui nie (Achtemeier 1996:156; Dunn 1977:116), maar die gedeelte beteken wel dat elke individuele gelowige opgeroep is "to share this common priestly vocation, to the end that the community so constituted orients its life and devotion to the God to whom it owes its constitution as elect and holy people" (Achtemeier 1996:157). Die geestelike offers wat gebring moet word, gaan oor die aanbidding van God en `n gehoorsame lewe as vreemdelinge in die wêreld as deel van hulle getuienis as Christene (Achtemeier 1996:157ev; Giles 1995:163).

13.3.2.2 *Presbuteroi*

Aangesien die jongeres opgeroep word om aan die oueres onderdanig te wees, net nadat die *presbuteroi* bespreek is (1 Pet 5:1-5), is ouderdom waarskynlik `n kwalifikasie om ouderling te wees (Giles 1995:165ev; Schweizer 1961:111). Uit die opdrag dat hulle die kudde wat God aan hulle toevertrou het, goed moet oppas, asook die feit dat hulle nie moet baasspeel oor diegene wat God aan hulle sorg toevertrou het nie, is dit duidelik dat hulle `n gesaghebbende herderlike taak in die gemeentes gehad het (Giles 1995:166). Hulle opdrag bestaan uit die oppas, die toesig en leiding van die gemeente deur hulle goeie voorbeeld en tot opbou van die gelowiges in hulle lewe as vreemdelinge in die wêreld (Giles 1995:166; Noordegraaf 1990:58). Dit is belangrik om raak te sien dat hulle taak so gekwalifiseer word dat dit nie moet gaan om materiële gewin nie, maar om toegewyde diens, dat dit gewillig en nie onder dwang moet wees nie, dat hulle as herders moet lei en nie moet dwing nie en dat hulle dit so moet uitvoer dat dit die goedkeuring wegdra van die Opperherder, Jesus Christus (1 Pet 5:4; Giles 1995:166). Die kwalifikasie van ouderdom, saam met die feit dat gemeentes aan hulle toevertrou is, die spesifieke verantwoordelikhede wat gestel word en die gekwalifiseerde manier waarop hulle hulle take moes uitvoer, laat dit lyk asof *presbuteroi* hier `n besondere bediening is waartoe sekere mense in die gemeente geroep is (vgl Achtemeier 1996:321evv wat van `n definitiewe leierskapsrol praat, alhoewel hy huiwerig is om van `n "amp" te praat).

[120]Achtemeier (1996:156) sê dat die idee van die priesterskap van alle gelowiges wat in reformatoriese kringe gewild is, nie werklik uit 1 Pet 2:5 afgelei kan word nie, aangesien dit nie hier gaan oor die priesterskap van elke gelowige, en die feit dat elkeen dus as priester moet funksioneer vir sy medegelowiges nie.

Dit is belangrik om raak te sien dat hierdie opdragte aan en verantwoordelikhede van die besondere bediening glad nie in spanning staan met die charismatiese bediening waartoe elke lidmaat geroep is nie (Giles 1989:83).

Die skrywer van die brief noem homself die ouderlinge van die gemeentes se mede-ouderling, getuie van die lyding van Christus en deelgenoot aan die komende heerlikheid (1 Pet 1:1). Behalwe dat hy hiermee die goedgesindheid van die ouderlinge probeer wen en die gesag waarmee hy skryf onderstreep, is Achtemeier (1996:323) ook van mening dat die term *sumpresbuteros* impliseer dat die funksie van die ouderling ook `n bepaalde apostoliese gesag[121] met hom saamdra.

13.4 SAMEVATTING

13.4.1 Die kerk is Israel, God se uitverkore en heilige volk, wat sy bestaan en voortbestaan in die wêreld en sy toekomstige hemelse erfenis uitsluitlik te danke het aan die handelinge van die Drie-enige God.

13.4.2 Die kerk lewe binne hierdie wêreld, as vreemdelinge en bywoners teenoor die res van die samelewing, `n onberispelike, eiesoortige leefwyse van onderlinge broederliefde, gehoorsaamheid aan en aanbidding van God. Juis in hierdie afgeslotenheid van die wêreld kom die kerk se missionêre karakter sterk na vore.

13.4.3 Die kerk se vreemdelingskap en eiesoortige leefwyse sal noodwendig reaksie en teenkanting van die res van die samelewing ontlok en daarom is dit ook `n lydende kerk.

13.4.4 Die individu se persoonlike verhouding met God, wat direk spruit uit die handelinge van die Drie-enige God, is bepalend vir sy deelwees van die kerk, maar dit is veral die kerk se korporatiewe aard wat hier beklemtoon word.

---

[121]Selfs al sou `n pseudo-epigrafiese skrywer, soos wat Achtemeier (1996:43) as die mees waarskynlike beskou, aanvaar word, was die skrywer volgens hom naby genoeg aan Petrus om wel met apostoliese gesag te kon skryf (vgl ook Groenewald 1977a:7 vir die standpunt dat die feit dat Silvanus sekretaris was, inhou dat sy eie taalgebruik en styl in die brief neerslag gevind het).

13.4.5 Die universele kerk, wat in verskillende geloofsgemeenskappe en gemeentes onder die sorg van ouderlinge in die wêreld versprei is, word in hierdie brief op die voorgrond gestel.

13.4.6 Jesus Christus is die eintlike Bedienaar van die kerk.

13.4.7 Die gemeente as geheel is geroep tot 'n priesterlike bediening en binne hierdie ruimte ontvang elke gelowige die opdrag om sy medegelowiges te bedien met die besondere genadegawe wat God aan elkeen gegee het, ter wille van die gemeente se aanbidding van God, hulle gehoorsaamheid aan hom en hulle getuienis as Christene.

13.4.8 Sonder enige spanning met die charismatiese bediening in die gemeente, is daar diegene wat in die bediening van ouderling staan om op 'n herderlike wyse en deur hulle voorbeeld die gemeente op te pas en te lei in hulle lewe as vreemdelinge in die wêreld.

14. DIE KERK IN DIE TWEEDE BRIEF VAN PETRUS EN DIE BRIEF VAN JUDAS

14.1 DIE TWEEDE BRIEF VAN PETRUS

14.1.1 Inleiding

Dit wat in hierdie kort brief oor die kerk en kerklike ordening geskryf is, is baie skraps vanweë die besondere gerigtheid daarvan, en kan slegs by wyse van implikasie afgelei word.

In die tweede brief van Petrus word die kerk geteken as 'n geloofsgemeenskap wat deur God geroep en verkies is, en wat deur dwaalleer bedreig word. As sulks word hierdie gemeenskap met apostoliese gesag vermaan om vas te hou aan sy geloof, naamlik die oorgelewerde evangelie van Jesus Christus, om sodoende staande te bly tot die wederkoms van Jesus Christus en om dan deel te kry aan die beloftes wat daarmee saamgaan.

Die oorsprong, voortbestaan en toekoms van die gemeente lê by die Drie-enige God wat hulle geroep en uitverkies het en deur wie se beskikking hulle die geloof ontvang het (2 Pet 1:1, 10ev). Deur na hulle as geloofsgemeenskap te verwys, word dit geïmpliseer dat

hulle op dieselfde historiese lyn as die volk van God van die Ou Testament leef (2 Pet 2:1, 5evv, 15ev).

14.1.2 `n Geloofsgemeenskap

Die tweede brief van Petrus is geskryf na aanleiding van dwaalleraars wat die waarheid verdraai en die regte lewenswyse van die gelowiges deur hulle eiewillige Skrifverklaring ondermyn (Groenewald 1977a:104ev). Die skrywer spoor die gemeente met hierdie brief aan om hulle nie te laat verlei nie, maar standvastig in die geloof te bly en te groei in die kennis van God (Groenewald 1977a:105; Guthrie 1981:785). "Met 'geloof' word nie hulle persoonlike subjektiewe geloof bedoel nie, maar die objektiewe inhoud van hulle geloof, dit wil sê die evangelie van verlossing deur Jesus Christus soos dit deur die prediking aan hulle oorgelewer is" (Groenewald 1977a:106ev). Dit wat aangaande Jesus Christus aan hulle oorgelewer is, is dan die betroubare evangelie wat deur die Heilige Gees voortgebring is (2 Pet 1:21), en daarom moet die gelowiges aan hierdie kennis vashou ter wille van hulle eie geestelike welsyn (2 Pet 1:11). Aangesien die skrywer homself so duidelik aandui as `n apostel, gaan dit dus hier oor die tradisie aangaande Jesus soos dit deur die apostels aan die gelowiges oorgedra is (2 Pet 1:16-19). Hieraan moet vasgehou word ter wille van die voortbestaan van die kerk en sy volharding tot by die wederkoms van Jesus Christus (2 Pet 1:11).

14.1.3 `n Toekomsgerigte gemeenskap

Die gemeente word baie ernstig daaraan herinner dat hulle in die laaste dae leef en dus die probleme wat hulle met dwaalleraars ondervind, kan verwag. Daarom word hulle ook herinner aan die wederkoms, asook aan die beloftes van redding en die waarskuwing van oordeel wat daarmee saamgaan (2 Pet 1:11; 3:3-13). Hierdie beloftes en waarskuwings word geuiter as `n duidelike motivering om vas te hou aan hulle geloof (2 Pet 3:15).

14.1.4 Organisatoriese aspekte

14.1.4.1 Gerig aan `n gemeente

Dit is slegs by implikasie duidelik dat die brief aan `n gemeente geskryf is. Volgens Groenewald (1977a:104) is dit uit die duidelike verwysings na spesifieke probleme en plaaslike omstandighede duidelik dat dit nie `n algemene omsendbrief aan `n klomp gemeentes is nie, maar dat dit aan 'n bepaalde adres gerig was. Dit veronderstel dus

minstens een gemeente. Aangesien die brief niemand spesifiek aanspreek nie, kan afgelei word dat die hele gemeente daarop moes reageer (Guthrie 1981:785).

14.1.4.2 Die apostoliese bediening

Die klem wat die skrywer daarop plaas dat hy die apostel Petrus is deur duidelik na homself te verwys as "Simon Petrus, 'n dienaar en apostel van Jesus Christus" (2 Pet 1:1), maak dit duidelik dat die apostelbediening met groot ontsag bejeën is. In 2 Petrus word die term *apostel* eksklusief vir die twaalf apostels wat Jesus gekies en uitgestuur het, gebruik (Giles 1989:166). Petrus skryf dus hierdie brief met apostoliese gesag. Hierdie gesag is egter nie menslike gesag nie. Juis die feit dat hy homself beskryf as 'n dienaar en apostel van Jesus Christus, asook die feit dat hy dit beklemtoon dat die apostels oor- en ooggetuies van Jesus Christus was (2 Pet 1:16evv), beklemtoon die Goddelike gesag en sanksie waarmee hy die brief skryf (Groenewald 1977a:106). Met die stelling dat die ontvangers van die brief presies dieselfde geloof as hy en die ander apostels ontvang het, stel hy dit egter duidelik dat sy apostelskap hom nie bo hulle verhef nie, aangesien hulle almal voor God gelykwaardig is (Bolkestein 1984:243; Groenewald 1977a:106). Hy beklemtoon ook dat die tradisie aangaande Jesus wat deur die apostels aan die gemeente verkondig is, slegs deur die Heilige Gees reg verkondig en verstaan kan word (2 Pet 1:20ev; Noordegraaf 1990:60). Die apostelbediening is dus 'n besondere bediening wat in afhanklikheid van, en met die gesag van God uitgevoer word.

14.2 DIE KERK IN DIE BRIEF VAN JUDAS

14.2.1 Inleiding

Soos in die tweede brief van Petrus, is dit wat in hierdie baie kort brief oor die kerk en kerklike ordening geskryf is baie skraps vanweë die besondere gerigtheid daarvan, en kan dit slegs by wyse van implikasie afgelei word.

In die brief van Judas word die kerk geteken as 'n geloofsgemeenskap wat deur God geroep, liefgehê en bewaar word (Jud 1). Hierdie gemeente word met Goddelike gesag teen die dwaalleraars gewaarsku en opgeroep om in afhanklikheid van God by die gesaghebbende apostoliese tradisie te bly om die ewige lewe te kan ontvang.

14.2.2 Die apostoliese tradisie

Die brief van Judas is `n pastorale vermaning om die gemeente te waarsku teen die gevare van `n dreigende dwaalleer, en hulle aan te moedig om by die waarheid van die evangelie te bly (Groenewald 1977a:156; Noordegraaf 1990:60) met die oog op hulle ewige toekoms (Jud 21). Hier word `n skerp skeidslyn tussen diegene wat vashou aan die waarheid en die wat dit verdraai, getrek (Jud 4). Die gemeente moenie verbaas wees dat daar diegene is wat die waarheid verdraai nie, aangesien hulle gewaarsku is dat dit in die laaste dae gaan gebeur (Jud 18). Die geloof waarvoor hulle moet stry, is die apostoliese tradisie wat as die waarheid van die evangelie die norm vir die gemeente se geloof en lewe is (Jud 3, 17; Noordegraaf 1990:60). Dat die gemeente in hierdie stryd van God afhanklik is en deur sy krag bewaar sal word, word duidelik uit die feit dat Jesus Christus wel die gemeente bewaar (Jud 1), dat diegene wat by die waarheid bly, dit onder leiding van die Gees van God doen (Jud 19) en dat hulle in die proses deur die krag van die Heilige Gees moet bly bid (Jud 20) (Groenewald 1977a:159, 174ev).

14.2.3 Organisatoriese aspekte

14.2.3.1 Gerig aan `n gemeente

Soos in die geval van die tweede brief van Petrus, is dit slegs by implikasie duidelik dat die brief aan `n gemeente geskryf is. Volgens Groenewald (1977a:154) is dit uit die duidelike verwysings na spesifieke probleme en plaaslike omstandighede duidelik dat dit nie `n algemene omsendbrief aan `n klomp gemeentes is nie, maar aan `n spesifieke adres gerig was. Dit veronderstel dus minstens een. Aangesien niemand spesifiek in die brief aangespreek word nie, kan afgelei word dat die hele gemeente daarop moes reageer (vgl Guthrie 1981:785 in verband met dieselfde situasie in 2 Petrus).

14.2.3.2 Die skrywer

Die feit dat Judas duidelik sê dat hy die broer van Jakobus, wat as een van die pilare in die gemeente in Jerusalem beskou is, is, en dus ook `n broer van Jesus (Bolkestein 1984:193), gee aan die brief `n bepaalde gesag. Hierdie gesag word egter baie duidelik gekwalifiseer deurdat hy homself nie `n broer van Jesus noem nie, maar `n dienaar van Hom (vgl Bolkestein 1984:194). Dit is nie bloot menslike gesag nie, maar Goddelike gesag waarmee hy die brief skryf (Groenewald 1977a:158).

14.2.3.3 Die apostels

Die twaalf apostels wat Jesus self gekies en uitgestuur het (Giles 1989:166), word hier genoem as diegene wat die gemeente in die waarheid van die evangelie onderrig het (Jud 17). Die feit dat die gemeente gewys word op dit wat hulle geleer het, beklemtoon die gesag waarmee hulle bejeën is (Groenewald 1977a:173).

14.3 SAMEVATTING VAN 2 PETRUS EN JUDAS

14.3.1 Die gemeente is `n geloofsgemeenskap met `n uitsig op die wederkoms van Jesus Christus.

14.3.2 Die gemeente moet in lig van die wesenlike gevaar van dwaalleer, as geloofsgemeenskap vashou aan en groei in die inhoud van tradisie aangaande Jesus Christus wat deur die Heilige Gees voortgebring en deur die apostels aan die gemeente oorgelewer is, as die norm vir hulle geloof en lewe.

14.3.3 Die briewe is aan gemeentes gerig en spreek bepaalde plaaslike probleme aan wat deur die hele gemeente aangespreek moet word.

14.3.4 Die twaalf apostels, asook die skrywer van Judas, word wel in die gemeentes met gesag bejeën, maar dit is slegs `n besondere bediening omdat dit op grond van God se gesag en in afhanklikheid van Hom beoefen word.

DEEL 2: ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF

15. ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD

15.1 INLEIDING

Een van die mees opvallende kenmerke van die wyse waarop die kerk in die Skrif geteken word, is die veelkantigheid van die beeld wat na vore kom. Van hierdie beelde lyk byna teenstrydig. Dit is egter ook belangrik dat hierdie veelkantigheid nie verabsoluteer word nie, aangesien die Skrif ook `n eenheidskarakter vertoon. Dit is immers die Heilige Gees wat die skrywers en samestellers van die verskillende Bybelboeke geïnspireer het, en wat die betrokke kerklike vergaderings gelei het om hierdie ses-en-sestig boeke as die gesaghebbende Woord van God te aanvaar - `n situasie wat tot nou toe die toets van die tyd deurstaan het. Die hipotese wat daarom in hierdie deel ondersoek word, is dat daar vanuit die veelkantigheid van die beeld van die kerk in die Skrif ook bepaalde konstantes na vore kom waarmee `n geheelbeeld van die kerk geteken kan word. Hierdie konstantes kom dan in `n meerdere of `n mindere mate by al die verskillende beelde na vore, hetsy eksplisiet of implisiet. Gegewe die aard van korter geskrifte soos 2 Petrus, Judas en selfs Jakobus, en van die evangelies, veral Matteus en Markus wat afsonderlik bespreek is, word van die veronderstelling uitgegaan dat `n konstante nie noodwendig in letterlik al die verskillende korpusse na vore moet kom om as sulks aanvaar te word nie. Uiteraard sal dit ook met van die konstantes die geval wees dat dit `n breë tipering is wat in verskillende korpusse soms heel verskillend in die praktyk neerslag gevind het. Die konstantes wat na vore kom kan as volg saamgevat word.

Die kerk is `n korporatiewe gemeenskap van individue wat in geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe. Die kerk is op inisiatief van die Drie-enige God en op grond van sy vrye genade deur Hom in die lewe geroep om in hierdie wêreld as sy volk `n eiesoortige bestaan te voer en sy getuies te wees tot met die wederkoms van Christus. Hoewel die kerk universeel van aard is, is dit op verskillende plekke plaaslik georganiseer as teokratiese, nie-hiërargiese gemeenskappe onder leiding van lidmate wat deur God tot besondere bedieninge geroep en toegerus word. Deur hierdie besondere bedieninge, wat veral verantwoordelik is vir die verkondiging van en die onderrig in die evangelie van Jesus Christus, word die gemeentes afsonderlik

en die kerk as geheel tot 'n eenheid saamgebind en toegerus, sodat elke lidmaat, die gemeentes as eenhede en die universele kerk in geheel sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan vervul en die kerk se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word.

15.2 DIE OORSPRONG VAN DIE KERK

Met die uitsondering van die briewe van Judas en 2 Petrus word meestal direk, of in enkele gevalle indirek gesê dat die kerk gekonstitueer word deur die handelinge van die Drie-enige God, wat onder andere beskryf word as verbondsluiting, uitverkiesing, verlossing, en loskoping. Die kerk is dus sy skepping (vgl Schnackenburg 1974:24ev, 152ev). Hierdie unieke gemeenskap as geheel, en die mense uit wie dit gevorm is, is deur Hom uitgekies om syne te wees. Daarom het Hy uit eie inisiatief 'n verbond met hulle gesluit, en daaraan getrou gebly soos dit in Israel en die kerk se geskiedenis duidelik word. Al word dit nie oral pertinent gesê nie, sê hierdie tekening van die kerk, veral ook in die assosiasie wat in baie gevalle met Israel gemaak word, dat geen menslike kwaliteite 'n rol in die totstandkoming van die kerk gespeel het nie (vgl Schnackenburg 1974:138). Dit is slegs God wat in sy vrye genade en liefde besluit het om vir Homself 'n groep mense uit te soek om syne te wees. Die besnydenis en die doop, asook die pasga en die nagmaal as verbondstekens bevestig dit. In die Nuwe Testament word Jesus Christus en dit wat Hy gedoen het, in die meeste gevalle ten nouste verbind met hierdie oorsprong (vgl Giles 1995:182 en Pelser 1994:314), maar in enkele gevalle word die rol van die Heilige Gees in samehang met Jesus Christus baie sterk beklemtoon. In die geval van Lukas-Handelinge, byvoorbeeld, is dit die Gees van Christus wat die konstituerende faktor is, maar selfs hier is die Gees die wyse waarop Christus steeds in die wêreld teenwoordig is (vgl Pelser 1994:318). Vir Paulus is die doop wel inlywing in die gemeente as liggaam van Christus, maar dit kry eers praktiese betekenis deur die werking van die Heilige Gees. Dit is insiggewend dat die individu se persoonlike verbondenheid aan Jesus Christus 'n bepalende faktor is vir sy deelwees van hierdie groep mense (vgl Pelser 1994:316) soos dit ook deur die doop as inlywingsritueel uitgedruk word. God skep en onderhou sy kerk deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof vasbind aan Jesus Christus.

15.3 'N KORPORATIEWE EENHEID VAN INDIVIDUE

Al is die individu se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus 'n bepalende faktor vir sy deelwees van die kerk, is dit uit die hele Skrif duidelik dat die kerk korporatief van aard is[122] (vgl Giles 1995:187 en Guthrie 1981:788). Of die kerk nou as die verbondsvolk van God genoem word, die *ekklesia*, 'n dissipelgemeenskap, die liggaam van Christus, 'n kudde skape, die lote van die wingerdstok, die huishouding van God, 'n geestelike huis, 'n liefdesgemeenskap van broers; en of 'n brief bloot aan 'n gemeente gerig word en daar in die meervoud met gelowiges gepraat word - dit is deurgaans duidelik dat dit 'n versameling gelowiges is. Gelowiges is in Christus aan mekaar vasgebind en kan dus nie sonder mekaar behoorlik funksioneer nie (Guthrie 1981:788). Trouens, al hierdie beelde teken ook 'n prentjie van 'n eenheid - die een volk, die een kudde, die een wingerdstok, die een huishouding, die een liggaam. Soos wat die twaalf dissipels, as verteenwoordigend van die universele kerk, as 'n korporatiewe eenheid voorgehou word, so is die kerk die een versameling gelowiges (vgl Giles 1995:184). Hierdie gedagte word versterk deur die duidelike wyse waarop die kerk onderskei word van die ongelowige Jode en heidene. Of hulle nou as die nuwe Israel, of 'n derde entiteit naas die Jode, of 'n historiese ontwikkeling uit Israel beskou word: hulle vorm een groep mense naas en afgegrens van die ongelowige wêreld. Laastens sê Jesus se gebed om die eenheid van die kerk in Joh 17, en die duidelike wyse waarop Ef 4 oor die eenheid praat, dat die kerk wesenlik een is, al bestaan dit uit individuele gelowiges en al word plaaslike gemeentes veronderstel.

15.4 UNIVERSEEL EN PLAASLIK KERK

Dit is uit die korporatiewe eenheid van die kerk en die voorbeelde wat ter motivering daarvoor gebruik word, eweneens duidelik dat die kerk universeel van aard is. Die hele kerk is in by verre die meeste gevalle pertinent, of minstens by implikasie in die oog (vgl Giles 1995:184 en Guthrie 1981:788). Dit is egter veral die wydverteenwoordigde beeld van die kerk as die volk van God, in samehang met die idee van Israel[123] wat dit duidelik

---

[122] In die Ou Testament word die individu uitgesonder deur die besnydenis en die eis om gehoorsaamheid aan die wet. Tog gaan dit in albei gevalle om die individu as deel van die verbondsgemeenskap. In 2 Petrus en Judas is die korporatiewe idee slegs by implikasie teenwoordig in die feit dat die briewe aan gemeentes gerig is.

[123] In die Johannese geskrifte word dit slegs by implikasie gesê in die beeld van Jesus as die Winderdstok en die gelowiges die lote dat Jesus en die kerk saam die nuwe Israel is. In Efesiërs-Kolossense is die kerk 'n derde entiteit wat God naas die Jode en die heidene in die lewe geroep het, sonder om enigsins iets te sê oor die posisie van die historiese Israel van die Ou Testament. Die gedagte van die kerk as God se volk of Israel, kom nie by 2 Petrus en Judas voor nie, alhoewel die verwysings in hulle na gebeure waarvan die Ou

maak. Trouens die kerk kan sonder twyfel as die nuwe Israel beskryf word (vgl Giles 1995:184ev en Noordegraaf 1990:62).

Tog is dit belangrik om op te merk dat die gemeente in die Nuwe Testament eintlik in alle gevalle minstens veronderstel en as vanselfsprekend aanvaar word[124] (vgl Giles 1995:186). Die gebruik van die term *ekklesia* teken dwarsdeur die Nuwe Testament in verskillende verbande die prentjie van òf 'n gemeente, òf 'n aanwysbare groep gemeentes, of van die universele kerk, as die volk van God (vgl Giles 1995:185ev). In Efesiërs-Kolossense lê die klem baie sterk op die kerk as universele grootheid, maar tog word beide briewe aan bepaalde gemeentes op bepaalde plekke gerig, en kan die bedieninge wat in Efesiërs 4 genoem word, kwalik anders as om gemeentes waarbinne dit moet funksioneer, te veronderstel (vgl Giles 1995:185). In Openbaring is die universele kerk baie duidelik op die voorgrond, maar weer eens word gemeentes veronderstel, soos dit duidelik word in die sewe briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië, al is hulle eintlik bedoel om in die konteks van die brief, die hele kerk te verteenwoordig. In die geval van byvoorbeeld Jakobus, 2 Petrus en Judas, kom daar nie veel van 'n kerkbegrip na vore nie, maar tog is dit uit al drie briewe duidelik dat dit aan 'n gemeente geskryf is. Dan is dit natuurlik in die Pauliniese briewe duidelik dat Paulus veral die gemeente telkens in die oog het.

Hieruit kan gesê word dat die gemeente, 'n aantal gemeentes in 'n geografiese gebied saam, en die universele kerk almal as 'n korporatiewe eenheid volk van God is. Anders gestel: Die plaaslike gemeente is die sigbare gestalte van die universele volk van God op 'n bepaalde plek.

Testament vertel, dui op 'n bewussyn dat die kerk en Israel op dieselfde heilshistoriese lyn lê (vgl 2 Pet 2:5-10, 15ev; Jud 5, 7, 9, 11, 14).

[124] Pelser (1994:320ev) sê dat die universele kerk voorafgaan aan die gemeente, net soos wat die kerk voorafgaan aan die lidmate. Bloot gesien as 'n historiese werklikheid, waar God vir Abraham geroep het as vader van sy volk, en Jesus Christus sy dissipels geroep het as verteenwoordigend van die hele kerk, en die ander gemeentes op een of ander manier gegroei het uit die gemeente in Jerusalem, maak dat hierdie soort teologiese konstruksies nie uit enige van die korpusse afgelees kan word nie. Dit beteken egter nie dat Guthrie (1981:788) gevolg kan word in sy siening dat die idee van die universele kerk mettertyd gegroei het uit die idee van die gemeente, soos wat die gemeentes meer geword het nie. Die universele kerk was van die begin af in die oog en vind terselfdertyd gestalte waar gelowiges in gemeentes saamgegroepeer is (vgl Schweizer 1961:188ev).

15.5 AFGEGRENS VAN, MAAR GERIG OP DIE WÊRELD

Soos reeds gesê (§15.2; §15.3), is die kerk 'n afsonderlike groep mense in die wêreld. Wat die Nuwe Testament betref,[125] word die kerk deur sy geloofsverbondenheid aan Jesus Christus van enige ander groepering afgegrens. Dit het dus niks te doen met enige sosio-ekonomiese, materiële, geslagtelike of etniese onderskeidings, al is dit by implikasie, nie. Dit maak ook nie saak of die kerk nou as dissipelgemeenskap, geloofsgemeenskap, of hoe ook al beskryf word nie. Selfs waar die doop die onderskeidingsteken is tussen die wat glo en nie glo nie, gaan dit in die eerste plek oor die doop as teken van verbondenheid aan Jesus Christus. Hierdie afgrensing sluit dit wat oor dwaalleer en dwaalleraars, gesê word, in.[126] Geloofsverbondenheid aan Jesus Christus gaan dus ook oor die vashou aan die regte inhoud van dit wat die apostels, as oor- en ooggetuies van Jesus, oor Hom oorgelewer het. Dit alles hou in dat die kerk sy identiteit in sy verbondenheid aan die persoon van Jesus Christus en die oorgelewerde tradisie oor Hom, vind (vgl Pelser 1994:314ev). Op sy beurt hou dit in dat die kerk dan die verantwoordelikheid het om aan hierdie oorgelewerde tradisie, as die evangelie van Jesus Christus, vas te hou en mense op te roep tot blywende geloof in Hom. Die grens van die kerk word dus getrek deur geloof in Jesus Christus en die inhoud daarvan (vgl Giles 1995:189). Uit hierdie twee onlosmaaklik verbonde sake spruit dit dat die kerk se eiesoortigheid, wat hom afgrens van enige ander gemeenskap of groep in die wêreld, ook lê in sy eiesoortige leefwyse en aanbidding van God, of te wel die kultus. Die doop byvoorbeeld is 'n onderskeidingsteken tussen die wat glo en nie glo nie en dus ook 'n teken van verbondenheid aan Jesus Christus, maar dan 'n verbondenheid wat nooit los kan staan van 'n leefwyse volgens sy onderrig en voorbeeld nie. Hierdie sake kom op verskillende maniere in die verskillende uitbeeldings van die kerk na vore, maar gaan uiteindelik oor dieselfde saak. Of dit nou Jakobus se geloof is wat tot dade moet oorgaan, en of dit is om Jesus op sy lydensweg te volg soos Markus wil, of dit nou gaan oor die beheer van die Gees wat in bepaalde vrug sigbaar sal word soos by Paulus, of die

---

[125] In die Ou Testament was dit Israel se verbintenis aan slegs een God met die unieke naam Jahwe, die besnydenis en die Sabbat, asook die belangrike plek wat die wet in hulle leefwyse ingeneem het, wat van hulle as geloofsgemeenskap en verbondsvolk 'n eiesoortige en afgegrensde gemeenskap gemaak het. Hierdie sake hou verband met die geloofsverbondenheid aan Jesus Christus van die Nuwe Testament in die sin dat Hy die Middelaar van die nuwe verbond is, dat die doop in sy Naam in die plek van die besnydenis as verbondsteken gekom het en dat die wet in Hom vervul is. Op grond hiervan kan die kerk van die Nuwe Testament in kontinuïteit én diskontinuïteit met Israel, God se verbondsvolk genoem word.

[126] In die geval van die Ou Testament gaan dit oor verbondsontrou en afgodediens. In wese dwaal Israel hiermee af van die middele wat Jahwe in onder andere die dekaloog en kultiese orde aan hulle voorsien het, sodat hulle binne die verbond kan leef en getrou kan bly aan Hom. Hierdeur word die grens tussen hulle en die ander volke vervaag.

onderlinge broederliefde van Johannes of die vasstaan teen dwaalleer soos by baie ander, uiteindelik gaan dit oor die eiesoortigheid van hierdie gemeenskap wat deur God geheilig is om as sy volk midde in hierdie wêreld te getuig van sy liefde vir die wêreld (vgl Pelser 1994:322ev). Dit is belangrik om te verstaan dat die eiesoortigheid van die kerk se leefwyse teenstand by die wêreld sal ontlok en daarom kan die kerk in hierdie verband ook beskou word as `n lydende kerk. Hierdie kenmerk word ten nouste verbind met sy getuienis (vgl Noordegraaf 1990:62 en Schweizer 1961:191ev).

Beide die Ou en Nuwe Testament vertoon dan ook `n missionêre gerigtheid as dit kom by die roeping van die volk van God (vgl Giles 1995:189 en Pelser 1994:326ev). Ook hier kom `n veelkantige beeld na vore, want in byvoorbeeld Lukas-Handelinge gaan dit oor `n daadwerklike verkondiging van die evangelie, terwyl dit in die Ou Testament en 1 Petrus meer daaroor gaan dat die eiesoortigheid van die kerk opsigself `n getuienis aan die wêreld is. In hierdie verband is die intensiewe opbou van die gemeente ook belangrik in terme van sy getuienis, soos dit byvoorbeeld in die Pastorale Briewe en Matteus na vore kom. Hierdie opbou gaan oor beide `n gehoorsame lewe soos dit tot uiting kom in onderlinge verbondenheid en liefde en die vashou aan die regte evangelie. In hierdie opbou speel die nagmaal as teken en waarborg van die kerk se verbondenheid aan Hom en aan mekaar `n belangrike rol.

15.6 `N HISTORIESE WERKLIKHEID GERIG OP DIE TOEKOMS

Uit die verskillende beelde wat van die kerk in die Nuwe Testament geskets word, is daar die gemeenskaplike gedagte dat die kerk op een of ander manier verband hou met die oorsprong en die geskiedenis van Israel van die Ou Testament (vgl voetnota 123, §15.4 en Giles 1995:184ev). Dit plaas die kerk op `n historiese lyn, wat dit deel maak van die werklikheid van die geskiedenis van die wêreld, al word dit nie altyd beskou as op dieselfde heilshistoriese lyn as Israel nie. In Hebreërs is die kerk byvoorbeeld Israel wat van oudsher af bestaan het, sonder om enige rekening met etniese afkoms te hou. In die Pauliniese Briewe vervang die kerk vir Israel en by Lukas-Handelinge is die kerk `n natuurlike ontwikkeling uit en `n verbreding van Israel.

Soos reeds gesê, het die koms van Jesus Christus of `n verskil kom maak aan wie Israel is, of `n nuwe entiteit in die lewe geroep - `n idee wat aan die kerk `n toekoms gee wat

onlosmaaklik verbonde is aan Jesus Christus en die belofte dat Hy weer gaan kom.[127] Die kerk leef dus in hierdie wêreld as 'n historiese entiteit en is geroep om hier te bly leef, met al die lyding en swaarkry wat daarmee saamgaan (vgl Schweizer 1961:164evv). Die hoop en die krag van die kerk lê in die feit dat hy 'n verlede of 'n oorsprong het waarna hy kan teruggryp en waarin daar sekerheid lê. Dit het terselfdertyd 'n toekoms waarna die kerk kan uitsien en wat hom met hoop laat lewe. Selfs in die Ou Testament met sy Messiasverwagting en die hoop wat daarmee gepaardgaan, is dit die geval, natuurlik met 'n ander inhoud. Die kerk leef tussen Christus se eerste koms en sy tweede koms en kry sy sekerheid, hoop en dryfkrag uit sy oorsprong en die beloftes wat gepaard gaan met die feit dat Hy weer gaan kom. In hierdie opsig speel die nagmaal in sommige korpusse die rol om die kerk te herinner aan sy oorsprong en te versterk in sy toekomsverwagting. Hierdie terugkyk na sy oorsprong, beide as Israel en as die gevolg van Christus se koms, en sy uitkyk op die toekoms, is bedoel om vir die kerk hoop te gee, sodat hy in hierdie wêreld te midde van teenstand en lyding kan volhard in sy getuienis soos dit uiting vind in sy vashou aan die ware evangelie en sy gehoorsaamheid.

15.7 DIE KERK IS 'N GEORGANISEERDE GEHEEL

Hierbo is reeds gesê dat die kerk se identiteit lê in, en sy grense getrek word deur individue se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus en die inhoud van hierdie geloofsverbondenheid. Hierdie omlynde gemeenskap is sigbaar teenwoordig in die wêreld en vertoon die prentjie van 'n georganiseerde geheel[128] (vgl Giles 1995:187ev en Schweizer 1987:53). Alhoewel sekere organisatoriese aspekte wel sigbaar is in die universele kerk, is dit veral in sy plaaslike gestalte dat die kerk se struktuur op sy duidelikste sigbaar word.[129] In die Nuwe Testament word aanvaar dat die kerk nie net 'n geestelike werklikheid is nie, maar ook 'n sosiale een (Giles 1995:188).

---

[127] 2 Petrus het wel 'n pertinente wederkomsverwagting met die beloftes wat daarmee saamgaan (2 Pet 1:11, 16; 3:3-13), terwyl Judas wel bewus is dat die gemeente in die laaste dae leef (Jud 18). Jakobus is bewus dat die gemeente in die laaste dae lewe en praat van beide die beloftes van 'n oorwinningsprys vir die wat volhard en 'n waarskuwing van oordeel vir die wat die onreg doen (Jak 1:12; 5:1-11). Efesiërs-Kolossense redeneer veral vanuit die idee dat die gelowiges eintlik reeds saam met Christus uit die dood opgewek is, met 'n gekwalifiseerde gerealiseerde eskatologie, waar die kerk ook 'n hemelse werklikheid is. Tog kom die gedagte en die belofte dat dit voorlopig is en in 'n nuwe bedeling nog tot volle werklikheid moet kom ook voor (Ef 1:14, 18, 21; 2:6ev; Kol 1:12; 3:4).

[128] Pelser (1994:325ev) is reg wanneer hy die onderskeiding tussen die kerk as organisme en instituut, met eersgenoemde as wesenlik tot kerk, afwys. Die kerk is as korporatiewe en universele grootheid georganiseerd. Die struktuur van die kerk, soos dit in die Skriftuurlike beelde na vore kom, die Ou Testament ingesluit, is dus ook deel van die wese daarvan.

[129] In Markus, die Johannes-evangelie, 2 Petrus en Judas word die organisatorise kant van die gemeente onderspeel. In die Ou Testament gaan dit deurentyd om Israel as geheel.

15.7.1 Die hele kerk as organisasie

Sommige van die organisatoriese aspekte wat hier uitgelig word, kan uiteraard in die universele kerk ook tot sy reg kom. Eerstens is die apostels 'n bediening of amp wat in werklikheid aan universele kerk gegee is (vgl Giles 1995:189). Dit is hulle wat aanvanklik die evangelie verkondig het en op verskillende plekke gemeentes gestig het. In hierdie gemeentes, soos dit veral ook blyk uit die briewe wat hulle self geskryf het, of wat in hulle naam geskryf is, het hulle 'n bepaalde gesag uitgeoefen. Ten nouste verbonde aan die universele rol wat die apostels in die vroeë kerk gespeel het, wys die saambindende faktor van geloof in Jesus Christus en die oorgelewerde tradisie aangaande Hom, in die tweede plek ook op 'n struktuur wat die hele kerk op enige gegewe stadium en die universele kerk van alle tye en plekke, saambind.[130] Uiteindelik het die apostels as mense van die toneel verdwyn en al wat oorgebly het, was die tradisie wat hulle as oor- en ooggetuies van Jesus, aan die kerk nagelaat het.

15.7.2 Jesus Christus is en verskaf die struktuur

Die hele kerk leef in hierdie wêreld as 'n georganiseerde geheel, sonder om daarmee te sê dat hierdie georganiseerdheid afhanklik is van menslike strukture. Ondanks hierdie duidelike eenheidsbewussyn wat op verskillende maniere na vore kom en uitdrukking vind, is daar nêrens in die Skrif sprake van enige iets anders, hetsy 'n oorkoepelende liggaam, of 'n amptelike struktuur wat van die kerk in sy geheel een organisasie maak nie.[131] Die Ou Testament kom die naaste daaraan, met Moses wat as die enigste middelaarsfiguur tussen God en sy hele volk funksioneer. Die konings, veral dié voor die

---

[130] Hierdie gedagte weerspreek die siening van Pelser (1994:321ev) dat die bestaan van velerlei denominasies, of kerke soos hy dit noem, glad nie deur die Nuwe Testament weerspreek word nie. Trouens, hy grond sy siening deur te verwys na die verskillende kerke wat in die Nuwe Testamentiese tyd bestaan het. Die beeld van die kerk as liggaam van Christus kan nie gebruik word om die verskynsel van verskillende denominasies te legitimeer nie (Schweizer 1961:168ev). Gelowiges word immers terselfdertyd tot een universele kerk en in gemeentes saamgebind deur hulle geloofsverbondenheid aan Jesus Christus en die tradisie wat apostels aangaande Hom oorgelewer het. "... *the one unifying strand that unites the divergent patterns is Jesus...*" (Dunn 1977:123). Denominasies is latere verskynsels wat ontstaan het, onder andere as gevolg van verskillende interpretasies van die evangelie en moet dus betreur word as 'n verbreking van die eenheidsband wat die evangelie tussen mense tot stand bring.

[131] Giles (1995:188ev) is van mening dat die raad van ouderlinge met Jakobus as leier wat in Jerusalem bestaan het (Hand 15), veral as toesighouers oor die hele Christelike gemeenskap in Jerusalem, wat uit verskillende huiskerke bestaan het, gefunksioneer het. Hierdeur is dan volgens hom 'n struktuur geskep wat verskillende gemeentes (huiskerke) aan mekaar bind. Hulle vergadering met die leiers van die kerk in Antiogië het hierdie struktuur uitgebrei en dien as 'n model vir latere sinodes. Volgens hom geld dieselfde vir die raad van ouderlinge in die Pastorale Briewe. Aanloklik soos dit klink, word hier egter strukture in die teks ingelees wat uit niks anders bevestig word nie, en in die geval van die Pastorale Briewe word die struktuur in Efese summier verbind met die struktuur in Kreta, wat self ook deur niks anders bevestig word nie.

skeuring van die ryk, sommige profete en die priesters by die tempel, funksioneer ook as middelaarsfigure tussen God en sy hele volk. Al hierdie middelaarsfigure word egter in die *ebed Jahweh*-figuur van Jes 40-55, as `n Moses-tipe, saamgetrek. Hiermee is hy terselfdertyd `n Messiaanse figuur, wat uiteindelik vervulling vind in Jesus Christus, in wie die bedieninge van die Ou Testament dus vervul is, wat self sy kerk in Hom vasbind en op watter manier ook al sorg dat sy kerk bedien word. "Only one focus of unity can be detected with any consistency ..., Jesus and faith in Him ..., still providing the essential focus of authority and still serving as the pattern of ministry" (Dunn 1977:122ev; vgl Schweizer 1961:189ev). In Matteus funksioneer Hy as die eintlike "Ampsdraer" en in Efesiërs-Kolossense word Hy die Hoof van sy kerk, uit wie die hele liggaam groei, genoem. In die Johannese Geskrifte stuur Hy die Heilige Gees om in sy plek die gemeente in die waarheid te lei. Wat die kerk in sy geheel betref, is die organisasie dus charismaties van aard (vgl Giles 1995:186ev).

15.7.3 Die gemeente as `n georganiseerde geheel

Die gemeente word veel meer as `n georganiseerde geheel geteken, ook wat menslike strukture betref. Dit bly egter in `n mindere of meerdere mate charismaties van aard.

15.7.3.1 Elke lidmaat het `n plek en `n funksie

Alle lidmate het `n bedieningsverantwoordelikheid teenoor die geheel en/of teenoor alle ander gelowiges[132] (vgl Giles 1995:187 en Schweizer 1987:54). Hierdie verantwoordelikheid vind sy grondslag in verskillende sake. In byvoorbeeld die Pauliniese Briewe gaan dit veral oor charismatiese gawes wat aan elke gelowige gegee word en aan hom `n plek en `n funksie in die gemeente gee. In Matteus word almal onderrig om mekaar te onderrig en te dissiplineer. In Lukas-Handelinge is al die gelowiges onder leiding van die Gees getuies van Jesus Christus. In Hebreërs, Jakobus, Openbaring, 1 Petrus, 2 Petrus en Judas word die hele gemeente telkens aangespreek en opgeroep om te reageer op die brief.

---

[132]Die enigste werklike uitsondering is die Pastorale Briewe, wat aan Timoteus en Titus gerig is ter wille van hulle eie bediening in die gemeentes. Die wyse waarop die amspdraers hier geteken word in terme van die vereistes waaraan hulle moet voldoen in die lig van die situasie van die gemeentes, skep die indruk van die lidmate as diegene wat bedien word ter wille van die behoud van die gemeente. In van die ander

15.7.3.2 Besondere bediening

Terwyl alle lidmate 'n bedieningsverantwoordelikheid het, word sommige uitgesonder om spesifieke verantwoordelikhede na te kom (vgl Schweizer 1961:203). Hulle kan as besondere bedieninge beskryf word (vgl Schweizer 1961:173ev, 206). Trouens, na die voorbeeld van Jesus en die gedagte van Markus dat enige vorm van leierskap in die kerk bestaan uit nederige dienslewering, moet alles wat mense in die kerk doen ter wille van ander en die geheel, beskryf word as diens (vgl Schnackenburg 1974:25ev). Die organisasie van die gemeentes bestaan dan veral in hierdie bedieninge. In al die gemeentes het een of ander vorm van besondere bediening gefunksioneer. Dit verskil wel baie duidelik wat oorsprong, opdrag en titel betref, maar dit het oral die funksie om die gemeente in sy geheel en die gelowiges afsonderlik toe te rus en/of te lei om sy Godgegewe verantwoordelikheid na te kom.

15.7.3.3 Die inhoud en oogmerk van die bedieninge

Die verantwoordelikheid van al die gelowiges en dié van die besondere bedieninge vertoon self 'n besondere veelkantigheid wat saamgevat kan word in die feit dat dit veral gerig is op die gemeentes se innerlike lewe, die evangeliese waarheid waaraan hulle moet vashou en hulle getuienis teenoor die wêreld. Om hierdie rede speel die verkondiging van en die onderrig in die evangelie, soos dit deur die apostels oorgelewer is, in alle gevalle 'n baie groot rol (vgl Noordegraaf 1990:62 en Pelser 1994:314ev, 320). In byvoorbeeld Jakobus gaan dit oor onderrig ter wille van die gelowiges se geloofsgehoorsaamheid. In die Pastorale Briewe, 2 Petrus en Judas gaan die onderrig weer oor die standvastige vashou aan die inhoud van hulle geloof teenoor dwaalleer. By Paulus gaan dit oor ekstensiewe en intensiewe opbou van die gemeente. Efesiërs-Kolossense bespreek geloofsvolwassenheid teenoor dwaalleraars en die feit dat elke lidmaat sy gawe optimaal moet kan benut ter wille van die opbou van die geheel. In die Johannese geskrifte gaan dit daaroor dat die gelowiges by die waarheid sal bly en blywende vrugte van onderlinge liefde sal dra. In baie van hierdie tekeninge van die inhoud en oogmerk van die bedieninge speel die nagmaal ook 'n groot rol in enersyds die opbou van die gemeente, en andersyds sy herinnering aan die verlede en sy gerigtheid op die toekoms. Saam met die doop as inlywingsritueel en bevestiging van die deelwees aan die verbondsgemeenskap, is die nagmaal dus 'n sigbare en konkrete verkondiging van die

---

geskrifte waar daar nie spesifiek gepraat word van die verantwoordelikheid van almal nie, byvoorbeeld in 2 Petrus en Judas, is die gemeente as geheel in die oog, en nie spesifieke persone of bedieninge nie.

evangelie. Dit alles kan saamgevat word in die gedagte dat die gemeente as geheel en die lidmate afsonderlik deur die verkondiging van en die onderrig in die evangelie van Jesus Christus wat die bediening van die sakramente insluit, toegerus word sodat lidmaat en gemeente sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan nakom en die kerk se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word (vgl Schnackenburg 1974:183ev). Hiervoor word `n verskeidenheid bedieninge ingespan (Schweizer 1961:228).

15.7.3.5 `n Openheid tot verandering

In die Ou Testament en in Lukas-Handelinge is daar `n duidelike openheid om veranderinge in die besondere bedieninge aan te bring onder leiding van die Gees na gelang van die eise van omstandighede. Hierdie openheid kom verder in die Nuwe Testament na vore in die veelkantigheid wat geteken word (vgl Schweizer 1987:53). Dit is egter belangrik om te verstaan dat God die Outeur van die veranderinge is (Schweizer 1961:228; vgl Schnackenburg 1974:26) Dit is baie duidelik dat die besondere omstandighede van die gemeente, met die eise wat dit stel, `n groot rol gespeel het in watter bedieninge belangrik was en hoe hulle gefunksioneer het (vgl Giles 1995:187ev). In 2 Petrus en Judas word byvoorbeeld verwys na die gesag van die apostels se bediening in die lig van die dwaalleer wat die gemeentes bedreig. Die skrywer van Jakobus verwys na homself as `n leermeester en sy hele brief is onderrig aan die gemeente in die lig van sekere werklikhede. In die Pastorale Briewe speel Timoteus en Titus `n tydelike leidinggewende en toerustingsrol in `n noodsituasie waar gemeentes nie selfstandig genoeg is om weerstand teen dwaalleer te bied nie. Die wyse waarop die ander bedieninge hier geteken word, gaan meer oor vereistes waaraan hulle moet voldoen as oor hulle opdrag. In die lig van die dreigende dwaalleer en hulle heidense omgewing is die regte profiel belangrik. Die Pauliniese Briewe vertoon dieselfde soort openheid na gelang van die eise van omstandighede. Hier verdwyn die besondere bedieninge ook feitlik in die lig van Paulus se eie gesag as apostel en gesag van die briewe wat hy skryf. Die feit dat elke lidmaat `n plek en funksie in die gemeente het, speel ook hier `n rol. Hierdie openheid kom ook in die Ou Testament voor, waar die vestiging in Kanaän `n differensiasie in die middelaarsfiguur tot gevolg gehad het en die konings- en priesterfigure in die lig van bepaalde omstandighede veranderinge ondergaan het. Hiermee saam is dit insiggewend dat die profete-bediening na vore getree het met die opkoms van die monargie. Met die groter wordende moontlikheid van afgodediens wat die monargie met sy diplomatieke funksie met hom saamgebring het, moes die profete

juis as waghonde vir die konings optree. Hierdie openheid tot verandering verklaar moontlik ook die rede waarom die ouderlingbediening so `n groot veelkantigheid in die Nuwe Testament vertoon.

15.7.3.6 Charismatiese bedieninge

Alhoewel mense soms betrokke was by die aanwys en aanstel van persone tot besondere bedieninge[133] en daar soms sprake was van `n spesifieke profiel wat vereis word[134] is daar in alle gevalle sprake van `n charismatiese bediening[135] (vgl Schweizer 1987:53ev). Soms word dit soos in Paulus se geval as direkte gawes van die Gees (1 Korintiërs) of van God (Romeine) beskryf. In die Pastorale Briewe word die menslike handeling van amptelike ordening deur die kerk ten nouste verbind met die charismatiese gawe wat die betrokke persone vir hulle bediening ontvang het.[136] In Lukas-Handelinge speel die Heilige Gees feitlik altyd `n prominente rol wanneer gelowiges sekere persone aanwys en geskied die openheid om te verander ook onder sy leiding. In Matteus, Markus en Johannes is dit Jesus self wat spesifieke mense roep en aanstel of opdrag gee tot `n bepaalde bediening. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat God self altyd, of direk of op verskillende wyses deur ander mense, betrokke is by die skep van besondere bedieninge en/of die gee van spesifieke mense om daardie bediening uit te voer. Hieruit kan gesê word dat besondere bedieninge in die gemeentes God se gawe aan sy kerk is waardeur Hy vir sy kerk sorg en hom beskerm en waardeur Hy ook sy kerk instaat stel om sy opdrag uit te voer.

15.7.3.7 `n Nie-hiërargiese gemeenskap

In hierdie verband is dit verder duidelik dat die gemeentes (en ook die kerk as geheel), as nie-hiërargies beskou word.[137] Oënskynlik kon die apostels (Paulus ingereken) `n

---

[133] Lukas-Handelinge, die Pastorale Briewe en die Ou Testament

[134] Lukas-Handelinge, die Pastorale Briewe, die Pauliniese Briewe en die Ou Testament

[135] 2 Petrus en Judas is weer eens die uitsondering, alhoewel die verwysing na die apostels en hulle gesaghebbende bediening in die gemeentes wel kan dui op `n bewussyn van hulle charismatiese roeping en opdrag.

[136] Pelser (1994:319) is van mening dat die charismatiese, en daarmee saam die nie-hiërargiese aspek van die besondere bedieninge in die Pastorale Briewe, so ver op die agtergrond geraak het in vergelyking met byvoorbeeld die Pauliniese Briewe, dat daar gepraat kan word van die begin van `n agteruitgang (die sogenaamde vroeë katolisisme). Die wyse waarop die handoplegging egter die amptelike kerklike handeling en die toerusting deur die Gees met mekaar verbind, en die eiesoortige omstandighede van die verskillende korpusse, weerspreek die idee van enige agteruitgang. Dit is beter om beide as gegewe werklikhede te verreken in die vraag na die aard van die kerk se bediening.

[137] Wat die Ou Testament betref, funksioneer die leiersfigure, veral Moses, Josua en die konings, asook die priesters hiërargies. Dit is egter duidelik uit die feit dat hulle as middelaarsfigure tussen God en sy volk

hiërargiese posisie in die kerklike organisasie ingeneem het. Die feit dat dit egter baie duidelik 'n charismatiese bediening is en dat dit 'n unieke, nie-herhaalbare amp is, wys daarop dat dit maar een van die bedieninge in die kerk is wat God in bepaalde omstandighede gegee het. In Lukas-Handelinge byvoorbeeld, verdwyn Petrus, as leidinggewende apostel mettertyd van die toneel en later stel Paulus naamlose en gesiglose ouderlinge in die gemeentes aan om in sy plek leiding te neem. In die Pastorale Briewe is Timoteus en Titus, as gestuurde medewerkers van Paulus, slegs tydelike leiers wat die gemeentes tot selfstandigheid moet lei. In veral die Evangelies verteenwoordig die apostels (wat hier nog die dissipels genoem word) in 'n sekere sin die hele kerk. Ook die ouderlinge kan dalk op 'n meer hiërargiese struktuur dui, soos wat die term *episkopos* dalk impliseer. Daar is egter in baie gevalle sprake van 'n hele paar ouderlinge in die gemeente en soms word die hele gemeente in 'n brief aangespreek om te reageer, terwyl daar wel ouderlinge in die gemeente funksioneer. Die feit dat elke gelowige en die gemeentes as geheel bepaalde verantwoordelikhede en bedieninge het; dat daar geen eenvormigheid is wat die inhoud van die bediening van ouderling betref nie, en dat alle bedieninge, dus ook die van die ouderlinge, charismatiese bedieninge is, dui daarop dat die *presbuteros* of die *episkopos* nie een 'n hiërargiese plek in die gemeentes ingeneem het nie. Die beskouing van Markus dat enige leierskap in die kerk uit nederige dienslewering moet bestaan, wys ook duidelik dat die struktuur nie-hiërargies is (vgl Schweizer 1961:177evv). Al hierdie gegewens in ag genome, is die kerk en elke gemeente wel 'n teokrasie[138] waar God van mense gebruik maak om die gemeentes intensief deur onderrig in die waarheid en ekstensief deur verkondiging van die evangelie en getuienis, op te bou.

15.7.4 Spesifieke bedieninge

Daar is twee bedieninge wat redelik algemeen in die Nuwe Testamentiese geskrifte voorkom, naamlik die apostels[139] en die ouderlinge.[140]

---

funksioneer, dat Hyself die priesterbediening ingestel en gereël het en die leiersfigure direk of indirek aanstel dat die Ou Testament die teokrasie vooropstel. Wat die Nuwe Testament betref, is dit insiggewend dat Schnackenburg (1974:26-35) as Rooms-Katoliek, nie 'n hiërargiese kerkstruktuur sonder meer aflei uit die gegewens nie en op 'n versigtige manier die vraag oop laat, hoewel hy tog nie die idee laat vaar nie, soos dit blyk uit sy bespreking van die apostels, Paulus, die ouderlinge en Petrus.

[138] In byvoorbeeld Efesiërs-Kolossense, Matteus en Hebreërs kan dalk eerder van 'n christokrasie gepraat word, maar aangesien die Heilige Gees, wat deur Hom en die Vader gestuur is, byvoorbeeld in Lukas-Handelinge en die Johannese geskrifte die bediening en regering van Christus in sy kerk op aarde voortsit, is die keuse gemaak om van 'n teokrasie te praat.

[139] In Hebreërs en Jakobus word geen apostel genoem nie. In die Pastorale Briewe word Paulus as dié apostel geteken. In die Ou Testament word hulle uit die aard van die saak nie genoem nie, maar tog

15.7.4.1 Apostels

Die apostels, wat in sommige gevalle geïdentifiseer word met die twaalf dissipels van Jesus en in ander gevalle vir Paulus (en soms ook Barnabas insluit), word feitlik algemeen geteken as ooggetuies, en waar die dissipels self ter sprake is ook as oorgetuies, van Jesus (vgl Schweizer 1961:194ev). Dit is baie duidelik dat hulle as baie gesaghebbend beskou word, veral omdat hulle die draers is van dit wat hulle by Jesus geleer en van Hom gesien het, en wat oor die algemeen getipeer word as die leer van apostels. In die algemeen gesien vorm hierdie leer die norm vir die geloof en lewe van die gelowiges. Dit is dan ook hierin waar die apostels se blywende, gesaghebbende invloed in die universele kerk lê (vgl Schweizer 1961:196ev, 212ev). Uit die gegewens is dit duidelik hulle 'n unieke en nie-herhaalbare amp of bediening gevorm het. Daar word nêrens enige opvolgers vir hulle aangewys nie, behalwe dalk in die geval van Lukas-Handelinge waar Paulus ouderlinge in die gemeentes aanstel omdat hy self nie weer daar gaan kom nie. In die Johannese Briewe wil dit lyk asof die ouderling wat die briewe skryf, 'n dissipel van 'n ooggetuie van Jesus kon wees, maar ook hier is glad nie sprake van opvolging nie. Die unieke en gesaghebbende posisie wat die apostels in die kerk ingeneem het, leef dus voort in die evanglie van Jesus Christus wat hulle as erfenis aan die kerk nagelaat het. Dit is dan hierdie evangelie wat die gesaghebbende norm in die kerk is. Dit word bevestig deur die feit dat die apostels self onder die gesag van die Drie-enige God hulle bediening uitgevoer en die evangelie oorgedra het. Hulle is immers, verteenwoordigend van die hele kerk, deur Jesus geroep en uitgestuur en deur die Heilige Gees toegerus.

15.7.4.2 Ouderlinge

Die ouderlinge vertoon so 'n mate van veelkantigheid dat daar geen werklik samehangende prentjie van hulle geteken kan word nie. In Lukas-Handelinge word hulle dalk as opvolgers vir die apostels beskou en wat dus, soos die apostels, as draers van die getuienis oor Jesus in die gemeentes leiding moes neem in die afwesigheid van die apostels. In die Pastorale Briewe word hulle in die gemeentes aangestel om leiding te neem sodat die gemeentes meer selfstandig kan funksioneer. Hier moes hulle aan sekere vereistes voldoen en die profiel van die hoof van 'n uitgebreide huishouding vertoon. In

---

funksioneer hulle byvoorbeeld in Lukas-Handelinge, Markus en Matteus as verteenwoordigers van die twaalf stamme van Israel. In Openbaring word hulle net genoem as die pilare waarop die kerk gebou is.

Jakobus word slegs gesê dat hulle oor `n charismatiese bediening van genesing beskik het. In Openbaring word hulle in die hemel geteken as verteenwoordigers van die universele kerk voor God se troon. In al hierdie gevalle word in die meervoud oor hulle gepraat en soms ook met die wisselende terme van *presbuteros* en *episkopos*. In die Johannese briewe identifiseer die skrywer hom telkens as die *presbuteros* en is hy waarskynlik `n dissipel van `n ooggetuie van Jesus. Wat hulle funksies en opdrag in die gemeentes betref is daar ook `n bepaalde veelkantigheid te bespeur wat dit moeilik maak om dit presies vas te pen. By die leidinggewende en herderlike opdragte wat in baie gevalle deurskemer, kan onderrig in die evangelie dalk as die mees konstante funksie van die ouderlinge beskou word.

15.7.5 Die kerk is `n georganiseerde geheel - samevatting

Met al hierdie gegewens in gedagte kan die volgende as `n samevatting en basiese uiteensetting van die struktuur van die kerk gegee word soos die Skrif dit teken.

Geloof in Jesus Christus - in die Ou Testament die belydenis dat Jahwe God is - is as gawe van God die konstituerende element van die kerk. Dit vorm as`t ware die liggaam, trek die grens van die volk, bepaal wie deel van die huishouding is en maak iemand deel van die kudde. Die kerk, en Israel as volk voer egter nie as `n soort skeletlose massa `n bewegingloze bestaan in die wêreld nie - dit lê nie bloot soos `n jellievis en dril nie. Daar is `n skelet en senings wat van die liggaam `n beweeglike entiteit maak wat op `n dinamiese wyse beskermend, versorgend en skeppend kan optree; `n huishoudelike organisasie wat in plek is sodat die huishouding ordelik kan funksioneer en beskermend, versorgend kan optree en sy verantwoordelikhede in die samelewing kan nakom. Hierdie skelet of ordening kan vanuit die Skrif as volg beskryf word:

In die Ou Testament was daar drie basiese strukture wat moes sorg dat God se volk getrou bly aan hulle belydenis dat Jahwe hulle God is en dat hulle `n eiesoortige bestaan kon bly voer in die land wat Hy aan hulle belowe en gegee het. In die kultiese struktuur met sy aanbiddingsplek, offers en feeste het die priesters veral `n versoenings- en onderrigfunksie vervul, en moes hulle ook God se wil of woord bemiddel. In die regeringstruktuur het leiers- en koningsfigure die funksie gehad om die kultus te

---

[140] In Matteus, Markus, Hebreërs, 2 Petrus en Judas word ouderlinge glad nie genoem nie en by Paulus slegs in die brief aan die Fillipense.

beskerm, die regspraak te bevorder en te beskerm, die volk te red van hulle vyande en sorg te dra dat die volk veilig en dus versorg in die land bly. Deur die meer algemeen godsdienstige struktuur van die profeet en wysheidsleraar is God se woord en wil aan sy volk bedien of bemiddel sodat hulle steeds gehoorsaam by hulle belydenis aangaande Hom kon bly en in geregtigheid kon bly leef.

In die tyd van Jesus Christus se openbare optrede was Hy in sy persoon die skelet en is die verskillende strukture in die Ou Testament in werklikheid in Hom saamgetrek. Hy het die twaalf dissipels, as verteenwoordigend van die latere kerk geroep om Hom te volg. Hiermee saam het Hy hulle en die ander wat Hom gevolg het ook onderrig deur woord en daad. So het Hy met sy persoon, sy woorde en sy optrede sy dissipels aan Hom gebind as `n eiesoortige groep mense onder die Jode. Uiteindelik het Hy met sy dood en opstanding, asook die stuur van sy Gees, gesorg dat sy volgelinge in die wêreld kan leef as mense wat met God versoen en van hulle vyande verlos is. Diegene wat in Hom glo is nou deel van die kerk. Sy onderrig en optrede geld ook as beskerming vir sy mense in die sin dat hulle daardeur aan Hom vasgebind en weerbaar teen hulle vyande kan bly.

Na sy vertrek uit die wêreld was dit sy dissipels wat as die apostels onder leiding van die Heilige Gees die skelet of organisasie van die kerk gevorm het en wat dus moes sorg dat sy kerk getrou bly aan sy belydenis dat Jesus die Here is en dat hy `n eiesoortige bestaan kon bly voer in die wêreld. Alhoewel Jesus as persoon weg was, het Hy in die kerk voortgeleef deur sy Gees en in dit wat Hy geleer en gedoen het. As oog- en oorgetuies hiervan was die apostels die draers van die inhoud en betekenis hiervan. Hulle moes dit verkondig en die kerk hierin onderrig. Hulle was egter nie alleen die skelet nie. Die Heilige Gees wat deur God uitgestort is op sy kerk het hulle enersyds toegerus vir hulle roeping en andersyds gesorg dat dit wat hulle verkondig en onderrig in mense se lewens vrug dra. Terwyl die Heilige Gees steeds die kontinuïteit met Jesus Christus as skelet van die liggaam in die kerk deur eeue handhaaf, was die apostels bloot tydelike oorgangsfigure tussen die tyd van Jesus se aardse verblyf en die bedeling van die kerk.

Die apostels het mettertyd verdwyn. In hulle plek het `n hele verskeidenheid bedieninge onder aanwysing van God op die voorgrond getree. Midde in die groot veelkantigheid van die beeld wat hierdie bedieninge in die Nuwe Testament vertoon, staan die funksie om voort te gaan om dit wat die apostels oor Jesus Christus geleer en verkondig het, te

verkondig, sentraal. Saam met die deurlopende werk van die Heilige Gees was hulle die skelet wat van die liggaam `n beweeglike entiteit gemaak het sodat dit op `n dinamiese wyse beskermend, versorgend en skeppend kon optree. Anders gestel: Die Heilige Gees en die besondere bedieninge staan in kontinuïteit met Jesus Christus as die struktuur van die kerk wat moes sorg dat hy getrou bly aan sy belydenis dat Jesus die Here is, sodat hy afgegrens van, maar gerig op die wêreld, kan bly leef.

DEEL 3: KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES UIT DIE SKRIF

16. KERKORDELIKE IMPLIKASIES - `N INLEIDING

16.1 `N KERKORDE?

Voordat daar enigsins verder gegaan kan word, moet dit eers duidelik gestel word wat met die begrip "kerkorde" bedoel word. Terwyl daar teenoor Sohm en ander[141] gesê word dat orde deel is van die wese van die kerk,[142] gemotiveer vanuit die feit dat die kerk as volk van God vanuit sy aard `n gestruktureerde en sigbare historiese werklikheid is en dat die Skrif geen onderskeid tussen die kerk as organisme en as instituut maak nie[143] (§15.7; vgl Bouwman 1928:7), is dit nog nie gelyk te stel met `n kerkorde nie. Met die stelling dat orde deel van die wese van die kerk is, word bedoel dat die kerk nie anders kan as om georden te wees nie (vgl Coertzen 1991:48). Dit is eers wanneer gevra word hoe hierdie orde behoort te lyk, dat die vraag na `n kerkorde ter sprake kom. In hierdie verband is die onderskeiding tussen *ius constituendum*, as die reg soos dit behoort te wees of dan die ideale reg, en die *ius constitutum* as die reg soos dit op enige gegewe stadium is (Bouwmann 1928:2; Kleynhans 1982:5), aan die orde. Die ideale reg vra na die orde wat God vir sy kerk bedoel het. Met inagneming van die beperkings wat in die Verantwoording genoem word, is dit wat met hierdie studie beoog word. Die reg soos dit is, gaan oor die wyse waarop die kerk prakties in, en vir `n bepaalde plek en tyd gestruktureer en georganiseer word. Hierdie detailreëlings word dan in `n kerkorde saamgevat. Hiermee word twee dinge geïmpliseer. Eerstens is enige kerkorde altyd onvolmaak in die sin dat God se bedoeling nie realiseer nie en moet daar dus altyd na die

---

[141] Coertzen (1991:12-22) wy `n hele bespreking oor Rudolph Sohm as belangrikste eksponent, Emil Brunner, F en CA Schwarz en in navolging van hulle hier te lande Jan Grey wat almal op een of ander manier teen die geïnstitusionaliseerde kerk gekant is. Tiperend van hierdie siening is die bekende stelling van Sohm (1970:1) "Das kirchenrecht steht mit dem Wesen der Kirche in Widerspruch". Volgens hulle kerkbegrip is die ware *ekklesia* `n charismatiese- en liefdesgemeenskap en is vasgelegde strukture òf bloot `n uiterlike hulpmiddel vir die ware *ekklesia* òf selfs `n hindernis wat in die pad staan van die goeie funksionering van die kerk in die wêreld. Sohm (1970:698) sê dat die eerste gemeente `n suiwer geestelike kerk was aangesien Christus self die Here en Hoof van sy kerk was wat die gemeente deur die gawe van sy Gees, waarin almal gedeel het, gelei het. Dit het dus nie `n orde nodig gehad nie. Vanuit hierdie standpunt kan daar dan ook nie gevra word na God se orde vir sy kerk nie (Coertzen 1991:13).

[142] Coertzen (1991:2cvv) sê tereg dat die vraag of daar `n verband is tussen die wese van die kerk en die orde in die kerk `n baie belangrike vraag vir die kerkregtelike wetenskap én die kerklike praktyk is. Hy gee ook voorbeelde hoe verkeerde antwoorde op hierdie vraag al gelei het tot die aanvaarding van `n onregmatige inmenging deur die staat in die sake van die kerk, die burokratisering en demokratisering van die kerk en die ondeurdagte gebruikmaking van nie-kerklike reg om kerklike sake op te los. Hiermee saam waarsku hy dan oor die skadelike gevolge wat `n verkeerde interpretasie in hierdie verband kan hê en pleit vir die handhawing van `n teologies verantwoorde beskouing.

ideale orde gestreef word soos God dit bedoel het. Tweedens is enige kerkorde altyd tyd- en plekbepaald en moet daar in die soeke na die ideale orde ook gevra word hoe dit hier en nou neerslag moet vind. Uit beide hierdie implikasies kan gesê word dat die bekende kenmerk van 'n Skrifgegewe indikatief en imperatief ook vir 'n kerkorde geld (Coertzen 1991:111evv). Die kerk het die deurlopende verantwoordelikheid om die Godgegewe orde vir die kerk vir elke tyd en in elke situasie in biddende afhanklikheid en nederigheid te soek, en weer te soek (§15.7.3.5).

16.2 DIE DOEL VAN 'N KERKORDE

Nog 'n belangrike saak wat hier aandag moet kry in die lig van dit wat volg, is die vraag: Wat is die doel van 'n kerkorde? God het die kerk so geskep dat orde deel is van die wese daarvan sodat Hy sy doel daarmee kan bereik. 'n Kerkorde as praktiese neerslag van God se orde in en vir sy kerk, maak dit dan vir die kerk in die volste sin van die woord moontlik om as 'n sigbare en historiese werklikheid volk van God in en vir die wêreld te wees (Coertzen 1991:107; vgl §15.5, §15.6 en §15.7.3.3). 'n Kerkorde is dus noodsaaklik vir die funksionering van die kerk en hoort tot sy welwese (vgl Dreyer 2001:59evv, 66evv, 322ev, 325ev). Aan die ander kant moet daarteen gewaak word dat die kerklike ordening nie die kerk in sy funksionering rem nie, maar dit juis beskerm (vgl Coertzen 1991:22, 48 en Dingemans 1987:79). Dit hou in dat enige kerkorde nooit in die lug mag hang nie, maar altyd die praktiese werklikhede van die hede en situasie deeglik in sy vormgewing moet verreken, terwyl dit steeds die lig van God se Woord daarop laat val (vgl §15.7.3.5).

16.3 KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES

In Deel 1 en Deel 2 is streng met die Bybelse gegewens gewerk, en is daar as 'n gevolgtrekking 'n paar konstantes uitgehaal wat betrekking het op die kerk en sy orde. Soos hier bo gesê, is die formulering van hierdie konstantes deel van die soeke na die *ius constituendum* vir die kerk. Die uitdaging is nou as die volgende stap in hierdie soektog, om hierdie konstantes bruikbaar te maak vir die praktyk van kerklike ordening. Anders gestel: Dit gaan nou om die implikasies wat hierdie konstantes vir die orde van die kerk het. Die eerste hipotese wat in hierdie deel ondersoek word is die feit dat daar in die lig van die konstantes of die geheelbeeld van die kerk bepaalde sake is wat op een of ander

---

[143] Hier word uiteraard die kerk in sy aardse gestalte bedoel (vgl §17.1.1).

manier in alle kerklike ordening ter sprake behoort te kom om enersyds pragmatisme en willekeur te voorkom, maar andersyds ook die ruimte te skep vir verskeidenheid na die eise van plaaslike omstandighede. Hierdie is uiteraard `n hermeneutiese vraag. A.J. Bronkhorst het in sy proefskrif *Skrift en Kerkorde* vanuit `n eksegetiese studie oor die onderwerp twee "hermeneutiese" beginsels[144] gehaal, naamlik die nie-herhaalbaarheid van die apostelbediening en die sendingsituasie van die Nuwe Testamentiese kerk, wat volgens hom dit onmoontlik maak om `n kerkorde uit die Skrif vanuit wetenskaplike eksegese, gedefinieer as "dwingende, logisch-onontwykbare exegese op grond van taalkundige en historische gegevens" af te lei (Bronkhorst 1947:146ev). Alhoewel hy nie hiermee sê dat die Skrif glad nie vir kerklike ordening gebruik kan word nie en hy hiervoor dan `n teologiese eksegese bepleit wat nie vashaak by die historiese en taalkundige gegewens nie (Bronkhorst 1947:151, 165ev), het hy hiermee in feite die Bybelse gegewens vir kerklike ordening onbruikbaar gemaak. Uit hierdie hoek gesien, kan enige Bybelse gegewe wat iemand op `n stadium wil aanwend om `n kerklike orde aan die Skrif te anker, immers as `n subjektiewe keuse afgemaak word omdat iemand anders `n streep daardeur kan trek met die argument dat dit "net kon werk in die eerste eeuse sendingsituasie". Uiteraard is dit wat hy oor `n teologiese eksegese sê heeltemal waar en baie belangrik, maar enige eksegese wat die Bybel as die Woord van God ernstig neem, sal uiteraard by die vraag na die bedoeling van die skrywer ook die vraag na die bedoeling van die *Auctor Primarius* vra (vgl Bronkhorst 1947:151, 165ev) - nie net wat die Bybel in sy geheel betref nie, maar ook die afsonderlike korpusse. Alhoewel hierdie studie meer daarop konsentreer om vanuit `n bepaalde beeld van die kerk afleidings vir

[144] Die feit dat Bronkhorst (1947:149) in `n stelling in sy voorlopige balans dit duidelik uitspel dat elke afleiding van `n kerkorde uit die Nuwe Testament op `n teologies verantwoorde wyse rekening moet hou met die nie-herhaalbare posisie van die apostolaat en die Nuwe Testamentiese sendingsituasie, versterk die gedagte dat hierdie twee beginsels ook `n hermeneutiese funksie het. Alhoewel daar volmondig hiermee saamgestem kan word, word daar wel van Bronkhorst (1947:146ev) verskil wanneer hy dit gebruik as `n motivering waarom direkte afleidings vir `n kerkorde nie uit historiese en taalkundige eksegese gemaak kan word nie. In `n latere artikel (1992:46ev) verbreed hy wel hierdie twee beginsels tot vyf sake wat as, soos hy dit noem, "organisatorische grondstructuren" vanuit die Nuwe Testament afgelei kan word: die sentrale posisie van die apostels en Jerusalem as moedergemeente; die nabye wederkomsverwagting van die eerste gemeentes; die vraag oor die onderskeid tussen charismatiese en amptelike elemente in die bediening soos dit in Ef 4, 1 Kor 12 en Rom 12 geteken word; die feit dat geografiese werklikhede, gebrekkige kommunikasiemoontlikhede en die situasie van gemeentes eintlik in die rigting van `n kongregasionalistiese verband met die groot klem op die selfstandigheid van gemeentes dring; die verskille tussen Joodse en Hellenistiese organisasievorme wat in verskillende gemeentes neerslag gevind het. Hiermee saam kom hy dan met `n klompie praktiese sake wat of negatief of positief binne kerklike ordening neerslag moet vind (1992:47-56). Aangesien hierdie sake meer betrekking het op die praktiese implikasies van kerklike ordening, sal dit hieronder ter sprake gebring word waar en soos dit van toepassing is.

die praktyk van kerklike ordening te maak, en minder pertinent gebruik maak van teologiese konstruksies soos wat Bronkhorst (1947) gedoen het, is dit juis van die begin af `n ondersoek na die bedoeling van die *Auctor Primarius* met en vir sy kerk. Die konstantes wat na vore gekom het, is dan ook in `n sekere sin die minimum wat God bedoel het as breë lyne waarbinne sy kerk in enige stadium en plek kerk moet wees soos Hy dit bedoel het. En dit is alles direk uit die Skrif afgelei met behulp van goeie wetenskaplike eksegese.

Die implikasies vir `n kerkorde wat uit die konstantes afgelei gaan word, mag nie in die lug bly hang nie. Daarom gaan dit, as basiese riglyne wat oral en altyd in kerklike ordening behoort te geld, met praktiese voorbeelde toegelig en in gesprek met aktuele sake en heersende standpunte vanuit die kerklike wêreld gebring word. Dit hou in dat detailreëlings soms ook ter sprake sal kom, al is dit nie die oogmerk om `n kerkorde volledig uit te werk nie. Vanuit die konteks waarbinne die proefskrif sy beslag kry, sal die gereformeerde tradisie - en by name die stand van sake in die Ned Geref Kerk - sterker figureer. Die tweede hipotese wat in hierdie deel ondersoek word is dan ook die feit dat die kerklike ordening binne die gereformeerde tradisie en by name die Ned Geref Kerk wat sekere aspekte betref `n bepaalde eensydigheid vertoon wat enersyds wel `n regmatige refleksie is van die eise van omstandighede, maar andersyds in die lig van die konstantes of dan die geheelbeeld van die kerk tog gebreke vertoon wat aangespreek behoort te word. Die derde hipotese wat hier ondersoek word sluit hierby aan en stel dat die modelle vir kerklike ordening wat die afgelope dekade of wat onder andere in Ned Geref Kerk geledere vanuit die Diakonologie voorgestel word in die plek van die meer tradisionele vorme, in die lig van die konstantes eensydig is en plek-plek selfs op wankelrige Skriftuurlike bene staan.

17. GELOOF AS VOORWAARDE VIR LIDMAATSKAP

Binne die ruimte van die verbond is geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van `n gemeente en vorm dit die basis vir alle ander strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind. Dit kan saamgevat word as die geloofsidentiteit van die kerk. Dit veronderstel `n persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, `n instemming met die inhoud van die evangelie soos dit deur die kerk verstaan word, asook `n bereidheid om volgens die eise daarvan te leef.

17.1 DIE VEELKANTIGE DEBAT OOR LIDMAATSKAP

Alhoewel dit vir die kerk vanselfsprekend is dat geloof in Jesus Christus voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk moet wees, het dit egter - kerkordelik gesien - sy kwota vrae en probleme in die geskiedenis van die kerk opgelewer.

17.1.1 Die kerk as organisme en instituut?

Hierdie saak is deel van die eeue lange debat oor die kerk as organisme en instituut, en die vraag na die sigbare en onsigbare kerk. Alhoewel hierdie sake nêrens as 'n kwessie in die Skrif voorkom nie, is dit tog belangrik om iets hieroor te sê vanweë die huidige bestaanswêreld van die kerk met sy velerlei denominasies en geloofsgemeenskappe, elkeen met sy eie lidmaatregisters en struktuur. Kleynhans (1982:1-4) vat die algemene gereformeerde beskouing hieroor as volg saam. Hiervolgens is die onsigbare kerk "die kerk soos dit rus in Gods ewige verkiesing: Die Here alleen ken die wat syne is (2 Tim 2:19); soos dit sentraliseer om die hemelse heiligdom (Heb 12:22-24) waar Christus as Hoëpriester intree (Rom 8:34); en soos dit tot stand kom deur die verborge werkinge van die Heilige Gees". Dit gaan dus hier oor die kerk "soos hy bekend is voor God". Die sigbare kerk is dan die "vergestalting van die onsigbare kerk in die ruimte van die tyd", of te wel die kerk "soos hy bekend en sigbaar is voor die mense". Die sigbare kerk kan dan weer onderskei word in die begrippe instituut en organisme. Die kerk as organisme dui dan "op die gelowiges in hul optrede op elke terrein van die lewe", terwyl die geïnstitueerde kerk die georganiseerde kérklike lewe verteenwoordig - "die instituut met sy ampte en bedieninge, sy bepaalde orde en dissipline, en sy verhouding tot die owerheid en die wêreld". Hieruit volg dit dan dat beide die onsigbare kerk en die kerk as organisme nie uiterlik deur die kerkreg gereël kan word nie (Kleynhans 1982:4). Dit is reeds by die konstantes opgemerk dat die Skrif nie 'n onderskeid tussen die kerk as instituut en organisme ken nie (voetnota 128, §15.7). Die kerk, as volk van God in die wêreld, is na sy aard 'n gestruktureerde en sigbare historiese werklikheid (§15.7). Die belangrike vraag is egter: Waaruit bestaan hierdie struktuur, en waarin is sy sigbaarheid geleë? Vanuit die Skrif is dit duidelik dat dit nie oor lidmaatregisters, kerkgeboue, vergaderings en organigramme gaan nie. Waar mense in Jesus Christus glo en dit uitleef, verkondig en saam vergader, daar is die kerk sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig (§15.7.2). Daarom is dit 'n *contradictio in terminus* indien 'n persoon wat in Jesus Christus glo, nie by een of ander geloofsgemeenskap inskakel nie. Dit beteken dat gelowiges, soos die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 28 sê, verplig is om by die

ware kerk, of te wel die "heilige vergadering", aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar. Hieruit volg dit dat onderskeiding tussen die kerk as organisme en instituut waar slegs laasgenoemde kerkregtelik gereël kan word, op sy beste kunsmatig is. Geloof in Jesus Christus wat van die kerk `n sigbare en historiese werklikheid in die wêreld maak, is reeds `n grens en verteenwoordig dus `n struktuur wat kerkordelik gereël kan word (vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 1).

Die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk kan, wat die aardse gestalte van die kerk betref, gekwalifiseerd gehandhaaf word. Alhoewel dit nie as `n konstante na vore gekom het nie, is daar byvoorbeeld by Matteus (§3.2.7) die besef dat die kerk `n gemengde gemeenskap is deurdat ook mense wat nie werklik in geloof aan Jesus Christus verbonde is nie, deel van die sigbare kerk kan wees. Wie dus werklik tot die kerk van Jesus Christus in sy aardse gestalte behoort, weet slegs God. Heyns (1977:186) sê in hierdie verband dat diegene wat nie werklik in geloof aan Jesus Christus verbonde is nie, wel *in* die kerk is soos hy empiries waarneembaar is, maar tog nie *van* die kerk is nie. Volgens hom kan daar dan nie eintlik in hierdie sin van `n onsigbare kerk gepraat word nie. Tog kan dit nie so maklik deur mense waargeneem word wie *in* die kerk is sonder om *van* die kerk te wees nie (vgl §3.2.7). Menslik gesproke is daar dus ook `n onsigbare kant aan die kerk as `n historiese werklikheid in die wêreld.

17.1.2 Watter soort geloof is voorwaarde vir lidmaatskap?

Daar is in die teorie en praktyk verskille oor watter aspekte van geloof in Jesus Christus voorwaarde vir lidmaatskap is. In sommige kringe word volstaan met `n verklaring van `n persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, terwyl ander tevrede is met `n instemming met die belydenis van die kerk. Hier is die kwessie van die kerk as verbondsgemeenskap met die doop as inlywing in die kerk ook belangrik.

17.1.2.1 Die doop en lidmaatskap

Vir Dingemans (1987:154) is die doop die grondslag van kerklidmaatskap, en sê hy dat die kerk inderwaarheid slegs dooplidmate het. Hy grond dit daarop dat die doop in die Nuwe Testamentiese kerk die enigste sigbare teken was dat iemand aan Jesus Christus deelgekry en tot sy kerk toegetree het. Daar is geen twyfel nie dat die doop in die Nuwe Testament as `n sigbare inlywingsritueel in die gemeente gegeld het, en dus as onderskeidingsteken tussen diegene wat deel het aan die kerk, en diegene daarbuite

gedien het (§15.5; vgl ook §3.2.3, §5.4.2 en voetnota 102. §9.3.2). Die vraag is egter of dit wel die grondslag vir lidmaatskap is. Uit die Nuwe Testament blyk dit dat daar nêrens sprake is van die bediening van die doop sonder geloof in Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees in die individu se lewe nie (§6.3; §10.2). Trouens, in die Pauliniese Briewe is dit duidelik dat die doop eers deur die werking van die Gees praktiese werklikheid kry (§8.3.3). In die konstantes is dan ook gesê dat God sy kerk skep en onderhou deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof aan Jesus Christus vasbind (§15.2). Dit beteken die doop volg op 'n daad van God waardeur die individu reeds in die kerk ingesluit is. Die doop bevestig dus net iets wat reeds 'n gegewe is. Dit word onderstreep deur die manier waarop daar elders in die Nuwe Testament oor die doop gepraat word. In Matteus word die doop duidelik met geloofsgehoorsaamheid verbind (§3.2.3). Diegene wat gedoop is, moet geleer word om alles te onderhou wat Jesus beveel het (Mat 28:19ev). Beide gebeur egter binne die ruimte van die dissipelgemeenskap as volk van God. By Markus en Lukas-Handelinge word die doop met die verbond van God met sy volk verbind (§4.2.1; §5.4.6). Die doop bind dus gelowiges aan Jesus Christus én aan mekaar vas (§5.4.6) op grond van 'n verhouding wat reeds bestaan. Uit hierdie verskillende hoeke gesien, herinner dit wat oor die doop gesê word baie sterk aan die wyse waarop die Ou Testament oor die besnydenis praat. Ook die besnydenis is die inlywingsritueel in God se volk, geld as onderskeidingsteken tussen hulle en ander volke, en vind plaas binne die ruimte van Israel as verbondsgemeenskap (§2.2.2; §2.2.2.2). Dit is egter belangrik om te verstaan dat dit 'n inlywingsritueel was wat uitgevoer is op grond daarvan dat daar reeds 'n verbondsverhouding bestaan (§2.2.1.1). Binne die raamwerk van die verbond het die besnedenes enersyds met die sekerheid geleef dat die Here hulle God is met al die verbondsbeloftes wat daarmee saamgaan, maar was hulle andersyds verplig om volgens God se wet as sy verbondsvolk voor Hom in gehoorsaamheid te leef (§2.2.1.1; §2.2.2.1; §2.2.2.3). 'n Groot deel van die Christelike kerk hou tereg daaraan vas dat die doop in die plek van die besnydenis as teken van die verbond gekom het (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 34). Daarom doop hulle ook kinders van gelowige ouers (Bouwman 1934:236). Beide die besnydenis en die doop word derhalwe nou verbind met die feit dat God die oorsprong van die kerk is (§15.2). Dit is trouens 'n bevestiging van die inisiatief wat van God af uitgaan om sy kerk te skep en te onderhou deur mense in sy verbond in te sluit en hulle só deel van sy verbondsvolk te maak (vgl Bouwman 1934:233). Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking, blyk dit sonder twyfel dat die doop nie die grondslag vir lidmaatskap van die kerk is soos

Dingemans (1987:154) wil hê nie. Dit staan in die teken dat God self die grondslag vir gelowiges se lidmaatwees van die kerk is.

Die gereformeerde tradisie hou tereg steeds vas aan die doop as inlywingsritueel en onderskeidingsteken (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 74), asook aan dooplidmaatskap as volwaardige lidmaatskap (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:281ev; vgl Bouwman 1934:240). Dit hou ook daaraan vas dat dit steeds deur die werking van die Gees in die individu se lewe bevestig moet word (Bouwman 1934:241ev; vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:281ev). In beide die gevalle waar volwassenes en kinders gedoop word, is dit vir seker 'n uiterlike teken en bevestiging dat hulle lidmate van God se kerk is. Dit kan negatief gesien nog weerspreek word deurdat die gedoopte Jesus Christus verwerp, wat die verwerping van die belydenis en 'n ongehoorsame lewe insluit. Hy kan dus steeds sy doop weerspreek. Positief benader moet die gedoopte dus, van sy kant gesien, sy geloof, soos dit op die drieërlei wyse omskryf is, voortdurend bevestig deur dit uit te leef. In die gereformeerde tradisie kry gedoopte kinders die geleentheid om deur die openbare belydenis van geloof voor die gemeente, hulle geloofsantwoord amptelik in 'n erediens te verklaar. Daar word dus teenoor Dingemans (1987:154) vasgehou aan geloof as enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk, weliswaar as iets wat binne die ruimte van die verbond en op grond van God se inisiatief 'n werklikheid word en sigbaar deur die doop beseël is.

17.1.3 (Belydende) lidmaatskap en toelating tot die nagmaal

Die voorwaarde in die gereformeerde tradisie dat slegs belydende lidmate toegelaat word om nagmaal te gebruik, het onlangs onder die loep gekom. In gereformeerde kringe is die aflegging van belydenis van geloof van meet af veral met toelating tot die nagmaalstafel verbind (Pont 1981:245; Sadler 1991:69ev). Volgens Sadler (1991:70) was die wesenlike van die geloofsbelydenis vir Calvyn daarin geleë dat dit toegang verleen tot die tafel van die Here. Die Konvent van Wezel 1568 sê in artikel 87 "Men zal niemand tot des Heeren heiligen avondmaal toelaten, dan die vooraf belijdenis des geloof gedaan heeft en zich aan de kerkelijke tucht onderwerpt" (by Pont 1981:245; vgl ook die Dordtse Kerkorde 1618-19 artikel 61 by Pont 1981:183). Beide die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (artikel 61 by Spoelstra 1989:335) en die Gereformeerde Kerke in Nederland (in 1971) (artikels 75.1 en 75.2 by Nauta 1971:267) beskou die toelating tot die nagmaal as die enigste raamwerk waarbinne daar oor die aflegging van belydenis van geloof gepraat

word. Wat in effek gesê word, is dat die aflegging van geloofsbelydenis die gebruik van die nagmaal ten doel het. Dit was ook tot in 1998 die geval in die Ned Geref Kerk hier te lande. Die besluit van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1998 om dooplidmate toe te laat om nagmaal te gebruik voordat hulle belydenis van geloof afgelê het (Algemene Sinode Handelinge 1998b:432), het egter 'n wesenlike vraag laat ontstaan oor enersyds die sin van belydenisaflegging en andersyds die vereistes vir toelating om nagmaal te gebruik. Beide hierdie kwessies is ook belangrik vir die vraag na die geloofsidentiteit van die kerk.

17.1.3.1 Vereistes vir toelating om nagmaal te gebruik

Daar word veral uit 1 Kor 11 en die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 80 geredeneer dat daar 'n bepaalde onderskeidingsvermoë en die vermoë om selfondersoek te doen aanwesig moet wees by diegene wat toegelaat word om nagmaal te gebruik. As meer onlangse voorbeelde is by beide die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (artikel 61 by Spoelstra 1989:335) en die Gereformeerde Kerke in Nederland (in 1971) (artikels 75.1 en 75.2 by Nauta 1971:267) die toelating tot die nagmaal die enigste raamwerk waarbinne daar oor die aflegging van belydenis van geloof gepraat word. Hiermee saam word op die bedoeling van die nagmaal gewys, naamlik om diegene wat dit gebruik, se geloof te versterk. Dit is dan ook waarom toelating tot die nagmaal in gereformeerde kringe tradisioneel met aflegging van belydenis van geloof verbind is. Dit is insiggewend dat die verslag wat voor die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal gedien het, juis aan hierdie vereistes vasgehou het en tog die toelating tot die nagmaal losgemaak het van die aflegging van belydenis van geloof (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:116-121). Alhoewel die besluite wat uiteindelik geneem is nie presies volgens die oorspronklike aanbeveling is nie, het dit in wese aan hierdie toelatingsvereistes[145] vasgehou. Dit beteken dat diegene wat nagmaal mag gebruik, nie net dooplidmate van die gemeente moet wees nie, maar ook 'n persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus moet hê en instem met minstens bepaalde aspekte van die belydenis aangaande Hom. Alhoewel dit nie by die toelatingsvereistes vir die kindernagmaal so duidelik uitgespel is nie, word dit veronderstel dat

[145] "Die Algemene Sinode besluit dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word" (Ned Geref Kerk Handelinge 1998b:432). Hierby is ook besluit dat ouers die verantwoordelikheid het om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei (Ned Geref Kerk Handelinge 1998b:432).

geloofsgehoorsaamheid ook ter sprake is (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29 en Spoelstra 1989:337). Dit beteken op sy beurt dat daar by die gebruik van die nagmaal enersyds steeds vasgehou word aan die geloofsidentiteit van die kerk, en dat die bedoeling andersyds juis is dat dit ook deur die nagmaal versterk moet word (vgl Sadler 1991:69 en Spoelstra 1989:337). Die feit dat nagmaalgebruik losgemaak is van die aflegging van belydenis van geloof, het dus nie veel verskil aan hierdie aspek van die nagmaal gemaak nie.

17.1.3.2 Die sin van aflegging van belydenis van geloof

Soos reeds vermeld, is die toelating tot die nagmaal in gereformeerde kringe veral met belydenisaflegging verbind, en kan daar selfs uit kerkorde-artikels afgelei word dat dit die doel van belydenisaflegging is. Die besluit van die Algemene Sinode van 1998 oor die toelating van dooplidmate tot die nagmaal sonder dat hulle belydenis van geloof afgelê het, het die vraag laat ontstaan wat die sin daarvan is. Dit is interessant dat daar voor dieselfde Algemene Sinode 'n verslag oor lidmaatskap gedien het waarin belydenisaflegging onomwonde met die bevoegdheid om lidmaatsverantwoordelikhede na te kom, verbind word (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:281ev). 'n Besluit is geneem wat sê dat die verskil tussen dooplidmate en belydende lidmate 'n verskil in verantwoordelikheid is (Ned Geref Kerk Handelinge 1998b:454). In die verslag is ook uitdruklik gesê: "Lidmate wat gedoop is en die volle verantwoordelikheid van lidmaatskap kan aanvaar, lê in die openbaar belydenis van geloof af (belydende lidmaat)" (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:282). Hierdie is oënskynlik 'n radikale afwyking van die gereformeerde tradisie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit in die verbintenis tussen belydenisaflegging en nagmaal, eintlik oor die nagmaal gaan, en die vereistes om dit te mag gebruik. Daar sal dus wyer gekyk moet word. Indien 'n mens dan die vrae waarop in die Ned Geref Kerk geantwoord moet word by belydenisaflegging voor oë neem, bevestig dit eintlik dat hierdie verantwoordelikheid lankal reeds deel was van die denke oor belydenisaflegging (vgl *Formulier vir die openbare belydenis van geloof*, Handboek vir die erediens 1988:78ev en Sadler 1991:75ev). Die eerste en tweede vraag gaan oor die instemming met die evangelie soos dit deur die kerk verstaan word, die belofte dat daar hierby gehou en alles wat daarvan afwyk verwerp sal word. In die lig daarvan dat belydenisaflegging dit vir 'n lidmaat moontlik maak om sy kind te laat doop, kategetiese onderrig te gee en tot 'n besondere bediening verkies te word, impliseer hierdie twee vrae dat die lidmaat se geloofsidentiteit van so aard is dat hy bevoeg geag

word om hierdie verantwoordelikhede só na te kom dat hy die geloofsidentiteit van die kerk sal bevorder. Met die derde vraag word onder meer vereis dat die lidmaat die Here sal dien, sy Naam voor die mense sal bely en aktief aan die werksaamhede van die kerk sal deelneem. Ook hierdie vraag impliseer verantwoordelikhede wat nagekom moet word. Dieselfde geld vir die laaste vraag waar die lidmaat belowe dat hy hom aan die kerklike opsig en tug onderwerp. Met sy besluit om belydenisaflegging nie meer `n voorvereiste vir toelating tot die nagmaal te maak nie, het die Ned Geref Kerk al die aandag op die bevoegdheid om verantwoordelikhede as voorwaarde vir belydenisaflegging[146] na te kom, gevestig (Spies en Coertzen 1997:309) - `n saak wat in die praktyk implikasies het vir die kategese en die verantwoordelikhede van die kerkraad in hierdie verband.

17.1.4 Lidmaatskap en verskillende denominasies

Die bestaan van verskillende denominasies en geloofsgemeenskappe met hulle onderlinge verskille skep sy eie probleme. Spies en Coertzen (1997:307) merk op dat dit veel makliker sou wees indien daar net een kerk in `n bepaalde omgewing sou wees. Nou maak elkeen aanspraak daarop dat hy `n voortsetting van die Nuwe Testamentiese kerk en die draer van die evangeliese waarheid is, en dring daarop aan dat gelowiges by hom moet aansluit (vgl Wethmar 1993b:46). Dit skep op sy beurt probleme rondom die toepassing van die kenmerke van die ware en valse kerk soos dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29 uitgespel word, en raak dus die vraag na die geloofsidentiteit van die kerk (Wethmar 1993a:41ev). Dit is duidelik dat dit by lidmaatskap nie meer gaan oor die vraag of iemand tot die kerk behoort of nie, maar eerder oor die vraag aan watter kerk iemand behoort (Spies en Coertzen 1997:302). Die probleem word groter as mense om bepaalde redes, goed of sleg, aan die een kant nie meer tevrede is of tuisvoel in die bepaalde geloofsgemeenskap waarby hulle ingeskakel het nie, of andersyds deur die geloofsgemeenskap getug of selfs afgesny word. Lidmate wat van een denominasie na `n ander beweeg, en selfs deesdae binne die Ned Geref Kerk tussen gemeentes sonder dat hulle verhuis, is aan die orde van die dag. So het lidmaatskap dan uiteindelik in die teken van kerklike verdeeldheid kom staan in plaas van in die teken van die saambindende geloofsidentiteit van die kerk. Hierdie saak sal verder bespreek word by die vraag of

---

[146] Hiermee word nie bedoel om die laaste woord oor die einddoel van kategese te spreek nie. Daarvoor is selfs net die kwessie van "bevoegdheid om verantwoordelikhede na te kom" alreeds so veelkantig dat dit `n studie op sy eie regverdig (vgl Snyman 1991:136-141).

verskille tussen mense ook as voorwaarde vir lidmaatskap kan geld, en tweedens by die kwessie van gemeentegrense.

17.2 GELOOF IN JESUS CHRISTUS AS DIE KERK SE IDENTITEIT

17.2.1 Persoonlike geloof as identiteit

Geloof in Jesus Christus as enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap is in die eerste plek 'n persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus (§15.2) wat volgens die Johannese geskrifte allesbepalend is vir die vraag of die individu deel is van die gemeenskap al dan nie[147] (§6.3). By die Pauliniese Briewe is gewys op die intense persoonlike aard van die individu se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus (§8.1; §8.4). Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat in artikel 27 in presies dieselfde terme wanneer gesê word dat die kerk waaraan ons glo 'n heilige vergadering is "van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees". Dieselfde word ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29 gehoor wanneer daar in die konteks van die kenmerke van die ware kerk gesê word dat die lidmate van die kerk onder meer uitgeken word aan hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het. Spoelstra (1989:338ev) meen dat daar in die kerk eerder van "gelowiges" of "broeders" en "susters" gepraat moet word as van "lidmate". Sy beswaar handel daaroor dat "lidmaatskap" verbind word aan 'n vereniging of 'n instituut, terwyl die verhouding tot Christus die bepalende norm is en nie die verhouding tot die instituut nie. Hy is reg dat die verhouding tot Christus die bepalende norm is, maar om dit teenoor "lidmaatskap" van die instituut te stel, is om 'n onregmatige onderskeid tussen die kerk as instituut en organisme te tref, en so 'n onderskeid is alreeds afgewys[148] (§17.1.1). Geloof in Jesus Christus is om reeds deel te wees van die kerk wat na sy aard georden is (§16.1; vgl Spies en Coertzen 1997:304). Hierdie aspek van geloof is noodwendig 'n subjektiewe

---

[147] Hiermee word nie bedoel dat kerk sy oorsprong het in menslike geloof nie. Dit is God wat self sy kerk skep en onderhou deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof vasbind aan Jesus Christus (§15.2; Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 54; Kleynhans 1982:31ev, 35).

[148] Sadler (1991:66) wys daarop dat Spoelstra (1989:338ev) se besware teen "lidmaatskap" ernstig bejeën moet word, omdat dit dien as waarskuwing dat die kerkregtelik-gereëlde instituut nie bo die liggaam van Christus beklemtoon moet word nie, en dat lidmaatskap van die kerk alleen eg kan wees as dit daarop berus dat die lidmaat deur die geloof in Christus ook lid van sy liggaam is. Dit is uiteraard wesenlik dat die vertrekpunt vir kerklidmaatskap 'n persoon se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus moet wees, maar dit is onnodig om die onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk, asook die onderskeid tussen die kerk as instituut en as organisme, op die spits te dryf asof dit op 'n manier teenoor mekaar staan. Die feit is dat die kerk as organisme sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig is, en dat dit juis lidmate se persoonlike geloof in Jesus Christus is wat dit sigbaar maak en struktuur gee (§17; §17.1.1).

aangeleentheid wat baie moeilik deur die kerk op `n objektiewe manier beoordeel kan word. Aangesien dit tog eintlik is waaroor dit gaan, sal kerklike ordening altyd hierdie aspek van geloof moet bly verreken, hoe moeilik dit ook al in die praktyk meetbaar is (Sadler 1991:70). Dit is daarom belangrik dat die Ned Geref Kerk in sy *Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof* tog van diegene wat dit aflê, vereis om te verklaar dat hulle in die Here Jesus Christus as persoonlike Verlosser glo en Hom liefhet[149] (vgl Handboek vir die erediens 1988:79). Omdat dit egter moeilik is om hierdie persoonlike aspek van geloof objektief te beoordeel, is die meer objektiewe vrae oor wát geglo word en watter geloofsvrug in die individu se lewe gedra word, ook vir die kerk belangrik ten opsigte van lidmaatskap en geloofsidentiteit.

17.2.2 Instemming met die belydenis as identiteit

Geloof in Jesus Christus as enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap is in die tweede plek `n instemming met die evangelie soos dit deur die kerk verstaan word. Hierdie aspek van geloof loop soos `n goue draad deur die Skrif (§15.5). Vir Israel het dit gelê in die belydenis dat Jahwe, wat Homself aan Moses geopenbaar het as die God van hulle voorvaders, hulle God is. In Lukas-Handelinge, die Tweede Brief van Petrus en die Brief van Judas, gaan dit kennelik oor die vashou aan die inhoud van die tradisie aangaande Jesus Christus wat deur die Heilige Gees voortgebring en deur die apostels aan die gemeente oorgelewer is (§5.6.2; §14.3.2). Dit is volgens Wethmar (1993b:50) tereg die getuienis van die apostels wat die neerslag is van die oorspronklike teenwoordigheid van Christus in die wêreld. Die kerk bely dan ook van baie vroeg in sy geskiedenis af dat hy gegrond is op die leer van die apostels (Die Geloofsbelydenis van Nicéa; Kleynhans 1982:40evv). Wethmar (1993b:51) sê na aanleiding hiervan dat dit eintlik `n toutologie is om van die belydende kerk te praat, aangesien die inhoud van die kerk se geloof die wyse is waarop hy bestaan.

Dit is reeds in die Skrif (vgl Hand 15, 1 Joh 2:18-27 en baie ander), maar ook uit die kerkgeskiedenis duidelik dat die vraag na die inhoud van die geloof, of dan die

[149] Die Gereformeerde Kerke in Nederland het in artikel 75.2 van hulle Kerkorde bepaal dat voordat iemand toegelaat word om belydenis van geloof af te lê, daar onder andere deur die Kerkraad ondersoek ingestel moet word na die beweegredes vir sy versoek om dit te doen (Nauta 1971:267). Nauta (1971:268ev) sê dat die ingeboude voorwaarde inhou dat die aflegging van belydenis van geloof "niet mag worden beschouwd als een vaste kerklike zede", maar spruit uit die wesenlike belangrikheid dat belydenisaflegging ook `n persoonlike beslissing behels. Hiermee kan volmondig saamgestem word, alhoewel dit jammer is dat hy nie iets gesê het oor die inhoud van die persoonlike beslissing nie.

geloofsidentiteit van die kerk, sy eie probleme opgelewer het. Verskille oor belangrike geloofsake het die kerk nog altyd genoop om helderheid en sekerheid te kry oor die wyse waarop die Skrif oor die sake in dispuut verstaan moet word. Dit het dan op sy beurt meermale tot belydenisvorming gelei, wat dan - positief gesien - minstens teoreties die grense tussen die ware kerk en die dwaalleraars getrek het (vgl Wethmar 1993a:40evv). Negatief gesien het belydenisvorming in die lig van dispute oor die waarheid egter ook tot die vorming van verskillende denominasies gelei, dikwels op grond van minder belangrike verskille. Hierdie ontwikkeling het meegebring dat instemming met die belydenis van die kerk, of te wel die evangelie van Jesus Christus soos die kerk dit verstaan, `n belangrike voorwaarde vir lidmaatskap in baie kerke geword het. Trouens, juis die manier waarop die Nuwe Testament oor dié dwaalleer praat wat die hart van die evangelie raak,[150] maak dit noodsaaklik dat instemming met die belydenis van die kerk as voorwaarde vir lidmaatskap belangrik is vir die orde in, en van die kerk. Hoe anders word die grens tussen die ware kerk en die dwaalleraars dan getrek? Die gereformeerde tradisie, met sy klem op die Woord as heilsmiddel, het in hierdie verband dit tereg uitgespel dat die kenmerke waaraan die ware kerk uitgeken kan word, behels dat die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien, en die kerklike tug gebruik om sondes te straf[151] (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29). Hierdie kenmerke moet dan ook so aangewend word dat die kerk onder die heerskappy van Christus kan bly (Wethmar 1993b:46). Gereformeerdes gebruik kerklike tug om dwaalleer te bestry, soos dit blyk uit vele gereformeerde kerkordes[152] (vgl artikel 60.1 en die hele artikel 62 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1998). Dooplidmate kan selfs van belydenisaflegging weerhou word indien hulle in `n dwaalleer volhard. Die gereformeerde tradisie lê in sy kategese ook sterk klem op die onderrig in die leer van die

---

[150] As een van baie voorbeelde skryf Paulus aan die gemeente in Filippi: "Pas op vir daardie dwaalleraars (die Grieks kan letterlik met honde vertaal word - *my opmerking AC*); pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!" (Fil 3:2).

[151] Wethmar (1993a:41ev) wys daarop dat die onderskeiding tussen die ware en valse kerk `n probleem geword het in `n situasie waar die veelheid van kerke gemaklik aanvaar word. Dan funksioneer die kenmerke van die ware kerk "nie meer om `n onderskeid tussen die ware en valse kerk aan te dui nie, maar dien slegs as `n graadmeter van die mindere of meerdere mate van suiwerheid waaraan kerkgenootskappe deel het" (Wethmar 1993a:42). Wethmar (1993b:46) sê ook dat die kenmerke terselfdertyd ook nie gebruik mag word om kerklike eksklusiwiteit te bevorder nie, in die sin dat `n bepaalde kerk homself op grond hiervan beskou as die enigste ware kerk. Beide hierdie probleme sal in die ordening van die kerk veral by ekumeniese verhoudinge in berekening gebring moet word.

[152] In die bespreking van die kerk in die Evangelie volgens Matteus het dit duidelik geword dat die kerk ook `n gemeenskap is wat gekenmerk word deur besorgdheid oor mekaar se verbondenheid aan Jesus Christus en deur vergifnis. Dit word gefundeer vanuit Mat 18:12-17 waar dit eers gaan oor die "gaan soek na die verlore skaap en die blydskap oor sy terugkeer" en dan "Wanneer jou broer verkeerd opgetree het

kerk. In die *Formulier vir die openbare belydenis van geloof* van die Ned Geref Kerk moet diegene wat belydenis van hulle geloof doen, ook bevestigend antwoord op onder andere die volgende vrae: "Glo jy dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?; Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?; Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsig en tug?" (Handboek vir die erediens 1988:78ev).

Dit is belangrik om hier op te merk dat die geloofsidentiteit van die kerk soos dit na vore kom in enersyds die Woord van God en andersyds die belydenis as die wyse waarop die kerk die Woord verstaan en dit op `n bepaalde tyd en plek tot gelding kom (Wethmar 1993b:53), altyd in die spanningsveld sal staan van `n voortdurende reformasie[153] (vgl §15.7.3.5). In die lig van telkens nuwe geloofsvrae, sal die kerklike belydenis as *norma normata* altyd weer aan die Skrif as *norma normans* getoets moet word (Wethmar 1993b:50). Hiermee saam moet egter beklemtoon word dat die kerklike belydenis as *norma normata* ook `n duursame karakter moet hê (vgl §20.2.2.1). Beide hierdie sake sal in die orde van die kerk neerslag moet vind ter wille van die helderheid en aktualiteit van die geloofsidentiteit van die kerk.

17.2.3 Gehoorsaamheid as identiteit

Geloof in Jesus Christus as enigste voorwaarde vir kerklidmaatskap is in die derde plek `n bereidheid om volgens die eise van die evangelie te leef. `n Leefwyse van gehoorsaamheid aan God was in die Nuwe Testamentiese kerk saam met die instemming met die belydenis van die kerk, `n toetssteen vir die individu se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus (§15.5). In die Ou Testament was die wet Jahwe se genadegawe aan sy volk sodat hulle aan Hom as die Verbondsgod getrou kon bly en só sy volk kon bly

---

teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen" (§3.2.6).

[153] Alhoewel dit nie uitdruklik as `n konstante na vore gekom het nie, is dit reeds in die veelkantige beeld wat van die kerk vanuit die verskillende korpusse in die Nuwe Testament op die voorgrond getree het, duidelik dat verskillende omstandighede en die verloop van tyd gemeentes genoop het om dieselfde waarhede oor die kerk op verskillende maniere te sê. Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat dit ook geld vir dit wat aan die hart van die evangelie lê. Die feit is dat dit ook waar is van die Drie Formuliere van Eenheid (§20.2.2.1). Dit is egter ook so dat die oorgelewerde tradisie van die apostels in die Openbaring van Johannes en die Pastorale Briewe so funksioneer dat dit veral in die lig van die bedreiging van dwaalleringe nie geherinterpreteer hoef te word nie (§7.2.4; §10.3).

(§2.2.2.3). Wethmar (1993a:40) sê dat die ware geloof nie net in die leer tot uitdrukking kom nie "maar ook in `n aan die leer korresponderende lewe", wat ook uitdrukking vind in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat as kenmerke van Christene noem dat hulle mense is wat die sonde ontvlug, hulle sondige natuur met sy werke kruisig en die geregtigheid najaag (vgl ook Sadler 1991:76).

In die Ned Geref Kerk word hierdie aspek van geloof eerstens amptelik by die aflegging van belydenis van geloof, waar van die lidmaat vereis word om te belooi dat hy die Here sal dien, te berde gebring (vgl artikel 75.2 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland by Nauta 1971:267 en artikel 61 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by Spoelstra 1989:335). In die tweede plek word geloofsgehoorsaamheid in verband met die nagmaalviering so gebruik dat elke lidmaat opgeroep word om oor sy sondes na te dink, dit te bely en daarna met nuwe toewyding te lewe (*Formulier vir die bediening van die nagmaal*, Die handboek vir die erediens 1988:83ev). In die derde plek het die Ned Geref Kerk in die voetspoor van die gereformeerde tradisie ook die kerklike tug ingespan om dwalinge in hierdie verband te bestry (vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c: artikel 60.1 en die hele artikel 62) en is dit `n saak wat steeds met erns in die ordening van die kerk hanteer moet word.

17.2.4 Geloof as énigste voorwaarde vir lidmaatskap

Die feit dat geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die gemeente kan wees, is baie belangrik vir enige kerklike ordening. `n Kerkorde wat enige ander beperking vir lidmaatskap oplê, sê in wese dat daardie beperking saam met geloof `n voorwaarde is vir die insluiting in die liggaam van Christus. Dit is dus in stryd met die Skrif wat hierdie saak betref (Spies en Coertzen 1997:304). Alhoewel dit nie as `n konstante na vore gekom het nie, is dit selfs uit die Ou Testament duidelik dat etnisiteit, klas en geslag nie `n rol mag speel in die vraag of iemand tot die geloofsgemeenskap behoort of nie (§2.2.3). Ondanks die feit dat bloedverwantskap baie belangrik was, was daar immers `n openheid om mense uit ander volke te aanvaar as hulle ingestem het tot die belydenis aangaande Jahwe, en die wyse waarop Hy aanbid moet word, aanvaar het. Dieselfde blyk ook uit die Evangelie volgens Matteus, Lukas-Handelinge en die Pauliniese Briewe (§3.2.5; §5.4.2; §8.3.3). Uit Hand 15 is dit ook duidelik dat die besnydenis as bykomende voorwaarde die geloofsidentiteit en -eenheid van die kerk bedreig het. Die gemaklike aanvaarding van verskillende denominasies se bestaan

(vgl.Wethmar 1993a:41ev) en die eksklusiwiteit wat soms daarmee gepaard gaan (vgl Wethmar 1993b:46 en §17.1.4), wys daarop dat dit nie altyd genoeg raakgesien is dat daar geen bykomende voorwaardes vir lidmaatskap mag wees nie. 'n Goeie voorbeeld is die gebruik wat tot 'n paar dekades gelede in Ned Geref Kerk gevolg is dat anderskleuriges nie lidmate van die Ned Geref-gemeentes kon wees nie, en selfs in baie gevalle nie eers toegelaat is om eredienste van die Ned Geref-gemeentes by te woon nie (Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat Kerkorde 1960:artikel 3: Ras, volk en nasie 1974:46ev). Dit is jammer dat die regstelling hiervan in sommige kringe 'n politieke kleur gekry het, en ook tot 'n kerkskeuring gelei het, met 'n bykomende eksklusiewe denominasie as resultaat (Afrikaanse Protestantse Kerk Kerkorde 1992:artikel 3).

17.2.5 Geloofsidentiteit is wesenlik vir die kerk se bestaan

Wat ook vir kerklike ordening belangrik is, en daaraan is reeds geraak met die verwysing na die kenmerke van die ware kerk, is dat geloof in Jesus Christus, soos dit op die driërlei wyse omskryf is, as die enigste voorwaarde vir lidmaatskap nie net individue se geloof raak nie, maar ook die kerk as geheel. Dit vorm in werklikheid die identiteit van die kerk (§15.5). Dit is net in geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, in instemming met die waarheid van die evangelie en 'n gehoorsame leefwyse dat die kerk instrument in God se hand kan wees en uiteindelik kerk van God bly. Dit is wat die kerk onderskei van enige ander samelewingsverband en die grens trek tussen wie tot die kerk behoort en wie nie. Wethmar (1993a:40) sê in hierdie verband dat "wanneer gesê word dat die katolisiteit (van die kerk – *my hakies - AC*) deur die eenheid van die ware geloof tot stand kom, dui dit daarop dat die kwantitatiewe katolisiteit bepaal word deur die kwalitatiewe katolisiteit". Hierdie geloofsidentiteit bepaal ook die aard van die kerk en die wyse waarop dit georden word in onderskeiding van ander samelewingsverbande en groeperinge. In werklikheid is die wesenlike eenheid van die kerk hierin geleë. Kerklike ordening moet deeglik hiermee rekening hou. Geloof in Jesus Christus is die enigste basis of grondslag vir die kerk, en dus vir alle strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind, sowel as vir die volle omvang van die arbeid van die kerk. In hierdie verband kan die kerk se geloofsidentiteit dan gelyk gestel word met sy apostolisiteit.

Daarom is dit lofwaardig dat die Ned Geref Kerk (1998c) in die eerste twee artikels van sy Kerkorde hierdie grondslag duidelik uitspel: "Artikel 1: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van

God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. Artikel 2: Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis. Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite".[154]

17.3 HOE GEMAAK MET VERSKILLE TUSSEN MENSE?

Terwyl geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van `n gemeente is, kan verskille tussen mense wel kerklike ordening beïnvloed op voorwaarde dat dit gaan oor middelmatige sake, die goeie deurwerking van die Woord in mense se lewens dien, en nie verdelend werk nie.

Terwyl geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van `n gemeente is, dwing die brandende vraag wat al meer as 'n anderhalfeeu in Suid-Afrika onder bespreking is, homself na vore - naamlik of verskille in taal, kultuur, bedieningsbehoeftes, spiritualiteit, geslag en dies meer wel in berekening gebring mag word in die ordening van die kerk of die gemeente (vgl §17.1.4, §17.2.4 en Hendriks 1996:386). En indien wel, in watter mate en in watter vorm?

17.3.1 Wesenlike en middelmatige sake

Om mee te begin, word verwys na `n saak wat nie as `n konstante na vore gekom het nie, maar wat wel in die hart gelê het van enersyds die vraag of iets anders bygevoeg mag word by geloof in Jesus Christus as voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk, en andersyds die wesenlike saak van die eenheid van die kerk, naamlik die besnydenis-kwessie wat in Hand 15 aan die orde kom (§5.4.7). Die uitsluitsel oor hierdie bekende saak was dat daar nie van heidene verwag kon word om besny te word wanneer hulle

[154] Artikel 1 is sover vasgestel kan word uniek, maar Artikel 2 kom reeds in die Weselse artikels van 1568 (Biesterveld en Kuyper 1905:1) voor, asook byvoorbeeld in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland van 1959 (Nauta 1971:43).

Christene word nie omdat daar geen ander voorwaarde vir verlossing kan wees as geloof in Jesus Christus nie. Tog is daar as 'n kompromis van die Christene uit die heidendom verwag om hulle te hou aan bepaalde Joodse wetsvoorskrifte. Dit is belangrik om raak te sien dat die besnydenisvraag ook 'n vraag na die mens se saligheid was, terwyl saligheid nie by die toegewings wat gevra is ter sprake gekom het nie. Hierdie selfde soort onderskeiding het in die gereformeerde tradisie na vore gekom as wesenlike en middelmatige sake (Kleynhans 1985:161; vgl Spoelstra 1989:192, 237). 'n Wesenlike saak is hiervolgens iets wat uitdruklik op Skrifuitsprake en beginsels rus, terwyl 'n middelmatige saak iets is waarvoor daar nie in die Skrif direkte voorskrifte te vind is nie. Dit is egter 'n vraag of alle sake wat op Skrifbeginsels berus wesenlike sake is. Uit die voorbeeld van Hand 15 sou eerder gesê kan word dat 'n wesenlike saak dit is wat in die hart van die evangelie lê en dus handel met die kernsake van die geloof. Die feit dat geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk is, wat benewens die voorbeeld hierbo meermale in die Skrif ter sake is waar die waarheid van evangelie verdedig word teenoor dwaalleringe en dwaaleraars, is so 'n kernsaak wat in wese ononderhandelbaar is (§15.5). Verskille hieroor gaan immers oor die vraag of iemand tot die ware kerk behoort, al dan nie. Aangesien geloof in Jesus Christus die énigste voorwaarde vir lidmaatskap is, is verskille tussen mense wat nie geloof as enigste voorwaarde in gedrang bring nie, in werklikheid middelmatige sake. Die vraag is nou of 'n middelmatige saak soos verskille tussen mense wat nie geloof as enigste voorwaarde in gedrang bring nie wel kerklike ordening mag beïnvloed.[155]

17.3.2 Openheid vir verandering

Die tweede aspek wat in hierdie vraag na vore kom, is die konstante dat die kerk in die Skrif 'n bepaalde openheid vir verandering vertoon soos dit onder andere blyk uit die duidelike veelkantige beeld van die kerk wat in die Skrif geteken word het (§15.7.3.5). Verskillende omstandighede en uitdagings het verskillende eise aan gelowiges gestel om getrou aan God te bly en as kerk hulle roeping na te kom. Hiermee is minstens in beginsel ruimte gelaat dat verskille tussen mense wel 'n invloed op kerklike ordening kan hê. Saamgelees met die kwessie van wesenlike en middelmatige sake, is die vraag dan nou watter verskille 'n invloed mag hê en tot watter mate. As 'n enkele voorbeeld kan in

[155] Aangesien dit by die vraag oor die invloed van verskille tussen mense op die kerklike ordening eintlik gaan oor 'n middelmatige saak moet daar ook gewaak word dat die debat oor die hantering van hierdie verskille self nie 'n te groot saak word wat geweldig baie tyd en energie opneem en die aandag aftrek van

hierdie stadium gevra word of die argument dat verskille in bedieningsbehoeftes en spiritualiteit dit noodsaaklik maak dat mense by gemeentes wat hulle pas moet kan inskakel, soos wat Dingemans (1987:60-65) bepleit, werklik soveel gewig dra (vgl Hendriks 1997:35ev en Nel 1986:18).

17.3.3 Die deurwerk van die evangelie in mense en gemeentes se lewe as riglyn

`n Derde aspek wat in hierdie vraag na vore kom, raak die individu se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus soos dit op die drieërlei wyse omskryf is wesenlik, en sluit aan by die kwessie van wesenlike en middelmatige sake (vgl §17.2 en §17.3.1). Hierbo is gemeld dat geloof in Jesus Christus `n wesenlike saak is. Die belangrike vraag is nou of `n bepaalde verskil tussen mense `n situasie kan veroorsaak waar hierdie geloof in gedrang gebring kan word. Of om dit anders te vra: in watter mate beïnvloed die verskil die deurwerking van die evangelie in `n individu se lewe. Dit raak uiteraard mense se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, hulle instemming met die belydenis en hulle geloofsgehoorsaamheid. Dit raak dus ook die kerk se geloofsidentiteit.

17.3.3.1 Taalverskille as voorbeeld

`n Enkele aktuele voorbeeld is die verskil in taal. Dit is logies dat iemand wat nie die verkondigde Woord verstaan nie, dit ook nie kan glo nie en ook nie daardeur in geloof opgebou kan word nie (vgl Rom 10:14). Daarom sou dit nie verkeerd wees nie indien kerklike ordening ruimte laat vir taalverskille (Spies en Coertzen 1997:307). Twee goeie voorbeelde uit die geskiedenis is eerstens dat die Nederlandse Kerke in 1571 by die Nasionale Sinode in Emden verklaar het dat hulle een met die Franse gereformeerdes is omdat hulle Nederlandse Geloofsbelydenis uit 1561 inhoudelik ooreenstem met die Franse *Confessio Gallicana* uit 1559 (Acta van die Nasionale Sinode van Emden 1571 artikel 2 in Pont 1981:103). Alhoewel hulle dieselfde geloofsidentiteit gedeel het en beide oortuig was van die noodsaak van sinodale verbande, het dit egter nooit tot een kerkstruktuur gelei nie omdat taal- en geografiese verskille dit verhoed het (Strauss 2001:397). Daar is ook nie `n ophef van gemaak nie. Die tweede voorbeeld is die Franssprekende gemeentes wat in die Waalse Klassis gegroepeer is, terwyl hulle deel gevorm het van `n oorwegend Nederlandssprekende Sinode. In Botswana het die Dutch

---

die kerk se eintlik taak en roeping nie.

Reformed Church Gemeente Gaborone in `n stadium Tswana, Afrikaanse en Engelse eredienste gehou om al sy lidmate te akkommodeer. In baie ander gemeentes word tolke in eredienste ingespan sodat almal die verkondiging van die Woord met gemak kan volg. Hier te lande is daar Engels-, Nederlands- en Portugeessprekende gemeentes wat as kategoriale gemeentes tussen ander gemeentes bestaan.

Dippenaar (1992:544-547) betrek taal- en kultuurverskille by die besnydenis-kwessie waarvan Hand 15 berig, en veronderstel dat `n moontlike oplossing vir die probleem in Antiogië twee afsonderlike gemeentes sou wees. Aan die een kant sou die Arameessprekende Jode uit Jerusalem in hulle moedertaal bedien kon word, sou hulle kon vashou aan die Joodse seremoniële wette, en sou hulle die besnydenis kon toepas. Aan die ander kant sou die Christene uit die heidendom in hulle moedertaal bedien kon word en binne die ruimte van hulle kultuur hulle geloof uitleef. Hy vind die vergadering se besluit prysenswaardig en sê die volgende daaroor: "... hulle neem in werklikheid `n kompromisbesluit (vgl Hd 15:28-29) wat by implikasie daarop ingestel is om: die verskillende bedieningsbehoeftes van mense uit verskillende kultuuragtergronde te akkommodeer binne één gesamentlike gemeente, en dus die sigbare, institutêre eenheid van die kerk ten alle koste te bewaar ten spyte van taal-, kultuur- en teologiese verskille". Hy maak hierdie voorbeeld dan direk van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie en in besonder die Algemene Sinode van die Ned Geref in Afrika van 1991, en moedig die Sinode aan om die voorbeeld van die vergadering in Jerusalem te volg en een met die Ned Geref Sendingkerk te word.[156] Die grootste enkele probleem met die standpunt in die artikel is dat taal- en kultuurverskille glad nie ter sprake is in die manier waarop Hand 15 oor die saak berig nie. Soos dit reeds in die bespreking van die saak in Lukas-Handelinge (§5.4.7) geblyk het, was die eenheid van die kerk op die spel gewees, en die besnydenis-kwessie het die eenheid bedreig. In wese het dit gegaan oor die een evangelie wat die kerk as `n eenheid saambind – dus die geloofsidentiteit van die kerk. Die vraag was of geloof in Jesus Christus genoeg is, en of die besnydenis ook nodig was om deel te wees van God se kerk. Op die meeste kan gesê word dat kultuurverskille moontlik ter sprake gekom het as kwessie in die gemeente van Antiogië soos dit wil voorkom uit die meningsverskil tussen Paulus en Petrus, maar selfs dan is dit in werklikheid saamgetrek in vrae wat die besnydenis-kwessie as kern het. Dit laat uiteindelik die klem op die

[156] Die artikel was oorspronklik `n Bybelstudie wat op die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in Afrika 1991 aangebied is.

diskontinuïteit tussen Israel en die kerk val, en nie op die verskil tussen Jood en Griek nie (vgl §5.4). Hierby is die kompromis wat aangegaan is 'n voorbeeld van hoe middelmatige sake wel kerklike ordening kan beïnvloed ter wille van die swakkeres. Hierdie artikel van Dippenaar is 'n uitstekende voorbeeld hoe dinge in 'n teks ingelees kan word om 'n bepaalde saak te dien en die gevolgtrekking wat daaruit gemaak is kan dus nie gebruik word om die ruimte wat vir taalverskille gelaat kan word, af te wys as onskriftuurlik nie.

17.3.4 Verskille mag nie verdelend werk nie

'n Vierde aspek wat na vore kom vanuit konstantes van geloof in Jesus Christus as enigste voorwaarde vir lidmaatskap, die kwessie van wesenlike en middelmatige sake wat daarmee saamgaan, en die kerk as 'n korporatiewe eenheid van individuele gelowiges (§15.3), is die eis dat verskille op geen manier verdelend mag werk nie.[157] Daarom moet daar waar verskillende groepe of eredienste wel noodsaaklik is vir die goeie deurwerking van die evangelie, strukture in plek gestel word om enige potensiële verdeeldheid teen te werk.[158] In hierdie verband moet daarop gewys word dat van die beelde wat vir die kerk gebruik word wat die verskille tussen mense na vore bring, terselfdertyd die eenheid van die gemeente beklemtoon - die een huishouding en die een liggaam (§15.3). Dit is insiggewend dat Paulus juis in die konteks van die beeld van die kerk as een liggaam met baie lede, verwys na etniese, klasse en geslagsverskille (1 Kor

---

[157] 'n Goeie voorbeeld uit die Skrif hieroor is die wyse waarop die probleem met die versorging van die Griekssprekende weduwees waarvan Hand 6 vertel, opgelos is (§5.6.4.2). Dit wil voorkom asof die verskil in taal en agtergrond die potensiaal vir verdeeldheid in die gemeente in Jerusalem begin skep het. Die apostels het dit opgelos deur sewe manne uit die Griekssprekende deel van die gemeente te laat kies deur daardie deel van die gemeente self. Volgens Bronkhorst (1992:49) "geven de apostelen aan het Griekssprekende deel der Oergemeente een eigen 'bestuur' (men behoeft maar een deel van zijn leven in een tweetalige omgeving te hebben gewoond om te weten hoe diep ingrijpend de verhoudingen door een dergelijke taalbarrière worden bepaald); zij maken er een 'Sondersynagoge' van, die dan ook onmiddellijk eigen wegen gaat en een eigen activiteit ontwikkelt in de kring der Jeruzalemse diaspora-synagogen". Dit lyk wel uit die feit dat die Christene onder die Jode uit die diaspora vervolg is terwyl die Arameessprekende deel van die gemeente op daardie stadium uitgelos is (De Villiers 1977:165ev), asof die Griekssprekende deel van die gemeente 'n afsonderlike bestaan gevoer het. Tog is daar werklik te min gegewens beskikbaar om te maklik van 'n organisatoriese afsonderlikheid te praat.

[158] Kgatla (1989:532-537) wys hoe die Ned Geref Kerk in sy sendingbeleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volke nie net taal- en kultuurverskille in ag geneem het vir die praktiese ontplooiing van die kerk nie, maar toegelaat het dat 'n verskeidenheid invloede en faktore veroorsaak het dat rasseverskille tot verdeeldheid gelei het en as 'n bykomende voorwaarde vir kerklidmaatskap gegeld het. Du Toit (1991:229) wys egter op 'n ander gevaar en dit is dat die drang tot kerkeenheid om die verdeeldheid waarvan Kgatla praat uit die weg te ruim enersyds kan ontaard in 'n politieke stelling of demonstrasie en andersyds beskou kan word as net nog 'n toegewing aan 'n nuwe staatsbestel. Die geloofsidentiteit van die kerk mag nooit in gedrang kom in die akkommodering van verskille of die soeke na eenheid nie. Du Toit (1991:230) wys dan ook op die noodsaaklikheid van die regte gesindheid en styl - 'n saak wat natuurlik belangrik is in alle gevalle waar verskille tussen mense in die kerk ter sprake kom.

12). Hierdie klem op die eenheid beteken dat daar ook nie te maklik na redes gesoek mag word om verskille tussen mense te akkommodeer nie. Daar moet dus ook gewaak word teen groeperinge wat die Godgegewe verskeidenheid van die gemeente wat moet dien tot sy opbou en goeie funksionering in gedrang bring. Kellerman (1997:11) wys op die gevaar van eksklusiwiteit wat baie maklik aanleiding kan gee tot `n "kerkie binne die kerk" waar `n selgemeentemodel langs `n tradisionele model in een gemeente funksioneer - `n resep vir kerklike verdeeldheid in een gemeente! Jansc van Rensburg (1997:80) wys ook op hierdie gevaar en voeg by dat kleingroepe wat ongekontroleerd subjektief met die Skrif omgaan, alreeds tot ernstige leerdwaling in sektebewegings gelei het - `n resep vir `n ernstige verwarring in geloofsidentiteit.

Dit is uit die verhaal van die kerk in onder andere Suid-Afrika, asook die huidige vraagstukke wat deel is van die sakelys van die kerklike debat, duidelik dat die hantering van die verskille tussen gelowiges as `n kerkordelike probleem nog lank nie opgelos is nie (vgl Strauss 1997:63). Die uitdaging vir die kerk lê daarin dat hy moet bly vra hoe hierdie verskille verreken kan word, sonder om die beginsel te verloën dat geloof alleen die enigste voorwaarde vir lidmaatskap kan wees.

18. DIE GEMEENTE IS KERK

Die gemeente is die vertrekpunt vir kerklike ordening en daarom is gelowiges net lidmate van `n gemeente. Die gemeente is volledig kerk, en moet daarom so georden wees dat sy geloofsidentiteit en getuienistaak, asook die onderlinge verhoudinge tussen lidmate, ten volle uitgeleef kan word. Die regte grootte is ook hier belangrik.

18.1 DIE GEMEENTE AS VERTREKPUNT VIR KERKLIKE ORDENING

Die kerk, as volk van God in die wêreld, is uit sy aard `n gestruktureerde en sigbare historiese werklikheid (§16.1). Waar mense dus in Jesus Christus glo en dit uitleef, verkondig en saam vergader, daar is die kerk sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig (§17.1.1). Gesien in die lig daarvan dat die gemeente die sigbare gestalte van die universele kerk in die wêreld op `n bepaalde plek is (§15.4), is dit dus die primêre wyse waarop die kerk as `n historiese werklikheid sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig is. Dit hou in dat die gemeente ook die gesigshoek is waaruit die kerk op enige stadium georden moet word, of anders gestel: dit moet as vertrekpunt vir

kerklike ordening so hanteer word asof elke gemeente eintlik die enigste kerk in die wêreld is. Dit is in hierdie verband belangrik om raak te sien dat die beelde van die kerk as liggaam en huishouding veral betrekking het op die gemeente (§8.6; vgl Tim 5.9 en §10.5.11). Selfs in Efesiërs, waar die universele kerk op die voorgrond is, word die liggaamsbeeld in `n konteks gebruik wat kwalik anders as die kerk in sy plaaslike gestalte kan beteken (§9.4). In die Nuwe Testament is dit die apostelbediening as die draers van die oorgelewerde waarheid van die evangelie wat die enigste struktuur vir die universele kerk vorm (§15.7.1; §16.7.4.1). Alle ander vorme van organisasie en struktuur het slegs betrekking op die gemeente. Dingemans (1987:78evv) fundeer die klem op die gemeente vanuit die (toevallige? - *AC*) byeenkom van gelowiges in die Naam van Jesus Christus (Matt 18:20), wat "concreet op een bepaalde plek gebeurt". Hierdie ontmoeting met Christus het volgens hom `n tweeledige beweging. Die eerste is die beweging vanuit Christus wat die gemeente roep en vergader en wat nie georganiseer kan word nie. Die tweede is die beweging van mense wat positief reageer op Christus se roeping en Hom volg en wat dan georganiseer moet word. Volgens hom is hierdie dubbele beweging die hart van die gemeente en dus ook die hart van alle kerkreg en kerkorganisasie. Die enigste kritiek tot op hierdie punt is dat die prentjie wat hy teken eensydig is, en maar een van die kante van die saak aanraak. In Lukas-Handelinge speel die Heilige Gees én die mense wat Hy getuies maak `n konstituerende rol in gemeentevorming (§5.5.1; §5.6.4). Dingemans (1987:80) gaan egter vanuit hierdie fundering verder en sê in dieselfde asem "dat we niet bedoelen, dat de plaatselijke gemeente bestaat uit mense die het 'eens' zijn; die eenzelfde belijdenis heeft...". Dit kan tog nie, want geloof in Jesus Christus, wat die basis vorm vir alle kerklike ordening en as die enigste voorwaarde vir lidmaatskap geld, het immers ook `n belydeniskant (§17.2.2). Daarom is die geloofsidentiteit onlosmaaklik deel van die orde van die kerk en dus ook van die gemeente.

Die implikasie vir kerklike ordening is dat die struktuur en die taak van die kerk veral die gemeente raak. Enige kerklike ordening wat die klem wegneem van die gemeente as sigbare gestalte van die universele kerk, beweeg weg van die wyse waarop die Skrif oor die kerk praat (vgl Bronkhorst 1992:54ev). In hierdie verband het die gereformeerde kerkreg met sy duidelike klem op die gemeente as volledig kerk, die spyker op die kop geslaan.

18.2 GELOWIGES IS LIDMATE VAN 'N GEMEENTE

Die feit dat die kerk as volk van God vanweë sy aard 'n gestruktureerde en sigbare historiese werklikheid is, maak dit 'n *contradictio in terminus* indien 'n persoon wat in Jesus Christus glo nie inskakel by een of ander geloofsgemeenskap nie (§17.1.1). Dit hou in dat, prinsipieel gesien, gelowiges primêr lidmate van die gemeente is, aangesien dit tog die primêre sigbare gestalte van die kerk in die wêreld is (§15.4). Ter wille van kerklike ordening is dit dan ook die vertrekpunt vir lidmaatskap, met ander woorde, wanneer iemand tot geloof kom, skakel hy vanuit die feit dat hy lid van God se volk is by 'n sigbare gestalte van hierdie volk in, en dit is die gemeente. Dit is binne die ruimte van die gemeente, as volledig kerk, wat mense gedoop en onderrig word, belydenis van hulle geloof doen, hulle bedieningsverantwoordelikhede nakom en dalk getug word (Sadler 1991:75ev). Prinsipieel gesien het gelowiges geen ander gestalte van die kerk as die gemeente nodig nie om bedien te word en hulle bedieningsverantwoordelikheid na te kom.

18.2.1 Lidmaatskap deur oorkoms van 'n ander gemeente

Die feit dat die gemeente die vertrekpunt is vir lidmaatskap, het implikasies vir die oorgaan van een gemeente na 'n volgende. By die bespreking van gemeentegrense sal die redes waarom lidmate van een gemeente na 'n ander oorgaan meer volledig bespreek word, maar die metode wat ter sprake is, word vervolgens bespreek. Lidmaatskap van 'n gemeente geskied op twee maniere: 'n Verbondskind of 'n volwasse gelowige wat nie as kind gedoop is nie, word deur die doop lidmaat van die gemeente (§17.1.2.1), en iemand wat reeds lidmaat van 'n gemeente is, skakel by 'n volgende gemeente in. Hiermee is geïmpliseer dat die aflegging van belydenis van geloof deur 'n gedoopte, prinsipieel gesien nie oor lidmaatskap gaan nie, maar bloot om die bevoegdheid en aanvaarding van lidmaatsverantwoordelikhede op grond van 'n verklaarde geloofsidentiteit[159] (vgl §17.1.3.2; Ned Geref Kerk Agenda 1998a:281ev). 'n Gemeente kry dus nie nuwe lidmate by nie, hulle bevoegdheid verander net. Dit beteken onder andere dat die tug van dooplidmate ook die beëindiging van dooplidmaatskap kan beteken in die geval van volharding in die sonde of die dwaling, wat ernstige vrae oor die individu se geloofsidentiteit en sy weiering om belydenis af te lê, insluit (Ned Geref Kerk Kerkorde

[159] Daar is egter uitsonderings op die reël soos in die geval van persone wat wel in nie-erkende kerke gedoop is maar lidmaat van die gemeente wil word. Hulle sal uit die aard van die saak belydenis van geloof moet aflê om lidmate te word (vgl Nauta 1971:271). In 'n onvolmaakte wêreld sal daar altyd uitsonderings

1998c:artikel 60 en artikel 62.2). Sadler (1991:70-75) bespreek die oorgaan van lidmate van een gemeente na `n ander deur middel van attestasie of met bewys van lidmaatskap volledig en daarom word al die aspekte van diè saak nie hier toegelig nie. Net enkele opmerkings: In die lig van bogemelde, is die beste manier om dit te hanteer dat lidmate by `n volgende gemeente aansoek doen met `n attestaat as getuigskrif, en dat goedkeuring van hulle lidmaatskap in die nuwe gemeente deur die kerkraad of `n gevolmagtigde kommissie gedoen moet word, verkieslik met die hulp van `n persoonlike onderhoud[160] (Sadler 1991:71; vgl Nauta 1971:270 en Spoelstra 1989:343). Dit maak dit natuurlik noodsaaklik dat die tug as `n pastorale liefdeshandeling sal funksioneer. Wanneer mense egter versuim om aansoek te doen vir hulle attestate of om lidmaatskap in `n volgende gemeente sal hulle lidmaatskap, anders as wat Sadler (1991:71, 74) impliseer, nie sonder meer as vervalle verklaar kan word nie, maar sal dit eers kan gebeur na `n tughandeling, maak nie saak hoe lank dit neem nie. Daar word immers nie met koue wette gewerk wat op `n kliniese manier funksioneer nie, maar met pastorale geduld met die oog op die heil van die mens ter sprake.

18.3 DIE GEMEENTE IS VOLLEDIG KERK

Die gemeente is as primêre gestalte van die universele kerk volledig kerk. `n Aktuele vraag in die lig van die huidige kerklike tendense vra na die voorwaardes vir die volledige kerkwees van `n gemeente. Dit sou ook as die vraag na die optimum funksionering van die gemeente soos God dit bedoel het, beskryf kan word. Deur die loop van die eeue is verskillende antwoorde op hierdie vrae gegee: die vashou aan die regte belydenis; onderlinge verbondenheid en `n liefdesgemeenskap; die getuienis na buite; dissipelskap; die regte bedieningstruktuur; die benutting van elkeen se gawe; `n ekonomiese eenheid. Uiteraard het hierdie antwoorde in die praktyk verskillend

---

wees, maar dit mag nie die beginsel bepaal nie.

[160] Hiermee word verskil met die verslag voor die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1998 en die besluit wat oor die saak geneem is (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:282 en Ned Geref Kerk Handelinge 1998b:454). Daar word melding gemaak dat dit kragtens die aard van die kerkverband die verantwoordelikheid van die gemeente is om toe te sien dat `n lidmaat wat vertrek het, se attestaat na die volgende gemeente oorgeplaas sal word. Volgens Sadler (1991:71) is hierdie nog die oorblyfsel van die eg kollegialistiese gedagte dat mense lidmate van die kerk in die algemeen is en dat hulle lidmaatskap van die gemeente sekondêr is. Daar word in die verslag en besluite ook nêrens melding gemaak van aansoek doen en die ondersoek en toelating deur die kerkraad nie (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:282; Ned Geref Kerk Handelinge 1998b:454). Tog verval `n persoon se lidmaatskap met sy vertrek uit die gemeente (Sadler 1991:71) en is dit immers primêr die verantwoordelikheid van die kerkraad van `n gemeente om opsig te hou oor lidmate se geloofsidentiteit. Daarom is dit onverantwoordelik om mense se bewyse van lidmaatskap aan te vra en bloot as lidmate op te neem, soms sonder dat meer oor hulle te wete is as bloot net uit watter gemeente hulle kom.

gemanifesteer en is kombinasies hiervan ook algemeen. By retrospeksie kan hierdie antwoorde afgemaak word as eensydig en selfs teologies skeefgetrek. Andersyds was die antwoorde waarskynlik tydgebonde en tydbepaald, gerig op spesifieke omstandighede en het dit aan die doel beantwoord. Die veelkantige beeld van die kerk soos dit in die Skrif geteken word, is 'n uitstekende voorbeeld hiervan (vgl Carroll 1997:287ev). Hieruit volg dit dat dit vir 'n gemeente baie moeilik is om in enige gegewe situasie en tyd volkome kerk te wees presies soos God dit bedoel het. Die eise van omstandighede gaan waarskynlik in alle gevalle eensydighede meebring, eensydighede wat selfs in sekere situasies noodsaaklik kan wees vir die gemeente se beantwoording aan sy doel. Dit beteken egter nie dat dit sinneloos is om 'n prentjie te probeer teken van die ideale gemeente nie. Uiteraard sal dit binne die konteks van hierdie proefskrif neerkom op enkele buitelyne. Van die sake kom ook elders in die proefskrif meer volledig aan die orde.

Die konstantes wat vanuit die verskillende beelde in die Skrif na vore gekom het, kan as volg met spesifieke toepassing op die gemeente saamgevat word: Die gemeente as volledig kerk is 'n korporatiewe gemeenskap van individue wat in geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe. Die gemeente is op inisiatief van die Drie-enige God en op grond van sy vrye genade deur Hom in die lewe geroep om as sigbare gestalte van sy volk op 'n spesifieke plek en in spesifieke omstandighede 'n eiesoortige bestaan te voer en sy getuies te wees tot met die wederkoms van Christus. Die gemeente is georganiseer as 'n teokratiese, nie-hiërargiese gemeenskap onder leiding van lidmate wat deur God tot besondere bedieninge geroep en toegerus word. Deur hierdie besondere bedieninge, wat veral verantwoordelik is vir die verkondiging van en die onderrig in die evangelie van Jesus Christus, word die gemeente tot 'n eenheid saamgebind en toegerus, sodat elke lidmaat en die gemeente as geheel sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan vervul en die gemeente se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word.

18.3.1 Die gemeente as 'n geloofsgemeenskap

Daar is reeds by implikasie heelwat gesê oor gemeentewees. In die eerste implikasie van die konstantes vir die kerklike ordening is gesê: Geloof in Jesus Christus, wat 'n persoonlike geloofsverbondenheid aan Hom, 'n instemming met die inhoud van die evangelie soos dit deur die kerk verstaan word, asook 'n bereidheid om volgens die eise daarvan te leef is, is die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van 'n gemeente en vorm die

basis vir alle ander strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind.[161] Dit kan saamgevat word as die geloofsidentiteit van die kerk (§17).

Vir baie jare het die gereformeerde tradisie die gemeente as volkome kerk in hierdie terme verstaan. Waarskynlik die bekendste verwoording hiervan is in die Nederlandse Geloofsbelydenis te vinde. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê in artikel 28 dat elke gelowige verplig is om hom by die kerk aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het en dat elkeen wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God handel. Dan gaan hy voort om in artikel 29 die kenmerke van die ware kerk uit te lig sodat die sektes wat aan hulleself die naam kerk toe-eien, ontmasker kan word. Hierdie kenmerke is wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om sondes te straf. Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarmee in stryd is, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken (vgl §15.5). Heyns (1977:109) praat van hierdie kenmerke as "die voorwaardes vir kerkwees". Strauss (1997:64) sê in hierdie terme dat dit in die Bybelse beeld van die gemeente gaan "om hulle wat deur die Woord en Gees van God onder leiding van die ampte rondom die Woord, die sakramente én die tug byeenkom". Hieropvolgens sê hy dan dat kerk primêr 'n geloofsgemeenskap is (vgl §15.2 en §15.5).

18.3.1.1 Geloofsgemeenskap is Woordgemeenskap

Volgens Heyns (1977:111ev) is die kenmerke van die ware kerk eintlik drie kante van dieselfde Woord: die hoorbare Woord waardeur die gemeente in die lewe geroep is, in stand gehou, aan kritiek onderwerp, en wat deur die kerk aan die wêreld verkondig moet word; die sakramente as sigbare Woord waardeur die geloof wat deur die hoorbare Woord in die harte van mense gewerk word, versterk word; en die tug as voelbare Woord waardeur die eer van God beskerm, die heiligheid van die gemeente bewaar en bevorder, en die sondaar tot bekering gebring wil word. "So word die kerk dan ten diepste genormeer deur die (hoorbare, sigbare en voelbare) Woord en is die kerk kerk alleen in

[161] In hierdie sin is die gemeente as geloofgemeenskap ook 'n dissipelgemeenskap. "Dissipel impliseer die bestaan van 'n persoonlike verbondenheid - 'n verbondenheid wat die hele lewe van die een wat hom dissipel noem, bepaal ... Twee momente konstitueer daarom dissipelskap nl: Aanvaarding in 'n persoonlike verhouding deur Hom wat jou tot die verhouding roep. Die roeping om binne hierdie verhouding navolger en leerling van Jesus Christus te wees - lerende navolger van Christus ... Dit, juis dit, maak die kerk meer as 'n organisasie, 'n vereniging, 'n instituut, 'n program, 'n gebou - die kerk is wesenlik God se eiendom, sy mense. Wanneer hierdie eis verwaarloos word, verword die kerk tot 'n 'religious club'" (Nel 1986:41,

dié mate waarin hierdie Woord in belydenis, prediking en lewenswandel die onbetwisbare heerskappy voer. Deur hierdie kenmerke en aanwysings word aangedui waar die volk van die Here te midde van die valse kerk of minder suiwer kerk gevind sal word" (Heyns 1977:112; vgl §15.5). Burger (1999:18) wys op die belangrike feit dat die Woord aan die een kant `n kenbron vir die Waarheid is - "die finale openbaringsbron". Daarom sê hy is dit belangrik dat daar maar altyd weer gevra sal word na wat die Woord sê. Hiermee sluit hy aan by die Nederlandse Geloofsbelydenis se klem op die suiwer prediking van die evangelie en die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het. Die Roomse-Katoliek Kerk, op wie artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gemik is, het immers ook die evangelie gepreek en die sakramente bedien. maar dit was in die lig van die Woord vals en verkeerd. Burger (1999:18) gaan voort deur daarop te wys dat die Woord aan die ander kant ook `n kragbron in die kerk is. Dit het nie net "`n informatiewe kant nie, maar ook `n performatiewe en transformatiewe kant". Daarom sê die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 54 ook dat Christus die kerk vergader, beskerm en onderhou deur sy Gees en Woord (vgl §15.2).

Die gemeente is dus volkome kerk wanneer hy as geloofsgemeenskap steeds vergader, beskerm en onderhou word deur die Gees en die Woord. Dit beteken dat hy die Woord in biddende afhanklikheid moet bly verkondig. In die eerste plek moet dit na binne op `n duidelik hoorbare manier verkondig word deur veral die prediking en die ander toepaslike liturgiese elemente in die erediens,[162] kategese, Bybelstudie, die onderlinge opsig en dies meer. In die tweede plek moet dit na binne sigbaar verkondig word deur veral die bediening van die sakramente, maar ook die toepaslike liturgiese elemente en ander simbole in die erediens.[163] Hier kan ook gevra word of die nagmaal nie meer gereeld gevier kan word nie. As geloofsversterkende Woord kan dit in `n tyd waar beelde toenemend sterker funksioneer, asook in `n tyd van verwarring `n groot rol speel in die verskillende dimensies van lidmate en die gemeente as geheel se geloofsidentiteit. In die derde plek moet dit na binne voelbaar verkondig word in die tughandeling. Die werklikheid van sonde en dwaling bring die gemeente se geloofsidentiteit voortdurend in

---

43).

[162] In die gereformeerde tradisie het elke liturgiese element, ook dit wat as antwoord van die gemeente op God se Woord funksioneer, `n Woordverkondigende kant. Hoorbaar gebeur dit in die sang, die gebede, die vryspraak, votum, die seëngroet, die seën en die verskillende liturgiese formuliere.

[163] Die sigbare kant van Woordverkondiging in die erediens is tradisioneel beperk tot die kanselkleed en die offergawes. maar deesdae is allerhande liturgiese simbole soos kerse, kruise, gekleurde bande en dies meer ook aan die orde van die dag. Solank as wat dit as sigbare hulpmiddels om die Woordbediening te

die gedrang. Ter wille van die gemeente se volledige kerkwees kan daar nie anders nie as om daadwerklik in gevalle van volhardende sonde en dwaling op te tree. "Gesonde Bybelse dissipline en tug behoort wesenlik tot Gemeentebou.[164] Dit gaan primêr om `n suiwerder identifisering van die kerk as subjek (naas God as Eerste Subjek) in die plan van God vir en met sy wêreld" (Nel 1986:25). Daar moet egter deurentyd onthou word dat dit `n liefdeshandeling is waar die herskeppende Woord in biddende afhanklikheid verkondig moet word (vgl Nel 1986:7). In die vierde plek moet dit na buite hoorbaar en sigbaar verkondig word deur woord- en daadgetuienis. Hier is die gemeente en lidmate se betrokkenheid by ander samelewingsverbande as diens aan en in die Koninkryk van God ook belangrik. Die Woord moet egter nie net verkondig word nie, dit moet ook voortdurend binne die gemeente funksioneer as `n toetssteen waardeur alles wat gesê en gedoen word in die lig daarvan ingebring word. Soos reeds gesê (vgl §17.2.2) is dit reeds in die Skrif (vgl Hand 15, 1 Joh 2:18-27 en baie ander), maar ook uit die kerkgeskiedenis duidelik dat die vraag na hoe die Woord verstaan moet word - of dan die geloofsidentiteit van die kerk - sy eie probleme opgelewer het. Verskille oor belangrike geloofsake het die kerk nog altyd genoop om helderheid en sekerheid te kry oor die wyse waarop die Skrif oor die sake in dispuut verstaan moet word. Dit het dan op sy beurt meermale tot belydenisvorming, wat dan positief gesien minstens teoreties die grense getrek het tussen die ware kerk en die dwaalleraars (vgl Wethmar 1993a:40evv), gelei. Alhoewel die Belydenis altyd as *norma normata* teenoor die Skrif as *norma normans* gesien en gebruik moet word (vgl Wethmar 1993b:50), is die belydenis ook `n toetssteen om as die geloofsgemeenskap se interpretasie saam met die Skrif gebruik te word (Janse van Rensburg 1998:82).

18.3.2 Die gemeente as `n verhoudingsgemeenskap

Dit blyk uit die Skrif dat die gemeente `n korporatiewe eenheid van individue is (§15.3). Of die kerk nou as die verbondsvolk van God, die *ekklesia*, `n dissipelgemeenskap, die liggaam van Christus, `n kudde skape, die lote van die wingerdstok, die huishouding van God, `n geestelike huis, of as `n liefdesgemeenskap van broers beskryf word - dit is deurgaans duidelik dat die gemeente `n versameling gelowiges is. Wat meer is, hierdie beelde soos hulle in die Skrif voorkom, druk in die eerste plek die onlosmaaklike band

---

versterk, gebruik word, kan dit net `n waardetoevoeging tot die erediens wees.

[164] Gemeentebou is volgens Nel (1986:1, 3) die wetenskap en bediening wat veral te make het met die wese, doel en funksionering van die gemeente - `n tipering wat groot ooreenkomste toon met die

tussen die gemeente en God uit, en dan daarmee saam die onlosmaaklike band tussen gelowiges onder mekaar. Gelowiges is in Christus aan mekaar vasgebind en kan dus nie sonder mekaar funksioneer nie. Dit word op `n besondere manier in die Apostoliese Geloofsbelydenis uitgedruk in die woorde "Ek glo aan ... die gemeenskap van die heiliges". Die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 55 verklaar dan hierdie stukkie belydenis deur te sê dat dit onder andere beteken "dat elkeen verplig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend". Van Zyl (1997:45ev) praat van die "egte lewensgemeenskap met God en medegelowiges" wat deur die huiskerkverskynsel in die Nuwe Testament onderstreep word. Hy beskryf dit as die "warm en intieme familiekarakter" van die kerk wat so maklik in `n formeel geïnstitusionaliseerde kerk verlore kan raak. Nel (1986:21) wys daarop dat die Heilige Gees mense nuut maak, en dat die nuwe mens in die ware sin van die woord iemand is "wat in sy verhoudings herstel is - met God deur Jesus Christus en van mens-tot-mens". `n Gemeente is dus kragtens sy Godgegewe aard `n verhoudingsgemeenskap. 'n Besondere aspek van die gemeente as verhoudingsgemeenskap kom na vore in die beeld wat Calvyn van die kerk as die gelowige se moeder gebruik het (Coertzen 1991:79). "Net soos daar geen manier is waarop `n kind in die lewe kan kom en aan die lewe kan bly sonder `n moeder nie, so kan ons ook nie ons Christelike lewe bedink sonder die kerk nie" (Burger 1999:17). Die gemeente is met ander woorde die ruimte waar lidmate as gelowiges in die wêreld gebring word, waar hulle gevoed en versorg word, waar hulle veilig en tuis voel, waar hulle getroos, aangemoedig en in liefde vermaan word.

Dit kan ook nie betwyfel word dat hierdie aspek van gemeentewees die afgelope paar dekades baie sterk op die voorgrond gekom het nie. Vanweë die tendense, eise en tekortkominge van die moderne samelewing en die verskuiwings die afgelope dekade of wat in die politieke en ekonomiese omgewing waarin lidmate hier te lande leef, het daar `n baie groter behoefte aan intimiteit, persoonlike belangstelling, geborgenheid en sin gegroei (Burger 1995:40evv, 232, 242ev; vgl Kellerman 1997:1, 3ev; Strauss 1997:63). Dit het in hierdie situasie gelei tot `n toenemende mishae in groot en goedgestruktureerde gemeentes wat as koud en onpersoonlik beleef is. Een van die gevolge hiervan is `n geweldige belangstelling en groei in `n kleingroepbeweging (Ned Geref Kerk Agenda 2002a:151ev). Die standpunt word gehuldig dat lidmate in die kleingroep weer iets van

---

inleidingsparagraaf van hierdie punt.

die geborgenheid en warmte sal ontdek wat so kenmerkend was van die eerste gemeentes. 'n Belangrike verteenwoordiger van hierdie beweging is die selgemeente-model. Aangesien hierdie model ten doel het om selgemeentes te vestig wat as verhoudingsgemeenskappe volledig kerk sal wees, word Marius Potgieter se visie hierop as 'n enkele voorbeeld bespreek.[165] Alhoewel baie van dit wat gesê gaan word ook op kleingroepe van toepassing is, is dit nie die bedoeling om kleingroepe hier volledig te bespreek nie. Dit sal later onder 'n aparte opskrif aan die orde kom.

18.3.2.1 'n Selgemeente-model

Potgieter (1997:20vv) meen dat die Ned Geref Kerk die verhoudingskant van sy kerkwees grootliks verloor het. Daarom bepleit hy (1997:21) wat hy noem 'n paradigmaskuif "vanaf institutêre kerk met verhoudings na verhoudingskerk met institutêre fasette". Hy sê ook by dat dit in werklikheid 'n skuif is "vanaf institusionalisme na verbondsgemeenskap". Hy (1997:22) stel dan die selgemeente-model voor as 'n alternatief wat reeds in 'n aantal gemeentes vrug dra, alhoewel hy byvoeg dat dit nie voorgee om die aller-antwoord te wees nie. Die selgemeente is volgens hom (1997:21-29) 'n klein gemeentetjie binne die groot gemeente wat dan in werklikheid die "geestelike huisgesin" binne die "geestelike familie" is. Die "geestelike huisgesin" veronderstel dan volle lewensgemeenskap tussen 'n aantal gesinne en individue en is nie bloot net 'n groep wat per geleentheid saamkom nie. Inskakeling by die selgemeente vind plaas uit die geloofsoortuiging dat Christus hulle daar wil hê en geskied dus onder leiding van die Gees. Daar is dus nie ruimte vir eiewillige keuses nie, maar slegs vir diens waar die Here mense plaas. Dit word geloofsassosiasie genoem. Hierdie model is gekies op grond van die oortuiging dat die kerk van die begin af 'n verhoudingskerk was. Dit word daarop gefundeer dat die eerste gemeentes nie net vanweë hulle eiesoortige situasie en omstandighede in huise byeengekom het nie, maar dat dit eintlik vanuit die uitgebreide Joodse huisgesin as basiese verhoudingsverband binne die groter geheel van die stam en die volk gebore is. "In die Joodse huisgesin is God gedien, is die geloof in God gevorm om na buite uit te leef; dáár het die eredienste

[165] Potgieter is direkteur van Gemeentevreugde onder wie se leiding 'n selgemeentestruktuur in Ned Geref-gemeentes in George en omgewing gevestig is. Hy het 'n referaat oor die onderwerp op 'n teologiese dag van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Vrystaat gelewer wat opgeneem is in die bundel Kleingroepbediening en Selgemeentes? *UV teologiese studies no 9*. Ander voorbeelde van die selgemeente-model in die Ned Geref Kerk is die van die Ned Geref Gemeentes Ermelo-oos en Tafelbaai, terwyl Morcletapark se omgeegroepe ook baie dieselfde karaktertrekke vertoon (Ned Geref Kerk Agenda 2002a:152-155).

sy wortels gehad; dáár is die sakramente bedien". Die oortuiging is dan dat die huiskerke tot aan die begin van die vyfde eeu nog in volle gang was, en die vraag word gevra of die latere neiging tot groot gebouc en groter getalle nie `n deformasie was waardeur die gemeente iets wesenliks verloor het nie. Dit is duidelik dat die idee met die selgemeentes nie is om alles te doen wat normaalweg in die groter gemeente gedoen word nie. So vind die onderrig in die Skrif nie primêr in die selgemeente se weeklikse byeenkomste plaas nie, maar veral in die groter gemeente se erediens, Bybelstudie en Bybelskool. In die selgemeente word dan gekonsentreer op die integrering van die Skrifgegewens in die lidmate se daaglikse lewe. Die hele idee is wel om soveel as moontlik van die ideale gemeente terug te vind, en daarom word hierdie model dan gekies as die een wat primêr vanuit verhoudings die naaste aan die oorspronklike Bybelse model funksioneer. Die bedoeling hiermee is om die "ampsbediening" te reformeer, die klem terug te plaas op die "amp" van gelowige, die gelowige te help om tot geestelike mondigheid te groei, die Christusregering tot sy reg te laat kom, `n Bybelse lewensstyl te kweek, Christus se reddende liefde uit te leef en te verkondig, en `n liefdesgemeenskap te wees wat na buite leef. Die bestaande moenie afgebreek word nie, maar met `n nuwe verhoudingsinhoud gevul word.

Alhoewel Potgieter (1997:22ev) dit beklemtoon dat die selgemeentes nie teenoor die gemeente staan nie, maar aanvullend is, `n praktiese ruimte skep vir nabye interaksie en selfs `n verhoudingsbasis vir die groot gemeente vorm, gaan hy tog verder as dit en praat selfs van die gemeente as `n kerkverband van selgemeentes of mikro-gemeentes op dieselfde lyn as wat die ring of die sinode `n kerkverband van gemeentes is. Dat hy in werklikheid aan die selgemeente dink as volledig kerk blyk daaruit dat hy van sel- of mikro-gemeentes praat terwyl hy, soos hy dit sê, "gemeente" in die Bybelse sin definieer as `n geloofsgemeenskap wat in Christus veranker is en waaraan daar in die Nuwe Testament geen getalle verbind is nie (vgl Britz 1997:59 en Janse van Rensburg 1997:73ev). Die verbintenis van "sel" met "gemeente" word dan volgens hom met die uitsluitlike doel gedoen om daarmee "aan te dui dat die geestelike huisgesin reeds in wese kerk is en daarom reeds as liggaam van Christus funksioneer".

Behalwe dat die geboorte van die verhoudingskerk uit die uitgebreide Joodse huisgesin, soos Potgieter self toegee, nie werklik bewys kan word nie en daardeur hierdie kant van die begronding daarvan op losse skroewe laat, is daar vier punte van kritiek wat uitgelig

kan word. Die eerste is dat daar voorgegee word dat die selgemeente volledig kerk is, terwyl met die uitgangspunt gewerk word dat nie alle fasette van gemeentewees in die selgemeente hoef te gebeur nie. Is daar dan nog sprake van volledige kerkwees? Dit is dan juis `n kenmerk van die gemeentes waarvan die Nuwe Testament vertel - dat hulle kerk in die volste sin van die woord was. `n Tweede punt van kritiek spruit uit `n voorbeeld uit die Nuwe Testament. In Korinte was daar kleiner huisgemeentes wat van tyd tot tyd almal saam vergader het (§8.6.3). Weens probleme wat die huisgemeenteopset rondom partyskappe en die viering van die nagmaal meegebring het - dit het enersyds gewys op ernstige probleme in die verhoudings in die groot gemeente en andersyds die probleme aangehelp -, was Paulus se hele bemoeienis met die gemeente in Korinte gemik op die wegbeweeg van die huiskerke ten gunste van die één "lokale kerk" (Van Zyl 1997:42). Hierdie is `n Skriftuurlike voorbeeld waar die bestaan van kleiner groepe binne `n groter geheel juis verhoudings belemmer het. Kellerman (1997:11) praat in hierdie verband op `n kritiese wyse van "`n kerkie binne `n kerk" en wys op die gevaar van geestelike hoogmoed wat hiermee kan saamkom (vgl Hendriks 1990:107 en Van Zyl 1997:46). Die selgemeente-model, al sou dit nie voorgee om "gemeente" te wees nie, kan eintlik geen waarborg verskaf dat dit werklik `n verhoudingsbasis sal wees vir alles wat in die gemeente plaasvind nie (vgl Potgieter 1997:22). Paulus se keuse ten gunste van die groter gemeente, wat wel in `n huis bymekaar gekom het, laat die vraag ontstaan of groter getalle nie dalk makliker `n beter kontrolerende funksie tot gevolg kan hê nie. Die kwessie van getalle sal egter later aan die orde kom. Die derde punt van kritiek handel oor die eensydigheid van die konsep (Janse van Rensburg 1997:76ev). Daar is ook ander beelde van die kerk in die Nuwe Testament te vind wat net so `n wesenlike aspek van kerkwees benadruk as verhoudings, byvoorbeeld lydende dissipelskap in Markus en die kudde met Christus as sy herder in die Johannese geskrifte. Hierby het die beeld van die gemeente as huisgesin, wat Potgieter (1997:22) ook gebruik, in die Pastorale Briewe die inhoud van `n stewige en goedgeorganiseerde bolwerk vir die waarheid - `n inhoud wat heel anders klink as dié wat Potgieter aan die "geestelike huisgesin" gee. Hierbo is ook daarop gewys dat die gemeente `n geloofsgemeenskap is, `n saak wat Strauss (1997:64) as primêr beskou. Nel (1986:20) bespreek weer op sy beurt die belangrikheid van "*koinonia*" as `n onderdeel van die tema "diens" vanuit `n doelbewuste keuse vir "die uitgangspunt dat die mens tot diens geskape is en dat die saamwees van die mens met God en met die ander mens in diens van God staan" (vgl ook Kellerman 1997:11). Die eensydigheid kom ook na vore in die veronderstelling dat klem op verhoudings die

antwoord is vir die kerk se probleme. As `n enkele voorbeeld sê Potgieter (1997:23) dat verhoudings as basis van kerkwees mettertyd groot maar positiewe verskuiwings tot gevolg het. Hy noem as voorbeelde eredienste wat gaandeweg beïnvloed word (waarskynlik positief - AC), gelowiges wat begin om op `n breë vlak medeverantwoordelikheid vir hulpverlening en uitreiking aanvaar, `n verskeidenheid bedieningsbehoeftes wat opgevang word, die jeug wat tuisvoel en mense se lewenstyl wat radikaal begin verander. Die vraag is of ander modelle binne bepaalde omstandighede nie op dieselfde soort resultate kan aanspraak maak nie (vgl Kellerman 1997:14 en Van Rensburg 1992:105-115) en of van hierdie dinge nie in elk geval in groter gemeentes gebeur nie? Die vierde punt van kritiek gaan oor die kwessie van geloofsassosiasie of te wel dat mense onder leiding van die Gees inskakel waar hulle glo Christus hulle wil gebruik. Oënskynlik klink dit in lyn met die gedagte dat dit God self is wat sy kerk skep en onderhou deur mense in geloof aan Jesus Christus vas te bind (§15.2). Die probleem is egter dat dit `n onregmatige onderskeid maak tussen natuur en genade, so asof mense se keuse God se keuse noodwendig uitsluit. Hiermee saam is die feit dat dit uiteindelik op `n subjektiewe keuse kan neerkom omdat daar geen objektiewe maatstawwe is waarmee gemeet kan word of dit die persoon se eie keuse, of God se keuse is nie. Dit sou beter wees om te sê dat mense die keuse in biddende afhanklikheid en onderlinge oorleg maak en dan glo dat God hulle gelei het. Hierdie saak sal later by gemeentegrense ook ter sprake kom.

18.3.2.2 Ordening ter wille van verhoudings

Hierdie kritiek op Potgieter se selgemeente-model beteken egter nie dat die verhoudingsaspek van gemeentewees `n saak is wat bloot aan lidmate se spontaniteit oorgelaat kan word nie. Burger (1999:234-245) wys op die belangrikheid dat die verhoudingsaspek van gemeentewees juis in die huidige samelewingssituasie waar individualisme hoogty vier, iets is wat aangeleer moet word. Alhoewel die behoefte aan hegte verhoudings en `n onderlinge besorgdheid onder lidmate bestaan, is dit nie iets wat sommer vanself kom nie. In hierdie verband wys hy op vyf sake wat aangeleer moet word en wat vanuit die konstantes fundeer kan word (vgl veral §15.3). Die eerste is dat lidmate sal deel word van mekaar en hulle aan mekaar sal onderwerp. In hierdie verband moet die heersende individualisme wat glo in die vryheid en selfgenoegsaamheid van die individu waar mense eintlik net mekaar gebruik, afgesweer word. Dit kan net gebeur waar mense begin besef dat hulle onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, mekaar nodig

het en dat lewensgeluk en -vervulling slegs in verhoudings te vinde is. Die aanvaarding dat die geloofsgemeenskap groter en soms belangriker is as die individu en individuele belange is deel hiervan, "dat ek my saam met ander in die saak van die evangelie begewe het, dat ons hierdie pad saam loop, dat ons besluite langs die pad saam neem en dat ek lojaal sal wees aan hierdie groep" (Burger 1999:236; vgl §15.7.3.7). Die tweede saak is dat lidmate mekaar sal leer ken en aanvaar. Daar kan nie van werklike goeie verhoudings sprake wees as mense mekaar nie ken nie en daarom is dit wesenlik belangrik dat `n gemeente so georganiseer moet wees - met formele en informele geleenthede - dat lidmate mekaar wel goed kan leer ken en mettertyd leer aanvaar vir wie en wat hulle is. Dit moet egter steeds binne die raamwerk van die eiesoortigheid van die kerk gebeur - "Aanvaar mekaar soos wat Christus julle aanvaar het" (Rom 15:1). In hierdie verband kan kleingroepe `n sleutelfunksie vervul. Die derde saak is dat lidmate vriende sal word en mekaar sal leer liefkry. Hierdie aspek van verhoudings in gemeente gaan verder as formele strukture en sluit die droom in dat lidmate juis binne gemeenteverband vriendskappe sal sluit waarbinne hulle werklik tuis en geborge sal voel. Nog belangriker is dat hierdie aspek ook binne gesins- en familieverband tot sy reg sal kom. Hieruit volg dit dat lidmate mekaar dan sal leer liefkry soos wat Christus hulle liefhet, en dit behels dus ook dade en opoffering. Die vierde saak is dat lidmate vir ander sal sorg en deur ander versorg sal word (vgl §15.7.3.1 en §15.7.3.3). Hierdie onderlinge sorg word gebou op God se sorg vir sy mense. "Hy is `n herder wat nooit sy skape in die steek laat nie (Ps 23); Hy is `n vader wat sy kinders versorg (Deut 32:10) en dra (Deut 1:31). Ons word opgeroep om soos God te wees, deur om te gee en sorgsaam met mekaar te leef" (Burger 1999:239). Onlosmaaklik deel hiervan is ook `n bereidheid om ander toe te laat om dit te doen. Juis die individualisme van die samelewing moedig mense aan om so onafhanklik as moontlik te wees, en dit staan ook teenoor goeie verhoudings in die gemeente. Die vyfde saak is dat lidmate hulle gebrokenheid en skuld sal leer bely en mekaar sal vermaan (vgl §15.7.3.1 en §15.7.3.3). Waar mense mekaar te na gekom het en/of teen God gesondig het, strem dit baie keer goeie verhoudings binne die gemeente. Hierin kan skuldbelydenis werklik bevrydend werk om verhoudings te herstel en selfs begter te laat word. Deel hiervan is egter dat lidmate ook vir mekaar verantwoordelikheid sal aanvaar deur mekaar te vermaan. Ook hier moet die individualisme afgebreek word in die sin dat elkeen nie maar net kan doen soos hy goeddink nie. Die voorwaarde bly steeds dat dit juis `n uitvloeisel moet wees van `n werklike liefdevolle besorgdheid oor mekaar.

Die feit dat hierdie aspekte van verhoudings binne gemeentelike verband iets is wat aangeleer moet word, impliseer dat dit georganiseer moet word (Burger 1999:242). Dit is immers nie iets wat in die huidige tydsgees en samelewingswerklikhede vanself gebeur nie (Burger 1999:242ev; vgl Kellerman 1997:1, 3ev; Strauss 1997:63). Die eerste aspek van die gemeentewees waar dit spesifiek georganiseer kan word, is die erediens (Burger 1999:244). Die atmosfeer wat geskep word deur die dekor, musiek en liturgie, die styl van die liturg en sy verhouding met die lidmate, die verloop van die diens, die deelname van die lidmate en die noodsaaklikheid van voorbidding vir lidmate moet alles bydra tot 'n werklik mensvriendelike erediens waar lidmate tuisvoel (Burger 1995:52evv). Strauss (1997:67) se opmerking dat gemeentegetalle van so aard moet wees dat lidmate gemis word wanneer hulle nie die erediens bywoon nie, is ook hier ter sake. Burger (1995:55ev) wys op die verband tussen huisbesoek deur die predikant en die persoonlike kontak wat dit meebring, en lidmate se positiewe belewenis van die erediens. In die tweede plek is die kleingroepsisteem 'n belangrike wyse waarop verhoudings in die gemeente gebou kan word (Burger 1995:56; Burger 1999:245; Hendriks 1990:104). Hierbo is met die bespreking van die selgemeente-model alreeds op bepaalde voordele gewys en by 'n volgende punt sal die kleingroep uitdruklik aan die orde gestel word, daarom word hier net vlugtig daaraan aandag gegee. Die kleingroep is ideaal geskik waar dit gaan om mekaar te leer ken, vriende te word en mekaar werklik lief te hê en te versorg, asook die feit dat elke lidmaat in die verband 'n bedieningsverantwoordelikheid het. Voortvloeiend hieruit is 'n derde saak diè van gesinne wat van meet af 'n spontane soort kleingroep is. Burger (1999:245) wys op die verband tussen die oplewing van die kleingroepbeweging en die verbrokkeling van gesinne en meld dat die kleingroep eintlik die tweede beste plan is. Binne die verbondsperspektief het ouers 'n bedieningsverantwoordelikheid teenoor hulle kinders (Hendriks 1990:103; vgl *Formulier vir die bediening van die doop aan die kinders van gelowiges*, Handboek vir die erediens 1988:61), en dit is binne die gesin waar die kinders die eerste keer met verhoudings kennis maak. Die *Huweliksformulier* van die Ned Geref Kerk (Handboek vir die erediens 1988:100) meld dat die huweliksverhouding die basis van 'n gesonde gesinslewe en samelewing vorm. Daarom sal gemeentes in hulle ordening die gesin pertinent in fokus moet hê (Hendriks1990:103ev). Die vierde aspek gaan daaroor dat die besondere bedieninge nie net beleef moet word dat hulle aan God se kant teenoor die lidmate staan nie (Burger

1995:53). Dit is veral ten opsigte van die predikant belangrik[166] (vgl Burger 1995:57-62). Hy is immers net soveel deel van die gemeente as enige ander lidmaat. Daarom is dit `n negatiewe neiging dat `n predikant van "my" gemeente praat en hom teenoor die gemeente posisioneer as "ek" teenoor "hulle" of "julle". Die nuwe klem op die verhouding tussen predikant en gemeente as werknemer teenoor werkgewer, dra ongelukkig by tot hierdie polarisering (vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 7.5). Alles moontlik moet gedoen word sodat predikant en gemeente dit sal beleef en besef dat hy bloot deel is van die korporatiewe eenheid (vgl §15.3) en dat hy as't ware uit die gemeente geroep is om vir `n bepaalde aspek van die bediening verantwoordelikheid te aanvaar (§15.7.3.2). Daarom moet geleenthede geskep word waartydens die predikant op `n spontane en informele manier persoonlike kontak met lidmate het (Burger 1995:56, 58, 60). Daar moet egter ook strukture in plek gestel word waarbinne die predikant en sy gesin daadwerklik deur die gemeente bedien en versorg word (Burger 1995:61). Die vyfde aspek raak meer formele aspekte van persoonlike kontak en gaan oor die versorging van lidmate deur mekaar en ook deur die besondere bedieninge (Burger 1995:55ev). Huisbesoek, siekebesoek, hospitaalbesoek, betrokkenheid en hulp tydens `n verskeidenheid krisisse en vreugdes, en dies meer, is onontbeerlike geleenthede vir persoonlike kontak waar verhoudings op `n besondere manier gebou kan word (Burger 1995:57). Die sesde aspek raak informele en byna spontane samekomste waar lidmate met mekaar op `n baie persoonlike vlak kan kuier en gesels (Burger 1999:245). So word vriendskappe gebou en uitgebou.

18.3.3 Die gemeente as getuienisgemeenskap

Hierdie aspek van die gemeente se bestaan kom later meer volledig aan die orde en daarom word hier net enkele lyne getrek met die oog op die gemeente se volledige kerkwees.

`n Gemeente is volledig kerk wanneer hy duidelikheid oor sy taak het en dit optimaal uitleef. Dit lê in die feit dat hy afgegrens van, maar gerig op die wêreld leef (§15.5).

---

[166] Bronkhorst (1992:54) is van mening dat dit in `n Skriftuurlik verantwoorde kerkorde nie sal gaan om "een kerkorde, die uit het oog zou verliezen dat de herder en leraar geen dienaar der gemeente, maar *Verbi divini* minister is en in zijn ambt Christus heeft te representeren, niet alleen tegenover de wereld maar ook tegenover de gemeente". Hierdie is egter `n eensydige blik op die besondere bediening se plek in die gemeente, aangesien dit ook nie uit die oog verloor moet word nie dat die besondere bedieninge óók die verbesondering is van die bediening van die hele gemeente en dat diegene wat daarin staan stéeds lidmate van die gemeente wat hulle bedien, bly - en dat die gemeente `n korporatiewe eenheid van individue

"Christianity is missionary by its very nature, or it denies its very *raisons d'être*" (Bosch 1991:9). Soos dit reeds uit die konstantes blyk, speel geloofsidentiteit `n deurslaggewende rol hierin. Die grens wat die gemeente se geloofsidentiteit tussen hom en die wêreld trek, is iets wat deur die wêreld raakgesien moet word ter wille van sy getuienis in en teenoor die wêreld (Bosch 1991:373; Burger 1999:83ev). Ten nouste hieraan verbonde, moet die geloofsidentiteit en die betekenis daarvan vir gelowiges en ongelowiges aktief verkondig en in die wêreld uitgedra word (Bosch 1991:373; Burger 1999:83). Prakties beteken dit dat die kerk nooit na binne gerig mag funksioneer nie (Burger 1999:84; Nel 1986:8ev). Die gemeente se gerigtheid na buite, of te wel sy getuienistaak, bestaan kortliks uit die voorbeeld en aantrekkingskrag van lidmate se verhouding met en teenoor mekaar, hulle voorbeeld en die positiewe verskil wat hulle in die samelewing maak, en die direkte verkondiging van die evangelie (Bosch 1991:377ev; Burger 1999:87, 89, 245, 252ev, 257ev, 260; Coertzen 1991:78). Lidmate moet nie net ter wille van hulle eie geloofsopbou en geestelike vertroosting toegerus word nie, maar veral om op hierdie manier hulle geloof as getuies in die wêreld uit te leef en te verkondig (§15.7.3.3). Dit vra na `n gemeentelike ordening wat moet sorg dat die gemeente altyd in sy eiesoortige bestaanswyse op die wêreld gerig bly, met die boodskap van God se liefde vir die wêreld in en deur Jesus Christus in sy volle omvang. Hierdie getuienistaak van die gemeente mag nie beperk word tot `n enkele aksie waarby slegs `n paar mense betrokke is nie, maar moet in werklikheid elke aspek van die gemeentelike lewe deursuur. Die kategese moet inhoudelik en prakties dooplidmate oplei as getuies in woord en daad. Die besondere bedieninge se werksaamhede moet lidmate hiervoor toerus en motiveer. Die eredienste moet geleenthede wees waar verdwaaldes by God kan tuiskom, en lidmate in hulle roeping na buite versterk kan word.

18.3.4 Die gemeente as `n bedieningsgestruktureerde gemeenskap

Soos in die geval van die getuienistaak van die gemeente, kom die kwessie van bedieninge later meer volledig aan die orde (§19) en word hier ook net enkele lyne getrek ten opsigte van die gemeente se volledige kerkwees.

`n Gestruktureerde bedieningstruktuur is noodsaaklik vir die gemeente se volkome kerkwees. Die vertrekpunt hiervoor is dat elke lidmaat in die gemeente `n

---

waarvan die besondere bedieninge `n integrale deel vorm, is.

bedieningsverantwoordelikheid het wat hy moet nakom. Elkeen staan immers kragtens sy lidmaatwees in die bediening. Dit beteken nie dat almal dieselfde take verrig nie, maar elkeen het `n plek en `n funksie in die gemeente sodat die gemeente as geheel sy taak in die wêreld kan uitleef. Die verskillende funksies wat lidmate het, raak uiteindelik alle aspekte van die gemeente se bestaan en bedrywighede. Binne hierdie opset is daar ook lidmate wat in besondere bedieninge staan wat `n meer permanente karakter het. Hierdie besondere bedieninge is dan die skelet wat die gemeente as liggaam saambind, opbou, en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom en sodat die gemeente volledig kerk kan wees soos God dit bedoel het (§15.1; §15.7; §15.7.3.2; §15.7.5). Die besondere bedieninge verteenwoordig enersyds vir Christus, as die Een wat self sy gemeente bedien deur sy Woord en Gees in die gemeente. Op grond hiervan tree hulle ook dan met Goddelike gesag op. Andersyds is die besondere bedieninge ook die verbesondering van die bedieningsverantwoordelikheid van elke lidmaat. Hulle staan nie in `n hiërargiese verhouding bo die ander in die gemeente nie. Hulle staan ook nie in `n hiërargiese verhouding met mekaar nie, en neem normaalweg as deel van hulle gemeentelike verantwoordelikhede gesamentlike besluite onder leiding van Christus deur sy Woord en sy Gees. Die verantwoordelikheid van die besondere bedieninge lê dan primêr in die Woordbediening wat sentraal in die gemeente moet funksioneer. Dit kom na vore in die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, die uitoefening van opsig en tug, kategese, Bybelstudies, pastoraat, die erediens met sy liturgie, en dies meer. Dit gaan egter ook oor praktiese diens, bestuur, versorging van mense in verskillende omstandighede, administrasie en alles wat daartoe kan bydra dat die gemeente se geloofsidentiteit uitgebou, die onderlinge verbondenheid verstewig, en sy taak optimaal uitgeleef word.

18.3.5 Die gemeente as volledig kerk - `n voorlopige balans

In die vraag na die voorwaardes vir die volledige kerkwees van gemeentes, is daar tot dusver vier sake aangeraak, naamlik die geloofsidentiteit van die gemeente, die onderlinge verhoudings, die taak of na-buite gerigtheid van die gemeente, en dan die wyse waarop die gemeente in eersgenoemde drie sake opgebou moet word.

Een aspek wat nog nie aandag gekry het nie en om een of ander rede nêrens, ook nie in die bespreking van die verskillende korpusse se beeld van die kerk nie, uitdruklik na vore

gekom het nie, is die Godgerigtheid van die gemeente se bestaan (vgl Burger 1999:16). Daar is geen twyfel nie dat lidmate, die gemeente en die kerk in die eerste plek bestaan om God lief te hê, Hom te verheerlik en aan Hom die erkenning te gee wat Hom toekom. Al vier hierdie dinge moet dit as uitgangspunt en as doel hê. Trouens, die gemeente is juis hiermee besig deur in geloof aan Jesus Christus verbonde te wees, deur mekaar lief te hê en vir mekaar te leef, deur die God van liefde aan die wêreld voor te stel en mekaar in die proses op te bou en te help om dit alles te doen.

Hieruit kan die volgende omskrywing van 'n gemeente wat volledig kerk is, gegee word. 'n Gemeente is volledig kerk wanneer die lidmate as 'n korporatiewe eenheid in 'n lewende geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe; met liefdesbande aan mekaar verbonde is en vir mekaar lewe; in woord en daad met die evangelie na buite lewe om as instrument van die Gees die gemeente ekstensief op te bou en God se heerskappy op alle lewensterreine uit te leef; deur besondere bedieninge (opgebou) onderrig, toegerus, gelei, vermaan en getug word om mekaar te kan (opbou) toerus, te onderrig, te lei en te vermaan met die doel om as God se gemeente sigbaar in en vir die wêreld te leef; alles tot sy eer.

In kort: 'n Gemeente met 'n bedieningstruktuur waarin en waardeur gelowiges gehelp word om primêr vir God, maar ook voluit vir mekaar en vir die wêreld te leef, is volledig kerk.

18.3.6 Die ideale grootte vir volledige kerkwees

'n Vraag wat hom die laaste tyd al hoe meer opdring is die vraag of lidmaatgetalle ook 'n voorwaarde vir die volledige kerkwees van die gemeente is. Strauss (1997:66) wys daarop dat die kwessie van getalle of dan die grootte van gemeentes nooit werklik ter bespreking in die gereformeerde kerkregtelike besinning oor gemeentes gedien het nie. Trouens, hy verwys na Voetius (1902:29ev) wat in die sewentiende eeu reeds gesê het dat getalle niks met die wese van die gemeente te make het nie. Dit is eenvoudig as *status quo* aanvaar dat al die gereformeerde gelowiges op 'n bepaalde dorp of plek lidmate van die gemeente is. Hierdie toedrag van sake was vir baie lank hier te lande die aanvaarde gebruik, met name in die gemeentes van die Ned Geref Kerk. Daar is wel in 'n stadium vanweë die eise van die stedelike situasie gevra na die optimum aantal lidmate per

predikantspos met die oog op afstigting of die vermeerdering van predikantsposte, maar daar het dit gebly deur die opkoms van die makrogemeentes heen.

Daar is egter 'n paar redes waarom die vraag na gemeentegetalle uiters relevant geword het. Die eerste is dat kleingroepe, en by name die selgemeentekonsep, toenemend aspekte van die gemeentebediening oorneem. Baie van hulle begin as klein gemeentetjies funksioneer wat betref die besondere bedieninge en die sakramente (Jansc van Rensburg 1997:79; vgl Kellerman 1997:11). Hulle beskou hulself as volledig kerk na aanleiding van die voorbeeld van die huisgemeentes van die vroeë kerk, 'n opvatting wat versterk word deur hul beskouing dat verhoudings die primêre wesenseienskap van die gemeente is (Potgieter 1997:23ev). Hieruit volg die afleiding noodwendig dat slegs 'n klein aantal mense sinvol gemeente kan wees (Potgieter 1997:23). Die tweede rede spruit uit die regmatige beskuldiging van diegene wat aan die spits van die huidige kleingroepbeweging staan dat die normale Ned Geref-gemeente te groot, te gestruktureerd en te koud is om enigsins iets van die onderlinge verbondenheid tussen gelowiges te kan beleef (Potgieter 1997:23). Die makro-gemeentes met hulle duisende lidmate is 'n goeie voorbeeld (Hendriks 1990:107). Hierdie word as een van die hoofredes gegee waarom veral jongmense die Ned Geref Kerk verlaat. Die derde rede is die werklikheid dat gemeentes se finansiële posisie in baie gevalle meegebring het dat die aantal lidmate per predikantspos vergroot het, of anders gestel: Daar word gevra na die grootte van 'n gemeente in terme van 'n ekonomiese eenheid. Die vierde rede spruit daaruit dat daar wel in die lig van die stedelike situasie gevra is na die ideale aantal lidmate per predikant (vgl Van Rensburg 1992:115). Die vraag is of die aantal lidmate wat sinvol deur 'n predikant bedien kan word, 'n geldige maatstaf is.

18.3.6.1 Grootte uit die hoek van geloofsidentiteit

Ter aansluiting by die laaste rede, moet dit vermeld word dat Voetius (1902:29ev) meen dat getalle niks met die wese van die gemeente te doen het nie. Bronkhorst (1951:20ev) redeneer in die dieselfde trant deur daarop te wys dat die gemeente nie 'n administratiewe eenheid is nie, maar 'n geestelike eenheid wat deur die Here rondom Woord en sakrament vergader is. Tog kwalifiseer hy dit deur by te voeg dat die gemeente ook nie iets is wat in die lug hang en nie sonder 'n predikant en 'n kerkgebou kan klaarkom nie. Strauss (1997:69) neem die saak 'n stappie verder en plaas die kwessie van gemeentegetalle op 'n meer wesenlike voet wanneer hy vra na die hoeveelheid lidmate

wat dan wel sinvol rondom Woord, sakrament en tug kan vergader. Hiermee het hy die sleutel voorsien wat dit moontlik maak om te sê dat gemeentegetalle in die huidige situasie hier te lande `n belangrike voorwaarde vir die gemeente se volledige kerkwees is. Hiermee word nie gesê dat dit tot die wese van die kerk behoort nie, maar dit behoort definitief tot sy welwese. Daarsonder kan die vraag na die gemeente as volledige kerk nie beantwoord word nie.

In die antwoord op die vraag moet meer verreken word as Strauss (1997:69) se siening. Dit het immers reeds duidelik geword dat dit in volledige kerkwees om meer gaan as net Woord, sakramente en tug (§18.3.6). Ter aanvang moet eers gevra word wat dit beteken om "sinvol" rondom Woord, sakramente en tug te vergader. Soos reeds duidelik geword het, het hierdie drie gestaltes van Woordbediening betrekking op die totale geloofsidentiteit van die gemeente (§18.3.1). Dit beteken prakties dat gevra moet word na die hoeveelheid mense wie se persoonlike geloofsverbondenheid met Jesus Christus, instemming met die belydenis en gehoorsame leefwyse daadwerklik optimaal kan groei binne een gemeentelike verband (vgl §15.7.3.3). Soos die verskillende gestaltes van Woordbediening hierbo geteken is, het dit veral betrekking op die erediens, maar sommige kan wel sinvol in Bybelstudiegroepe en ander kleingroepe tot sy reg kom (vgl §18.3.1). Wat die erediens betref gaan dit ook oor al die fasette van die individuele gelowige se geloofsidentiteit (§15.5; vgl §17) en daarom kan saam met Strauss (1997:67) gesê word dat `n lidmaat die erediens ook as iets persoonliks sal beleef. Dit gaan immers ook oor sy persoonlike geloof. Gesien vanuit die belang wat lidmate by mekaar se geloofsidentiteit moet hê, sal die lidmaat gemis moet word as hy die dag nie daar is nie (Strauss 1997:67; vgl Hendriks 1990:104). Dit alles impliseer dat die aantal lidmate binne perke moet bly. Wat die verkondiging van die Woord in die kleingroepe betref, is `n belangrike voorwaarde dat die getalle en strukture, wat die verband met die gemeente as geheel insluit, van so `n aard moet wees dat daar ook `n sinvolle kontrolerende funksie rondom die Woordbediening kan geskied (§15.5). Kleingroepe met te veel vryheid kan maklik aanleiding gee tot dwaling (Janse van Rensburg 1997:75ev; Strauss 1997:69; Van Zyl 1997:45ev). Dit geld ook vir selgemeentes. Dit hou in dat die gemeente self nie te klein behoort te wees nie indien hierdie kontrolerende funksie effektief wil wees.

18.3.6.2 Grootte uit die hoek van onderlinge verbondenheid

Wanneer die saak uit die hoek van die verhoudingsgemeenskap bekyk word, wil dit voorkom asof die gemeente nie te groot behoort te wees nie. Die praktyk het immers bewys dat `n te groot gemeente as onpersoonlik beleef word (Potgieter 1997:23). Van die voorstanders van die kleingroepbediening sê dat `n groep uit nie meer as ses gesinne moet bestaan nie om werklik op `n intieme huisgesinvlak mekaar se lewens te deel (vgl Kellerman 1997:5). Aan die ander kant is dit so dat verhoudings ook in groter groepe as persoonlik beleef kan word (vgl Kellerman 1997:7). Hendriks (1990:104ev) praat vanuit die situasie van 'n makrogemeente, van groter groepe binne die gemeente soos `n blok van wyke wat uit tagtig tot honderd en twintig lidmate saamgestel is waar lidmate wel iets van die onderlinge verbondenheid beleef omdat hulle mekaar ken. Dit is ook `n werklikheid dat verhoudings moet groei en in `n te klein groep met `n intieme opset soos wat die selgemeente-model bepleit, kan dit maklik onnatuurlik word. Die vraag word veral relevant as die samestelling van so 'n klein groepie hierby ter sprake kom (vgl §15.2). Waar daar nie veel van `n keuse is wie inskakel nie, sal groter groepe makliker slaag in terme van verhoudings. Waar volkome vryheid van assosiasie is, kan kleiner groepe ook slaag. Hier is dit egter `n vraag of lidmaatskap van `n gemeente bloot by die individu se keuse of sy subjektiewe interpretasie van die leiding van die Gees kan berus. Die intimiteit van hierdie verhoudings is 'n volgende aspek waaroor vrae gevra word (vgl Kellerman 1997:11). Was dit nie juis die klein groepies in Korinte wat tot groepvorming aanleiding gegee het nie (Van Zyl 1997:42)? In aansluiting hierby kom ook die vraag hoe gemaklik nuwe lidmate sal inskakel. `n Te klein groep kan maklik geslote raak (vgl Hendriks 1990:107 en Kellerman 1997:11) `n Groter groep waar die verhoudinge nie so intiem is nie, kan meer toeganklik wees vir nuwelinge. Dit kan ook moeiliker wees om `n lid van `n klein intieme groepie te tug vanweë die sterk persoonlike bande. Nie een van hierdie vrae is natuurlik relevant vir `n ideale wêreld waar mense mekaar volmaak liefhet nie. Die kerk leef egter in die werklikheid van `n wêreld waar gelowiges ook faal en gemeentes gemengde gemeenskappe is in die sin dat daar waarskynlik ook diegene sal wees wat nie werklik in geloof aan Jesus Christus verbonde is nie (§3.2.7). Daar hoef nie verder as die Nuwe Testament gelees te word om dit raak te sien nie. In hierdie lig word daar gepleit vir `n gemeente wat nie die dimensies van `n kleingroep het nie, juis ter wille van die onderlinge verbondenheid en liefde. Die bestaan van kleingroepe om aan die behoefte aan groter intimiteit en hegter verhoudings te voldoen, kan `n onderdeel van die gemeente se strukture wees, maar die groter groep wat die eintlike korporatiewe eenheid

vorm, is noodsaaklik om groepvorming teen te werk en verhoudings gesond te hou (Hendriks 1990:107). Dit mag egter ook nie so groot word dat individue in een gemeente vreemdelinge vir mekaar is nie. Inteendeel. Die gemeente behoort immers as `n liefdevolle en belangstellende moeder beleef te word. `n Moeder op wie se skoot elke gelowige tuis kan voel.

18.3.6.3 Grootte uit die hoek van die bedieningstruktuur

Uit die hoek van die bedieninge in die gemeente is daar meer as een aspek wat in hierdie verband belangrik is. Die eerste is die gedagte van die gemeente as liggaam waar elke lid `n plek en `n funksie het (§8.3.3; §8.8.1; §15.7.3.1). Wanneer hierdie beeld uit een hoek benader word, dan sê dit dat die gemeente nie so groot moet wees dat daar te maklik plek is vir passasiers nie. Dit moet werklik 'n leemte veroorsaak as iemand nie sy funksie binne die groot geheel vervul nie. Wanneer die beeld uit `n ander hoek benader word, dan beteken dit dat die gemeente ook nie te klein moet wees om 'n verskeidenheid funksies en gawes te ontbeer nie. Die grootte van die gemeente moet met ander woorde van so aard wees dat die bedieninge optimaal kan funksioneer en die gemeente as geheel kan opbou om sy taak effektief te kan uitleef (§15.7.3.1; §15.7.3.2; §15.7.3.3). In hierdie verband sal kleingroepe ook `n rol kan speel sodat elke lidmaat dit as `n werklikheid kan beleef dat hy `n plek en `n funksie het. Die tweede aspek wat belangrik is, loop hiermee saam en handel oor die besondere bedieninge in `n gemeente. Soos reeds genoem is die grootte van `n gemeente in die Ned Geref Kerk in `n stadium bepaal deur die aantal lidmate wat optimaal deur `n predikant bedien kan word. Die eerste vraag is hoe hierdie getal bepaal word. In stedelike gemeentes sal lidmate se werksomstandighede moontlik verskillende antwoorde van gebied tot gebied gee. Op die platteland sal afstand vir seker `n rol speel. Die bedieningsmodel sal uiteraard verskillende antwoorde verskaf. Die tweede vraag is of dit `n wettige vraag in die kerk is. Verraai so `n metode nie `n verabsolutering van een bepaalde bediening as die eintlike bediening wat belangrik is nie (§15.7.3.1; §15.7.3.2). Hierbo is reeds gesê dat geloofsidentiteit en verhoudings definitief 'n rol speel. Verder gaan dit ook oor die totale bediening van al die lidmate wat effektief moet kan funksioneer. `n Voorbeeld wat hier van belang is, is die bedieningsprobleem waarvan Handelinge 6 vertel (§5.6.4.2; §15.7.3.5). Die Griekssprekende deel van die gemeente in Jerusalem het gekla dat hulle weduwees verwaarloos word. Dit wil uit die konteks voorkom asof die aanklag gemik is teen die apostels wat daarop dui dat die gemeente nie te klein kon gewees het nie. Besonderhede vroeër in Handelinge bevestig

hierdie vermoede (vgl Hand 2:41). Die oplossing was om die besondere bedieninge uit te brei sodat almal behoorlik bedien kon word. Met dit alles gesê en sonder om dit te verabsoluteer, kan 'n objektiewe bepaling van die ideale aantal lidmate per voltydse predikant wel 'n hulpmiddel wees (vgl Van Rensburg 1992:115). Volgens Murray (1992:58) word in vergelykbare Amerikaanse gemeentes in wetenskaplike kringe 'n getal van twee honderd en vyftig lidmate per voltydse predikant genoem. Van der Merwe (1992:102) kwalifiseer hierdie getal deur te sê dat dit ook in die liggaamsmodel van toepassing is, alhoewel die voltydse persoon na wie verwys word ook 'n jeugwerker of 'n administratiewe beampte kan wees. Die derde aspek hou verband met die tweede en dit is die kwessie van die gemeente as ekonomiese eenheid wat gewoonlik rondom die bekostigbaarheid van die predikant sentreer. Dit is 'n bedieningsvraag waarop heel eerste dieselfde antwoord gegee kan word as met die tweede aspek. 'n Hele aantal ander vrae kom egter ook hiermee na vore. Sou die totale bediening van die gemeente nie net so effektief kan plaasvind sonder 'n voltydse en betaalde predikant nie (vgl §15.7.3.2 en §15.7.3.5)? Daar is ook ander aspekte van 'n gemeente se funksionering wat geld kos soos saakgelastigdes, kosters, orrelistes, arbeiders, kerk- en ander geboue, tuine en dies meer. Die vraag in terme van die gemeente se bediening en gepaardgaande volledige kerkwees gaan oor watter van hierdie dinge belangrik is, indien enige (§15.7.3.3). Iets soos 'n spesiale kerkgebou wat as 'n sentrale vergaderplek en 'n identitfikasiemiddel gebruik word, kan wel die spilpunt wees waarom 'n gemeente se aktiwiteite wentel, of 'n basis waar hulle toegerus word en waarvandaan hulle werksaam is. Dit is egter 'n vraag of dit so belangrik moet wees in die lig daarvan dat 'n gemeente se identiteit in sy geloof in Jesus Christus lê (§15.5 en ander), dat hy in die erediens en in op 'n verskeidenheid ander maniere bedien en toegerus word (§15.7.3.1; §15.7.3.2; §15.7.4.2), en dat dit vanuit hierdie bediening is wat die gemeente onder leiding van die Gees uitgaan die wêreld in (§15.5; §15.7.3.3). In kort, effektiewe bediening is bloot afhanklik van die wyse waarop die besondere bedieninge hulle verantwoordelikheid nakom en die gemeente in gehoorsaamheid aan God daarop reageer (§15.7.3.2; §15.7.3.3). Dit kan sonder 'n spesiale kerkgebou en ander duur administratiewe stelsels gebeur (vgl §8.3.6).

Uit die hoek van die na-buitegerigtheid van die gemeente sal getalle slegs ter sprake kom waar gedink word aan spesifieke projekte wat geloods word en afhanklik is van 'n paar persone se medewerking. So iets sou goedskiks ook in kerkverband kon gebeur en daarom is dit in werklikheid nie so belangrik nie.

18.3.6.4 Die ideale grootte?

Om dit alles saam te vat en by `n antwoord te kom is makliker gesê as gedoen. Hier sal die spreekwoord waarskynlik geld - soveel hoofde, soveel sinne. Mense se praktiese ervaring en belewenis verskil. Wat vir die een te groot sal wees is vir die ander een te klein. Praktiese omstandighede soos afstand, die feit dat mense op die platteland mekaar beter ken as in die stede omdat hulle lewens baie meer ineengestrengel is, en dies meer, sal uiteraard ook `n rol speel. Om te waag: In die lig van al die faktore wat hierbo bespreek is, kan `n gemeente nie uit minder as vyftig en nie meer as honderd en vyftig belydende lidmate bestaan om volledig kerk te wees nie.

18.4 KLEINGROEPE AS BELANGRIKE ORDENINGSWYSE VIR DIE GEMEENTE

Kleingroepe is `n waardetoevoeging tot die funksionering van die gemeente, veral in die lig van die bydrae wat dit kan lewer ten opsigte van die belewenis van die gemeente as verhoudingsgemeenskap en die uitleef van lidmate se bedieningsverantwoordelikheid. Gemeentes moet so georden word dat kleingroepe wesenlik deel uitmaak van die groot geheel en as onderdele van die groot geheel funksioneer sodat die gemeente as `n korporatiewe eenheid funksioneer, beleef en sigbaar word.

Daar is reeds by die voorwaardes vir volledige kerkwees opgemerk dat die kleingroepe wel `n belangrike rol in die funksionering van die gemeente kan speel (§18.3.2.2). Die kleingroep is natuurlik nie iets nuuts in die Ned Geref Kerk nie en het sedert die jare vyftig `n groter rol begin speel (Britz 1997:48ev). In die praktyk vertoon dit deesdae `n redelike veelkantige gesig as omgeegroepe, selgroepe, belangegroepe, en steeds die meer tradisionele wyke en Bybelstudiegroepe (vgl Ned Geref Kerk Agenda 2002a:152-156). Binne hierdie onderskeidings is daar ook nog fyner verskille na gelang van die situasie van die gemeente of selfs die persoon wat dit implementeer of bestuur (vgl Kellerman 1997:5-15). Die basiese kenmerk van `n kleingroep is dat dit uit baie min mense saamgestel is. Hendriks (1990:103) praat van drie tot twaalf en Kellerman (1997:3) van tien tot twaalf wat aanvaarbaar is, maar wys ook op die selgemeente-model wat praat van ses huisgesinne wat dan ongeveer twaalf volwassenes beteken. Die wyse waarop dit saamgestel word, wissel na gelang van die aard en doel van die groep. In die wykstelsel het mense geen keuse gehad waar hulle ingedeel is nie, by `n Bybelstudiegroep skakel

mense meer in as individue omdat hulle geïnteresseerd is, en by `n omgeegroep is dit normaalweg gesinne wat vrywillig inskakel waar hulle tuisvoel.

18.4.1 Die kleingroep se bydrae tot volledige kerkwees

In en deur die kleingroep kan `n verskeidenheid aspekte van die gemeente se bedrywighede gehuisves word, sommige aspekte kan selfs beter tot hulle reg kom en lidmate kan hier geleer word om in die groter gemeente hulle geloof uit te leef (Hendriks 1990:103). Hierbo is dit reeds op verskillende plekke en maniere aan die orde gestel (vgl §18.3 en veral §18.3.2) en daarom is dit wat hier volg eintlik net `n soort samevatting met enkele voorbeelde. Ten opsigte van geloofsidentiteit kan onderrig in die vorm van Bybelstudie en die integrasie van die geloofsinhoud in mense se lewens waarskynlik beter tot sy reg in die kleingroep kom (§17.2). `n Uitstekende voorbeeld is die wyse waarop die kategese as `n soort kleingroepbediening funksioneer waar dooplidmate tot volwassewording begelei word en juis kan leer om oor geloofsake te praat en te redeneer (vgl Hendriks 1990:104). Wat verhoudings betref, is die kleingroep in hierdie stadium waarskynlik die beste ruimte waarbinne lidmate se behoefte aan geborgenheid en persoonlike belangstelling vervul kan word (§18.3.2; vgl Ned Geref Kerk Agenda 2002a:156). Onderlinge opsig as `n liefdeshandeling, emosionele ondersteuning in tye van krisis en die belewenis van die gemeente as huisgesin wat by mekaar betrokke is en in mekaar belangstel. kan waarskynlik ook die beste in die kleingroep tot sy reg kom (vgl ook §15.7.3.2 en §19). Lidmate kan sekere aspekte van hulle bedieningsverantwoordelikheid ook baie gemakliker en beter in `n kleingroepsituasie nakom (§15.7.3.1; §19.6.3; §19.6.4). `n Bybelstudieleier of kategeet as bedienaar van die Woord is goeie voorbeelde in hierdie verband. Wat betref die uitleef van die evangelie na buite en die gemeentelike aksies in die verband, is die kleingroep ook `n uitstekende manier om lidmate te motiveer en aan te moedig, en hulle spesifieke probleme in die uitlewing van hulle Christenskap in die wêreld met ander wat in dieselfde situasie is, te bespreek (§15.5; §21.1; vgl §15.6). Hendriks (1990:104) wys daarop dat dit eintlik `n voorwaarde vir `n kleingroep se blywende waarde en groei is dat die lidmate wat inskakel eintlik in die aktiewe bediening buite die kleingroep staan. Die kleingroep is dan `n basis waar hulle versterk word, saam kan beplan en vir mekaar kan bid.

18.4.2 Voorwaardes vir `n kleingroepbediening

Daar is egter ook voorwaardes. Die totale bediening in die gemeente kan nie in een groot

kleingroepbediening opgeneem word nie (vgl Ned Geref Kerk Agenda 2002a:157). Dit bly 'n gevaar dat 'n kleingroep 'n na-binne gerigte kerkie binne die kerk kan word (Hendriks 1990:104; Kellerman 1997:11, 15). 'n Groot mate van onafhanklikheid kan ook maklik lei tot dwaling en 'n independentistiese gees (Janse van Rensburg 1997:75ev). Van die aspekte van die bediening wat hierbo genoem is as aspekte wat goed binne die kleingroep tot sy reg kan kom, het ook die groter groep nodig om 'n bepaalde objektiwiteit en selfs vrymoedigheid te verleen. Bybelstudieleiers en kategete het die groter groep nodig, nie net ter wille van kontrole nie, maar veral vir toerusting. As bedienaars van die Woord is daar opleiding nodig. Ook belangegroepbediening, soos die jeug- of die vroueaksie, is 'n bediening wat wel in beide die kleingroep en die gemeente gesamentlik tot sy reg sal kom. Daar is egter ook aspekte van gemeentewees wat net in die gemeente hoort omdat dit nie in die kleingroep tot sy reg kan kom of daar hoort nie. Die erediens as vergadering van die gemeente rondom Woord en sakrament is sekerlik die belangrikste. Die erediens met sy unieke liturgiese verloop is immers die hartklop van die gemeente se bedrywighede. Die doop as inlywing in verbondsgemeenskap hoort juis in die samekoms van die gemeente as verbondsgemeenskap, en die nagmaal is 'n gemeentelike maaltyd (§8.6.3; vgl 1 Kor 11) waardeur die eenheidsband van die gemeente as geheel verstewig word. Dit is reeds aangetoon dat die kleingroep nie volledig kerk kan wees nie en dus ook nie die gemeente kan vervang nie. Die tug as formele handeling hoort ook in die gemeente. Ter wille van objektiwiteit, goeie verhoudings, die implikasies van sensuur en die gemeente se geloofsidentiteit, kan dit nie binne die kleingroep tot sy reg kom nie.

Hierdie is enkele voorbeelde van die winspunte en voorwaardes vir 'n kleingroepbediening in 'n gemeente. Die belangrikste wat hieroor gesê moet word, is dat dit waarskynlik in die huidige tydsgewrig met sy eise aan mense en die tydsgees waaraan gelowiges nie kan ontsnap nie, 'n belangrike waardetoevoeging tot die gemeente se funksionering is, veral as die moontlikhede wat 'n verskeidenheid kleingroepe inhou, verreken word (vgl Burger 1999:244ev en Kellerman 1997:15, 17). Dit is so dat jongste bewegings in die kleingroepbeweging deur die bestaan van die makrogemeente aangevuur is, en dat kleiner gemeentes dalk iets van die waarde van kleingroepe kan wegneem, maar selfs in 'n gemeente met vyftig belydende lidmate is daar tog aspekte van gemeentewees wat beter in 'n kleingroep tot sy reg sal kom.

18.5 GEMEENTEGRENSE

Lidmate skakel by gemeentes in op grond van objektiewe maatstawwe en nie uit willekeur nie.

Daar is reeds tot die gevolgtrekking gekom dat `n gemeente volledig kerk is wanneer die lidmate as `n korporatiewe eenheid in `n lewende geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe; met liefdesbande aan mekaar verbonde is en vir mekaar lewe; in woord en daad met die evangelie na buite lewe om as instrument van die Gees die gemeente ekstensief op te bou en God se heerskappy op alle lewensterreine uit te leef; deur besondere bedieninge (opgebou) onderrig, toegerus, gelei, vermaan en getug word om mekaar te kan (opbou) toerus, te onderrig, te lei en te vermaan met die oog om as God se gemeente sigbaar in en vir die wêreld te leef; alles tot sy eer (§18.3.5). Hieruit is ook gesê dat die ideaal is dat getalle van so `n gemeente tussen vyftig en honderd en vyftig belydende lidmate sal lê (§18.3.6.4) en dat kleingroepe `n wesenlike aspek van die gemeentelike lewe sal uitmaak (§18.4).

By die vraag na die hantering van verskille tussen gelowiges is daar tot die gevolgtrekking gekom dat dit as `n kerkordelike probleem nog lank nie opgelos is nie, en dat die uitdaging vir die kerk daarin lê dat hy moet bly vra hoe hierdie verskille in berekening gebring kan word, sonder om die beginsel dat geloof alleen die enigste voorwaarde vir lidmaatskap kan wees, te verloën.

Bogenoemde sake stel `n volgende aktuele saak aan die orde, naamlik gemeentegrense. Twee vrae wat ineengevleg is, is hier aan die orde, naamlik hoe bepaal moet word wie lidmate van die gemeente as volledige kerk moet wees, en of verskille in taal, kultuur, bedieningsbehoeftes, spiritualiteit, geslag en dies meer `n kriterium vir gemeentegrense mag wees.

18.5.1 Gemeentegrense as spontane groepering van mense?

In die Nuwe Testament het gelowiges op `n bepaalde plek spontaan bymekaar gekom en gemeentes gevorm, sonder dat afgebakende grense en duidelike grensbeskrywings ooit `n kwessie was (Heyns 1992b:532). In die groot stede is huisgemeentetjies waarskynlik vanuit die praktiese oorweging van hoeveel mense in `n huis kan inpas op `n natuurlike en spontane wyse gevorm (§8.6.3; Heyns 1992b:532). In Korinte het hierdie

huisgemeentetjies waarskynlik ook spontaan gereeld saam vergader in `n huis wat groot genoeg is vir almal, terwyl dit in Rome nooit gebeur het nie, waarskynlik vanweë die grootte van die stad. In veral vandag se stede waar duisende gelowiges binne gemaklike bereik van mekaar byeengetrek is, lyk die situasie totaal anders. Vanweë die goeie infrastruktuur, moderne vervoermiddels en kommunikasietegnologie is afstand nie meer `n faktor nie (vgl Dingemans 1987:80ev). Groot vergadersale waar duisende mense op `n keer kan vergader en gemeentesentrums waar feitlik al die bedrywighede van `n groot gemeente gehuisves kan word, is aan die orde van die dag. Hierby het die massamedia eredienste tot in mense se huise ingebring. Daarom is geografiese gemeentegrense nie meer `n spontane en logiese ordereëling nie (Heyns 1992b:530), maar eerder `n reëling wat afgedwing moet word om dit te laat werk. Dit hou in dat bepaalde verskille tussen mense, soos spiritualiteit en bedieningsbehoeftes, baie makliker `n rol kan speel in die vorming van geloofsgemeenskappe en gemeentes. Hierby is die vraag hoe taal- en kultuurverskille hanteer moet word steeds `n aktuele saak. Om antwoorde hierop te kry is nie so eenvoudig nie.

18.5.2 Afdwing van gemeentegrense as Goddelike ordening?

Dit is uit bogenoemde reeds geïmpliseer dat afdwingbare geografiese gemeentegrense nie direk uit die Skrif afgelei kan word nie (Heyns 1992b:533). Tog is daar vir baie eeue doodeenvoudig aanvaar dat dit die normale manier van doen is. Heyns (1992b:532ev) toon aan hoe daar vanaf die reëling dat die grense van die bisdomme sal saamval met die grense van die politieke provinsies deur die konsilie van Nicea in 325 nC gevorder is tot die vaste indeling van gemeentes met afdwingbare geografiese grense (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1994a:288). In die Rooms-Katolieke kerk was dit aanvanklik om administratiewe en organisatoriese redes gedoen, maar by die konsilie van Trente in 1545-1546 is vaste besluite hieroor geneem vanuit pastorale redes in die lig van die gevare wat die hervorming vir die Rooms-Katolieke kerk ingehou het. Calvyn het dit op sy beurt in Geneve in 1541 deurgevoer vanuit die reformatoriese oortuiging van die gesag en selfstandigheid van die gemeente. Ook hier te lande en in die Ned Geref Kerk by name is afdwingbare geografiese grense vir baie jare as die aanvaarbare manier van doen beskou. Tog is daar in `n stadium met kategoriale gemeentes in uitsonderlike gevalle begin. So is daar Nederlands-, Engels- en Portugeessprekende gemeentes vir die genoemde taalgroepe gevorm wat oor ander gemeentes se grense gestrek het. Op die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1994 is daar besluit dat lidmate wat om *bona*

fide redes by 'n ander gemeente wil inskakel by beide kerkrade toestemming moet kry voordat dit mag gebeur (Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:490ev). Volgens die verslag wat voor die betrokke sinode gedien het, is dit in werklikheid 'n verslapping van grense in die lig van die nadele wat afdwingbare gemeentegrense inhou. 'n Bespreking hieroor volg. Op die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1998 (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302) het 'n beskrywingspunt van die Sinode van Noord-Kaapland gedien waarin bewoer word dat die besluit van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1994 eintlik twee teenstrydige, wedersyds uitsluitende besluite met mekaar probeer versoen, naamlik dat gemeentes 'n duidelik omskrewe grens het waarby alle lidmate verplig is om in te skakel, en die voorsiening dat lidmate na willekeur kan inskakel waar hulle dit verkies.[167] Dit word dan gemotiveer vanuit die feit dat afdwingbare geografiese gemeentegrense deur die eeue gegroei het "vanuit die gereformeerde belydenis dat die gemeente versamel, gebou en onderhou word deur die amptelike diens van die Woord, onder die heerskappy van Christus (deur die ampte) en onder leiding van die Heilige Gees (deur die ampte)". Dit beteken volgens hulle dat lidmate binne 'n bepaalde gemeente voorregte geniet en wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar dra. Sonder enige werklike verdere motivering kom hulle dan tot die gevolgtrekking dat die individu eintlik geen keuse het nie met wie hy wil assosieer. Dit is egter in die lig van dit wat in die vorige punt gesê is (vgl Heyns 1992b:532ev) 'n vraag of dit werklik 'n ontwikkeling vanuit die gereformeerde belydenis was. Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1994 sê selfs dat die hervormers dit by die Rooms-Katolieke oorgeneem het (Ned Geref Kerk Agenda 1994a:288). Dit wil voorkom asof artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 'n stadium verklaar dat alle gelowiges verplig is om "hulle by die vergadering (van die kerk – *AC*) aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het", moontlik gebruik kan word as 'n beginsel ten gunste van afdwingbare geografiese grense. Dit is egter 'n goeie vraag of artikel 28 van Nederlandse Geloofsbelydenis enigsins 'n teologiese grondslag probeer verskaf vir gemeentegrense en of die bewoording nie maar net 'n weerspieëling is van 'n gebruik wat as vanselfsprekend aanvaar word nie.[168] Daar kan werklik nie uit bogenoemde gegewens afgelei word dat afdwingbare geografiese grense op 'n direkte manier uit die Skrif of die gereformeerde

[167] Die betrokke sinode het kennis geneem van die punt en kerkrade gewys op die feit dat die gesag en besluitreg in die hande van die kerkraad van die gemeente is waar die lidmaat woon (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:451ev).

[168] Feenstra (1947:367) sê bloot "God geeft Zijn kerk een plaats", as enigte opmerking oor hierdie aspek van die belydenis.

belydenis gegrond kan word nie. Dit wil dus lyk asof dit 'n middelmatige saak is wat aan die kerk oorgelaat word om na gelang van die eise van omstandighede self te reël.

18.5.3 'n Spontane groepering van gelowiges volgens eie keuse?

Vir Heyns (1992b:534) is bedieningstrukture histories en samelewingsgebonde. "Of daar geografiese grense of geen grense sal wees nie en indien daar grense moet wees, waar die grense sal wees, is almal menslike besluite wat verband hou met die samelewing, die omstandighede en die tyd waarin ons leef. Die feit dat lidmate in die geval van nie-territoriale gemeentes kan kies waar hulle wil inskakel, is nie noodwendig meer sondig en eie-ek gerig as die keuse vir grense en die besluit waar dit moet wees nie net soos sinodale-, rings- en kerkraadsbesluite oor die feit van grense en die aanduiding van grense nie meer goddelik is nie." Hieruit volg dit vir hom (1992b:536) dat die besluit waar lidmate tuishoort 'n menslike keuse bly en hy aanvaar dit as 'n gegewe wat aanvaarbaar is dat daar in die moderne samelewing 'n behoefte by sommige lidmate bestaan om self te kies by watter gemeente hulle wil inskakel. Dit maak nie vir hom saak of dit gaan oor bedieningsbehoeftes, taal- en kultuurverskille, 'n neiging tot charismatiese teenoor 'n meer gereformeerde aanklank, of selfs polities meer liberaal teenoor meer konserwatief nie (1992b:535). Hy aanvaar selfs dat in laasgenoemde twee gevalle die verlies van lidmate en kerkskeuring vermy kon gewees het indien kategoriale gemeentes op die lyne van hierdie verskille tussen mense gevorm kon geword het. Uit sy bespreking van hierdie en ander praktiese voorbeelde blyk dit dan ook dat hy heeltemal pragmaties is in die verband en hom werklik net deur die omstandighede wil laat lei (1992b:534evv), alhoewel hy tog waarsku teen die gevaar dat nie-geografiese grense kan lei tot "geesgenootskap ten koste van geloofsgenootskap" (1992b:536). Dieselfde soort pragmatisme word ook duidelik in die nadele wat die verslag voor die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1994 van afdwingbare geografiese gemeentegrense voorgehou het (Ned Geref Kerk Agenda 1994a:288ev; vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Die nadele is dat lidmate wat lank lidmate van 'n gemeente met 'n bepaalde karakter of bedieningstyl is, moeilik aanpas in 'n nuwe gemeente met 'n ander karakter of styl, terwyl die nuwe adres dalk maar 'n paar kilometer van die vorige gemeente is. Gemeentegrense veroorsaak ook soms dat lidmate verder van die kerkgebou is waar hulle veronderstel is om in te skakel as aan die buurgemeente s'n. Hiermee saam gebeur dit dan ook dat hulle meer deel is van die buurgemeenskap as die een waar hulle by die gemeente moet inskakel. Gemeentegrense bevorder die gevaar van die volkskerk omdat

lidmate na hulle belydenisaflegging nooit weer `n wilsbesluit neem om by `n gemeente in te skakel nie. Dit sou dan `n negatiewe effek op die lidmaat se verbintenis aan die gemeente, sy motivering om mee te leef en sy bereidheid om hom aan die gemeente se opsig te onderwerp, hê. Hierdie is die enigste nadeel wat genoem is wat die saak `n bietjie meer uit `n beginselhoek probeer benader, alhoewel dit maar uiters oppervlakkig gemotiveer is. Die heel laaste motivering vir die betrokke nadeel kan selfs `n rede wees waarom lidmate wel self wil kies.

18.5.4 Objektiewe maatstawwe vir gemeentegrense

Die vraag is nou of hierdie wel `n pragmatiese saak is wat in hande van individuele lidmate is, en of daar nie dalk tog objektiewe maatstawwe is wat aangelê kan word om die samestelling van gemeentes te bepaal nie. Die volgende uitgangspunte kan in hierdie verband lig op die saak werp.

Dit is vanuit die konstantes duidelik dat die kerk vanuit sy aard gestruktureerd is (§15.7; §16.1). Dit is ook duidelik dat die gemeente volledig kerk en die primêre sigbare gestalte van die universele kerk is (§15.4; §18.3). Daaruit is ook reeds tot die gevolgtrekking gekom dat lidmate vanuit die feit dat hulle in Jesus Christus glo, nie anders kan as om by `n gemeente in te skakel nie (§18.2). Die enigste vraag wat oorbly, is die grond waarop lidmate by bepaalde gemeentes inskakel.

18.5.4.1 Grense en die voorsienigheid van God

In die gereformeerde denke is nog altyd vasgehou aan enersyds die voorsienigheid en beskikking van God, en andersyds die totale afhanklikheid van die mens. Hieruit is in die konstantes gesê dat God self sy kerk, en by implikasie dus elke gemeente, skep en onderhou deurdat Hy mense deur sy Gees in geloof aan Jesus Christus vasbind (§15.2). Alhoewel daar nog altyd hiermee saam vasgehou is daaraan dat God gewoonlik op `n indirekte manier werk deurdat Hy aan die mens gawes, vermoëns en die verantwoordelikheid gee om besluite te neem en dinge te doen (Burger 1999:106), kwalifiseer die inherente afhanklikheid van die mens steeds sy wilsbesluit oor waar hy wil inskakel (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Dit beteken prakties dat die lidmaat altyd die moontlikheid ernstig moet oorweeg dat God hom om `n bepaalde goeie rede binne die geografiese grense van `n bepaalde gemeente geplaas het, al beleef hy dit negatief.

18.5.4.2 Geen willekeurigheid

Uit die bespreking van die gemeente as volledig kerk het dit duidelik geword dat die huidige individualisme wat die samelewing kenmerk, in die gemeente doelbewus teëgewerk moet word deurdat lidmate moet leer dat hulle as `n korporatiewe eenheid onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, mekaar nodig het, vir mekaar moet sorg, vriende moet word, mekaar leer liefhê, mekaar moet vermaan en moet toelaat om vermaan te word (§18.3.2). In die bespreking oor die geloofsidentiteit van die gemeente is gesê dat die hoorbare, sigbare en voelbare Woord verkondig moet word sodat lidmate in hulle geloofsidentiteit kan groei en dit kan uitleef na buite (§18.3.1). In die bedieningskant van die gemeente is daarop gewys dat elke lidmaat `n Godgegewe bedieningsverantwoordelikheid binne die gemeente het sodat die gemeente volledig kerk kan wees (§18.3.4). Hierdie dimensies van gemeentewees met al die fasette wat daarmee saamgaan, asook al die motiverings vir `n relatief klein gemeente, kanselleer enige willekeurigheid en vrye beweging van lidmate tussen gemeentes (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Trouens, waar lidmate self besluit, dra dit "die kiem van vernietiging die kerk binne omdat die klem in dié tipe denke verskuif van die opbou van die gemeente deur die amptelike diens van die Woord na die persoonlike voor- en afkeure van lidmate en hulle sogenaamde 'bedieningsbehoeftes'" (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Dit beteken dat die verbondenheid aan `n bepaalde gemeente `n permanente saak is wat slegs kan verander indien drastiese veranderinge inskakeling by `n ander gemeente noodsaak.

18.4.5.3 Grense en die verskeidenheid

In die bespreking van die selgemeente-model is daarop gewys dat `n te klein gemeentetjie die verskeidenheid gawes wat nodig is om die gemeente as volledig kerk te laat funksioneer, in gedrang kan bring (§18.3.2). Dieselfde argument geld waar lidmate se eie keuse maklik kan ontaard in `n soort-soek-soort-opset wat kan lei tot eendersdenkende en eendersdoenende gemeentes waar die Godgegewe veelkantigheid van `n gemeente wat geïmpliseer word deur die beeld van die gemeente as liggaam, in gedrang gebring word (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302 en Dingemans 1987:81). So geld dieselfde argument wanneer iets soos bedieningsbehoeftes en -styl as kriterium vir gemeentegrense sal geld.

18.4.5.4 Grense en eenheid

Wanneer die saak vanuit die gedagte beredeneer word dat verskille tussen mense so min as moontlik invloed op kerklike ordening mag hê en nie verdelend mag werk nie (§17.3.4), dan is daar dalk nog 'n groter saak uit te maak vir gemeentegrense wat nie aan die willekeur van gelowiges oorgelaat word nie. Eendersdenkende en eendersdoenende gemeentes kan aanleiding gee tot geestelike hoogmoed waar die bepaalde spiritualiteit van 'n spesifieke gemeente dan verhef word tot meer besonders as dié van 'n ander gemeente (vgl Dreyer 2001:51ev). So 'n wyse van doen kan aanleiding gee tot kompetisie tussen gemeentes en die rol wat individue speel, veral dié in die besondere bedieninge, buite verhouding vergroot (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Dink maar aan die invloed wat 'n goeie of 'n swak prediker op 'n gemeente kan hê. Kompetisie lei ook daartoe dat gemeentes na binne gerig funksioneer met die gevaar dat alles wat gedoen word, op die gemeente self gerig is eerder as op God en sy koninkryk (vgl §15.5 en §15.7.3.3). Dit vernietig uiteraard ook die eenheid van die kerk aangesien gemeentes nou nie meer saamwerk in hulle afgegrensdheid van en gerigtheid op die wêreld nie, maar teen mekaar werk vir hulle eie voordeel (vgl §15.3 en §15.4). Op hierdie manier word die Godgegewe geloofsidentiteit van die kerk (vgl §15.5) verruil vir 'n gemeente-identiteit wat dan as 'n voorwaarde vir lidmaatskap begin geld (§17.2.4). Hierdie gemeente-identiteit en die eendersdenkendheid wat daaraan gekoppel is, bring noodwendig 'n bepaalde eensydigheid met hom mee, wat die vraag na die goeie deurwerking van die evangelie in mense se lewens aan die orde bring en ook die moontlikheid van dwaling in leer en lewe groter maak (vgl §15.5 en §17.3.3).

18.4.5.5 Geografiese grense as objektiewe maatstaf

Alles wat tot nou toe gesê is, maak dit noodsaaklik dat gemeentes se samestelling op 'n objektiewe wyse bepaal word en nie oorgelaat word aan die subjektiewe besluite van lidmate nie. Trouens, dit is reeds gesê dat die korporatiewe aard van die gemeente juis inhou dat lidmate nie sommer besluite op hulle eie sal neem nie, maar verkieslik in oorleg en verbondenheid met mekaar (§18.3.2). In die lig van die geskiedenis is geografiese gemeentegrense waarby lidmate op 'n permanente grondslag inskakel, waarskynlik die enigste werkbare objektiewe maatstaf. Die gemeente waar 'n gelowige woon, word dan as die vertrekpunt beskou om te bepaal waar hy inskakel.

In die bespreking oor die invloed van verskille tussen mense op kerklike ordening, is gesê dat die goeie deurwerk van die evangelie in mense lewens wel 'n invloed op kerklike ordening kan hê (§17.3.3). As voorbeeld is die kwessie van taal genoem. Daar bestaan in hierdie verband ook kategoriale gemeentes wat op grond van taal, fisieke gebreke soos hardhorendheid, en dies meer saamgestel is (Heyns 1992b:534ev). Ander redes mag ook bestaan waarom mense wel in 'n ander gemeente as die een waar hulle woon (of werk?) wil inskakel. Die reëling in die Ned Geref Kerk dat lidmate op grond van *bona fide* redes met toestemming van beide kerkrade oor gemeentegrense heen, wat geografies gereël word, kan inskakel (Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:490ev), behou juis die beginsel van objektiwiteit sonder om van gemeentegrense 'n rigiede wet te maak. Hierby sal dit ook in die lig van die onderlinge verbondenheid van die gemeente die objektiwiteit van 'n besluit verhoog indien lidmate se oorweging om in 'n ander gemeente as die geografiese een in te skakel, 'n deeglike konsultasie binne gemeente- en selfs kleingroepverband insluit. Die besluit oor die erkenning van *bona fide* redes vir die inskakeling by ander gemeentes, word egter as 'n goeie en noodsaaklik kerklike ordening in die wiele gery deurdat die individualisme van die huidige tydsgewrig en die gepaardgaande eiewilligheid van mense juis ook daartoe gelei het dat dit nie altyd in die praktyk toegepas word nie, en lidmate doodgewoon toegelaat word om oor gemeentegrense heen self te besluit waar hulle wil inskakel (Janse van Rensburg 1998:83ev; vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:302). Hierby kan die feit dat *bona fide* redes nie duidelik uitgespel is nie, in die lig van die huidige verwarring oor die kerk se geloofsidentiteit (§20.2.1), die toepassing daarvan ook aan die willekeur van kerkrade oorlaat. Alhoewel 'n kerkorde nie te veel detail moet bevat nie (Bouwman 1928:327), sou 'n goedgedefinieerde omskrywing van verkeerde redes as 'n noodmaatreël in die lig van genoemde identiteitsverwarring beter werk en genoeg ruimte laat in die lig daarvan dat gemeentegrense eintlik 'n middelmatige saak is.

Wat hierbo oor gemeentegrense gesê is, geld in 'n mindere mate ook vir die kleingroepe binne die gemeente, alhoewel die aard van die kleingroep ter sprake natuurlik 'n groot rol sal speel. Objektiewe maatstawwe en onderlinge oorleg binne die geloofsgemeenskap maak die moontlikheid vir 'n beter besluit, groter.

19. BESONDERE BEDIENINGE

Die besondere bedieninge is die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom. Dit is en het geen hiërargie nie, maar bedien die gemeente tog met Goddelike gesag.

Dit is uit die geskiedenis van die kerk en die teologiese gesprek oor die besondere bedieninge die afgelope paar dekades duidelik dat daar geen eenstemmigheid oor die saak is nie. Daar is sommige wat reken dat die Skrif geen voorskrif van enige aard oor die besondere bedieninge bevat nie, en daar is die standpunt dat al wat uit die Skrif afgelei kan word, is dat die bedieninge `n funksionele saak is wat na gelang van die eise van omstandighede ingerig moet word. Waar spesifieke bedieninge met bepaalde funksies wel uit die Skrif afgelei word, is die antwoorde vir die praktyk ook heel verskillend (vgl Heyns 1993). Die gereformeerde, Lutherse en Rooms-Katolieke tradisies is die bekendste voorbeelde van laasgenoemde. Uit die konstantes hierbo het dit duidelik geword dat die Skrif weldeeglik iets hieroor te sê het, `n gevolgtrekking wat gedeel word met die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1998 (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:217-221). Dit is egter by die nadere besonderhede oor die besondere bedieninge in die praktyk duidelik dat daar dan in die lig van die groot verskeidenheid en uiteenlopende standpunte met groot versigtigheid met die Skriftuurlike gegewens gewerk moet word. Uit die Skrif is dit immers reeds duidelik dat daar `n besondere veelkantigheid aan hierdie saak is[169] (vgl §15.7.3.2, §15.7.4.2 en Ned Geref Kerk Agenda 1998a:218ev).

Dit is uit die Skrif duidelik dat Jesus Christus self die struktuur is wat die gemeente saambind, en as die fokus vir gesag en die model vir die bediening dien (§15.7.2). In Hom is al die bedieninge van die Ou Testament saamgetrek. As oog- en oorgetuies van Jesus is die apostels op hulle beurt deur Jesus geroep en toegerus om in `n nie-herhaalbare bediening dit wat hulle van hom gesien en by Hom gehoor het, aan die kerk oor te dra (§15.7.4.1). Die apostels se blywende en gesaghebbende invloed in die universele kerk lê in hierdie oorgelewerde tradisie. In al die gemeentes het een of ander vorm van besondere bediening gefunksioneer, in die sin dat terwyl alle gelowiges `n

[169] Heyns (1993:356ev) is juis vanuit die veelkantigheid van die Skrif van mening "dat die Nuwe Testament nie `n normatiewe model of teorie oor die kerklike amp het nie". Alhoewel dit duidelik is dat die Skrif nie `n bloudruk verskaf nie, is dit immers reeds uit die konstantes duidelik dat daar wel enkele sake is

bedieningsverantwoordelikheid het, sommige wel uitgesonder is om spesifieke verantwoordelikhede na te kom (§15.7.3.2). Die organisasie van die gemeentes het dan veral uit hierdie besondere bedieninge bestaan. Die inhoud en oogmerk van die besondere bedieninge se verantwoordelikheid kan saamgevat word in die gedagte dat die gemeente as geheel en die lidmate afsonderlik deur die verkondiging van, en die onderrig in die evangelie soos dit deur die apostels oorgelewer is, toegerus word sodat lidmaat en gemeente sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan nakom en die kerk se eiesoortige bestaan in die wêreld gehandhaaf kan word (§15.7.3.3). Hierdie verbintenis tussen Jesus Christus self, die evangelie as inhoud van die besondere bedieninge se verantwoordelikheid, die onderlinge verbondenheid as ruimte daarvoor en die roepingsgehoorsaamheid van die gemeente as oogmerk daarvan lei tot die treffende beeld van die besondere bedieninge as die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom (vgl §15.7.5).

Voordat die besondere bedieninge in meer besonderhede bespreek word, is daar twee sake wat dit as't ware kwalifiseer en dus ter aanvang genoem moet word. Die eerste is dat die bediening in en van die gemeente die Drie-enige God se werk is (Burger 1999:105evv). Vanuit Lukas-Handelinge en die Johannese Geskrifte kom die meer bekende idee dat dit die werk van die Gees is, maar ander korpusse praat ook van God en van Jesus Christus in dieselfde terme. Belangriker egter as wie van die Drie-eenheid dit presies doen is dat God soms direk werk, maar gewoonlik van die diens van mense gebruik maak om sy werk in en vir die kerk te doen (Burger 1999:106). Dit bly egter alles God se werk. Die tweede kwalifikasie is dat alle bedieninge in die gemeente ter wille van die taak van die gemeente gedoen word (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:218; vgl Burger 1999:104ev). Of dit nou die verering van God, die uitbou van die geloofsidentiteit, die onderlinge verbondenheid of die gerigtheid op die wêreld is, alle bedieninge in die gemeente het ten doel dat die gemeente sy Godgegewe taak ten volle sal uitvoer en uitleef.[170] Die bedieninge is dus 'n middel tot 'n doel (vgl Bronkhorst 1992:48).

---

wat minstens die buitelyne verskaf vir die bediening in en van die gemeente (§15.7.5).

[170] Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 2002 (Ned Geref Kerk Handelinge 2002b:543) se besluit dat die ouderlinge en diakens se bedieningspligte uitgebrei word om ook die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk in te sluit, is ongelukkig 'n verskraling - minstens wat terminologie betref. In die taak van die gemeente soos dit hierbo by implikasie en deur Burger (1999:203) omskryf word, is diens maar een van

19.1 BEDIENING - ESSENSIEEL OF FUNKSIONEEL, CHRISTOLOGIES OF PNEUMATOLOGIES?

Om verskeie redes het die weerstand teen die institusionele "amp" soos dit in die hoofstroomkerke neerslag gevind het, wat al vir eeue by die doperse beweging teenwoordig was, die afgelope jare toegeneem (vgl Bosch 1991:467 en Heyns 1993). Die vraag word veral vanuit die praktiese teologie gevra of die besondere bedieninge essensieel of funksioneel is (Heyns 1992a:55evv), of soos Dingemans (1987:116-135) wat vra of dit christologies of pneumatologies bepaald is. Die Ned Geref Kerk het nie hieraan ontsnap nie.

Dit is veral in die hoogkerklike tradisie dat die "amp" as essensieel gesien word en heeltemal teenoor die gemeente te staan kom (Heyns 1992a:52ev; Kleynhans 1991:77ev). Hiervolgens is die besondere bediening die direkte verteenwoordiger van Christus by die kerk en is dit met Goddelike gesag beklee. Die lidmate is vir hulle geestelike vorming totaal van die besondere bediening afhanklik. In werklikheid het die "amp" 'n middelaarsfunksie tussen Christus en die gemeente, en is die kerk vir sy bestaan en voortbestaan van die "amp" afhanklik. Hy is die hoëpriester van die kudde wat as leke die geestelike onmondige massa in die kerk vorm.

19.1.1 Dingemans se demokraties-funksionele benadering

Dingemans (1987:116-135), as verteenwoordigend van die standpunt dat die besondere bedieninge funksioneel is, meen dat die besondere ampte 'n sosiologies bepaalde verwording of afwyking is van die funksionele manier waarop die Gees die gemeentes lei om aan hulle doel te beantwoord. Hiervolgens is vryheid in die gemeentes waar lidmate gawes van die Gees ontvang en dan op grond daarvan funksies vervul ter wille van die goeie funksionering van die gemeente, vervang met vasgestelde permanente funksies ("ampte") waartoe lidmate telkens verkies moet word. By eersgenoemde lê gesag by die *charismata* en by laasgenoemde in die funksie of die "amp". In die gereformeerde tradisie is hierdie bedieningsbeskouing vanuit die *munus triplex Christi* ontwikkel tot drievoudige bediening van predikant, ouderling en diaken en is so christologies bepaald. Volgens hom is dit 'n verwording van die aanvanklike pneumatologies-bepaalde

---

vier aspekte van die gemeente se werk. Die feit dat dit egter ingevoeg is, is 'n groot winspunt.

beskouing wat in die eerste gemeentes aan die orde was. Binne die christokratiese siening is die persoon in 'n besondere bediening 'n verteenwoordiger van Christus wat dan teenoor die gemeente in 'n hiërargiese magsposisie staan met die gevaar dat dit in feite die heilsbemiddelaar word. Hierteenoor kies hy dan die pneumatologiese bepaaldheid vir die besondere bediening waarvolgens die gemeente in sy geheel teenoor Christus, wat alleen die heil bring, staan. In die toepassing en toe-eiening van die heil werk die Gees en die mens egter saam, en dit geld ook vir die ordening van die kerk. "De gemeente leeft en werkt in het stroomgebied van de Geest. In haar wordt het werk van Christus voortgezet. Maar niet rechtstreeks, zodat alle beslissingen van kerkeraden, classes en synoden samenvallen met de wil van Christus, maar indirect in een coöperatie tussen de Geest van Christus en menslike beslissingen" (Dingemans 1987:130ev). Vanuit sy klem op die gemeente gaan hy dan verder en pleit vir die vryheid waar elke lidmaat volgens die gawes wat hy van die Gees ontvang. funksies in die gemeente kan vervul, weliswaar binne 'n struktuur waar gemeentes die *charismata* van lidmate moet vind, stimuleer en onderskei, in samehang met die gemeente as geheel. Hiervolgens kom die besondere bedieninge dan uit die gemeente op. Tot sover Dingemans.

19.2 CHRISTOLOGIES ÉN PNEUMATOLOGIES BEPAALD

Vanuit die konstantes is dit duidelik dat die christologiese en pneumatologiese bepaaldheid van die besondere bedieninge nie teenoor mekaar gestel kan word nie. Die eerste gaan daaroor dat Jesus Christus die struktuur van die kerk is en dit terselfdertyd verskaf (§15.7.2). In Matteus is Jesus die eintlike "Ampsdraer" wat self sy kerk bou op Petrus se belydenis dat Hy die Christus is (§3.3.2). In die gereformeerde tradisie is nog altyd daaraan vasgehou dat Jesus die oorsprong en die diepste fondament van die besondere bedieninge is en dat hulle hul betekenis alleen in verbondenheid met Hom kry (Kleynhans 1984:3evv). Die tweede is dat alle bedieninge charismatiese bedieninge met 'n teokratiese oorsprong is (§15.7.3.6; vgl §3.2.1, §4.2.1, Rom 12:6 en Kleynhans 1984:8ev). In die derde plek is daar reeds in van die Nuwe Testamentiese gemeentes sprake van permanente bedieninge waartoe geskikte persone verkies word, by name as konstante die ouderlingbediening (§15.7.4.2), maar ook die diakenbediening (§10.4.3.2) en die nie-herhaalbare apostelbediening wat as oor- en ooggetuies van Jesus voortgesit word in die Woordbediening (§15.7.4.1). In die vierde plek is die besondere bedieninge met hulle teokratiese oorsprong aan die gemeente gegee as die wyse waarop God sy gemeente opbou (§15.7.3.6) deur onderrig in en die verkondiging van die evangelie

(§15.7.3.3). In hierdie sin verteenwoordig die besondere bedieninge vir Christus in die gemeente (Kleynhans 1984:10, 24) en sit hulle sy bediening voort (vgl Küng 1968:353), of soos Bronkhorst (1992:48ev) dit sê "dit bijzondere ambt kan... als *Christusrepresentatie*, die het 'Gegenüber' van Christus ten aanzien van zij gemeente (Hij haar Hoofd, zij zijn lichaam) steeds weer concreet maakt". Uit hierdie vier voorbeelde is dit duidelik dat die besondere bedieninge essensieel is vir die kerk, of dan anders gestel: christologies bepaald[171] (vgl Bosch 1991:474).

Dit beteken egter nie dat die kritiek wat Dingemans (1987) teen die gereformeerde bedieningstruktuur met sy christologiese of essensiële aspekte het net so geïgnoreer kan word nie. Hy is reg as hy sê dat die besondere bedieninge nie `n alleenreg op die Woord het nie soos wat maklik in hierdie struktuur kan gebeur, met die implikasie dat elke lidmaat wel die Woord mag lees, interpreteer, toepas en bedien (Dingemans 1987:134; vgl §15.7.3.1, Bronkhorst 1992:54 en Kleynhans 1984:6ev). Hy is ook reg as hy wys op die onregmatige heilsbemiddelende funksie wat die ampte in die Rooms-Katolieke en Lutherse tradisie het (Dingemans 1987:128; vgl Heyns 1992a:53). Dieselfde kan gebeur in die gereformeerde tradisie met die predikant in die Woordbediening wanneer die bediening meer gewig kry as die Woord wat die eintlike heilsmiddel is (vgl §15.2, §15.7.2 en §15.7.3.3). Wanneer die besondere bediening as verteenwoordiger van Christus teenoor die gemeente staan, is daar ook altyd die gevaar van hiërargie waar `n besondere bediening so `n status kry dat dit die teokrasie in die kerk begin verdring (Dingemans 1987:129; §15.7.3.7; vgl Bronkhorst 1992:54ev). Dat hierdie gevare nie denkbeeldig is nie, maar in die praktyk van ook die Ned Geref Kerk kop uitsteek, blyk duidelik uit die feit en begronding van aanvanklik die Lidmaatstoerustingsprogram van `n paar dekades gelede wat ontwikkel het in Gemeentebou met sy liggaamsmodel. Hierdie pogings was `n reaksie teen die onderskeid tussen die predikant as "ingewyde" plaaslike pous wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir alle vorme van bediening teenoor die lidmate wat as "leke" slegs bedien hoef te word. Dit is duidelik dat `n weerstand teen hierdie onderskeid ten regte in die kerk groei (vgl Agenda Ned Geref

[171] Heyns (1992a:57ev) hou ook vas aan die feit dat die besondere bedieninge essensieel is, maar dan in die sin dat alle bedieninge essensieel is vanuit die feit dat die doop lidmate orden tot die besondere bediening. Vir hom lê die essensiële van die besondere bedieninge dus nie in die feit dat hulle christologies bepaald is en dus wel teenoor die gemeente staan as Christus se verteenwoordigers in die gemeente nie. Wanneer hy hierdie soort gelykwaardigheid koppel aan 1 Kor 12 dan werk hy in werklikheid eensydig met die Skrif deur die Pastorale Briewe te ignoreer wat `n ander prentjie teken (vgl §10.4.3). Uit die aard van die saak word daar dus van hom verskil.

Kerk 2002a:152-157) en amptelike kerklike ordening moet nou die geleentheid aangryp om hierdie tendens met wortel en tak uit te roei, maar dan op voorwaarde dat die baba nie met die badwater uitgegooi word nie. Dit is dus in die lig van die gevare en negatiewe tendense wat hierbo genoem is, belangrik dat die christologiese bepaaldheid van die besondere bedieninge nie losgemaak mag word van die pneumatologiese met sy klem op die vrye werking van die Gees[172] en die feit dat elke lidmaat 'n plek en 'n funksie binne die gemeente het nie. Selfs die apostels was, terwyl hulle in baie opsigte teenoor die gemeente gestaan het, terselfdertyd lidmate van die gemeente wat in gemeenskap met hulle geleef het (Küng 1968:353). Die besondere bedieninge is uit hierdie hoek gesien die verbesondering van die bedieningsverantwoordelikheid van elke lidmaat (Kleynhans 1984:7). Daarom staan dit dan ook nie teenoor mekaar nie, maar vul dit juis mekaar aan. Die charismatiese karakter van die besondere bedieninge word ook beklemtoon deurdat proponente die hande opgelê word met hulle ordening. Sou dit nie ook 'n goeie praktyk wees om in die geval van die ander besondere bedieninge ook dieselfde te doen nie?[173] (vgl Dingemans 1987:52ev). Juis die feit dat dit net gebeur wanneer 'n proponent vir die eerste keer as predikant bevestig word, skep die indruk dat hierdie besondere bediening meer besonders is as ander en maak dit los van sy pneumatologiese bepaaldheid, terwyl die teenoorgestelde eintlik beoog word.

Waar die christologiese en pneumatologiese bepaaldheid van die besondere bedieninge, of te wel die essensiële en funksionele nie van mekaar losgemaak word nie, daar is die besondere bedieninge die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom. Dingemans (1987) se teenstelling tussen die christologiese en pneumatologiese bepaaldheid is dus inderdaad onnodig en onskriftuurlik soos wat Strauss (1994:63) met nadruk sê (vgl Bosch 1991:474).

---

[172] 'n Goeie voorbeeld hiervan is die praktyk in sommige Ned Geref Gemeentes dat 'n pre-advieskommissie op grond van bepaalde kriteria drie persone uit die groslys vir die beroeping van leraars uitsonder en in alfabetiese orde rangskik, terwyl die res van die groslys steeds behou word. Wanneer daar dan in biddende afhanklikheid gestem word, kan enige een op die groslys steeds beroep word.

[173] Kritzinger (1979:148) haal 'n verslag van die Christian Reformed Church in die VSA aan waar hulle dit stel dat dit onbybels is om net predikante die hande op te lê en nie die ouderlinge nie.

19.3 DIE APOSTOLAAT VAN ELKE LIDMAAT[174]

Voordat daar verder gegaan kan word om die besondere bedieninge te bespreek, is dit belangrik om eers enkele opmerkings te maak oor diegene op wie hulle bediening gerig is. Baie keer is "om in die bediening te staan" in die Ned Geref Kerk `n uitdrukking wat slegs vir die predikant gereserveer word. Vanuit die Skrif gesien is daar egter geen twyfel nie dat dit `n voorreg en verantwoordelikheid is wat vir alle lidmate bestaan (§15.7.3.1; Bronkhorst 1992:48, 54). Kleynhans (1984:5ev) sê op grond van die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 32 dat elke Christen kragtens die feit dat hy deel het aan Christus se salwing, ook gesalf is - "hy is Christen juis omdat hy soos Christus gesalf is as profeet, priester en koning. Soos die groot Ampsdraer staan elke Christen dan ook in `n amp, *die amp van die* gelowige". Vir baie lank is hierdie aspek van gemeentewees verwaarloos en is dit maar redelik onlangs weer "ontdek", ook in die Ned Geref Kerk (Heyns 1993:358ev). Dit was die Lidmaattoerustingsprogram, maar veral Gemeentebou wat met die liggaamsmodel baie sterk klem begin lê het op die bedieningsverantwoordelikheid van elke lidmaat. Bosch (1991:470) beskryf dit as "the apostolate of the laity" (vgl Burger 1999:107evvv). Hy wys daarop dat dit veral in die sendinggenootskappe was dat die bediening aan die "gewone"[175] lidmaat oorgelaat is en dat dit in werklikheid eers na die Tweede Wêreldoorlog was dat kerke dit ook in gemeentes begin indra het. "Laypersons are no longer just the scouts who, returning from the 'outside world' with eyewitness accounts and perhaps some bunches of grapes, report to the 'operational basis'; they *are* the operational basis from which the *missio Dei* proceeds. It is, in fact, not *they* who have to 'accompany' those who hold 'special offices' in the *latter's* mission in the world. Rather, it is the *office bearers* who have to accompany the laity, the people of God" (Bosch 1991:472). Dit is uit hierdie hoek uit wat daar ook met die idee gekom word dat die doop onder andere `n ordeningshandeling is en dat daar in werklikheid geen ander ordening of bevestiging van lidmate in besondere bedieninge nodig is nie (Burger 1999:189; Heyns 1993:358evv). Die doop sou wel in hierdie verband op `n gekwalifiseerde manier as `n ordeningshandeling gesien kan word, maar die gedoopte Timoteus is wel deur die raad van ouderlinge met handoplegging vir

---

[174] Die term "apostolaat van elke lidmaat" word verkies bo die term "priesterskap van gelowiges" (vgl Kleynhans 1984:6). In die eerste plek is daar by die bespreking van 1 Petrus daarop gewys dat die idee van die priesterskap van die gelowiges nie uit 1 Petrus se gebruik daarvan afgelei kan word nie (voetnota 120, §13.3.2.1). In die tweede plek is die keuse vir priesterskap ongelukkig omdat dit nie `n bediening in die Nuwe Testament is nie. Derdens hou die term apostolaat verband met die voortgaande Woordbediening van die apostels en omvat dit in werklikheid die totale bediening van die gemeente.

[175] Die uitdrukking gewone lidmaat is `n ongelukkige uitdrukking van `n beskouing wat die besondere

sy bediening in die gemeente waarheen hy gestuur is, georden. Juis die christologiese bepaaldheid van die besondere bediening maak `n ordeningshandeling gewens. Wat ook in hierdie verband ter sake is, is dat die aflegging van belydenis van geloof, wat wel kan saamval met die doop in bepaalde gevalle, as `n soort ordeningshandeling beskou kan word. Lidmate word immers toegelaat om belydenis af te lê op grond van die oortuiging dat hulle in staat is om bepaalde verantwoordelikhede na te kom en dat hulle dan juis onderneem om dit te doen (§17.1.3.2). Dit beteken dus ook die verantwoordelikheid om in die bediening te staan. Daar moet egter verstaan word dat dit nie beteken dat `n dooplidmaat nie in die bediening staan nie. Dit gaan by belydenisaflegging net oor `n amptelike verklaring van bevoegdheid en bereidheid wat eintlik ook die bevoegdheid om in `n besondere bediening te staan, insluit. Daar kan in werklikheid tot die gevolgtrekking gekom word dat `n gelowige kragtens sy lidmaatwees reeds in die bediening staan, en dat hy onder leiding van die besondere bedieninge en die ander lidmate in sy bekwaamheid om self te dien, groei (Bronkhorst 1992:48) - dus indiens-opleiding.

Die inhoud van elke lidmaat se bedieningsverantwoordelikheid raak in sy geheel alle aspekte van die bediening en die taak van die gemeente (vgl Kleynhans 1984:7). Vanuit die liggaamsmodel gesien beteken dit egter nie dat elke lidmaat se bediening presies dieselfde is as die volgende een nie (Burger 1999:190). Baie sal afhang van die spesifieke talente, gawes en geleenthede wat elkeen ontvang. In hierdie verband het Burger (1999:193ev) ook die relevante opmerking gemaak dat dit nie bloot net moet gaan oor dit wat `n lidmaat maklik kan doen nie, maar dat die Gees juis soms aan iemand `n gawe of geleentheid gee wat nie verband hou met sy natuurlike vermoëns nie (vgl 1 Kor 12 se charismata). In sulke gevalle moet dan in afhanklikheid staatgemaak word op die toerusting deur die Gees. Baie keer sal die gawes wat die Gees gee ook bepaal word deur die behoefte van die gemeente in `n bepaalde situasie (Burger 1999:113, 190ev). Daarom moet versigtigheid aan die dag gelê word om nie te maklik `n afgebakende lys van gawes of bedieninge te maak wat altyd en oral dieselfde moet wees nie.

In die gemeente as bedienaar het die besondere bedieninge egter steeds `n belangrike plek en funksie. Die feit dat nie almal alles moet doen nie, hou ook in dat sekere funksies

---

"ampte" as effens verhewe bo die ander beskou - dalk `n sagter vorm van "leek" teenoor "ingewyde".

aan die besondere bedieninge toevertrou word. In hierdie verband is daar ook reeds gesê dat die besondere bedieninge die verbesondering van die bedieningsverantwoordelikheid van elke lidmaat is en dat dit daarom nie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar juis aanvul. Die besondere bedieninge het dan ook die verantwoordelikheid om, in die woorde van Dingemans (1987:132) "de charisma te vinden, te stimuleren en te onderscheiden" (vgl Burger 1999:193). Dit gebeur byvoorbeeld waar die predikant as bedienaar van die Woord kategete toerus vir hulle verantwoordelikheid as bedienaars van die Woord. Die besondere bedieninge se posisie in die gemeente gaan dan daaroor dat hulle as instrumente van die Gees die lidmate moet bemagtig sodat die gemeente as 'n korporatiewe eenheid en volledig kerk mekaar en die wêreld kan bedien (Bosch 1991:474; vgl Burger 1999:107evv, 185, 194). Die feit dat die besondere bedieninge die gemeente moet bemagtig beteken nie dat die gemeente *per sè* as onmondig of onbekwame onvolwassenes beskou moet word nie (Bronkhorst 1992:48; Nel 1986:32ev). In die verhouding besondere bediening-gemeente "moet aan die een kant die selfstandige opdrag (diens) van die besondere ampte in en teenoor die gemeente ten volle vasgehou word. Aan die ander kant moet die volwassenheid van die gemeente as mense met gawes in diens van Christus en sy kerk eweseer gehandhaaf word" (Nel 1986:33). Die besondere bedieninge is dus die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid uit te leef. Ten slotte maak Burger (1999:191) die uiters relevante opmerking dat die Gees nie net mense se gawes en planne in diens neem nie, maar die mense self. Hy wys dan ook dat mense 'n groter bate is as strukture en tegnieke. Hierdie feit moet in en deur die besondere bedieninge deeglik in berekening gehou word.

19.4 DIE NIE-HIËRARGIESE AARD VAN DIE BESONDERE BEDIENINGE

Alhoewel die kwessie van hiërargie reeds op verskillende manier eksplisiet en implisiet aan die orde gekom het, is daar belangrike sake vir kerklike ordening in die verband wat nog nie aangeraak is nie.

19.4.1 Bedieninge eerder as ampte

Die duidelike diensknegkarakter wat alle bedieninge in die Skrif vertoon, beklemtoon dat geen bedieninge 'n hiërargiese posisie in die gemeente inneem nie (§15.7.3.7; Bronkhorst 1992:49, 54evv). Die beskouing van Markus dat enige leierskap in die kerk uit nederige dienslewering moet bestaan, is hier wesenlik belangrik (§4.3). Die gemeente is 'n

teokrasie en die bedieninge en die persone wat daarvoor geroep is, is bloot die instrumente waardeur God hom opbou (§15.7.3.7; Spoelstra 1989:30; vgl Kleynhans 1984:25ev). Terselfdertyd is al die bedieninge ook in diens van die gemeente en die individuele gelowiges tot voordeel van die geheel. Die besondere bediening is in beide gevalle nie die uitsondering nie.[176] Dit is daarom `n groot jammerte dat die kerk toegelaat het dat die lidmate in die besondere bedieninge in die teorie en praktyk die beeld van "ampsdraers" wat in besondere "ampte" staan, gekry het.[177] Op die manier is die pneumatologiese bepaaldheid in gedrang gebring en het dit die diensknegkarakter daarvan gekniehalter en die hiërargiese neigings verhoog (vgl Heyns 1993:357). Veral die voltydse "leraarsamp" met sy groot klem op universitêre teologiese opleiding as vereiste het nie hieraan ontsnap nie (vgl Dingemans 1987:52evv). Wat waarskynlik hiertoe bygedra het is dat "ampte" aan die "regering" van die kerk verbind is. Weliswaar word dit gekwalifiseer deur die aanduiding dat dit die wyse is waarop Christus self sy kerk regeer, maar in die Kerkorde van die Ned Geref Kerk van 1998 staan in artikel 16 dat die amp van ouderling onder andere die regering van die gemeente omvat en in artikel 19 dat die opsig oor, die regering van, en die tug in die kerk aan die vier kerklike vergaderings toevertrou word. In die praktyk skep dit die indruk dat die "ampte" en "ampsdraers" self regeer. Die gereformeerde tradisie het wel die hiërargiese neigings op verskillende maniere probeer teëwerk. Een daarvan is die gebruik by sommige gereformeerde kerke om van dienste te praat eerder as ampte (Spoelstra 1989:28ev; vgl Kleynhans 1984:1evv). Dit behoort algemeen die geval te wees en nie net `n beskrywing van die "amp" soos wanneer die Ned Geref Kerk in sy Kerkorde van 1998 in artikel 3 sê dat Christus sy dienswerk deur die dienswerk van die besondere "ampte" doen nie. Wat hierby ook belangrik is, is dat die manier waarop die besondere bedieninge in `n kerkorde omskryf en begrens word, die diensknegkarakter daarvan duidelik en helder moet onderstreep. Dit sou byvoorbeeld beter gewees het om by artikel 16 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1998 beide die woord "amp" en die subartikel oor die regering van die gemeente (artikel 16.1.1) te laat vaar en te volstaan met die byvoeging

[176] Bronkhorst (1992:54) hou wel vas aan die diensknegkarakter van die besondere bedieninge, maar beskou dit nie in die lig dat hulle ook in diens van die gemeente is nie. Die feit dat God egter mense in diens neem om die gemeente te bedien, wys ook op hierdie kant van die bediening.

[177] Juis vanweë `n negatiewe konnotasie wat aan die woord "amp" kleef, het Burger (1999:183) gekies vir die woord "leierskap". Hy gee toe dat daar nie werklik prinsipiële redes vir die keuse is nie, alhoewel hy tog meen dat dit `n bietjie beter uit die Skrif gefundeer kan word as "amp". Juis vanuit die manier waarop die Skrif hieroor praat is "bedieninge" selfs `n beter woord om te gebruik omdat dit die beste uitdrukking gee aan die feit dat so een in diens van God én die gemeente staan (§15.7.3.2), teenoor die hiërargiese konnotasie wat selfs aan die term "leier" kleef.

wat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1998 as algemene tipering van die ouderlingsdiens gemaak het. Dit lui: "Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat..." (artikel 16.1), sonder die woord "amp" natuurlik.[178] Die *Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens* van die Ned Geref Kerk spreek in `n stadium die gemeente aan en sê dat die taak van die besondere bedieninge ook hulle taak is (Handboek vir die erediens:114). Dit is `n stap in die regte rigting. Dingemans (1987:59ev) maak in sy bespreking van die leemtes in die Nederlandse Hervormde Kerkorde van 1951 `n interessante voorstel in hierdie verband en sê dat dit dalk goed sal wees indien die kerkorde ook `n artikel bevat waar die taak van die gemeente omskryf word, soos wat dit vir die besondere bedieninge gedoen is.

19.4.2 Kerklike vergaderings

`n Tweede manier waarop die gereformeerde tradisie die hiërargiese tendense wat saam met die "ampte" kom probeer teëwerk het, is dat dit slegs in vergadering is wat die bedieninge gesaghebbende besluite kan neem (Dingemans 1987:130; Kleynhans 1985:34). Alhoewel dit nie as `n konstante na vore gekom het nie, is daar in die Nuwe Testament spore van vergaderings wat belangrike besluite gesamentlik neem, byvoorbeeld Hand 15 waar die apostels en die ouderlinge van Jerusalem saam vergader het om die besnydenis-kwessie, wat wesenlik was vir die geloofsidentiteit van die kerk, op te los (§5.4.7; vgl Bronkhorst 1992:51ev). Soos reeds gemeld, moet daar gewaak word om meer in die teks in te lees as wat daar staan, maar minstens kan daar uit dié voorbeeld afgelei word dat dit nie verkeerd is om kerklike besluite op hierdie manier te neem nie. Jakobus het immers gesê: "Die Heilige Gees en ons het besluit..." (Hand 15:28). Indien dit hiërargie, ondeurdagte en eensydige besluite kan teëwerk deurdat die Godgegewe verskeidenheid in die gemeente en die kerk elkeen sy bydrae tot die geheel op hierdie manier kan maak, kan hierdie vergaderings op `n verskeidenheid maniere selfs uitgebrei word om meer lidmate by die besluitneming te betrek as net die besondere

---

[178] Die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 1998 oor die besondere bedieninge sê in hierdie verband dat die keuse vir "amp" `n ongelukkige keuse is teenoor die meer Skriftuurlike idee van "bediening" (Ned Geref Kerk Agenda 1998a:218). Hulle hou egter aan die term "amp" vas omrede dit gevestig is en waarskynlik reeds `n betekenisverandering ondergaan het met "bediening" as deel van die nuwe betekenisveld van "amp". Die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk 2002 stel om dieselfde rede as in 1998 die term "diensleier" voor in plaas van "amp" (Ned Geref Kerk Agenda 2002a:131). Hulle maak egter geen voorstelle in die verband nie. Dit is wel `n vraag of `n gevestigde term soos "amp" maklik vervang sal word, maar as `n begin met iets soos "bediening" of selfs "diensleier" nie gemaak word nie, sal dit ook nooit gebeur nie.

bedieninge (vgl Burger 1999:187ev). Tog moet gewaak word teen die opvatting dat die kerk demokraties werk. Die kerk is immers `n teokrasie waar God deur sy Woord en Gees die laaste sê het (§15.7.3.7).

Die gereformeerde tradisie bied `n voorbeeld in `n teenoorgestelde rigting. Die Hongaarse Gereformeerde kerk het `n episkopaalse kerkregeringstelsel (Bouwman 1928:307ev). Hiermee saam is dit ook insiggewend dat die Dordtse Sinode van 1618-19 kerke met episkopaalse kerkregeringstelsels ingesluit het (vgl Pont 1981:168). Bronkhorst (1947:150, 277) laat in hierdie verband dan ook die keuse oop tussen die episkopaalse stelsel en die presbiteriaal-sinodale stelsel, alhoewel hy laasgenoemde verkies as die beste manier waarop die Christusheerskappy deur Woord en Gees uitdrukking vind in die kerk. Die episkopale stelsel is wel volgens hom steeds aanvaarbaar in sendingsituasies waar die kerkorganisasie nog nie voldoende gevestig is om die Christusheerskappy te beskerm nie. In die lig van die openheid tot verandering en die voortdurende vraag na die beste orde vir die kerk op `n gegewe stadium en plek (§15.7.3.5; §22.1.3), kan hiermee geen fout te vind wees nie (vgl Bouwman 1928:307ev). Die voorwaarde bly egter dat selfs in `n episkopale stelsel alles moontlik gedoen moet word om hiërargie te vermy en die diensknegkarakter van die betrokke besondere bediening in stand te hou. Ook hier mag die pneumatologiese nie losgelaat word nie. Waarskynlik moet `n episkopaalse stelsel verkieslik as `n tydelike (nood)maatreël gesien word.

19.5 BESONDERE BEDIENINGE MET GODDELIKE GESAG

19.5.1 Bedieninge met gesag

Met die klem op die dienskneggestalte moet dit egter nie uit die oog verloor word nie dat die bediening van alle lidmate met Goddelike gesag uitgevoer word (Jonker 1965:7). Hierdie gesag het sy oorsprong daarin dat die kerk `n teokrasie is (§15.7.3.7), of soos dit in Efesiërs-Kolossense gesê word, dat Christus die Hoof van die kerk as sy liggaam is[179] (§9.3.2). Coertzen (1992:43evv) wys daarop dat die kerk dit nog altyd formeel bely het,

[179] Jonker (1965:3) stel dit baie sterk deur te sê dat "kerkreg wat nie van voor tot agter beheers word deur die waarheid van die Koningskap van Christus nie, is valse kerkreg... Kerkreg kan alleen egte, Bybelse kerkreg wees as dit uitgaan van die belydenis dat Christus Self Sy gemeente vergader, beskerm en regeer, dat Hy die handelende Subjek in die gemeente is en dat aan Hom alle mag en seggenskap in die gemeente toekom."

maar dat dit in die praktyk baie keer anders gemanifesteer het.[180] Op verskillende maniere is hierdie gesag dan in die hande van mense geplaas. In die Rooms-Katolieke Kerk is die Pous die direkte verteenwoordiger van Christus en het hy in wese alle gesag in sy hande (Coertzen 1992:43; Jonker 1965:5). In ander gevalle het gesag op demokratiese beginsels by die wil van die meerderheid begin berus. Soms berus dit ook in die persoon en die vermoëns van bepaalde individue en kry bepaalde besondere bedieninge 'n hoër status en dus groter gesag (Coertzen 1992:47). Dit gebeur ook dat die resultate van verskillende mens-wetenskappe net so veel of selfs meer gesag in die funksionering en strukturering van die kerk kry (Kleynhans 1991:81). Dit wil voorkom asof dit vir die kerk nog altyd moeilik was om in die praktyk 'n teokrasie te bly, selfs al word dit met nadruk bely (Coertzen 1992:43ev). Uit die konstantes het dit duidelik geword dat die wyse waarop Christus sy bedieningswerk voortsit in die tyd na die apostels, juis deur mense gedoen word (§15.7.5). Hierdie mense is egter bloot draers van die oorgelewerde tradisie van die apostels aangaande Jesus Christus se leer en lewe (vgl §15.7.4.1). Dit doen hulle ook onder leiding en toerusting van en naas die direkte werking van die Gees. Dit beteken dat hulle geen inherente gesag het wat in hulle persoon, bekwaamheid of in hulle bediening geleë is nie (Jonker 1965:8). Hulle gesag is slegs gelegë in Christus wat hulle roep om sy bediening voort te sit, die Woord as neerslag van die leer van die apostels wat hulle moet verkondig en waarin hulle onderrig moet gee en sy Gees wat hulle bekwaam maak en die vrug op hulle arbeid gee[181] (vgl §15.7.2, §15.7.3.6 en Kleynhans 1991:80evv). In hierdie sin moet die bedieninge in die gemeente so uitgevoer word dat dit die ruimte oopmaak vir Christus om self sy bedieningwerk deur sy Gees uit te voer (vgl Jonker 1965:7). Dit geld vir die bediening van die hele gemeente, maar in besonder ook vir die besondere bedieninge[182] (§15.7.3.1; §15.7.3.2). Waar die persoon met sy besondere gawe en/of in 'n bepaalde besondere bediening in gehoorsaamheid aan God sy spesifieke verantwoordelikheid nakom, doen hy dit met gesag en moet diegene vir wie hy bedien hulle daaraan steur[183] (Nederlandse

---

[180] Jonker (1965:4) verbind hierdie afwykings met die verwaarlosing van die belydenis van die Koningskap van Christus of die skeeftrek van die verhouding tussen Christus en sy kerk deur die kerk. 'n Kerk se teologiese diepte of geloofsinhoud kan dus gemeet word aan sy kerkreg.

[181] "Die feit van Christus se direkte en persoonlike hoofskap oor sy kerk sou kerkregtelik gesproke as dié fundamentele grens van enige kerkreg en kerkregering aangedui kan word" (Coertzen 1992:49).

[182] Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1998 sê in artikel 3: "3.1 Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in sy kerk. Hy doen dit deur: 3.1.1 die dienswerk van al die gelowiges: 3.1.2 die dienswerk van die drie besondere ampte ... 3.2 Hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is".

[183] Heyns (1993:359ev) wys op die moderne tendens dat ook kerklike gesag al hoe meer bevraagteken

Geloofsbelydenis artikel 31). "Die Reformatore kan sterk uitsprake doen oor die volmag waarmee die ampsdraers mag optree ... Dit ... hou niks minder in nie as die volmag om te straf en te vermaan, te bind en te ontbind, te bou en te vernietig - en as dit nodig is, sê Calvyn, ook te bliksem en te donder, ... maar *alles net deur die Woord van God*" (Jonker 1965:9). Dit hou egter ook in dat 'n besondere bediening se gesag afhanklik is van sy gehoorsaamheid aan die Woord (Jonker 1965:10evv). Die Woord bepaal dus die grense van gesag in die kerk (Jonker 1965:9).

19.5.2 Vergaderings met gesag

Juis omdat dit Christus self is wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, is alle bedieninge nie-hiërargies van aard (Jonker 1965:11ev; vgl §15.7.3.7). In die vorige punt is daarop gewys dat die hiërargiese tendense in die besondere bedieninge ook teëgewerk kan word deur die besluitneming in kerklike kwessies nie oor te laat aan individue nie, maar aan vergaderings. Hierdie vergaderings het dan ook 'n Goddelike en kerklike gesag, as twee kante van dieselfde saak (Ned Geref Kerk Kerkorde 1998:artikel 20; vgl Hand 15:28 waar Jakobus oor die besluit van die vergadering, wat bindend is op al die gemeentes, sê "Die Heilige Gees en ons het besluit..."). In die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1998 word in artikels 18 en 19 op voetspoor van die gereformeerde tradisie dan ook uitdruklik gesê dat die regering[184] van die kerk by vier kerkvergaderings hoort en in artikel 27 dat die kerkraadsvergadering wat as verantwoordelikheid die gemeente het, bestaan uit die leraars, ouderlinge en diakens. Hier is dit ook belangrik om te sê dat die kerklike vergaderings kompromie en demokratiese stemmings moet vermy, en besluite liefs met konsensus, gedefinieer as algemene instemming in die lig van die Woord, moet neem. Dit is immers vanselfsprekend in die lig van dit hierbo gesê is, dat ook kerklike vergaderings se gesag afhanklik is en begrens word deur die Woord onder leiding van die Gees. Jonker (1965:11) sê in hierdie verband dat kerklike vergaderings ter wille van die goeie orde van en die bediening in die kerk ook besluite kan neem wat nie

---

word en dat daar vanuit 'n demokratiserende tendens al hoe meer aanspraak gemaak word op deelnemende bestuur. Dat die kerk en veral diegene in besondere bedieninge hierdie tendense moet verreken is vanselfsprekend, maar hierby moet verstaan word dat die gesag van die kerk en die besondere bedieninge nie in 'n bepaalde persoon of bediening lê nie, maar in die Een wat hom roep, toerus en stuur (vgl Kleynhans 1991:80evv). Daarom rus die gesag van die besondere bedieninge uitsluitlik in die Woord wat hulle onder leiding van die Gees op verskillende maniere verkondig (Jonker 1965:8ev). Hier is dus nie sprake van die "volkswil" wat finale gesag het nie.

[184] Die "geestelike leiding, bestuur en toesig" van die kerk sal beter pas as "regering" soos dit beredeneer is in 'n vorige punt (§19.4.1). Dit werk enige hiërargiese neiging teë sonder om die Godgegewe gesag van die vergaderings te beïnvloed.

direk uit die Skrif afgelees kan word nie. Volgens hom sal sulke besluite egter nie op dieselfde wyse bindend wees as dit wat meer direk uit die Woord afgelei is nie.

19.5.3 Gemeentelike gesag?

Dingemans (1987:82ev) meen dat, alhoewel die besondere bedieninge hulle onderskeie verantwoordelikhede het wat nagekom moet word en daar 'n kerkraad kan wees wat sake bestuur, hulle gesag afgelei word vanuit die geméénte en dat alle beslissingsbevoegdheid by die gemeentevergadering lê. Dit geld ook vir meerdere vergaderings (Dingemans 1987:85). Hy grond hierdie siening daarop dat die prioriteit vir alle kerklike ordening wat hom betref by die gemeente as die hart van die kerk lê. Hierdie beskouing staan gedruk onder die feit dat kerklike gesag in die belangrikste plek dan nie meer afgelei word van God, wat aan die besondere bedieninge, hetsy individueel of in vergadering, of selfs aan die gemeente gesag gee nie (vgl §15.7.2 en §15.7.3.7). In die tweede plek kom staan die gemeente as kontrolerende vergadering (Dingemans 1987:83) in die plek van die Godgegewe geloofsidentiteit van die kerk, soos dit manifesteer in die Woord en belydenis as basis, en dus ook as toetssteen vir alle kerklike ordening (§15.5; §16.1). Dingemans (1987:79) sê dan ook dat die "mystieke hart van de gemeente heeft – uiteraard – een sosiologisch-organisatorische vorm". Beide kom dus neer op die demokratisering van die kerklike gesag,[185] soos Strauss (1994:55) tereg opmerk, en verdring dus die teokrasie. Dit kan tog nie.

19.6 'N VEELKANTIGE WOORDBEDIENING STAAN SENTRAAL

Gemeentes kan 'n verskeidenheid besondere bedieninge as deel van sy bedieningstruktuur hê, maar die Woord van God en die bediening daarvan is wesenlik, en daarom móét een of meer besondere bedieninge getaak hiermee, 'n permanente plek in die bedieningstruktuur inneem.

19.6.1 Permanente besondere bedieninge?

Die gemeente het die verantwoordelikheid om in alle omstandighede en tye volledig kerk te wees soos God dit bedoel het. In die lig van die veelkantigheid van die beeld van die kerk in die Nuwe Testament, die kerk se openheid tot verandering (§19.7.3.5) en dat dit juis vanweë veranderde omstandighede noodsaaklik kan wees, hoef die besondere

[185] Vergelyk ook Dingemans (1987:90ev) se praktiese uiteensetting van 'n gemeentelike organisasie, wat in 'n uit en uit demokratiese bestuursstyl ontaard.

bedieninge nie in alle omstandighede en in alle tye oral dieselfde te wees nie. Trouens, die wyse waarop die kerk se skelet saamgestel is, moet dalk juis `n dinamiese karakter hê sodat die kerk altyd oop kan wees vir die leiding van die Gees en beweeglik kan bly. Die behoud van die duursaamheid van die kerklike ordening, of dan die stewigheid van die skelet, vra egter dat die saambindende rol van die besondere bedieninge onnodige of oorhaastige veranderings sal demper. In die lig van die konstantes wat in hierdie verband vanuit die Skrif na vore gekom het, is dit duidelik dat daar wel (`n) besondere bediening(e) is wat nie anders kan as om `n permanente plek in die kerklike ordening in te neem nie (§15.7.4.1; §15.7.4.2; vgl Bronkhorst 1992:49-52).

Dit is insiggewend dat die verskillende kerklike tradisies elkeen sy eie keuse gemaak het wat die besondere bedieninge betref. In die Rooms-Katolieke tradisie speel die priester en biskop `n groot rol met sy primêre funksie die bemiddeling van die heil deur middel van die sakramente (Heyns 1992a:53). In die pentekostalistiese tradisie is dit die pastoor wat onder direkte leiding van die Gees God se wil aan die gemeente openbaar en `n bemiddelingsrol vir die deurwerking van die *charismata* in die gemeente vervul. In die gereformeerde tradisie is dit die drievoudige "amp" of bediening van leraar, ouderling en diaken wat as die besondere bedieninge uitgesonder word (Kleynhans 1984:22ev). Laasgenoemde beroep dan ook die oorsprong van hierdie drie bedieninge op die Skrif (Kleynhans 1984:23).

19.6.1.1 Die *munus triplex Christi*

Hierin gee Bronkhorst (1947:150) die gereformeerde tradisie volkome gelyk. "De ambten blijken gevolmachtigde diensten te zijn; de veelheid der NTische uitingen van het ééne ambt blijkt zich ongedwongen te laten herleiden tot een drietal grondvormen, waarbij ruimte gelaten moet worden voor differentiatie; deze drie grondvormen sluiten zich op schoone wijze aan bij het munus triplex Christi". Hy sê in sy eksegetiese begronding dat alle besondere bedieninge "straalbrekingen van dit een Goddelike ambt van Jezus Christus" is en dat die Nuwe Testament `n veelkleurige beeld van die besondere bedieninge teken (Bronkhorst 1947:114). Hy kom tot gevolgtrekking dat al die verskillende besondere bedieninge tog as dieptestruktuur in drie verskillende take uiteenval, saamgevat in die begrippe Woordbediening, regering en praktiese diens (Bronkhorst 1947:115ev). Dit verbind hy dan op gereformeerde spoor (vgl Bouwman 1928:342 en Kleynhans 1984:4ev, 24) met die sogenaamde *munus triplex Christi*, as

hulpkonstruksie. Die *munus triplex Christi* laat volgens hom die besondere bediening se verhouding met Christus tot sy reg kom, is deur die Ou Testamentiese wortels daarvan Bybels gefundeerd, is deel van die gereformeerde belydenis en kom ook by Calvyn, Luther en die Rooms-Katolieke Kerk voor (Bronkhorst 1947:116evv). Hieruit vloei die besondere bedieninge van leraar, ouderling en diaken dan voort wat inherent niehiërargies is en die één bediening van Christus tot sy reg laat kom. Hy kwalifiseer dit wel wanneer hy sê dat "de rijke differentiatie van het NT mag door een hulpconstructie als die van het *munus triplex* niet worden weggewerkt," wat volgens hom beteken dat ander bedieninge ook vanuit hierdie drietal na vore mag kom. Hoewel dele van dit wat hy in hierdie verband sê bruikbaar is vir kerklike ordening en aansluit by van die konstantes wat vanuit die Skrif uitgelig is, het die drieërlei take egter nie op so manier as 'n konstante na vore gekom dat dit logies tot uiting kom in die bedieninge van leraar, ouderling en diaken nie. Hierby is die *munus triplex Christi* inderdaad 'n teologiese hulpkonstruksie wat nie net so in die Skrif terug te vind is nie. Daarom is dit steeds toetsbaar aan die Skrif en moet dit met omsigtigheid, en dan in die lig van die Skrif, vir die orde van die kerk bruikbaar gemaak word. Dit kan daarom bevraagteken word dat Bronkhorst (1947) dit in die eksegetiese deel van sy studie ter sprake bring, terwyl dit beter onder sy tipering van teologiese eksegese in die tweede deel van sy proefskrif sou tuishoort. Daar skitter dit egter in afwesigheid.

Hoewel die *munus triplex Chisti* 'n groot rol in die gereformeerde bedieningsbeskouing speel, gaan dit gebuk onder ernstige eksegetiese vrae. Soos dit in die konstantes duidelik geword het, kan daar 'n verband getrek word tussen die bedieninge in die Ou Testament soos dit na vore gekom het in die koninklike, profetiese en priesterlike bedieninge, en die bediening van Christus soos dit in die *munus triplex Chisti* geteken word (§15.7.5). Die probleem kom daarna. Christus bring die laaste en genoegsame offer en vervul daarmee die totale priesterlike diens van die Ou Testament. In die Christelike gemeentes van die Nuwe Testament was daar nie 'n priesterlike bediening nie en selfs priesters wat in Christus geglo het, het geen soortgelyke bediening in die gemeente voortgesit nie[186] (§5.4.5). Daarby pas die bediening van diaken soos wat dit deur die gereformeerde

[186] Bronkhorst (1992:48) praat wel van elke lidmaat en die gemeente se priesterlike funksie: "iedere christen is geroepen om in deze wêreld priesterlijk, bemiddelend, Gods grote daden te verkondigen (1 Petr. 2:9)". Daar is in die bespreking van 1 Petrus daarop gewys dat dit nié gaan om individuele gelowiges wat priesters is nie, maar oor die feit dat elke individuele gelowige opgeroep is "to share this common priestly vocation, to the end that the community so constituted orients its life and devotion to the God to whom it

tradisie op die Skrif gefundeer (Hand 6) en in die praktyk ingekleur word, glad nie by die priesterlike bediening van die Ou Testament of dié van Christus nie (§5.4.7; Ned Geref Kerk Kerkorde 1998:artikel 17; Kleynhans 1984:72-97). Trouens, dit wat Jesus as priester gedoen het, is volgens die gereformeerde tradisie die inhoud van dit wat deur die leraar verkondig en deur die ouderling beskerm moet word (Kleynhans 1984:44ev. 62-67). Ook wat die koninklike en profetiese bedieninge betref is die lyn nie so maklik te trek vanuit die bediening van Christus soos wat die *munus triplex Chisti* doen nie. In die Nuwe Testament is dit veral die ouderling, wat in die gereformeerde tradisie die regerende bediening het, wat aan die profetiese bediening van die Ou Testament en van Christus verbind kan word (§15.7.4.2). Daarby lê die gereformeerde tradisie ook sterk klem daarop dat Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, wat netjies inpas in die wyse waarop dit in die konstantes na vore gekom het dat die ouderlinge as Woordbedienaars saam met die Heilige Gees die bedieningswerk van Christus voortsit (§15.7.4.2; §15.7.5). Hierdie wyse van regering verskil dus van dié van die konings van Israel. Tog is die intensiewe opbou van die gemeente in terme van geloofsinhoud en -gehoorsaamheid ter wille van die afgegrensdheid van die kerk ook `n belangrike konstante wat na vore gekom het. Indien regering dan in die sin van 'om daarvoor te sorg en daaroor te waak' bedoel word, kan `n lyn tog getrek word tussen die koninklike bediening in Israel, Christus se koninklike bediening en hierdie bedieningsaspek in die kerk

19.6.1.2 Die besondere bedieninge in die gereformeerde tradisie

Wanneer `n mens na die saak gaan kyk soos dit in die eksegetiese deel en die konstantes na vore gekom het, lyk die prentjie nie veel anders nie. Die bediening van diaken kom in relatief min van die korpusse na vore, en waar dit na vore kom, is dit eintlik net uit Lukas-Handelinge en in `n mindere mate die Pastorale Briewe dat daar enigsins afleidings gemaak kan word oor die inhoud van hulle bediening (§5.6.4.2; §10.4.3.2). Inhoudelik gesien is die kwessie van barmhartigheid en praktiese dienswerk in die Skrif ook glad nie so op die voorgrond as byvoorbeeld onderrig nie. Dit val ook op dat die diakenbediening by name en inhoud na Handelinge 6 nie weer in Lukas-Handelinge ter sprake kom nie, terwyl die ouderlinge volgens Handelinge `n toenemende rol speel terwyl die apostels van die toneel af verdwyn (§5.6.4.1; §5.6.4.3). Die Pauliniese Briewe

---

owes its constitution as elect and holy people" (Achtemeier 1996:157; vgl §13.3.2.1).

(Fil 1:1) en die Pastorale Briewe noem die diaken in dieselfde asem as die ouderling, wat wel die indruk wek dat albei redelik vroeg al gevestigde bedieninge in die gemeentes was. Die gereformeerde tradisie huldig dit soms dat daar 'n ontwikkeling in die bedieninge plaasgevind het vanaf die *charismata* vroeg in die bestaan van gemeentes, tot by die meer gevestigde en amptelike bedieninge soos dit in die Pastorale Briewe na vore kom (Kleynhans 1984:23). Laasgenoemde word dan as normatief beskou. Hiervolgens verdeel die bedieninge basies in twee, naamlik die ouderling wat in die lerende en regerende bediening manifesteer, en die diaken (Kleynhans 1984:23). Benewens die apostels wat in 'n nie-herhaalbare bediening gestaan het, is dit in werklikheid net die ouderlinge wat by name in redelik baie van die korpusse na vore kom (§15.7.4.1; §15.7.4.2). Hierdie bediening vertoon wat inhoud betref self 'n redelike veelkantigheid wat uiteindelik saamgevat kan word as onderrig in, en verkondiging van die apostoliese tradisie aangaande Jesus Christus (§15.7.4.2). Dit is juis hierdie tradisie wat die blywende nalatenskap van die apostels is waardeur hulle bediening in die kerk voortgesit word (§15.7.4.1). Soos reeds gemeld, kan 'n regerende bediening moontlik uit die konstantes afgelei word. Dit hou in dat die gemeente intensief opgebou moet word wat betref hulle geloofsinhoud en -gehoorsaamheid ter wille van hulle afgegrensdheid van die wêreld. In Lukas-Handelinge en die Pastorale Briewe kan so 'n regerende funksie wel met die ouderlinge verbind word, maar dit is inderwaarheid 'n saak wat meer met die apostels in verband gebring word. Dit is dus net die profetiese bediening van die Ou Testament en van Christus se bediening met die ouderling as werktuig, asook aspekte van die koninklike bediening van die Ou Testament en Christus wat in die Nuwe Testament as konstantes na vore kom. Gesien vanuit die hoek waarna hierdie studie na die saak kyk, is dit dus onmoontlik om vas te hou aan die *munus triplex Christi* as 'n bruikbare hulpkonstruksie om by permanente besondere bedieninge vir die kerk uit te kom. Dit is om dieselfde redes slegs moontlik om die ouderlinge, met 'n veelkantige Woordbediening wat regering insluit, as permanente bedieninge vir die kerk uit die Skrif af te lei. Deur een beeld van die bediening te verhef tot Skriftuurlike beeld, is die gereformeerde tradisie op hierdie punt dus eensydig. Natuurlik is dit nie onskriftuurlik nie, maar dit vertoon net een kant van 'n veelkantige saak. As bedieninge wat in die Skrif na vore gekom het, was dit juis dan bedieninge wat vir sommige van die vroeë gemeentes noodsaaklik was (vgl §10.1 en §10.4) en in 'n stadium weer vir die kerk noodsaaklik geword het (vgl Coertzen 1991:23).

19.6.2 Die Woord en die bediening daarvan is wesenlik

Uit verskillende konstantes en kerkordelike implikasies het die sentrale plek van die evangelie, as die oorgelewerde tradisie aangaande die leer en lewe van Jesus Christus in die lewe en bediening van die kerk, duidelik geword[187] (§15.2; §15.5; §15.7.1; §15.7.2; §15.7.3.3; §15.7.4.1; §15.7.4.2; §17.2; §18.3.1; §21; vgl Burger 1999:174). "Apostoliciteit de Kerk beteekent identiteit der huidige generatie met de apostilische in Geest en Woord" (Bronkhorst 1947:235). Dit is die saak waaroor dit gaan. In kort kan dit die Woord genoem word, of dan die Bybel (vgl Burger 1999:174). Terselfdertyd het dit ook na vore gekom dat die bediening van hierdie Woord in 'n verskeidenheid gestaltes die sentrale bediening in die kerk en die gemeente is (§15.7.2; §15.7.3.3; §15.7.4.1; §15.7.4.2). Die wyse waarop dit bedien word gaan veral oor verkondiging en onderrig (§15.7.3.1; §15.7.3.3; §15.7.3.7; §15.7.4.1; §15.7.4.2). Die inhoud en oogmerk van die bediening van die Woord word in die konstantes saamgevat in die gedagte dat die gemeente as geheel, en die lidmate afsonderlik, deur die verkondiging van en die onderrig in die evangelie van Jesus Christus toegerus word sodat lidmaat en gemeente sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan nakom, en die kerk se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word (§15.7.3.3). Burger (1999:175) praat in hierdie verband van die normatiewe, informatiewe en formatiewe funksie van die Woord. Dit moet bedien word in die gemeente se soeke na die waarheid in verskillende situasies, sodat lidmate met God se handelinge en mense se reaksies daarop in die verlede kan identifiseer, en dit in diens van die herskeppende werk van die Gees in mense en die gemeente se lewe kan dien tot die morele en karaktervorming van gelowiges (Burger 1999:175ev).

Prakties beteken dit, soos reeds by die gemeente as geloofsgemeenskap gemeld, dat die Woord op 'n hoorbare, sigbare, en voelbare manier binne die gemeente, maar ook na buite, op 'n verskeidenheid wyses oorgedra moet word (§18.3.1). Dit sluit Woordverkondiging, kategese, Bybelstudie, getuienis, die sakramente, onderlinge vermaning, pastoraat, bemoediging, vertroosting en tug in. Weliswaar is Woordbediening nie die enigste bediening nie, en dit kan ook nie in alle aspekte van die gemeentelike

[187] Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê in artikel 29 daarom tereg dat die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken is "wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om sondes te straf. Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as enigste Hoof erken".

lewe ewe sterk en sentraal figureer nie, maar in die geheel gesien moet die Woord en die bediening daarvan alle aspekte van die gemeentelike lewe deursuur.[188] Hierin het die gereformeerde tradisie die spyker op die kop geslaan.[189] Die sentrale plek wat die kansel in gereformeerde gemeentes se kerkgebou inneem, die feit dat alles in die erediens op een of ander manier met Woordbediening te make het, die feit dat die predikant as bedienaar van die Woord meestal voltyds in die bediening staan, die belangrike plek wat die kategese inneem, die instemming met die belydenis en die beloftes wat in verband daarmee gemaak word by belydenisaflegging, die klem op teologiese opleiding en die legitimasie-eed wat proponente moet onderteken, die opsigtaak wat die ouderlinge ten opsigte van die prediking het, die inhoud van lidmate se geloof en hulle geloofsgehoorsaamheid, en die belangrikheid van tug waar leer- en lewenstug beskou word as 'n vorm van Woordbediening, onderstreep alles die belangrikheid daarvan in hierdie tradisie. Om hierdie rede is die gereformeerde tradisie al van `n bepaalde eensydigheid ten opsigte van ander kerklike tradisies beskuldig, en doesdae word dit ook gemakliker aanvaar dat ander tradisies nie soveel klem op die Woordbediening lê nie (Burger 1999:121). Daar is uiteraard nie `n probleem met die sake wat van die ander tradisies beklemtoon nie. Die klem in die bediening van die Rooms Katolieke, Anglikaanse en Oosters-Ortodokse kerke op die liturgie, die klem op verhoudings soos by sekere pentekostalistiese groepe en sekere vorme van die kleingroepbeweging, en die klem op diens soos by die Suid-Amerikaanse bevrydingsteologie, is alles aspekte van kerkwees wat nie verwaarloos mag word nie (Burger 1999:115ev). Daar is reeds by die vraag na voorwaardes vir volledige kerkwees ook gewys op die belangrikheid van verhoudings in, die taak, die bedieningstruktuur en die geloofsidentiteit van die gemeente (§18.3). Die feit dat die Woord en Woordbediening as konstantes vanuit die veelkantige beeld van die bediening in die Skrif na vore gekom het, staan vas. Daar is trouens nie `n korpus waarin dit nie sentraal is nie. Dit is ook opvallend dat die enigste besondere bedieninge wat as konstantes na vore gekom het, veral Woordbediening as inhoud het (§15.7.4.1; §15.7.4.2). Hiermee saam bestaan `n wesenlike deel van die gemeente se gerigtheid op die wêreld uit getuienis deur Woordverkondiging (§15.5; §21). Om al hierdie redes is dit `n goeie vraag of die klem werklik op enige iets anders kàn lê indien `n gemeente of `n kerk Skrifgetrou wil wees.

---

[188] "Die kritieke saak in die gereformeerde bediening is nie die oorfunksionering van die Woord en die prediking nie, maar die onderfunksionering (en op sommige plekke die nie-funksionering) van sommige van die ander drie dienste" (Burger 1999:121ev), naamlik liturgie, diens en verhoudings.

19.6.2.1 Die sakramente as Woordbediening

In die gereformeerde tradisie is die suiwer bediening van die sakramente een van die merktekens van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29). Dit word beskou as sigbare en konkrete Woordbediening. Burger (1999:179) wys daarop dat dit in die meeste Protestante tradisies naas die prediking van die Woord as wesenlike heilsmiddele aanvaar word. Hy merk egter ook op dat dit in die gereformeerde tradisie nooit veel meer was as 'n blote ondersteuning van die verkondigde Woord nie. Hy pleit verder ook dat dit as heilsmiddele op die voetspoor van die belydenisskrifte 'n groter en meer selfstandige plek in die bediening sal inneem. Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat immers van sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak waardeur God in ons deur die krag van die Heilige Gees werk (artikel 33). Die Heidelbergse Kategismus sê op sy beurt dat dit "sigbare, heilige tekens en seëls (is) wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël" (vraag en antwoord 66). Burger (1999:180ev) stel voor dat daar meer gemaak moet word van die verkondigende en versekerende werking van die sakramente, die feit dat dit kan help met die toe-eiening en internalisering van die heil, die misterickant van die nagmaal en die feit dat die sakramente lidmate kan help om meer sintuie te gebruik en "so te groei in 'n ryker, vreugdevoller en hopelik ook 'n meer gehoorsame geloof". Beide die sakramente is objektiewe gebeurtenisse wat as't ware van buite aan individue gegee word en is dus nie op hulle subjektiewe ervarings of waarnemings gegrond nie. Op hierdie manier onderstreep dit die genade- en hoopvolle boodskap van die evangelie van Jesus Christus. Daarom is dit 'n wesenlike onderdeel van die Woordbediening in die gemeente waarsonder hy nie kan klaarkom nie.

Dit is ook belangrik dat die doop 'n groter werklikheid vir lidmate sal wees. Dit word in die Skrif as verbondsteken feitlik deurgaans met die gedoopte se verbondenheid aan Jesus Christus en die feit dat sy redding in die inisiatief van God gegrond is en dus buite homself lê, in verband gebring (§15.2; §15.5). Die feit dat 'n persoon gedoop is, is dus 'n voortdurende bevestiging dat hy deel is van die volk wat God vir Homself uitgekies en met wie Hy 'n verbond gesluit het (§15.7.3.3). Wanneer die gemeente hulleself sien as 'n gemeenskap van gedooptes, kan dit net hulle geloofsidentiteit in Christus versterk met al

[189] Burger (1999:174) wys daarop die Woord in die gereformeerde tradisie die primêre heilsmiddel is.

die sekerhede wat daarmee saamgaan in terme van hulle afgegrensdheid van, en gerigtheid op die wêreld (§15.5; vgl §18.3.1 en §18.3.3). Juis die feit dat die doop lidmate ook aan mekaar vasbind, kan op sy beurt die gemeente as 'n verhoudingsgemeenskap dien en ook die onderlinge verbondenheid op die regte grondslag plaas, naamlik in Christus (vgl §18.3.2).

Wat die nagmaal betref, pleit Burger (1999:179, 181) op die voetspoor van Calvyn vir 'n weeklikse viering van die nagmaal aan die einde van die diens. Dit is immers 'n verbondsteken wat in die gemeente se konkrete bestaan funksioneer in die werklikheid van die lewe (§15.2; §15.6) met die doel om vir die kerk hoop te gee, sodat hy in hierdie wêreld te midde van teenstand en lyding kan volhard in sy getuienis soos dit uiting vind in sy vashou aan die ware evangelie en sy gehoorsaamheid (§15.6). In die nagmaal kyk die gemeente mos terug na sy oorsprong in Christus en vorentoe na sy wederkoms. Die *Formulier vir die bediening van die nagmaal* van die Ned Geref Kerk sê dat die gemeente in die nagmaal opnuut aan Christus en aan mekaar vasgebind word om so versterk te word in sy geloof, in sy getuienis en in sy toekomsverwagting (Handboek vir die erediens 1988:83).

19.6.3 Bedienaars van die Woord

Dit het reeds op verskillende plekke en maniere na vore gekom dat die besondere bedieninge in die Skrif 'n besondere veelkantigheid en selfs 'n bepaalde ontwikkelingspatroon openbaar. In die lig van bepaalde omstandighede en bedieningseise, het bepaalde besondere bedieninge òf hulle verskyning gemaak òf van die toneel verdwyn. Soms, soos in die monargie in Israel, was die reaksie positief én negatief. Soms was daar ernstige kritiek teen die wyse waarop 'n besondere bediening of 'n spesifieke persoon sy bediening uitgeleef het - vergelyk die kritiek van die profete teen die priesters en die konings, en die negatiewe reaksie wat die konings soms op die profete se bediening gehad het. Wat egter soos 'n goue draad dwarsdeur hierdie veelkantigheid na vore gekom het, is die Woordbediening wat in die Nuwe Testament aan die apostels en die ouderlinge verbind kan word (§15.7.4). Soos in die konstantes gesê is, was die apostels se bediening nie-herhaalbaar, is die Woord hulle nalatenskap en word hulle bediening voortgesit waar die Woord bedien word (§15.7.4.1). Uiteindelik is dit die ouderling wat oorbly. Terwyl die onderrigfunksie van die ouderling as die mees konstante na vore gekom het, word sy bediening ook verbind met verkondiging van,

toerusting van lidmate in en die waaksaamheid oor die suiwerheid van die Woord, asook die herderlike opsig oor lidmate (§15.7.4.2). Wanneer die huidige praktyk in die gereformeerde tradisie, en by name die Ned Geref Kerk, in oënskou geneem word, dan is dit opvallend dat die predikantbediening baie groot ooreenkomste vertoon met die ouderlingbediening in die Nuwe Testament (vgl §15.7.4.2, Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 9 en Kleynhans 1984:44ev). Weliswaar erken die gereformeerde tradisie hierdie toedrag van sake en praat van die predikant as 'n lerende ouderling wat saam met die regerende ouderling 'n regerende en leidinggewende funksie binne die gemeente vervul (Kleynhans 1984:22ev; vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 9.8 en 9.9). Dit het egter in die eksegetiese deel en die konstantes na vore gekom dat so 'n onderskeid baie moeilik vanuit die Nuwe Testament gefundeer kan word (vgl §10.4.3.1). Trouens, die *episkopos*, wat in die Pastorale Briewe in die enkelvoud aangedui is teenoor die *presbuteros* wat beide in die enkelvoud en die meervoud voorkom, se sogenaamde herderlike funksie het in die tyd na die Nuwe Testament in die regerende bediening van biskop as 'n enkele leiersfiguur wat saam met ouderlinge en diakens die gemeente bedien het, ontwikkel (vgl Ridderbos 1975:476 en Schweizer 1961:85). Dit is dieselfde soort figuur as wat die predikant vandag in gereformeerde gemeentes inneem, net in 'n ander soort bediening.

19.6.3.1 Die ouderling - lerend en regerend

Die implikasies van dit alles is dat 'n gemeente altyd moet sorg dat daar iemand is wat verantwoordelikheid vir die Woordbediening kan aanvaar (§15.7.3.2; §15.7.3.3; §15.7.4). Op voetspoor van die Nuwe Testament en die gereformeerde tradisie kan hy 'n lerende ouderling genoem word (Kleynhans 1984:22ev), maar dit sou op 'n biblisistiese soort eksegese neerkom om by 'n term vas te haak.[190] Hierby sal 'n regerende bediening ook 'n pertinente plek in die gemeente moet inneem (§15:5; §15.7.3.3; §15.7.4.2). Dit is nie verkeerd om die huidige praktyk in die gereformeerde tradisie te volg wat die regerende bediening in die afsonderlike bediening van ouderling laat manifesteer nie, maar daar is

[190] Die vraag wat 'n besondere bediening genoem behoort te word is belangriker as wat dit op die oog af klink. Heyns (1992a) praat sonder om dit te beredeneer deurgaans van die predikantfiguur as 'n pastor wat vanuit sy prakties-teologiese benadering waarskynlik die klem laat val op die versorgende aspek van die predikant se bediening - 'n aspek wat die laaste jare baie sterk op die voorgrond getree het. Alhoewel dit 'n Skriftuurlike klank en voorbeelde het en 'n belangrike aspek van die bedieninge in die gemeente beklemtoon, is dit 'n vraag of dit regtig reg laat geskied aan die Woordbediening wat sentraal staan. Selfs die terme lerende en regerende ouderling bevredig nie werklik nie. Leraar en herder sal dalk beter uitdrukking gee aan die aard van hierdie twee besondere bedieninge, of die twee kante van een besondere bediening.

ook niks wat dit verhoed dat dit deel kan wees van `n omvattende Woordbediening wat in een besondere bediening saamgetrek is nie, byvoorbeeld `n ouderling met lerende en regerende funksies (vgl §15.7.3.5; Kleynhans 1984:22ev). Om `n voorbeeld te noem waar die praktyk ook `n stem in hierdie rigting spreek, is die platteland van Afrika met sy groot afstande en gebrekkige infrastruktuur en vervoermoontlikhede. Hier kan die gemeente `n lewende en dinamiese liggaam wees indien `n ouderling die leraar van `n klein gemeente in `n statjie is. Hy kan dan in diens opgelei en toegerus word vir sy bediening deur `n voltydse lerende ouderling, leraar of predikant wie se primêre taak die teologiese opleiding van die ouderlingleraars binne die gemeente is (vgl Kritzinger 1979:98). So kan hy as bedienaar van die Woord `n lerende en regerende funksie vervul. Iets van die beeld wat in die Pastorale Briewe geteken word met Timoteus en Titus wat ouderlinge in die gemeentes moes aanstel en toerus, kom so na vore. Gesien in die lig van die belangrikheid van die kleingroep binne die gemeente, is hierdie ook `n gedagte om vir kerklike ordening in berekening te bring.

Die klem op die sentrale plek van Woordbediening hou ook in dat `n gemeente baie mooi moet dink oor die funksies wat die lerende ouderling binne die gemeente moet vervul. Baie hiervan sal ook afhang of hy voltyds in die besondere bediening staan al dan nie. Veral in die geval van `n voltydse persoon sal gewaak moet word om hom nie as `n voltydse "amptenaar" te oorlaai met funksies wat niks of weinig te doen het met Woordbediening nie. Dit beteken prakties dat kerklike ordening genoeg ruimte moet laat vir goed voorbereide prediking, verskillende vorme van onderrig in die Skrif en die leer van die kerk, asook die feit dat enige bedienaar van die Woord die mense wat hy bedien en hulle omstandighede grondig moet ken sodat sy bediening werklik kan grondvat (vgl Burger 1995:55ev en Snyman 1998:17ev). Dieselfde geld vir die deurlopende onderrig aan, en toerusting van die bedienaars van die Woord. In hierdie verband is die sogenaamde doktorebediening, as `n besondere vergestalting van die Woordbediening, ook belangrik (vgl Kleynhans 1984:45evv). In `n Skriftuurlik verantwoorde kerkorde "het kan niet gaan om ... een kerkorde, waarin slechts plaats zou zijn voor de 'opzieners' als hoeders der apostolische overlevering, en niet voor de theologen als vertolkers van deze boodschap in nieuwe verhoudingen" (Bronkhorst 1992:54). Dit is eintlik jammer dat hierdie bediening nooit werklik `n selfstandige plek as besondere bediening in die kerk ingeneem het nie, en binne kerkverband nie `n groter rol speel in die onderrig aan, en die toerusting van lidmate nie. Hier moet wyer gedink word as net aan kerklike dosente aan

`n teologiese fakulteit wat predikante oplei. Trouens, dit kan moontlik ook gekombineer word met die huidige behoefte aan `n *pastor pastores* (vgl Ned Geref Kerk in Noord-Kaapland Agenda 1999:57ev).

19.6.3.2 Kategese as `n besondere bediening

In ondere andere die Ned Geref Kerk is dit die gebruik dat ook lidmate wat nie in `n besondere bediening staan nie, betrokke is by die onderrig van dooplidmate in die kategese (vgl Kleynhans 1988:102). Aangesien hierdie lidmate direk betrokke is by `n belangrike faset van die Woordbediening wat in elk geval `n permanente karakter het en verband hou met die mees konstante funksie van die ouderlingbediening in die Nuwe Testament (§15.7.3.3; §15.7.4.2), is dit `n baie goeie vraag of kategeseonderrig nie ook `n permanente besondere bediening behoort te wees waarin lidmate bevestig word en waarvoor hulle op `n baie meer uitgebreide manier toegerus word nie (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:220 en Ned Geref Kerk Agenda 2002a:132ev). Hulle is immers bedienaars van die Woord en die kwaliteit van die geloofsidentiteit van die kerk en `n belangrike aspek van die gemeente se volledige kerkwees het alles te make met wat hulle doen.

19.6.3.3 "Amptelike" Woordbediening?

In die gereformeerde tradisie is sekere funksies in die gemeente uitgehou vir bepaalde besondere bedieninge. Dit is oorbekend dat die bediening van die Woord in die erediens en die sakramentsbediening as amptelike Woordbedieninge vir die predikant uitgehou word (vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998:artikel 9). Ouderlinge kan wel leesdienste hou, maar nie die sakramente bedien nie. Proponente en goedgekeurde teologiese studente kan die Woord wel vry bedien in die erediens, maar nie die sakramente nie. Binne hierdie denkraamwerk word die Woordverkondiging in die erediens dan as "amptelike" Woordbediening beskryf teenoor "nie-amptelike" Woordbediening wat tydens ander geleenthede, asook spontaan deur almal, uitgevoer kan word. Sakramentsbediening sorteer dan onder amptelike Woordbediening. Die laaste klompie jare word die stemme wat hierdie beskouing bevraagteken, al hoe harder. In die tipiese Afrika-konteks het die behoefte ontstaan dat nie net die predikant die sakramente mag bedien nie (vgl Kritzinger 1979:160evv). Kritzinger (1979:21, 23ev) wys op wat hy noem die onhoudbare situasie dat die evangelis in die Ned Geref Kerk van Afrika vir alle praktiese doeleindes `n amptelike bedienaar van die Woord was, maar nie die sakramente kon bedien nie omdat

hy nie gelegitimeer en georden was nie. In die jongste tyd het die hierdie saak ook onder die aandag gekom in berigte dat die sakramente binne Ned Geref-gemeentes deur selleiers of selfs sellede in selgroepe bedien word (Janse van Rensburg 1998:82). In al hierdie gevalle kom die vraag na vore of daar `n onderskeid getref kan word tussen amptelike en nie-amptelike Woordbediening (vgl Kritzinger 1979:21). Hiermee saam is dit ook `n vraag of die sakramentsbediening nie met die reëling dat net predikante dit mag bedien, selfs `n meer amptelike status kry as Woordbediening nie.

In die Ou Testament was dit die priester se verantwoordelikheid om die offers wat individue gebring het namens hulle te offer (§2.4.2.4.5). Daar is ook daarop gewys dat hierdie offer eintlik eers effektief geword het met `n verklarende woord wat die priester daaroor uitgespreek het (§2.4.2.4.5; vgl Von Rad 1962:262). Die priester was ook die een wat Jahwe se seën ten behoewe van sy volk amptelik bemiddel het (§2.4.2.4.5). Daar was dus sekere bedieningsfunksies wat slegs die priester kon uitvoer. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die priesterbediening in en deur Jesus Christus vervul is (§19.6.1.1; vgl §19.7.5). Hiermee saam is die besnydenis en die pasga as verbondstekens nooit in Israel op grond van `n kultiese voorskrif deur die priester of enige ander persoon in `n besondere bediening bedien nie (De Vaux 1973:46, 486, 489). Dit was waarskynlik normaalweg deur die familiehoof of die vader van die huisgesin gedoen. In die Nuwe Testament is dit ook baie moeilik om vas te stel of daar ooit sprake was van `n onderskeid tussen amptelike en nie-amptelike Woordbediening. Alhoewel die moontlikheid genoem word dat die hoof van die huishouding waar die gemeentelike byeenkoms plaasvind ook die nagmaal sou instel (Banks 1980:85), en dat by meer as een geleentheid sprake is dat `n apostel die doop bedien het (Kritzinger 1979:161), is daar regtig geen aanduiding dat dit vir `n bepaalde besondere bediening of selfs enige besondere bediening uitgehou is nie (Kritzinger 1979:161ev). Bouwman (1934:317) meen dat dat die opdrag in Mat 28:19 om te doop, aan dieselfde persone wat die evangelie moes verkondig, gegee is, naamlik die dissipels. Dit sou dan 'n begronding wees vir die feit dat die sakramentsbediening vir die bediening van die predikant as Bedienaar van die Woord uitgehou is. Hierdie standpunt staan egter gedruk onder die feit dat die dissipels in Matteus verteenwoordigend is van die hele kerk (§3.2.1). Hierdie opdrag is dus aan die kerk gegee sonder om enige iemand uit te sonder om die doop te bedien (vgl §3.3.4).

Dit beteken egter nie dat die sakramente sommer in enige situasie deur enige een bedien mag word nie. Daar is reeds op gewys dat die doop `n inlywingsritueel in die gemeente is en dat die nagmaal `n gemeentelike maaltyd is waardeur onder andere die eenheidsband tussen die lidmate versterk word (§15.7.3.3; §17.1.2.1; §19.6.2.1). Beide sakramente hoort dus in die gemeente as geheel en die amptelike byeenkoms van die gemeente is die erediens. Hiermee saam is dit juis vanuit die feit dat die Here bepaalde besondere bedieninge aan sy gemeente as skelet van die liggaam gee, duidelik dat sekere funksies wel in `n bepaalde bediening saamgetrek word. In hierdie verband is dit dan uitgewys dat daar iemand moet wees wat pertinent verantwoordelikheid aanvaar vir die Woordbediening in die gemeente (§19.6.3; §19.6.3.1), natuurlik sonder om daarmee te sê dat niemand anders die Woord mag bedien nie (§19.3). Daar is op `n verskeidenheid maniere geïmpliseer dat sulke persone toegerus en bekwaam moet wees vir hulle bediening. Daar is ook gesê dat sulke persone georden moet word as bevestiging van die christologiese aspek van hulle bediening. Waar hierdie persone dan `n besondere Woordbedieningsfunksie binne die gemeente het, is die erediens as die byeenkoms van die hele gemeente die geleentheid waar dit "amptelik" uitgoefen kan word ten behoewe van almal. Die skelet se funksie is immers om die liggaam beweeglik en dinamies te maak. In hierdie verband speel die sakramentsbediening as sigbare Woordbediening ook `n wesenlike rol. Dit is veral met die doop as `n eenmalige teken van die verbond en inlywingsritueel in die gemeente, waar grootskaalse wanorde kan heers indien dit op enige plek deur enige iemand bedien kan word.[191] Dit gaan immers oor gelowige ouers wat as lidmate van die gemeente hulle kind ten doop bring en daarmee as verbondsouers bepaalde verantwoordelikhede aanvaar (*Formulier vir die bediening van die doop aan die kinders van gelowiges*, Handboek vir die erediens 1988:60ev). Wat die nagmaal betref sou dit wel met medewete van die gemeente op `n ordelike manier in kleingroepverband bedien kan word op voorwaarde dat daar sekerheid bestaan dat almal weet waaroor dit gaan, dit nie tot verdeelheid sal lei nie, die karakter van `n gemeentelike byeenkoms sal hê en in samehang met die bediening van die Woord bedien word[192] (vgl

[191] Binne die gereformeerde tradisie is nog altyd daaraan vasgehou dat die doop wat deur iemand bedien word wat nie in `n erkende besondere bediening in die bepaalde kerk staan nie, ongeldig is. (Kleynhans 1988:68). Dit word gemotiveer vanuit die feit dat die doop aan die kerk gegee is (Matt 28:19; §3.2.1; §17.1.2.1) en dus binne die ruimte van die gemeente bedien behoort te word.

[192] Uit Kleynhans (1988:86evv) se bespreking van die saak blyk duidelik dat daar nie regtig eenstemmigheid in gereformeerde kringe oor hierdie saak is nie. Hy verwys na briewe van Calvyn waaruit dit blyk dat hy nie daarteen was in uitsonderlike gevalle met meriete nie. Aan die ander kant is daar gereformeerde kerke in Nederland wat vir `n paar eeue daaraan vasgehou het dat dit slegs in die erediens bedien mag word. Die vier sinodes van die Ned Geref Kerk het vanaf 1945 verskillende besluite hieroor

Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:515). So `n uitsonderingsmaatreël geld reeds in die Ned Geref Kerk waar dit onmoontlik is vir lidmate om eredienste by te woon (Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:514ev). Juis as deel van die skelet se funksie binne die gemeente en dus onder andere ter wille van die goeie orde, sal dit by beide sakramente ook belangrik wees dat dit bedien word deur iemand wat georden is vir `n besondere Woordbediening (Bouwman 1934:317ev, 407evv; vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 49.1). Proponente en teologiese studente sal wel in uitsonderlike gevalle ook die sakramente kan bedien. Die uitsondering word immers reeds in hulle geval gemaak deur hulle toe te laat om die Woord in die erediens te mag bedien. Aangesien Woord en sakrament ten nouste met mekaar saamhang en laasgenoemde die seël op die Woord is (Bouwman 1934:317), behoort die bevoegdheid om die Woord te mag bedien ook die bevoegdheid om die sakramente te mag bedien in te sluit.[193] Die gemeente behoort dus self te kan besluit om in besondere omstandighede hulle toe te laat om dit te kan doen. Dit sal egter as uitsonderings in spesifieke situasies moet dien. `n Voorbeeld is `n gemeente wat om bepaalde redes vir `n hele tyd lank deur `n proponent bedien word.

Deur die Woord en die sakramente in die erediens deur `n geordende persoon te laat bedien, word geen onderskeid getref tussen amptelike en nie-amptelike Woordbediening nie. Eerstens is die erediens `n byeenkoms van die hele gemeente waar `n bevoegde bedienaar van die Woord die geleentheid kry om sy besondere funksie binne die gemeente uit te voer. Tweedens verhoed niks dat ander lidmate ook die Woord op bepaalde maniere binne die erediens mag bedien nie. Alles wat in die erediens gebeur het immers te make met Woordbediening. Die voorwaarde sal wel wees dat dit ordelik geskied.

19.6.4 Ander bedieninge

Dit is uit die Skrif duidelik dat die Woordbediening `n besondere veelkantigheid vertoon en dat daar ook `n verskeidenheid besondere bedieninge is wat hierby betrek word - dié

---

geneem en was dus nie heeltemal eenstemmig oor die saak nie, alhoewel Kleynhans (1988:88ev) van mening is dat al vier tog bedoel dat die bediening van die nagmaal buite die erediens iets is wat in onbruik behoort te raak. Dit wil uit Kleynhans (1988:89ev) se bespreking van die saak lyk asof die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van meet af nie daarvoor voorsiening gemaak het nie, alhoewel die Sinode van Natal die enigste Sinode was wat dit wel toegelaat het. Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het eers in 1994 besluit dat die nagmaal buite die erediens bedien mag word, weliswaar in uitsonderlike gevalle en onder bepaalde voorwaardes (Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:514ev).

[193] Bouwman (1934:321evv) wys op die feit dat daar in gereformeerde kringe ook hieroor nie regtig eenstemmigheid was nie.

van profeet, evangelis, onderwyser, die *hegoumenos* van Hebreërs, en ander. Dit is ook uit die Skrif baie duidelik dat die Woordbediening nie die enigste bediening is wat in, vir en deur die gemeentes gedoen is nie. Dit is eweneens duidelik dat die lerende en regerende ouderling en ander wat betrek word by die Woordbediening ook nie die enigste besondere bediening in die gemeentes was nie. By name kan die versorging van die weduwees en die maatreël om mense uit te sonder om verantwoordelikheid vir hulle sorg te aanvaar, hier genoem word (§5.6.4.2). Die diaken is ook alreeds genoem (§8.8.3; §10.4.3.2). Onder die *charismata* wat Paulus in 1 Kor 12 noem is daar bedieninge van genesing, hulpverlening en leiding neem wat verbind word aan spesifieke mense in die gemeente. Daar is in die Ou en Nuwe Testament ook `n baie duidelike openheid om onder leiding van die Gees nuwe besondere bedieninge te aanvaar, in die lewe te roep, bestaandes te verander en ander te laat vaar (§15.7.3.5). `n Goeie voorbeeld hiervan is die opkoms van die profetebediening in dieselfde tyd as die vestiging van die monargie om as waghonde oor die monargie met sy groter potensiaal vir dwaling op te tree (§2.4.2.4.6; §2.4.3). Dit beteken dat die kerk altyd die opening moet laat vir hierdie soort veranderings (vgl Burger 1999:183evv, 187ev). Dit kan breedweg oor `n hele kerkverband gebeur of bloot in `n enkele gemeente.[194] Uit die aard van die saak kan en moet bepaalde bedieninge selfs `n permanente plek in die kerklike lewe inneem, soos byvoorbeeld met die diaken in die gereformeerde tradisie gebeur het. As deel van die skelet van die liggaam en ter wille van kontinuïteit kan `n kern van besondere bedieninge nie anders as om relatief permanent te wees nie (Bosch 1991:473ev). Dit is veral in die geval van besondere bedieninge wat `n meer permanente plek in die kerkverband inneem, belangrik dat veranderinge deurdag sal gebeur en dat daar tyd gegee sal word om te sien of dit werklik van die Gees kom en of dit die toets van die tyd sal deurstaan[195] (vgl Burger 1999:187). Laastens is dit belangrik dat hierdie bedieninge nie bloot net uit die gemeente opkom, bloot vanuit die menswetenskappe die kerk ingedra word, en/of bloot

---

[194] Daar sal natuurlik groot versigtigheid aan die dag gelê moet word oor die manier waarop gemeentes hierdie saak los van die kerkverband hanteer. Die kwessie van ordening sal waarskynlik ter wille van die orde en eenvormigheid net ter sprake kom in bedieninge wat deur die kerkverband as algemeen goedgekeur is. Daar is egter geen prinsipiële beswaar dat `n bediening soos Bybelstudiegroepleiers of omgeegroepleiers bepaalde verantwoordelikhede kan aanvaar nie. Die hulpdienste wat op `n stadium in die gereformeerde tradisie plek gehad het, naamlik sieketroosters, voorlesers, katkisasiemeesters, en dies meer, wys ook daarop. Dit sal egter nie die besondere bedieninge wat deur die Kerkverband goedgekeur is na letter en funksie mag verdring nie (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:219ev; Ned Geref Kerk Agenda 2002a:132ev).

[195] In die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening word daar in hierdie verband ook gewys op die feit dat slegs die Algemene Sinode `n nuwe bediening kan goedkeur met as riglyne die vraag of die behoefte so sterk na vore kom dat dit vir die hele kerk belangrik is om dit in te stel en of die Gees

`n gier is nie. Ook dit moet steeds in biddende afhanklikheid onder leiding van die Gees en onder kontrolering deur die Woord gebeur - God is en bly immers die Outeur vir enige verandering in die kerk (§15.7.3.5).

20. `N GESTRUKTUREERDE UNIVERSELE KERKVERBAND

Die geloofsidentiteit wat gemeentes deel, vorm die basis waarop hulle aan mekaar vasgebind is om sigbaar volk van God in die wêreld te wees.

20.1 EEN UNIVERSELE KERK WÊRELDWYD

Dit het as `n definitiewe konstante na vore gekom dat die kerk universeel van aard is (§15.4). Die plaaslike gemeente, `n aantal gemeentes in `n geografiese gebied saam en die universele kerk is almal as `n korporatiewe eenheid volk van God (§15.3; §15.4). Die kerk bely dan ook van baie vroeg in sy geskiedenis af die eenheid en die algemeenheid van die kerk pertinent (Die Geloofsbelydenis van Nicéa). Hieruit is dit duidelik dat eenheid van die kerk God se gawe aan die kerk is. Alhoewel die gemeente die sigbare gestalte van die universele kerk op `n bepaalde plek is en volledig kerk is, is die universele kerk as `n historiese werklikheid ook gestruktureerd en sigbaar in die wêreld teenwoordig (§15.3; §15.4; §15.6). Daar is reeds gesê dat waar mense in Jesus Christus glo en dit uitleef, verkondig en saam vergader, daar is die kerk sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig (§17.1.1). Dit geld vir beide die gemeente en die universele kerk. Dit beteken enersyds dat die gemeente nooit teenoor die universele kerk gestel kan word asof dit twee groothede is wat mekaar wedersyds uitsluit of opponeer nie. Andersyds beteken dit dat die gegewe eenheid van die kerk in die lig van die kerklike verdeeldheid in die praktyk ook as `n voortdurende opdrag vir die kerk geld (Kleynhans 1982:36; Strauss 1991b:190). Dit is reeds in die Skrif, maar veral ook in die kerkgeskiedenis deur die eeue duidelik dat daar van die begin af tot nou toe in die praktyk maar min van hierdie eenheid gesien kan word (Kleynhans 1982:36), tot groot skade aan die evangelie. "Dit is so dat die verskeurdheid van die kerk en die onvermoë van Christene vanuit verskillende tradisies om mekaar in Christus te vind as broers en susters van een Vader, ook ernstige afbreuk doen aan die geloofwaardigheid van die kerk. Die evangelie vra van ons dat ons op hierdie punt beter sal moet vaar" (Burger

---

oor `n wye front in kerk in breë verband so `n gawe aan die kerk gee (Ned Geref Kerk Agenda 2002a:132).

1999:5; vgl Strauss 1991b:190ev). Hierby moet egter gevoeg word dat die wyse waarop die gemeente sigbaar en gestruktureerd in die wêreld teenwoordig is, anders lyk as dié van die universele kerk. By die konstantes het dit na vore gekom soos hieronder duidelik sal word, dat dit wat oor die sigbaarheid en struktuur van die universele kerk gesê kan word ook vir die gemeente geld, maar dat dit wat andersins oor die sigbaarheid en struktuur van spesifiek die gemeente gesê kan word nie vir die universele kerk geld nie (§15.7).

20.2 GELOOFSIDENTITEIT AS BASIESE STRUKTUUR

Dit is reeds gesê dat geloof in Jesus Christus, soos dit op die drieërlei wyse omskryf is nie net die individu se lidmaatskap van die gemeente raak nie, maar ook die kerk se bestaan in die wêreld (§17.2.5). Dit vorm in werklikheid die wesenlike identiteit van die kerk (§15.5). "Die eiendomlike van die Christendom is sy verbondenheid aan die persoon van Christus" (Potgieter 1998:1). Dit is net in geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, in instemming met die waarheid van die evangelie en 'n gehoorsame leefwyse dat die kerk instrument in God se hand kan wees en uiteindelik kerk van God bly (§15.5; §17.2). Dit is wat die kerk onderskei van enige ander samelewingsverband en dus die grens trek tussen wie tot die kerk behoort en wie nie. Hierdie geloofsidentiteit van die kerk vorm dan die basis vir alle ander strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind (§17 - stelling) – hetsy dit 'n kleingroep, 'n gemeente, kerkverband of die universele kerk is (Strauss 2001:396ev). Die eenheid van die kerk is dus hierin geleë (Strauss 1991b:190ev; vgl Bosch 1991:464ev). Dit hou in dat die geloofsidentiteit duidelik uitgespel moet word sodat gelowiges seker kan wees van die geloof wat hulle met mekaar deel, seker kan wees wie hulle is, dit as 'n werklikheid beleef dat hulle aan mekaar behoort en dit sigbaar kan word hulle die volk van God in die wêreld is. Die kerk is 'n eiesoortige en afsonderlike gemeenskap in die wêreld juis omdat die mense wat dit vorm dieselfde geloof deel. Wanneer lidmate, gemeentes, kerkverband- en ekumeniese strukture duidelike sekerheid het oor die identiteit van die kerk en die implikasies daarvan vir die leefwyse en etiek, is die grens tussen die kerk en enige ander samelewingsverband duidelik getrek. Dan kan lidmate as individuele gelowiges en die kerk as organisasie volledig binne hierdie wêreld leef sonder om die grense van die kerk te kompromiteer.

20.2.1 Die rol van `n identiteitskrisis

In hierdie verband is dit insiggewend dat die identiteitskrisis wat die Ned Geref Kerk tans beleef, gepaardgaan met ernstige vrae oor bedienaars en lidmate se kennis van en getrouheid aan die Drie Formuliere van Eenheid (Potgieter 1998:7evv; Strauss 1998:21ev). In sekere kringe is die hart van die evangelie selfs in gedrang (Potgieter 1998:8; Strauss 2001:398) en is kerkskeuring nie uit die oog te verloor nie (Potgieter 1998:10). Hierdie tendens wys op die belangrikheid van `n gesamentlike identiteit vir die sigbaarmaking en die belewenis van die kerk as korporatiewe eenheid van individue (vgl Strauss 1991b:191ev). Aan die ander kant van die munt moet ook opgemerk word dat sommige van die kerkskeurings in gereformeerde kringe nie soseer gegaan het oor die hart van die evangelie nie, maar eerder oor sake van middelmatige belang (§17.3.1; vgl Strauss 1991b:192evv). Die bestaan van vier Afrikaanse gereformeerde kerke met dieselfde belydenisskrifte in een land is `n goeie voorbeeld hiervan. Dieselfde kan gesê word van die skerp skeiding wat daar binne die familie van Ned Geref Kerke die afgelope anderhalf eeu ontwikkel het. Dit wys op die gevaar dat die sake wat in die hart van die belydenis lê en waaroor daar eenstemmigheid is, nie sterk genoeg as `n samebindende faktor funksioneer nie. Ook hier is die werklike identiteit van die kerk nie duidelik en helder genoeg op die voorgrond nie. Daarom skep middelmatige sake soos taal en volk dan `n identiteitsverwarring en lei dit soms selfs tot kerkskeuring (vgl Strauss 2001:401). Vir Dingemans (1987:111) is dit juis die rede waarom die kerk liefs nie tot die vorming van belydenisskrifte moet kom nie. "Als de eenheid gegrond word in een belijden, leidt de verwoording van de belijdenis en de verfijning van de formulering tot debatten, veroordelen en afsplitsingen." Hy merk dan ook op dat die nasionale kerke in Nederland se oplossing hiervoor `n liberale verdraagsaamheid was. Die oplossing lê egter nie in `n ope verdraagsaamheid teenoor alle verskillende interpretasies nie, aangesien die eenheid juis geleë is in die geloof wat lidmate met mekaar deel (§15.3; §15.5; §15.7.1; Strauss 1991b:194). Dit onderstreep twee dinge. Die eerste is dat dit belangrik is dat almal seker moet wees van die geloofsidentiteit van die kerk. Die tweede is dieselfde sekerheid oor die onderskeiding tussen wesenlike en middelmatige sake.

20.2.1.1 Sekerheid oor die gedeelde identiteit

Dit is uit bogenoemde voorbeelde duidelik dat die kwessie van die geloof wat gelowiges deel, of te wel die geloofsidentiteit van die kerk, `n belangrike komponent in enige kerklike ordening is. Dit mag egter nie net by woorde op papier bly nie, maar moet in

wese `n uitdrukking wees van dit wat vanuit die Skrif in die hart van elke lidmaat leef. Dit hou onder andere in dat enige kerklike ordening pertinent voorsiening moet maak dat lidmate seker bly van die geloofsidentiteit van die kerk.[196] `n Goeie voorbeeld hier is die legitimasie-eed wat proponente in die Ned Geref Kerk moet onderteken,[197] saam met die opsigtaak wat die ouderlinge het ten opsigte van die suiwerheid van die Woordverkondiging en die ruimte wat vir leertug bestaan (Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 16.1.4 en 60.1). Hiermee saam is die kerklike voorskrif vir gereelde prediking uit die belydenisskrifte ook `n belangrike reëling. Dit is egter `n aktuele vraag of dit wat hieroor op papier staan nie reeds staan of val by die erns waarmee dit tydens teologiese opleiding hanteer word nie (vgl Strauss 1998:31). En of dringende noodmaatreëls nie dalk nodig is om die huidige identiteitskrisis op te los nie? As `n voorbeeld kan die vraag gevra word of die huidige krisis in die Ned Geref Kerk oor die wesenlike saak van Skrifbeskouing werklik opgelos is met die besluite wat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 2002 daaroor geneem het (vgl Ned Geref Kerk Handelinge 2002b:548ev), of dit 'n werklike weerspieëling is van die meerderheid lidmate se Skrifbeskouing en of dit enigsins `n verskil gaan maak oor hoe lidmate hieroor dink. Die aanvoeling is dat baie lidmate baie meer biblisisties dink oor die Skrif en dus ook `n probleem het met die wyse waarop die menslike kant daarvan in die verslag aan die Algemene Sinode 2002 geteken word. Sou `n oplossing nie wees dat hierdie saak tot op gemeentevlak as deel van `n proses van wye bespreking in die kerk gedebatteer word voordat dit uiteindelik op `n Algemene Sinode tot uiting kom in `n besluit wat werklik iets weerspieël van die geloofsidentiteit van die kerk nie - elke lidmaat het immers `n

---

[196] Dingemans (1987:26ev) maak melding van `n interessante reëling van die Nederlandse Hervomde Kerk wat veral in wesenlike sake duidelikheid en eensgesindheid oor die geloofsidentiteit kan bevorder en terselfdertyd die kanse groter maak dat dit wat die kerk bely ook in die hart van lidmate leef. Volgens hierdie reëling word `n voorstel by `n bepaalde sinode goed geformuleer, waarna dit na die klassisse toe gestuur word vir bespreking en kommentaar. Die volgende sinode bespreek dan weer die voorstel en neem die besluit. Hier kan ook gemeld word dat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 1994 basies dieselfde gedoen het ten opsigte van die Belharbelydenis en die kindernagmaal (Ned Geref Kerk Handelinge 1994b:440ev, 449).

[197] "Ek, die ondergetekende ....., toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur die Algemene Regskommissie wat daartoe gemagtig is, verklaar hiermee in alle opregtheid voor die Here dat ek van harte glo dat al die artikels en stukke van die leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 en 1619 aangeneem - ooreenkom met die Woord van God. Ek belowe om die voornoemde leer ywerig en volhardend te leer en in my wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen dié leer, hetsy regstreeks of onregstreeks, te leer of te skrywe. En net soos ek hierdie leer ter goeder trou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalings wat teen hierdie leer stry, en ek beloof om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die Kerk te weer..." (Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars).

bedieningsverantwoordelikheid teenoor die geheel, en die vashou aan die evangeliese waarheid is verseker nie die minste hiervan nie (§15.7.3.1; §15.7.3.3). Anders gesê, hoe gaan die identiteitskrisis in die Ned Geref Kerk hieroor opgelos word?

20.2.2 Die rol van bestaande belydenisskrifte

Breër gesien speel die Drie Formuliere van Eenheid in hierdie verband 'n belangrike rol ten opsigte van die identiteit van die kerk, nie net tussen die verskillende Ned Geref-gemeentes wat in kerkverband met mekaar getree het nie, maar ook wat betref die band wat die Ned Geref Kerk met ander gereformeerde kerke van die dieselfde belydenis wêreldwyd het (vgl Kleynhans 1988:204-208). Nog breër is dit ook belangrik om raak te sien dat die sogenaamde ekumeniese belydenisse, en veral die Twaalf Artikels, 'n belangrike identifikasiemiddel vir die Christelike kerk is (vgl Strauss 1998:27ev). Daarom behoort dit baie sterk in enige ekumeniese verhouding te funksioneer. Maar juis omdat dit werklik die hart van die evangelie saamvat, behoort die bande wat daardeur geskep word, ook so stewig te wees dat die korporatiewe eenheid van die kerk teenoor ander groeperinge duidelik sigbaar word (§15.5; §15.7.1; §15.7.2). Dit behoort baie duidelik te wys op die bedenklikheid van die intergeloofsamewerking wat deesdae op baie ekumeniese sakelyste is (vgl Bosch 1991:483-489). Weer eens word die belangrikheid van die identiteit van die kerk onderstreep vir die sigbare uitdrukking en belewenis van die korporatiewe eenheid van die kerk as volk van God in die wêreld.

20.2.2.1 'n Nuwe belydenisskrif?

Juis in hierdie verband is dit ook 'n belangrike vraag of 'n nuwe en vars belydenisskrif wat uit die hart van die kerk ontwikkel en wat reeds in sommige kringe bepleit word, nie dalk tot 'n nuwe en dinamiese sekerheid oor die identiteit van die kerk kan lei en so die kerk weer kan saambind tot die korporatiewe eenheid wat dit in Christus reeds is nie (vgl Ned Geref Kerk Agenda 1998a:300). Alhoewel daar nie met Dingemans (1987:90ev) saamgestem kan word oor sy siening dat die eenheidsband van die kerk nie geleë is in 'n belydenis nie, verdien sy aandrang op 'n voortdurende gesprek oor die waarheid van die Skrif en die wyse waarop dit telkens in nuwe situasies geherformuleer moet word, aandag. Daar is reeds in die lig van die konstante oor die openheid vir verandering gesê dat kerklike ordening in die lig van 'n voortdurend veranderende wêreld nooit 'n afgehandelde saak nie (§15.7.3.5; §22). Die vraag is of dieselfde nie gesê kan word van die belydenisskrifte van die kerk nie. Alhoewel dit nie pertinent as 'n konstante na vore

gekom het nie, is dit reeds in die veelkantige beeld wat van die kerk vanuit die verskillende korpusse in die Nuwe Testament na vore gekom het, duidelik dat verskillende omstandighede en die verloop van tyd gemeentes genoop het om dieselfde waarhede oor die kerk op verskillende maniere te sê. Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat dit ook geld vir dit wat in die hart van die evangelie lê. Die feit is dat dit ook waar is van die Ekumeniese Belydenisse en Drie Formuliere van Eenheid. Dit is belangrik om hier op te merk dat die geloofsidentiteit van die kerk soos dit manifesteer in enersyds die Woord van God en andersyds die belydenis as die wyse waarop die kerk die Woord verstaan en dit op 'n bepaalde tyd en plek tot gelding kom (Wethmar 1993b:53), altyd in die spanningsveld sal staan van 'n voortdurende reformasie (vgl §15.7.3.5). In die lig van telkens nuwe geloofsvrae sal die kerklike belydenis as *norma normata* altyd weer getoets moet word aan die Skrif as *norma normans* (Wethmar 1993b:50). Dit is duidelik dat bepaalde geloofsvrae die inhoud van die verskillende belydenisskrifte gestempel het, byvoorbeeld die Dordtse Leerreëls. Daarom kan nuwe geloofsvrae ook die kerk noop om die Skrif hieroor te laat spreek in die vorm van 'n belydenisskrif (Strauss 1998:29). Uit hierdie hoek gesien is die Belydenis van Belhar 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Dit is egter in die lig van die feit dat die kerklike belydenis as *norma normata* nog meer duursaam behoort te wees as kerklike ordening (vgl §22.1.2), asook dat in die Openbaring van Johannes en die Pastorale Briewe die oorgelewerde tradisie van die apostels veral in die lig van die bedreiging van dwaalleringe so funksioneer dat dit nie geherinterpreteer hoef te word nie (§10.3; §7.2.4), belangrik dat daar met groot omsigtigheid en geduld na die saak gekyk moet word. 'n Nuwe belydenisskrif kan nie spruit uit 'n onbehae en selfs 'n klomp eietydse vraagtekens oor die bestaande kerklike belydenis nie, en kan dus nie dien om die bestaande belydenisskrifte te vervang nie (vgl Strauss 1998:29). Britz (1998:93) toon immers oortuigend aan dat die belydenisskrifte juis aktueel bly juis vanweë hulle Skriftuurlikheid. Word die kerk van die teendeel oortuig, moet dit binne kerkverband pertinent so besluit word, maar eers na 'n behoorlike ekumeniese gesprek met diegene wat dieselfde belydenisskrifte deel. Dit gaan tog oor die wesenlike waarheid van die Skrif. In die verband moet daar ook duidelikheid wees oor wesenlike en middelmatige sake. Terwyl daar hiermee gesê is dat die verandering in die bestaande belydenisskrifte nie sommer oornag kan gebeur nie, bly 'n gesprek oor dit wat die kerk glo en wat nie net beperk word tot akademiese kringe en meerdere vergaderings nie, en wat die inhoud van bestaande belydenisskrifte insluit, maar ook wyer gaan, wesenlik belangrik vir die voortgaande sekerheid oor die geloofsidentiteit van die kerk.

Strauss (2001:403) wys in hierdie verband op die feit dat die Drie Formuliere van Eenheid juis in `n tyd ontstaan het toe die gereformeerde kerk onder ernstige vervolgings deurgeloop het. In die verwarrende en sekulêre omstandighede waarin die kerk vandag sy bestaan voer, kan `n hernieude besinning en gesprek oor wesenlike geloofsake `n nuwe sekerheid en visie bring wat gemeentes aan mekaar kan bind en vorentoe neem op die geloofspad in Suid-Afrika (vgl Burger 1999:42-48). Kerklike ordening moet doelbewus hiervoor voorsiening maak, aanvullend tot die bestaande strukture. Indien daar wel tot die vorming van `n nuwe kerklike belydenis oorgegaan word, moet dit as't ware vanuit die Skrif op die hart van die kerk afgedwing word en daarom `n duursame kwaliteit hê (vgl Britz 1998:91ev). Op hierdie punt moet dan opgemerk word dat die politieke konnotasies wat, reg of verkeerd, aan die Belharbelydenis geheg word, dit juis vir baie lidmate van die Ned Geref Kerk moeilik maak om daarmee te identifiseer. Dit laat die vraag in die lug hang of Belhar, wat vir die VGK so `n belangrike identifikasietotem is, ooit in die kerkverenigingsproses as `n saambindende faktor sal funksioneer. Dit waarsku ook teen die eksklusiwiteit van `n nuwe belydenis.

20.3 `N GEORGANISEERDE UNIVERSELE KERK

Gemeentes as volledige kerke word op grond van die geloofsidentiteit wat hulle deel, gedring om met mekaar in verband te tree.

Die kerk is as `n korporatiewe eenheid van individue wat in Jesus Christus glo die volk van God in die wêreld (§15.3). Juis vanuit hulle geloofsidentiteit is hulle dus `n eiesoortige en afsonderlike groep mense wat sigbaar afgegrens van, maar gerig op die wêreld leef (§15.5). Dit is en doen hulle as gemeentes, maar ook as universele kerk (§15.4). Hierdie feite noop die kerk om sy Godgegewe eenheid ook in strukture sigbaar uit te druk en uit te leef. Strauss (1991b:190) praat van kerkeenheid as `n gawe sowel as `n roeping. Wethmar (1993b:47ev) maak in hierdie verband melding van twee groepe standpunte. Die een is die van die sogenaamde ekumeniese idealiste wat die organisatoriese eenheid van die kerk só oorbeklemtoon dat verskille eintlik geen invloed op kerkgrense mag hê nie. Die ander groep is die sogenaamde ekumeniese realiste wat in die lig van die probleme wat werklikhede soos kultuur en denominasies vir kerkeenheid skep, sigbare organisatoriese eenheid heeltemal onderbeklemtoon. Soos vermeld, moet verskille tussen mense kerklike ordening tot die minimum beïnvloed en hoewel dit nie nie verdelend mag werk nie, mag dit wel in berekening gebring word (§17.3.4). Die

goeie deurwerking van die evangelie in mense en gemeentes se lewe is 'n belangrike riglyn in hierdie verband (§17.3.3). Op grond hiervan lê die regte manier van dink oor organisatoriese eenheidsbande waarskynlik iewers tussen die idealiste en die realiste. Uiteraard sal die strukturele bande tussen gemeentes wat belydenisgewys as eerste prioriteit (Strauss 1991b:195ev), maar ook geografies nader aan mekaar lê, hegter wees as tussen dié wat in beide opsigte verder van mekaar is. Hierdie tweërlei afstand sal uiteraard ook die inhoud van die verhoudinge met mekaar bepaal. Gemeentes wat belydenisgewys by mekaar of nader aan mekaar is, deel immers wesenlike sake met mekaar en dink en werk vanuit dieselfde raamwerk. Gemeentes wat geografies nader aan mekaar lê, kan mekaar noodwendig makliker help, ondersteun en vermaan. Dit mag egter nie veroorsaak dat die bande met gemeentes wat belydenisgewys en geografies verder lê, verwaarloos word nie. Dieselfde geld vir ander dinge wat moontlik tot verskillende gemeentes aanleiding kan gee.

20.3.1 Die presbiteriaal-sinodale stelsel

In hierdie verband het die gereformeerde tradisie met sy presbiteriaal-sinodale stelsel goed uitdrukking gegee aan die korporatiewe eenheid van die kerk[198] maar veral in sy begronding daarvan uitstekend uitdrukking gegee aan die beeld wat die Skrif van die kerk teken. In die eerste plek tree gemeentes met mekaar in kerkverband vanuit die oortuiging dat hulle almal deel is van die een volk van God in die wêreld (§15.3; §15.4; Kleynhans 1985:1, 5ev). Om hierdie rede is ekumeniese bande nog altyd in hierdie tradisie belangrik gewees.[199] In die tweede plek tree gemeentes met mekaar in kerkverband op grond van dieselfde geloofsidentiteit, of te wel die apostolisiteit van die kerk (§15.5; §15.7.1; vgl ook §20.2 en Kleynhans 1985:1evv), soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Eenheid (vgl Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 1). In die derde plek word die kerkverband as noodsaaklik beskou, enersyds ter wille van die handhawing van die geloofsidentiteit en andersins om mekaar te help om hulle roeping as gemeentes uit te leef (vgl §15.5; §15.7.3.3; §15.7.4.1; §18.3; Kleynhans 1985:1). In die vierde plek tree gemeentes met mekaar in kerkverband omdat hulle kerk is en nie om kerk te word

---

[198] 'n Goeie voorbeeld uit die praktyk is die feit dat die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 1962 binne hierdie stelsel gekies het om te praat van die Ned Geref Kerk in die enkelvoud wanneer daar oor al die gemeentes in dié kerkverband in Suidelike Afrika gesamentlik gepraat word.

[199] By die Sinode van Dordt 1618-19 is ook kerke van ander lande en kerkregstelsels teenwoordig gewees (Pont 1981:168).

nie. Hulle is dus volledig kerk selfs sonder die kerkverband[200] (§15.4; §15.7.3; Kleynhans 1985:7ev). In die vyfde plek geld dieselfde gesag in die meerdere vergaderings (en die universele kerk) as wat in die gemeentes geld - plaaslik en universeel gaan dit immers oor die een volk van God in die wêreld (§15.7.1; §15.7.2; §15.7.3.7; Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c:artikel 20; Kleynhans 1985:151ev). In hierdie verband moet wel opgemerk word dat die Nuwe Testament geen bloudruk verskaf vir enige soort organisatoriese struktuur wat gemeentes aan mekaar vasbind nie. Dit geld ook vir die sogenaamde Apostelkonvent waarvan Handelinge 15 berig en wat allerweë in gereformeerde kringe beskou word as die *locus classicus* vir meerdere vergaderings of dan sinodes (Kleynhans 1985:1evv). Soos wat Hand 15 in die bespreking van die kerk in Lukas-Handelinge ter sprake gekom het, is daar geen aanduiding vanuit die teks self dat dit so gebruik kan word nie (§5.4.7). Sou `n poging in dié rigting wel aangewend word, kom daar soveel verskille tussen die Apostelkonvent en enige soort amptelike vergadering van gemeentes na vore dat dit baie moeilik is om hierdie vergadering die grondslag te maak vir meerdere vergaderings soos dit in die gereformeerde tradisie bestaan. Eerstens is daar `n hemelsbreë verskil tussen verskeie aspekte van hierdie vergadering en meerdere vergadering soos dit vandag in gereformeerde kerke plaasvind. Net twee gemeentes is teenwoordig by die bespreking van die besnydenis-kwessie en na alle waarskynlikheid het Jerusalem alleen die besluit geneem. Hierby is Jerusalem waarskynlik geraadpleeg omdat die apostels daar was en omdat dit gegaan het oor die evangelie waarvan die apostels die oor- en ooggetuies was (Bronkhorst 1947:126ev). Hierby was dit `n eenmalige gebeurtenis wat `n saak aangespreek het wat vir die eenheid van die kerk en sy boodskap wesenlik was. Daarom lees selfs Bronkhorst (1947:134ev) nog te veel in Hand 15 in wanneer hy sê dat dit "misschien toch nog niet zoo geheel onaanvaarbaar" is om Hand 15 as kroongetuie vir die sinodale stelsel aan te haal nie. Sy redes gaan ook nie op nie. Alhoewel Petrus 'n prominente rol in die bespreking gespeel het, het hy nie die besluit alleen geneem nie, terwyl die teks self geen rede daarvoor verskaf nie. Om nou te sê dat dit dieselfde is waarom besluite aan vergaderings in die gereformeerde tradisie oorgelaat word, is om in spekulasie te verval. Die besluit van die vergadering was bindend op al die gemeentes, wat duidelik die onafhanklikheid van gemeentes relativeer, en die saak waaroor dit

---

[200] "Kerkverband in die gereformeerde sin van die woord is prinsipieël `n verband van gemeentes as komplete kerke. Komplete kerke wat vanuit die Skrif - die Woord en Gees van God - en `n gemeenskaplike belydenis saamleef. Nie omdat hulle om die een of ander strukturele of historiese rede moet nie, maar

gegaan het, was die hart van dié evangelie waarvan die apostels oor- en ooggetuies was (§5.4.7). Sou `n gemeente met die besluit verskil, sluit hy homself uit die kerk van Jesus Christus uit.

20.3.2 Ekumeniese bande

Kerkverband soos dit in die Ned Geref Kerk bestaan, is die hegste manier waarop gemeentes organisatories uitdrukking aan hulle eenheid in Christus gee, naamlik deur `n gedeelde geloofsidentiteit (Strauss 2001:397). Hierdie verhoudinge gaan egter ook wyer. Binne die gereformeerde tradisie is daar ekumeniese verbande van kerke wie se belydenis min of meer ooreenstem (Strauss 1991b:196ev). Strauss (2001:397) wys daarop dat die Gereformeerde Kerke in 1571 by die Nasionale Sinode van Emden verklaar dat hulle een met die Franse gereformeerdes is omdat hulle Nederlandse Geloofsbelydenis uit 1561 inhoudelik ooreenstem met die Franse *Confessio Gallicana* uit 1559 (vgl Pont 1981:103). Nog breër gesien is die huidige klem op die ekumene en die bestaan van die Wêreldraad van Kerke `n goeie voorbeeld van hoe die kerk wêreldwyd in `n georganiseerde gestalte iets van sy korporatiewe eenheid uitdruk en as `n afsonderlike groep mense sigbaar `n eiesoortige bestaan in die wêreld voer (vgl Strauss 1991b:196evv). Dit was ook van vroeg af `n belangrike saak in die gereformeerde geskiedenis, soos onder andere gesien kan word in Calvyn se ywer vir die eenheid van die Christelike kerk en die feit dat afgevaardigdes uit `n verskeidenheid kerke uit verskillende lande na die Dordtse Sinode 1618-19 genooi is (Kleynhans 1985:119ev; Pont 1981:168).

20.3.3 Riglyne vir kerkverband

Alhoewel daar geen aanduiding van `n struktuur wat gemeentes organisatories aan mekaar vasbind in die Nuwe Testament te kry is nie, is daar wel `n hele paar sake wat as konstantes na vore gekom het wat duidelike lyne in hierdie verband verskaf. Sonder om te herhaal gee die begronding vir kerkverband juis ook die riglyne daarvoor (§20.3.1). As een volk deel almal in dieselfde oorsprong, roeping, geloof en bediening, en staan almal onder die heerskappy van God wat sy kerk self deur sy Woord en Gees regeer deur middel van die gelowiges. Die implikasies vir die totale struktuur waarmee gemeentes in

---

omdat hulle vanuit hierdie grondslag gedring word" (Strauss 2001:404).

kerkverband en breër ekumeniese strukture aan mekaar vasgebind is, is dat dit die ruimte sal oopmaak sodat God volkome vry en onbelemmerd kan heers.

Dit beteken prakties dat alle menslike en kerklike heerskappy en hiërargie so ver moontlik vermy moet word (§15.7.3.7; Strauss 1991a:162). Dit is immers slegs meer gemeentes wat saam vergader onder die direkte leiding van God (Jonker 1965:19; Strauss 1991a:158evv). Gemeentes moet in hierdie struktuur steeds volledig kerk bly en juis gehelp word om dit beter te kan wees (§15.4; Kleynhans 1985:7ev). Daar moet nie dinge op `n meerdere vergadering se agenda kom wat `n mindere vergadering kan afhandel nie (Strauss 1991a:157ev). Die Woord onder leiding van die Gees moet steeds die finale norm wees en vrylik kan spreek - dit is immers waarin die gesag van alle kerklike bedieninge, vergaderings, standpunte en uitsprake lê. Reglementering en oor-organisering moet sover moontlik vermy word ter wille van die vrye werking van God se regering deur sy Woord en Gees (vgl Strauss 1991a:156ev). Konsensus in die lig van die Woord, eerder as meerderheidbesluite, moet die besluitnemingswyse wees (Strauss 1991a:163). "In die kerk gaan dit om die heerskappy van die Woord, nie die heerskappy van die meerderheid nie" (Jonker 1965:31). "Omdat die Woord van God die grens van alle kerkregerings is, moet die kerkorde ruimte maak vir die *kontrolering* van elke kerklike handeling of beslissing deur die Woord van God. Daarvoor is meer nodig as net dat die kerklike beslissings deur meer as een dienaar in gemeenskap met mekaar geneem word. Daarvoor is nodig dat daar ruimte sal wees vir die hele Christelike gemeente om voortdurend by elke handeling en beslissing van die kerk te weet dat die laaste woord by die Skrif lê en om dus voortdurend die toets van die Woord van God by die handelinge en beslissings van die kerk aan te lê" (Jonker 1965:27). Dit geld vir kerkraadsvergaderings en meerdere vergaderings. Gemeentes en lidmate moet dus vry wees om vrae oor kerklike besluite in die lig van die Woord te vra en die werkswyse vir besware moet dit eerder makliker en vinniger maak om vrae te vra en antwoorde te kry as moeiliker en stadiger. Die geloofsidentiteit wat die fondament en oorsprong is van die gemeentes se band met mekaar moet helder en duidelik uitgespel bly en beskerm word. Strauss (2001:401) waarsku: "Indien die NGK nie *reoriënteer na die sentrale posisie van die gereformeerde belydenis en `n eietydse gereformeerde kerkinrigting* in gemeente en kerkverband nie, koester hy die kiem vir verdere agteruitgang en verval".

20.3.4 Geen independentisme

Die grondslag en die wyse waarop die universele kerk sigbaar georganiseer word, wys enige vorm van independentisme sonder meer af. Dit geld nie net vir kerkregeringstelsels soos die kongregasionalisme nie (Kleynhans 1982:74-78), maar ook binne die presbiteriaal-sinodale stelsel waar sommige met die beginsel werk dat meerdere vergaderings slegs afgeleide gesag het en dat gemeentes dus oor die eintlike besluitnemingsbevoegdheid beskik (Kleynhans 1985:143-149). Net so belangrik in die huidige tydsgewrig geld dit ook vir die Ned Geref Kerk waar duidelike independetistiese neigings hom op verskillende maniere openbaar (vgl §18.3.2 en Burger 1999:234-242ev). Gemeentes, ringe, sinodes en individuele lidmate steur hulle net nie meer aan die kerklike belydenis, die Kerkorde en besluite van meerdere vergaderings nie (Britz 1998:89; Janse van Rensburg 1998:82-86). Kleingroepbewegings soos die selgemeente-model neig in die rigting van onafhanklike kerkies binne kerke (Strauss 1997:69). Veral predikante word onafhanklike uitleggers van die Woord en rig eredienste, gemeentelike organisasie en bedieningstrukture in soos dit hulle pas (Janse van Rensburg 1998:84). In werklikheid is die kerkverband soos dit hierbo uitgespel is, in gedrang. Dit kan tog nie.

21. DIE KERK AS GETUIE

Die kerk is die instrument waardeur God sy volk laat voortbestaan tot en met die voleinding en mag daarom nooit selfgerig lewe nie, maar moet sy getuienis in en deur alle aspekte van sy kerkwees ten volle uitleef.

Om op die wêreld gerig te wees is deel van die geloofsidentiteit van die kerk. "The Christian faith... is intrinsically missionary.... This dimension of the Christian faith is not an optional extra: Christianity is missionary by its very nature, or it denies its very *raisons d'être* (Bosch 1991:8ev).

21.1 GOD SORG VIR DIE VOORTBESTAAN VAN DIE KERK DEUR HOM AS INSTRUMENT TE GEBRUIK

Die kerk se voortbestaan in die wêreld tot die voleinding is alleen afhanklik van God wat deur sy Gees mense in geloof aan Jesus Christus vasbind, en daarom nie primêr van die kwaliteit van kerklike ordening en/of die menslike hulpbronne tot sy beskikking nie.

Anders gesê is dit nie goeie strukture of stewige hulpbronne wat die kerk se voortbestaan verseker nie, maar dat daar voortdurend en elke tyd mense sal wees wat in Jesus Christus glo. En dit is God wat deur sy Gees aan mense die gawe van geloof skenk (§15.2). Maar "hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: 'Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring'" (Rom 10:14ev). Terwyl God self verantwoordelik is vir die voortbestaan van sy kerk, gebruik Hy juis sy kerk as instrument in die vervulling daarvan (vgl §5.2.1; §5.5). Om instrument te kan wees het God aan die kerk sy geloofsidentiteit as basiese struktuur gegee, wat in beide die afgegrensdheid van die kerk van en sy gerigtheid op die wêreld 'n wesenlike rol in die kerk se getuienis[201] speel (§15.5). Soos voorheen vermeld, is die grens wat deur die kerk se geloofsidentiteit tussen hom en die wêreld getrek word iets wat deur die wêreld raakgesien moet word (vgl Burger 1999:83ev en Bosch 1991:373). Hierdie grens moet egter nie net sigbaar wees ter wille van die korporatiewe eenheid van die kerk nie, maar ook vir die getuienis van die kerk. Verder moet hierdie geloofsidentiteit en die implikasies daarvan vir gelowiges en ongelowiges, aktief verkondig en in die wêreld uitgedra word (Burger 1999:83; Bosch 1991:373). Prakties beteken dit dat die kerk nooit na binne gerig mag funksioneer nie (Burger 1999:84; Nel 1986:8ev). Lidmate moet toegerus word, nie net ter wille van hulle eie geloofsopbou en geestelike vertroosting nie, maar veral om as getuies hulle geloof in die wêreld uit te leef en te verkondig (§15.7.3.3). Gemeentes, kerkverband en ekumeniese strukture moet so georden word dat die kerk altyd in sy eiesoortige bestaanswyse op die wêreld gerig bly met die boodskap van God se liefde vir die wêreld in en deur Jesus Christus in sy volle omvang. "Missions has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission ... there is mission because God loves people" (Bosch 1991:392). Die kerk is bevoorreg om hieraan te kan deelneem (Bosch 1991:10).

In hierdie verband is die wyse waarop Bronkhorst (1947:234ev) die voortsetting van die apostelbediening in die kerk verbind met die feit dat Christus in sy gemeente werk en dit deur sy Woord en Gees regeer, belangrik (vgl §15.7.2). Terwyl die gemeente die

---

[201] Burger (1999:79ev) wys daarop dat daar naas die term "getuienis" ook ander terme gebruik kan word wat dalk ander aspekte van die kerk se gerigtheid op die wêreld uitdruk, naamlik "verteenwoordigers van Christus", "medewerkers van Christus", "dissipelskap", "navolging", "dienskneg", "boodskappers" en waarskynlik teologies die mees korrekte een "om deel te neem en ingeskakel te word in die Missio Dei" (vgl Bosch 1991:389ev). Die keuse vir getuienis berus op Hand 1:8 waar Jesus vir sy dissipels sê "Julle sal

verantwoordelikheid het om die Woord te verkondig, is dit die Gees wat hierdie Woord laat grondvat en vrugte dra in mense se lewens, en Hy is slegs `n gawe waarvoor die kerk maar net kan bid (§15.2). Omdat dit God is wat self verantwoordelik is vir die voortbestaan van die kerk, kan die kerk die evangelie dus slegs in nederige en biddende afhanklikheid verkondig.

21.1.1 Die gemeente as primêre getuie

Die feit dat die kerk God se getuie in die wêreld is, dat elke gemeente volledig kerk is, en dat elke lidmaat `n plek en `n funksie in die gemeente het, beteken dat elke lidmaat en die gemeente as geheel ook `n getuie is (§15.7.3.1). "The church-in-mission is, primarily, the local church everywhere in the world" (Bosch 1991:378). Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk is in hierdie verband lofwaardig met artikel 53 wat onder die opskrif van "Sending" die getuienstaak van die kerk reël en wat in die *Reglement vir Sending van die Ned Geref Kerk* (Ned Geref Kerk Kerkorde 1998c) verder uitgespel word. Die getuienistaak van die kerk mag egter nie tot enkele kerkordelike reëlings en die ywer van `n klompie sendingliefhebbers beperk bly nie. Dit moet nie net in `n kerkordeartikel oor die getuienistaak van die kerk gesê word dat getuienis die roeping van elke lidmaat en die kerkraad is nie, maar dit moet ook ter sprake kom in die omskrywing van die besondere bedieninge in die toepaslike kerkordeartikels, die betrokke formulier en beloftes wat gemaak word by aflegging van belydenis van geloof en elke relevante aspek van die kategese. Die uitgangspunt van die kerk in al sy bedieninge moet wees om gelowiges toe te rus om getuies in diens van God te wees. Die gemeente is immers vanuit die feit dat hy kerk van God is, op die wêreld gerig.

Die feit dat die gemeente die primêre getuie is, impliseer dat diegene wat sendingwerk gaan doen die gemeentes wat reeds daar gevorm is, met groot respek moet behandel. Hulle vind immers net soos diegene wat kom sendingwerk doen hulle oorsprong by God, is deur Hom volledig kerk gemaak, word deur Hom persoonlik deur sy Woord en Gees regeer en is deur Hom in diens geneem as sy getuie in hulle deel van die wêreld (vgl §15.2, §15.4, §15.5 en §15.7.3.7). Prakties kom dit daarop neer dat sending in sulke omstandighede bloot kan neerkom op die ondersteuning van die gemeente op daardie

---

krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees..."

plek, of anders gestel: Om in te skakel by hulle sending in hulle omgewing. Waar daar nog nie gemeentes gevorm kon word nie, geld ander kriteria natuurlik.

21.1.2 Getuienis ter wille van die Koninkryk van God

Vanuit die feit dat die kerk eintlik net `n getuie van die Koninkryk van God is, is deel van sy gerigtheid op die wêreld om die heerskappy van God op elke terrein van die lewe uit te leef en sigbaar te maak (Bosch 1991:377; Coertzen 1991:77). Dit beteken dat die wêreld nie as `n vyandige mag of plek gesien moet word wat ten alle koste vermy moet word nie (vgl Bosch 1991:376). Die kerk moet `n verskil in die wêreld maak in die sin dat die wêreld iets van die wonder van die Koninkryk moet kan raaksien en beleef in en deur Christene en die kerk se optrede (Bosch 1991:377). Uiteindelik moet die kerk in sy gerigtheid op die wêreld met die droom lewe van `n heelgemaakte wêreld, `n herskepping waarmee God begin het met die stuur van Christus na die wêreld en waarby die kerk ingeskakel is op grond daarvan dat Christus hulle op sy beurt die wêreld ingestuur het (Burger 1999:84ev). Voorbeelde in hierdie verband raak aspekte soos versoening, geregtigheid, verantwoordelikheidsin, soberheid, hardwerkendheid, rentmeesterskap, volhoubaarheid, wedersydse sorg en dies meer (vgl Burger 1999:89). Dit behels uiteraard die daaglikse lewe van individuele gelowiges in die samelewing (Coertzen 1991:78), maar die gemeente kan nie daarvan loskom dat hy as `n korporatiewe eenheid ook hierin op die wêreld gerig moet wees nie. Een van die belangrikste maniere waarop dit korporatief en georganiseerd gedoen kan word is deur aktiewe diens binne die wêreld en sy strukture.[202] In hierdie sin is dit een van die take van die kerk om diensbaar in die wêreld te wees (Burger 1999:245). Daarom kan `n gemeente se ordening nie tot selfgerigtheid aanleiding gee nie, maar moet dit juis so gestruktureer word dat hierdie na-buite gerigtheid deur diens ook tot sy reg kom (Bosch 1991:378). Dit hou in dat die gemeente (en kerkverband) ook strukture in plek sal hê waardeur mense buite die kerk op `n daadwerklike en opofferende manier gehelp kan word wat ook al hulle nood is (vgl Burger 1999:252ev, 257ev, 260). Dit hou ook in dat die gemeente op `n opbouende en volhoubare manier by nie-kerklike strukture betrokke sal raak, ook ter wille van die ongelowiges.

---

[202] In `n sekere sin kan die kerk eintlik net op `n georganiseerde manier in die wêreld betrokke wees deur diens, want as `n eiesoortige gemeenskap in die wêreld is dit nie die kerk se taak om politiek, ekonomie, en so meer te bedryf nie (Coertzen 1991:78).

21.1.3 Niks mag die getuienis belemmer nie

Die feit dat die kerk se gerigtheid op die wêreld met die inherente getuiewees wat daarmee saamhang deel van sy wese is, beteken dat enige kerklike ordening of gebruik wat dit belemmer, afgewys moet word as onskriftuurlik (vgl Dingemans 79ev). In hierdie verband spel helderheid en duidelikheid oor die kerk se geloofsidentiteit `n kardinale rol. Die geskiedenis van die kerk wys duidelik hoe `n vervaging of vertroebeling van hierdie identiteit ook die getuienisverantwoordelikheid van die kerk in die wiele gery het. As voorbeelde van hoe `n waarskynlik onduidelike geloofsidentiteit die kerk se belangrike rol in die politiek skeefgetrek het, is beide die apartheidsteologie en die swart bevrydingsteologie se invloed op baie kerke hier te lande. In beide gevalle het politiese oorwegings ook `n rol in die kerk se getuienis gespeel en het die kerk sy grense oorskry. `n Goeie voorbeeld hiervan is die weiering om anderskleuriges toe te laat om eredienste by te woon. Juis die feit dat Kerk en Samelewing (1986:46ev) duidelik sê dat eredienste van Ned Geref-gemeentes toeganklik is vir enige een om dit by te woon, binne die konteks van en gemotiveer deur die kerk as `n "evangelieverkondigende gemeenskap", onderstreep die feit dat die afdwing van afsonderlike eredienste vir verskillende bevolkingsgroepe die getuienistaak van die kerk in die wiele ry. `n Onduidelikheid oor sy ware geloofsidentiteit het gelei tot `n verwarring oor die wyse waarop hy sy getuienistaak moes uitleef. In hierdie verband moet dan ook ernstig met Dingemans (1987:88ev) verskil word waar hy die na-binnegerigtheid van die kerk in werklikheid sinoniem stel aan die vashou aan die geloofsidentiteit. Hy wil "geen gesloten verenigings-lidmaatschap, uitgesplitst in lidmaten, doopleden en geboorteleden ... maar een beweging met een open lidmaatschap, waarin iedereen die dat wil kan participeren op de wijze waarop en voor de periode waarin hij of zij dat wil" (Dingemans 1987:89). Hierdie oop lidmaatskap is volgens hom wesenlik sodat die gemeente werklik `n "missionaire en diakonale gemeenschap" (Dingemans (1987:88) kan wees. Dit is reeds gesê dat die getuienistaak van die kerk ook in sy afgegrensheid van die wêreld geleë is (§15.5; §21.1). Duidelikheid en sekerheid oor die geloofsidentiteit en van daaruit oor die regte ordening, sal die kerk weerhou van `n egosentriese na binne gerigtheid (vgl §17.3.4), en andersyds sal dit die kerk help om binne sy grense na buite gerig te lewe. Daar is egter ook nog `n aspek van die belangrikheid van helderheid oor die geloofsidentiteit wat kortliks aan die orde moet kom. Dit is reeds duidelik gesê dat die kerk se afgegrensdheid van die wêreld ook deel is van sy getuienis. Hierdie afgegrensdheid manifesteer in `n geloofsidentiteit wat uit `n persoonlike geloofsverbondenheid met Jesus Christus, `n instemming met die

belydenis en `n gehoorsame leefwyse bestaan. Alhoewel die eerste twee nie onbelangrik is nie, is dit veral laasgenoemde wat ook vir die lewe binne die kerk belangrik is ter wille van sy getuienis (vgl Burger 1999:85-88). Prakties beteken dit dat hoe Christene saam met mekaar lewe, baie keer harder praat as die boodskap wat hulle verkondig. Daarom is dit ook vir die kerk se gerigtheid na buite belangrik om as `n broedergemeenskap in liefde met mekaar saam te leef, mekaar te ondersteun en te help en toegewyd gehoorsaam te wees aan God (Burger 1999:87). Juis die onderlinge verbondenheid van gelowiges in Christus en hulle onderwerping aan sy wil wys reeds iets van die herskeppende werk van die Gees in mense - `n kykie op die Koninkryk van God.

Daarom staan onderlinge vermaning en leer- en lewenstug ook in diens van die getuienistaak van die kerk. So sal die kerk `n oop kanaal vir God bly waardeur Hy sy kerk laat voortbestaan tot en met die voleinding.

22. KERK VIR SY TYD IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

Kerklike ordening is in die lig van `n voortdurend veranderende wêreld nooit `n afgehandelde saak nie. Om te verseker dat dit `n orde is wat die kerk in enige gegewe stadium die beste dien, moet alle relevante kennisvelde by die ordening van die kerk betrek word, op voorwaarde dat die Skrif as primêre bron vir alle kerklike ordening altyd die laaste woord sal spreek.

Dit is reeds in die Skrif duidelik dat die kerk nie `n tydlose soort organisme is wat bo die beïnvloeding van die wêreld uitgestyg het en waarvan ons in die Bybel `n bloudruk vir sy orde kry nie, maar `n georganiseerde en historiese werklikheid met `n verlede en `n toekoms (§15.7; §15.6). Die feit dat die Skrif juis `n veelkantige beeld van die kerk teken wat oop is vir verandering (§15.7.3.5), beteken dat dit nie in stryd is met die Skrif wanneer die kerk binne sy gegewe omstandighede aanpassings maak om steeds op die beste manier kerk te wees soos God dit bedoel het nie (Carroll 1997:286evv; vgl Bouwmann 1928:2). Trouens, Burger (1999:300ev) meen dat die kerk voortdurend onder die opdrag staan om te vernuwe, en dat die geskrifte van Nuwe Testament in `n mindere of meerdere mate met hierdie doel geskryf is. Alhoewel nie alle vorme van vernuwing waarvan die Skrif praat met kerklike ordening te make het nie, moet die kerk voortdurend vra of die manier waarop hy georden is steeds die ruimte vir Christus laat om self sy

bedieningswerk deur sy Gees en die Woord uit te voer. Dit is immers gereformeerd om voortdurend te reformeer. Die vraag is egter hoe. Dit is so dat daar in die kerk altyd `n spanning sal wees tussen vernuwing en die vashou aan die bekende, en hiervan is die Skrif self `n getuie (Carroll 1997:286evv). Met die opkoms van die monargie was daar diegene wat dit gesien het as Jahwe se voorsiening én diegene wat dit gesien het as `n bedreiging van Jahwe se alleenheerskappy (vgl 1 Sam 8-9). Die Pastorale Briewe teken die prentjie van `n goedgeorganiseerde bolwerk vir die waarheid (§10.3) terwyl die Johannese Geskrifte baie meer oop is vir die vrye leiding van die Gees (vgl §6.5). En dit is ook so dat nie alle veranderinge vernuwing is nie, maar soms wel.

Hierdie saak het al op verskeie plekke in die proefskrif aan die orde gekom, en daarom word hier slegs `n paar lyne getrek sonder om alles te herhaal wat reeds gesê is.

22.1 BUITE-BYBELSE BRONNE

In die gereformeerde tradisie word baie sterk klem gelê op die Bybel as die primêre of selfs die enigste Bron vir kerklike ordening (Strauss 1991c). Dit is egter uit die Skrif self reeds duidelik dat buite-Bybelse bronne ook baie goed gebruik kan word. `n Goeie voorbeeld hiervan is die Pastorale Briewe waar die ideale profiel vir die besondere bediening dié van `n goeie bestuurder van `n uitgebreide huishouding is (§10.4). Die buite-Bybelse bronne kan werklik enige iets wees wat in `n bepaalde stadium relevant is, en sluit dinge soos die sosiologie, bestuurswetenskappe, sielkunde, ekonomiese wetenskappe en dies meer in (vgl Burger 1999:311evv). Tog kan die kerk, omdat hy ook vir sy ordening van God afhanklik is, nie hierdie bronne kritiekloos gebruik nie en moet hy vir die beste ordening in `n gegewe stadium in gedagte hou dat die kerk `n verlede en `n toekoms het, en bo alles vir sy bestaan en voortbestaan van God afhanklik is (§15.2: vgl Strauss 1991c:32).

22.1.1 Die tradisie se invloed op kerklike ordening

Die feit dat die kerk `n verlede of te wel `n geskiedenis het, beteken dat kerklike ordening op enige gegewe tyd en situasie altyd rekening moet hou met die wyse waarop dit in die verlede gedoen is (Strauss 1991c:32; vgl §15.6). Die tradisie sal met ander woorde altyd `n rol speel omdat die kerk nie anders kan nie as om in kontinuïteit met sy verlede op sy kerklike tradisie voort te bou. Die kerk het homself immers in die verlede telkens in gehoorsaamheid aan God so georden dat hy werklik kerk kon wees in en vir sy tyd.

"...traditions ... are a means of grace that we ignore at our peril" (Carroll 1997:291). So is daar in die kerklike tradisie waarbinne die Ned Geref Kerk staan, 'n bepaalde kerkordelike tradisie wat steeds baie sterk funksioneer. Met die tyd het daar in hierdie kerkordelike tradisie veranderinge gekom, goed en sleg, maar die basiese konsepte het dieselfde gebly en daar word in die gereformeerde kerkreg telkens teruggegryp na die oorsprong en eerste dae van hierdie tradisie. Bronkhorst (1947:177-206) is hier 'n goeie voorbeeld waar hy in sy proefskrif *Schrift en kerkorde* 'n hoofstuk aan Calvyn se kerkordelike bydrae wy.

22.1.2 'n Duursame kerkorde met die oog op die toekoms

Aan die ander kant moet die kerk ook rekening hou met die toekoms.[203] In die eerste plek moet die bewussyn bly dat die kerk so georden moet wees dat hy vir sover dit menslik moontlik is, altyd as 'n historiese werklikheid in hierdie wêreld sal moet bly voortbestaan totdat Jesus weer kom. Dit hou in dat strukture en ordereëlings ook 'n duursame kwaliteit moet hê. In wese is dit wat hierdie studie eintlik beoog. Daar kan en moet dus onderskei word tussen kerklike ordening wat van wesenlike belang is en dus baie min of glad nie sal verander nie, en dit wat van middelmatige belang is en dus wel in nuwe omstandighede anders kan werk (vgl §17.3.1). In die tweede plek moet rekening gehou word daarmee dat die kerk se bestaan as 'n historiese werklikheid in die hierdie wêreld soos ons dit ken, wel beëindig sal word (§15.6). Die toekoms waarheen God met sy kerk op pad is, sluit die nuwe hemel en die nuwe aarde in. Daarom moet kerklike ordening ook die tydelikheid van die kerk se bestaan in die wêreld in gedagte hou.

22.1.3 Kerk in sy omstandighede en vir sy tyd

Met beide die toekoms en die verlede in gedagte, moet die kerk veral die hede deeglik verreken (Strauss 1991c:32; vgl §15.6 en §15.7.3.5). Omstandighede, mense se behoeftes, wêreldbeelde en lewensbeskouings kan verander. Carroll (1997:285ev) wys op die geweldige sterk "detraditionalization" soos hy dit noem, wat in die Amerikaanse situasie plaasvind en waarvan hy in Suid-Afrika ook tekens sien. Sake wat hy as

---

[203] Vergelyk artikel 10 van die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1951, aangehaal by Dingemans (1987:17): "In dankbare gehoorzaamheid aan de Heilige Schrift als de bron der prediking en enige regel des geloofs doet de gehele Kerk, ook in haar ambtelijke vergaderingen, in gemeenschap met de belijdenis der vaderen en in het besef van haar verantwoordelijkheid voor het heden, zich strekkende naar te toekoms van Jezuz Christus, belijdenis van de zelfopenbaring van de Drieënige God". Dingemans (1987:16ev) vat die punt goed raak wanneer hy oor artikel 10 sê dat by die feit dat die kerk geanker is in die Skrif, met die verlede as inspirerende voorbeeld, daar ook die lewende besef is dat die kerk geroep is

voorbeelde noem, word in die jongste tyd hier te lande al hoe meer bekend en verteenwoordig met betrekking tot die kerk dinge soos 'n verskuiwing weg van die gesag van eksterne bronne soos 'n foutlose Skrif, 'n onfeilbare "amp", 'n gesaghebbende kerklike belydenis en 'n heilige kerklike ordening. Die vryheid of die dwang om self te kies of en hoe jy uitdrukking aan jou geloof wil gee, is aan die orde van die dag. Hierdie en baie ander faktore wat deel is van die moderne samelewing en tydsgees, maak dit baie duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen die tyd van die Nuwe Testament en die 21e eeu wat hierdie dinge betref. Hiermee saam lyk die gemeentelike en bedieningsprentjie huidig baie anders as destyds. Die normale gemeente in die Ned Geref Kerk is baie groter, het 'n sentrale kerkgebou en maak van moderne kommunikasiemiddele gebruik. Die vraag is hoe gemeentes vandag kerk moet wees om dieselfde rol in mense se lewens, die samelewing, en die Koninkryk van God te speel as die gemeentes van die Nuwe Testament. Indien die verskil in bestaanswyse tussen Israel van die Ou Testament en die kerk van die Nuwe Testament as 'n enkele voorbeeld in gedagte hou word (vgl §5.4), dan is dit alreeds duidelik dat, terwyl sekere beginsels dieselfde bly, die wyse waarop dit in die praktyk neerslag vind nie dieselfde hoef te lyk nie. In hierdie verband is die bekende onderskeiding tussen *ius constiduendum*, as die ideale kerkreg soos afgelei uit die Skrif en die *ius constitutum* as die kerkreg soos dit in enige stadium in die praktyk is, van toepassing (vgl Kleynhans 1982:5; Bouwmann 1928:2). Dit word dus ook in die gereformeerde tradisie aanvaar dat kerklike ordening kan verander na gelang van die eise van omstandighede. Soos reeds gesê kan en moet die verlede en die tradisie wat daaruit voortspruit ook deeglik in berekening gebring word, solank as wat die historiese breuk tussen die 21e eeu en die oorsprong en ontwikkeling van die tradisie ook in berekening gebring word. Plaaslike omstandighede, kultuur, lewens en wêreldbeskouing speel 'n groot rol. Die kerk in 'n sendingsituasie moet dalk heeltemal anders georden word as die kerk in 'n gevestigde Christelike kultuur. Net so lyk die Afrika-konteks tog heel anders as die Amerikaanse situasie. Wat dus werklik 'n belangrike implikasie vir kerklike ordening is, is dat die kerk geroep is om in en vir 'n bepaalde omgewing en in en vir die hede kerk te wees (vgl §15.7.3.5). Die kerk moet homself dus vir 'n bepaalde omgewing en vir die hede orden, indien hy op enige tydstip van die geskiedenis as 'n historiese werklikheid God se getuie afgegrens van en gerig op die wêreld wil wees (vgl §15.5 en §15.6). "... as Jesus reminds us in various ways, traditions are made for humankind, not

---

om ook in sy kerklike ordening oop te wees na die toekoms van Jesus Christus.

humankind for traditions, and our present circumstances call for innovation" (Carroll 1997:291). Kerklike ordening is `n voortdurende opdrag wat nooit afgehandel kan word tot en met die voleinding nie. Daarom moet dit ook vir gemeentes voldoende ruimte laat om elkeen hulle eie ordening te kan aanpas volgens die eise van hulle spesifieke plaaslike omstandighede.

22.2 DIE SKRIF AS PRIMÊRE BRON VIR KERKLIKE ORDENING

Laastens, maar baie belangrik, moet gesê word dat die Skrif die primêre bron vir alle kerklike ordening is en bly (Strauss 1991c:33). Die feit dat die kerk die skepping van God is en dus in wese nie `n menslike oorsprong het nie, en ook vir sy voortbestaan van God afhanklik is, beteken dat die Woord van God die laaste sê in alle kerklike sake het (§15.2; vgl §15.7.2 en §15.7.4.1). Die tradisie, die toekomsmoontlikhede, die resultate van die relevante kennisvelde, die eise van plaaslike omstandighede en die hede moet alles in die lig en onder korreksie van die Woord van God vir kerklike ordening bruikbaar gemaak word. Prakties beteken dit dat die kerk in nuwe omstandighede altyd eers weer gaan vra wat sê die Skrif, en van daaruit tot nuwe oplossings kom. Dit hou ook in dat die kerk nie oor-gereglementeer mag word nie. Soos Jonker (1965:18) dit so voortreflik uitdruk: "Binne die geslote sisteem van die reglemente, wat meestal alle moontlike gevalle in die kerklike lewe probeer dek, is daar geen ruimte meer vir die onrus van die Woord nie". Die belangrikste beginsel van `n kerkorde is immers "nie effektiewe funksionering nie, maar effektiewe beskerming van die Christus-regering in die kerk" (Jonker 1965:26).

23. SAMEVATTING

Hier word die gevolgtrekkings waartoe daar in die studie gekom is, kortliks aan die hand van die hipoteses wat gemaak is, bespreek.

23.1 DIE VEELKANTIGE BEELD VAN DIE KERK IN DIE SKRIF

In Deel 1 is die hipotese ondersoek dat dit uit die Ou Testament en die verskillende korpusse van die Nuwe Testament duidelik is dat die Skrif `n veelkantige beeld van die kerk vertoon - `n veelkantigheid wat soms selfs byna teenoorgestelde gesigte het en in baie gevalle `n refleksie is van die eise van omstandighede. Dit het op `n besondere manier duidelik geword soos dit uit enkele voorbeelde hieronder blyk.

Dit is veral die Pastorale Briewe wat juis in die lig van die ernstige bedreiging wat dwaalleraars ingehou het, die kerk teken as `n goedgeorganiseerde bolwerk vir die waarheid wat `n duidelike refleksie is van bepaalde omstandighede. Byna reglyning hierteenoor word die kerk in die Johannese Geskrifte geteken as `n liefdesgemeenskap waar die besondere bedieninge eintlik `n ondergeskikte rol speel teenoor die werking van die Drie-enige God in die gemeente. Op sy beurt word die kerk in Lukas-Handelinge geteken as `n getuienisgemeenskap wat die boodskap van verlossing in die wêreld moet indra. In die Pastorale Briewe word die vereistes vir die besondere bedieninge geweldig sterk beklemtoon en is daar nie sprake van die apostolaat van alle lidmate nie. Reglynig hierteenoor word dit juis in die Pauliniese Briewe beklemtoon dat elke gelowige `n bediening in die gemeente het. In Efesiërs-Kolossense word die kerk geteken as die ruimte vir en die getuienis van Christus se teenwoordigheid en heerskappy op aarde. Markus teken `n ander prentjie wanneer hy die kerk beskryf as `n dissipelgemeenskap wat Jesus op sy lydensweg bly volg tot by sy wederkoms.

23.2 ENKELE KONSTANTES VANUIT `N VEELKANTIGE BEELD

In Deel 2 is die hipotese ondersoek dat daar vanuit die veelkantigheid van die beeld van die kerk in die Skrif ook bepaalde konstantes na vore kom waarmee `n geheelbeeld geteken kan word.

`n Hele paar sake het hier na vore gekom. Wat die wesenlike aspekte van die kerk betref is dit duidelik dat die kerk as verbondsgemeenskap gekonstitueer word deur die handelinge van die Drie-enige God soos dit deur die doop as inlywingsritueel uitgedruk word. God skep en onderhou sy kerk deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof vasbind aan Jesus Christus. Alhoewel die kerk uit individuele gelowiges bestaan wat elkeen in geloofsverbondenheid met Jesus Christus staan, is hulle in Christus aan mekaar vasgebind en kan hulle nie sonder mekaar behoorlik funksioneer nie. Die kerk is dus vanuit sy aard `n korporatiewe eenheid, hetsy universeel as die nuwe Israel, of in sy sigbare plaaslike gestalte as gemeente. Die kerk se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus maak van hom `n afsonderlike groep mense in die wêreld met die verantwoordelikheid om vas te hou aan die evangelie van Jesus Christus en gelowiges op te roep tot `n blywende geloof in Hom. Terselfdertyd is die kerk ook met hierdie evangelie en sy eiesoortige lewenswyse gerig op die wêreld as God se getuies. As die

nuwe Israel staan die kerk op `n historiese lyn en het dit dus `n verlede en `n toekoms. As `n historiese werklikheid is die kerk dus geroep om in die wêreld te bly leef met al die swaarkry en lyding wat daamee saamgaan.

Wat die organisatoriese sake betref is dit duidelik dat die kerk in beide sy universele en plaaslike gestalte `n geordende geheel is. In hierdie verband is dit belangrik om raak te sien dat Jesus Christus self die struktuur van die kerk is en terselfdertyd sorg dat dit op `n geordende manier bedien word. Binne die ruimte van hierdie struktuur het elke lidmaat `n Godgegewe bedieningsverantwoordelikheid. Terselfdertyd is daar besondere bedieninge wat saam met die Heilige Gees die skelet vorm wat die gemeente as liggaam dinamies en beweeglik maak. Hierdie besondere bedieninge is charismaties van oorsprong, funksioneer nie-hiërargies in die gemeente en het die verantwoordelikheid om die gemeente toe te rus deur die verkondiging van en die onderrig in die evangelie van Jesus Christus. Die doel hiervan is sodat elke lidmaat afsonderlik en die gemeente as geheel sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan nakom en die kerk se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word. In dit alles is daar `n duidelike openheid vir verandering na gelang van die eise van omstandighede.

23.3 KERKORDELIKE IMPLIKASIES VANUIT DIE KONSTANTES UIT DIE SKRIF

In Deel 3 is die hipotese ondersoek dat daar in die lig van die geheelbeeld van die kerk bepaalde sake is wat op een of ander manier in alle kerklike ordening ter sprake behoort te kom om enersyds pragmatisme en willekeur te voorkom, maar andersyds ook die ruimte te skep vir verskeidenheid na die eise van plaaslike omstandighede.

Die volgende sake wat aan hierdie kriteria voldoen het, het dan ook na vore gekom en dien in werklikheid as lyne wat in alle omstandighede die raamwerk moet wees vir die kerk se orde.

- Binne die ruimte van die verbond is geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van `n gemeente en vorm dit die basis vir alle ander strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind. Dit kan saamgevat word as die geloofsidentiteit van die kerk. Dit veronderstel `n persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, `n instemming met die inhoud van die evangelie soos dit deur die kerk verstaan word, asook `n bereidheid om volgens die eise daarvan te leef.

- Terwyl geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van `n gemeente is, kan verskille tussen mense wel kerklike ordening beïnvloed op voorwaarde dat dit gaan oor middelmatige sake, die goeie deurwerking van die Woord in mense se lewens dien en nie verdelend werk nie.

- Die gemeente is as volledige kerk die vertrekpunt vir kerklike ordening en daarom is gelowiges net lidmate van `n gemeente. Die grootte en ordening van die gemeente moet van so aard wees dat hy sy geloofsidentiteit en getuienistaak ten volle kan uitleef, en dat die onderlinge verhoudinge tussen lidmate tot sy volle reg kan kom.

- Kleingroepe is `n waardetoevoeging tot die funksionering van die gemeente veral in die lig van die bydrae wat dit kan lewer ten opsigte van die belewenis van die gemeente as verhoudingsgemeenskap en die uitleef van lidmate se bedieningsverantwoordelikheid. Gemeentes moet so georden word dat kleingroepe wesenlik deel uitmaak van die groot geheel en as onderdele van die groot geheel funksioneer sodat die gemeente as `n korporatiewe eenheid funksioneer, beleef en sigbaar word.

- Lidmate skakel by gemeentes in op grond van objektiewe maatstawwe en nie uit willekeur nie.

- Die besondere bedieninge is die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom. Dit is en het geen hiërargie nie, maar bedien die gemeente tog met Goddelike gesag.

- Gemeentes kan `n verskeidenheid besondere bedieninge as deel van sy bedieningstruktuur hê, maar die Woord van God en die bediening daarvan is wesenlik. Daarom móét een of meer besondere bedieninge met dit as opdrag `n permanente plek in die bedieningstruktuur inneem..

- Die geloofsidentiteit wat gemeentes deel, vorm die basis waarop hulle aan mekaar vasgebind is om sigbaar volk van God in die wêreld te wees.

- Gemeentes as volledige kerke word op grond van die geloofsidentiteit wat hulle deel, gedring om met mekaar in verband te tree.

- Die kerk (gemeente) is die instrument waardeur God sy volk (kerk) laat voortbestaan tot en met die voleinding en mag daarom nooit selfgerig lewe nie, maar moet sy getuienis in en deur alle aspekte van sy kerkwees ten volle uitleef..

- Kerklike ordening is in die lig van `n voortdurend veranderende wêreld nooit `n afgehandelde saak nie. Om te verseker dat dit `n orde is wat die kerk op enige gegewe stadium die beste dien, moet alle relevante kennisvelde betrek word by die ordening van

die kerk, op voorwaarde dat die Skrif as primêre bron vir alle kerklike ordening altyd die laaste woord sal spreek.

Die tweede hipotese wat in die Deel 3 aan die orde gekom het gaan oor die feit dat die kerklike ordening binne die gereformeerde tradisie en by name die Ned Geref Kerk wat sekere aspekte betref `n bepaalde eensydigheid vertoon wat enersyds wel `n regmatige refleksie is van die eise van omstandighede, maar andersyds in die lig van die konstantes of dan die geheelbeeld van die kerk tog gebreke vertoon wat aangespreek behoort te word.

Dit het uit die bespreking duidelik geword dat daar veral twee terreine is waar dit waar is. Die eerste is die feit dat die verhoudingsaspek van gemeentewees in Ned Geref-gemeentes onderbeklemtoon is. Die feit dat die kenmerke van die ware kerk net konsentreer op die suiwer bediening van die Woord, terwyl die verhouding tussen lidmate, die getuienistaak van die gemeente en die bedieningstrukture, asook die ideale grootte van `n gemeente ook ter sprake gekom het as wesenlike aspekte van gemeentewees, onderstreep hierdie eensydigheid. In die tweede plek is die bedieningstruktuur soos dit in Lukas-Handelinge in samehang met die Pastorale Briewe geteken word in die gereformeerde tradisie as dié Skriftuurlike struktuur beskou. In werklikheid is dit net Woordbediening en die besondere bedieninge wat daarmee verband hou wat sentraal staan en oral moet figureer. Alhoewel dit nie eksplisiet beredeneer is nie, was beide hierdie eensydighede in die gereformeerde tradisie `n antwoord op die Rooms-Katolieke oorbeklemtoning van die tradisie, hulle sakramentsleer en hiërargie. Laastens moet egter ook gesê word dat die gereformeerde tradisie nie werklik oop is vir veranderinge in die lig van nuwe omstandighede nie. Tradisionele strukture is redelik vasgegiet.

Die derde hipotese wat in Deel 3 ondersoek is, gaan van die standpunt uit dat die modelle vir kerklike ordening wat die afgelope dekade of wat in onder andere in Ned Geref Kerk geledere vanuit die Diakonologie voorgestel word in die plek van die meer tradisionele vorme, in die lig van die konstantes eensydig is en plek-plek selfs op wankelrige Skriftuurlike bene staan. Hierbo is `n paar voorbeelde van die nuwere modelle in die gesprek in gebring. Benewens die positiewe bydrae wat hulle steeds tot kerklike ordening

lewer. is daar egter ook negatiewe aspekte wat uitgelig is. Hieronder word slegs enkele voorbeelde ter stawing genoem.

Die eensydighede en wankelrige Skriftuurlike bene wat in die laaste hipotese genoem is het veral in die geval van die selgemeente-model wat bespreek is. duidelik geword. Eerstens word die verhoudingsaspek van gemeentewees so oorbeklemtoon dat dit wil voorkom asof die geloofsidentiteit van die gemeente `n ondergeskikte rol speel. terwyl dit vanuit die konstantes duidelik geword het dat die Woordbediening eintlik `n sentrale rol in die gemeente behoort te speel. Tweedens gaan die idee van gemeentewees so op in die verhoudingsaspek dat ander aspekte soos `n bedieningstruktuur en die Godgegewe verskeidenheid binne die gemeente hierdeur in die gedrang kom. Soos aangetoon is `n selgemeente dus nie volledig kerk nie. Derdens word die gegewens in die Nuwe Testament totaal oorspan en gegewens uit die Joodse leefwêreld gebruik sonder dat dit vanuit die Skrif of die geskiedenis werklik bewys kan word. In die geval van die funksionele of pneumatologiese benadering tot die bedieninge word wel tereg gewys op die gevaar dat die besondere bedieninge ampte kan word wat `n middelaarsfunksie tussen die gemeente (as leke) en God kan vervul. Dit is egter duidelik vanuit die konstantes aangetoon dat veral `n bedienaar van die Woord wat vanuit `n Christologiese oorsprong met Goddelike gesag optree. essensieel is vir die funksionering van die gemeente. Wat gemeentegrense betref is die huidige standpunt van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk veral vanuit praktiese en bedieningsoorwegings beredeneer en het objektiewe maatstawwe wat vanuit die Skrif afgelei is. nooit werklik ter sprake gekom nie. In die praktyk word selfs die behoudende besluit wat in hierdie verband geneem is. geïgnoreer en word lidmate in baie gevalle toegelaat om in te skakel waar hulle wil. Laasgenoemde feit is dan ook `n enkele voorbeeld van baie wat genoem is wat wys op `n duidelike independentistiese neiging by lidmate en gemeentes ten spyte van `n goeie begronding vir kerkverband en die gesag van meerdere vergaderings.

23.4 TEN SLOTTE

Die wesenlike belangrikheid van die geloofsidentiteit van die kerk loop soos `n goue draad deur die Skrif en die genoemde implikasies vir `n kerkorde. `n Persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus. `n instemming met die evangelie soos die kerk dit verstaan en `n gehoorsame leefwyse konstitueer die kerk. trek sy grense. is die inhoud van sy verkondiging. is die band wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind en is

die voedingsbron vir die opbou van gelowiges en gemeentes. Dit is God wat hierdie geloofsidentiteit aan sy kerk te alle tye en in alle omstandighede gegee het in Jesus Christus. en wat dit steeds gee en bly gee deur sy Woord en sy Gees. Dit is ten diepste hierdie geloofsidentiteit wat die struktuur vir alle kerklike ordening is, én waarvoor alle kerklike ordening die ruimte moet laat. "`n Goeie kerkorde is `n kerkorde wat duidelik maak dat die kerk na alle kante toe oop wil bly vir die Woord van Hom wat alleen die Here van die here en die Koning van die konings is" (Jonker 1965:31).

24. OPSOMMING

Die uitgangspunt waarmee hierdie studie aangepak is, is dat God vandag steeds deur sy Woord en Gees aan sy kerk iets sê oor die kerk se wese en ordening. Hieruit volg dat die kerk geroep is om voortdurend onder leiding van die Gees noukeurig na die Woord te luister sodat hy in en vir sy tyd steeds kerk kan bly soos God dit bedoel het. In die eerste deel van die studie word dit duidelik dat die Skrif `n besondere veelkantige beeld van die kerk vertoon. Dit het soms byna teenoorgestelde gesigte en is in baie gevalle `n refleksie van die eise van omstandighede. Dit reflekteer ook iets van die dinamiese wyse waarop die Here sy kerk in staat stel om in sy besondere omstandighede kerk te wees.

In die tweede deel van die studie word die konstantes wat in die meeste van die korpusse na vore kom, saamgevat om riglyne te vorm ten opsigte van die wese en ordening van die kerk. Uiteraard is hierdie sake beperk tot dit wat belangrik is vir die ordening van die kerk. Hier het dit duidelik geword dat die kerk sy oorsprong by God vind deurdat sy Gees binne die ruimte van die verbond individue op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus in geloof aan Hom vasbind en hulle so insluit in sy kerk. Hierdie individue is in Christus aan mekaar vasgebind, en kan nie sonder mekaar funksioneer nie. Die kerk is dus vanuit sy aard `n korporatiewe eenheid, hetsy universeel as die nuwe Israel, of in sy sigbare plaaslike gestalte as gemeente. Die kerk is verder vanuit sy oorsprong `n afsonderlike groep mense in die wêreld met die verantwoordelikheid om enersyds vas te hou aan die evangelie van Jesus Christus, en andersyds daarmee op die wêreld gerig te wees as God se getuies. Wat die organisatoriese sake betref, is dit duidelik dat die kerk in beide sy universele en plaaslike gestalte `n geordende geheel is. In hierdie verband is dit belangrik om raak te sien dat Jesus Christus self die struktuur van die kerk is, en terselfdertyd sorg dat dit op `n geordende manier bedien word. Binne die ruimte van hierdie struktuur het elke lidmaat `n Godgegewe bedieningsverantwoordelikheid. Terselfdertyd is daar besondere bedieninge wat saam met die Heilige Gees die skelet vorm wat die gemeente as liggaam dinamies en beweeglik maak. Hierdie besondere bedieninge is charismaties van oorsprong, funksioneer nie-hiërargies in die gemeente, en het die verantwoordelikheid om die gemeente toe te rus deur veral die onderrig in die evangelie. Die doel hiervan is dat die gemeente sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan nakom en die kerk se eiesoortige bestaan gehandhaaf kan word. In dit alles is daar `n duidelik openheid vir verandering na gelang van die eise van omstandighede.

In die derde deel is bepaalde kerkordelike implikasies vanuit die konstantes uitgelig wat op een of ander manier in alle kerklike ordening ter sprake behoort te kom om enersyds pragmatisme en willekeur te voorkom, maar andersyds ook die ruimte te skep vir verskeidenheid na die eise van plaaslike omstandighede. Dit is in die loop van die studie ook in gesprek gebring met beide die tradisionele gereformeerde kerklike ordening soos dit veral in die Ned Geref Kerk neerslag gevind het, en sommige nuwere modelle wat na vore gekom het in die plek van die tradisionele ordening. Dit het in die gesprek duidelik geword dat beide bepaalde eensydighede vertoon. Alhoewel die eise van omstandighede wel hiertoe bygedra het, staan veral van die nuwe modelle plek-plek op wankelrige Skriftuurlike bene.

25. SUMMARY

The viewpoint for this dissertation is that God still speaks through His Word and Spirit to His church about the latter's fundamental nature and order. From this it can be concluded that the church is continuously being called to listen to the Word so that, under the guidance of the Holy Spirit, it can remain church in and for it's time, as God intended it to be. In the first section of the dissertation it is clear that the Word shows a unique, complex multifaceted image of the church. At times, it even shows contradictory views, and in many instances demonstrates a reflection of the demands of circumstances. It also reflects something about the dynamic way in which the Lord enables His church to be church in its particular circumstances.

In the second section of the dissertation, the constants which appear the most in the corpusses, are taken collectively to form the outlines of the nature and order of the church. It goes without saying that these issues are restricted to what is important for the functioning of the church. It became clear that the church originates from God, in that His Spirit, within the framework of the covenant, ties individuals to Him in faith, on the grounds of the atonement work of Jesus Christ, thus including them in His church. These individuals are tied together in Christ and cannot function without one another. The church is thus by nature a corporate unit, whether universally as the new Israel, or in its more visible state as a local congregation. Furthermore, because of its origin, the church exists as a seperate group of people in the world with the responsibility to hold fast to the

gospel of Jesus Christ, and thus to be equipped to be God's witnesses in the world. As far as the organizational aspects are concerned, it is clear that the church is both in her universal and local state, an integrated entity. In this regard, it is important to realize that Jesus Christ himself is the structure of the church, and see at the same time to it that it is being served in an orderly fashion. Within the scope of this structure, every member has a Godgiven clerical responsibility. At the same time, existing ministeries form, together with the Spirit, the skeleton that makes the congregation a dynamic, motivated body on the move. These specific ministeries are charismatic in origin, function non-hierarchial in the congregation and have the responsibility to instruct the congregation in especially the teaching of the gospel. The reason for this is to enable the congregation to adhere to its calling for obedience, love, and witness, and that the church's particular existence can be maintained. In all of this there is a definite openness for change depending on the demands of circumstances.

In the third section specific implications for church order were highligted from the constants, which should be addressed in one way or another in all church order to avoid pragmatism and arbitrariness on the one hand, and to create space on the other hand for diversity of the demands of local circumstances. In the course of the dissertation, reference is made to both the traditional Reformed church order as it manifests itself in the Dutch Reformed Church, and some newer models which have come to the fore in the place of the traditional order. It became clear in the discussion that both sides show partiality. Although the demands of circumstances contributed to this, it is especially the new models that are standing on wavering Scriptual truths.

26. KERNBEGRIPPE

Skrif	Scripture
Kerkorde	Church order
Belydenisskrif	Confession of faith
Veelkantige beeld van die kerk	Multifaceted picture of the church
Geloofsidentiteit	Identity of faith
'n Gemeente is volledig kerk	A congregation is a complete church
Universele kerk	Universal church
Bediening	Ministry
Getuienistaak	The duty to wittness
Openheid vir verandering	Openness to change

27. BRONNELYS

ACHTEMEIER, P J 1996. *1 Peter. A commentary on first Peter*. Minneapolis: Fortress. (Hermeneia.)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 1992. *Kerkorde*. Pretoria: Publikasiekomitee.

BANKS, R 1980. *Pauls idea of community. The early house churches in their historical setting*. Exeter: Paternoster.

BARRETT, C K 1982. *Essays on John*. London: SPCK.

BARRETT, C K 1985. *Church, ministry and sacraments in the New Testament*. Exeter: Paternoster.

BARRETT, C K 1994. *Paul. An introduction to his thought*. Louisville: Westminister.

BEKER, J C 1992. *Heirs of Paul. Paul's legacy in the New Testament and in the Church today*. Edinburgh: Clark.

BEUKEN, W A M 1983. *Jesaja. Deel II B*. Nijkerk: Callenbach. (POT.)

BIESTERVELD, P & KUYPER, H H 1905. *Kerkelijk handboekje bevattende de bepalinge der Nederlandsche Synoden en ander stukken van beteekenis voor de regeering der kerken*. Kampen: Bos.

BOLKESTEIN, M H 1984. *De brieven van Petrus en Judas*. Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

BORNKAMM, G 1972. *Tradition and interpretation in Matthew*. London: SCM.

BOSCH, D J 1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis books.

BOTHA, F J 1965. Die kerk in die Openbaring aan Johannes. Ongepubliseerde DD

verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BOUWMAN, H 1928. *Gereformeerd kerkrecht I.* Kampen: Kok.

BOUWMAN, H 1934. *Gereformeerd kerkrecht II.* Kampen: Kok.

BRITZ, R M 1997. *Kleingroepbediening en selgemeentes in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Wat leer die geskiedenis ons?* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9), 48-62.

BRITZ, R M 1998. *Vergeetboeke? Die aktualiteit van die gereformeerde belydenisskrifte.* In: Snyman, S D (red) *Is die NG Kerk nog die NG Kerk. Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote, 89-96.

BROMILEY, G W 1985. *Theological dictionary of the New Testament.* Edited by Gerhard Kittel and Gerhard Friedrich. Abridged in one volume. Grand Rapids: Eerdmans.

BRONKHORST, A J 1947. *Schrift en kerkorde. Een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "Schriftuurlijke kerkorde".* Den Haag: Zuid-Hollandse Boek en Handelsdrukkerij.

BRONKHORST, A J 1951. *Inleiding tot het Nederlandse Hervormde Kerkrecht I.* Den Haag: Boekencentrum.

BRONKHORST, A J 1992. *Schrift en kerkorde.* In: Van 't Spijker, W & Van Drimmelen, L C (red) *Inleiding tot de studie van het kerkrecht.* Kampen: Kok, 43-58.

BROWN, R E 1966. *The gospel according to John.* Volume 1 & 2. London: Chapman. (The Anchor Bible.)

BROWN, R E 1979. *The community of the beloved disciple.* New York: Paulist.

BROWN, R E 1982. *The epistles of John*. London: Chapman. (The Anchor Bible.)

BROWN, R E 1984. *The churches the apostles left behind*. London: Chapman.

BROWN, W 1995. Skriftuurlike wegwysers vir persoonlike kerkvisitasie. *NGTT* 36(3). 335-342.

BRUCE, F F 1990. *The epistle to the Hebrews*. Grand Rapids: Eerdmans. (NICOT.)

BURGER, C 1995. *Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi. (Gemeente en bediening 3.)

BURGER, C 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON. (Gemeente en bediening 4.)

CARROLL, J W 1997. New wineskins: tradition, freedom and the challenge of post-traditional society. *NGTT* 38(3), 302-310.

CELLIERS, A 1995. Kerkvisitasie in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland. 'n Kritiese beoordeling van Sinodale bepalings en die praktyk in drie ringe. Ongepubliseerde MTh-skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

CHILDS, B S 1974. *Exodus*. London: SCM. (OTL.)

COERTZEN, P 1991. *Gepas en ordelik. 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (RGN-studies in metodologie.)

COERTZEN, P 1992. Christus se gesag in die kerk. *NGTT* 33(1), 37-50.

COETZEE, J C 1990. *Die prediking (teologie) van die Openbaring van Johannes*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament VI*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. 253-314.

COMBRINK, H J B 1980. *Die Evangelie volgens Matteus: Inleiding en teologie*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel IV*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 62-108.

COMBRINK, V & VENTER, C H J 1995. Menslike subjekte in gemeente-opbou volgens die Kolossensebrief. 'n Diakonologiese perspektief met toespitsing op eskatologiese dimensies. *In die Skriflig* 29(4), 583-602.

CONZELMANN, H 1969. *An outline of the theology of the New Testament*. London: SCM.

DEIST, F E 1987. *Die Heksateug*. In: Bosman, H L & Loader, J A (red) *Vertellers van die Ou Testament. Deel 2*. Kaapstad: Tafelberg. (Literatuur van die Ou Testament), 1-43.

DEIST, F E 1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg. 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

DE VAUX, R 1973. *Ancient Israel. Its life and institutions*. London: Darton, Longman & Todd.

DE VILLIERS, J L 1977. *Die handelinge van die apostels. Deel 1*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

DE VILLIERS, J L 1980. *Teologie van die Lukasevangelie*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel IV*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 178-201.

DE VILLIERS, J L 1983. *Die handelinge van die apostels. Deel 2*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

DE VILLIERS, P G R 1988. *Die eenheid van die kerk. Handelinge 15*. In: De Villiers, P G R (red) *Hoe lees 'n mens die Bybel*. Pretoria: UNISA, 98-115.

DINGEMANS, G D J 1987. *Een huis om in te wonen. Schetsen en bouwstenen voor een kerk en een kerkorde van de toekomst*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

DIPPENAAR, M C 1992. Bybelse perspektiewe op kerkeenheid. *NGTT* 33(4), 538-548.

DREYER, G H P 2001. Kerkreg en kerkregering in die opbou van die kerk soos toegespits op die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde DTh verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

DUNN, J D G 1977. *Unity and diversity in the New Testament*. London: SCM.

DUNN, J D G 1998. *The theology of Paul the apostle*. Edinburgh: Clark.

DU PLESSIS, I J 1980. *Inleiding tot die Lukasevangelie*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel IV*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 156-178.

DU RAND, J A 1988. *Charisma en amp - 'n Pauliniese eksegetiese verkenning*. In: Rossouw, P J (red) *Gereformeerde ampsbediening*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 75-94.

DU TOIT, A B 1990. *Die teologie van 1 Petrus*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament VI*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 152-165.

DU TOIT, D A 1991. Die Ned Geref Kerk en kerkeenheid. *NGTT* 32(2), 223-231.

ELLIOT, J H 1981. *A home for the homeless. A sociological exegesis of 1 Peter, its situation and strategy*. London: SCM.

ENGELBRECHT, J 1995a. Die rol van die dissipels in die christologie van Matteus. *Hervormde Teologiese Studies* 51(1), 134-146.

ENGELBRECHT, J J 1995b. Opmerkings oor vroeë katolisisme in die Nuwe Testament, met besondere verwysing na die briewe aan die Kolossense en Efesiërs, en die Pastorale Briewe. *Hervormde Teologiese Studies* 51(3), 677-701.

ERASMUS, L M & KELLERMAN, J S 1995. Gemeentebou se liggaamsmodel: 'n kerkbegrip van onder. *NGTT* 36(4), 604-616.

FITZMYER, J A 1967. *Pauline theology. A brief sketch*. Englewood Cliffs:Prentice-Hall.

FITZMYER, J A 1989. *Luke the theologian. Aspects of his teaching*. New York: Paulist.

FLOOR, L 1992. *Jakobus. Brief van een broeder. Derde serie*. Kampen: Kok. (CNT.)

FLOOR, L 1995. *Efeziërs. Eén in Christus. Derde serie*. Kampen: Kok. (CNT.)

FRANKEMÖLLE, H 1974. *Jahwebund und Kirche Christi. Studien zur Form- und Traditionsgeshichte des "Evangeliums" nach Matthäus*. Münster: Aschendorff.

GILES, K 1989. *Patterns of ministry among the first Christians*. North Blackburn: CollinsDove.

GILES, K 1995. *What on earth is the church? An exploration in New Testament theology*. Downers Gove: InterVarsity.

GOPPELT, L 1982. *Theology of the New Testament*. Edited by Jurgun Roloff. Grand Rapids: Eerdmans.

GRAY, J 1977. *I & II Kings. A commentary*. London: SCM.

GROENEWALD, E P 1973. *Die evangelie van Lukas*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E P 1977a. *Die briewe van Petrus. Die brief van Judas*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E P 1977b. *Die pastorale briewe*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

GROENEWALD, E P 1981. *Die evangelie van Markus*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

GROSHEIDE, F W 1957. *De eerste brief aan de kerk te Korinthe.* Kampen: Kok.

GUNDRY, R H 1982. *Matthew. A commentary in his literary and theological art.* Grand Rapids: Eerdmans.

GUTHRIE, D 1981. *New Testament theology.* Leicester: Inter-Varsity.

Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

HENDRIKS, H J 1990. Komplementerende *koinonia*-verbande. *NGTT* 31(1), 99-108.

HENDRIKS, H J 1996. Diversity and pluralism in the church: a theory for enhancing reconciliation and unity. *NGTT* 37(3), 386-395.

HENDRIKS, H J 1997. Kerklike "megatrends": Bedieningsimplikasies. *NGTT* 38(1 & 2), 27-38.

HENDRIKS, H J & VAN DER MERWE, M A V 1995. Strategiese teologiese beplanning as deel van `n prakties-teologiese proses. *NGTT* 36(1), 36-49.

HENDRIKSEN, W 1977. *Philippians.* Edinburgh: The Banner of Truth. (NTC.)

HEYNS, J A 1977. *Die kerk.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, L 1992a. Die besondere amp - essensieel of funksioneel. *Theologica Evangelica* 25(3), 52-58.

HEYNS, L 1992b. Gemeentes sonder grense. *NGTT* 33(4), 530-537.

HEYNS, L 1993. Die amp in `n krisis: `n terreinverkenning. *NGTT* 34(3), 354-362.

HOLMBERG, B 1980. *Paul and power. The structure of authority in the primitive church as reflected in the Pauline epistles.* Philadelphia: Fortress.

JANSE VAN RENSBURG, J 1997. *Kleingroepe mits...! 'n Diakonologiese perspektief.* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* . Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9). 71-83.

JANSE VAN RENSBURG, J 1998. *Kla jou moeder aan.* In: Snyman, S D (red) *Is die NG Kerk nog die NG Kerk. Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote. 80-88.

JANSE VAN RENSBURG, J J 1988. The church as the body of Christ. *In die Skriflig* 22(86). 3-14.

JENNI, E en WESTERMANN, C 1984a. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band 1.* München: Kaiser.

JENNI, E en WESTERMANN, C 1984b. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band 2.* München: Kaiser.

JONKER, W D 1965. *Om die regering van Christus in sy Kerk..* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika.)

KÄSEMANN, E 1971. *Perspectives on Paul.* Philadelphia: Fortress.

KÄSEMANN, E 1980. *Commentary on Romans.* London: SCM.

KÄSEMANN, E 1984. *The wandering people of God. An investigation of the letter to the Hebrews.* Minneapolis: Augsburg.

KELLERMAN, J S 1997. *Kleingroepbediening in die Kerk - die praktyk.* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9). 1-18.

Kerk en samelewing. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986. Bloemfontein: Pro-Christo-Publikasies.

KGATLA, S T 1989. The establishment of racially separate churches as goal of Dutch Reformed Church mission - a missiological reflection. *NGTT* 30(3), 532-538.

KINGSBURY, J D 1976. *Matthew: Structure, Christology, kingdom.* London: SPCK.

KINGSBURY, J D 1978. The verb *akolouthein* ("to follow") as an index of Matthew's view of his community. *Journal of Biblical Literature* 97(1), 56-73.

KINGSBURY, J D 1979. The figure of Peter in Matthew's Gospel as a theological problem. *Journal of Biblical Literature* 98(1), 67-83.

KLEYNHANS, E P J 1982. *Gereformeerde kerkreg. Deel 1.* Inleiding. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KLEYNHANS, E P J 1984. *Gereformeerde kerkreg. Deel 2.* Kerk en amp. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KLEYNHANS, E P J 1985. *Gereformeerde kerkreg. Deel 3.* Kerkverband en kerkvergaderinge. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KLEYNHANS, E P J 1988. *Gereformeerde kerkreg. Deel 4.* Die arbeid en betrekkinge van die kerk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KLEYNHANS, E P J 1991. *Drie besondere ampte nog houdbaar?* Strauss, P J (red) In: *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt.* Bloemfontein: Pro Christo, 77-89.

KLOPPERS, M H O 1988. *Die ontwikkeling van die amp in die Ou Testament.* In: Rossouw, P J (red) *Gereformeerde ampsbediening.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 9-23.

KOTZE, D J 1987. `n Perspektief vanuit die die sisteembenadering op die benutting van die kleingroep in gemeentebou. *NGTT* 28(3), 170-175.

KRITZINGER, J J 1979. *'n Missionêre bediening - op weg na strukture vir 'n jong kerk.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KÜMMEL, W G 1974. *The theology of the New Testament according to its major witnesses.* London: SCM.

KÜMMEL, W G 1975. *Introduction to the New Testament.* London: SCM.

KÜNG, H 1968. *The church.* London: Search.

LADD, G E 1974. *A theology of the New Testament.* Grand Rapids: Eerdmans.

LINCOLN, A T 1993. *The theology of Ephesians.* In: Lincoln, A T en Wedderburn, A J M *The theology of the later Pauline letters.* Cambridge: University. (New Testament Theology), 75-166.

LINDIJER, C H 1980. *Handelingen van de apostelen I.* Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

LINDIJER, C H 1990. *Handelingen van de apostelen II.* Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

LOHSE, E 1971. *Colossians and Philemon. A commentary on the epistles to the Colossians and to Philemon.* Philadelphia: Fortress. (Hermeneia.)

LUZ, U 1995. *The theology of the Gospel of Matthew.* Cambridge: Cambridge University.

MACDONALD, M Y 1988. *The Pauline churches. A socio-historical study of institutionalization in the Pauline and deutero-Pauline writings.* Cambridge: Cambridge University.

MARSHALL, I H 1970. *Luke – historian and theologian.* Exeter: Paternoster.

MEEKS, W A 1983. *The first urban Christians. The social world of the apostle Paul.* New Haven: Yale University.

MINEAR, P S 1960. *Images of the church in the New Testament.* Philadelphia: Westminster.

MOUNCE, R H 1977. *The book of Revelation.* Grand Rapids: Eerdmans. (NICOT.)

MÜLLER, J J 1977. *Die brief aan die Filippense.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

MURRAY, W 1992. *Die geboorte en groei van 'n nuwe visie.* In: Hendriks, J (red) *Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi. (Gemeente en bediening 2), 50-60.

NAUTA, D 1971. *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: Kok.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1994a. *Agenda van die negende vergadering van die Algemene Sinode.* Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1994b. *Handelinge van die negende vergadering van die Algemene Sinode.* Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1998a. *Agenda van die tiende vergadering van die Algemene Sinode.* Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1998b. *Handelinge van die tiende vergadering van die Algemene Sinode.* Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1998c. *Die Kerkorde met reglemente en besluite van kerkregtelike aard soos vasgestel deur die Algemene Sinode 1998.* Wellington: Hugenote.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 2002a. *Agenda van die elfde vergadering van die Algemene Sinode.* Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 2002b. *Handelinge van die elfde vergadering van die Algemene Sinode*. Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE-VRYSTAAT 1960. *Wette en verordeninge vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat*. Sl: sn.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN NOORD-KAAPLAND 1999. *Agenda van die tiende vergadering van die Sinode*. Sl: sn.

NEL, M 1986. *Teologiese perspektiewe op gemeentebou*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

NIELSEN, J T 1980. *Het Evangelie naar Mattheus III*. Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

NOORDEGRAAF, A 1990. *De kerk in het Nieu Testament*. In: Van't Spijker, W, Balke, W, Exalto, K & Van Driel, L (red) *De kerk: wezen, weg en werk van de kerknaar reformatorische opvatting*. Kampen: De Groot Goudriaan, 19-62.

O'GRADY, J F 1975. Individualism and Johannine ecclesiology. *Biblical Theology Bulletine* 5(3), 227-261.

ODENDAL, F F (red) 1979. *HAT. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor.

Ons Glo... Die drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse. 1988. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

PELSER, G M M 1984. *Die Pastorale Briewe*. In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel V*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 174-196.

PELSER, G M M 1994. Enkele opmerkings oor die wese van die kerk. *Hervormde Teologiese Studies* 50(1 & 2), 311-329.

PELSER, G M M 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *Hervormde Teologiese Studies* 51(3), 645-676.

PONT, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Deel I.* Pretoria: HAUM.

POP, F J 1978. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs.* Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

POTGIETER, M 1997. *'n Ander perspektief: 'n antwoord vanuit die selgemeente-model.* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9), 19-29.

POTGIETER, P C 1990. *Skrif, dogma en verkondiging.* Kaapstad: Lux Verbi.

POTGIETER, P C 1998. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk - 'n identiteitskrisis.* In: Snyman, S D (red) *Is die NG Kerk nog die NG Kerk. Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote, 1-11.

PRINSLOO, W S 1988. *Die funksionering van die "amp" in die Ou Testament: die sogenaamde klassieke profete.* In: Rossouw, P J (red) *Gereformeerde ampsbediening.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 24-39.

Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Goedgekeur en aanvaar deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

RIDDERBOS, H 1967. *De pastorale brieven.* Kampen: Kok. (CNT.)

RIDDERBOS, H 1975. *Paul. An outline of his theology.* Grand Rapids: Eerdmans.

ROBERTS, J H s.a. *Inleiding tot die studie van die Nuwe Testament. Prinsipiële gesigspunte en terreinverkenning.* In: Roberts, J H & du Toit, A B *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel I.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 3-84.

ROBERTS, J H 1976. Can church offices be founded in Paul? *Neotestamentica* 10, 1-19.

ROBERTS, J H 1963. *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief.* Groningen: V.R.B.

ROBERTS, J H 1984a. *Die gevangenskapbriewe.* In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel V.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 114-157.

ROBERTS, J H 1984b. *Die kerk by Paulus.* In: Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel V.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 282-319.

ROLOFF, J 1993. *De Kirche im Neuen Testament.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

ROSSOUW, P J 1988. *Die amp van Christus.* In: Rossouw, P J (red) *Gereformeerde ampsbediening.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 40-48.

SADLER, T H N 1991. *Lidmaatskap: gebruike in die Ned Geref Kerk.* In: Strauss, P J (red) *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt.* Bloemfontein: Pro Christo, 65-76.

SCHILLEBEECKX, E 1980. *Kerkelijk ambt. Voorgangers in de gemeente van Jezus Christus.* Bloemendaal: Nelissen.

SCHNACKENBURG, R 1974. *The church in the New Testament.* London: Burns & Oates.

SCHNACKENBURG, R 1982. *The gospel according to St John. Volume 3.* London: Burns & Oats. (Herder.)

SCHWEIZER, E 1961. *Church order in the New Testament.* London: SCM.

SCHWEIZER, E 1971. *The good news according to Mark. A commentary on the gospel.* London: S.P.C.K.

SCHWEIZER, E 1987. The nature of ministry in reformed understanding: New Testament dimensions. *Horizons in biblical theology* (9), 41-63.

SMIT, C J 1984. *God se orde vir sy kerk - 'n beskouing oor kerkorde*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

SNYMAN, S D 1997. *Sê die Ou Testament iets oor selgemeentes of 'n kleingroepbediening?* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes*. Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9), 30-35.

SNYMAN, S D 1998. *Gedagtes oor die funksionering van Skrifgesag in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. In: Snyman, S D (red) *Is die NG Kerk nog die NG Kerk. Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk*. Wellington: Hugenote, 12-19.

SNYMAN, T M 1991. Die einddoel van kategese. *NGTT* 32(1), 136-142.

SOHM, R 1970. *Kirchenrecht I. Die geschichtlichen Grundlagen*. Darmstadt: s.n.

SPIES, J H & COERTZEN, P 1997. Wie behoort as lidmate van die gemeente aanvaar te word? *NGTT* 38(3), 302-310.

SPOELSTRA, B 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

STRAUSS, P J 1991a. *Effektiewe sinodevergaderings in die Ned Geref Kerk*. In: Strauss, P J (red) *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt*. Bloemfontein: Pro Christo, 153-165.

STRAUSS, P J 1991b. *Kerkreg en ekumene*. In: Strauss, P J (red) *Byderwets en gereformeerd*. Bloemfontein: Pro Christo, 187-200.

STRAUSS, P J 1991c. *Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels?* In: Strauss, P J (red) *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt.* Bloemfontein: Pro Christo, 23-34.

STRAUSS, P J 1994. Pneumatologie versus christologie? Die demokraties-funksionele visie van die Nederlander GDJ Dingemans op die kerklike ampte. *Studia Historoae Ecclesiasticae* 20(1), 51-64.

STRAUSS, P J 1997. *Die Kerk en die kleingroep - kerkregtelike aantekeninge.* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9), 63-70.

STRAUSS, P J 2001. Kerkverband in die Ned Geref Kerk vandag. *NGTT* 42(3 & 4), 395-405.

STRAUSS, S A 1998. *Die konfessionele identiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* In: Snyman, S D (red) *Is die NG Kerk nog die NG Kerk. Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote, 20-31.

VAN AARDE, A G 1994. *God with us: the dominant perspective in Matthew's story and other essays.* Pretoria: Nederduitsch Hervormde Kerk Tydskrifafdeling.

VAN DER MERWE, P 1992. *As die wittebrood verby is.* In: Hendriks, J (red) *Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi. (Gemeente en bediening 2), 94-104.

VAN RENSBURG, G 1992. *Voluit vir die liggaamsmodel.* In: Hendriks, J (red) *Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi. (Gemeente en bediening 2), 105-115.

VAN SELMS, A 1979. *Genesis. Deel 1.* Nijkerk: Callenbach. (POT.)

VAN ZYL, A H 1988. *I Samuël. Deel 1.* Nijkerk: Callenbach. (POT.)

VAN ZYL, H C 1987. Matteus 18:15-20: 'n Diachroniese en sinchroniese ondersoek met besondere verwysing na kerklike dissipline. 'n Ongepubliseerde DD-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VAN ZYL, H C 1989. 'n Redaksie-historiese lesing van Handelinge 15:1-35. *Acta Theologica* 9(1), 43-61.

VAN ZYL, H C 1997. *Die huiskerk in die Nuwe Testament - model of mite?* In: Britz, R M (red) *Kleingroepbediening en selgemeentes.* Bloemfontein: CLF. (UV teologiese studies no 9), 36-46.

VENTER, C H J 1975. Pneuma en pastor in die Pastorale Briewe. *In die Skriflig* 9(4), 6-12.

VERSTEEG, J P 1988. *Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16.* In: Rossouw, P J (red) *Gereformeerde ampsbediening.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 49-74.

VOETIUS, G 1902. *Verhandeling over de zichtbare en georganiseerde kerk.* Kampen: Kok.

VON RAD, G 1962. *Old Testament theology. The theology of Israel's historical traditions. Volume 1.* Edinburgh: Oliver & Boyd.

VON RAD, G 1965. *Old Testament theology. The theology of Israel's prophetic traditions. Volume 2.* Edinburgh: Oliver & Boyd.

VRIEZEN, T C 1977. *Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament.* Wageningen: Veenman.

WESTERMANN, C 1981. *Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament.* Kampen: Kok.

WETHMAR, C J 1993a. *Die ekumeniese roeping van die kerk in die lig van die gereformeerde belydenisskrifte.* In: Crafford, D & Gous, A G S (red) *Een liggaam – baie*

lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika. Pretoria: Verba Vitae, 37-44.

WETHMAR, C J 1993b. *Ekumenisiteit in dogmatologiese perspektief.* In: Crafford, D & Gous, A G S (red) *Een liggaam – baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika*. Pretoria: Verba Vitae, 44-55.

ZIMMERLI, W 1978. *Old Testament theology in outline.* Edinburgh: Clark.

U.O.V.S. • U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK • LIBRARY